


A woman with long dark hair, seen from behind, stands in a field of tall, dry grass. She is wearing a long, dark, sleeveless dress. She is looking up at a bright, glowing light source in a cloudy sky. The light source is a large, bright, circular glow, possibly a sun or a moon, surrounded by dark, swirling clouds. The overall atmosphere is dramatic and mysterious.

Die vloek wat Annie Niemand
oor haar nasate uitgespreek het,
is bloot legende.
Of is dit?

CHANETTE PAUL DRYFHOUT

DRYFHOUT

Chanette Paul

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

While many things are too strange to believe,
nothing is too strange to have happened
— Thomas Hardy

The stately ship is seen no more,
The fragile skiff attains the shore;
And while the great and wise decay,
And all their trophies pass away,
Some sudden thought, some careless rhyme,
Still floats above the wrecks of Time.
— *On an Old Song*, William Edward Hartpole Lecky (1838—1903)

PROLOOG

1 Desember — vroegoggend

Getybedinges. Dis wat algar hier op Kierangbaai is. Was dit nou regtig nodig dat Ma Nella haar vanoggend voor vyf al uit die kooi gejaag het? Kon sy nie maar hierdie een keer oorgeslaan het nie?

Die water is nou wel lekker laag, soos altyd met volmaan. En dis net met springlaag dat mens na Rykmansklip toe kan stap, hier waar die vetste oeste lê. Selfs vetter as die mossels by Springklip en hier is natuurlik arikruik ook, weggesteek agter die rand van die rotse en tussen die seebamboes. Maar sy wou nog geslaap het. Nog 'n bietjie vergeet het van alles wat onlangs gebeur het. Veral wat gisteraand gebeur het.

Miempie druk haar hand teen haar lae rug en skep 'n oomblik asem. Nou, met die water so laag, kan mens duidelik sien Rykmansklip is eintlik glad nie 'n klip wat sommer net op sy eie staan nie. Dis eintlik die eindpunt van 'n spul rotse wat 'n ent die see in lê en deel uitmaak van 'n skiereilandjie wat gewoonlik onder water is. G'n wonder dis hier waar Strandloper meesal duik om perlemoen en arikruik uit te haal nie. Maar vandag lê hulle in vlak water, net reg vir die vat.

Sy buk weer en gaffel 'n vet arikruik met haar mes los. Perlemoen is natuurlik taboe vandat meneer Roark hier gekoop het en Ma Nella het haar eintlik gestuur om mossels te pluk, maar sy gaan baie bly wees oor die arikruik. Net vyf per dag, het meneer Roark gesê, maar dit maak al 'n skaflike proeseltjie saam met rys.

Miempie moet weer regop kom toe sy dink aan die uitkook van die arikruik. Aan daardie reuk wat uit die stoom opslaan. Haar maag draai. Die soetpap wat Ma Nella haar flussies ingejaag het, sit hoeka al weer soos 'n klont in haar gedermtes, net reg om by haar keel uit te spring.

Sy vryf oor haar maag, maar nie om die klont te probeer wegvryf nie. Sy verbeel haar sy vryf oor 'n koppie.

Die kommer wat veral van gister af al hoe meer aan haar vreet, oorval haar weer in volle sterkte. Nooit het sy gedink hy sal vir haar sê om daarvan ontslae te raak nie. Trou, ja. Sy het gedink hy sal sê hulle moet trou. Nie sê Strandloper sal haar kan help met die regte kruie en konkoksies nie.

Miempie ril as sy aan Strandloper dink. Aan sy lang knokkelvingers. Die vuil naels. Ma Nella sê hy is onskadelik, maar sy weet darem nie. Almal het gedink Baksjisj was ook onskadelik en kyk wat het hy destyds daar op Paradyskloof aangevang. En Strandloper het party van sy dinge hoeka met Baksjisj saam geleer.

Hier op Kierangbaai het hulle as kinders nie 'n Antjie Somers nodig gehad nie. Strandloper was genoeg om hulle te laat luister of spaander na gelang die bevel van die grootmens wat kom raas. En nou wil die pa van haar kind hê ...

Miempie vat weer die hef van die mes stewig vas en druk dit onder die vet arikruik se pens in toe die opstootwater terugtrek. Haar sesde een. Meneer Roark sal baklei as hy dit agterkom, maar hier sit hulle dan oop en bloot vir die uithaal asof die Liewenheer vandag spesiaal die waters laag gemaak het vir die oes. En meneer Roark kan maklik praat. Daar sit hy in sy kliphuis. Nooit 'n dag se honger geken nie. Wat weet hy van suikerwater soggens vir ontbyt, soms vir middagete ook?

Dit gaan weliswaar beter as ooit met hulle vandat hy Kierangbaai kom koop het, maar al gaan die honger weg, gaan die bangwees vir honger nêrens heen nie. Dit bly sit in 'n mens se gebeentes, bly knaag, selfs al is die maag vol.

Sy beweeg agter 'n strook rotse in waar sy weet meneer Roark haar nie van sy balkon af sal kan sien nie, werk die mes onder nog 'n skulp in en laat loop haar gedagtes weer in 'n ander koers. Na die man wat op 'n ander volmaannag vir haar geleer het wat sy miskien nog nie heeltemal reg was om te leer nie. Seedrolle noem hy arikruik, onthou sy weer. Versteende seedrolle. Sy moet lag. Die arikruiskulpe het nog nooit weer vir haar anders gelyk nie. Dit was laas winter. Nog voor daardie ander volmaannag en die nagte wat daarop gevolg het.

Hy sal van plan verander. Hulle sal trou en hulle kind saam grootmaak. Sy moet dit net aanhou glo. Net aanhou bid. Ma Nella sê mos bid en glo maak mens se wêreld anders. Kyk maar wat het met hulle gebeur vandat meneer Roark hier gekom het. Glads hulle huis opgeknep. En hoe! Spoeltoilet pleks van die kleinhuisie, krane binne en sowaar elektrisiteit ook. Ma Nella sê sy

sweer hy gaan vir hulle die jaar 'n TV vir Krismis gee. Laas jaar was dit 'n twin-tub. Sy dink nie sy het Ma Nella ooit sien huil nie, maar daardie Krismisboks het dit reggekry.

Eers wou Ma Nella niks weet van die welsynerigheid nie, maar toe sê meneer Roark sy kan vir hom in die huis kom werk in ruil. Ma Nella was nog steeds nie lekker daaroor nie. Kon nie ophou glo dis pure omkoperie nie. Veral omdat dit toe nie ruil was nie, want hy betaal haar vir die werk ook. Maar deesdae is dit net meneer Roark voor en meneer Roark agter. Veral nadat hy 'n ou yskassie ook aan hulle bewillig het. Bietjie geroes, maar dit werk.

In Ma Nella se oë kan hy net mooi niks verkeerd doen nie. En dit nadat sy hom so die stryd aangesê het toe hy hier kom koop het. Gesê het sy trek g'n weg van die plek waar sy en haar voormense gebly het van net ná die Skepping af nie. Vir hom in sy gesig gesê het hy kan op sy kop staan met 'n volstruispluim in sy hol, maar sy versit nie 'n voet nie.

Miempie verskuif die band wat tussen haar borste deur sny en kyk in die oranje oessak wat op haar heup hang. Tien arikruik. As meneer Roark haar voorkeer en tel, sal sy maar net sê dis vyf vir haar en vyf vir Ma Nella. Sy moet sluk toe die ryp seereuk uit die slakke opslaan.

Miskien moet sy maar haar vyf vir antie Delphine gaan gee. Faantjie het hoeka eergister van die Kaap af huis toe gekom. Maar sy gaan nie meer graag soontoe nie. Deesdae kan antie Delphine mos so iets allerverskrikliks spog met haar maergat seun. Was al erg genoeg toe Faantjie Fortuin konstabel geword het en later boonop speurder, maar nou dat hy gaan studeer het, is dit kastig Faan en nie meer Faantjie nie. Sowat van opstêrs.

Maar eintlik weet Miempie sy is net jaloers omdat antie Delphine vier jaar terug al die jackpot geslaan het toe sy die werk en die woonstel op Kruisbaai gekry het en uiteindelik uit Kieranghut weggetrek het om nooit weer terug te kom nie. Uit haar eie. Meneer Roark het nie eens nodig gehad om hulle te vergoed nie, maar hy het. Betaal al Faantjie se universiteitsgelde en dis glo 'n hoop geld.

Miempie weet sy het geen rede om lelike dinge te dink van antie Delphine nie. Sy is dalk 'n bietjie kwaai en sy snoef nou wel met Faantjie, maar sy het 'n hart van goud. As dit nie vir antie Delphine was toe dinge so sleg gegaan het met Ma Nella nie, sou sy wat Miempie is swaerlik verhoor het.

Miempie sug. Nee, antie Delphine is die laaste mens vir wie sy kwaad

behoort te voel. Maar partykeer voel dit vir haar al asof die baba haar kwaad vir die lewe en vir mense maak. Kwater as voorheen omdat party mense dit so maklik het en ander nie. Dis asof sy pa se bloed wat deur die piepklein aartjies loop, partymaals aan die baklei raak met hare. Sy pa is hoeka ...

Sy gee 'n gil en die mes spat uit haar hand toe iets oor haar vlieg en dan swaar en nat oor haar kop en bolyf afsak. Skrik amper die baba uit haar lyf uit, tot sy sien dis net 'n stuk visnet. Terwyl sy stoei om dit van haar gesig af te kry, probeer sy omkyk om te sien wie so verspot is, maar die see spoel in om haar enkels en sy verloor haar balans. Met haar hande verstriek, kan sy haar val nie behoorlik keer nie. 'n Pyn skiet in haar knie op toe dié teen 'n skerp rotpunt kap net voor haar bolyf ook die rotse tref. Sy probeer haar nek draai, maar binne oomblikke is die net te styf om haar vasgetrek. Haar hande worstel op borshoogte, maar daar is net meer druk.

Sy voel hoe haar gesig in diamantjies opgedeel word en deur die net begin peul. 'n Hand flits verby. 'n Punt van die net word om haar nek gedraai en nog stywer getrek. Sy word aan die hare gegryp, plat gedruk. Voor haar sien sy klipvissies in die vlak rotspoeletjie rondswem voor haar gesig die water tref. Dis so vlak, sy voel skulpies in haar voorkop sny.

Die drukking om haar nek, die gebrek aan asem, die skrik, alles laat dit voel asof tyd stadig geword het. Soos in die flieks. Haar gedagtes is soos seepbelle en ver verwyderd van haar spartelende lyf. Belletjie een: Sy ken daardie hand. Belletjie twee: Al was daar dié keer nie note in nie. Belletjie drie: Dis verby ... my baba ...

EEN

1 Desember — laatmiddag

Die geesdriftige gekrys van die seemeeue dring net vaagweg tot Aengel deur. Sy kyk op, sien die spul duik en vlieg, en duik en vlieg. Vlugtig wonder sy wat die opwinding veroorsaak, maar haar aandag is by die boksie wat sy vir heel laaste gehou het.

Haar RAV was nog skaars uitgepak toe die meubelwa gistermiddag hier aangekom het. Aan die drywer se gekla oor die slegte grondpad Kierangbaai toe het sy haar min gesteur, sy was maar net te dankbaar hulle het opgedaag.

Sy het lankal ophou tel hoeveel bokse sy sedertdien in haar nuwe woonplek uitgepak het, maar dié een is spesiaal. Ná 'n kortstondige huiwering, laat girts sy die lem deur die kleefband.

Bo-op lê die pakkie wat eergister by haar afgelewer is, maar wat sy nie kon of wou oopmaak nie. Sy lig dit uit en sit dit op die wakis wat as koffietafel dien. Stel weer uit om die bruin papier af te skil. Sy wag al meer as 'n jaar vir hierdie oomblik. Nog 'n paar uur of so sal nie 'n verskil maak nie. Dit rek die opwinding uit. Maar vanaand, ná 'n lekker bad en in haar knus sitkamertjie, gaan die groot oomblik aanbreek.

Sy wou beslis nie die pakkie in Franschhoek oopmaak nie; sy wou dit hier begin lees. Hier waar Angelique se avontuur begin het. Sy kan steeds nie glo sy het uiteindelik wel iemand opgespoor wat die dagboeke uit Oksitaans in Afrikaans kon vertaal nie. Natuurlik danksy Gabrielle. Haar suster beroem haar daarop dat sy die onmoontlike regkry. En met goeie reg.

Aengel weet Gabrielle het by 'n professor in Frans geflikflooi om die taal waarin die dagboeke geskryf is, te identifiseer, maar presies hoe hulle aan 'n vertaler gekom het wat twee uitsonderlike tale soos Oksitaans en Afrikaans ewe goed magtig is, weet nugter.

Gabrielle het net met groot gebaar Jeanne se e-pos-adres vir haar gegee en gesê: “Sien, die onmoontlike neem net effens langer as die moontlike. Ek het

jou gesê dis nie nodig om sommer net te aanvaar jy sal dit maar in Engels moet laat vertaal nie. Angelique d'Avignon was die voormoeder van 'n Afrikaanssprekende dinastie, hoekom tevrede wees met minder as 'n Afrikaanse vertaling?"

Gabrielle hou van die woord "dinastie". Sy beskou die Rousseaus — en veral haarself nadat sy in nog 'n dinastie ingetrou het — as deel van die nieamptelike Afrikaanse adel. Haar tweelingseuns wat die komende jaar matriek toe gaan, is volgens haar die room van die room. Daarom is net die beste goed genoeg en as dit beteken dat hulle hul skooljare in 'n koshuis moet deurbring, dan is dit nou maar so.

Gabrielle hou natuurlik ook van die woord "onbesonne". Dis veral haar gunstelingwoord wanneer sy na Aengel verwys. Gabrielle gee Aengel meesal 'n kramp.

Kramp ofte nie, Gabrielle het haar goed van haar taak gekwyd. Jeanne was 'n vonds as vertaler en as mens. Haar man se moedertaal is glo Oksitaans en sy werk aan 'n dissertasie oor die ooreenkomste tussen Afrikaans en Oksitaans. Nie die tale self nie, maar hoe albei, en die meegaande kulture, in verskillende stadiums onderdruk is en dan weer opbloeit, soos 'n kurkprop wat nie lank onder water gehou kan word nie.

Haar entoesiastiese e-briefies oor haar vordering met die vertaling van die dagboeke daar in die verre Frankryk, het Aengel se nuuskierigheid net nog verder aangewakker, maar hulle het albei by die ooreenkoms gehou. Aengel het vooraf gesê sy wil nie weet wat in die dagboeke staan voor dit vertaal is nie. Sy wou dit self lees. Self ontdek wat in haar erflating staan — die dagboeke van die vrou wie se naam sy ook geërf het. Wel amper, as dit nie was vir 'n spelfout wat êrens begaan is nie.

"Aengelique", het dit tot haar ouers se ontsteltenis op haar geboortesertifikaat gestaan, en Aengelique het dit gebly aangesien dit haar nie as die erfgenaam gediskwalifiseer het nie. Sy was die eerste blonde dogter van die oudste Rousseau-seun in ses geslagte. Saam met Angelique se naam en nalatenskap het sy die voorwaarde beërwe dat sy nie haar hare mag sny nie. Iets wat tradisioneel in elke oudste seun se testament deur die geslagte heen gestipuleer is sonder dat iemand regtig weet wat die oorspronklike bron daarvan is.

Gabrielle het Aengel nooit vergewe dat sy die blonde een was nie. Miskien dié dat Gabrielle haar donker hare slijk, maar baie kort gestileer hou. Anders

as in Simson se geval, het Gabrielle haar krag behou en Aengel het hare nooit verwerf nie.

Aengel haal die tweede boek uit die boksie. 'n Vet plakboek wat al voos gevat is. Terwyl sy vertaal het, het Jeanne die ander deel van hulle ooreenkoms ook nagekom. Sy het Aengel op datum gehou van die roete van Angelique se wedervaringe. Net plekname in volgorde, niks anders nie.

Sy blaai die plakboek oop wat sy in die loop van die afgelope jaar gemaak het. Die moderne name in die koerantopskrifte is 'n bloedspoor van moorde. Kruisbaai, Paradyskloof, Bohemia, Fluisterbos, Houthaalbos. Dis asof Angelique se vlugroete 'n streep van geweld agter haar aangetrek het. 'n Streep wat byna twee eeue later nog steeds bloed deur die membraan van tyd laat syfer. Want bloed en skande het ook geloop toe plekke hier rond nog Tsikumibai, Goringgat, Bidbos, en Aobsbosje geheet het.

Maar daar is die mooi dinge wat sy ook agtergelaat het, het Aengel uitgevind terwyl sy snags op die internet geseil het. Veral die *Visvrou van Kruisbaai*-webwerf, bedryf deur ene Lily Brink, was 'n skatkis van inligting. Volgens haar is Annie-se-trane, die blou irissie wat net op Kruisbaai voorkom, in die volksmond vernoem na 'n vrou wat hulle as Annie Niemand ken. Die legendes oor die vrou wat amper twee honderd jaar gelede in hierdie omgewing beland het, is natuurlik vergesog, maar Angelique moet die bron gewees het.

Ook Annie-se-lot dra haar naam, al sal dié eenaardige varingboom van Fluisterbos seker binnekort met 'n deftige Latynse klassifikasie spog noudat feitlik alle twyfel uit die weg geruim is dat dit inderdaad 'n nasaat van 'n plant uit die Kryptperiode is.

En hier op die einste Kierangbaai waar Aengel pas ingetrek het, is daar Annie-se-riksdaalder. 'n Skulp so skaars dat nie alle skulpkundiges dit eens is dat dit wel bestaan nie. Maar Aengel weet dit bestaan, al sou daar nooit weer een gevind word nie. Sy het Annie-se-riksdaalder self gesien, self vasgehou — net voor Gabrielle dit met 'n hamer vernietig het.

Sy behoort Gabrielle nie te verkwalik nie. Op elfjarige ouderdom is goed soos dagboeke en 'n geheimsinnige skulp 'n baie interessanter erfporse as die spogwynplaas wat Gabrielle, as oudste kind, s'n sou word. En tog wonder Aengel of sy ooit oor die woede op daardie dag van haar sewende verjaardag gekom het, toe die hamer die ligblou skulp met een hou verpulwer het. Van die perlemoenagtige glimpering het net ragfyn skerfies oorgebly.

Nie eens Angelique se gemonteerde seewatersteen wat Aengel op haar een en twintigste verjaardag in 'n hangertjie gekry het, kon vergoed vir die verlies aan die skulp nie. Die afguns wat oop en bloot in Gabrielle se oë geglinster het, was soos 'n mes wat in Aengel se hart gedraai is. Die diamanthangertjie wat Gabrielle vier jaar vantevore vir haar mondigwording gekry het, was geldgewys baie waardevoller, maar Gabrielle se geskenk was nuut; Aengel s'n gekoppel aan 'n legende, en dit het vir Gabrielle 'n onmeetlike verskil gemaak.

Aengel sit die plakboek langs die pakkie neer en haal die fotoalbum uit die boksie. Lika se gesiggie pryk reeds in 'n raam op die kaggelrak, maar Aengel kyk tog vlugtig weer na die volbladfoto op die eerste bladsy. Sy streel oor die kort blonde haartjies, die groot grysgroen oë, die gevleuelde wenkbroue. Hoe is dit moontlik dat hierdie pragtige meisievrou in haar bekken lê en uitbroei het? Hoe is dit moontlik dat een ondeurdatte daad, een klein spermpie en een klein eierselletjie hierdie lieflike kind tot gevolg gehad het?

Haar hart word warm en haar oë begin brand. Gap-jaar. Wat 'n verskriklike woord. Wat 'n verskriklike gedagte dat daar nog drie honderd vyf en vyftig dae van daardie jaar oor is. Maar hoe durf sy Lika dit misgun? Sy is jonk, ja. Agtien en 'n half. Maar dis 'n jaar ouer as wat Aengel was toe Lika gebore is. En al het sy Jeanne nog nie in lewende lywe ontmoet nie, is sy seker Lika sal in goeie hande wees daar by haar en haar portretskilderman in Frankryk. Lika het so gelukkig en opgewonde geklink en gelyk toe hulle eergister ge-Skype het.

“Eers toe ek Jeanne sien, het ek verstaan wat beteken sjiek, Aenge. En as ek sê sjiek, bedoel ek sjie-hiek!” het sy op haar uitasem manier gesê.

Aengel klap die album toe en vee oor haar klam oë. Sy het vars lug nodig. En daarvan is daar gelukkig 'n oormaat hier op Kierangbaai.

Sy trek die vissershut se komieklieke deur agter haar toe en wonder hoeveel vissershande dit al gedoen het; hoeveel vroue hierdie deur oop- en toegemaak het terwyl hulle wag dat die skuite inkom? Hoeveel storms het daardie deur buite gehou? En hoeveel binne?

Sy teug die seelug diep in. Mossels en seebamboes en sout is skigtige besoekers aan haar neusvleuels, maar vleg tesame tot 'n reuk wat sy onthou van die eerste keer toe sy hier was.

Dit was juis toe sy een naweek, terwyl Lika by 'n vriendin gaan kuier het, Angelique se eerste spoor op die kontinent van Afrika op Kruisbaai kom soek

het, dat sy gehoor het van Kierangbaai. Sy het die middag by die pizzarestaurant geëet en gevra of die plomp mossels plaaslik is. Een van die vennote, Robert, het haar vertel van Rykmansklip se mossels en toe van Kierangbaai en Roark O'Shea se vissershuisies. Sy het kom kyk, verlief geraak en terug op Libertia vir Gabrielle en François gesê sy wil hier kom koop en hierheen trek. Permanent.

Gabrielle het haar susterlike plig gedoen deur 'n kabaal op te skop omdat Aengel die Rousseaus se erfplaas wou verlaat. Die verligting het nietemin vlak in haar oë gelê en kapitulasie het spoedig gevolg. François het nie voorgegee hy is spyt sy wil wegtrek nie, maar het aangebied dat sy in hulle Hermanus-vakansiehuis intrek aangesien hy en Gabrielle selde daarheen gaan. Aengel het egter voet by stuk gehou. Sy wou hier op Kierangbaai wees. En bowenal haar eie plekkie hê.

Natuurlik het Gabrielle nie haar oordeel vertrou nie, daarom moes die arme François saamsleep toe sy die tweede maal hierheen gekom het. François het gesê die reuk wat haar betower het, is 'n seestank. Maar hy is 'n valleiman, die see staan hom nie juis aan nie. Selfs die huis in Hermanus is eerder 'n rekwisiet as 'n vakansiewoning.

Sy het gedink sy hartspier sal oppak as hy die vissershuisies sien, en was verras toe hy op sy effens neusoptrekkerige manier gesê het dit lyk nie te sleg nie.

Aengel loer oor haar skouer na die kasteelagtige kliphuis, 'n hele — en baie private — ent agter Kieranghut. Sy kry van voor af lag toe sy die beeld oproep van François se gesigsuitdrukking nadat sy verduidelik het dis nie die herehuis wat soos 'n Skotse reliek in 'n begroeide heuwelkom lê wat sy wil hê nie, maar die grootste van die sewe vissershuse op die strandsoom. En sy wil net 'n bietjie laat aanbou en dit boonop self laat restoureer.

Daarmee het sy nie ver gekom nie. Die O'Shea-man het laat weet sy kan aan hom verduidelik wat sy beoog, maar hy en niemand anders nie doen die restourasie, en hy is net bereid om te laat aanbou as dit in ooreenstemming is met die boustyl en wie weet wat alles. Sy het nie met die Ier gestry nie, bloot omdat hy nie 'n probleem gehad met haar behoeftes soos sy dit per e-pos aan hom uitgestip het nie en hy insiklik was oor 'n paar van haar eie goed wat sy geïnstalleer wou hê. Maar dit was eers weke later.

Die dag van hulle besoek het François sy tantrum gegooi soos Gabrielle van hom sou verwag, en toe Aengel weer eens viervoet vasgesteek en

geweier het om op enige ander plek te gaan bly, sy hande van die saak gewas. Aangesien haar ouers se boedel nog nie afgehandel was nie, het hy die finansiering gereël en die aankoop gedoen. Hy het geweet sy magspeletjie kan boemerang as hy weier of haar te ver probeer druk voor die sake rondom haar pa se verrassende laaste testament uitgesorteer is. Seker ook dié dat Gabrielle net 'n paar keer die onbesonne woord rondgegooi en haar toe laat staan het.

Die vooraanstaande Du Randt-egpaar kon vir die eerste keer asemhaal sonder om die onbesonne Aengel en haar buite-egtelijke dogter in ag te neem. François was uiteindelik van sy skoonsuster en haar dogter ontslae en die Rousseaus se spogwynplaas so te sê syne om daarmee te maak soos hy wil — in elk geval sover hy by Gabrielle kan verbykom.

Gabrielle, aan die ander kant, kon begin planne maak om die kothuis waarin Aengel en Lika so lank gebly het uiteindelik in 'n gastehuisie te omskep. En miskien sal François nou ook uiteindelik kan vrede maak met die tragedie waaraan Lika se teenwoordigheid hom seker minstens een keer per jaar herinner. Sy oudste broer het 'n onbedagsame tyd gekies toe hy 'n week voor Lika se geboorte besluit het om selfmoord te pleeg.

By die skulpgruissnoer, 'n getybreedte weg van die watersoom, gaan staan Aengel. Voor haar maak die baaitjie 'n krom en skewe U; of nee, eerder 'n omegateken, met die oop kant see toe.

Ver regs, redelik diep in die see in, lê Rykmansklip. Laas toe sy hier was, was dit hoogwater. Moet nou laag wees, want die skiereilandjie is onder vlak water waar dit die vorige keer nie sigbaar was nie.

Links van die baai steek 'n baie groter rotsformasie 'n tentakel die see in en aan die eindpunt daarvan is nog 'n spul rotspute wat die see in loop. Die kierangklippe word hulle genoem, het Nella gesê. En hoog bokant die kierangklippe is die strandlopergrot, waarvan Nella Bandjies haar ook gistermiddag vertel het toe sy ewe goedgunstig vir Aengel tee en toebroodjies gebring het om haar welkom te heet.

Met hooggety kan mens glo nie op of af sonder om gevaar te loop om die see ingesleur te word nie, maar ander tye is dit bloot 'n stewige klim daarheen van Kruisbaai se kant af, of 'n steil klouterklim van Kierangbaai af.

Die walvisvormige rotsformasie, waarin die see oor die eeue heen die strandlopergrot uitgekalwe het toe die watervlak veel hoër was, is natuurlik nie naastenby so hoog soos Springklip, die krans wat oor Kruisbaai uittoring

nie, maar hoog genoeg, veral met laagwater. Die stukkie van die grot se bek wat sy van hier af kan sien, waar Nella dit vir haar uitgewys het, is op die oomblik 'n goeie tien, dalk twaalf meter bo die kierangklippe daaronder.

“Mevrou kan aan die kierangkant swem, maar versigtig vir die rykmanskant. Daar’s partymaals ’n slegte maalkolk,” het Nella gewaarsku en vertel hoe die seestrome alles van die rykmanskant af insluk en aan die kierangkant uitstoot.

Sy het Aengel nie kans gegun om te sê dat sy haar voete nog nooit in die see gesit het nie en nie van plan is om dit ooit te doen nie.

“Die skuite het dit destyds nie naby Rykmansklip gewaag nie, juistement hieroor,” het Nella dadelik vervolg. “My swaer het hoeka daar verdrink toe die see hulle tjakkie in ’n jobbelsee omgekeer het. Sy arme vrou moes haar se seuntjie eiehandig grootmaak. Maar Delphine het Faantjie mooi grootgekry. Hy’s mos nou glads op universiteit.”

Aengel kon sweer sy hoor haar ook iets mompel van “met haar gat in die botter geval”, maar was nie seker nie. Met ’n grinnik draai sy om en bekyk weer die sewe vissershuisies wat soos skulpe deur ’n ... ja, onbesonne hand uitgestrooi is. Kieranghut is die naaste aan die kierangkant van die baai en die hoogwaterlyn, en staan eenkant van die drie in die middel. Rykmanshut is weer naaste aan Rykmansklip. Nella s’n, die huisie naaste aan hare, se naam is Snoekloop. Een van haar grootjies kon glo aan ’n gesing in sy ore hoor wanneer die snoek loop. Langs Snoekloop is Klipvis en daarnaas is Treknet. Die ander twee huisies, Perlemoentjie en Bokkempie, is ’n entjie weg en kyk uit oor die baai aan die ander kant van Rykmansklip — Derdebaai, volgens Nella. Derdebaai is glo ’n baie lang en plek-plek onstuimige baai en strek tot by Rustler’s Cove.

Nella loop oor van inligting, maar rangskik haar vertellings nie altyd ewe lekker volgens oorsaak en gevolg of in volgorde nie. Aengel het skaars ’n woord ingekry, behalwe die een keer toe sy Nella gevra het om haar liewer op die naam te noem as mevrou, aangesien sy nog nooit getroud was nie.

Nella het haar op en af gekyk en geknik. “Lyk ieder geval nie altevol soos ’n mevrou nie. Nee, dis reg, Engeltjie.” Sy het haar bont rok selftevrede oor haar bultende heupe platgestryk, haar stewige kort bene effens uitmekaar geplant en haar pofhande inmekaar gevleg. “Ons is mos nou buurvrouens.”

Aengel moes haar lag onderdruk, nie net oor die Engeltjie nie, maar veral oor Gabrielle se reaksie as dié sou moes hoor haar suster se buurvrou is Nella

Bandjies, laaste oorblywende van die vissersgesinne van Kierangbaai. Gabrielle is 'n stoere DA-ondersteuner, maar haar “liberale” sienings sluit nou nie juis buurskap tussen wit en bruin in nie. Tensy daar natuurlik 'n ordentlike graad of ander prestasie aan die bruin gekoppel is.

'n Beweging op die balkon van die klipkasteel agter die vissershuse trek Aengel se aandag. Sou dit die Ier wees? Al hulle onderhandelinge het per e-pos geskied terwyl hy êrens oorsee rondgeflenter het. Teen die tyd dat hy teruggekom het om die aanbouings en restourasiewerk aan Kieranghut te kom doen, kon sy haar nie roer nie, wat nog te sê hierheen uitry. Lika se matriekeksamen was in volle swang.

Natuurlik het Gabrielle vir François gestuur om die man te kom ontmoet. Eerder uit nuuskierigheid as om seker te maak Aengel is “in goeie hande”, soos sy aangevoer het. Wat die Ier se hande met haar uit te waai het, het Aengel lief nie gevra nie. Hoe minder mens met Gabrielle swaarde kruis, hoe beter. Dit weet Aengel al vandat sy kan onthou.

François het kom rapporteer die bouwerk word professioneel uitgevoer, die Ier lyk relatief goed opgevoed en is ooglopend ryk. Laasgenoemde is in François se oë die belangrikste kwalifikasie ná “uit 'n goeie familie”. Uit die vrae waarmee Gabrielle haar man gepeper het, kon sy aflei die Ier is net-net in sy veertigs, klaarblyklik nie getroud nie en woon net vir gedeeltes van die jaar in Kierangbaai se klipkasteel. Hy kon nie vasstel uit presies hoe 'n “goeie familie” hy stam nie aangesien die Ier nie uit die Boland kom nie.

François se genealogiese kundigheid strek nie verder as die Bolandse grense nie. Dit was ook nog nooit nodig nie. Nie een van sy voorouers of nasate was “onbesonne” genoeg om uit die Franschhoek Vallei te trek nie, nie eens Overberg toe nie. “Dinastieë” soos die Rousseaus en Du Randts hoort aan die Hugenote-kant van die Hottentots-Hollandberge.

Voor François het Gabrielle nie verder oor die Ier gepraat nie, maar vir Aengel het sy later onder vier oë gewaarsku om uit die lesse van die verlede te leer.

“Ja, Gabrielle,” het sy gesug en gewens sy was reeds onder haar suster se dak uit.

“Moenie my ‘Ja, Gabrielle’ nie! Ek bedoel dit. Die man is ongetroud en boonop 'n uitlander, al praat hy glo vlot Afrikaans. Loop lig vir hom.”

Aengel het haar nog verkneukel in Gabrielle se argaïese siening van 'n uitlander — dit wil sê enigiemand wat ná die Franse Hugenote hier voet aan

wal gesit het — toe die skerpioen se stert weer venynig krul gekry het.

“Jy is nie emosioneel volwasse genoeg vir ’n verhouding nie en sal dit waarskynlik nooit wees nie. Dit het jy nou male sonder tal bewys. Asseblief, Aengelique, moet nie nou die Rousseau-naam verder staan en weggooi nie. Die vader weet watse skade jy Lika reeds aangedoen het met jou promiskuiteit.” En daarmee het Gabrielle haar exit gemaak soos net sy dit kan doen.

Aengel draai weg en begin na die kierangkant van die baai stap. Kyk maar daar van jou balkon af, Ier. Gabrielle is miskien ’n feeke en ’n advertensie vir haar sterreteken, maar in een opsig is sy reg. Ná die laaste bloutjie wat ek geloop het, is ek klaar met mans. Vir altyd en ewig.

Roark wieg op sy hakke, gee dan tog toe aan die impuls wat hy nou al onderdruk vandat hy Kieranghut se nuwe inwoner sien uitkom het. Hy lig die verkyker van sy haak af, verstel dit tot dit gefokus is op die figuur wat wegstap, en fluit saggies deur sy tande. Geen wonder die Du Randt-man wat permanent lyk asof sy snor stink, was bereid om ’n ronde miljoen uit te haal vir ’n vissershuis om sy minnares te huisves nie.

Du Randt het natuurlik ’n herrie opgeskop oor die prys, maar Roark het hom hanteer soos hy enige ander snob sou behandel. Met ’n skouerophaling, ’n glimlag en ’n “Take it or leave it, sire.” Hy het gehoop sire laat staan eerder. Hy wou juis nie rykgatte, pyn-in-die-gatte en dergelike ongediertes hier op Kierangbaai vastrapplek gee nie, maar alles het sy prys en hy kan altyd doen met nog ’n miljoen. Du Randt hoef nie te weet hy is van plan om die ander inwoners van die vissershuisse veel minder te vra nie. Die koop sluit immers net woonreg in, nie eienaarskap nie. En dit is en bly vissershuisies, hoe oulik mens dit ook al opknap.

Die idee was uit die staanspoor nie om geld te maak nie, maar om die vissershuisse gerestoureer en bewoon te kry deur mense wat die omgewing waardeer en alles wat daarmee saamgaan. Gerbrand Niemand is natuurlik ’n uitsondering. Van hom kan Roark nie wag om ontslae te raak nie, maar aangesien die eiendom oorspronklik aan Gerbrand se pa behoort het en Rykmanshut as deel van hulle onderhandeling in die Niemand-familie sou bly, was daar nie veel wat hy kon doen toe die knaap sy intrek naweke en vakansies begin neem het nie.

Roark glimlag onwillekeurig toe die vroumens buk om 'n skulp op te tel. Mooi was nog nooit lelik nie en 'n sexy sitvlak is altyd lekker om na te kyk. Hy sou nie kon dink 'n man soos François du Randt het dit in hom om hierdie stukkie verruklike vrouevlees gelukkig te hou nie. Maar nou ja, geld praat en dis duidelik dat Du Randt genoeg daarvan het. En verloklik genoeg om 'n sugar daddy te hê, is die Aengel-vroumens gewis. Rondings waar dit nodig is — suid en noord van die dun middeltjie. Die agterstewetjie wat onder die turkoois sarong wieg, sal ook g'n man koud laat nie, maar die pièce de résistance is gewis die hare. Vragte daarvan kronkel en krul tot op haar stuitjie. Van ver af het dit koringblond gelyk, maar nou kan hy sien daar is 'n effense rooi skynsel. Strawberry blonde op sy beste.

Nou is hy spyt hy het nie vroeër die verkyker gegryp soos hy wou nie. Hy sal graag wil sien of die gesig die res gestand doen. “Oge asof die see self daarin vassit, meneer Roark,” het Nella vanoggend geskinder, “maar nie diepsee nie. Kierangbaai se see soos daar om die kierangklippe as dit windstil is. Amper soos die klippertjies in daardie neklis wat nou die dag in jou lessenaar se laai was.”

Sy hart het amper gaan staan. Heimlik het hy homself die afgrond in vervloek omdat hy die halssnoer nie dadelik in die kluis teruggesit het nadat hy dit van die juwelier af teruggekry het nie, en toe vir Nella ingeklim omdat sy deur sy goed gegaan het. Uiteindelik het hy gesê dis sommer nagemaakte goed, 'n ding wat hy as kind vir sy ma op 'n vlooiemark gekoop het. Hy twyfel of sy hom geglo het, maar sy het belowe om vir niemand daarvan te vertel nie. Die rede wat hy aangevoer het, was ná aan belaglik. Hoe sentimenteel kan 'n mens nou wees oor 'n geskenk wat mens as kind vir jou ma gekoop het? En hoekom sal hy nou kastig nie wil hê Mac moet daarvan weet nie, net omdat Mac hulle ma se dood na al die jare nog nie verwerk het nie.

Nella se “klippertjies”, het hy egter onlangs uitgevind, is oorspronklik van Madagaskar. Blue beril, oftewel akwamaryn, het die juwelier gesê, maar van 'n baie besondere kleur en gehalte. Hy het ook bepaal die twintig stene, en vermoedelik ook die een wat makeer, is almal uit 'n enkele reuseakwamaryn geslyp. Die halssnoer se ouderdom skat hy tussen twee honderd en twee honderd en vyftig jaar. Die montering is deur 'n ware kunstenaar gedoen, maar hy kon nie bepaal deur watter meesterjuwelier van die tyd nie.

Die waardasiesertifikaat het Roark na sy asem laat snak. “Dit sou nog veel

meer werd gewees het,” het die juwelier wat in antieke juweliersware spesialiseer, verduidelik, “as die een steen nie ontbreek het nie.”

Om te dink die kosbaarheid het vir amper twee honderd jaar in ’n skulpbegroeide kissie onder op die seabodem gelê, tussen rotse ingewig. Amper asof dit juis op hom gewag het om dit raak te sien, een van die vele kere wat hy sonder Mac se wete rondom Rykmansklip gaan skuba het. Die onderwatersig was daardie dag besonder goed, die water kalmer as gewoonlik en die son het net reg geval. Die gevoel toe hy die kissie in die privaatheid van sy studeerkamer die eerste keer oopgemaak en die halssnoer daarin sien lê het, sal hom vir die res van sy lewe bybly. Dit was asof ’n ander tydperk met ’n ander lewensingesteldheid, een met ’n voorkeur vir oordaad, vlugtig deur die sluier van tyd geskemer het.

Roark laat sak die verkyker. Hy sal moet wag tot hy en Aengel Rousseau van aangesig tot aangesig kom om te bepaal of haar oë werklik daardie besondere blougroenkleur is. Net toe hy wil omdraai, sien hy hoe iemand haar van agter af probeer inhaal. Hy is ergerlik nog voor hy die man in fokus het. Daardie windgathouding sal hy enige plek uitken.

Die sterk lense bevestig dis Gerbrand Niemand. Dit lyk asof Gerbrand haar roep. Sy kyk oor haar skouer. Roark laat val amper die verkyker. G’n bliksemse wonder Du Randt steek haar hier weg nie. Met daardie gesig, tesame met daardie lyf, behoort sy op die binneblaai van *Playboy* te boer.

Haar hare beweeg oor die heuningkleurige skouers toe sy haar kop skud en van Gerbrand af probeer wegstap, maar die simpel vent haal haar maklik in. Roark hou die fokus op haar en verlekker hom daarin toe sy weer haar kop skud. Sy gaan staan, draai na Gerbrand en plant haar hande op haar heupbene.

“O that I were a *glove* upon that hand,” prewel Roark en verstaan Shakespeare op hierdie oomblik beter as ooit tevore.

“Nee. Dis ’n redelik maklike woord om te begryp.” Onaansienlik is die man wat haar van agter af ingehaal het nie, maar daar is iets slu en klewerigs in sy oë.

“Sommer net so? Kan ek jou nie ...”

Aengel vererg haar bloedig. “Nee, dānk, ek soek nie geselskap nie en het niemand nodig om saam met my te stap nie. Gun my asseblief my

privaatheid.”

Die man hensop met sy hande. “Oukei, oukei. Ek wou maar net die ridderlike ding doen en ons is darem so te sê bure. Ek bly in Rykmanshut. Die meeste naweke, in elk geval, en vakansies. Soos nou.”

Aengel kreun heimlik.

“Gerbrand Niemand is die naam.”

Aengel kyk na die hand wat hy uitsteek, sug sonder om dit te probeer wegsteek en skud dit dan tog. “Aengel Rousseau.” Sy trek haar hand beslis uit sy greep toe hy dit nie dadelik wil laat gaan nie.

“’n Báie aangename kennis, Aengel Rousseau.”

’n Rilling loop teen haar nek op. “Ek verkies regtig om alleen te stap en wil graag my nuwe omgewing op my eie verken.”

Oopgeknoopte Pringle-hemp by Billabong-swembroek, Nikes aan die voete, goue ketting om die nek, en die polshorlosie lyk soos ’n manliker weergawe van die TAG Heuer wat Gabrielle vir François op sy veertigste verjaardag gegee het. Eina, pyn.

Die onoordeelkundige label freak vou sy arms. Waarskynlik om die aandag te vestig op sy formidabele six-pack. Elke spier is gedefinieer — sonder twyfel danksy oefensessies in die gym. Net aan sy swak ken kan selfs geld en Virgin Active nie veel doen nie.

“Ek hou van meisies met spunk, en nog te meer as hulle bure is.” Sy spierwit glimlag getuig van goeie ortodontiese vakmanskap en ’n ma wat in fluoried geglo het.

“Dan moet ek jou teleurstel. Ek is ruggraatloos en Rykmanshut kwalifiseer nie as buurhuis nie.” Sy swaai om en stap verder. Die bries dra sy laggie en die vae geur van Kouros aan, maar genadiglik val hy nie weer langs haar in nie. ’n Hele ent verder loer sy eers weer oor haar skouer. Die vent staan nog waar hy gestaan het, sy arms nog net so gevou. Sy kan amper sy oë oor haar voel skroei. En dan kom hy waaragtig weer agter haar aangestap. Sonder haas, maar doelgerig.

Aengel se rug trek hol, maar sy bly by haar besluit om die javel te ignoreer. Sy hou haar oë op die geduik van die krysende meeu. Iets moet uitgespoel het. ’n Dooie rob dalk? Sy verbeel haar sy sien ’n ding tussen die rotse lê.

Die beweging hoër op teen die linkerkantste rotsformasie trek haar oog. ’n Rankerige figuur wat van die grot se kant af geskarrel kom. Hy moet ’n hele ent afspring van die laaste rotslys tot op die smallerige strandstrook wat

blootgelê is deur die lae gety, en land hande-viervoet. Daar is iets behoedsaams aan die manier waarop hy rondkyk toe hy regop kom. Aengel kan amper voel hoe sy oë op haar inradar. Vir 'n oomblik lyk dit asof hy oorweeg om terug te draai, voor hy na die rotse hardloop waar die meeu baljaar. Die voëls protesteer hewig toe hy oor hulle prooi buk. Dit lyk asof hy verstar, voor hy 'n sak of iets gryp, dit om sy nek hang en laat spaander. Hy kies 'n roete verder van haar af weg en skarrel soos 'n spinnekop teen die rotse uit.

Oomblikke later is hy buite sig en sak 'n meeu weer op sy vonds toe. Aengel kyk om. Gerbrand moet haar 'n entjie gevolg, maar kort vantevore omgedraai het. Hy draf teen 'n rustige pas terug in die rigting van Rykmanshut. Sy kuite bol en ontspan ritmies en sy hempspante fladder soos onsuksesvolle vlerkies weerskante van die bonkige agterstewe. Good riddance, soos Lika sou sê.

'n Paar tree verder steek Aengel vas. Onverklaarbare onrus roer in haar terwyl sy probeer uitmaak wat 'n bietjie meer as twintig meter voor haar tussen die rotse in die vlak water roer. Moenie nader gaan nie, waarsku haar lafaardkant. Gaan kyk, por haar nuuskierige kant aan. Sy gee 'n huiwerige tree vorentoe. Dapper was sy nog nooit nie, nuuskierig wel. Sy kyk weer om.

Gerbrand trek al verby Nella se huis, maar 'n ander figuur kom nader gehardloop. Dis nie die drafstap van 'n drawwer nie. Die man nael voluit. Hy moet agtergekom het sy kyk vir hom, want hy waai sy hande in die lug. Die boodskap is duidelik en eggo haar lafaardkant se waarskuwing: Moenie nader gaan nie.

Aengel ignoreer beide, maar stap aarselend nader. Die eerste wat sy eien, is 'n arm wat oor 'n rots geknak lê, die tweede 'n voet, die derde starende oë agter visnet. Haar hande gaan na haar mond en sy knyp haar oë styf toe terwyl sy haar rug draai op die skokkende beeld wat op haar retinas ingebrand is — asof dit enigiets aan die saak sal verander dat daar 'n lyk tussen die rotse lê.

Roark gee die figuurtjie tussen die rotse net een deurdagte kyk. Hy herken Miempie aan haar bont rokkie. Die res is feitlik onherkenbaar as die meisiekind wat hy leer ken het. Haar gesig is vertrek en, soos haar ledemate en lyf, effens geswel. Rigor mortis het ingetree en nog nie sy greep verslap

nie.

Hy kyk om na waar Aengel Rousseau soos 'n sakkie bene op die strand inmekaar gesak het asof haar spiere meegegee het. Haar oë is toe, haar gesig verstar in afgryse. Onnosel vroumens. Kon sy nie agterkom hy waarsku haar om weg te bly nie?

Hoe hy geweet het daar lê 'n grusame vonds tussen die rotse, kan hy net toeskryf aan die kennis wat hy opgedoen het, en voorkennis wat hy aangeleer het, in sy nagmerriejare op kraptreilbote in die Beringsee. Jare waarin die dood altyd net 'n brander, 'n ysskots ver was en dikwels net 'n sesde sintuig tussen jou en jou hiernamaals gestaan het. Dit, en die seemeue se gedrag.

Deur die verkyker kon hy nie genoeg uitmaak toe hy Strandloper sien nader hardloop en toe weer sien sabander nie, maar hy het dadelik vermoed dis 'n mens wat daar lê. Gesien hoe die vroumens reguit daarop afstap, en toe net rieme neergelê om haar te probeer keer. Te probeer voorkom wat nou gebeur het.

Aengel kyk verskrik op en probeer wegbeweeg toe hy by haar hurk, maar dit lyk asof sy nie beheer oor haar spiere kan kry nie.

“Kom, ek help jou huis toe. Daar is niks wat ons hier kan doen nie. Dis 'n saak vir die polisie.” Hy probeer so rustig moontlik klink, al brand hy van haas. Die gety draai binnekort. “Ek moet hulle van daar bo af gaan bel. Hier onder is nie selfoonopvangs nie. Kom saam met my, dan maak ek vir jou soet tee terwyl ons vir hulle wag.” En skink vir my 'n stewige dop, voeg hy stilweg by. Veral voor hy Nella meedeel: Haar laatlam is nie meer nie.

TWEE

1 Desember — vroeegaand

Gys weet nie hoe hy dit met die twee vroumense hier op sy voorstoep het nie. Gertjie sit armpies gevou en kyk uit oor die see. San tok-tok met haar kerie en staar na die drie brakke wat sy saamgebring het. Die ander twee is glo intussen na saliger weivelde — of eerder, kefvelde.

“San, dis nou my niggie Gertjie Niemand. En Gertjie, ontmoet San Badenhorst by wie ek destyds in die Vrystaat geloseer het,” het hy hulle so ’n uur terug ewe onskuldig, selfs geesdriftig, aan mekaar voorgestel. As daar sedertdien meer as ’n dosyn woorde oor enigeen van die twee se lippe gevloei het, is dit baie.

Gertjie het probeer, dit moet hy haar ter ere nagee, maar haar navrae na San se welsyn was so opreg soos die bloedlyne van die basterbrakke by San se voete. San het nie eens probeer voorgee sy is in Gertjie geïnteresseerd nie. Sy het gegroet en elke vraag met die minimum woorde beantwoord. Ja, sy het veilig gereis en ja, dis ’n ver ent pad van Wildfontein af. Ja, hulle het vanoggend baie vroeg weggekom. Nee, die rit was nie te uitputtend nie. Ja, dis gaaf dat sy ’n geleentheid saam met iemand kon kry wat nie omgee het om die brakke saam te karwei nie.

Die koffie wat hy aangedra het, het niks aan die saak verbeter nie. Miskien moet hy die twee wyn voer. Êrens moet iets gebeur, want San is hier vir ’n week en hy het juis gehoop hy kan Gertjie ’n paar keer na sy huis lok onder die voorwendsel dat sy geselskap vir San kan wees. En nou dit. Die liefde van sy lewe en sy beste vriendin het vir mekaar op die aarde niks te sê nie.

Gys slaak ’n sug van verligting toe die foon lui. Selfs net ’n paar minute uit die stram atmosfeer sal ’n seën wees. “Verskoon my,” mompel hy en drafstap na sy studeerkamer toe.

Ai, dis darem lekker om ’n studeerkamer te hê, dink hy vir die soveelste keer sedert hy twee maande gelede hier op Kruisbaai in sy nuwe huis ingetrek

het. 'n Paleis is dit nie, maar 'n enorme verbetering op enige plek waar hy nog vantevore gebly het, gewis. Ruim en lig.

Hy tel die gehoorstuk haastig op. “Gys Niemand?”

“Inspekteur Niemand, dis Roark O'Shea van Kierangbaai.”

Gys oorweeg dit om hom reg te help. Waarom die een of ander grootkop nou moes besluit hulle het nuwe range in die SAPD nodig, bly vir hom duister. Asof hy 'n militaris is. Klomp pure bog. Skielik was hy mos nie meer 'n inspekteur nie, maar 'n adjudant-offisier. Maar dit het hom darem minder gepla toe hy bevorder is na luitenant toe. “Ja?” antwoord hy egter net.

“Een van die inwoners hier se lyk het by die kierangklippe uitgespoel.”

“'n Lyk? Meneer O'Shea ...” Ek is met vakansie wil hy nog sê, maar die groot Ier wat hy al hier rond raakgeloop het, spring hom voor.

“Dis Miempie Bandjies.”

Alles word stil in Gys. Fortuintjie se niggie. Die enetjie teenoor wie die klong nogal baie beskermend is. Was.

“Ek het haar herken, maar nie nader gegaan nie. Net dadelik kom bel. Ek weet jy is met vakansie en ek het 'n voëltjie hoor fluit jy het bedank en jou bedanking tree in werking wanneer jou vakansietyd verby is. Maar inspekteur, die gety is aan die draai en sy is in die vlak water. Ek is bang sy spoel weer see toe voor die polisie hier aankom. Jy weet hoe dit met Niemandsdorp se polisie gesteld is.”

Dis nie net die uur wat dit hulle waarskynlik sal neem om hier te kom nie, weet Gys. Chaos. Dis hoe dit gesteld is vandat die nuwe bevelvoerder daar begin het. Majoor Arendse het goeie intensies, maar hol rond soos 'n hoender met 'n af kop. “Ek is nou daar. En terwyl ek noodgedwonge betrokke moet raak, my rang is glo nou luitenant.” Gys sit die foon neer en staar na die see wat hy oor twee laer geleë huise se dakke kan sien. Bel hy Fortuintjie of nie? Die hulp sal welkom wees, maar dis Fortuin se niggie en hy is nie meer 'n lid van die SAPD vandat hy studeer nie.

Gys kry sy bakkie se sleutels. Gelukkig is alles wat hy nodig het in die voertuig. Selfs die kamera wat Fortuintjie hom leer werk het. Die paar goed wat hy al self aangeskaf het ingeval hy dalk tog die moed en lus bymekaar geskraap kry om as privaat speurder te registreer, kan dalk ook help.

“... kan nie glo jy hou jou so opstêrs met Gys-man nie. Dink jy jy's te goed vir hom? Laat ek jou vertel ...”

Gys steek op die drumpel vas en kyk verstom na San wat nog met haar

kierie in die lug na Gertjie sit en beduie, maar sy teenwoordigheid moet aangevoel het. Sy laat sak die kierie. Gertjie is bloedrooi in die gesig. Gys sal nie kan sê of dit woede of verleentheid is nie. Hy maak keel skoon.

“Ek moet dringend Kierangbaai toe gaan.” Albei se oë is dadelik op hom gevestig. “Daar het ’n lyk uitgespoel.”

“Maar Gys ...” begin Gertjie protesteer.

“Sien jy die man nou wil keer om te doen waarvoor hy gebore is?” laat San hoor en kyk na Gys. “Nou toe, Gys-man. Dan sien ek jou later.”

“Ek is jammer, Gertjie, ek ...” Terwyl hy van die een na die ander kyk, voel hy halfverwilderd. Hy sal nie graag vir San alleen wil los op haar eerste aand hier nie, maar hy twyfel of Gertjie na dese sal oorbly, soos hulle tentatief afgespreek het. Hy weet mos hoe gou sy haar partykeer kan wip.

Gertjie vernou haar oë voor sy saggies sug. “Ek sal solank vir ons iets te ete maak. Jy sal nie by ’n braai kan uitkom nie.”

“Dis g’n nodig dat ...”

“Dankie, Gert,” praat hy San se protestasie vinnig dood. “Ek sal laat weet as ek dalk laat gaan bly. Jammer, San. Ek sal net die nodige doen. Die gety draai, ek moet vinnig speel. Gertjie, sal jy vir my asseblief die lykshuis bel en sommer ook vir majoor Arendse?” Hy wag nie op ’n reaksie nie, maak net gat skoon bakkie toe. Laat die twee self die ding tussen hulle uitbaklei. Hulle is albei mooi groot.

Aengel sien in die spieël bokant die ouderwetse wasbak hoe bleek sy nog is, maar sy voel ten minste kalmer toe sy van die gastebadkamer af terugstap na die kombuis met sy greinhouttafel, waarop daar nou ’n beker tee vir haar regstaan. Die Ier leun teen die muur langs die outydse es en het vir hom iets sterkers geskink, lei sy af uit die amber vloeistof in die glas wat hy vashou.

“Beter?” vra hy.

Soveel beter as wat mens kan voel as alles wat in jou maag was deur jou keelgat uitgekom het, sou sy kon sê, maar sy knik net.

“Luitenant Niemand is op pad van Kruisbaai af. Hy behoort enige oomblik hier te wees.” Sy Afrikaans is aksentloos behalwe vir ’n effens liriese intonasie. Asof hy ballades sal kan aanhaal van mense met name soos Padraic, Seamus of Flann.

Aengel knik weer en neem ’n slukkie van die sterk, soet tee. Dis net ietsie

oor die drie kilometer hierheen van Kruisbaai af, maar die paadjie het geen spoedbeperking nodig nie. Mens kan nie vinniger as dertig kilometer per uur ry as jy enigsins jou voertuig ontsien nie.

“Ek wil jou ’n groot guns vra?”

Aengel loer deur die stoom na hom terwyl sy nog ’n dorstige sluk van die tee neem. Roark O’Shea lyk soos die prototipe van ’n Ier. Lank, breë skouers. Sy donkerbruin hare wat ’n paar maande gelede al geknip moes gewees het, vorm ’n windverwaaide raam vir ’n ru aantreklike gesig wat ’n sterk sin vir humor sou kon verklap as die omstandighede nie so ernstig was nie. Sy oë kan nie mooi besluit watter kleur hulle wil wees nie, maar sy ken weerspreek enige ander besluiteloosheid.

“Sal jy saam met my na Nella toe gaan?”

Aengel frons.

“Ek sal haar moet gaan inlig. Die lyk ... Dis Miempie. Nella se dogter.”

Haar warm tee stort oor die rand. Hy gryp ’n vadoek en druk dit teen haar hand terwyl hy die beker uit haar lam vingers neem en neersit.

Sy het Miempie nie ontmoet nie, maar haar wel gister in die verbygaan gesien. Omtrent Lika se ouderdom, het sy haar geskat.

“Sal jy Nella kan bystaan terwyl ons besig is en sy nog vir haar mense wag? Haar skoonsuster en nefie is op Kruisbaai, maar ek wil hulle nie laat weet voor die speurder hier is en sê dis reg nie. Jy is die enigste vrou hier op die oomblik.”

Aengel vat die vadoek by hom, vee die tee met bewende hande van die tafelblad op. Hoe troos ’n mens iemand wie se dogter se lyk pas gevind is? Veral sy. Volgens Gabrielle het sy geen people skills nie. “Jy en Lika is soos ’n Siamese tweeling in mekaar verstrengel, maar verder kan g’n ander mens naby aan jou kom nie!” het sy eenkeer op Aengel geskree. Dit was nadat Aengel se verhouding met die enigste “aanvaarbare” man in Gabrielle se oë, soos die ander verhoudings wat sy gehad het, ’n paar maande gelede ook op ’n fiasko uitgeloop het.

Die knop op haar maag trek nog stywer, maar sy knik. “Ek sal probeer.” Sy blerts die res van haar tee in die wasbak uit. “Kom ons kry dit agter die rug.”

Hy het dié keer nie nodig om haar met sy arm om haar lyf te ondersteun soos toe hulle teruggestap het van die kierangklippe af nie, maar hou haar tog liggies aan haar boarm vas terwyl hulle in die klipperige voetpaadjie na Nella se huis toe stap.

Nella het net die deur agter haar begin toetrek toe hulle daar aankom. Sy is seker nog nie sestig nie, maar die jare en die wind en weer het diep spore op haar gelaat geëts, spore wat op die oomblik van kommer spreek.

“Meneer Roark, ek kry Miempie nêrens nie,” begin sy maar bly dan verstok staan. Die kommerplooië verdiep en haar mond vertrek. “Dis sleg, is dit nie?” Dis nie werklik ’n vraag nie.

“Dis baie sleg, Nella,” antwoord hy nietemin.

Aengel sit haar arm om Nella se skouers wat reeds begin ruk het. Roark maak die deur weer vir hulle oop. In die eenvoudige leefvertrek sak Nella op die naaste stoel neer.

“Wat het gebeur?” fluister Nella.

Roark gaan hurk voor haar. “Ek weet nie, Nella, maar sy het tussen die kierangklippe uitgespoel.”

Die “Nee-hee!” wat uit Nella se mond kom, is pyn wat in skril klank omgesit word. Sy laat sak haar gesig in haar hande, trek haar asem diep en sidderend in voor nog ’n vlymskerp “Nee-hee!” deur die huisie weergalm.

Aengel trek die moederlike lyf teen haar vas terwyl trane ook oor haar wange begin drup. As dit sy moet wees wat gehoor het Lika ... Sy is vaagweg bewus van die geluid van ’n naderende voertuig, van die Ier wat opstaan, maar al wat werklik is, is hierdie ma se wanhoop. Sy probeer daarvan absorbeer, maar sy weet ook niks en niemand kan enigiets hiervan vir Nella beter maak nie.

Gys klim nog uit sy bakkie toe Roark O’Shea van Nella se huis af na hom aangestap kom. Hy ken Fortuintjie se tante nie goed nie, maar hy kan hom indink watter toneel in hierdie beskeie huisie afspeel.

O’Shea groet net stram, neem die metaaltas by hom toe Gys die kamerasak oor sy skouer gooi en dra dit ewe bedagsaam vir hom toe hulle oor die sand begin aanstap. Die seemeeue verklap waar die liggaam lê.

“Drie rye spore ná hoogwater,” sê Gys en kyk vraend op na die groot man langs hom.

O’Shea knik. “Die nuwe inwoner, Aengel Rousseau, en Gerbrand Niemand s’n en myne.” Gys luister aandagtig terwyl hy vlugtig verduidelik wat gebeur het.

Gerbrand Niemand is seker verlange familie van hom, maar Gys hoop

werklik dis baie verlangs. Hy het geen ooghare vir die windbolmannetjie nie en het dit ook nie vir sy opgeblase pa gehad nie. Daar was nie 'n mens wat krokodilrane gestort het toe Brand Niemand amper bankrot gespeel het nie. Nie eens toe hy, kort nadat hy Kierangbaai aan O'Shea verkoop het, 'n massiewe beroerte gekry en die tydelike met die ewige verwissel het nie. Die man was 'n inhalige vark en die feit dat hy dood is, verander niks daaraan nie.

'n Ent van die liggaam af gaan Gys staan. Hy haal die kamera uit sy houer, hang dit om sy nek, vat sy metaaltas by die Ier, kry latekshandskoene uit en trek dit aan. "Bly hier, asseblief."

O'Shea gehoorsaam.

Gys bestudeer die sand terwyl hy nader stap. Twee rye voetspore draai 'n goeie entjie van die liggaam af weg tot by omgedolwe sand. Dit moet wees waar O'Shea die Rousseau-vroumens gekry het. Syne gaan ook nie tot heeltemal by die lyk nie. Daar is egter nog voetspore wat van die rotse af tot by die liggaam loop en dan weer koers kry na die grot se kant toe. Sou die lang, smal spoor met die wydgesperde toonafdrukke behoort aan die Slams of 'n ding wat glo daar bo woon? Gys neem foto's daarvan voor hy wegdraai see toe.

Hy kon nog nooit gewoon raak aan daardie eerste kyk na 'n lyk nie. Hierdie keer is dit nog skokkender as gewoonlik. Star oë staar hom aan van agter 'n stuk vissersnet, die gesiggie in diamantpatrone opgedeel waar die netlyn in die vel ingebyt het. Veral die arms en bene is vol skraap- en skaafmerke waar haar liggaam oor rotse moet geskuur het, en die meene het ook hulle makabere merk gelaat.

Die water is koud toe hy sy seilskoene uitskop en die vlak water binne stap. Gelukkig het hy 'n kortbroek aan. Deur die kameralens sien hy die bloedvlekkies in die wit van die oog en in die oogbindvlies. Hy leun nader en fokus op die nekarea, maar die vlekkies het klaar voorspel wat hy gaan sien. 'n Verwronge patroon van die net verklap die oorsprong van die donker verkleuring om die nek. Die pruimedanteffek van die vingers en tone en die feit dat rigor mortis nog in volle swang is, sal die lykskouer genoeg aanduiding gee om vas te stel min of meer wanneer die dood ingetree het. Hier rond is die water selde meer as sestien grade, dit sal 'n invloed hê. Maar Gys kan nou al van die rigor mortis en die res aflei dat sy hoogstens agt tot twaalf uur gelede verwurg is.

“Dis my skuld! Ek het haar gestuur om te gaan mossels pluk. Sy moet geval het, haar kop gestamp het.” Nella bars van voor af in trane uit.

Aengel laat haar begaan, staan op en skakel die ketel aan. Op die rak, versier met koerantpapier waarin hartjiepatrone uitgeknipt is, spoor sy ’n boksie teesakkies op en ’n groen en wit gestreepte blik halfvol suiker. ’n Kroeggrootte yskassie lewer melk op. Agter haar kermhuil Nella asof haar siel uit haar liggaam geskeur word.

Eers toe sy twee bekere op die teekies met die gehekelde lappie neersit, praat Aengel weer.

“Nella.” Sy sluk swaar toe Nella met ’n betraande gesig opkyk, haar oë reeds feitlik toegeswel. “Daar was ’n visnet om haar kop gedraai. Ek sê dit net sodat jy moet weet dit kan nie jou skuld wees nie.” Ag hel, maak sy dit nie dalk erger nie? Gabriëlle was reg, sy hê geen people skills nie.

“Jy bedoel ...?” Nella se mond gaan oop en toe, maar daar kom nie nog woorde nie.

Aengel kniel voor haar en vat haar hande. “Ek weet nie, Nella. Al wat ek weet, is dat al het Miempie gegly en geval terwyl sy mossels gepluk het, of ’n fratsbrander haar onkant betrap het, dit nie jou skuld is nie. Jy kan nie die skuld op jou neem vir iets wat buite jou beheer was nie.”

“Vissersnet?”

Aengel draai skuins en tel die beker tee op. “Drink ’n bietjie. Ek het dit lekker soet gemaak.”

Nella se hande bewe so dat Aengel haar moet help om die beker se rand tot by haar mond te bring. “Daar’s hy, vat nog ’n slukkie.”

Nella gehoorsaam, vat dan die beker uit Aengel se hande en sluk nog ’n paar keer.

“Ag, liewe Jirre.” Met ’n sidderende sug sit sy terug in die stoel en maak haar oë toe. Trane sypel van voor af tussen haar stomp wimpers deur en haar mond vertrek weer. “Die Jirre straf my met hierdie verskriklike ding, Engeltjie. Ek moet geweet het dit kom. Dis oor ek in my dronkgatdae gelê het by elke man wat ’n blinkte in sy oë gekry het. Later net een man, maar daarvoor het ek geld gevat. Nou’t die Jirre die enigste ding weggevat wat ooit reg geloop het in my lewe. My Miempie. Nog nie eens negentien nie.” Haar lyf begin weer skud, maar dis ’n magtelose soort huil, nie die verwoede

snikke van vroeër nie.

Aengel neem die beker uit haar slap hande en sit dit op die teekis neer.

“Alles onder my gat uitgesuip ná my man my gelos het.” Die woorde kom skor en hortend. “Hoeveel keer is Miempie nie op ’n honger maag skool toe nie. Was Delphine gewees wat haar in klere gehou en altyd ’n ekstra kossie saam met Faantjie skool toe gestuur het, die drie jaar toe hulle saam in die laerskooltjie was voor hy hoërskool toe is in Swellendam. Omdat sy geweet het ek is nie ’n ma se gat nie. Nes ek nie ’n vrou se gat was nie. Kon nie eens vir my man kinders gee nie. Nee, eers toe ek daarvoor betaal word, en eers op amper veertig, kon ’n kind in my lyf vatkry.”

Aengel laat haar praat, vryf net nou en dan in ’n leë troosgebaar oor haar hand of arm.

“En hoe moes die ou dermpie nie vasgeklou het in ’n lyf deurtrek van drank nie. Drank gekoop met geld wat ek op my rug gemaak het. En die bliksem het nie einde gehad nie. Tot hy agtergekom het sy saad het wortel geskiet. Toe wil hy ook niks meer van my af weet nie. Nooit weer ’n sent uit hom gekry nie. Nie eens toe ek gedreig het om sy vrou te vertel nie. My net teruggedreig en gesê hy sal my uit my huis uit sit. Sal my ieder geval nie verbaas as sy vrou geweet het hy het sy lê by meide soos ek gekry nie. Dalk nie eens omgee nie. Sy’t mos vir hom die kroonprinsie gegee en die lekker lewe in ruil gekry. Ha, en nou is hulle albei dood, die prinsie het sy kroon verloor en daar is niks om oor koning te kraai nie.”

Nella gee ’n diep sug en bly ’n ruk met toe oë sit voor sy verder praat. “Ja, die Jirre straf my vandag, maar ook vir Miempie se pa het die straf nie uitgebly nie. En sy straf was nie net die bankrotskap nie, ook nie die beroerte nie. Sy straf was sy skarminkel van ’n seun.”

Gys is verlig toe die lykswa aankom. Daar is nog nie ’n polisievoertuig in sig nie en dit terwyl die gety nou opmerklik begin veld te wen.

“Verdrinking?” vra die man wat voor dra aan die draagbaar.

Gys skud sy kop. “Moord. Dadelik lykskouer toe, asseblief. Jy ken die prosedure.” Gelukkig kan hy Dok vertrou om ’n baie deeglike nadoodse ondersoek te doen. Hulle werk al die afgelope vyf jaar saam. As daar iets te vinde is aan die liggaam, sal dit nie Dok se aandag ontgaan nie.

O’Shea kom aangestap van waar hy op een van die rotse gesit het. Gys het

al skoon van die man vergeet.

“Iets waarmee ek kan help?”

Gys skud sy kop. “Tensy jy my teen die rotse kan abba na die Slams toe hier bo.”

O’Shea se glimlag is maar effentjies. “Nee, daarmee kan ek nie help nie, maar daar is ’n makliker pad. Twee, eintlik. Die een wat die langste neem is ’n stewige stap, maar mens hoef minstens nie teen rotse op te klouter nie en ons kan ry tot waar die Land Rover nie meer kan nie. Jou bakkie sal nie ver kom nie.”

Gys kyk op sy horlosie. Nog net bietjie meer as ’n uur en ’n half se daglig oor.

“Dis so twintig minute se stap,” antwoord O’Shea sonder dat Gys hoef te vra. “Maar ek twyfel of jy Strandloper daar sal kry. Hy het jou ’n ruk lank dopgehou, maar dis nou al ’n hele tydjie dat daar nie ’n roering by die grot se bek was nie. En terloops, hy sal nie daarvan hou as jy hom ’n Slams noem nie. Hy is trots op sy Strandloper-voormense, ’n splintergroep van die Goringhaikonas wat nie saam met Herrie die Strandloper getrek het nie, maar hierheen gevlug het.”

“H’m. Kom ons gaan kyk in elk geval.” Gys begin aanstryk terwyl sy oë steeds die strand fynkam. By ’n plek waar die sand verklap dat iemand daar rondgestaan het, buk Gys. Hy vroetel in sy sak en tel ’n sigarestompie met ’n pinset op. Hy hou dit in die lug en kyk na O’Shea. “Joune?”

Die Ier skud sy kop. “Ek rook nie. Net af en toe ’n sigaar. Maar dis min of meer hier waar Gerbrand Niemand gaan staan het nadat die Aengel-vroumens hom afgejak het. Of so het ek afgelei. Dat sy hom afgejak het, bedoel ek. En hy rook.”

Gys kry ’n plastieksakkie uit die metaaltas en laat val die stompie daarin. Mens weet nooit.

Die Land Rover is ’n ou een en staan agter die huis onder ’n prieel. O’Shea ry ’n ent terug op die Kruisbaai-paadjie, draai dan see se kant toe en agterom die rotsformasie, waar die grot sit asof ’n reus met sy vuus ’n gat in ’n stuk versinkte berg gemoker het voor die aardkors nog mooi gestol het.

Dis inderdaad ’n stewige klim en Gys moet ’n paar maal gaan staan om asem te skep voor hulle by die sykant van die grot se bek kom. Hy is aansienlik fikser as ’n paar jaar gelede, maar rats was hy nog nooit nie.

“Strandloper?” roep O’Shea. Hy roep nog twee maal, telkens harder, maar

daar is geen reaksie nie. Vraend kyk hy na Gys.

Gys haal sy skouers op en moet oor 'n paar rotse klim om in die grot te kom. Die grot stink benoud na dassiemis en manspie. En iets visserigs. Oral lê vodde en afgeleefde gebruiksartikels rond. 'n Magdom alikreukel-, mossel- en perlemoenskulpe is in slordige hopies opmekaar gegooi. Bondels dryfhout sommer net neergesmyt. Agter in die grot kan hy vaagweg nog 'n hoop uitmaak. Lyk soos sand. In die middel van die oop gedeelte van die grot staan 'n primusstofie met 'n yslike kastrol halfvol water daarop. Gys voel versigtig aan die aluminiumpot. Dis nog warm, maar die water stoom nie meer nie. 'n Spul alikreukelskulpe langs 'n plank met binnegoed daarop verrai wat in die water gekook het. Dit lyk asof Strandloper reeds sy maaltyd genuttig het, want van die eetbare gedeeltes is daar nie 'n spoor nie.

“Verdomp.” O'Shea skop die alikreukelskulp naaste aan hom. “Hoeveel keer moet ek nog vir hulle sê net vyf per dag! Hier lê minstens tien, en dis net vandag s'n.”

Gys lig sy wenkbroue vraend.

“Ek koop vir hulle lisensies en lees hulle die leviëte voor, maar hoor is min. En ek sien die vrekse stroop nog steeds perlemoen ook,” beduie hy na een van die skulphope, frons en stap na 'n spul lappe wat eenkant lê. Hy tel 'n helder oranje sak op, hou dit na die ligkant van die grot en bekyk dit van nader voor hy dit vir Gys aangee en net wys na die letters wat met swart merkerpen daarop aangebring is.

Die sak is nat en stink na see. *Miempie*, kan Gys selfs sonder sy leesbril, die naam uitmaak wat daarop geskryf is.

“Ek het vir elkeen van die inwoners hier so 'n sak met hulle name op gegee en gesê as ek hulle vang dat hulle meer as hulle kwota alikreukels uithaal, sit ek natuurbewaring op hulle. Elkeen mag net sy eie sak gebruik sodat ek kan kontroleer wat aangaan,” verduidelik O'Shea.

“En hierdie Strandloper het sy eie sak?”

O'Shea knik. “'n Groene.” Hy skop-skop aan 'n hoop vodde en stap na die volgende waar hy 'n vlotjie van dryfhout optel en bekyk. Maar hy kry eers by die derde stapel die sak met Strandloper se naam daarop. Hy buk weer en trek 'n groen vissersnet ook uit. Gys staan nader terwyl O'Shea die ding oopsprei.

“Gooinet en heel,” verwoord hy die ooglopende.

Gys het in elk geval klaar gesien die net se weef is fyner. Wat nie beteken hier kan nie 'n ander stuk net wees nie. Of dat die net waarmee *Miempie*

Bandjies klaarblyklik eers “gevang” en toe verwurg is, nie ook uit hierdie rommelhoop kom nie. Maar visnette is volop in hierdie omgewing.

“Meneer O’Shea, ek het eintlik ’n lasbrief nodig om te doen wat ons nou doen. Dis dalk ’n grot en allemansgrond, maar die inhoud is Strandloper s’n en dit is alom bekend dat dit sy woonplek is.”

O’Shea ignoreer hom, rits die velcro van ’n sysakkie oop en loer in die gaping. “Haar mes is nie hier nie.” Sy oë vernou asof hy iets besef. Hy kyk op sy horlosie en skud sy kop. “Te laat.” Hy moet gesien het Gys volg nie mooi nie. “Nella het Miempie vanoggend douvoordag uitgestuur om te gaan mossels pluk by Rykmansklip. Nie by die kierangklippe nie. Afhangende van hoe laat sy dood is, is dit heel moontlik dat sy daar ... Dat dit daar by Rykmansklip gebeur het. As jy wil gaan kyk of daar nog iets op te spoor is, sal dit môreoggend op laag eers kan gebeur.”

Gys swets heimlik. Wie weet watse bewysstukke word nou fyngemaal en ingesluk deur die inkomende gety? En vanaand is volmaan. Springgety. “Hoe loop die seestrome?”

“Alles wat nie aan die rotse vashaak nie, spoel uiteindelik aan die kierangkant uit. Met springhoog veral. Dis nou as die Agulhas-stroom wat anderkant die kierangklippe loop, dit nie beetkry nie. Dan stoot dit op Derdebaai uit.”

“Hoe laat is dit môreoggend laag?” vra Gys terwyl hy aanstap na die bek van die grot toe. Die stank begin hom naar maak.

“So halfsewe se kant.” O’Shea kom agter hom aan. “Jy sal nou seker vir Nella wil ondervra?”

“Ja,” sug Gys, “en dan sal ons haar familie moet laat weet.” Fortuintjie het so uitgesien na die vakansie, en nou dit. Die mannetjie het regtig hard gestudeer en naweke en die grootste gedeeltes van die universiteitsvakansies het hy boonop vir sakgeld in die forensiese laboratorium gewerk. Begin juis weer die derde Januarie tot die akademiese jaar afskop, het hy gister nog kom vertel.

“Nella Bandjies werk vir jou aan huis, nie waar nie?” vra Gys toe hulle so halfpad terug is Land Rover toe. Af is gelukkig makliker as op en hy is nie te uitasem om te praat nie.

“Ja, sy het aangedring nadat ek hulle huis opgeknep het, en dit pas my ook.”

“En die laaste wat sy vir Miempie gesien het? Het sy gesê?”

O'Shea val langs hom in toe hulle 'n gelyk stuk kry. "Nie spesifiek nie, maar as sy Miempie op laaggety uitgestuur het, sou dit so kwart oor vyf, halfses vanoggend gewees het. Nella val agtuur soggens by my in en het vanoggend nog gesê sy weet nie waar loop Miempie nou weer rond nie. Sy wou nog die mossels bewerk het voor sy na my toe gekom het. Maar Miempie het 'n manier om tussen neus en oë weg te raak."

"Het jy enige beweging op die strand of rotse gesien, sê maar van so halfses tot agtuur?"

"Gerbrand en Strandloper het by die kierangklippe staan en gesels toe ek so seweuur se kant op die balkon uitgestap het. Ek was nog verbaas om Gerbrand so vroeg op te sien. Hy is gewoonlik 'n laatslaper. Robert het ook kom mossels pluk vir die restaurant, maar die gety het toe al gedraai en hy was duskant Rykmansklip. Dit was net voor Nella ingekom het."

"Robert van die pizzaplek op Kruisbaai?"

"Ja, gewoonlik is dit sy vennoot Louis wat die plukwerk doen, maar vanoggend was dit Robert. O, en ek het Zita uit Gerbrand se hut sien kom."

Gys gaan staan om asem te skep. "En Zita is?"

"Zita Malherbe. Sy is so 'n ruk terug haar werk kwyt en het in haar pa se werkgewer se strandhuis op Kruisbaai ingetrek. Die Malherbes het gebruik daarvan wanneer die eienaars nie daar vakansie hou nie."

"En wat maak sy dan op Kruisbaai?"

"Sy en Gerbrand het 'n paar maande gelede begin uitgaan. So van net ná die wintervakansie af, as ek reg onthou. Sy slaap soms by hom oor. En vakansies wanneer die eienaars van die strandhuis Kruisbaai toe kom, trek sy gewoonlik by hom in."

Daar is iets ontwykends in die man se stem.

"Wie woon almal hier in die vissershuse? En hoe steek die woonstorie inmekaar?" Gys begin weer aanstap en O'Shea val langs hom in.

"Die Rousseau-vrou het gister in die Kieranghut ingetrek. Sy het woonreg gekoop en gaan glo voltyds hier bly. Verder is dit natuurlik Nella in Snoekloop wat lewensreg het. Gerbrand het, volgens my ooreenkoms met sy pa, gebruiksreg van Rykmanshut en val naweke en vakansies hier uit. Robert en Louis oorweeg dit om Treknet se woonreg te koop en gebruik dit intussen wanneer dit hulle pas. Hulle bly maar hoofsaaklik Maandae daar oor wanneer die restaurant toe is, maar Louis kom swem soms smiddae hier. As dit stil is by die restaurant, kom hulle ook soms in die week hierheen. My halfbroer

Mac Carmichael woon in Perlemoentjie aan die Derdebaai-kant. Sy seun en skoondogter Charlie en Pearlie gebruik Klipvis wanneer hulle so voel. Die ander huisie, Bokkempie, wat ook aan die Derdebaaikant is, moet nog leefbaar gemaak word.”

“Charlie is die mannetjie wat die Adventure Centre op Kruisbaai het, nie waar nie?” vra Gys en is verlig toe hy blaas-blaas by die Land Rover aankom.

“Dis reg. Hy’s my peetkind. Pearlie, sy vrou, het onlangs weer die skulpwinkel oopgemaak en Mac het die katamaran wat nou ook deel is van die Adventure Centre se opsies. Soms neem hy duikers uit, ander kere doen hy net plesierwaarte soos sundowners en so aan. Hy was juis vanoggend vroeg uit.” O’Shea klim in en Gys volg sy voorbeeld.

“Met die katamaran?”

O’Shea knik terwyl hy oor sy skouer kyk en tru. “Ek het dit net buite die bek van die baai sien lê.”

“Hoe laat?”

O’Shea draai eers die voertuig sodat die neus terug land toe wys voor hy antwoord. “Hy was reeds daar toe ek op my balkon gaan sit het.” Die rathefboom knars in eerste in. “Ek drink soggens my koffie daar,” las hy by.

Of bespied die mense wat sy koninkrykie met hom deel, dink Gys. En dis seker sy goeie reg, maar hoekom het O’Shea gevoel hy moet verduidelik wat hy op die balkon van sy klipkasteel maak?

DRIE

1 Desember — aand

“Ek verstaan jy moet my vrae vra, Luitenant, maar Engeltjie moet bly, asseblief.” Nella se stem slaan deur en die trane begin van voor af loop.

Aengel vat Nella se hand en kyk na die speurder wat as Gys Niemand aan haar voorgestel is. Hy moet sekerlik besef dis al moeilik genoeg vir Nella?

Die speurder huiwer, maar knik dan. “Dis in die haak, mevrou Bandjies, ek besef dis ’n baie moeilike tyd vir jou. Ek is werklik jammer oor jou verlies.”

Nella blaas haar neus in die toiletpapier wat Aengel vroeër vir haar afgedraai het van die rol wat sy gaan haal het. “Wat het gebeur, Luitenant?”

Gys gaan sit op die puntjie van een van die kombuisstoele wat die sitplek in die sitkamer aanvul. “Daar is nooit ’n maklike manier om sulke nuus oor te dra nie, Mevrou, daarom gaan ek maar liever net reguit wees. Die liggaam sal amptelik deur ’n naasbestaande uitgeken moet word. Maar by meneer O’Shea bestaan daar geen twyfel dat dit jou dogter se liggaam is wat uitgespoel het nie.”

Nella se gesig begin weer vertrek en haar greep op Aengel se hand word ’n knyptang, maar sy bars darem nie weer in trane uit nie. “Het sy ... het sy verdrink, Luitenant?”

“Daaroor sal eers uitsluitel wees nadat die lykskouing gedoen is, maar ek twyfel sterk of die uitslag verdrinking sal wees.” Hy aarsel voor hy verder gaan. “Ek is nege en negentig persent oortuig jou dogter is om die lewe gebring voor sy in die water beland het.”

“Om die lewe ...?” Nella se stem breek.

“Ek is bitter jammer om sulke nuus aan jou te moet oordra, maar alle tekens dui daarop dat sy waarskynlik verwurg is.” Die simpatie in die speurder se stem verklap meer as lippetaal. Die man lyk asof hy werklik empatie met Nella het.

“Verwurg? Luitenant, sê jy vir my my Miempie is vermoor?”

Gys laat sak sy oë asof hy die pyn en verwarring in Nella s'n nie meer kan uitstaan nie. "Ek is bevrees alles dui daarop."

"Maar hoekom? Ag, my liewe Jirre, hoekom? Daardie kind het niemand ooit skade gedoen nie! Bietjie rondloperig en kon stories aandra, maar ..."
Nella skud haar kop.

Aengel se hart krimp selfs nog verder ineen. Geen ma verdien om haar kind te verloor nie en dan nog moord.

Die speurder kyk weer op. "Ek gaan alles binne my vermoë doen om uit te vind wat gebeur het en om die skuldige aan te keer, Mevrouw."

"Miempie," prewel Nella verdwaas asof sy hom nie hoor nie. "My Miempie vir wie ek vanoggend nog soetpap gemaak het."

"Hoe laat was dit, Mevrouw?" Hy vou 'n notaboek oop en haal 'n pen uit sy hemsak.

Nella skud haar kop en dit lyk asof sy vir eerste keer weer begin fokus. "So skuins voor vyf. Sy gaan pluk altyd met springlaag vir ons Rykmansklipmossels. Hulle is die vetstes. Partykeers kry sy arikruik ook as die water laag genoeg is. En laag was kwart oor vyf. Maar haar se maag was weer omgekramp, met permissie gesê. Sy is eers so twintig oor hier weg.

Halfsewe het ek Perlemoentjie gou vir meneer Mac gaan opruim terwyl hy op sy skip was en sy wasgoed gestryk soos hy my gisteraand gevra het. Daar was toe meer as wat ek gedink het en ek was eers agtuur klaar. Dié dat ek net hier ingeloer en gesien het Miempie is nog nie terug nie. En toe dag ek sy het maar weer kuier-kuier teruggeloop en êrens vasgehaak. Pearlie was hoeka hier met klein Lulie. Sy en Charlie het seker weer onmin gehad. En Miempie is tog so lief vir Lulie, sy pas haar mos partykeers op. En Pearlie betaal goed. Seker met haar pa se geld.

Maar wat ek wou sê, ek het my eers begin verkommer toe ek ná werk hiernatoe teruggekom het en sy's nog nie hier nie. En g'n teken van 'n mossel ook nie. Het my nog sleg verêre. En nou ..."
Nella gaan weer aan die snik.

Aengel rol vir haar nog van die toiletpapier af en druk dit in haar hand. Nella se selfverwyt kan sy goed verstaan. Hoeveel keer het sy nie al gewens sy was geduldiger met haar ma die oggend voor haar dood nie? Maar Nadia, so siek as wat sy was, was soos 'n druppende kraan. "Belowe my, Aengelique, lê vandag hier 'n heilige belofte aan my af dat jy nie sal uitpraat nie. Dat jy die Rousseau-naam sal ag. Niemand hoef te weet dat dit oor jou was nie."

Nadat sy dit die soveelste keer herhaal het, het Aengel haar humeur verloor. “Ek sal vir niemand sê nie, Moeder, hou net in hemelsnaam op. Moeder weet mos die eerste dokument is vernietig. Die Rousseau-naam sal nie verder ly nie, net ek!” Wat ’n simpel melodramatiese ding om te sê.

’n Uur later het sy vir Nadia tee geneem met die voorneme om vrede te maak. Maar Nadia was nie meer daar nie. Net haar liggaam het koud en stil tussen die duursame lakens gelê.

Die luitenant wag tot Nella klaar gesnuif en geblaas het voor hy vra: “Hoe laat het jy teruggekom van meneer O’Shea se huis af, Mevrouw?”

“Vyfuur soos gewoonlik, maar ek moes weer dadelik uit, Rykmanshut toe. Zita het mos nou daar ingetrek tot ná Nuwejaar en sy’t my gevra om haar goedjies ook te stryk. In die vakansietye skep ek maar pap terwyl dit pap reën, verstaan?” Sy wag nie vir ’n antwoord nie. “En toe kom ek so skuins ná ses weer hier en net toe die kommer my regtig slaan, kom meneer Roark en Engeltjie hier aan en hulle sê ...” Dié keer kry sy nie die snikke onder beheer nie.

Aengel gaan haal vir Nella ’n glas water, maar dit duur ’n hele rukkie voor sy weer min of meer tot bedaring kom. Gys Niemand wag geduldig en hervat dan: “Mevrou Bandjies, ek wil hê jy moet mooi dink. Is daar enigiemand wat vir Miempie kwaad was? Wat haar kwaad sou wou aandoen?”

Nella druk haar wysvinger en duim so styf weerskante van haar neusbrug vas dat haar naels wit word daarvan. Sy haal diep asem voor sy na Gys kyk. “Daar was onmin tussen haar en Zita, maar dit was daardie niksnuts van ’n Gerbrand se skuld. Flankeer mos met als wat rok dra, selfs met onse mense. Zita behoort dit nou al te weet. Pleks sy vir Gerbrand vasvat, haal sy dit op Miempie uit. Beskuldig Miempie boonop dat sy Zita orals agtervolg.

“En meneer Mac was onlangs vir haar verskriklik kwaad toe sy ’n ding in sy huis gebreek het toe sy daar gaan afstof het. Dié dat ek dit maar van toe af op my gevat het om daar op te ruim. En dit was boonop sommer ’n stokou bord. Maar hy was die heel kwaadste vir haar omdat sy toe die skerwe agter sy rug na meneer Roark toe gevat het om dit heel te maak. Hy maak mos voortdurend ou goed heel. En toe is meneer Roark weer kwaad vir meneer Mac oor die bord of iets. Ag, ek weet ook nie. Julle se mense is baie keer baie snaaks.”

“Was meneer Roark kwaad vir Miempie of vir meneer Mac, mevrou Bandjies?”

“Eintlik vir meneer Mac, maar hy was ook vies vir Miempie omdat sy hom nie gesê het van die blou bord wat meneer Mac uit die see uit gehaal het nie. Sy weet hoe heilig hy is oor die goed wat hier uitspoel en hoe niemand iets mag vat wat die maalkolk of springhoog partykeers uitgooi nie.”

Die speurder maak ’n paar aantekeninge voor hy weer na Nella kyk. “Is daar nog iemand wat miskien vir Miempie kwaad was?”

“Charlie was nou die dag kwaad omdat Lulie seergekry het terwyl Miempie haar opgepas het, maar Pearlie het vir Miempie gesê hy het seker maar net ontplof omdat hy klaar aan die baklei was met Pearlie. En meneer Robert en meneer Louis was albei vir haar kwaad toe sy so ’n paar dae gelede in die pizzaplek gaan uithelp het oor ontbyttyd. Hulle het ’n bus vol mense gehad en het haar die vorige aand gevra om te kom help in die kombuis. En soos ek gesê het, sukkel sy nou al ’n rukkie met die omgekrapte maag en so tussen die kosreuke ... toe kom alles uit. In die kombuis. En toe is dit ’n gemors en al die mense wag vir hulle kos en een van die kelners het gegly in die ... wel ... en toe val hy met ’n skinkbord volgepak met die borde kos. Jy kan jou mos maar indink. Ag, en jy weet watse haaihoei kan moffies van dinge maak. Haar glo heeltemal verskree en toe storm sy daar uit en sê iets van gatgabbas en van toe af praat hulle nie met haar nie.”

Aengel sien hoe Gys Niemand deur die loop van die vertelling ’n onwillekeurige grinnik moet onderdruk, maar dié verflou gou toe Nella opkyk en sê: “Maar mens moor mos nie ’n kind omdat sy ontydig gekots het nie? Of oor ’n ou bord vol krakies? ’n Kind met ’n seer knietjie? Of oor ’n knipoog hier en daar nie?”

Die speurder skud sy kop. “Nee, ek dink ook nie so nie, Mevrou. Is daar enigiemand aan wie jy kan dink wat Miempie sou wou vermoor?”

Nella kyk weg. “Ja, maar die swernoot is dood. Gelukkig,” prewel sy sag.

“Mevrou?” Gys leun nader. “Skuus, ek kon nie hoor nie?”

Aengel ontmoet liever nie Gys Niemand se vraende oë nie. Sou Nella Miempie se pa bedoel het?

Nella skud haar kop. “Nee, Luitenant, ek weet van niemand wat haar sou wou doodmaak nie.”

Aengel hoor skaars die speurder se volgende vraag. Verbeel sy haar of het Nella klem op die “niemand” geplaas? Die hele omgewing is vervuil van die Niemands. Die speurder is self een. Nee, nou is sy laf.

Gys is verlig toe Roark binnekom om te sê Fortuin en Delphine is op pad om Nella te kom bystaan. Veel meer gaan hy ook nie uit Nella Bandjies kry nie. As hy nie geweet het wat by die huis op hom wag nie, het hy nou gewaai en môre teruggekom, maar hy sien nog nie kans vir Gertjie en San nie.

Hy groet, waarsku Nella dat hy nog vrae sal hê en begin aanstap na die plek wat aan hom uitgewys is as Rykmanshut, die huisie naaste aan waar O'Shea vermoed die moord gepleeg is. Hy is geneig om met die man saam te stem. Die liggaam het verraai dat dit lank in die water was en ook nie net in vlak water rondgespoel is nie. Dit maak sin dat sy by Rykmansklip in die water is en 'n hele getyswaai later aan die oorkant van die baai uitgekom het. Dis nou as O'Shea reg is oor die seestrome, maar dit klink asof Nella Bandjies dit bevestig het met haar storie oor die kolk wat goed uitgooi.

Wat hom weer laat wonder oor die goed wat glo hier uitspoel en die blou bord waarvan Nella gepraat het. Maar dís nie sy saak nie. Tot iemand aangestel is om by hom oor te neem, is die moord sy saak en dis al genoeg.

“Oom Gys!” groet Gerbrand ewe joviaal toe hy die deur oopmaak, maar Gys het tog in 'n breukdeel van 'n sekonde skrik in die blou oë gewaar. “Ek dag mos ek het jou vroeër hier sien rondstap. Wat het vanaand daar by die kierangklippe aangegaan? Maar kom binne, kom binne.”

Die vissershuis is heelwat ruimer as Nella Bandjies s'n. Die meubels is verspot modern en die plek stink na sigaretrook en doodgedrukte stompies.

“Zita?” roep Gerbrand en nooi Gys om op een van die chroom- en leergedoentes wat seker deurgaen vir 'n stoel te sit.

Die meisiekind wat van een van die binnedeure af inkom met 'n vadoek in haar hand, is nie so prikkelpopmooi soos Aengel Rousseau nie, maar op haar manier aantreklik ondanks die effens benepe mond. Groot bruin oë en 'n dik bos rooibruin hare red haar van alledaagsheid en die lyfie is vol en ryp vir pluk.

“Ontmoet oom Gys Niemand, 'n kleinneef of iets van my pa as ek reg onthou. Oom Gys, Zita Malherbe, die vrou van my hart. Sy kuier vir die vakansie hier by my,” stel hy hulle op sy glyjakkalsmanier aan mekaar voor.

“Naand, oom Gys,” groet sy respektvol genoeg toe hulle hande skud, maar Gys kry tog die indruk hy is ook nie by haar vreeslik welkom nie.

“Nou maar sit, Oom. Sit, sit, sit. Zita, kry vir ons nog 'n wynglas. Ek het nou net vir ons 'n rooietjie oopgemaak.” Gerbrand beduie na die bottel Meerlust op die glaskoffietafel. Sy vingerpunte tril liggies.

“Nie vir my nie, dankie, Gerbrand. Ek is bevrees dis nie ’n kuiertjie dié nie.” Wat die knaap sekerlik moet besef aangesien hulle nog nooit oor en weer gekuier het nie. Nie eens toe sy pa nog geleef het nie. Gys gaan sit ietwat versigtig op die verspote stoel. “Ek is hier oor Miempie Bandjies.”

Zita se kop ruk op, maar Gerbrand bly met sy rug op hom gekeer terwyl hy sy glas aanvul. Hy gaan sit voor hy weer na Gys kyk. “Miempie?”

“Ek neem aan julle het mekaar redelik goed geken, met die dat jy gereeld hier kom en dit voorheen jou ouers se plek was?”

Gerbrand knik en frons dan. “Hoe bedoel oom ‘hét’?”

Verbeel hy hom of kom die vraag net ’n bietjie te seepglad? “Dis wat by die kierangklippe aangegaan het. Miempie se liggaam het vanmiddag daar uitgespoel.”

Zita snak na haar asem. Gerbrand se frons verdiep. “Hoe nou?”

“Die moontlikheid bestaan dat sy vermoor is.”

Zita se hand gaan na haar mond. Die wyn in Gerbrand se glas skommel gevaarlik voor hy dit neersit. “Vermoor? Maar hoe? Deur wie?”

“Dis wat ek probeer uitvind. Ek sal bly wees as julle ’n paar vrae kan beantwoord.”

Gerbrand druk sy hande oor sy gesig. Hy sit ’n oomblik só voor hy sy kop skud en weer na Gys kyk. “Natuurlik, Oom. Enigiets as ons kan help.”

Met ’n klein uitroep spring Zita op en verdwyn in die gangetjie af. Gys hoor ’n deur klap. Gerbrand vroetel ’n sigaret uit ’n Marlboro-pakkie en steek dit op. Die trilling in sy vingers het ’n bewerasie geword.

“Wanneer laas het jy vir Miempie gesien?” vra Gys.

Gerbrand se blik flits in die rigting waarin Zita verdwyn het. Hy neem ’n diep trek, blaas die rook uit en leun nader aan Gys. “Gisteraand.” Sy stem is laag. “Maar moet asseblief nie vir Zita sê nie. Jy weet hoe is vroumense.”

Gys verwerdig hom nie ’n antwoord nie. As die klein swernoot nie besef dat alles oor Miempie se kom en gaan, oopgevelek gaan word nie, is dit sy saak. “Vanoggend toe jy met Strandloper staan en gesels het, het jy dalk enigiets gesien?”

Dis selde dat Gys iemand sien wat so skielik bleek word en so vinnig van bui verander. “Dis seker daardie bliksemse O’Shea wat weer al wat leef en beef staan en afloer het!” Hy spring op. “Gaan soek jou moordenaar daar!” beduie hy wild met die sigaret in die rigting waar die massiewe klipkasteel min of meer staan. “Kom hier aan met sy sakke vol geld, koop eiendomme

links en regs, koop mense om met allerhande presente en dink dit gee hom die reg om almal te hiet en gebied asof hy die koning van kafferland is. Waar kry 'n agtertangse Ier soveel geld vandaan, vra ek jou?"

"Hard gewerk daarvoor, en dis meer as wat ek van jou kan sê, Gerbrand Niemand." Gys het Zita nie eens sien terugkom voor sy praat nie. Gerbrand klaarblyklik ook nie, want hy ruk sy kop in haar rigting. Sy plant haar hande in haar sye en gee 'n tree nader. "Hy het vis gepak in Alaska, krappe gevang in die Beringsee, gespaar, beleggings gemaak. Nie erfgeld gehad wat hy deur sy gat getrek het soos sekere mense wat ek ken nie. Roark O'Shea sou nie 'n haar op Miempie se kop geskaad het nie."

Gerbrand se gesig vertrek minagtend. "Ja, en jy sal seker weet. Was mos sy hoer gewees voor hy jou gesê het om te fokkof en jy op my skouer kom huil het."

Zita se oë vernou. "Ja, en nou is ek een van jou baie hoere. Soos Miempie Bandjies ook was." Sy swaai om en gryp 'n stel sleutels van 'n kas af.

Oomblikke later hoor Gys 'n motor wegtrek asof Lucifer self agterna is. Gerbrand druk die sigaret verwoed dood, syg in een van die stoele neer en laat sak sy kop in sy hande. Sy skouers begin ruk. Gys kyk weg terwyl Gerbrand se onderdrukke snikke in die sitkamer opklink. Hy kon dit nog nooit verduur om 'n groot man te sien huil nie.

Na 'n ruk staan Gerbrand weer op. "Ek kan nie nou met jou praat nie, maar een ding moet jy weet: Miempie was nie 'n hoer nie."

Gys kyk hom agterna toe hy uitstap, sit nog 'n rukkies so en kry dan maar sy stryk. Vir nog drama sien hy vanaand nie kans nie. Hy sal buitendien nie nou meer veel uit Gerbrand kry nie, dit kon hy in sy oë sien.

Hy is nog op pad na sy bakkie toe Nella se deur oopgaan en sy en Delphine uitkom. Fortuin volg hulle, tas in die hand. Toe hy Gys sien, sit hy die tas by sy verroeste Jetta neer en kom op hom afgestap.

Gys staal hom teen wat hy weet gaan kom.

"Hoekom het jy my nie laat weet nie?" vra Fortuin dan ook sonder om eens te groet.

"Naand, Fortuintjie."

"Naand, oom Gys. Hoekom?"

Gys moet nog gewoond raak daaraan dat hulle nie meer 'n speurspan is soos dit vir meer as vier jaar die geval was nie. Maar veral aan die klemverskuiwing wat in hulle verhouding plaasgevind het vandat Fortuin aan

die begin van die jaar begin studeer het. Nou is hy “oom Gys”, pleks van “Luitenant”. En alte vriendelik klink die “oom Gys” nie juis vanaand nie.

“Jy is nie meer lid van die SAPD nie, Fortuin.”

“Jy amper ook nie meer nie,” kom dit opstandig. “Buitendien, ek is ’n reservis.” Iets breek in Fortuin. Eers begin die kenbaardjie bewe, dan die yl snor. “Hy gaan afkak, oom Gys. Ek sal sorg dat hy afkak.”

“Wie, Fortuin?”

“Daardie grootbek karsmous. Gerbrand Niemand.” Fortuin swaai om en oomblikke later trek die stokou Jetta met ’n ruk en ’n stotter weg.

Aengel bly staan terwyl Roark Nella se voordeur sluit nadat sy die tegoed vinnig opgewas het. Dis skielik stil ná al die kom en gaan van mense en motors. Gys Niemand was die laaste om oomblikke gelede te vertrek.

“Hou maar Nella se sleutels by jou,” sê Roark agter haar en gee vir haar die sleutels toe sy omdraai. “Ek het ’n ekstra stel by die huis.”

Aengel knik. Haar kop suis van al die emosiebelaaide gebeure van die afgelope paar uur. Dis asof sy skielik uit ’n raserige vakuum ontsnap het.

“Dankie, Aengel. Ek weet nie wat ek sonder jou sou gedoen het nie.”

Sy kyk op na Roark. “Ek het niks gedoen nie. Mens voel so magteloos.”

“Jy was daar vir haar. En kalm.”

Uiterlik, dalk. Binne-in haar woel dit. Sy het ’n allesoorweldigende behoefte om Lika in haar arms te hou en haar te sê hoe lief sy haar het. Haar te probeer beskerm teen die lewe wat binnekort in alle erns by haar gaan begin aanklop. Haar verlange na haar dogter op hierdie oomblik, en dwarsdeur die drama van die aand, sit om in ’n fisieke pyn in die omgewing van haar hart.

“Kom saam huis toe, Aengel, jy het sekerlik ook ’n behoefte aan ’n stywe dop.”

“Ek glo nie.” Die gedagte om nou alleen in haar nog vreemde vissershuis te gaan sit, laat haar van plan verander. “’n Glasie wyn klink goed. Net om af te wen.”

Haar skouer pas presies onder sy oksel in toe hy sy arm om haar slaan en haar ’n simpatieke drukkie gee. “There’s a girl.” Sy arm val weg terwyl hulle in die sterk skemer na die kliphuis begin aanstap.

“Hoe oud is die kliphuis?” vra sy ’n entjie verder in ’n poging om haar

gedagtes weg te kry van Miempie en die moord.

“Oor die honderd en twintig jaar. Daar is heelwat deur die jare aangebou, maar die oorspronklike huis is in 1882 deur Jakob Niemand, ’n voorvader van Gerbrand, gebou. Soos jy kan sien, was hy klaarblyklik ’n man van groot gebaar.”

Die spotklank in sy stem ontgaan haar nie. “Dit laat my dink aan die oorspronklike Noetzie-kasteel. Of iets uit Skotland,” merk sy op.

“Jakob Niemand se vrou was ’n Skot. Miskien is dit haar hand wat mens daarin sien.”

“En nou woon ’n Ier in ’n Skotse kasteel?” Aengel gaan staan voor die kliptrappe wat na die tuinterras van die kasteel lei en kyk op. Die laaste daglig glimmer in die Gotiese vensters van die toring wat regs van die dubbelverdieping met sy spul skoorstene, die aandlug in reik.

“’n Boere-Ier. My ma was so Afrikaans as kan kom. Dina Niemand.”

Aengel kyk verras na hom. “Jou ma was ook ’n Niemand? Van hierdie omgewing?”

Roark skud sy kop. “Haar mense kom van Bellville af. Kom, daardie whiskey roep my.”

Aengel is bly François het nie dié stukkie inligting gehoor nie. “Daar skort niks met mense van Bellville nie, hulle is net nie ons soort mense nie, Aengelique,” hoor sy haar ma nou nog sê, nadat sy geweier het dat Aengel vir ’n naweek by ’n skoolvriendin gaan kuier. En toe sy tog met ’n gefabriseerde storie uit die koshuis ontsnap het, het Aengel gesien dis waar. Haar vriendin se gesin was nie soos die Rousseaus nie. Hulle was warm, opregte mense. Sy is met ope arms verwelkom, hulle was geïnteresseerd in alles wat sy doen en wil doen. Die vriendin se broer het haar oor haar hare geterg en die aand voor sy terug is, was hy die eerste seun wat haar ’n regte soen gegee het. Die herinnering daaraan is nou nog een van die soetstes in haar skraal repertoire soete herinneringe.

Sy stap met die kliptrappe op en volg die klippaadjie wat deur die formelerige tuin sny, om die spuitfontein ’n draai maak en by die imposante voordeur uitmond. Vroeër vanmiddag toe Roark haar hierheen gebring het, het hulle agterom gestap en by die kombuisdeur ingegaan, wat nader aan haar huisie is. Toe het sy bitter min ingeneem ná die skokvonds by die kierangklippe.

Roark druk die deur, wat lyk asof dit uit ’n katedraal kon gekom het, oop.

Hy skakel die lig aan en beduie sy moet voor stap. Die ontvangslokaal met sy hemelhoë plafon is indrukwekkend, maar dis niks in vergelyking met die yslike sitkamer vol antieke meubels nie. Selfs die afgryslieke gordyne en oordadige druipekandelare doen nie afbreuk aan die imposantheid en gevoel van vervloë welvaart nie. Roark stap egter aan na 'n koepeldeur en draai die koperknop. Daaragter is 'n heelwat kleiner en veel geselliger woonvertrek, maar dis klaarblyklik steeds nie waarheen hy op pad is nie. Hy gaan met 'n stel kliptrappe af en gaan staan met sy hand op die ornate koperhandvatsel van 'n deur wat uit wrakhout gemaak is.

“Welkom by Smuggler’s Cove, Brand Niemand se toevoeging tot sy voorouer se handewerk,” grinnik hy voor hy binnegaan en ook daar ligte aanskakel.

Aengel besef onmiddellik dis 'n kroeg, maar sy neem weinig daarvan in. Haar oë steek vas op die enorme boegbeeld wat die vertrek oorheers. Dis gerestoureer, maar dat dit die ware Jakob is, is nie te betwyfel nie. Hierdie meermin met haar lang krullerige hare en volborstige lyf het ongetwyfeld die boeg van 'n baie ou skip versier en 'n eeu of meer gelede deur die hoë branding geklief.

“Jy lyk nogal na haar,” dring Roark se stem deur die prentjie van 'n houtskip in stormwaters wat dadelik in haar kop begin vorm aaneem. “En nie net die hare nie. Die oë en die neus ook. Om nie te praat van ...” hy beduie spottend na die welbedeelde beeld, “haar beste eienskappe nie.”

Aengel vou werktuiglik haar arms.

Roark lag, stap om die kroegtoonbank en haal 'n bottel Ierse whiskey van die rak af. “Ek het dit as 'n kompliment bedoel.”

In ander omstandighede sou sy dalk eksepsie geneem het, of dalk geglimlag het, maar ondanks haar instinktiewe reaksie op sy woorde, is haar gedagtes allermens by sy eg manlike sin vir die amusante. “Dis sy,” prewel sy terwyl beelde voor haar geestesoog verby flits. Golwe so hoog soos berge, mense wat skarrel. In haar ore klink hulle angstige stemme op, die gekier, die kraak en kla van takelwerk.

“Aengel?” Hy leun oor die kroegtoonbank en vat haar boarm vas, skud haar effens. “Hei, wat is dit? Dit lyk asof jy 'n spook gesien het.”

“'n Droom ...” Sy ruk haar met moeite reg.

“Is jy oukei?” vra hy bekommerd.

Sy knik en skeur haar oë weg van die boegbeeld. Dit herinner haar so sterk

aan die vrou in 'n herhalende angsdroom wat sy die afgelope dertig jaar gereeld kry. Sy was ses toe dit die eerste keer gebeur het. Kort nadat haar pa vir haar en Gabrielle die oorgelewerde storie van hulle voormoeder Angelique d'Avignon vertel het.

“Waar het jy dit gekry?” Haar wange begin gloei. “Waar de hel het jy hierdie boegbeeld gekry?” herhaal sy met toenemende woede toe hy nie dadelik antwoord nie.

Hy hou sy kop skuins, sy oë behoedsaam. “Rooi of wit?”

“Rooi. Antwoord my.”

Hy draai sy rug op haar, soek tydsam 'n bottel uit sy rak en begin dit oopmaak voor hy uiteindelik antwoord. “Waar dink jy het ek haar gekry? Sy is in die muur ingebou. Toe ek die huis gekoop het, was sy hier. Soos feitlik alles wat in die huis is.” Hy trek die prop uit, kantel die bottel oor 'n antieke kristalglas en skuif dit oor na haar toe.

Aengel ruik nie aan die wyn nie en kyk nie teen die lig of dit bene maak nie. Sy neem net 'n diep teug. Die vransk smaak word soet in haar mond en neut slaan vas teen haar verhemelte. 'n Cab, identifiseer sy onwillekeurig sonder dat sy werklik aandag skenk. Wynproe is al deel van haar daaglikse lewe van ongeveer dieselfde tyd toe sy die eerste keer Angelique se storie gehoor het. Daarom besef sy dadelik dis 'n baie goeie en redelike ou Cabernet Sauvignon wat sy soos 'n pleb staan en afsluk.

Iets bekends dring tot haar deur. Sy skommel die glas, ruik aan die wyn, en hou dit teen die lig. Goeie bene. Sy proe weer en kyk na Roark. “Jy is darem baie vrygewig met 'n baie duur wyn?”

Sy wenkbroue skiet die hoogte in. Sy oë flits na die wynbottel wat met die etiketkant na hom toe staan. Hy kyk haar met 'n vraag en 'n uitdaging aan.

“Cabernet Sauvignon, ek reken dis 'n '88.”

“Landgoed?”

“Libertalia, natuurlik.”

Hy knik sy kop stadig op en af. “Natuurlik, wat anders.”

Sy steur haar nie aan sy sarkasme nie. “As jy hierdie wyn ook saam met die huis gekry het, moet ek jou waarsku om dit nie te mildelik uit te deel nie. Dit kos tans so by die vyfhonderd rand per bottel, en ook net as mens direk van die landgoed koop.”

Hy grinnik. “Dankie vir die waarskuwing, maar al het ek dit nie saam met die huis gekry nie, het ek dit verniet gekry. 'n Hele kis vol.” Sy grinnik word

breër. “Nogal by jou neusoptrekkerige sugar daddy.”

“My wat?”

“Sugar daddy. François du Randt. Die man wat Kieranghut vir jou gekoop het.”

“François?” Die sugar daddy-deel is skielik minder belangrik. “François het vir jou ’n kis wyn gegee wat my pa nog gemaak het?”

“Dit was seker bedoel as ’n omkoopgeskenk, want ek het dit gekry nadat hy my laat belowe het om ’n oog oor jou te ... Wat bedoel jy jou pa het dit nog gemaak?”

“Die pes. Hy weet hoe heilig Gabrielle op daardie wyn is en daar is nie baie daarvan oor nie. Dis presies die soort wyn wat François nooit self gemaak sal kry nie. My pa draai seker al klaar in sy graf om oor Libertalia se wyne nou skroefproppe het. Nou staan en deel François nog sy spogwyn aan elke lieplapper ook uit.”

“Hoe-ha. Wag nou so bietjie. Lieplapper? En ek het die plot êrens verloor. Wie is Gabrielle?”

“My suster. François se vrou,” antwoord sy meganies terwyl die ergernis nog deur haar woer.

“Jy is jou swaer se minnares?”

Aengel kyk verskrik op na hom toe sy woorde tot haar deuring, keer net betyds voor die glas tussen haar vingers uitglip en kry dan weer beheer. “Is jy nou lal?”

Roark lig ’n ironiese wenkbrou. “Die man was baie begaan oor jou welstand hier in die buiteposte van die beskawing. Hy betaal ’n miljoen vir ’n woonplek vir jou, uit ’n persoonlike trustfonds. Gee my ’n kis wyn wat volgens jou ’n paar duisend rand werd is om na jou welsyn om te sien. Vra my om hom dadelik te bel as daar selfs die geringste probleem is aangesien jy glo hardkoppig kan wees en dikwels onbesonne optree. Wat dink jy moet ek aflei? Veral na jou reaksie sopas?”

Aengel sit die glas harder neer as wat ’n antieke kosbaarheid verdien. “Net wat jy wil. Los my net uit.” Daarmee swaai sy om en stap verwoed na die deur toe.

“Dink jy nie dit sal beter wees as ek jou vergesel nie, aangesien hier vroeër vandag iemand feitlik op jou drumpel vermoor is?” vra hy droogweg.

Sy trek die swaar deur met moeite oop voor sy omkyk. “Vir al wat ek weet was dit jy. Ek sal my kanse vat.”

Die seebries knyp toe sy buite kom, maar dis welkom. Sy het half en half verwag hy sal agterna kom, maar hy het nie. Vir een oomblik het hy haar so verskriklik onkant betrap. En dit het nie ongesiens verbygegaan nie. Verdomde François. Verdomde, verdomde, verdomde François du Randt.

Maar sy en Lika was nou lank genoeg twee vlinders in François en Gabrielle se net. Lika het ontsnap en die vader weet, sy ook. Uiteindelik.

Die netmetafoor bring weer die gebeure van die dag by haar tuis. Dis donkerder as wat sy verwag het. Die maan is vol, maar skemer net wasig deur 'n misbank heen. Die inkomende gety bots teen die rotse en, aangejaag deur die sterk bries, klap dit teen die rotswande onder Strandlopergrot aan.

By haar agterdeur gaan sy staan. Sy kyk terug na die kasteel wat dof verlig teen die donker kartelrande van die heuwels daaragter pryk. Hy staan op die balkon en het haar heeldag dopgehou, weet sy selfs voor sy 'n koeltjie sien gloei.

Met 'n hol rug en 'n sug van verligting glip sy haar nuwe huis binne en skakel die ligte aan so ver sy gaan.

Sy is veilig tuis. Roark teug aan die sigaar en blaas die rook suinig uit voor hy 'n sluk van sy whiskey neem.

In 'n dag wat veel meebring het, is dit vreemd genoeg nou Aengel Rousseau se ontsteltenis toe sy die boegbeeld gesien het, wat voorop in sy gedagtes staan. En haar reaksie toe hy haar gevra het of sy haar swaer se minnares is.

Maar daar is nog iets wat hom van haar opgeval het. 'n Vinnige kyk en al wat jy sien, is die ene blonde Aphrodite. 'n Prikkelpop uit enige warmbloedige man se gunstelingdrome. Amper te sexy om direk na te kyk. Maar een nadenkender, dieper kyk in daardie groenblou oë en Aphrodite en *Playboy*-beelde verdwyn. Kwesbaarheid, ja, dié is daar, maar ook intelligensie, emosie, passie, en iets baie misterieus. En dit laat mens ook dieper as die oppervlakkige na die res kyk, sodat jy die fyn beenstruktuur van die gesig raaksien, eerder as die sexy lippe; die argitektoniese meesterskap in haar lyf se raamwerk opmerk eerder as die heuningkleurige vel wat so verloklik daaroor span.

En dit maak haar soveel gevaarliker as wat hy aanvanklik vermoed het. Vroue met sexy lywe en gesiggies wat come hither-kyke soos wapens inspan

— hulle kan hy hanteer. Hulle is daar vir vat en, wanneer die spel uitgespeel is, vir laat gaan. Maar vroue wat jou interesseer op 'n vlak wat jy self nie eens verstaan nie? Dis waar die drol in die drinkwater plons. En nadat hy al een keer deur die besoedelde water moes waad waarin so 'n vroumens hom agtergelaat het, weet hy waar om die streep te trek. Betyds. Soos in hier en nou.

Geen vrou sal weer die voorreg hê om Roark O'Shea se hart te breek of met sy siel te mors nie. Géén vrou nie. Dit het hy hom voorgeneem kort na daardie oggend toe hy Mia se badkamerkassie oopgemaak het, op soek na hoofpynpille, en daardie voorneme is vandag nog so vas soos wat die kierangklippe in die see staan. En dit geld by uitstek vir vrouens wat met hulle eie donnerse suster se man neuk. Hoeveel laer, gemener, sluer, veragteliker, laakbaarder as dit kan mens kry?

VIER

1 Desember — laataand

Die stoeplig brand, maar daar is niemand wat Gys daar inwag nie. Hy gaan binnetoe, hoor stemme in die kombuis en stap saggies nader. As hy kan bepaal wat die bui is, kan hy hom darem so 'n bietjie voorberei.

“... loop deur sy maag, hartjie,” hoor hy San sê.

Hartjie? Dit klink belowend. Sou hulle vrede gemaak het?

“Jy kan g'n vir hom gelukkig hou met bokkos en souttert nie. 'n Man het vleis nodig om sy stamina op te bou.”

“Gys moet sy gewig dophou, San. En sy gesondheid. Jy weet dit dalk nie, maar so drie jaar terug was hy ernstig siek.”

“Het ek almiskie gesê jy moet hom vet voer? Nee allamagtag, Gertruida. Moenie my nou die harnas in staan en jaag nie. Maar as jy wil hê hy moet vir jou iets in die kooi beteken ...”

Gys skrik hom oor 'n mik toe San se drie brakke skielik met 'n gekef wat die dode sal wek, op hom afstorm.

“Rooijan-Kleinjan-Bontjan!” skree San. “Sie julle!”

Die janne kef effens minder maar bly teen sy kaal bene opspring met hulle venynige naeltjies. “Skoert!” Hy skop sy been los van die gebroedsels en stap die kombuis binne. “Naand, San. Gertjie.”

“Wat bekruip jy ons so, Gys-man? En is dit nou die tyd om hier aan te kom?” San beduie met haar kerie na 'n stoel. “Kom sit dat ons kan hoor watse booshede het nou weer hier uitgebroei.”

Gys loer na Gertjie wat by die opwasbak staan, haar wange rooi. Verleentheid oor San se woorde of ergernis? wonder hy vir die tweede maal vandag.

“Ek gaan net eers hande was, San.” Hy snuif in die lug. “H'm, ruik lekker. Het jy weer van daardie heerlike kitsch gemaak, Gertjie?”

“Quiche.” Gertjie draai weg en hang 'n vadoek op. “San reken dis nie

voedsaam genoeg nie.” Die befoeterdheid slaan onbeskaamd deur in haar stemtoon.

“Ek is nou terug,” is al wat hy sê voor hy die aftog blaas badkamer toe. Quiche, kitsch — wat’s die verskil? En wat het hom besiel om te dink hulle sal vriendinne kan wees? Hy draal so lank as wat hy kan. Kam die paar hare wat hy nog oor het, trek ’n langbroek en droë skoene aan en moet dan tog maar terugstap.

San is alleen in die kombuis en kyk op toe hy inkom. “Gertjie het pad gevat. Sy sê sy sal anderdag weer ’n draai maak.”

“Maar sy was veronderstel om oor te slaap? Môre vroeg terug te gaan? Sy weet ek hou nie daarvan dat sy in die donker terugry Niemandsdorp toe nie.” Gys onderdruk ’n swetswoord en haal sy selfoon uit sy broeksak. Hy het die tweede gastekamer nog met soveel sorg vir haar reggemaak. Selfs ’n paar spriete van Annie-se-trane in ’n vissmeerbotteltjie op die bedkassie neergesit.

“Dis nie my skuld as sy haar stert wil staan en wip nie, Gys-man. Kom ons kry nou eers kos in onse liggame. ’n Oumens kan nie so laat wil staan en eet nie. Die gedermtes het tyd nodig om voor slapenstyd te verteer wat daar te vertere is. En skink vir ons wyn in. Gertruida was maar alte suinig daarmee.”

Gys ignoreer San en druk die snelbelnommer, maar Gertjie moet reeds in die eerste pas wees. Hy sal maar later weer probeer. Met ’n sug skink hy vir San wyn in en kry vir hom ook ’n glas uit die kas.

“Nou toe, dat ons maar kyk of die ou bietjie tert en slaai mens kan vol kry.” San begin van die slaai inskep en kyk dan weer op. “Nou waarvoor wag jy? Kry vir ons die tert uit die oond uit. Of het jy jou hande aan die saligheid belowe?”

Gys kners op sy tande, gryp ’n vadoek, haal die quiche onhandig uit en plak dit op die tafel neer. Hy sny dit in vier stukke, laai een van die kwarte op San se bord en nog een op syne voor hy gaan sit.

San hou haar verknokkelde oumenshand na hom toe uit. “Bidde vir ons, Gys, en vra sommer dat die Here sy hand oor Gertruidatjie ook hou. Eintlik is sy ’n liewe kind. En dan kan jy my vertel wie my voorgespring het in die hiernamaals.”

Aengel staar na die pakkie in haar hande. Sy sou dit eerder wou oopmaak as sy rustig en haar kop skoon is, maar na al die gebeure van die dag is dit dalk

tog die regte geleentheid. Dit sal hopelik haar aandag aftrek van Nella wat êrens in Kruisbaai sit met haar pyn en sorge.

As Lika net aanlyn was toe sy haar voor en ná haar bad probeer Skype het. Sy het gerusstelling nodig. Sy wil Lika se gesiggie voor haar sien. Haar stem hoor. Haar sorgelose laggie indrink. Hoe op aarde gaan sy 'n jaar lank sonder haar uithou?

Ná haar aanvanklike instinktiewe teenstand, en onder druk van Lika se tranerige geneul, het sy besluit om haar tog Frankryk toe te laat gaan. En nie net omdat Lika haar omgepraat het nie. Aengel het besef sy sal Lika nie net moet tóélaat om te gaan nie, maar haar ook sal moet láát gaan. Dat sy Gibran se lewende pyl uit haar moederboog sal moet loslaat.

En sy het besef dis hoog tyd dat sy uitvind wie Aengel Rousseau nou eintlik is as sy nie iemand se dogter, iemand se suster, skoonsuster of iemand se ma is nie. As sy nie een van die ryk Rousseau-dogters van Libertalia is nie. Die enetjie wat mos so skande gemaak het. Glo op haar sewentiende verjaardag gebeur. Besope gewees. Weet nie eens wie die pa is nie. Wys jou, hoogmoed kom tot 'n val.

Haar hele lewe lank al is sy 'n dryfhout op die Rousseau-see. Sonder eie koers en rigting volg sy hulle seestrome volgens die wette van adhesie en kohesie. Jobbel saam in die toegeslikte baai.

Die een keer toe iemand kom vashou het aan die dryfhout wat sy is, het hy haar nie na 'n ander oewer gestuur of die vrye jobbelsee ingestuur nie, maar ondertoe getrek waar sy 'n ander soort slik opgetel het. En toe sy weer boontoe skiet, moes sy agterkom dat sy nou die nes vir 'n ottertjie is.

Nie dat sy spyt is oor haar neswees nie, maar nou wil sy haar eie koers bepaal, nie meer net dryf nie. Sy het hierheen gekom om los te breek van daardie wette van adhesie en kohesie. Om agter te kom watse soort dryfhout sy eintlik is. Wattel of populier, Port Jackson of eik. Dalk karee, dalk wildeolyf, dalk wilg, wie weet.

Maar verkieslik wil sy iets word wat stuurbaar is. En sy wil haar eie stuurvrou wees, met haar eie roer en haar eie spane. Minstens dit.

Met beslistheid begin sy die bruinpapier oopskeur. Toe sy die boek uit die omhulsel haal, trek sy haar asem verras in. As sy nie van beter geweet het nie, sou sy gedink het dis 'n oorspronklike dagboek uit die vroeë agtienhonderds. Jeanne het die vertaling in 'n outydse gebosseleerde leeromslag laat bind. Sy laat haar vingerpunte met ontsag oor die dowwe

goue letters wat voorop gedruk is, gaan.

Angelique d'Avignon

(5 Oktober 1797 — 8 Desember 1862)

Wat sou haar grootgrootjie gesê het as sy geweet het haar erfgenaam sal eers meer as een en 'n driekwart eeu ná haar dood gebore word, en dat Aengel boonop 'n verjaardag met haar deel? Dat haar dagboeke eers ná amper twee eeue weer gelees sal word?

Sy blaai die omslag om. Jeanne het selfs vergeelde papier gebruik om die teks op te laat druk. Voorin, in swierige skrif wat lyk asof dit met 'n veerpen geskryf kan wees, is 'n boodskap in bruin ink.

Vir Aengelique Armandine Rousseau, die eerste erfgenaam van Angelique Rousseau-D'Avignon, volgens die bepaling van haar testament ses geslagte gelede:

“Dit ontroer my dat my seun Gabriël nie 'n dogter het aan wie ek 'n erfenis kan nalaat nie. Dus: Aan die eerste blonde dogter van die oudste Rousseau-seun in die geslagte wat ná Gabriël kom, bemaak ek die kisse met my heel persoonlikste besittings, op voorwaarde dat sy na my vernoem word en sy haar hare nooit meer as twee vingerbreedtes per jaar mag sny nie.

As sy hieraan voldoen, is ook die Libertine en my verlore bruidskat hare, as dit ooit opgespoor sou word.”

Aengel,

Mag Angelique se wedervaringe vir jou as inspirasie dien om jou nalatenskap na behore te waardeer.

Dit was 'n voorreg en 'n eer om haar geskrifte te vertaal en insae in haar uitsonderlike lewe te kry.

Met dank

Jeanne Dubois

Ns. Opmerkings wat in die geskrif tussen hakies geplaas is, is myne

om die teks te verhelder.

Op Aengel se sesde verjaardag het haar pa vir die eerste keer die sederhoutkissie met sy koperbeslag uit die kluis gehaal en vir haar gewys. Haar ma Nadia het nog 'n foto geneem op die presiese oomblik wat hy die kissie oopgesluit het — asof sy verwag het daar sal iets uitvlieg soos met die arme Pandora gebeur het. Aengel onthou nie dat haar ma die foto geneem het nie, net dat Nadia, nadat die foto ontwikkel is, haar ingeklim het omdat sy met haar vinger in haar mond gestaan het.

Tot die dag van Nadia se dood het sy ook nie vir Aengel vergewe dat dit nie Gabriëlle was wat die erflating kon kry nie. Trots soos sy daarop was dat sy die enigste Rousseau-vrou was wat 'n blonde dogter kon voortbring, het dit haar gegrief dat die dogter met wie sy feitlik niks gemeen gehad het nie, die nalatenskap moes bekom, pleks van die oudste wat 'n perfekte kloon van haar was.

Aengel onthou miskien nie dat Nadia die foto geneem het nie, maar sy onthou wel toe haar pa heel eerste die blou skulp uit die kissie gehaal het. Drie sentimeter in deursnee het hy later gemeet. Dit het 'n bietjie soos 'n opgekrulde duisendpoot gelyk, maar was glimmend soos die blou aan die binnekant van 'n perlemoenskulp.

Volgende was die akwamaryn waaraan stukkies goud van 'n ou montering nog gekleef het. Daarna die drie dagboeke. In die agtienhonderds was dit waarskynlik net gewone skryfboeke. Maar verweer en gevul met 'n krullerige skrif in 'n onbekende taal het dit in die twintigste eeu 'n definitiewe mistiek uitgestraal.

Die eerste een was erg verfoes, eintlik 'n omslag met los blaaie van verskillende groottes asof die skrywer op enigiets geskryf het waarop sy haar hande kon lê. Die tweede was in 'n omslag oorgetrek met linne. Die derde was 'n boek in leer gebind.

“Dis in Frans,” het haar ma gesê. “Ek sal dit dadelik laat vertaal.”

Gabriël Rousseau het geweier. “Dis Aengel se voorreg. Ek sal die kissie amptelik vir haar op haar mondigwording gee. Tot dan sal ons dit net elke verjaardag vir haar oopmaak sodat sy daarna kan kyk.”

Dit was toe nie in Frans nie, maar dit het hulle eers baie jare later agtergekom. Lank ná haar mondigwording, want op daardie dag was Lika drie jaar en drie maande oud en in die hospitaal met longontsteking. Aengel

het dag en nag by haar gewaak en net gedeeltelik ingeneem dat haar ouers en Gabrielle haar kom gelukwens en haar pa die hangertjie om haar nek gehang het.

Eers toe Lika se koors finaal gebreek het en sy op pad was na herstel, het Aengel die hangertjie behoorlik bekyk. Die steen het sy geken uit die rituele insae wat haar pa haar jaarliks in die sederkissie gegee het. 'n Diep blougroen akwamaryn. Die nuwe montering was hopeloos te ornaat na Aengel se smaak, maar desondanks het die besondere traandruppelsnit van die flonkerende steen tog tot sy reg gekom.

Amper 'n jaar later eers het sy een van die blaaie uit die oudste omslag vir 'n vriendin gewys wat Frans as universiteitsvak geneem het. Dié het net haar kop geskud en gesê al sou sy die skrif kon lees, sal dit nie help nie. Die geskrif is nie in Frans nie al lyk dit met die eerste oogopslag so.

Kort daarna het Nadia siek geword. Aengel en Gabrielle het beurte gemaak om haar te versorg en haar pa te probeer ondersteun. Maar met Lika by, was daar min tyd vir haarself en die dagboeke was die laaste ding waaraan Aengel gedink het. Drie jaar later is Nadia oorlede, enkele weke voor Lika graad twee toe is. Tussen haar werk as toergids vir besoekers aan Libertia en Girl Friday vir haar pa, en met Lika se vol program wat elke jaar voller geword het, was daar nog minder tyd. Net vir opleeswerk oor skulpe het sy snags tyd gemaak. Iets wat twee jaar later daarop uitgeloop het dat sy tentatief 'n skulpversameling begin het.

Eers toe haar pa haar 'n paar maande voor sy dood gevra het of sy die dagboeke gaan laat vertaal, het sy weer daaraan begin dink. En op die dag van sy begrafnis het sy besluit dis nou tyd.

Miskien was daar nooit 'n dringendheid nie omdat die oorgelewerde stories van haar uitsonderlike oorgrootjie deur al die geslagte heen lewendig gehou is. Angelique is in 1815 Kaap de Goede Hoop toe gestuur om met die wynboer Armand Rousseau te trou. Klaarblyklik was sy die dogter van 'n ryk man in Avignon, moontlik nog 'n afstammeling van 'n edelman wat sy titel gedurende die Franse Revolusie verloor het — of so het Nadia geglo. Die skip het egter in 'n storm langs die Kaapse kus vergaan soos destyds so dikwels gebeur het en Angelique was skynbaar die enigste oorlewende. Klaarblyklik was dit dieselfde dag waarop die Arniston gestrand het en het die gereg nie besef daar was nog 'n slagoffer van dieselfde storm net 'n ent verder teen die kuslyn af nie. Angelique moes self sien kom klaar.

Met suiwer deursettingsvermoë het sy haarself gered en daarna met leeuemoed die tog aangepak, eers Kaap toe en daarna Franschhoek toe. Eers na vele wedervaringe het sy uiteindelik by die man uitgekom wat vir haar bedoel is. Volgens oorlewering het Armand 'n hele paar jaar vir haar gewag. Hy het nie vir een oomblik moed opgegee nie. Net bly glo sy bruid sal by hom uitkom.

Toe hulle mekaar die eerste keer sien, was dit liefde met die eerste aanblik. Presies nege maande na hulle troue is die eerste Gabriël gebore en Angelique het 'n gelukkige gelewe gelei tot haar dood op vyf en sestigjarige ouderdom. 'n Hoë ouderdom vir 'n vrou van haar tye.

Stories oor hoe 'n Morawiese sendeling haar lewe êrens langs die pad gered en haar verder na die Kaap vergesel het, is vaag, maar opwindend. Dis egter die storie van hoe sy in daardie storm vasgeklou het aan 'n boegbeeld wat losgebreek het, wat Aengel altyd vasgenaël gehou het. Haar pa kon vreeslik uitbrei oor die haaie wat om Angelique geswem het nadat die skip gesink het, en hoe sy in die nag 'n vuurtjie op die strand gesien het, besef het dis land en daarheen begin swem het.

Haar ma het natuurlik haar pa en hierdie stories die skuld gegee vir die herhalende nagmerrie wat Aengel ry sedert sy ses jaar oud was. En ook haar onnatuurlike vrees vir die see daaraan toegeskryf. Tot vandag toe het Aengel nog nooit in die see geswem nie. Dis waarvoor swembaddens gebou is, het sy nog altyd onwrikbaar volgehou, die see is vir kyk en ruik en van ver af bewonder.

Aengel streel oor die vergeelde bladsy met Jeanne se inskrywing. En nou gaan sy die feite as 't ware uit die perd se bek hoor. Dit sal waarskynlik 'n teleurstelling wees. Die stories is sekerlik deur die jare aangedik, het stertjies bygekry en is geromantiseer. Die ware verhaal sal veel eenvoudiger en uiteraard minder opwindend wees.

Aengel blaai om.

Julie 1815

Kierangbaai

Die aantekeninge wat ek in die Libertine se skeepsjoernaal gemaak het, is natuurlik in die storm daarmee heen. Ek weet nie hoe lank ek nog gaan leef nie, dus wil ek opteken wat ek kan, terwyl ek kan. Die lewe van 'n uitsonderlike mens soos ek moet immers vir die mensdom

bewaar bly.

Ek wil begin by die verskriklike aand toe Vita my uit my hut gesleep het. Eers kon ek nie verstaan wat sy gil nie, maar toe ek die rook en vlamme in die verte oor ons buureiland Nosy Boraha sien opgaan, het ek besef ek hoor nie verkeerd nie. Vita — ons *ombiasy* (medisynevrou / geestelike geneser), wat alles met haar *fanafody tsara* (goeie medisyne) kon regdokter, selfs die *razana* (voorvadergeeste) kon kalmeer en *fanafody raty* (bose medisyne) kon teenwerk — het geen medisyne gehad teen Ranavalona nie. En die Koningin van Madagaskar, ons eie vroulike Caligula, ons eie Messalina, se bose gesante was op pad Libertia toe, daaroor was geen twyfel nie.

“Moordenares en hoer”, “waansin vergestalt” en nog baie ander name het Papa haar genoem en seker ook dáárvoor daardie onheilsnag gesterf. Dit, en natuurlik omdat Ranavalona agter die skatte van Libertia aan was. Maar die grootste skat van Libertia was ons, die Liberi's, se ingebore vryheid. En dié wat Ranavalona nie kon doodmaak nie, het nie toegelaat dat hulle skat hulle ontnem word nie. 'n Liberi kry jy nie so maklik vasgekeer nie.

Eintlik begin my storie lank voor Ranavalona se wraak, maar intussen het daar soveel gebeur dat selfs daardie allerverskriklikste van allerverskriklike dae, lank gelede voel. Tog is dit skaars 'n paar maande. Maande waarin ontbering my voorland was. Eers die vlug onder Ranavalona se mense uit, daarna die ruwe see wat ons moes oorsteek op ons roete na Kaap de Goede Hoop. Die storm wat die Libertine in die donker op die rotse gejaag het. Die eeue lange ure wat ek daardie nag gedryf het, met net die boegbeeld as my redding in die see wat hier so vreemd koud is.

Daar is goed wat vir my vaag is, maar ek kan presies onthou hoe die vuurtjie op die strand my in my toestand van uitputting verwar het. Tot ek besef het iemand moet die vuurtjie gemaak het. Dis land en waar daar land is, kan ek oorleef. Ek is gered, het ek gedink. Ja, so het ek gedink. Ek kon immers nie voorsien dat 'n nuwe hel voorlê nie. 'n Hades wat Gerbrand heet.

Maar laat ek nie my storie vooruitloop en dié wat na my kom, verwar nie.

Ek, Angelique d'Avignon, is die dogter van die mooiste vrou wat nog die aarde bewandel en onder die see geheers het (volgens Papa, in elk geval, ek het haar nooit geken nie). Maar ek is veral die dogter van die suksesvolste Liberi en menseredder en -bevryder van alle tye. Vandat ek kan onthou, woon ons op Libertia, 'n eiland beskut tussen die noordoostelike kuslyn van die groot eiland Madagaskar en haar klein replika Nosy Boraha, wat lepellê met die moederskoot.

Op Libertia het mens alles waarvan jy maar kan droom. Die dae sweef daar soos drome verby. Selfs die woedewinde wat Nosy Boraha soms teister, ontsien Libertia. Vita het my opgepas en Papa het my in die afgrond bederf — so het Vita gesê. Ek kon na willekeur klere dra wat koninginne na hulle asem sou laat snak. Papa het kis na kis aangedra. Juwele het my hare en arms, my hals en enkels versier — selfs wanneer ek gaan swem in die baaitjie wat net myne was. So het Papa dit bepaal. Niemand mag 'n voet daar of daar naby gesit het nie. Net ek en Vita. En dis hoekom ek met net robyne aan my vingers en pêrels om my nek kon swem, verder so naak soos die dag toe ek gebore is.

Sy meermin, het Papa my genoem, en my vertel van hierdie wonderlike maar soms gevaarlike wesens wat hy op sy reise oor die oseane van die aarde teengekom het. Hy het my vertel hoe sommige meerminne skepe die dieptes inlok en hoe ander weer skepe in die sterkste storms kan bewaar. Hoe mooi hulle kon sing — amper so mooi soos ek.

Dit was juis 'n meermin wat hom uit die laaste storm gered het. Die boot was erg beskadig, maar Papa kon sy skatte steeds aan wal bring. Terwyl hulle die boot herstel, het Papa opdrag gegee vir 'n baie besonderse nuwe boegbeeld vir die Libertine. Natuurlik moes die boegbeeld my gesig en bolyf hê, geen meermin kan so beeldskoon soos ek wees nie, maar die stert het hy geleen by die meermin wat hom in die storm beskerm het. Blou en groen skubbe wat glimmer, 'n rosige waaieragtige stert met goudblad versier. Die einste boegbeeld wat my lewe ook gered het. Tog jammer die see het ...

Ek is wreed onderbreek. Waar was ek? Ja, ek is natuurlik nie net beeldskoon nie, maar ook briljant. Dit het Papa self vir my gesê.

Papa en die ander inwoners van Libertia het my alles geleer wat

'n mens maar kan leer. Veral danksy signor Caraccioli, ken ek geskiedenis op my vingerpunte en is aardrykskunde my kos. Ek kan volgens Papa beter lees en skryf as meeste sendelinge en gewis beter somme maak. Vandat ek onthou, het Papa my leer tel met robyne en smaragde en ander edelstene so groot soos papegaai-eiers. Verder praat ek Malgassies en Oksitaans asook Frans vlot, kan regkom met Engels en Portugees, my verstaanbaar maak in Arabies en ek kon toe al 'n bietjie Hollands verstaan. Wat my natuurlik nie veel gehelp het toe ek tussen die barbaarse mense van hierdie omgewing beland het nie. Gerbrand kan net 'n snaakse Hollands praat en die res skaars dit. Meesal klik-klak hulle asof daar 'n kewer in hulle kele vassit. As dit 'n taal is — en ek twyfel of dit is want anders sou ek dit kon aanleer — is dit die vreemdste wat ek nog gehoor het.

Ek volg natuurlik reeds maklik die eienaardige Hollands wat Gerbrand praat, maar dit sal ek nooit laat blyk nie. In elk geval nie voor ek dit tot my voordeel kan aanwend nie. Laat Gerbrand my maar Annie noem as hy nie Angelique kan uitspreek nie en laat hy my maar opsaal met 'n van soos Niemand (nugter alleen sal weet waarom iemand as 'n niemand bekend wil staan!). Ek weet wie ek is.

Ek is Angelique d'Avignon en ek sal dit bly tot ek my bruidegom opspoor. Die man wat tans in Franschhoek vergeefs op sy bruid wag. Armand Rousseau. O, hoe begeer ek om hom te sien, hom te bemin. Deur hom bemin te word. As hy in Papa se oë goed genoeg is vir my, moet hy inderdaad 'n besondere man wees. En as hy is, dan sal ek instem om Angelique Rousseau te word en hom die bevoorregte man op die aarde maak.

Die man van die enigste vrou op aarde met hare gespin uit goud en oë soos versteende seewater. So het Papa my vertel toe ek jonk was en nie kon verstaan waarom ek so anders as die mense om my lyk nie. En hy het my ook vertel dat ek my goue hare en akwamaryn oë geërf het van die vrou wat terug is na haar onderwaterpaleis aan die einde van die aarde. Die visvrou wat vir enkele maande sterflik geword het om Papa se vrou te wees sodat sy hierdie wonderwerk wat ek is, kon voortbring. Die dogter van die koningin van die meerminne en die dapperste Liberi op aarde.

Maar ek loop weer my storie vooruit.

Aengel bly sit, nie in staat om 'n enkele woord verder te lees nie. Meerminne? Madagaskar? Is dit dalk Jeanne se idee van 'n grap? Gabrielle s'n dalk? Het hulle agter haar rug gekonkel? Het Gabrielle dalk ook die visvroulegende van Kruisbaai nagespoor en Jeanne omgepraat om iets so ongeloofwaardig te fabriseer? Om haar onbesonne suster 'n punt te steek?

Sonder enige ontsag klap sy die boek toe en smyt dit op die wakis. Sy stap 'n paar keer op en af in die woonvertrek en gaan sit dan voor haar skootrekenaar, wat nog regstaan op die klein tafeltjie voor die venster wat op die baai uitkyk.

In Outlook dubbelklik sy op Jeanne Dubois se naam.

Jeanne

As jy dink ek glo dis wat werklik in die dagboeke staan, moet jy weer dink. Dis erg genoeg dat jy Angelique in Madagaskar plaas, maar meerminne? Assebleddieblief!

En dan praat ek nie eens van die simpel meisiekind wat veronderstel is om my befaamde voormoeder te wees nie.

Het Gabrielle iets hiermee te doen?

Aengel.

Ns. Vra Lika om my asb so gou doenlik te Skype.

Of, dink Aengel ná sy op die stuurikoon geklik het, het een of ander voorsaak dalk besluit om Angelique se erfgenaam 'n streep te trek? As dit die geval is, gaan Jeanne haar moontlik kwalik neem dat sy haar integriteit in twyfel trek. Maar dis tot daarna toe. Die brief is gestuur.

Aengel laat rus haar kop in haar hande. Sy kan haar indink hoe Gabrielle haar sal verlek as dit aan die lig kom. Aengel se kosbare dagboeke is toe uiteindelik nie die papier werd waarop dit geskryf het nie. 'n Spul liegstories saamgeflans deur iemand met 'n siek sin vir humor.

Maar selfs dit sal verkieslik wees bo die gedagte dat dit wel Angelique d'Avignon se dagboek is. Die vrou wat vir Aengel haar hele lewe lank die een of ander anker was. Die een ding waaraan Aengel kon vashou deur al die wendinge wat haar lewe geneem het, was dat sy die nasaat en erfgenaam was van 'n baie besondere vrou. Die soort vrou wat sy wou wees. 'n Onverskrokke vrou met deursettingsvermoë. Iemand wat haar nie laat

onderkry het deur die klappe wat die lewe uitdeel nie. Iemand wat oorwin en oorleef het desondanks, desnieteenstaande, ongeag wat ook al.

En nou klink dit asof daardie einste vrou eerder 'n taai klap van die windmeul weg gehad het. Geglo het sy is die dogter van 'n bleddie meermin.

Nee, besluit Aengel, die dag was erg genoeg, te erg om haar bloot te stel aan nog absurditeite.

VYF

2 Desember — vroegoggend

Aengel kerm haarself wakker. Sweet tap haar af en haar hart klop teen dubbel die normale tempo. Sy strompel uit die bed en loop dronkerig badkamer toe. Sy spoel haar gesig in koue water af en drink 'n halwe gallon daarvan voor sy na haar spieëlbeeld kyk.

Die angs sit nog vlak in haar oë. In haar ore weergalm die gille, die gekraak van hout, die geklap van branders teen 'n krans. Sy druk haar ore toe, maar dit help nie.

Sy pluk die nagrokkie oor haar kop, draai die stort se koue kraan oop en gaan staan onder die strale. Teen die tyd dat sy effens bedaar het, bibber sy, maar bly nog 'n rukkie so staan voor sy die warm kraan ook oopdraai om al die nagtelike spinnerakke uit haar hare te was en van haar lyf af te skrop.

Telkens as sy haar oë toemaak, sien sy die boegbeeld voor haar. Selfs al het Gabrielle Jeanne voorgeskryf ... Hoe het sy so presies geweet hoe daardie boegbeeld in Roark O'Shea se kroeg lyk? Sy kon om duistere redes Aengel se voorkoms as basis gebruik het vir die beskrywing van die hare en oë, maar die stert? Daar is nou wel nie 'n teken van goudblad op die meerminboegbeeld nie en die skubbe glimmer nie, maar is blou en groen en die waaieragtige stert ligroos. En dit skakel natuurlik 'n gemene voorsaak ook uit as fabriseerder van die dagboek.

Aengel droog haar met iets na aan geweld af en haar hare is die ene klitse toe die handdoek daarmee klaar is. Sy moet opknappersproei gebruik voor sy selfs die growwetandkam daardeur getrek kry. Hoeveel keer in haar lewe het sy nie al Angelique se voorwaarde verwens nie.

In die slaapkamer trek sy die eerste die beste kortbroek en toppie aan waarop sy haar hande kan lê. Die son is al op, sien sy toe sy die gordyne oopskuif, maar dis nog bitter vroeg.

Terwyl sy wag vir die ketel om te kook, skakel sy die skootrekenaar aan.

Teen die tyd dat sy aan haar koffie staan en blaas, is daar nog geen antwoord op haar e-brief aan Jeanne nie. Die Skype-ikoon wys ook dat niemand haar gesoek het nie. En geen wonder nie. Dis nog nie eens sesuur nie.

Sy gee die dagboek een kyk, sit 'n tydskrif bo-op neer sodat sy nie in die ding hoef vas te kyk nie en stap om na die skuurtjie wat Roark volgens haar aanwysings, maar in dieselfde styl as die vissershuis langsaan aangebou het. Die beker sit sy op 'n plat klip neer, sluit die hangslot oop en trek die opgeknapte waenhuisdeure oop. Sy moet dit aan die muur vashaak teen die bries wat reeds opgesteek het. Binne skakel sy die helder ligte aan voor sy haar beker gaan haal en dit neersit op die groot werkbank wat in die middel van die vertrek staan.

Met haar hande in die sye kyk sy rond. Hier lê nog baie werk voor. Die skulpe is volgens soort en grootte gesorteer en sy het die name op die bokse geskryf. Maar sy wil dit in die vierkantige mandjies oorpak en op die rakke van die kas wat sy laat maak het, rangskik sodat sy haar hande op alles kan lê en presies weet waar is wat. Die ruil-, glas- en kleikrale in al hulle verskillende kleure moet ook net reg vir raakvat wees in hulle glasbakkies. Die dryfhout is min of meer volgens grootte in bondels vasgemaak. Dié moet in die rakke teen die ander muur gepak word.

Sy gaan staan agter die werkbank en lig die beker na haar lippe. Deur die wye opening wat die waenhuisdeure laat, het sy 'n lieflike uitsig oor die hele baaitjie. Sy drink haar koffie en vernou haar oë teen die helder oggendlig toe sy die skerp “klee-kleeeep” van 'n swarttobie hoor. Ja, sowaar, daar laat val hy 'n mossel op die klippe en “peeka-peeka-peeka” toe 'n seemeeu op sy kos afduik. Die swarttobie raap sy ontbyt net betyds weg voor die agterbakse gulsigheid van die meeu.

“Way to go, tobie!” roep Aengel uit en sug behaaglik. Die see wat om middernag so geraas het dat sy daarvan wakker geword het, lyk nou soos 'n dam. Rykmansklip is amper weer 'n skiereiland. Moet laaggety wees. Sy kies 'n boks waarop “Elektriese toerusting” staan en sit dit neer op die tweede werkbank wat sy staangemaak het voor die venster wat Kruisbaai se kant toe kyk. Sy pak haar klein ghetto blaster eerste uit en daarna die boor, soldeerstel en ander toerusting. Die verlengkoord met die verskeidenheid muurpropopsies druk sy by die muurprop langs die venster in.

Haar oë gaan oor die bokse wat nog uitgepak moet word en spoor die een wat sy soek op. “Werk-CD's” is daarop geskryf. Om die een of ander rede

verkies sy Keltiese en soortgelyke musiek wanneer sy haar bewers en ander skulp- en dryfhoutvoorwerpe maak.

“Hemel, Aengel,” het Gabrielle haar agt jaar vantevore ingeklim. “Kan jy nie net die kosbaarhede dra wat Pa elke jaar vir ons as geskenke gee nie? Moet jy nou met ’n spul skulpe om jou enkels en arms rondloop asof jy niks beter gewoond is nie? As kind al het jy die spul gemors hier aangedra, dink jy nie dis tyd dat jy grootword nie? Jy is amper dertig!”

“Vir jou inligting, Gabrielle, kauri’s is al as geldeenheid gebruik sedert 2000 voor Christus,” het Aengel vir ’n verandering snipperig geantwoord. “En ’n *Cypraeovula cruickshanki* is nou die dag vir R20 000 verkoop.”

Haar kind en haar skulpversameling is die twee dinge in haar lewe waaroor sy nie onderhandel nie. Agt jaar gelede het sy nog minder van skulpe as van kinderopvoeding geweet, wat baie sê, maar dit was nie die kwessie nie. Sy was haar kennis aan ’t uitbrei. Oor albei. Enersyds omdat sy wou, andersyds omdat sy wat die kinderopvoeding betref, nie juis ’n keuse gehad het nie. Albei was verrykend.

Gabrielle het haar natuurlik nie in die bek laat ruk nie. “Maar die goed waarmee jy armbande en prul maak, is sommer op die strand opgetel, Aengel. Jy kan my nie vertel dis waardevol nie.”

“En van wanneer af is jy ’n konkoloog?” wou Aengel weet.

“En van wanneer af dink jy kan jy een word?” het Gabrielle ingekry voor sy neus in die lug die aftog geblaas het.

Vandag is Aengel lus vir ’n Gregoriaanse monnikekoor. Sy druk die CD in sy laaitjie in en stel die klank sodat “Scarborough Fair” net-net hoorbaar is en nie die geluid van die see oorheers nie.

Gabrielle is nooit ver verkeerd nie. Aengel het toe nie ’n konkoloog geword nie. Daar was net eenvoudig nie die tyd daarvoor nie, maar in die afgelope agt jaar het haar skulpkennis aansienlik verbreed en haar versameling gegroei. Sy kon selfs ’n opinie waag dat Annie-se-riksdaalder van die *Architectonicidae*-familie is alhoewel dit veel, veel groter is as dié wat bekend is en al het die konkoloog met wie sy gepraat het, nie met haar saamgestem nie.

Sy gaan staan voor die spesiale kas met sy perspekslaaitjies. Hierin is haar kosbare skulpe een-een uitgestal — net vir kyk en bewonder. Die ander is gebruikskulpe waarmee sy goeters maak soos haar bui haar lei. Of dit nou ’n armband of ’n enkelkettinkie, ’n halssnoer of ’n bewer, ’n muurbehangsel,

kershouers of lepels van *patella*-skulpe met dryfhouthandvatsels is.

Aengel draai haar kop skuins. “Hallo?” hoor sy iemand roep en dan weer: “Hallo?”

Sy gaan by die deur uit en sien ’n skraal man voor haar voordeur rondtrippel. Faan, herken sy hom van die vorige aand. Nella se nefie.

“Môre,” groet sy en stap nader.

“Môre, Mevrou. Antie Nella het in die haas ’n paar goed wat sy nodig het, vergeet. Ek sien haar huis is gesluit?”

“Ek het haar sleutels. Kom in, dan kry ek dit gou vir jou. En noem my Aengel asseblief.” Sy gaan haal die sleutels en gee dit vir hom. “Hoe gaan dit vanoggend met Nella?” Wat ’n idiotiese ding om te vra. Hoe dink sy sal dit gaan met ’n vrou wat vanoggend wakker geword het met die wete dat haar kind vermoor is? Maar ordentlikheid verg seker die navraag.

Faan skud sy kop. “My ma het haar gisteraand ’n kalmeermiddel ingejaag, maar sy is maar kort-kort in trane. Sy het hoeveel keer vir my gesê ek moet tog vir Engeltjie weer dankie sê vir die bystand.” Hy glimlag flou. “Almal ‘Engeltjie’ jou daar by ons.”

“Dis in die haak. Ek is net jammer ek kon nie meer vir haar doen nie.”

“Nietemin, dankie.” Sy oë gaan oor die stoep waar sy al ’n paar goed begin ophang het. “Ek het nie gedink die plek kan ooit mooi lyk nie.”

“Jy het saam met jou ma hier gebly, nie waar nie? In Kieranghut?”

Hy knik. “Kieranghut was my pa se familie s’n, en Snoekloop antie Nella s’n.” Hy beduie na die rykmanskant van die baai. “Dis waar my pa se tjakkie omgekeer het.” Sy wysvinger toer na die inhammetjie aan die kierangkant. “En daar het sy lyk uitgespoel.”

“Hoe oud was jy?”

Faan haal sy skouer op. “Seker so vyf of ses.”

“Ek is jammer.” Aengel weet hoe leeg die woorde klink, maar kan hulle nie keer nie.

“Ek onthou hom skaars, maar wat ek onthou, is nie aangenaam nie. Dit was asof hy altyd sy mes vir my ingehad het. Maar na sy dood ... Ons het gesukkel. My ma moes elke dag Kruisbaai toe stap om daar te gaan werk. Douvoordag. Sy het destyds vir Rina Verster gewerk en dié was nie ’n maklike mens nie. Gelukkig kom Lily Brink toe so vier jaar gelede hier aan, en van toe af gaan dit goed met my ma. Eers wou my ma die huis hier ook hou. Sy wou nie permanent tussen wit mense bly nie, al is die woonstel wat

hulle vir haar gebou het ruim en mooi. Maar sy is nou gelukkig daar en Roark het haar ruim vergoed vir Kieranghut.”

Sekerlik nie miljoen rand nie, kan Aengel nie help om te dink nie.

“Antie Nella het nie die opsie gehad nie,” vervolg Faan. “Geen ander heenkome as Snoekloop nie. Gelukkig het Roark hom oor haar en Miempie ontferm. Hy was goed vir hulle. Antie Nella het selfs papiere gekry om te bewys sy het lewensreg.”

Sy oë dwaal in die rigting van die kierangklippe voor hy weer na haar kyk. “Antie Nella soek haar swart rok en hoed en enige swart klere wat ek raaksien, het sy gesê. Vir rou.”

“Wil jy hê ek moet vir jou gaan kyk wat ek in haar kas kan kry wat swart is?”

Hy lyk verlig. “Ek sal so bly wees.”

By Nella se voordeur bly Faan staan. “Sal jy alleen regkom? Ek wil net ...” Hy beduie in die rigting van die kierangklippe.

Aengel knik. “Ek sal vir jou inpak, dan kan jy dit by my kom kry.” Sy hou hom dop toe hy wegdraai. Sy skouers is waterpas en tog is daar iets onnoembaar hartseer aan die figuur in sy onberispelike Woolworths-kortmouhemp en chino’s. Miskien is dit die effense hang van die kop, of die hande wat so diep in die sakke gestee is, wat van verlatenheid spreek.

Nella se kas lewer nie veel op nie. Nie in swart of enige ander kleur nie. ’n Swart hoed, rok en onderrok is daar wel. ’n Paar skeefgetrapte swart skoene is blink gepoleer. Toe sy verby die mankolieke kassie met ’n staanspieël daarop stap, sien sy ’n snoer swart plastiekkrale hang. Sy sit dit ook by. ’n Tas kry sy nêrens nie.

In Kieranghut haal sy ’n drasak onder uit haar klerekas en pak die goedjies daarin. Op die ingewing van die oomblik sit sy ’n paar swart sykouse in, nog in die Christian Dior-verpakking, en ’n swart suiwersyserp met ligpers borduursel. So ja, nou het Gabrielle ook haar bydrae gemaak.

“Hemel, Aengel, kan jy nie klere dra wat by jou stand pas nie?” het altyd so ’n skimpgeskenk voorafgegaan. Serpe en duur sykouse is naas skoene Gabrielle se swak. Sy het dit seker goed bedoel. En nou word dit minstens goed aangewend. Al sal Gabrielle nooit kan verstaan dat Aengel net eenvoudig geen sin het aan dié soort tooigoed nie, en daarom omtrent ’n koronêr geskiet het toe Aengel die paar Jimmy Choo’s geraam het wat Gabrielle een Kersfees vir haar gegee het. Nogal mooi gelyk ook teen die

badkamermuur, totdat Gabrielle die skoene uit die raam gepluk en teruggevat het.

Toe Aengel uitstap en die drasak op die stoeptafel neersit, is Gys Niemand se bakkie weer langs die klipkasteel se oprit geparkeer. Faan staan nog by die kierangklippe rond. Regs van die baai klouter die speurder en Roark op die rykmanskiereiland rond en buk kort-kort asof hulle iets soek.

Toe sy weer na Faan kyk, lyk dit asof hy hulle ook pas opgemerk het. Hy swaai sy arms in die lug om hulle aandag te trek. Hy moet iets geskree het wat nie van hier af hoorbaar is nie maar wel van Rykmansklip af, want die speurder kyk op. Hy lig sy hand in 'n groet, skulp dit om sy oor en skud sy kop voor hy beduie hy kan nie uitmaak wat Faan sê nie.

Faan begin vinnig aanstryk. Dis 'n hele ent se stap strandlangs om, al is die twee rotsformasies se punte seker nie vyftig meter uit mekaar nie.

Aengel gaan binnetoe en sit water op vir haar tweede koppie koffie. Sy hang nog die nat handdoeke op die draad terwyl sy wag vir die ketel om te kook, toe sy die Skype-deuntjie dofweg hoor.

Sy hardloop holderstebolder binnetoe en is net betyds.

“Lika!”

Die beeld skommel voor haar. Dis nie Lika nie.

“Môre, Aengel.” Die beeld kom tot stilstand.

“Hallo, Jeanne.” Aengel voel alles in haar styftrek. “Waar is Lika?”

“Sy slaap nog. Jy het begin lees?” Jeanne se oë blink, haar glimlaggie skamper. In die agtergrond kan Aengel die donkerhoutboekrakke van 'n deftige studeerkamer uitmaak.

“Net die eerste inskrywing. Dit was genoeg. Ek gaan nie my tyd mors nie.” Sy was nog nooit goed met konfrontasie nie, maar Jeanne moet ook nie dink sy sal vir haar laat ore aansit nie.

“Ek was net so verras, Aengel, maar om Nijhoff verkeerd aan te haal: Lees maar, er staat wat er staat.”

Aan die Hollandse intonasie kan Aengel hoor dat dit ook 'n taal is wat Jeanne onder die knie het. Sy verbeel haar Gabrielle het gesê sy is iets soos vyf tale magtig. Maar dit beteken nie dat Aengel enigiets wat sy opdis — in welke taal ook al — vir soetkoek hoef op te vreet nie. “Nederlandse digkuns was nog nooit my sterk punt nie, Jeanne en ook nie twak oor meerminne en wat 'n Liberi ook al mag wees nie. Waar kom jy daaraan?” En waar is my kind? wil sy, skielik na aan trane, vra.

“Ek het so direk vertaal as wat die twee tale en leesvlotheid my toegelaat het, Aengel. Lees verder, jy gaan jou hande nog baie keer saamslaan. Jou voormoeder se lewe is loshande die lekkerste stuk werk wat ek nog gedoen het. Ek het vir haar gelag, saam met haar gehuil en namens haar beangs geraak.” Die beeld flikker weer, maar die opregtheid wat uit Jeanne se oë straal, is onmiskenbaar.

Aengel sug diep, kou aan haar onderlip en krap aan haar kop waar dit nie jeuk nie. “Kan ek jou woord daarvoor aanvaar?” vra sy dan uiteindelik. “Dat dit nie ’n grap is wat jy en Gabrielle bekook het nie?”

“Glo my vry, Aengel, ek het nie die verbeelding om sulke goed uit te dink nie en jou suster, so sleg as wat ek haar ken, glo ek, nog minder.”

“Dit kan nie dalk iemand anders, een van my voorsate wees wat iemand ’n streep probeer trek het nie?”

“In Oksitaans?” Jeanne skud haar kop. “Lees, Aengel. Jy sal sien dit kon net Angelique gewees het wat hierdie dagboeke geskryf het.” Jeanne kyk weg van die kamera en beduie iets met haar hand. “Hier is Lika nou net.” Sy kyk terug. “Geniet jou dagboeke!”

“Jeanne,” roep Aengel haar terug toe sy begin wegbeweeg.

Jeanne kyk vraend na haar.

Sy is nie seker of sy Jeanne glo nie, maar sal haar voorlopig die voordeel van die twyfel moet gee. “Dankie dat jy soveel moeite gedoen het met die bindwerk en die res. Dis beautiful. Die boek.”

Jeanne knipoog. “Jy het betaal, Aengel, maar dit was my plesier. Het die oorspronklike dagboeke ook veilig aangekom?”

Aengel knik. “Dis weer terug in die kluis op Libertia.”

“Gaaf. Hier is ’n slaapwandelaar wat met jou wil praat.” Met ’n wuif beweeg sy weg en Lika se beeld vul die skerm. Haar oë lyk nog nie heeltemal wakker nie en die blonde hare is herwaarts en derwaarts geslaap.

“Hi, Aenge.” Sy gee ’n lang gaap en vryf met haar kneukels in haar ooghoëke. Aan die swart merke onder haar oë kan Aengel sien sy het weer met maskara aan gaan slaap. “Ek dag ek hoor jou stem.”

Aengel se hele binneste krimp ineen van liefde, van verlange, van hartseer en vreugde. “Hallo, my liefding.”

“Dis flippen koud hier, hoor. Hulle sê ons gaan dalk ’n white Christmas hê. Maar jy moet Jeanne se diggs sien. Cool is nie die woord nie. ’n Regte fairy tale van sulke regte ou, ou klip. Tot ’n binnehof met ’n spuitfontein — so ’n

mosserige een. 'n Sweeping staircase wat Scarlett s'n na 'n fire escape laat lyk, en kaggels so groot soos balsale.”

Ook net Lika wat van 'n chateau 'n diggs kan maak. Sy luister na Lika se vertellings. Van die katedraal wat hulle die vorige dag besoek het, van hulle aankope by die bakkery en die mark. Sy drink haar kind se stem in, haar nog vakerige lyftaal, haar totale lieflikheid.

Lika loer oor haar skouer en leun nader aan die kamera se ogie. “Die twee kinders is brats, hoor. Ek weet nie of ek uitgeknip is vir die au pair-ding nie, Aenge. Die seuntjie, dis nou die oudste enetjie, is soos 'n opgewende toy. Hol heelyd die wêreld vol. Die sussie is 'n klein draak. Net die jongste seuntjie is 'n sweetie.”

Aengel glimlag onwillekeurig. “En Jeanne se man?”

Lika rol haar oë teatraal. “'n Dish, Aenge! 'n Utter dish. Nie dat hy my raaksien nie. Jy hoef dus nie te worry nie, dis nie soos daai Deneys-vent wat Gaby-baby aan jou probeer afsmeer het nie. Alain het net oë vir Jeanne en die brats. En natuurlik vir die snobs wat hier aankom om hulle portrette te laat skilder, maar dis ander soort oë, glo my. Hulle betaal hom 'n fortuin, hy is regtig baie goed.” Haar oë rek en dit lyk asof sy oor Aengel se skouer kyk.

“Praat van 'n dish! Fokkit, Aenge, ek dag jy sê jy gaan na 'n verlate plek toe?”

Aengel wil haar nog kapittel ook die vloekwoord, maar iets laat haar oor haar skouer loer.

Roark staan 'n entjie agter haar, arms voor die formidabele borskas gevou, 'n frons tussen sy donker wenkbroue. “Hier is 'n moord gepleeg en jy sit met jou rug na 'n oop voordeur toe? Het jy 'n death wish?”

“Oe, Aenge, hy's gorgeous,” hoor sy Lika agter haar praat. “Tall, dark en handsome en klink my boonop nog forceful ook. Alpha male se moses. Njammie!” Daar is 'n oomblik se stilte. “Wat het hy gesê? Daar is 'n wat? Aenge? Het ek reg gehoor?” Lika se oë is so groot soos pierings toe Aengel weer na die skerm kyk.

“Skype my later, toe?” probeer Aengel red wat daar te redde is.

“Nottefok, Aenge. Het hy gepraat van moord? Antwoord my. Nou!”

Aengel kyk op na Roark wat langs haar kom buk het en nou na die skerm kyk. Hy sien nie eens die verwyttende kyk wat sy hom gee nie, sy oë is vasgenaël op Lika. “Hi, ek is Roark.”

“Hi, Roark.” Lika se wange is pienk, haar oë skitter.

“Aengel het my nie gesê sy het ’n jonger suster ook nie?” dreun Roark se stem hier langs haar.

Lika se oë wip weer na Aengel toe. Verwyd en iets soos skok straal uit die gesiggie. “Is jy skaam vir my? Te skaam om vir jou nuwe boyfriend te sê ...”

“Nee, Lika,” val Aengel haar in die rede. “Ek het meneer O’Shea gister eers ontmoet, ons het nog nie familie uitgelê nie. Hy is my soort van landlord.” Sy loer na Roark. “Ontmoet my dogter, Lika.”

“Jou dogter?” Sy oë flits van Lika na haar voor hy weer na Lika kyk. “Aangenaam, Lika.”

“Dit sou aangenaam gewees het as ek my nie verbeel het ek hoor die woord ‘moord’ nie?” herwin Lika haar ewewig.

“Jou ma sal veilig wees as sy net ’n bietjie verstandiger optree. Ek glo die polisie sal die skuldige gou aankeer. Daar is regtig nie rede vir kommer nie.”

“Leeka!” klink ’n skril kinderstem op, gevolg deur ’n wordevloed in Frans.

“Ek moet gaan. Die brats is wakker. Sal jy haar oppas, Roark? Asseblief? Aengel kan onbesonne wees.”

“Ek sal,” belowe Roark sonder om ’n oog te knip en asof hy dit bedoel.

“Love you to bits, Aengy Paengy. Ek Skype jou sodra ek weer kans kry. Bye.” ’n Waaiende kinderhandjie verskyn vir ’n oomblik voor die kamera.

“Love you, Lieks,” sê Aengel, maar die beeld op die skerm is reeds weg.

Aengel sit terug in die stoel. Langs haar kom Roark regop uit sy gebukkende posisie.

“Jou dogter,” sê hy na ’n oomblik se stilte.

Aengel stoot die stoel met geweld agteruit en staan ook op. Sy draai na hom toe. “Ja, my dogter. Een wat haar nou, te danke aan jou, dood gaan bekommer. Wat makeer jou? Kan jy nie klop nie? Het jy geen respek vir my privaatheid nie?”

“Ek het geklop.” Hy sê dit amper ingedagte terwyl hy na die rekenaarskerm staar. “Maar sy is ...”

“Ek weet hoe oud my dogter is, Roark O’Shea. Ek het immers geboorte aan haar geskenk. Drie maande voor my agtiende verjaardag. Amper ’n jaar jonger as wat Lika nou is. En ja, sy is buite-egtelik. En die beste ding wat nog ooit met my gebeur het, al het dit toe na die teenoorgestelde gevoel.”

“Sy is pragtig.”

Die styfgespanne snaar in haar binneste wen nog stywer op. Voor haar sien

sy weer Deneys se blik wat Lika oral heen volg. Hoor sy Deneys se skynheiligheid wanneer hy Lika aanspreek oor haar skamele kleredrag. Asof hy enige reg oor haar gehad het. Asof hy gedink het niemand sien sy lus hang meer uit vir Aengel se dogter as vir Aengel self nie. En dit, Deneys du Randt. François se neef en die enigste man wat in Gabrielle se oë goed genoeg was vir haar onbesonne skarlakensussie.

“Ja, sy is pragtig. En enigeen wat haar ’n oomblik se pyn besorg, vermoor ek met my kaal hande,” kners sy dit uit.

Hy kyk haar ’n oomblik in stilte aan, glimlag dan effens. “Weet jy, ek glo jou.”

“Jy kan maar.” Die snaar ontspan ietwat.

“Ek is jammer ek het sommer net ingestap toe daar nie antwoord op my klop was nie. Ek is jammer ek het jou gesprek onderbreek — ek het nie besef jy Skype nie. En ek is jammer Lika het gehoor van die moord. Maar ek was ernstig. Dis onverantwoordelik om die deur oop te los. Veral as jou aandag nie by jou omgewing is nie.”

As hy dink sy gaan sommer net sy verskonings aanvaar, kan hy weer dink. “Wat wou jy vir my kom sê het? Ek neem aan dis waarom jy hier is?”

“Ons het Miempie se mes by Rykmansklip gekry. Dit dui daarop dis moontlik waar dit gebeur het. Gys het gevra ek moet al die inwoners tot versigtigheid maan en spesifiek gevra dat veral jy en Zita, dis nou Gerbrand se meisie, dit nie alleen hier rond moet waag nie, en spesifiek nie naby die strandlopergrot nie. Hy pas nog die legkaart inmekaar en sit bewysstukke bymekaar, maar dit lyk asof Strandloper bo-aan sy lys verdagtes is.”

“Strandloper? Is hy ’n skraal man? Lang arms en bene? Gelerig van kleur?”

Roark knik.

“Hy was by die liggaam. Hy het iets daar opgetel. Dit het gelyk soos ’n sak.” Aengel ril onwillekeurig by die herinnering. “Daarna het hy weer opgeskarrel na die grot toe.”

“Ek het gesien, ja, maar nie dat hy iets opgetel het nie. ’n Sak?” Hy frons. “Die alikreukels,” prewel hy. Sy hande vat meteens haar boarms liggies vas. “Aengel, sorg dat jy van hom af wegbly. Ek het nog altyd gedink hy is relatief skadeloos, behalwe vir die perlemoen wat hy steel, maar ek was klaarblyklik verkeerd.” Sy hande val weg toe sy ongemaklik terugtree. “Die luitenant is op pad hierheen. Hy wil jou juis ondervra oor wat jy gesien het

toe jy op haar afgekom het.”

Innerlik deins sy terug. Sy wil nie onthou wat sy gesien het nie.

“Môre?” klink Gys Niemand se stem van die voordeur af op.

Roark kyk oor haar kop en sy draai om.

“Môre, Luitenant,” groet sy hees. “Kom sit, die ketel het al gekook,” herwin sy haar teenwoordigheid van gees. Só koop sy minstens tyd.

“Dankie, Mevrouw. Dit sal lekker wees.”

“Juffrou. Maar noem my Aengel.” Sy vlug kombuis toe Hier hou sy haar besig met die regsit van die bekers. Haal melk en suiker uit. Soek die sakkie biscotti wat sy op pad hierheen by ’n tuisnywerheid gekoop het, spoor dit op en pak dit uit op ’n skulpvormige Delftsblou bakkie. Enigiets om haar hande besig te hou.

Roark neem die skinkbord by haar, hou vir haar en dan vir die speurder voor hy homself help. Toe hy van die biscotti neem, leun hy nader aan die bakkie, lig dit en kyk heel ongeskik onder die bodem voor hy na haar draai. “Pragtige bakkie. Waar het jy dit gekry?” vra hy toe hy ook gaan sit en sy koffie begin roer. As dit nie vir die skerp belangstelling was nie, sou sy gedink het hy maak sommer praatjies om die atmosfeer te verlig.

“’n Familie-erfstuk.” Een van die paar wat sy uit die kothuis gegaps het nadat Gabrielle kom inventaris neem het van alles wat Aengel saamneem. Sy sal dit nie eens mis nie en Aengel het dit meer uit moedswilligheid as iets anders gedoen. Sy het haar bloedig vir Gabrielle vererg toe dié gevra het dat sy “die ou goed” liewer moet laat agterbly, ’n Delftskruikie waarin Aengel altyd vars kappertjies gesit het uit ’n halfvol boks gehaal en op ’n rak teruggesit het.

“Mevr ... Aengel,” onderbreek die speurder haar gedagtes, “ek weet dis nie maklik nie, maar ek sal bly wees as jy vir my kan vertel wat gistermiddag gebeur het vandat jy hier uit die Kieranghut weg is.”

Roark hou haar dop terwyl sy alles staaf wat hy vir Gys vertel het. Die spanning in haar is aanvoelbaar, die kalmte in haar stem geforseerd. Iemand wat daaraan gewoond is om haar gevoelens weg te steek, lei hy daaruit af. Behalwe wanneer iets haar dogter raak. Dan kom die moederdier, met kloue voor haar oopgesper, op enige territoriale oortreder afgestorm.

Sy oë gaan weer onderlangs na die bakkie. Daar is vragte porseleinware

met blou patrone in die agtienhonderds verskeep, daarvan getuig die stukke wat uit die ruim van vergane skepe oral langs die Overbergse strande en ook op ander plekke uitgespoel het. En daar is heelwat stukke uit dié era in museums en wonings wat uit daardie tydperk dateer. Maar daardie patroon en spesifieke soort blou sal hy enige plek uitken. Hy het 'n hele kis vol, meesal skerwe, maar 'n hele paar heel artikels ook, met dieselfde patroon en kleurskakering.

Dis ook hoekom hy dadelik die bord herken het wat Miempie in Mac se huis laat val en na hom toe gebring het om reg te maak. En onmiddellik besef het Mac konkel agter sy rug.

As sy bliksemse halfbroer net wil luister en 'n lening by hom wil maak. Hel, hy sal vir Mac die geld gee om sy skuld kant en klaar af te betaal as hy nie geweet het Mac is heeltemal te trots daarvoor nie. Maar nee, Mac sal hom eerder in die rug steek as geld van hom aanvaar.

Mac en sy diewery is egter nie waar die raaisel lê nie. Hoe de hel kom hierdie spesifieke bakkie by die Rousseaus uit. Presies dieselfde unieke porseleinware, sover hy weet, het nog net hier op Kierangbaai uitgespoel.

Die voorgeslagte wat hier gebly het, was soos strandjutters agter alles aan wat die see uitgespoeg het. Hulle het die ware op waens gelaai en wyd en syd verkoop. En dit was nie te ver hiervandaan nie wat kaptein Albertus van Soest — amper 'n eeu voor die Libertine op die rotse geloop het — die Schonenburg moedswillig en vir eie gewin laat strand het, vir die kosbaarhede aan boord. Maar Kruisbaai was, in die ou dae veral, moeilik bereikbaar. En hoe groot is die kanse dat ...

Die gelui van Gys se selfoon ruk hom terug tot die werklikheid.

“Ek neem aan die lykskouing is afgehandel, Dok?” verneem Gys.

Roark sien Gys frons terwyl hy luister. “Hoeveel maande?” Hy kyk van Roark na Aengel maar dis duidelik dat hy hulle skaars sien terwyl hy verder luister. “Faks vir my die verslag, asseblief. Na my Kruisbaai-nommer toe. En dankie dat jy so gou gemaak het.” Hy skakel die selfoon af en staar 'n oomblik nikssiende na sy seilskoene waarop die klam sand nog aangepak sit.

Hy kyk op na Roark. “Het Miempie 'n kêrel gehad?”

As Gys nie so ernstig gelyk het nie, sou hy kon lag oor die ouderwetse woord. “Nie waarvan ek weet nie. Sy en Faantjie Fortuin was na aan mekaar, maar dit het nooit na 'n romantiese verbintenis gelyk nie.”

“Sy het verwag?” Aengel se fluistering skok hom tot in sy siel. Hoe sy die

afleiding gemaak het, weet g'n mens nie, maar hy kan dadelik aan Gys se gesig sien sy het die spyker op die kop geslaan. Seker 'n vroumensding om van "hoeveel maande?" 'n swangerskap te maak.

Gys slaan weer sy selfoon oop sonder om Aengel te antwoord. "Fortuin? Kan jy hier na juffrou Rousseau se plek toe kom?"

"Ja, ek het die uitslag gekry.

"Nee, los nou maar eers.

"Ek weet die gety draai, maar ek dink nie daar sal nog iets op Rykmanskop rondlê nie. Daar is klaar 'n hooggety daaroor. Kom hierheen.

"Wat? O. Verwurging, soos ons vermoed het.

"Ja, daar is nog iets, maar ek ..." Gys slaan sy blik plafonwaarts terwyl hy luister. "Ek sal jou nie in die duister laat nie." Hy sug. "Sy was ongeveer vier maande swanger. Kom nou." Gys kyk na die skempie en haal sy skouers op. Fortuin het klaarblyklik summier die verbinding verbreek.

Gys draai na Aengel. "Dankie vir die koffie. Dit was welkom. Ek sal Fortuin liever hier buite inwag, as julle my sal verskoon. Die klong is baie ontsteld."

Aengel vergesel die speurder deur toe. Roark suiker saam. Hy moet ook pad kry, al brand hy om Aengel verder oor die blou bakkie uit te vra. En al sou hy wat wou gee om te weet wie haar oulike dogter se pa is. Maar hoekom hy dit so graag wil weet, is vir hom duister.

Sy gedagtes versplinter toe hulle buite kom en hy hoor hoe Aengel haar asem skerp intrek.

SES

2 Desember — oggend

Aan Gys Niemand se “Vervloeks!” kom Aengel agter hy het ook reeds gesien wat op die strand aan die gang is.

“Fortuin!” roep Gys en begin daarheen hardloop, maar dit verander niks aan die tafereel wat hom op die strand afspeel nie.

“Wat de ...” Roark sit hom agterna.

Met haar hand oor haar mond gevou kyk Aengel hoe Roark Gys inhaal en hom verbystek. Sy sien hoe Faan Fortuin vir Gerbrand Niemand nog ’n opstopper gee, dié keer reg op die ken. Gerbrand val, maar trek Fortuin saam. Hulle rol in die sand terwyl die vuiste woes swaai. Sommige mis, meeste raak.

Van Rykmanshut af kom ’n vrou aangehardloop, maar Roark bereik die worstelende figure eerste. Sy hoor Roark iets bulder, maar kan nie uitmaak wat nie.

Gys kry Fortuin aan die kraag beet terwyl Roark Gerbrand wegtrek. Hy moet koes vir ’n paar wilde swaaihoue, maar uiteindelik is die twee uitmekaar. Die luitenant beduie iets, waarskynlik dat Roark vir Gerbrand na sy huis toe moet neem.

Die vrou in die rooi rok lyk ontsteld. Sy help Roark om Gerbrand Rykmanshut toe te dwing terwyl hy Fortuin nog steeds probeer bykom. Fortuin het egter intussen bedaar en staan hangkop langs die speurder. Dis duidelik dat hy gekapittel word.

Aengel se spiere kom uiteindelik weer in werking en sy stap af strand toe.

“... sal hom doodmoer, oom Gys. Ek weet dit was hy. Nes sy pa wat aljimmers by onse mense se vrouens aangelê het.”

Hulle het haar nog nie gesien nie. Sy weet sy behoort om te draai en weg te stap, maar sy gaan staan. Bloed streep teen Fortuin se slaap en wang af en sy oog naaste aan haar is toegeswel. Gys staan met sy rug skuins na haar toe

gedraai. Die bries dra hulle woorde aan.

“Dit kon nie hy gewees het nie, Fortuintjie.” Gys klink amper vertroostend. “Daar was fout met die baba. Hulle sal natuurlik DNA en ander toetse moet doen, maar Dok reken die afwykings is tipies aan bloedskande. En jy weet hoeveel inteelbabas hy al in hierdie nes in die lewe gebring het.”

“Maar ek is die naaste familie wat sy het?” Fortuin vee met sy voorarm onder sy neus deur. Die oog wat nie toegeswel is nie, flits na haar toe. Hy kyk vinnig weg en mompel iets. Gys kyk om.

Aengel stap nader asof sy nie afgeluister het nie. “Kom boontoe, Faan, dan was jy jou gesig. Ek het salf en pleisters en goed. Lyk my jou oogbank is oopgesny. En kyk hoe lyk jou kneukels.”

“Dis nie nodig nie.”

“Jy kan nie so by jou ma aankom nie, Fortuin. Dankie, Aengel. Dit sal gaaf wees.” Gys volg haar toe sy weer begin boontoe stap en trek Fortuin aan die hems mou agter hom aan.

“Wat maak Zita hier? Ek dag oom Gys het gesê sy is gisteraand vort?” hoor sy Fortuin vra.

“Sy het seker teruggekom nadat ek gisteraand daar weg is.”

“Simpel vroumens. Eers maak sy haar naam gat oor Roark en nou lê sy agter ’n vark soos Gerbrand aan.”

“Wat was daar tussen haar en Roark?”

Aengel bly met die grootste moeite aanstap asof sy nie kan hoor wat hulle praat nie.

“Antie Nella het vertel Roark het Zita ’n paar keer uitgeneem, maar toe sy wou ernstig raak, sê Roark hy kan net haar vriend wees. Toe gaan sy tekere oor hoe hy haar eers misbruik het en toe net so laat staan het. Maar antie Nella sê dit was van die begin af sy wat vir hom boude geswaai het.”

Aengel vlug behoorlik die huis in. Sy kry ’n handdoek uit die linnekas en druk dit in Faan se hande. In die badkamer tap sy die wasbak vol loutwarm water en gooi ’n bietjie ontsmettingsmiddel daarin. “Was, dan kom jy binnetoe wanneer jy klaar is.” Sy haal die noodhulpkissie uit die kassie onder die wasbak en stap sitkamer toe waar Gys nog rondstaan.

“Dankie, Aengel.”

Sy knik. “Ek maak vir ons nog koffie. Jy kan saam stap as jy wil.”

“Hoe het jy geraai Miempie was swanger?” vra Gys terwyl sy die ketel vul.

Sy skakel eers aan voor sy antwoord. “Jy het gevra hoeveel maande en of sy ’n kêrel het en toe onthou ek van Nella wat vertel het van Miempie se maagongesteldhede en haar ongeluk in die restaurant. Ek was self swanger op my dag. Ek weet wat ontbytreuke in ’n kombuis aan mens kan doen. Dis ’n redelik eenvoudige som om te maak.”

“As dit so eenvoudig is, waarom het Nella nie twee en twee bymekaar getel nie?” Dit lyk eerder asof Gys met homself praat.

“’n Ma weier soms om op bewustelike vlak goed raak te sien wat sy nie wil raaksien nie.” Soos Nadia gedoen het. Dit was Gabrielle wat die tekens reg gelees het, nog voor Aengel die moed gehad het om met haar vermoede vorendag te kom.

As daar nog ’n Rousseau-dogter in die voorgeslagte was wat so ’n skande oorgekom het, het sy betyds getrou, want nêrens was daar sprake van ’n skandaal nie. Aengel was die eerste klad op die Rousseau-naam en het nie net geweier om te trou nie, maar ook geweier om te sê wie die pa was. “Wil jy vir my sê jy weet nie?” wou Nadia histories weet.

Aanvanklik was dit makliker om ja te sê. Maar dit was nie so maklik om voet by stuk te hou toe woorde soos aborsie en aanneming toenemend rondgegooi is nie. Dit was die eerste keer in haar lewe dat Aengel haar nie laat ompraat, afpers of afdreig het nie. Dis haar baba en sy sal die kind self grootmaak. Kom wat wil. Sy het net ingestem om weggestuur te word tydens die swangerskap. Gelukkig het sy standerd nege goed geslaag voor die swangerskap begin wys het en sy kon matriek deur die pos maak. Lika was ses maande oud toe hulle weer terug was op Libertalia, en Nadia haar ongewenste kleinkind vir die eerste keer gesien het.

“Dink jy regtig Nella het nie geweet nie?” Gys Niemand lyk diep ingedagte. “Miempie het by haar ingewoon. Hoe kon sy dit vir meer as vier maande lank vir haar ma wegsteek?”

“Dis seker nie onmoontlik nie, maar Luitenant ...” Aengel huiwer, kyk vlugtig in die gangetjie af. Die badkamerdeur is nog toe. “Ek wil nou nie wild en wakker goed sê nie en moet my asseblief nie vra hoekom ek dit sê nie, maar ek dink jy moet Nella vra oor Miempie se pa.”

“Maar dit was mos seker Fortuin se oom? Of nee, dan sou hulle van seker ook Fortuin gewees het en nie Bandjies nie.” Gys vryf oor sy ruie wenkbroue.

Aengel help hom nie reg nie. Nella moet liever self vir hom verduidelik hoe die vurk in die hef steek. Buitendien, miskien het sy Nella verkeerd

verstaan. Of die verkeerde afleiding gemaak. Sy skink die kookwater in die bekers en dra die skinkbord sitkamer toe.

Faan kom terug met 'n stuk toiletpapier teen sy oogbank gedruk. "Dit wil nie ophou bloei nie."

"Gesigswonde maak maar so." Aengel haal watte en staaldruppels uit die noodhulpkassie. "My dogter was 'n regte willewragtig toe sy klein was," gesels sy om hom op sy gemak te stel. "Ons het vir Fya op die plaas gehad en sy het my geleer om al die seer knietjies, geskaafde elmboë en wat nog te behandel. Ook van staaldruppels wat bloeding stop. Dit gaan 'n bietjie brand," waarsku sy.

Faan trek 'n gesig, maar kla nie. Ook nie toe sy die stukkende lip en die res van die skermutseling se gevolge versorg nie.

"Fortuintjie, hoe is jou ma en Nella nou weer familie?" vra Gys. Hy kry dit nie heeltemal reg om dit terloops te laat klink nie.

"Aangetroud," prewel Fortuin verby die geswelde lip. "My pa was antie Nella se man se halfbroer. Hulle het dieselfde ma gehad, maar twee pa's. Soos Mac en Roark."

"H'm," is al wat Gys kwytraak.

Aengel kom regop. "Met die blou oog het ek nie raad nie. Lika was dit gespaar. Miskien sal jou ma daarmee kan help."

"My ma het geglo in rou steak," sê Roark vanuit die deur.

"Ouvroustorie," brom Gys. "Hoe lyk Gerbrand?"

"Net 'n bietjie beter as Faan. Hy sê Faan het hom daarvan beskuldig dat hy Miempie se baba se pa is en hom toe begin moker. Ek het Gerbrand omgepraat om nie 'n saak van aanranding aanhangig te maak nie."

Faan kyk weg. "Dankie."

"Wat het jou laat dink hy is die pa?" vra Roark.

"Miempie was verlief op hom. Ek het haar teen hom gewaarsku, maar sy het gesê ek ken hom nie soos hy regtig kan wees nie. Dat sy groot bek en windgat houding maar net 'n masker is. Sy wou nie hoor toe ek vir haar sê dis net skynheiligheid tot hy by haar kry wat hy wil hê nie. En nou ..." Faan se stem breek. "Verskoon my. Ek gaan nou maar."

"Nella se goedjies is in die sak op die stoep." Aengel stap saam met hom buitentoe nadat hy die ander twee gegroet het. "Die sleutels lê bo-op."

"Dankie, Aengel. Al weer."

Sy knik net en kyk hom agterna terwyl hy koponderstebo na die stokou

Jetta toe stap. Met 'n sug draai sy om en gaan weer binnetoe.

“Ek gaan hoor wat Gerbrand se storie is.” Gys het ook opgestaan en is op pad uit.

Roark bly staan toe die speurder Rykmanshut toe koers kry, sy oë vasgenael op die dagboek wat halflyf onder die tydskrif uitsteek. Hy steek sy hand daarna uit, kyk dan na haar. “Mag ek?”

Aengel skud haar kop. “Nee. Los my goed uit.”

Sy wenkbroue wip op, maar hy laat sak sy hand. “Jammer.”

Sy kan nie besluit of hy verskoning vra of sy spyt uitspreek omdat sy weier nie. Nie dat dit saak maak nie. “As iemand hier rond verwys na 'n kroonprinsie wat van sy troon afgetuimel het, na wie dink jy verwys die persoon?” vra sy.

Hy kyk haar takserend aan asof hy besluit of hy wil antwoord of nie, maar sê dan tog: “As dit Nella was en sy het die woord skarminkel in dieselfde asem gebruik, sou sy Gerbrand bedoel het,” bevestig hy haar vermoede. En veel meer.

Gys is verlig Zita het self besluit om koers te kry. Waarheen, weet hy nie, want hy het nie haar motor hoor wegtrek nie. Sy het omtrent net hallo en koebaai gesê voor sy hier uit is. Hy hoop nou net sy steur haar aan sy waarskuwing om nie alleen rond te dwaal nie.

“Daai klein bliksem moenie weer naby my kom nie, oom Gys! Vir al wat ons weet, is dit Faan Fortuin self wat vir Miempie op die paal gesit het.” Gerbrand se bravade klink maar valserig. Zita is klaarblyklik minder bedrewe in noodhulp as Aengel. Gerbrand se ken bloei steeds effentjies. Sy kneukels is rooi en geswel en sy wangbeen ook.

Gys keer 'n skerp antwoord op Gerbrand se verregaande en tog kommerwekkende uitlating. “Die punt is, Gerbrand, kon jy die pa van die kind gewees het?”

Die huiwering is so kortstondig dat Gys nie seker is of dit daar was nie. “Nee.”

“Is jy doodseker? Onthou, ons gaan DNA-toetse laat doen.”

Gerbrand laat sak sy kop.

“Gerbrand, ek gaan jou nog net een keer vra. Het jy geslagsgemeenskap met Miempie Bandjies gehad?”

“Ek het altyd ’n kondoom gebruik.”

“Jy is bewus daarvan dat kondome nie honderd persent effektief is nie?”

“Dit het een keer geglip,” mompel Gerbrand binnensmonds, staan op en smyt die snesie in ’n oorvol asbak.

“Het Miempie vir jou gesê sy verwag?”

Gerbrand druk sy hande in sy sakke en knik. ’n Bloedtepeltjie begin op sy ken vorm.

“Wanneer?”

“Eergisteraand.”

“Danksy die lykskouing en ander inligting wat ons het, kan ons aflei sy is waarskynlik gisteroggend tussen vyf en sewe vermoor.” Gys laat die woorde ’n oomblik lank insink. “En net die aand vantevore het sy vir jou gesê sy verwag.” Hy hou Gerbrand se gesigsuitdrukking dop, probeer sy lyftaal lees.

“Dis nie ek wat haar vermoor het nie.” As hy lieg, doen hy dit goed. Maar hy het seker goeie oefening in sy beroep gekry toe hy nog tweedehandse motors in Niemandsdorp verkoop het voor hy Kaap toe is.

“Wat het jy vir haar gesê toe sy jou gesê het?”

Gerbrand maak nie oogkontak nie. “Dat Strandloper haar kan help met kruie en dat ek daarvoor sal betaal. Al dink ek nie dis my kind nie. Ek het vir haar geld gegee, maar sy wou dit nie vat nie.”

“En wat sê sy toe?”

“Sy wou hê ons moet trou.” Gerbrand gee ’n snork.

“Dit was nie vir jou ’n opsie nie?”

“Jy kan nie ernstig wees nie, oom Gys? Sy’s ’n hotnot.”

Gys kners op sy tande. Maar sy was goed genoeg om te gebruik, wil hy sê, maar hy hou hom in. “Is dit waaroor jy en Strandloper gisteroggend vroeg gepraat het? Oor die kruie?”

Gerbrand knik. “Maar Strandloper het gesê oor die vier maande is te ver vir medisyne. Ek dink sy het moedswillig so lank gewag om my te sê. Sodat aborsie nie ’n opsie was nie. Sy wou my optrick.”

As Dok reg is oor die bloedskande, is die windbol onskuldig, maar dit maak nie die vloek se optrede minder laakbaar nie. Gys dwing homself tot kalmte. “Toe jy agter Aengel Rousseau aan geloop het net voor sy op die liggaam afgekom het, waarom het jy omgedraai?”

“Ek was nie verder lus vir haar upstairsheid nie. Regte klein cockteaser.”

Gys moet hom weer eens inhou. Aengel Rousseau is loshande een van die

mooiste en sensueelste vroue wat hy al gesien het, maar hooghartig en doelbewus uitlokkend is sy allesbehalwe. “En jy het niks gesien nie?” kry hy dit tussen geklemde kake uit.

Weer daardie amper onmerkbaar huiwering. “Ek het gesien daar lê iets, maar hoe kon ek weet dit was Miempie?”

“O’Shea het dadelik die bont rokkie herken. Jy nie?”

Die bloeddruppel aan sy ken bewe effens en drup op die wit T-hemp. Gerbrand kom dit nie agter nie. Hy skud sy kop.

“Gerbrand?”

Sy oë swem ineens in trane. Hy sak in ’n stoel neer en druk sy slape vas asof hy nog probeer keer waar iets in hom geknak het. “Ek het vermoed dis sy, oom Gys. Ek kon nie die rok of iets sien nie, maar ek kon sien dit lyk soos ’n mens. Nie ’n rob of iets nie. Ek het gedink sy het selfmoord gepleeg omdat ek haar nie wou hê nie.”

“Het jy Miempie Bandjies vermoor, Gerbrand?” draai Gys die skroef stywer.

’n Verwoede kopskud en dan kyk hy op. “Nee, oom Gys, ek het haar nie vermoor nie. Ek sweer. Ek het regtig gedink dis selfmoord en toe ek hoor sy is verwurg ...” Hy begin snik. “Ek dink dit was Strandloper. Hy was baie ontstig toe ek hom vertel het van die baba. Het haar ’n hoer se hoerkind genoem. Ek het laas nag nie ’n oog toegemaak nie. Dalk het hy gedink hy doen my ’n guns. ’n Guns waarvoor hy my later sou wou laat betaal het.” Trane drup saam met die bloed van sy gesig af en sy neus het ook begin loop.

“In geld?” Gys haal sy sakdoek teensinnig uit sy sak en gee dit vir hom.

Gerbrand blaas sy neus, vee die trane en bloed af. “In geld en in dagga.”

“Dagga?”

“Dis hoe ek en Miempie met mekaar deurmekaar geraak het. En ek en Strandloper ook. Strandloper het haar voorgekeer, geld gegee en gestuur om ’n zol by my te kom koop. Sy was baie bang vir hom en het my gevra om dit self vir hom te vat. Dit was so ’n jaar en ’n half gelede. Net voor daardie Roark hier aangekom het. Ek was stressed out oor my pa wat bankrot speel en het so nou en dan ’n ietsie gerook om te ontspan. Strandloper het een keer daar by Kooistrand onderkant sy grot op my afgekom. Hy moes dit geruik het.”

Gys knik sy kop langsaam op en af. “Gerbrand, jy besef natuurlik jy praat met ’n speurder, nie net met ’n verlangse oom nie?”

“Ek besef dit, Oom. Ek wil net nie die skuld kry vir iets wat ek nie gedoen het nie. Ek het dagga gerook, ek het nou en dan ’n zol aan Strandloper verkoop en ek het die kat in die donker geknyp met Miempie. Haar dalk swanger gemaak, en geweier om met haar te trou. Maar ek het haar nie vermoor nie. Ek sweer. Ek sou graag die baba wou laat verdwyn. Nie vir Miempie nie.” Hy bêre sy gesig in die sakdoek wat teen hierdie tyd al ’n gemors is. “Ek is dalk ’n vark, ek spyker dalk wat voorkom, maar ek is nie ’n moordenaar nie,” kom dit dofweg deur die lap.

Gys wag tot hy weer sy gesig lig. “Jy het gisteraand vir my gesê Miempie is nie, en ek haal aan, ‘’n hoer’ nie. Maar jy was nogtans nie seker of jy die pa was nie?”

Gerbrand snuif diep en lyk effens kalmer. “Sy was ’n virgin die eerste keer. En toe ek vir haar wou geld gee, wou sy dit nie vat nie. Ook nie die ander kere nie. Hoere vat geld.”

“Dink jy Zita het geld by O’Shea gekry? Jy het immers gesê sy was sy ’n hoer?”

Gerbrand snork. “Wit hoere is nie so obvious nie. Hulle probeer vir geld trou. Dis hoekom ek nie vir haar goed genoeg was nadat my pa bankrot gespeel het nie. Dis hoekom sy agter Roark aan was. Sy het net teruggekom toe ek sê ek dink ek weet waar my grootjie Annie-se-skat begrawe het.”

“Annie-se-skat?” Gys verbeel hom hy het al êrens van die fabel gehoor. Nie dat hy hom kan indink mense glo nog dit bestaan nie.

“Oom weet seker van die skip waarmee Annie Niemand aangekom en wat hier gesink het? Daar is allerhande kakstories oor meerminne en wie weet wat nog, maar die waarheid is dat my grootgrootjie se oom die skip sien vergaan het, ’n klomp goed geraap en êrens begrawe het. Niemand weet waar nie.”

“En jy? Weet jy waar?”

Hy skud sy kop.

Gys het skielik genoeg van die vieslike vent gehad. Hy klap sy aantekeningboek so hard toe dat Gerbrand ruk van die skrik.

“Ek moet met Strandloper praat,” sê hy toe hy opstaan. “Sorg dat hy by my uitkom.”

“Maar ...”

“Vandag nog.” Gys staar hom vas in die oë tot Gerbrand sy skouers kastig traak-my-nieagtig ophaal.

“Ek sal probeer.”

“Nee, Gerbrand Niemand, jy sal nie probeer nie, jy sal slaag. Anders arresteer ek jou nog voor sononder. Al is dit net vir dwelmshandel. En moenie eens daaraan dink om te probeer vlug nie. Ek sal jou kry.”

’n Spottende trek speel om Gerbrand se mond terwyl hy die bevarkte sakdoek na Gys toe uithou. “Moenie dié vergeet nie.”

Gys skud net sy kop. Laat die mannetjie maar dink hy is onder ’n kalkoen uitgebroei, mopper hy in sy enigheid toe hy uitstap, ‘oom Gys’ weet daardie spot het meer met vrees te doen as met bravade.

Roark staan doodstil in die skadu van Rykmanshut toe Gys Niemand uitkom. Sy hart bons nog, maar hy het beheer verkry oor die woede wat hom oorval en aanhou groei het terwyl hy Gerbrand-hulle willens en wetens afgeluister het.

Laer as slangdrek op die seebodem. Dis wat Gerbrand Niemand is. Hy moes nooit ingestem het tot die voorwaarde dat Brand en sy nasate woonreg in die hut behou nie. Dan sou Miempie dalk nog geleef het. Pleks van die vent van Faan af te trek, moes hy ingeklim en Faan gehelp het om hom te bliksem tot net bloeddruppels oorbly.

Dan was hy ook die ongemaklike situasie gespaar toe hy en Zita die vark weggesleep het. Sy het niks gesê nie, maar daardie verwyttende oë het nie woorde nodig nie. Hulle eggo net aanhoudend wat sy laas week vir hom gesê het. “Dis jou skuld. Omdat jy my nie wou gehad het nie.”

Hoekom sy by hom kom bieg het, weet nugter. En wat om met die ongewenste kennis te maak, weet hy nog minder.

Hy hou Gys dop toe dié begin aanstryk Treknet toe. Hy sal gou agterkom hy is voor dooiemansdeur. Robert en Louis was nie sedert gisteroggend agtuur daar nie. Hy het hulle nog sien wegry. En by Klipvis sal hy nie beter af wees nie. Pearlie is ook kort ná Robert-hulle Kruisbaai toe.

Hopelik sal Gys se soektog na nog mense om te ondervra lank genoeg duur dat hy by Mac kan kom voor die speurder daarheen gaan. Hy het meer as sewe appeltjies met sy broer te skil.

Hy wag tot Gys met sy rug na hom toe voor die vissershuisie se deur gaan staan en aanklop, en begin dan oop en bloot aanstryk Perlemoentjie toe, asof hy maar net verby Rykmanshut gestap het van die klippe se kant af. Toe Gys hom sien, lig Roark sy hand in ’n terloopse groet, sonder om sy pas te

verslap. Maar Gys kom nader.

“Is dit hier waar Robert en Louis bly?”

Roark knik. “Meesal net van Sondagaand tot Dinsdagoggende, maar soms kom hulle tog deur die week hierheen. Dis altyd baie stil op die dorp voor die vakansiegangers in volle swang aankom. En dis so ’n mooi dag, die kanse is goed dat hulle later hier sal opdaag, afhangende van hoe dinge by die restaurant gaan. Soos ek gister gesê het, Louis is lief om hier in die baai te swem.”

“Is dit nie gevaarlik nie? Met die seestrome en so?”

Roark skud sy kop. “Dis oukei tussen hoog en laag en as mens aan die kierangkant hou. Dis omtrent net Strandloper wat dit aan die rykmanskant waag en ook maar net om te stroop. Ek dink daardie dryfhoutvlotjie wat ek gister daar gesien het, is dalk deel van sy geheim. Hy hang waarskynlik die sakke vol buit onderaan. Toets dalk die strome ook daarmee. Ieder geval, as Louis vandag kom swem, sal dit so drieuur, halfvier wees.”

“En Klipvis se mense? Ek weet jy het my al gesê, maar ek raak deurmekaar.”

“My halfbroer Mac se seun en sy vrou. Charlie en Pearlie. As hulle kom, sal dit eers ná vyf wees.”

“Dan bly nog net Mac Carmichael oor of hoe?”

Roark se moed sak in sy skoene. Hy het gehoop om eerste by Mac uit te kom. “Ek weet nie of hy daar is nie.” ’n Beweging bokant die kierangklippe trek Roark se aandag af. “Lyk my Strandloper is op pad af.”

Gys frons. “So gou? Is daar enige manier waarop Gerbrand met hom kan kommunikeer?”

“Daar is selontvangs voor die grot, daar waar Strandloper gewoonlik sit, en hier van die hutte af. Net nie op die kierangstrand of in die grot nie. Vermoedelik sny die rotsformasie die sein af of iets.”

“En Strandloper het ’n selfoon?”

Roark grinnik. “Wie het nie?”

“So by my kool,” brom Gys. “Nou toe, miskien kan ek met hom gepraat kry.”

Roark slaag ’n sug van verligting. Dis reeds net ná elf en die dag moet nog kom dat Mac nie twaalfuur koers kry Kruisbaai toe vir ’n paar kouetjies en iets om te eet nie. Al wie weet hoe lank geskei, maar braaivleis, visbraai en spek en eiers is steeds so ver as wat hy sy kulinêre vlerke spreid.

“Yes, brother,” groet Mac waar hy op sy stoep sit, reeds met ’n bier in die hand. “’n Kouetjie vir jou?”

Roark skud sy kop en gaan sit op die stoepmuurtjie, sy rug na die see toe.

“Jy kom kak my uit omdat die Cat weer naby die wrak was, nè?”

“Waar ons dink die wrak is,” korrigeer Roark outomaties.

“Die baby lê daar, Roark, trust me,” reageer Mac net so werktuiglik.

“Des te meer rede om nie oop en bloot daar rond te karring nie. Dink jy Gerbrand is blind?”

“Dit was vroeg, lank voor sy opstaantyd.” Die bier ghloek en sy adamsappel wip freneties soos hy sluk.

As Mac ongemaklik is, blaas sy gesig effens op. En dan lyk hy meer na ’n Viking as ooit. Die mop blonde hare is nou grys en die baard vinnig op pad om spierwit te word, die wange rooier van sy drinkgewoontes as in sy jonger dae. Maar hy lyk steeds asof hy die opgeruimde aanvoerder van ’n barbaarse bende kan wees. Dank die gode hy is nie ’n Bulls-ondersteuner nie. Met ’n stel horings op sy kop sal hy werklik skrikwekkend wees. Sy geliefde Sharks-rugbytrui is erg genoeg. “Nuus vir jou, Mac. Gerbrand het op die kierangstrand met Strandloper gesels. En hy het jou gesien.”

“So? Mag ’n man nie sy Cat vir ’n early morning splash vat nie?” Hy sluk die res van die bier af, plak die bottel onnodig hard neer, breek ’n wind op en vee sy formidabele snor met die sykant van sy hand af. “Jy worry te veel, bro.”

“En jy is te onverantwoordelik. Hoeveel Libertine-porselein het jy in die Kaap verkoop?” vuur hy die aanval skielik op Mac af.

Die fletsblou oë rek en vernou dan ergerlik. “Waarvan praat jy?”

“Of in Franschhoek, om meer presies te wees.”

“Ek het een keer, net een keer, ’n bord aan ’n Valie verkoop. Daarvan weet jy en daaroor het jy my genoeg uitgekak en buitendien die bord teruggekoop gekry. Die bord wat Miempie — bless her soul — gebreek het, wou ek vir myself gehou het. As collateral dalk, maar nie om dadelik te verkoop nie. Net in case ek weer agter raak met die terugbetaling van my skuld. En as ek die bord moes verkoop, sou dit weer aan ’n Valie gewees het wat bugger all van shipwrecks af weet. Hoeveel keer moet ek dit nog vir jou sê?”

“En hoeveel keer moet ek vir jou nog sê dat ek die borde sal koop? Maar dit daar gelaat. Aengel Rousseau wat, soos jy seker agtergekom het, ’n paar dae gelede in die kieranghut getrek het, het ’n Libertine-porseleinbakkie. Sou

jy dit aan toeval toegeskryf het as jy in my skoene was?” troef Roark.

“Ek het die girl gesien. Mens kyk nie die model vir ‘Birth of Venus’ mis nie, maar ek het haar nog nie eens ontmoet nie!” Mac gooi sy enorme hande in die lug. “Hoe de fok kon ek ’n porseleinbakkie — waarop ek terloops nog nie my oë gelê het nie — aan haar verkoop?”

“En aan François du Randt?”

“Read my lips, bro. Twee borde — guilty. Verder sweet blue all.” Mac hys sy logge twee punt twee meter lange lyf uit die stoel, stap bakarm en swaar van voet soos die reus in *Jan en die boontjierank* binnetoe, en kom met twee biere terug. Hy prop een in Roark se hand en gaan sit weer.

Roark staar peinsend na die kasteeltjie op die etiket sonder om dit regtig raak te sien. Hy ken sy broer al vandat sy oë die eerste lewenslig aanskou het. Mac was ’n dertienjarige knaap toe Roark gebore is en het hom alles geleer wat ’n broer of selfs ’n pa hom moontlik kon leer. Hulle was selfs saam in Alaska om vis te pak. As dit nie vir Mac was nie, sou hy waarskynlik druipstert teruggekom en in die spore van sy mislukking van ’n pa gevolg het.

Mac is ’n grootprater en ’n liegbek, maar onder die bombasme en hardkoppige stiksienigheid, steek Mac ’n hart van goud weg. Hy weet nie altyd wanneer Mac lieg nie, maar daar is tye wanneer hy sonder twyfel weet Mac praat die waarheid. En dis nou een van daardie kere.

Roark draai die proppe af en lig die botteltjie in ’n spottende heildronk. “Dan gaan ons moet agterkom waar me Rousseau daaraan gekom het.”

Mac breek nog ’n wind op. “Whatever.”

Roark sluk behaaglik aan die yskoue bier. Dis miskien ’n raps vroeg, maar dit gaan goed af ná al die gebeure van die oggend. “Jy weet van Miempie, nè?” vra hy na die tweede lang sluk.

Mac bly lank stil terwyl hy wegkyk oor die see. “Ek hou juis so op my eentjie ’n wake vir haar.” Roark sien die traan raak net voor dit in die welige baard wegsypel.

Sy oë is rooierig en baie blink toe hy weer na Roark kyk. “Fok, bro, ek voel so sleg. Ek moes nie so hard op haar gewees het nie. After all, dit was net ’n bord.”

Dit was nie, weet Roark, maar sê niks. Sy grootbek softie van ’n broer weet so goed soos hy dat daardie bord baie meer as een paaient op sy yslike hoop skuld kon afbetaal het. Om van geskiedkundige waarde nie eens

te praat nie.

“Het jy geweet sy was swanger?” Roark verwag dat Mac verras sal wees, maar sy enigste reaksie is om weg te kyk na Derdebaai se horison.

“Mac?”

“Nee, ek het nie geweet nie, maar ek het dit vermoed. Sy het een keer siek geword terwyl sy vir my kom opruim het.”

“Hoekom het jy my nie gesê nie, Mac? Ek kon haar probeer help het.”

Mac se snor tril toe hy weer na Roark kyk. “Jy kan nie almal se probleme oplos nie, Roark. Jy is nie ons almal se hoeder nie. Jy is nie die redder van elke perlemoen en alikreukel nie. Nie die bewaarder van elke bliksemse stuk porselein wat hier uitspoel nie. Jissis, bro, jy’s nie ’n vrot broer nie en jy kan deurgaans vir ’n redelik goeie vriend, but you’re lousy at playing God. Stop acting like you can save the whole fuckin’ universe. You can’t!”

“Ek probeer niks van die aard doen nie.”

“Bull! Hou op om ander mense se stront uit te sorteer. Clean up your own act. Dis donners hoog tyd dat jy weer ’n lewe kry. En ek praat nie van ’n roll in the hay met ’n klein tert soos Zita nie. Vergeet van Mia en vergeet van al die girls wat jy deurgedraf het. Get a wife and get a life en los ander mense uit. En dit sluit my in, oukei?”

Roark het moeite om sy ergernis te betoel, maar hy weet ook dit sal hom niks help om in ’n argument met Mac betrokke te raak nie. “’n Wife is die laaste ding wat ek nodig het, en jy is die laaste een wat my kan kritiseer. Hoeveel jaar is jy nou al geskei?”

Mac antwoord nie, staan net op en verdwyn die huis in. Roark hoor die yskas ratel en weet nog ’n bier is op pad. Wat hy nie weet nie, is waarom Mac nou eintlik ontplof het.

SEWE

2 Desember — midoggend

“Hy’s sleg. Nes sy pa.” Die geel oë bly nie lank op een plek nie; wip oor Gys, om hom, agter hom, langs hom, maar kyk hom nooit vas in die oë nie. “Net ’n sleg man wil sy eie kind doodmaak. Net ’n sleg man gooi sy eie meisiekind weg.”

Verbeel hy hom of praat Strandloper van twee verskillende kinders? “Watter meisiekind is weggegooi?”

“Nella se kind.”

“Miempie? Wie het haar weggegooi?” Dis soos tande trek, weet Gys nou al. Strandloper is ’n man van min woorde en boonop ’n slinkse een ook. Gys twyfel sterk of hy die waarheid as heilig beskou.

“Die sleg ding se pa.”

“Wie?” Gys probeer sin maak, maar iets klop nie.

“Brand Niemand.”

Begrip daag stadig. “Verstaan ek jou reg? Miempie Bandjies se biologiese pa was Brand Niemand? Gerbrand se pa?”

“Sê mos so.”

Miempie is Gerbrand se halfsuster? Die gebrekklike fetus maak sin. Het Aengel Rousseau dit geweet of geraai? “Het Brand vir Nella verkrag?”

’n Skud van die kop. “Betaal.”

Dis een van vele kere dat Gys spyt is hy hoor die dinge wat hy hoor. Hy ken Nella nie goed nie, net skramsweg as Delphine se skoonsuster en Fortuintjie se tante, maar het agting vir haar gekry die paar keer wat hy met haar te doen gehad het. Aan die ander kant, voor mens nie in ’n ander se skoene gestap het nie ... “Waar was jy gisteroggend tussen vyf en sewe?”

“Grot.”

“Nie by Rykmansklip nie?”

“Grot.”

“Maar jy het seweur se kant met Gerbrand gepraat.”

Die ogies flikker weer herwaarts en derwaarts. “Hy wou weet van die medisyne. Ek het gesê sy’s te ver.”

Gys onderdruk ’n sug. “Wat het jy gistermiddag by die liggaam gemaak?”

“Die arikruik was nog goed. Mens mors nie.” Strandloper gaap oopmond en geeltand. Dis nou die paar tande wat nog oor is. Sy gesig verplooï soos ’n ou, droë perske voor dit weer die gewone vorm aanneem. Dis nie ’n groot verbetering nie.

“Het jy enigiets anders as die sak met alikreukels gevat?”

Hy skud sy kop.

“Wanneer het jy die liggaam opgemerk?”

“Toe die nuwe vrou op pad was.”

“Hoekom het jy afgegaan as jy geweet het sy is op pad?”

“Die arikruik.”

“Hoe het jy geweet daar is alikreukels in die sak?”

“Kon sien. Staan vet.”

Gys raak moeg vir die gesukkel. “Strandloper, het jy iets met Miempie Bandjies se dood te doen gehad?”

Vir die eerste keer maak die geel oë vir ’n breukdeel van ’n sekonde met Gys s’n kontak. “Nee.”

“Weet jy wie het?”

“Soek die net.” Die een oomblik staan hy nog voor Gys en die volgende skarrel hy teen die rotslyste op soos ’n langarmaap.

’n Brandertjie storm op sy voete af en Gys spring eenkant toe, maar dis te laat. Die gety het hom ingehaal. Hy draai met ’n sug om en stap met deurweekte seilskoene na die vissermanshuise.

Op Rykmanshut se stoep sien hy Zita se rooi rok. Hy sal haar eerder die nuus ontsien en later met Gerbrand gaan praat. Het die vloek geweet Miempie is sy halfsuster? Gys twyfel. Maar as Gerbrand geweet het en toe moes hoor sy verwag, het hy soveel meer rede gehad om haar uit die weg te ruim.

Soek die net, het Strandloper gesê. Gys steek vas. Rykmanshut se stoep is aan die een kant toegemaak. Beskutting teen die Noordwester wat in die winter soos ’n mini-orkaantjie hier kan deursleep. En waarmee is dit nogal toegemaak? Met deklatte en visnet.

Gys se oë dwaal na die ander vissershuse en die opwinding bedaar. Die

ander drie se inwoners het aan dieselfde plan gedink.

Hy is natgesweet toe hy om Mac Carmichael se Perlemoentjie gestap kom. Gys het die reus van 'n man al in die verbygaan ontmoet en sien Mac dikwels op die pizzaplek se dek sit, maar hy verwonder hom altyd aan hoe groot die man in werklikheid is. Sy broer is lank en stewig gebou, maar Mac is letterlik 'n reus. Hoe sagsinnig hy is, sal Gys nie kan sê nie.

Die twee sit en bier drink op die stoep. Hulle lyk nie alte vriendelik nie. Gys moet eers asemskep aan die voetpunt van die trap. Nog deklatte en visnet aan die Noordwester se kant begroet hom toe hy nader stap, maar die stoep se dak het boonop 'n gedrapeerde netplafon.

“Inspector Clousseau!” word hy deur die reus begroet. “'n Kouetjie vir jou?”

Gys skud sy kop. “Nee, dankie. Mône, Mac.”

O'Shea kom orent van die stoepmuurtjie en beduie na die enigste ander stoel. “Kom sit, ek is juis op pad.”

Gys is verlig om sy lyf van sy bene af te kry. Die sandlopery vreet sy kuite.

O'Shea maak sy bier klaar en sit die leë bottel op die tafel neer. “Dankie, Mac. Sien jou. Tot siens, Luitenant.”

“Bye, bro.” Mac Carmichael kyk na Gys toe O'Shea om die hoek verdwyn. “Jy's hier oor Miempie?”

Gys knik.

“Ken jy die Pink Panther-movies?” Hy wag nie op 'n antwoord nie. “‘There is a time to laugh and a time not to laugh, and this is not one of them’. Nogal gepas, dink jy nie?”

Gys is nie seker wat hy bedoel nie, maar dis duidelik dat die bier in sy hand nie die eerste is nie.

“En wat van die een: ‘He who don't know nothing know something, eh?’” 'n Rammelende lag skud deur Carmichael se lyf, maar die trek in sy oë verrai dat die man iets probeer besweer. Dan raak hy ernstig. “Never mind Pink Panther. As ek iets weet, weet ek nie dat ek dit weet nie. Maar fire away.”

Gys besluit om die man eerder met 'n draai te benader. “Ek is eintlik op soek na 'n bietjie agtergrond.” Ondanks sy jovialiteit is daar 'n amper tasbare bedugtheid wat uit hom straal. “Hoe het jy en jou broer hier op Kierangbaai beland?”

“Mag ek vra wat dit met Miempie se moord te doen het?” Die bedugtheid

het in wantroue omgeskakel.

“Nie met die moord self nie. Nie direk nie. Maar agtergrond kan mens help om ’n moord in konteks beter te verstaan. En as mens eers verstaan waarom die moord gepleeg is, is dit makliker om agter te kom deur wie.”

Mac draai die bierbottel om en om in sy groot hande. “Roark moet jou maar vertel hoe hy hier beland het. Ek mind nie om van myself te vertel nie, die meeste mense hier ken anyway die storie.” Hy kyk weg oor Derdebaai, die groter baai aan die Kaapse kant van Rykmansklip. “Wil jy die lang of die kort version hoor?”

“Hoe meer agtergrond ek oor mense het, hoe beter verstaan ek dinge.” Dit het Gys op die moeilike manier geleer. As hy destyds die stories hier op Kruisbaai nie as skinderstories afgemaak het nie, het hy dalk baie gouer die moordenaar aangekeer wat Lily Brink amper die ewigheid ingestuur het.

“Oukei, ons is halfbroers, soos jy seker nou al weet. Ná my pa se dood het my ma met ’n dronkgat maar baie plesierige Ier getrou. Roark was die gevolg. Ons het ’n moeilike lewe gelei, veral toe Brian O’Shea ook dood is. Hy was ’n shunter op die spoorweë. Tussen treintrokke beland terwyl hy van diens en gesuip was. Daar was geen kompensasie nie. Roark was nog nie eens in die hoërskool nie; ek het al gewerk. Daar was nie geld vir studie en allerhande kak nie.” Mac neem nog ’n lang sluk.

“Ek het op seiljagte begin werk. Eers in die Kaap, later in Durban. Nadat ek vir jare ’n lewe uit seil probeer maak het, is ek Alaska toe om te gaan vis pak. Big bucks te maak. Om vir my ’n seiljag te kan koop. Ek het genoeg bymekaar gekry om ’n huis vir my vrou en Charlie te koop, en ’n seiljag vir my. Charlie was opgeskote toe ons geskei is. Ek het alles verkoop waarmee die vrou nie weg is nie en die Cat gekoop. Op en vir die boot geleef en gewerk. Toe kom Charlie met die scheme van die Adventure Centre hier. Wou eers net die surfshop begin en dan later uitbrei. Ek wou my seun help. Die Cat was feitlik afbetaal en ek het ’n lening uitgeneem en die Cat as collateral gebruik. Daar was ’n verneukspul van die ontwikkelaars, jy onthou seker nog die gemors met Fritz Reynecke destyds? Die man wat daar by Springklip afgesmyt is?”

Gys knik.

“Dis reg ja, jy was mos nog die sarge in charge. Anyway, ons het amper alles verloor, maar toe kom dit mos weer reg toe Ben Brink en sy konsortium ingryp. Toe begin Charlie die Adventure Centre en ek bring die Cat hierheen

om dit vir trips te gebruik. Dis hoe ek hier beland het.”

“En gaan dit voorspoedig?”

Mac gooi die laaste van sy bier in sy keel af. “Dit gaan oukei.”

Dis nie wat Gys gehoor het nie.

“Soos ek altyd vir Charlie sê: Adversity is the foundation of virtue.” Hy gee ’n bulderende lag. “Laat ek jou sê, as dit so is, is ek die most fuckin’ virtuous man in die wêreld.”

Gys kom regop. “En jou broer? Hoe het hy dan so ryk geword?”

“Hy het vasgebyt. Eers in Alaska en daarna in die Beringsee. Aangehou lank ná ek terug is. ’n Kakhuis vol geld gemaak en slim belê. Lady Luck was natuurlik ook aan sy kant, maar dit was nie net dit nie. Hy is die een met die breins. Hy is ’n Midas. Waaraan hy ook al vat, verander in goud. Dis waar ons verskil. As ek aan iets vat, verander dit in stront.”

“Wat was jou verhouding met Miempie Bandjies?” Gys is regtig nie lus om te hoor van broederlike naywer of selfbejammering nie — watter een van die twee dit ook al is. Miskien nog albei.

“Sy het nou en dan my huis opgeruim. Tot sy goed begin breek het. Van toe af het haar ma oorgeneem.”

“Wanneer het jy haar die laaste keer gesien?”

“Gisteroggend. Ek het haar van die Cat af gesien. Sy was op pad Rykmansklip toe. Dit was so halfses se kant.”

“Het jy toeriste met die boot uitgeneem?”

Mac skud sy kop. “Net gechill.”

“Het jy gesien of sy met enigiemand gepraat het of enigiets anders?”

“Nee. Ek het bietjie geskuba. Was so veertig minute onder. Toe ek opkom, was sy weg.”

Gys herkou sy antwoord ’n oomblik lank en wonder hoekom die man so halfteensinnig klink om te erken hy het geskuba. “Is mens nie veronderstel om nie alleen te duik nie?”

“Ek is ’n duikinstrukteur. Ek weet wat ek doen.” Mac steun orent. “Gotta take a piss.”

“Aengel?” roep Roark met ’n frons. Maar daar is geen antwoord uit die skuurtjie nie; nes sy geklop aan haar voordeur geen reaksie opgelewer het nie.

Sou sy nou waaragtig teen die waarskuwings in gaan stap het? Hy swaai om en fynkam die baai met sy oë. Dis amper hoogwater. Aan die kierangkant is daar feitlik geen sandstrook oor nie. By Rykmansklip spat branderskuim die lug in, die skiereiland is weer toe. Die strand tussen die twee is leeg.

Roark rek sy treë na die agterkant van die skuur. Die RAV staan nie onder die afdak nie. Hy sug verlig en besef nou eers dat hy bekommerd was. Sy is seker Kruisbaai toe. 'n Vluchtige blik op sy polshorlosie bevestig dat dit net voor twaalf is.

'n Oomblik wik en weeg hy, draf dan na sy huis toe. Hy lig die stel duplikaatsleutels van die sleutelrak in sy studeerkamer af en kry sy vergrootglas uit sy lessenaarlaai. Gys Niemand se bakkie het intussen verdwyn, merk hy op toe hy weer luiters afstap ondertoe. Voor Kieranghut se agterdeur bly hy staan en kyk om hom rond. Nie 'n siel in sig nie.

Asof dit sommer net 'n gewone stuk skottelgoed is, staan die skulpvormige blou bakkie in die afdroograk. Die vergrootglas bevestig wat hy vermoed het. 'n Vluchtige ondersoek van haar kaste lewer twee soortgelyke bakkies op — een groter en een kleiner. In haar kamer langs haar bed staan 'n kruikie van dieselfde porselein met drie Annie-se-trane-spriete daarin.

Roark laat rus sy voorkop in sy hand. Waar de bliksem het sy die goed vandaan gekry? Nie een het 'n krakie of 'n tzip nie. As dit nie Mac was nie, as dit regtig erfgoed is ... Maar hy is deur elke donnerse inventaris van elke museum waaraan hy kon dink en kon nêrens van die Libertine-ware opspoor nie. Soortgelyke porseleinware, ja, maar nêrens 'n enkele stuk met die verdoeselde embleempie tussen die blomblare nie.

Hy stap ingedagte terug na die sitkamer. Kyk rond of hy nie hier dalk iets misgekyk het nie. Die ou boek wat halflyf onder 'n tydskrif op die wakis lê, trek weer sy aandag. Hy kyk eers mooi hoe dit lê sodat hy dit weer reg kan terugsit en tel dit dan op. Lyk oud maar is nie oud nie, sien hy dadelik en wil dit net weer onder die tydskrif inskuif toe die goue French Script letters op die buiteblad tot hom deurdring. *Angelique d'Avignon (5 Oktober 1797 — 8 Desember 1862)*

Hy blaai die boek oop, kom agter sy vingers begin bewe terwyl hy die inskripsie voorin lees. Die letters dans voor sy oë rond. Net een woord bly stilstaan: Libertine. En toe tref die volle besef hom.

Angelique d'Avignon, of Annie Niemand, soos sy hier rond genoem word, het 'n erfgenaam. En daardie erfgenaam is nie die nageslag van die dogter

wat by die strandlopers grootgeword en bekend gestaan het as Annieskind nie. Ook nie die nageslag van Annie se oudste seun André Jacques Niemand, wie se oudste seun die klipkasteel gebou het nie. En ook nie die nageslag van Annie se tweede dogter Armandine Niemand nie.

Daardie erfgenaam is Aengel bliksemse Rousseau.

Die blou porseleinware maak skielik sin. Dit moet uitgespoel het toe Annie Niemand hier gebly het. Op die een of ander manier ... Dit kan hy later uitpluis. Ook die kwessie dat Annie toe klaarblyklik nie dood is nadat sy haar dogter Armandine in die Kaap afgelaai het soos hy geglo het nie. Dat sy weer getrou het. Nog 'n kind gehad het. Gabriël.

Roark druk die boek voor by sy hemp in. Hy maak die agterdeur op 'n kier oop, bespied die omgewing vlugtig en glip uit. Gemaak rustig stap hy na die kliphuis toe, maar in hom woel 'n vulkaan van frustrasie wat dreig om tot uitbarsting te kom.

Hierdie nuwe inligting kan al sy planne vir die porselein en ander artefakte wat hy versamel het, in die war stuur. Dit beteken waarskynlik ook dat die halssnoer eintlik vir Aengel toekom. Se gat, besluit hy. As hy dit nie uitgeduik het nie, sou dit nou nog in die see gelê het.

Die enigste ding wat hom aanstaan van die hele kwessie, is dat Gerbrand Niemand lelik op sy neus gaan kyk. Of hy nou in sy gesoek na Annie-se-skat slaag of nie, Gerbrand Niemand gaan aapstuipe kry wanneer hy hoor hy is nie meer die enigste wettige nasaat van Annie Niemand nie.

Aengel laai die laaste sak kruideniersware in die RAV en pak die yskasgoed in die koelsak wat sy saamgebring het. Sy sluit die deur en stap na die waterfrontkompleks aan die oorkant van die supermarksentrum. Saam vorm die twee die totale sakegebied van Kruisbaai.

Die geur wat van die pizzarestaurant af nader dryf, laat haar mond water, maar haar honger moet voorlopig wag. Sy wil eers met Pearlle Carmichael gesels. Hulle het mekaar net vlugtig ontmoet toe Aengel die eerste keer hier was en by die skulpwinkel ingeloer het.

Die vertoonvenster is effens voller as laas, sien Aengel, maar sy wonder of dit regtig kopers sal binne lok. Die visnet wat as agtergrond dien vir die uitstalling, hang plek-plek bak en die skulpvoorwerpe lyk stowwerig. 'n Paar bewers lyk interessant, maar 'n bietjie lukraak aanmekaargesit.

Pearlie is besig om op haar selfoon te praat toe Aengel binnestap. Sy is nog blonder as wat Aengel haar onthou en dis al asof sy nog 'n bietjie meer uit haar kortbroek en styfpassende bloesie peul. Die rede vir haar oorgewig, volgens Pearlie, sit op die vloer met 'n paar skulpe en speel.

“Hallo, Lulie,” groet sy die popmooi dogtertjie en gaan hurk by haar. “Onthou jy my? My naam is Aengel. Ek het so rukkie gelede skulpies hier gekoop en toe het ons so lekker gesels.”

Lulie kyk Aengel met groot blou oë aan.

“Ja, Daddy,” hoor Aengel Pearlie sê. “Ek weet, maar daar is niks wat ek daaraan kan doen nie. Jy weet mos Charlie weier dat ons ingevoerde skulpe aanhou. Nee, ook nie seesterre nie, en veral nie blaasoppieliggies nie.”

Aengel skat Lulie so amper drie. Die blonde haartjies krul soos 'n stralekrans om haar koppe. “Ek het ook skulpies,” lispel sy.

Aengel knik. “Ek sien so. Hierdie een is 'n kauri.” Sy druk haar vinger op die eerste skulp. “En hierdie drie persetjies is janthinas.”

“Nee, Daddy, hy weier nog steeds om geld by jou te leen en die konsortium was lank geduldig, maar hulle begin ons nou vra om die lening self te begin terugbetaal, nie net die rente nie. Hulle verstaan die teerpad wat soveel langer gevat het, het ons befoeter, maar daar is 'n afsnypunt. Ons hoop maar net dit gaan beter hierdie seisoen noudat die pad uiteindelik klaar geteer is. Delphine sê die besprekings vir die chalets tel mooi op. Mac het darem 'n paar trips vir die Cat, en Charlie se snorkelroete is uitgeboek. Dis 'n begin.”

Die plomp en tog delikate vingertjies hou die ronde skulp na Aengel toe uit. “En die een?”

“Dis die dekseltjie van 'n alikreukel.”

Lulie giggel. “'n Wat?”

“Oukei, Daddy, ek het 'n customer. Ek moet gaan.”

“'n Alikreukel.” Aengel kyk in die winkeltjie rond en sien 'n mandjie met alikreukelskulpe op 'n lae tafeltjie staan. Sy strek haar arm, haal een uit en wys dit vir Lulie. “Dis 'n alikreukel.”

“Ja, Daddy kan maar vir Lulie op Kersfees bederf, maar moenie vir ons groot geskenke koop nie. Daddy weet hoe Charlie daaroor voel.”

Aengel draai die skulp om. “Sien, die slak woon hierbinne in die tonneltjie. Dis sy huis en die skulpie wat jy vashou, is die huisie se deur.”

Lulie gee vir haar die dekseltjie aan en Aengel pas dit oor die alikreukelskulp se bek. “Kyk hoe mooi pas dit.”

“Nee, ek weet nie hoekom sy vermoor is nie. Dis seker maar ’n kleurlingding. Ja, ek sal versigtig wees. Oukei, bye, Daddy.” Aengel hoor Pearlie sug voor sy sê: “Skuus, dit was my pa. Hy laat mens nie toe om hom kort te knip nie.”

“In die haak.” Aengel kom regop uit haar gehurkte posisie.

“Ek het jou gesien die dag toe jy ingetrek het, maar wou nie kom pla nie. En toe met die Miempie-ding ...” Pearlie lyk effens ongemaklik. “Is jy darem nou gesettle?”

Aengel knik. “Ja, dankie. Ek het vir jou die foto’s gebring soos ek laas belowe het.”

Pearlie trek-trek aan haar kortbroek se pyp. “Um, jy weet, ek weet ek het gesê ek kan jou goed aankoop, maar dinge was ’n bietjie stadig die afgelope tyd. Die beste wat ek kan doen, is om jou goed op consignment te vat. Ek sal dit net drie en dertig persent opmerk en dan kan ek jou betaal soos dit verkoop.”

Aengel haal die pakkie foto’s uit haar handsak en begin dit op die toonbank uitpak. “Kyk maar eers of jy dit wil aanhou. Ek weet nie wat goed by jou verkoop nie.”

“Kassie se mobiles doen nie te sleg nie. Toe ek die winkel die eerste keer oopgemaak het, het die ingevoerde goed lekker verkoop, maar Charlie het ’n probleem daarmee. Hy sê die mense roei die riwwe uit en het ingestem dat ek weer kan oopmaak as ek belowe om niks anders as optelgoed aan te hou nie.”

“Ek gebruik optelgoed, Pearlie, en ook net inheemse skulpe. Ek het ook nie ’n probleem met consignment nie.” Aengel staan terug dat Pearlie na die foto’s kan kyk. “Onthou, nie een lyk dieselfde nie. Nie eens die armbande nie. Die foto’s is bloot om jou ’n idee te gee.”

Pearlie tel die eerste foto op en hou dit nader aan haar oë.

“Dis ’n muurbehangsel. Ek het ’n stuk visnet wat ek opgetel het gebruik. Die stok waaraan dit hang, is dryfhout.” Aengel verduidelik hoe sy die verskillende soorte seewier behandel en watter soort skulpe sy gebruik het, maar dit lyk nie asof Pearlie luister terwyl sy die een na die ander foto bestudeer nie.

Uiteindelik draai sy na Aengel toe. “Hierdie is nie skulpgoeters nie, Aengel. Nie die kitsch wat my pa invoer nie. Dis art. Jy moet by Lily Brink uitkom. Sy het die kunsgalery daar in die Visvrou. Dis waar jou goed behoort te wees. Nie tussen my junk nie.”

Aengel kyk haar verras aan.

Pearlie glimlag effens. “Ek is miskien ’n dumb blonde, maar my ma is ’n gesofistikeerde vrou. Sy het my van kuns geleer al is dit nie my scene nie. Haar familie kan nou nog nie glo dat sy met ’n kommin man soos my pa getrou het nie.” Trane wel meteens in haar groot blou oë op. “Maar ek is lief vir hom al is hy kommin en ek wens hy en Charlie wil nou die strydbyl begrawe en klaarkry. My senuwees hou dit nie. En dis ook nie asof Charlie ’n engel is nie! Hy moenie dink ek weet nie hy en daai Zita ...” Pearlie swaai weg, mompel “Sorrie” en verdwyn agter ’n kralegordyn.

Aengel hoor haar snik en oorweeg dit om agter haar aan te stap, maar die windharpie by die deur klingel. Die man wat binnekom, lyk windverweer en nie alte vriendelik nie, al dwing hy ’n effense glimlag na sy mond toe hy met ’n kopknik groet.

“Pappa! Pappa!” Lulie spring op en slaan haar armpies om die man se gespierde bene.

Charlie, lei Aengel af. Hy tel Lulie met ’n geoefende beweging op sy heup. “Waar is Mamma?” vra hy met ’n Engelse aksent.

“In die toilet. Mamma huil. Sy’t met Oupa Kaap gepraat.” Lulie se mond begin trek asof sy ook op die punt is om in trane uit te bars.

“Sj, liefie, dis oukei.” Hy druk ’n soen op haar kroontjie en die mondjie begin weer ontspan.

Aengel maak die foto’s bymekaar. Een gly uit die bondel en fladder vloer toe. Charlie buk en tel dit op met Lulie wat soos ’n vinknessie aan sy arm hang. Hy mik om dit vir Aengel aan te gee, maar bekyk dit dan van nader.

“Maak jy dit?” vra hy toe hy opkyk.

Aengel knik. “Van optelgoed,” sê sy vinnig, voor hy haar ook beskuldig dat sy riwwe uitroei.

“Dis stunning.” Hy gee die foto vir haar terug. “Verkoop jy?”

Aengel druk die foto’s weer in haar handsak. “Ek maak dit eintlik vir die lekker, maar ek moet êrens daarvan ontslae raak, ja.”

“Ons kan ongelukkig nie aankoop nie. Dis jammer.”

“Ek het klaar vir haar gesê.” Pearlie kom weer ingestap met ’n snesie teen haar neus gedruk. Die gordyn se kralestringe ritsel en dans agter haar.

“Dis in die haak.” Die atmosfeer tussen die twee kan met ’n mes gesny word. Aengel gee Lulie se kaal voetjie ’n drukkies in die verbystap. By die deur huiwer sy en draai om. “Ek is heeltemal gelukkig met consignement,

Pearlie. Ek wil nie my goed in 'n galery verkoop nie. Laat weet my as jy na die stukke wil kom kyk, of val sommer in. Ek pak nou juis alles uit.” Aengel knik 'n groet in Charlie se rigting, waai vir Lulie en ontsnap met 'n ingehoue sug van verligting.

“Hallo, gorgeous,” groet Robert toe sy by die pizzeria instap. Hy glimlag van oor tot oor, maar sy jovialiteit lyk nie so opreg soos toe sy die vorige keer hier was nie. “Ek het gewonder wanneer gaan jy hier gaan uitslaan. Agter Louis se famous mossel-chowder aan?”

Aengel glimlag en skud haar kop. “Bietjie warm vir chowder, en die pizza ruik te lekker. Hallo, Robert.” Net drie tafels in die restaurant is beset, sien sy terwyl sy agter Robert aanstap. Hy trek vir haar 'n stoel uit by 'n tafel met 'n lieflike uitsig op die see en sit die spyskaart met 'n oordrewe knak van die pols voor haar neer toe sy sit. Die ring aan sy plomp pinkie flits.

“Iets te drinke solank?” Sy uitgedyde wange blink, maak hy lyk effens bleek.

“Het jy sauvignon blanc per glas?”

“Ek sal 'n bottel oopmaak. Sal wel die res gesmous kry. Bon Courage, oukei?”

“Heerlik, dankie. En enige seekospizza, asseblief.”

“Die Strandloper-pizza is great. Ons het Rykmansklipmossels daarop.” Hy is op die punt om weg te draai toe hy sy hand oor sy mond slaan. “Ag, jimmeltjie, ek onthou nou net. Ek verstaan dis jy wat onse Miempie gekry het? Is dit nie verskriklik nie? Is jy darem oukei?”

Aengel knik, nie baie lus om daaroor uit te brei nie. Sy het juis besluit om Kruisbaai toe te ry om tot verhaal te kom ná al die drama die afgelope tyd.

“En ek hoor sy was in die anner tyd. G'n wonder sy het die kombuis vol ... was so olik gewees nie.”

Nuus versprei definitief vinnig hier rond, besef Aengel.

“Ag sjym. Sy was nou nie juis die bekwaamheid vanself nie, maar het ook nie veel kwaad in haar gehad nie. Was net altyd baie onoordeelkundig met wat sy kwytingeraak het.” Robert skud sy kop. “Mens wonder nou net wie die pa van die bybie was. Maar wag, ek sit gou jou bestelling in.”

Robert is vinnig met die wyn en dis yskoud. Sy proe behaaglik en voel die knop op haar maag geleidelik ontspan terwyl sy na die branding van die see kyk. Hooggety begin weer plek maak vir laaggety. 'n Nimmereindigende wisseling, asof die Skepper elke ses uur sy hand deur die waters sleep.

Nog 'n man en 'n vrou met 'n luidrugtige seuntjie van so sewe kom in. Sy moet haar glimlag agter haar wynglas wegsteek toe Robert die kind diplomaties daarop wys dat die visnet wat teen die muur gedrapeer is, nie 'n swaai is nie. En nee, hy mag ook nie aan die dryfboeie wat as versiering dien, pluk nie. En die stringe alikreukelskulpe is ook nie speelgoed nie. Sy sien hoe hy sy oë rol nadat hy hulle bestelling geneem het en omswaai kombuis toe.

Sy is net mooi halfpad deur haar glasie wyn toe die pizza voor haar ingestoot word. “Eet smaaklik.” Dis nie Robert se stem nie.

Aengel kyk op. Tall, dark and handsome, som sy hom op. Broeiende oë. Die glimlaggie geforseerd, die wenkbroue effens hooghartig geboog. “Dankie.”

“Ek is Louis. Robert se vennoot en die kok. Ons het mekaar nie ontmoet toe jy laas hier was nie.” 'n Spiertjie spring in sy wang. “Robert sê dis jy wat Miempie gekry het?”

Aengel knik. Die seekoswalm wat van die pizza opstyg, is ineens nie meer so watertand nie. Sy hoop die mossels is gepluk voor Miempie ...

“Tragies.” Dit lyk asof Louis nog iets wil sê, maar hy knik net. “Eet smaaklik,” herhaal hy voor hy wegdraai.

Aengel kyk af na die pizza. Die mossels staar terug. Mossels wat kom uit dieselfde water waar Miempie 'n dag lank rondgedryf het. Sy kyk liewer weg, maar toe sy weer die stuk net teen die muur raaksien, onthou sy wat sy agter 'n ander stuk net gesien het. Haar maag maak 'n draai. Sy spring op en maak dit net betyds tot by die toilette.

Wat het haar besiel om seekos te bestel? wonder sy nadat sy vir die tweede keer in twee dae van ete en drinke deur haar keel ontslae geraak het. Mag van die gewoonte dalk, dis haar gunstelingpizza, maar kon sy nie betyds verder gedink het as wat haar neus lank is nie? Sy spat fyn waterdruppeltjies teen haar wange en druk dit droog. Haar keel brand en sy drink 'n paar slukkies water sommer so uit die kraan uit. Dit smaak na kalk. Sou dit ooit geskik wees vir menslike gebruik?

Sy weet nie en gee op hierdie oomblik ook nie juis om nie. Wat sy wel weet, is dat sy nie daardie pizza in haar lyf gaan kry nie; nie eens daarna sal kan kyk nie. Sy snuit haar neus. Sy sal aan Robert moet verduidelik. Vra dat hy net eers van die pizza ontslae raak voor sy haar handsak gaan haal. Dit moet sy lief nie voor die ander mense in die restaurant vra nie. Al is daar hoe min van hulle, kan dit hom in die verleentheid stel.

Aengel druk die toiletdeur oop en stap op die kombuisgeluide af.

“As jy nie vir jou regruk nie, hang ek my voorskoot op en sien jy my nooit weer nie, Robert. Ek sweer. Dan kan jy self sien kom klaar in hierdie verskoning van ’n restaurant. Dis erg genoeg dat ons nie geld maak nie, maar ek is die moegste van alles vir jou beskuldigings en skimpe. Ek voel al klaar asof ek in ’n tronk is en jy maak dit net nog erger.”

“Jy’s nie in ’n tronk nie, Louis. Mens noem dit ’n verhouding. En verhoudings is veronderstel om exclusive te wees! Ons het belowe om mekaar se life partners te wees. En dit beteken jy is nie veronderstel om my om elke hoek en draai te verneuk nie.” Dit klink asof Robert huil. “Ek doen alles om jou tevrede te stel en al wat ek kry, is stank vir dank. Ek kan dit nie meer uitstaan nie.”

“Hou op! Hou net op! Jy maak my mal. Miempie het gelieg, maar kyk hoe lyk jy. Hoe kan jy van my verwag om liefde te maak met ’n vet slob soos jy?”

Aengel draai stilletjies om en sluip terug tot by die toilette. Sy druk die deur agter haar toe en haal diep asem. Liewe hel, wat gaan aan op hierdie plek? Dis asof daar ’n aksie geloods is teen haar soeke na rus en vrede.

Eers toe sy weer voetstappe van die kombuis se kant af hoor verbygaan, kom sy uit. “Robert!” roep sy net voor hy by die eetgedeelte ingaan.

Sy oë is rooi, sien sy toe hy omdraai, maar dit lyk asof sy emosies onder beheer is. “Ja, darling?” Hy frons. “Wat lyk jy so bleek?”

“Ek voel nie lekker nie. Seker maar die spanning. Daar is niks mee fout nie, maar ek sien nie kans vir die pizza nie.”

“Ag sjym, darling. Sal ek dit ’n takeaway maak?”

Sy skud haar kop. “Nee, dankie. Ek wil net betaal.”

“Ag nee, jy kan nie vir iets betaal wat jy nie gaan eet nie.”

“Sy het dit bestel, Robert. Jammer, Aengel, maar as daar niks met die pizza skort nie ...” Louis lig sy hande verontskuldigend waar hy in die deur van die kombuis staan.

“Natuurlik. Ek dring in elk geval daarop aan.”

Die kyk wat Robert Louis gee, spreek boekdele, maar uiteindelik haal hy net sy skouers op en stap voor Aengel uit.

“Owerspelige vark,” hoor sy Robert onderlangs sê, “en dan nog AC-DC ook.”

Dit was seker nie vir haar ore bedoel nie. Veral nie die laaste deel nie.

AGT

2 Desember — laatmiddag

“Ek is jammer ek bring so min tyd saam met jou deur, San. Majoor Arendse het gevra dat ek maar die ondersoek voorlopig moet behartig. Hulle sit met ’n vlaag gewapende roofsake in Niemandsdorp en ’n tekort aan personeel. En ek is op die oomblik al een wat ondervinding het van moordsake.”

“Is reg, Gys-man. Ek hou lekker vakansie en ek sien jou mos darem saans en tussendeur, soos nou. Net jammer dat jy so laat eers hier aankom vir jou middagete, maar ’n man se werk is sy werk en ek is bly ek kan uithelp met die kosmakery. Die trui vorder nou ook somer flukser. Ek is nou nie juis ’n baasbreister nie en ek maak te veel foute as ek brei terwyl ons gesels.” Sy hou die bontspul breiwerk in die lug waarin elke kleur en skakering van die reënboog blykbaar sonder plan ’n plekkie kry — en ’n paar verglipte steke ook.

“Ek is bly jy verstaan, San, en glo my, hierdie herderspastei smaak vorentoe. Dankie vir die moeite.” Eintlik het hy gehoop die kosmakery hou haar te besig om verder te brei aan daardie gruwelike trui wat hy vermoed vir hom bedoel is.

“As dit nou nie vir die rumatiek en die ou beendere was nie, sou ek jou met die boskaas hier om jou huis kon gehelp het. Lyk vir my alte veel na ’n slangnes.”

“Dit sal maar moet oorstaan tot ek weer tyd het. Ek wil die fynbos wat so verniel het met die bouery hervestig en die rooikrans uitkap. Nie juis tuin maak nie, dis nie een van my sterk punte nie, net so ’n bietjie orden. En dan is daar nog die braaiplek wat ek wil bou, maar alles sal nou maar eers moet wag.”

“Gertruida sê my sy is so lief vir tuinmaak. Behoort glo aan ’n tuinbouvereniging en so. Sy sê sy stel ook baie belang in fynbos sedert daardie Annie-lelietjie hier ontdek is.” Die breinaalde klik onharmonies.

“Haar roostuin is legendaries in Niemandsdorp.” Hy wil nie oor Gertjie praat nie en soek wild en wakker na iets om die loop van die gesprek te verander. “As jy wil, kan ek reël dat Fortuintjie jou ’n bietjie rondry. Daar is darem Lily Brink se galery wat jou dalk sal interesseer. Haar swaertjie Kassie, dis nou die een wat so effens stadig van verstand is, se skilderye hang daar, en daar is ’n klomp ander plaaslike kunstenaars se werk ook.”

Dit sal sommer vir Fortuin ook afleiding verskaf. Dis nie ’n goeie ding dat hy so heeldyd in Nella se geselskap is nie. “En hy kan jou die waterkantontwikkeling ook wys. Ek sal jou een aand op ’n ete by die restaurant trakteer wanneer ek die eerste onderhoude afgehandel het.”

“Die ete sal alte gaaf wees, maar ek wil nie vir Faantjie moeite aandoen nie.”

“Watse moeite wil Tante my nie aandoen nie?”

“Hiert!” roep San uit en Gys sien hoe ’n paar steke van die breipen afspring. “Hoe laat skrik jy my nou, Faan-kind. Praat van die duiwel, dan trap jy op sy stert.”

“Skuus, Tante. Middag oom Gys. Die voordeur het oopgestaan, ek het nie bedoel om julle te laat skrik nie.” Fortuin lyk nog maar bleek om die kiewe. Sy oog is potblou en sy lip staan dik.

“Dis die bergwindtoestande wat dit so warm maak vandag. Middag, Fortuin. Kom sit.” Gys beduie na die eetkamerstoel oorkant hom.

Fortuin gehoorsaam. Gys sien hoe San na die beserings aan Fortuin se gesig kyk, maar gelukkig besluit sy om niks daaroor te sê nie. Hy het haar in elk geval al kortliks vertel wat gebeur het. “Lyk my die twee van julle het mekaar al ontmoet?”

San knik. “Faan het hier kom inloer toe hy Gertjie se kar hier gesien het. Gister, toe jy die eerste keer Kierangbaai toe was. Dis nou voor hy uitgevind het wie die slagoffer was.”

Fortuin gee hom ’n onderlangse en baie verwytende kyk. Hy hoef niks te sê nie. Gys weet Fortuintjie sal hom nie maklik vergewe dat hy hom nie uit die staanspoor laat weet het wat aangaan nie.

Gys vee sy mond met die servet af en skuif sy leë bord eenkant toe. “Het jy al geëet? San se herderspastei is aan te bevele.”

“Dankie, oom Gys, maar die huis is oorstroom van bakke kos wat mense agter antie Nella aandra. Natuurlik meer om uit te vis oor Miempie as enigiets anders. Antie Nella het vanmiddag skoon koers gekry, Springklip se kant toe,

om weg te kom van al die nuuskieriges.”

San kom steunend orent van die koppenent van die tafel. “Ek maak vir ons koffie.”

Gys lig sy wenkbroue vraend toe San kombuis toe skuifel. Fortuin val nou en dan sommer net hier in, maar hy kan sommer sien hierdie besoek is nie een van daardie terloopse geleenthede nie.

“Nee, ek wou net kom sê, ek het majoor Arendse gebel en vir hom ook gesê ek het aan die begin van die jaar al in die Kaap as reservis aangesluit en ek sal jou graag met Miempie se saak wil bystaan. Hy het dinge gereël en pas gebel om te sê dis reg en ek moet by Oom, by Inspekteur, ek bedoel by Luitenant aanmeld.”

Gys onderdruk ’n sug. Die feit dat Fortuin hom sommer dadelik weer amptelik aanspreek, bevestig dat hy vasberade is om hom in te wurm. “Fortuin, soos ek vanoggend vir jou gesê het, dis goed en wel dat jy ’n reservis is, maar jy is te betrokke by Miempie se saak.”

“Luitenant, jy het hulp nodig. Jy kan nie alles alleen doen nie en hulle brand sleg vas in Niemandsdorp. Hulle dink dis ’n bende van die Oos-Kaap wat daar toegeslaan het en hulle roof en rand aan sover hulle gaan. Jy gaan nie ’n spanmaat by hulle kry nie en ek is hier en ons het nog altyd saamgewerk en Luitenant weet ...” Hy bly stil toe Gys sy hande ophou.

“En jy sien kans al is Miempie jou niggie?”

Fortuin knik. “Ek wil die helse vasgetrek kry, Luitenant.”

Gys trek aan sy oorlel. Hulp sal welkom wees. Twee koppe is altyd beter as een en hulle twee se koppe het nog altyd goed saamgewerk. Buitendien, as Arendse ’n reservis as sy spanmaat aanstel, kan hy weinig daaraan doen. “Daar is een voorwaarde.”

Fortuintjie kyk hoopvol na hom. “Luitenant?”

“Jy raak ontslae van die idee dat dit noodwendig Gerbrand Niemand was. Jy kan nie die saak aanpak met vooropgestelde idees nie. Gerbrand is wel ’n verdagte, maar nie eens die hoofverdagte nie. As jy jou kop kan oophou, kan ons saam werk. Maar as daar selfs net naastenby enige soort voorval is soos vanoggend, laat ek jou sommer as reservis ook uitskop. Verstaan ons mekaar?”

“Ek sal my kop kan oophou, Luitenant.”

“En as ek vir jou sê dit was baie moontlik wel Gerbrand se baba wat Miempie gedra het? Hoe oop sal jou kop bly?”

Fortuin se kake werk en Gys kan amper hoor hoe sy tande kners, maar Fortuin wen die stryd teen homself. “Ek dag Luitenant het gesê dit kon nie hy gewees het nie? Dat dit ’n inteelbaba was.”

“Daar word beweer Brand Niemand het met Nella Bandjies gelol, dat Gerbrand en Miempie halfbroer en -suster was.” As Fortuin dié toets deurstaan, is daar hoop.

Fortuin gaap agter woorde aan. “Antie Nella?”

Nella sal maar self aan Fortuin moet verduidelik as dit die waarheid is. Hy sal Fortuin nie sê sy is klaarblyklik vir haar dienste betaal nie, maar die res sal moet uitkom.

“Dis ’n leuen! Wie het so gesê?”

“Strandloper.”

“Wel, hy lieg. Ek weet Miempie is nie my oom se kind nie. Hy het antie Nella gelos lank voor Miempie gekom het. En antie Nella het ’n drankprobleem gehad, maar sy het haar reggeruk toe Miempie hoërskool toe is. Brand Niemand? Nee, antie Nella sou nooit.” Fortuin bly stil en Gys sien die vertwyfeling insluip.

“Ek sal haar moet vra, en as jy saam met my wil werk, sal jy moet by wees en oopkop en professioneel bly. Ek vra weer, Fortuin, sien jy kans?”

Dit woel in die kakiekleur oë. “Ek sal eendag ’n forensiese kriminoloog wees, Luitenant, maar ek wil een word juis omdat ek in my hart ’n speurder is. ’n Professionele een.”

“Nou toe. As ons klaar koffie gedrink het, wil ek met Nella gaan praat.”

“Kom kry die skinkbord, Gys-man,” beveel San uit die deur uit. Óf haar tydsberekening is uitstekend óf sy het staan en afluister. Soos Gys haar ken, is dit laasgenoemde.

Gys gaan haal die skinkbord en is net betyds terug om te hoor hoe San met Fortuin reël dat sy saamry en by die galery afgelaai word. Vir die soveelste keer wonder Gys hoe wys dit was om San te nooi om hier te kom kuier. Eers verjaag sy Gertjie, wat nog nie een van sy oproepe beantwoord het nie, en nou kom gee sy sommer orders ook. Maar laat sy tog liewer saamsleep as dat sy verder brei. So ’n bont ding soos daardie resbietjiesstrui sal hy nie aan sy lyf kan trek nie, maak nie saak met hoeveel liefde dit gebrei word nie.

“Kan ek help dra?”

Aengel skrik haar oor 'n mik toe Roark agter haar praat net toe sy die eerste sakke uit die RAV begin laai. Hy staan arms gevou, sien sy toe sy omdraai, en die glimlaggie om sy sexy mond laat haar wonder of hy nie na haar sitvlak staan en staar het terwyl sy so by die RAV in gebuk het nie.

“Wat bekruip jy my so?”

“Ek was toevallig in die omgewing.” Hy ontknoop sy arms en vat die sakke by haar. Sy sluit eers die kombuisdeur vir hom oop en gaan haal dan nog 'n vraggie.

“Lyk my jy het die supermark leeg gekoop?” brom hy na die derde en laaste vrag.

“Ek het aanvanklik net genoeg voorrade vir die eerste paar dae saamgebring omdat my kar reeds so vol was. En dis nie my skuld as jy jou hulp aanbied nie.” Sy pak die laaste yskasgoed weg.

“Ingedrilde ordentlikheid. My ma was baie gesteld op goeie maniere. Sy sou byvoorbeeld ook vir jou aangesê het om jou helper met 'n glas wyn te beloon.”

Sy kan self nou 'n glas wyn en 'n ruskans op die stoep waardeur voor sy die res van die goed wegpak, maar ná gisteraand se onderonsie oor François se rol in haar lewe is sy nie vreeslik lus om alleen in Roark se geselskap te wees nie. En sy is nog minder lus om oor die Miempie-aangeleentheid te praat; iets wat seker nie te vermy is nie.

“Ek glo nie.”

Roark het klaar die yskas oop en staan met 'n bottel van Libertia se uitsoekwyne in sy hand. “Is hierdie een ook so duur?” vra hy onverstoord.

“Dis 'n sauvignon blanc. Ek neem aan jy weet dis net rooiwyn wat kan verouder en dus hoë pryse kan behaal.”

“Gaaf,” ignoreer hy haar sarkasme en begin in een van die laaie rondsoek. “Waar is jou kurktrekker?”

“Jou ma was klaarblyklik nie baie suksesvol met haar pogings om jou goeie maniere te leer nie, anders sou jy geweet het dis ongeskik om in ander mense se goed te krap. Terloops, dis 'n skroefprop.”

Hy kyk af na die bottel, grinnik en draai die prop onverstoord af. “As jy nie wil hê ek moet in jou kaste ook krap nie, moet jy maar liefs die wynglase uithaal. Sal ons op die stoep gaan sit? Dis koeler daar.”

Met 'n sug draai Aengel na die kas waar sy die glase gebêre het en kry twee uit. “Gaan solank.” Sy gee vir hom die glase aan. “Ek kry vir ons 'n

ysemmer.”

Hy gehoorsaam en teen die tyd dat sy op die stoep kom, het hy die helderblou kussings uit die stoepkas gehaal en op twee van die wit houtstoele gesit. Die wyn en twee halfvol glase staan reg op die tafel. Hy het selfs die tafeldoekie oorgegooi wat sy by die kussings gebêre het, wat net kan beteken dat hy ’n fyn waarnemingsvermoë het en haar al dopgehou het wanneer sy hier buite kom.

Sy druk die bottel in die ysemmer voor sy in haar stoel neersak en die glas optel. Ingedagte ruik sy, al weet sy presies wat haar neus sal optel. Koejawel, koljander, tropiese ondertone en ’n vermoede van sitrus. François se sauvignon blanc kom nie naby haar pa s’n nie en hy kry nie die vars prikkeling op die tong so goed reg nie, maar dis nie onaangenaam nie.

Die baai lê dynserig voor hulle, die strand is leeg, behalwe vir ’n paar strandkiewiete wat oor die nat sand trippel. Die water het besonder hoog opgestoot en opdrifsels lê byna teen die paadjie wat ’n ent verder by Rykmanshut doodloop.

“En van watter Rousseaus is jy nou eintlik?” onderbreek Roark skielik die stilte.

Dis ’n vraag wat sy van François of Gabrielle sou verwag, nie van Roark nie. Sy kyk hom skuinskop aan. “Hoe bedoel jy?”

“Familie van die Rousseaus wat boeke uitgee?”

Sy skud haar kop. “Ons is valleimense. Armand Rousseau is die stamvader wat Libertalia in die agtienhonderds tot ’n spogwynplaas ontwikkel het en sy redelik klein nageslag het daarop voortgebou.” Sy geslagslyn het net een seun per geslag opgelewer. En nou net twee dogters, wat beteken dat Armand se Rousseau-lyn met haar pa se afsterwe doodgeloop het. Daarom dat ’n Du Randt nou op Libertalia wyn maak. Maar dit het niks met Roark te doen nie.

“Het Armand Libertalia sy naam gegee?”

“Seker maar, hoekom?”

“Ek wonder net hoekom hy sy wynplaas na ’n seerowernes vernoem het.”

Aengel kyk hom fronsend aan. Hy moenie nou met seerowers ook begin foeter nie. Meerminne in die familie is erg genoeg. “Ek weet nie waar jy daaraan kom nie. Dis ’n naam wat vryheid versinnebeeld. Dis afgelei van die Latynse woord ‘liber’ wat vry beteken en in Frans ‘liberté’ en in Engels ‘liberty’ geword het. Libertalia se leuse is dan ook ‘Vir God en vryheid’, soos jy seker op die wynetiket gesien het.”

“Ek het, ja. Juis toe jou sugar daddy, ek bedoel jou swaer, vir my die kis Cab gegee het. Ek het Libertalia ge-google om te sien of dit darem ’n ordentlike wyn is sodat ek kan bepaal hoe goed ek jou nou eintlik behoort op te pas. En toe nie net op julle wynplaas afgekom nie, maar op ’n spul ander goed ook.”

Aengel se kaak kom uiteindelik los ná die aanhoor van sy eerste woorde. “Luister vir my, Roark O’Shea, en luister mooi. François is nie my sugar daddy nie. As jy ooit weer so na hom verwys, is jy nie welkom hier nie. Hy is my swaer; niks meer en niks minder nie. En jy is van hierdie oomblik af amptelik onthef van alle verpligting of gewaande verpligting om my op te pas. Verstaan jy my?”

“Onder meer ’n inskrywing op Wikipedia oor hierdie plek naby Madagaskar waar seerowers saamgetrek en saamgewoon het,” ignoreer hy haar blatant. “Nie onder die Jolly Roger nie, maar onder ’n wit vlag. Hulle leuse ...”

“Ek vra, verstaan jy my?” Dit kom skiller uit as wat sy bedoel het. Madagaskar? Angelique se Libertalia? Natuurlik het die ooreenkoms met hulle plaas se naam haar opgeval, maar sy het nog nie juis die redes daaragter probeer uitpluis nie.

“Hulle leuse was ook ‘Vir God en vryheid’. Die seerowers het hulself Liberi genoem.”

Liberi? Seerowers? Angelique se eerste dagboekinskrywing maak ineens meer sin. En op ’n ander vlak eintlik nog minder.

“En ja,” vervolg Roark ietwat grimmig, “ek was dalk in ’n Engelse skool, maar my ma het nooit iets anders as Afrikaans met ons gepraat nie. Dus verstaan ek jou en ek hoor wat jy sê. En ek sal jou swaer se ruiltransaksie sonder enige gewetenswroeging ignoreer, maar ek het jou dogter belowe om jou op te pas en mens verbreek nooit beloftes aan kinders nie.”

“As Lika se ma onthef ek jou ook van daardie belofte.”

Roark neem nog ’n sluk wyn en skud sy kop. “Jammer, dis nie hoe dit werk nie. Daarom sal ek dit waardeer as jy dit ’n bietjie makliker maak om jou op te pas. Ek het my vrek geskrik toe ek jou kom soek en nie kon kry nie.”

Aengel kyk hom ongelowig aan. “Jy wil sekerlik nie vir my sê ek moet by jou kom verslag doen van my bewegings nie?”

“SMS my net, dis al.”

“Al? Dis nie al nie, dis mal. Ek het hierheen gekom om vir die eerste keer in my lewe onafhanklik te leef van asems wat in my nek blaas en nou wil jy my oppas. Vergeet dit.”

“Wees redelik, Aengel. Hier is ’n moord gepleeg. Jy erken dat jy nog net in ’n beskermde omgewing gewoon het. Ek wil bloot help om jou veilig te hou. Natuurlik net totdat die moordenaar in hegtenis geneem is.” Hy kyk haar ewe ernstig in die oë, maar hy bluf haar nie.

“Hoekom glo ek jou nie? Het jy dieselfde vir Zita gesê? Vir Pearlle wanneer sy hier is?”

“Hulle het mans om na hulle om te sien.”

“En ek kan na myself omsien, baie dankie. Ek het beslis nie ’n wildvreemde man nodig om ’n wakende oog oor my te hou nie. Soos ek gisteraand gesê het: Vir al wat ek weet, is jy die bleddie moordenaar.” Aanval is die beste vorm van verdediging. Nog iets wat sy by die liewe Gabrielle geleer, maar selde toegepas het. Nou is ’n uitstekende geleentheid om dit te benut.

Hy bly egter onverstoord. “Hoekom sou ek Miempie wou vermoor?”

“Omdat sy ’n blou bord gebreek het, dalk? Hoe moet ek weet, ek ken jou van g’n Adam af nie. Ek weet net jy het ’n buitengewone belangstelling in Delftse porselein.”

“Delftse porselein?” Hy bly stil asof hy sy mond verbygepraat het. “Hoe weet jy van die bord wat gebreek het?” vervolg hy dan vinnig.

Uiteindelik ’n beter reaksie as lakonisme. “Nella het vir die speurder vertel jy en Mac was vir Miempie kwaad daaroor en dat jy porselein heelmaak en kwaad was vir jou broer.” Iets anders tref haar, iets wat in die chaos van die afgelope paar dae nie tot haar deurgedring het nie. “Wat het Nella bedoel toe sy gesê het jou broer het die bord uit die see gehaal? En hoekom sou jy vir hom kwaad wees as dit wel die geval is?”

Hy bly lank stil en kyk oor die baai uit. “Hier spoel af en toe goed uit. Hier is baie wrakke in die omgewing.”

“En omdat Kierangbaai joune is, het jy alleenreg daarop? Is dit nie teen die wet om goed te hou wat moontlik van ’n wrak af uitspoel nie? Veral as dit ’n ou wrak is nie? Buitendien, jou eiendomsreg sluit sekerlik nie die strand en die see in nie, laat staan goed wat moontlik van geskiedkundige waarde kan wees. Soos byvoorbeeld ’n baie ou boegbeeld en stokou Delftse porselein.”

“Dis nie Delfts nie. Dis Sjinese goed. Wat niks met die saak te maak het

dat ek definitief nie iemand oor 'n blou bord sal vermoor nie. En ja, dis teen die wet om te raap en dis hoekom ek vir Mac kwaad was. Hy behoort van beter te weet.”

Aengel lig haar wenkbroue spottend. “En die boegbeeld dan?”

“Dis ingebou en sal noodwendig beskadig word as dit nou uitgebreek word. SAHRA weet daarvan.”

“Sarah?” frons sy verward.

“SAHRA. South African Heritage Resource Agency.” Hy kom orent. “Dankie vir die wyn.”

Aengel kyk hom takserend aan. Eers wurm hy homself hier in en nou kon hy nie sy wyn vinnig genoeg afsluk om weg te kom nie. Wat het hom so ongemaklik gemaak? Hulle gesprek oor blou borde wat uitspoel? “Seker jy wil nie nog 'n glasie hê nie?” vra sy stroopsoet.

“Nie nou nie, dankie. Onthou nou om te SMS as jy êrens heen ry. As jy op jou sel kyk, sal jy sien daar is 'n missed call. Dis my nommer.”

“Hoekom het jy my gebel?”

“Ek wou hoor wanneer jy terug sal wees.” Verbeel sy haar of slaan daar ironie in sy stem deur? “Soos ek gesê het, ek was bekommerd.”

“En waar kry jy nogal my nommer?”

“Jou e ... swaer, waar anders? Sit die nommer op speed dial en bel my enige tyd, al is dit net omdat jy bang is.” Hy glimlag vlugtig. “Of alleen voel.” Die woorde op sigself hou min betekenis in, dis sy intonasie wat dit suggestief maak.

Wel, as hy kan speletjies speel, sy ook. “Om Nella hier weg te kry.”

“Ekskuus?” frons hy verward.

“Jy kon Miempie vermoor het om Nella uit haar vissershuis te kry. Omdat sy waarskynlik nie sal wil bly waar haar kind vermoor is nie. En dan sal sy ook geen grondeis of wat ook al instel nie.”

“Waar kom jy nou vandaan?” Hy lyk werklik verward.

“Jy kan nie die huis of woonreg verkoop terwyl Nella lewensreg het nie. Jy het dalk jou aanvanklike vrygewigheid in heroorweging geneem toe jy besef wat mense wat regtig hier wil bly, bereid is om te betaal. Mense soos ek. Jy is dalk 'n ryk man, maar 'n miljoen is nooit te versmaai nie. Ek weet van 'n paar gevalle waar vissersmense vir veel minder uit hulle huise uit verneuk is. En om hulle uit hulle huise uit te vermoor, is seker ook nie heeltemal uniek nie.”

“Hoekom dan nie vir Nella vermoor nie?”

“Ek het al die koopaktes en goed gelees. Brand Niemand se bestaande nageslag behou lewenslange verblyfreg op Kierangbaai. Miempie het dus ook lewensreg aangesien sy Brand Niemand se dogter was en haar lewe sou aansienlik langer as Nella s’n gewees het. As sy nie vermoor is nie.”

Sy mond val letterlik oop. “Brand Niemand se wat?”

Aengel verwerdig haar nie om haar woorde te herhaal nie. Sy weet hy het gehoor.

“Maar dan is Gerbrand haar halfbroer.” Hy vee vervaard deur sy hare. “Waar kom jy daaraan?”

As hy toneelspeel, doen hy dit uitmuntend. Sy het aangeneem hy weet, anders sou sy nie Nella se geheim verklap het nie. “Vergeet dit. Ek het sommer gespekuleer oor motiewe. Dis al.”

Hy kyk haar lang oomblikke deurdringend aan voor hy sy kop skud. “Mens suig nie so iets sommer net ter wille van spekulاسie uit jou duim nie.”

“Hang seker af hoe verbeeldingryk mens is. Verskoon my. Ek wil die res van my inkopies gaan wegpak.” Aengel wip uit die stoel en mik binnetoe, maar hy hou haar aan haar arm terug.

“Ek gaan jou voorlopig hiermee laat wegkom, maar net duidelikheidshalwe: Ek het nie vir Miempie vermoor nie, maar iemand het. Wees versigtig, hou jou deure gesluit, moenie sommer net vir enigiemand oopmaak nie, en bel my in hemelsnaam as daar enigiets is wat ongerymd lyk.”

Hy swaai weg en verdwyn om die hoek van die huis voor sy nog ’n woord kan inkry.

Roark is verlig om weg te kom. Dit was so hittete of Aengel het hom in haar huis betrap. As sy net haar ellendige foon geantwoord het toe hy wou uitvind hoe lank sy nog gaan wees, sou dit nie gebeur het nie. Hy het skaars die boek weer onder die tydskrif ingeskuif gehad toe hy die RAV hoor aankom en was net betyds by die agterdeur uit voor sy onder die afdak ingetrek het. Hy sou moeilik kon verduidelik as sy hom sien wegstap het; dit was beter om te maak asof hy haar ingewag het.

Maar asof dit nie genoeg is dat sy hom amper op heterdaad betrap het nie, weet sy van Mac se bord en boonop los sy die bom oor Miempie se herkoms.

Dié inligting het hom verras, maar nie juis geskok nie. Brand was 'n bliksem en Nella was in haar jonger dae glo ook nie wat mens onkreukbaar sal noem nie.

Hoe dit ook al sy, die gesprek het nie die resultate opgelewer waarop hy gehoop het nie. Hy wou, terwyl hy nou daar was, die geleentheid gebruik om meer agter te kom van Aengel Rousseau se agtergrond voor hy die fotokopie wat hy van die dagboek gemaak het, bestudeer.

Roark draf die trappe op na die agterdeur. 'n Dom blondine is Aengel allermens, al lyk dit asof sy almal wil laat dink sy is een. Eiewys ja, onnosel, gewis nie.

Sou Gerbrand weet van Miempie? Dis nou as dit ooit so is dat Brand haar pa is. Nee, dan sou hy tog sekerlik nie met Miempie gelol het nie. Maar familie of nie, hy kan die man in elk geval vermorsel as hy net daaraan dink. En dan het die bliksem nog die vermetelheid om na haar as 'n hotnot te verwys.

Hy druk die kombuisdeur met geweld oop.

“Hallo, Roark.”

Hy is nog effens sonblind van die helder lig buite, maar hy hoef haar nie behoorlik te sien om te weet dis Zita nie.

“Nie nou nie, Zita. Dis nie 'n goeie tyd nie en ek sal dit waardeer as jy my privaatheid respekteer.” Seker 'n bietjie skynheilig as mens in ag neem hoe hy vanmiddag iemand anders se privaatheid nie in die minste ontsien het nie. Maar Zita verbeel haar sy kan hier kom en gaan soos sy wil, en dit moet end kry.

“Ek moet met jou praat. Asseblief, Roark. Ek het koffie gemaak terwyl ek vir jou gewag het. Wil jy ook hê?”

Roark pluk die yskas oop en haal 'n bier uit. “Nee, dankie.” Hy smyt die prop in die wasbak. “Ons het niks om oor te praat nie.” Hy neem 'n diep teug. Die bier is bitter na die delikate Libertalia-wyn. Du Randt se bolip stink dalk, maar hy kan wyn maak.

Zita wip met haar sitvlak op die toonbank en tel die beker koffie langs haar op. Só het sy altyd by hom gesit terwyl hy kosmaak. Eers toe sy net 'n vriendin was, maar ook later toe hulle hul maaltye saam met meer as roomys en sjokoladesous afgesluit het.

Toe was dit vir hom sexy. Hy het daarvan gehou dat sy so tuis en gemaklik was. Nou irriteer dit die hel uit hom uit.

“Dinge is nou nog meer gekompliseer, Roark. Wat moet ek doen?” Hy is nie seker of die meisietjiesem wat sy so maklik kan aan- en afskakel dié keer aansit is nie. Sy is definitief in ’n dilemma.

“Net jy sal daarvoor kan besluit, Zita. En dinge is definitief meer gekompliseerd as voorheen, maar jy het geweet Gerbrand neuk rond met ander vroumense. Jy het vermoed dit sluit Miempie in. Die enigste verskil is dat Miempie verwagend was en nou vermoor is. As jy idioties genoeg wil wees om nog steeds met Gerbrand te wil trou, is dit jou indaba.”

“Dis nie te sê Miempie se kind was Gerbrand s’n nie.”

Roark rol sy oë.

“Dit maak nie saak nie. Sy is nou dood,” sug sy.

Haar koelbloedigheid verstom hom, maar hy sê liever niks.

“Ek begin al wys, Roark. My pa is ’n Angus Buchan-man. Hy gaan aandring dat ek met die pa van my kind trou. En dan praat ek nie eens van hoe verpletter my ma gaan wees nie.” Haar hande begin bewe en sy sit die koffiebeker neer.

Roark sug. “Zita, ek wil nie wreed klink nie, maar daaraan moes jy gedink het voor jy by Gerbrand in die bed gespring het terwyl jy nie op die Pil was nie.” Hy het self byna ’n koronêr geskiet toe hy agterkom Zita pas nie meer geboortebepערking toe nie. Wat nogal ironies is, omdat hy destyds van Mia geskei het nadat hy besef het sy het die Pil aanhou gebruik nadat hulle ooreengekom het om met ’n gesin te begin. Dit was dalk nie die enigste rede vir die egskeiding nie, maar dit was die strooi wat die kameel se rug gebreek het. Nee, nie ’n strooi nie, ’n soliede balk.

“Die Pil het my vet gemaak. En as jy my nie gelos het nie, sou ek nie by Gerbrand geslaap het nie.” Die beskuldiging lê ruig in Zita se stem.

“Ek val nie daarvoor nie, Zita. Dit was ’n enorme fout dat ons in die eerste plek in die bed beland het. Ons was albei eensaam en kwesbaar die aand toe dit die eerste keer gebeur het, en daarna was dit net soveel makliker. Maar ek het van die begin af vir jou gesê ek sien jou nie as my vrou nie, dat jy doodseker moet maak jy wil hê ons verhouding moet seks insluit. Ek is bitter jammer jy het onder die indruk verkeer dat ek van opinie sal verander hoe meer ons saamslaap. Die oomblik toe ek dit besef het, het ek die verhouding verbreek. Ek aanvaar verantwoordelikheid daarvoor dat ek jou seergemaak het, maar nie vir wat jy daarna aangevang het nie.” En as hy reg verstaan, het sy met meer mans as net Gerbrand dinge aangevang. As mens Nella natuurlik

kan glo, of liewer vir Miempie wat vir Nella glo daarvan gesê het.

Zita laat sak haar kop in haar hande en haar skouers begin ruk. Die dik rooibruin hare val soos gordyne weerskante van haar gesig. Roark moet hom staal om haar nie te probeer troos nie. Met Zita durf mens nie 'n pinkie uitsteek nie. Sy gryp nie net die hele hand nie, maar sommer die lyf waaraan die hand vassit — soos hy al deeglik agtergekom het. Hy sluk weer diep aan die bier, wat maar bra sleg proe. Hy wil op die balkon gaan sit en die afskrif van Annie Niemand se dagboek begin lees. Nie ander mense se probleme probeer oplos nie. Hy het genoeg van sy eie.

“Hoekom het hy by haar geslaap, Roark? By 'n kleurling! Dis so vernederend.”

“En hoekom is dit meer vernederend, net omdat sy bruin is? Liewe bliksem, Zita, dit gaan daaroor dat hy jou verneuk het, nie oor donnerse kleur nie! Dit gaan daaroor dat hy jou verneuk het met 'n kind van agtien, wat van die lewe boggherol weet. En dan verwerp hy haar boonop.” Hy moet liewer ophou praat voor goed uitkom wat hy net weet omdat hy afgeluister het, of iets sê oor Miempie se verwantskap met Gerbrand.

“Zita, asseblief. Gaan praat die saak met Gerbrand uit en dan met jou ouers. Ek kan jou nie help nie.”

“As hy net nog geld gehad het. Of Annie-se-skat kan kry. Dan sou ek nie omgee het om met hom te trou nie, maar ek sien nie kans om te sukkel soos my ma nie. Sy's skaars meer as 'n glorified meid op daai plaas.”

Roark hou hom net met die grootste moeite in. “Annie-se-skat is 'n mite, dit het ek jou nou al hoeveel keer gesê. As daar een was, is dit lankal opgegrawe en verkwansel. Buitendien, Gerbrand maak meer as genoeg geld vandat hy BMW's in die Kaap verkoop pleks van tweedehandse karre in Niemandsdorp. En wat jou ouers betref, waar sukkel hulle? Jou pa het 'n goeie werk as plaasvoorman en jou ma verdien goed as huishoudster in baie goeie mense se huis. Daar is niks daarmee verkeerd nie.”

“Goeie mense? Rykgat snobs! Dis wat hulle is,” snik sy. “En hulle kinders maak asof ek trash is. Veral nadat ek by die bank getrench is.”

“Hulle het allesbehalwe na snobs gelyk toe ek hulle ontmoet het. Ek ken rykgat snobs, maar jou ouers se werkgewers is dit nie. Hulle is goeie gawe mense wat toevallig uit 'n baie ryk familie kom. Hulle stel dan selfs hulle vakansiehuis aan jou beskikbaar wanneer hulle dit nie gebruik nie en jy het deeglik daarvan gebruik gemaak, veral vandat jy jou werk verloor het. As jy

voel hulle kinders sien op jou neer, gaan dit miskien oor meer as net die feit dat jou ouers vir hulle s'n werk. Ons is al hoeveel keer hierdeur, Zita. Asseblief, moenie dat ek jou hier moet uitboender nie. Ek kan ook net soveel uitstaan.”

“Weet jy hoe gaan hulle vir my kyk as hulle uitvind ek verwag, en boonop is die pa 'n meide ...”

“Stil!” Roark skrik vir die sweepklap van sy eie stem. Só het hy nog nooit met 'n vrou gepraat nie, maar Zita dryf hom verby sy grense.

Sy lig haar kop uit haar hande. Haar gesig is rooi en vertrek. “Wat skerm jy so vir Miempie? Het jy haar ook bygekom?”

Roark gee haar net 'n minagtende kyk. Sy bene voel vreemd styf toe hy na die tussendeur stap, dit agter hom sluit en in die gang afstap studeerkamer toe. Hy is nie seker of hy Zita uit sy huis wil hou of 'n versperring tussen hulle wil kry voor hy haar aan haar nek gryp nie.

NEGE

2 Desember — aand

Onder die motordak druk Aengel die laaste van die uitgepakte bokse plat toe sy iemand van die kliphuis se agterkant af aangehardloop sien kom. Dis die vrou met die rooi rok, sien sy. Gerbrand se meisie. Aengel kom fronsend regop. Verbeel sy haar of huil die vrou? Zita, is haar naam.

Asof sy Aengel se blik op haar voel, gaan staan sy, kyk direk na Aengel en kom met swaaiende arms aangestap. Zita is seker 'n goeie tien jaar jonger as sy en nie onaantreklik nie, maar op die oomblik lyk sy sleg. Maskara het strepe op haar wange gemaak en op haar vel blom rooi vlekke.

“Jy los hom uit, hoor jy my!” skree sy sommer so in die nader stap en wys vir Aengel vinger.

Aengel plant haar hande in haar sye en kyk Zita verstom aan. Zita gaan staan drie tree van haar af, haar wysvinger nog steeds aan die wikkel. “Hoor jy my? Moenie dink ek sien nie hoe jy loop en gat swaai vir hom nie.”

“Jou Gerbrand is veilig. Ek stel regtig nie belang nie.” Aengel het nie bedoel om heeltemal so droogweg te klink nie.

“Ja, los hom ook uit!” snikskree Zita en begin weer hardloop in die rigting van Rykmanshut.

Hom ook? Aengel kyk na die balkon van die kliphuis. Roark staan arms gevou. Hy sou nie kon hoor wat hulle gesê het nie, maar hy sal baie dof moet wees as hy nie kon aflei dat sy iets toegesnou is nie. Gelukkig lyk dit asof hy Zita agterna kyk en nie na haar nie.

Aengel glip by die kombuisdeur in en druk dit agter haar toe. Van rus en vrede is daar tot dusver waaragtig weinig sprake.

Toe sy op die voorstoep kom, is sy net betyds om Zita by Rykmanshut te sien ingaan. Wat Zita se probleem ook al is, sy gaan beslis nie daarby betrokke raak nie.

Seweur. As sy dit nie mis het nie behoort dit nou laag te wees. Sy bekyk

die helderblou lug. Daar is 'n seemeeu of twee, maar hulle duik nie op iets af nie. Dit behoort veilig te wees om tussen die opdrifsels te gaan kyk wat uitgespoel het. Hopelik kan sy haar kaurivoorraad 'n bietjie aangevul kry. En wie weet, miskien slaan sy die jackpot en lê daar hier op haar drumpel 'n blou skulpie wat glo in vervloë dae bekend gestaan het as Annie-se-riksdaalder.

As Roark dink sy gaan opgesluit in haar huisie bly sit, kan hy weer dink. Sy sal dit nie kierangklippe se kant toe waag nie, en voor die Rykmanshut gaan sy nie verbystap nie, maar daar is genoeg strand om te fynkam tussen die twee.

Sy gaan haal haar versamelsak, skop haar plakkies uit toe sy op die sandgedeelte anderkant die paadjie kom en teug Kierangbaai se mosselreuk diep in.

Dís 'n bietjie meer hoe sy haar verbeel het dit sal wees. Skulpe en dryfhout soek wanneer die gety gunstig is, verder haar skulpgoeters maak of lees aan Angelique se dagboek. Rustige bedrywighede terwyl sy probeer agterkom wie haar liggaam bewoon wanneer sy nie 'n ma is of iemand om te verduur omdat sy onbesonne is nie.

Daar is heelwat kitons in verskillende groottes en van verskillende families tussen die opdrifsels, maar hulle geskubde voorkoms was nog altyd vir haar effens grillerig en sy gebruik hulle nie graag nie. Die patellas wat sy kry, kan sy altyd gebruik, maar hulle is nie groot genoeg om slaailepels van te maak nie, wat 'n jammerte is. Die siffies is altyd welkom. Hopelik het die skulpe wat soos klein perlemoentjies lyk, vanweë natuurlike oorsake op die strand beland. Veel vleis sou hulle waarlik nie kon oplewer nie. Sy is besonder in haar skik met die mooi mandjieskulp wat sy kry. Ook 'n paar kappieskulpe wat lankal hulle slinkse slakkies kwyt is. Slakkies wat wag dat 'n klipmossel asemhaal, hulle gif in die blootgestelde weefsel spuit en dan weer koelbloedig wag tot die mollusk sy greep op die rots verloor voor hulle kan smul. Sy kry omtrent 'n hartaanval toe sy 'n ligblou skynsel onder 'n stuk seebamboes sien uitsteek. Maar dis toe net 'n stukkie seeglas, opaak geskuur gedurende sy tog deur die oseaan, van waar af ook al die glasskerf in die see beland het. Dis toe sy die stuk seebamboes eenkant toe gooi dat sy die ander skerf sien. 'n Porseleindriehoek met 'n blou patroon om die randgedeelte. Aengel kom regop.

Dit lyk vir haar soos Delft, maar moet seker van die Sjinese porselein wees

waarvan Roark gepraat het.

“Roark maak hulle bymekaar.”

Aengel kyk vinnig op. Die lyf pas by die rammelende stem. Sy dink nie sy het al ooit so ’n groot man gesien nie. Hy kan soveel gewig verloor as wat sy weeg en sal steeds groot wees. Tog is hy nie drillerig nie. Net enorm. Sy baard hang tot op sy borsbeen en sy snor maak ’n weerbarstige gewel onder sy knopneus. Die wit van sy helderblou oë is deurtrek van rooi aartjies en die dele van sy wange wat bo die grys wolle uitbol, lyk soos ’n padkaart. ’n Man van groot aptyte.

“Dag, ek is Mac. Roark se halfbroer en Charlie se pa.” Die hand wat hy uitsteek, sou ’n Kersmaal vir vele kon wees as dit ’n ham was.

“Aengel.” Haar hand word deur syne ingesluk.

“Aye, an angel you certainly are.” Sy lippe en baard is sag toe hy haar hand liggies teen sy mond druk en weer laat gaan.

Om geen spesifieke rede nie, kyk Aengel op na die kliphuis se balkon. Sy is nie in die minste verbaas om Roark daar te sien staan nie.

“Was hy nog altyd so dominerend en inmengerig?”

“I kiss the maiden’s hand en sy kyk na my broer. Shucks, I’m losing my touch.” Hy glimlag en waai vir Roark. Roark waai terug, draai om en verdwyn in sy huis. Mac kyk weer af na haar. “Nee, nie altyd nie, maar hy is ’n survivor en survivors dink dikwels hulle moet ander ook red. He’s a good lad, but a lousy deity. Vanoggend vir hom so gesê ook.” Hy beduie na die porseleinskerf in haar hand. “Hou dit, ek sal nie vir hom sê nie.”

Sy sit die skerf by die seeglas in haar sak. “Hoekom is hy so heilig op Sjinese snert?”

’n Laggie ruk aan sy wange. “Wie het vir jou gesê dis Sjinese snert?” Sy uitspraak van die paar s’e so kort na mekaar versterk Aengel se vermoede dat Mac ver van nugter af is.

“Hy. Roark. Dat die goed wat hier uitspoel Sjinees is. Ek het aangeneem hy bedoel dis snert.”

“Al gehoor van die Sjinese Ming Dynasty?”

Aengel se oë rek. “Jy bedoel ...”

“Nee, ek bedoel niks. Al wat ek sê, is dat alle Sjinese porselein nie snert is nie. Om die waarheid te sê, Sjinese porselein is die moeder van alle porselein. Alles wat daarna gekom het, is namaaksels — selfs Meissen en natuurlik Delftse porselein ook.” Hy begin al hoe meer nasaal klink. “Moet gaan,”

mompel hy.

Sy kyk hom agterna terwyl hy met 'n effense slingerstappie wegloop. Hy is nie net ver van nugter af nie, die man is smoordronk. En tog het sy nie vir 'n oomblik bedreig gevoel nie. Om die waarheid te sê, sy hou van Mac. Dronk of nie dronk nie.

Wat meer is as wat sy van Roark kan sê. Die man skaaf aan rou senuweepunte wat sy nie eens geweet het sy het nie. En dan klink hy boonop soos 'n skelm. Is dit hoe hy ryk geword het? Uit die goed wat hier op die strand uitspoel? Die boegbeeld het hy dalk aan daardie instansie verklaar, maar dit klink bra asof hy dalk die res vir homself hou.

En as daar nou een ding is wat haar teen die bors stuit, is dit oneerlikheid. Daarvan het sy genoeg gehad om twee leeftye te hou.

Die laatlig verdoesel die verstommende klomp plooië wat kruis en dwars lêplek oor San se gesig gekry het. Daar is kleur in haar wange en die dubbelkenne is nie so opsigtelik nie. Vir die eerste keer sien Gys iets deurskemer van hoe sy moet gelyk het toe sy jonger was. Hy glo nie San was ooit 'n mooi vrou nie, maar sy moet aantreklik gewees het — dit verklik die hoë wangbene.

“Dan is dit so?” vra sy.

“Ja, Nella het eers gal afgegaan oor skinderbekke, maar uiteindelik het sy erken Miempie was Brand se kind. Sy was glo verskriklik ontsteld toe Fortuin haar vroeër vandag gesê het Miempie was verwagting, maar sy was behoorlik buite weste toe ek haar boonop moes vertel Gerbrand was moontlik die pa. Ek kry Fortuin jammer. Dit sal vanaand hel wees in daardie huis.”

“Ek kry nou weer vir Delphine jammer. Nella is eintlik nie veel meer as 'n gewese skoonsuster nie en nou moet sy met al die ellendes opgeskeep sit.” San klink nie alte simpatiek nie.

“Jy het Delphine ontmoet?”

San knik. “Sy het by die galery aangekom terwyl ek met Lily gesels het.”

“En? Wat dink jy?”

“Van die galery? Daardie prente wat Lily se swaer van die kale vroumense maak, lyk vir my maar 'n bietjie opruierig. Maar ek het gehou van Lily se tante se skilderye, al is dit so hartseer. Lily sê dit is nie te koop nie.”

“H'm, die galery is na die tante vernoem. Maja van Rhijn. Haar voetspore

het so vyftig jaar gelede dik gelê hier op Kruisbaai. Lily het die Visvrou vyf jaar gelede by haar geërf. Ek het jou mos al vertel van haar en my eerste moordsaak hier? Van Lily wat amper by Springklip afgestamp is. Maar ek het eintlik bedoel, wat dink jy van Delphine?”

“Sterk vrou. Sy het Faantjie mooi grootgemaak. Maar hoekom kry ek die idee jy gaan volgende vra wat ek van Lily en die res van die mense op Kruisbaai dink, en dan eers heel terloops daarby uitkom om my te vra wat ek van Gertjie dink?”

Gys kyk weg. As hy die blosende soort was, sou hy bekommerd gewees het.

“Sy is baie fyntjies en elegant.”

Dit klink nie belowend nie. Gys kyk na San. “Ek het jou gesê sy is te gekultiveer vir ’n ploert soos ek.”

San skud haar kop stadig. “Dis nie wat my bekommer nie. Vir my lyk sy ’n bietjie soos ’n koue vis. Ek wonder of sy vrou genoeg vir jou sal wees, warmbloedig genoeg.”

Gys het nie geweet sy wange kan warm word nie, maar dis presies wat gebeur. Hy staan op, druk sy hande in sy sakke en kyk uit oor die see.

“Hoekom het sy nooit getrou nie?” San het ’n manier om dinge wat sy sê na ’n beskuldiging te laat klink.

“Sy sou getrou het. Die huweliksdatum was vasgestel en alles. Dit was so paar maande ná my troue. Sy was pas klaar met universiteit en het by haar pa se prokureurskantoor geartikel. Haar verloofde was ’n jong advokaat en het reeds begin opgang maak. Toe, ’n week of twee voor die troue, bel my ma my. Gertjie het laat weet die troue is afgestel. Tot vandag toe weet niemand waarom nie. Die man was glo verpletter, maar hy het later met sy sekretaresse getrou. En jare later was Gertjie weer aan ’n ander man verloof.”

“En die tweede keer koue voete gekry?”

“Sy was weer eens die een wat die verlowing verbreek het, ja. Onthou jy die Meetsnoer-kataklisme en die vrou van Fluisterbos van wie ek jou vertel het? Raine Quinn? Wat nou Raine Fletcher is? Gertjie was aan haar pa verloof.” Gys se keel trek toe. Hy sal nooit Raine Quinn se woorde vergeet nie: ‘Ek moet erken, ek was nou nie juis in die sewende hemel nie, veral nie toe ek agterkom Gertjie het redelik gereeld opgevlieg en al ’n hele paar skelm naweke saam met my pa deurgebring nie.’

Hy onthou in detail die skok wat deur hom getrek het toe hy besef hoe

verspot hy was om te dink dat Gertjie al die jare ewe kuis gebly het. Dit was simpel van hom om Gertjie op 'n troontjie te sit, maar al weet hy dit, kan hy nou nog nie vrede daarmee maak dat Gertjie en 'n ander man gedoen het wat mens op skelm naweke doen nie. Nie sy Gertjie nie.

“Gys-man?”

Hy kyk om na San.

“Wil jy die vrou hê of nie?”

“Dis nie net vir hê nie, San,” vererg hy hom.

“Jy het my destyds gesê julle was verlief toe julle jonk was, maar kon nie trou nie omdat julle neef en niggie is en die Niemandsdorp-omgewing in die ou dae vrot was van die bloedskandelikheid. Dat selfs verlangse familie nie met mekaar kan trou as hulle nie gevaar wil loop om gebrekklike kinders in die lewe te bring nie.”

Gys knik.

“Toe trou jy en skei later, terwyl sy 'n oujongnoui bly, maar jy was in die Karoo en sy hier. Tot sy jou van die pos op Niemandsdorp vertel het en jy hier beland het.”

“Ek ken my eie lewensverhaal, San,” keer hy ongeduldig.

“En toe het jy vir my gesê kinders is op julle ouderdom nie meer 'n probleem nie,” gaan San onverstoord voort, “maar die verskille tussen julle is te groot. Sy is skatryk en gekultiveer en jy is brandarm en 'n ploert.”

“Dis reg,” sug hy gelate. Vir San keer mens nie as sy eers op dreef is nie.

“Toe verkoop jy die Packard en kry 'n klein fortuintjie daarvoor. En dieselfde gebeur 'n ruk later toe jy jou pa se huis op 'n groot erf met besigheidsregte verkoop. Nou is jy 'n redelik vermoënde man met 'n mooi huis hier op Kruisbaai.”

“Kom tot die punt, San.”

“Watse verskoning het jy intussen uitgedink om geluk nie aan te gryp nie?”

Gys kyk weer weg na die son, wat uiteindelik sy lêplek op die westerkim kry. “Ek het niks uitgedink nie. Ek is maar net nog steeds 'n ploert.”

“Jy weet dis nie waar nie. Wat weerhou jou regtig daarvan om haar te vra om met jou te trou? En ek praat nie van die miserabele poging wat jy aangewend het toe sy oorweeg het om aan haar vennoot verloof te raak nie. Ek praat van ná die tyd, toe jy sekerlik moes besef het sy het Derek van Rooyen se aanbod van die hand gewys. Veral nadat die man onlangs met

iemand anders getrou het. Ek vra weer, wat is jou verskoning dié keer?”

“Gertjie het by haar vorige verloofde geslaap,” skuur die woorde deur sy dik keel. “Dis nie ’n verskoning nie, dis ’n feit. En sy, ’n ouderling in haar kerk!”

San kyk hom ’n oomblik sprakeloos aan en snorklag dan so hard dat sy haar sakdoek uit haar trui se mou moet uitgrawe om haar neus te snuit.

“Jy kan maar lag. My kop weet ek was onrealisties om te dink dat sy nie ... Wel, jy weet ... Maar my hart kan dit nie aanvaar nie.”

“My liewe Gys,” lag sy openlik, “dis nie jou hart wat dit nie kan aanvaar nie, dis jou reptielbrein. Daardie deel van jou brein wat sonder logika moet klaarkom en net tussen veg en vlug kan onderskei — niks tussenin nie.”

“Volgens ’n program wat ek op DSTV gesien het, bestaan daar nie iets soos ’n reptielbrein nie. Dis ’n mite dat daar verskillende breine met verskillende funksies bestaan.” Selfs in sy eie ore klink hy opgeblase.

“Wel, dis gewis g’n mite dat mans dalk ’n brein het, maar nie ’n druppel verstand nie.” San sukkel orent. “Wanneer word dit nou eendag donker hier by julle?”

“Die tyd van die jaar so net na agt se kant. Soos jy seker al agtergekom het. Wil jy dan nou al gaan slaap?”

“Liewer slaap as nog sotlikhede aanhoor.” Sy beduie met haar kiere na hom. “Jy, Gys Niemand, is ’n stiksienige swaap.”

“Maar jy hou dan nie eens van Gertjie nie?” roep hy moedeloos uit.

“Sê wie?” Sy gee ’n paar tree vorentoe, draai dan skuins om na hom te kyk. “Hoe lank is jy nou al geskei?”

“So om en by vyf en twintig jaar,” brom hy teësinnig.

“En wil jy vir my sê jy het in daardie kwarteeu nie eens een knippie gehad nie?”

Dié keer is Gys seker hy is bloedrooi. “Moenie so onstigtelik wees nie, San.”

“Wel, het jy?”

“Daar was ’n vrou in die Karoo. Toe ek nog daar gestasioneer was. Maar dit was nie ’n ... Dit was so ’n basterverhouding.”

“Verloof geraak?”

Gys skud sy kop.

“Wat was baster aan die verhouding?”

“Kyk, San,” sug hy gefrustreerd. “Dit het ’n paar jaar geduur, maar ek wou

nie tot trou kom nie toe los sy my, oukei? Kort daarna is sy met die bevelvoerder getroud. Sy was ook SAPD. Dis een van die redes waarom ek vyf jaar gelede hierheen gekom het.”

San steun met albei hande op haar kiere en kyk hom reguit in die oë. “Gertjie was ten minste verloof. Dink jy vroue het nie drange en behoeftes nie, hè, Gys? Dink jy dis nie vir ons ook swaar om sonder seks deur die lewe te gaan nie?”

“Maar, San.”

“Luister eers klaar. Twintig jaar lank al is ek ’n weduwee. Ek was net oor die sestig toe my man sy laaste sug gesug het. Nie bloedjonk nie, maar nog glad nie koud nie. Ek weet hoe dit voel om te smag na ’n man se arms om my, hoe my lyf saans geroep het na ’n man se lyf. Kan jy jou indink hoe dit vir Gertjie moet wees? Magtag, Gys, sy is in die vyftig. Sy is ’n mooi, gesonde vrou met ’n vietse lyfie. Sy is vrou voor sy ouderling is. Gebruik jou verstand.”

“Ek dag jy sê mans het nie verstand nie?”

San gee hom ’n kyk wat hy weet hy verdien. “Jy gee my geen rede om enigiets anders te glo nie. Gaan krepeer nou maar in jou leë bed tot in lengte van dae. Mors dan maar die kosbare tyd wat jy nog op die aarde oor het. Maar ek waarsku jou, as jy die dag so oud soos ek is, sal dit jou berou, want dan is al jou kanse vir ewig verby. Nag, Gys.”

“San,” begin hy moedeloos.

“Moenie vir my ‘San’ nie,” val sy hom driftig in die rede. “Jy en Gertjie is albei ewe domastrant. As ek geweet het wat ek nou weet, het ek elke kans gebruik wat my kant toe gekom het — sonde of nie sonde nie. En as ek twintig jaar jonger was, sou jou bed nie vanaand leeg gewees het nie, glo my.”

Gys kyk haar skuifelstappie verdwaas agterna.

“En sou jy jou ouma vir ’n eendvoël aangesien het,” hoor hy haar nog mompel voor sy in die gang af verdwyn.

Ná die stort gaan sit Aengel op die rusbank, plak haar voete op die wakis en tel Angelique se dagboek op. ’n Hele jaar lank al sien sy so daarna uit om uiteindelik van Angelique se wedervaringe te lees. Sy het haar voorgeneem om proe-proe te lees en nie alles op een slag te probeer inneem nie. Maar sy

het nooit verwag sy sal daarteen opsien om verder te lees nie. Dat sy bang sal wees dis 'n klomp bogstories wat wie weet wie opgedis het nie.

Met 'n sug blaai sy die boek oop by die tweede inskrywing.

Julie 1815

Kierangbaai

Op Libertia het signor Caraccioli, ons priester, almal geleer dat elke mens vry gebore is en die reg het op alles wat hy nodig het — nes die reg wat jy het op die lug wat jy inasem. Die verskil tussen 'n man wat in weelde leef en 'n ander in armoede, is geleë in hebsug en ambisie aan die een kant, en lafhartige onderdanigheid aan die ander kant.

Op Libertia is nie een van die twee geduld nie, daar was almal gelyk en is alles gedeel. Almal het 'n stem gehad wanneer besluite geneem moet word. Ons was nie Engelse of Franse, Spanjaarde of Portugese of Afrikane nie. Ons is die Liberi. Die vyande van slawerny in elke vorm. Ja, tussen ons was geen onderskeid of verskille nie, behalwe dat Papa gewoonlik leiding geneem het en natuurlik dat ek die enigste jong meisie daar was. Of ten minste die enigste afstammeling van die koningin van die meerminne, die enigste vrou op land in die hele wye wêreld met goue hare en oë soos seewatersteen.

Papa het bepaal dat ek gelyk sal wees, maar nie gemeenskaplike besit sou word soos Vita en die ander Malgassiese vroue nie. Ek was bedoel vir Armand Rousseau en almal op die eiland het dit geweet.

As Liberi is dit vir my moeilik om te verstaan dat Gerbrand verwag ek moet hom bedien. Hy is nie eens die een wat my gered het nie. Dit was een van die wilde vroue. Sy moet 'n soort *ombiasy* wees, want sy het my gesond gedokter met kruie en aftreksels, my gevoer met kos uit die see tot ek weer self kon eet.

Gerbrand het my een nag uit die *ombiasy* se grot kom steel. Ek was nog swak en kon skaars loop. Hy het my oor sy skouer gegooi en hier in sy hut kom neerplak, waar ek flou geword het, soos Vita altyd gemaak het wanneer sy met die *razana* gekommunikeer het. En ek het gesorg dat ek so lank as moontlik flou bly.

Gerbrand is 'n vieslike man. Dis net op dae as die weer hom toelaat om na die Libertine toe te swem om my bruidskat verder te roof dat

hy vir 'n ruk nie stink nie.

Eendag het hy amper verdrink. Toe bou hy vir hom 'n vlot van dryfhout en van toe af kom hy telkens met meer en meer van my bruidskat te voorskyn. Binne-in my kook dit, maar uiterlik hou ek my nog baie swak. Tog sorg hy elke keer wat hy uitgaan dat ek nie uit die hut kan kom nie.

Ek verwyl die tyd deur my herwonne bruidskat uit te sorteer. Ek maak 'n speletjie daarvan. Juweliersware eenkant en huishoudelike ware anderkant. Die juweliersware sorteer ek dan weer volgens die stene. Robyne apart van smaragde, pêrels van saffiere en so aan, tot elkeen op sy eie hople l. Die huisware sorteer ek volgens bruikbaarheid. Silwerware, porseleinware, ensovoorts. Tog jammer so baie van die porselein het gebreek. Een oggend het dit gelyk asof die hele sandsoom blou was. Dit was laagwater nadat dit baie hoog was. Die hele baai was bestrooi met porseleinskerwe.

Toe ek nog baie klein was, het Papa 'n Hollandse skip bevry van sy vrag porselein uit Sjina. Hy het glo aan boord gegaan en toe hy sien die porselein waaruit die kaptein van die skip eet, het 'n meerminmotief op, het hy besef dis vir my bedoel. Daar was baie kiste vol daarvan in die skeepsruim.

Ongelukkig het die kaptein en die bemanning nie die konsep van Liberi verstaan nie. Tot Papa se spyt het hulle begin veg vir dit wat hulle as hulle besittings beskou het. Hulle moes van beter geweet het. Ná die tyd het Papa die kiste porselein na die Libertine toe laat neem.

En nou hang die Libertine soos 'n gebreekte voëlnes aan 'n rots, 'n hele ent die see in. Gerbrand werk al hoe vinniger en al hoe langer ure as die weer hom toelaat. Ek het hom aan sy handlanger hoor sê hy is bang 'n storm kom en dat die Libertine sal loskom en sink. Met laagwater as die maan vol of donker is, verskyn 'n skiereiland en kan hulle die rots sonder die vlot bereik. Dan werk hulle uur na uur sonder ruskans, tot die see weer hulle pad toemaak met water.

My bruidskat is uitgebreid. Ek glo nie hy besef hoeveel kosbaarhede daar op die Libertine is nie. Dit lyk my dis net die agterstewe wat vir hom toeganklik is. As hy maar weet hoeveel die boegruim bevat!

Hierdie optekening moet vir hom geheim bly. Dis net 'n geluk dat

ek hierdie blaaië tussen sy stink gemors gekry het. Hy sal natuurlik nie verstaan wat ek skryf nie, maar ek wil nie hê hy moet weet dat ek skryf nie. Hoe minder hy van my weet, hoe beter. Ek moet net 'n bietjie sterker word, my kans afwag en dan is ek vort.

Dit lyk my die vasteland hier is heelwat groter as Nosy Boraha. Ek hoop net nie dis so groot soos Madagaskar nie, want dan gaan ek dalk sukkel om Armand op te spoor. Miskien was dit die koue water waarin ek daardie nag vir 'n paar uur lank gedryf het, maar dis al asof ek nie mooi kan onthou hoe die wêreldkaart wat signor Caraccioli vir my lesse gebruik het, gelyk het nie. Maar selfs al kon ek onthou, sal ek nie weet waar die Libertine gestrand het nie.

O, die verskriklikheid van daardie nagtelike ure! Die gestamp van snoete teen my yskoue lyf. Toe die boegbeeld wat nader kom. Sou dit my moeder gewees het wat oor die oseane heen geswem het om my redding vir my te bring? My op die boegbeeld gehelp en toe die perdeskoenbaaitjie binne gestuur het? Of dalk een van haar onderdane? Ek weet net sy het ook goue hare gehad en in die lig van die halwe maan kon ek haar stert bo die water sien uitsprei toe sy wegduik.

Ek hoor Gerbrand aankom!

“Yeah, right,” sê Aengel hardop en smyt die boek weer op die wakies. “Die matriarg van die vooraanstaande Rousseau-familie is 'n seerower se dogter en is deur 'n meermin gered.” As dit nie Jeanne of Gabrielle is wat haar met 'n kluitjie in die riet wou stuur nie en ook nie 'n voorsaak met dieselfde bedoeling nie, sal sy maar die werklikheid in die oë moet staar: Woorde van wysheid wat sy haar eie kan maak, wat haar sal lei op die paaie van hierdie nuwe fase in haar lewe, gaan sy nie in die dagboek kry nie.

Die onverskrokke Angelique d'Avignon na wie sy haar hele lewe lank so opgesien het, met wie sy haar verbeel het sy so 'n hegte band voel, was toe uiteindelik maar net 'n bedorwe kind met bra min verstand en 'n vergesogte sin vir fantasie. Praat van 'n let-down.

Roark grinnik toe hy ná die tweede inskrywing die lêer waarin hy die fotokopieë geliasseer het, toemaak. Annie Niemand, jou doring. Jy was dalk ietwat kens, maar jy gee my moed.

Hy skink sy glas weer vol wyn. Baie daarvan klink dalk soos 'n spul bog,

maar die meerminmotief vervleg in die blomblare op die porselein is geen leuen nie. Perdeskoenbaai? Klink darem altevol na Kierangbaai. En die rots in die see? Rykmansklip, hier kom ons.

Dan was hy en Mac reg. Die Libertine het nie by Kruisbaai gesink soos almal dink nie, maar Rykmansklip getref, van sy vrag daar verloor — insluitende alles wat Gerbrand van ouds geraap het — en toe waarskynlik in 'n storm losgekom en elders finaal gesink. Hulle is ten minste op die regte spoor.

Hy glo vir geen oomblik daar kon soveel juweliersware en edelgesteentes gewees het soos die mallerige Annie wil voorgee nie, maar Gerbrand van ouds moes wel 'n baie ywerige raper gewees het. Hy het die lap aarde van Springklip tot by Rykmansklip en tot drie kilometer van die kuslyn af die binneland in gekoop, of geruil, of iemand daarvoor omgekoop — hoe dit ook al in sy besit gekom het. Maar soveel kosbaarhede? Of steek daar tog waarheid in Gerbrand se bewering? Dat die eerste Gerbrand, kort voor hy hier in die einste baai verdrink het, 'n kis of kiste vol geraapte skatte êrens op Kierangbaai begrawe het? En as dit so is, waar sou hy die skat begrawe het?

Wat is leuen, wat verdigsel? Eintlik het hy vrede met wat verder in die dagboek staan. As die dagboek eg is, bevestig dit wat hy nooit gedink het bevestig sal kan word nie: Die Libertine-wrak lê hier naby, daar was 'n waardevolle vrag, die eerste Gerbrand Niemand het skatte geraap, die porselein kom van Sjina af.

Die inskrywing is in 1815 gemaak, maar Annie was klein toe haar pa die porselein geroof het. As Papa die Hollanders in ongeveer 1802 beroof het, kan sy vermoede nog in die kol wees. Dat die porselein Qianlong is, 'n baie unieke weergawe daarvan. Wat om verskeie redes baie beter sal wees as dat dit Jiaqing is. Waarom dit nie die merke, eie aan antieke Sjinese porselein, dra nie, is duister maar met hierdie nuwe inligting — Bingo!

Dit sal sy bedingingsmag aansienlik versterk, solank Aengel Rousseau net nie besluit sy wil haar erfgenaamskap uitoefen en in die hof toets nie.

TIEN

3 Desember — oggend

Terwyl Aengel gister se versameling optelgoed in haar skuurtjie sorteer, kom sy agter daar is 'n effense verdonkering. Sy swaai om.

“Jammer om te pla.”

Dis 'n heel ander Zita as die een van gister. Sy lyk bleek en amper bedees. Sou dit wees oor Gys Niemand se besoek vanoggend vroeg? Sy bakkie het naby Rykmanshut gestaan.

“Hallo,” groet Aengel en vee haar sanderige hande aan haar denimkortbroek af.

“Ek kom net om verskoning vra. Ek was gister baie ontsteld.”

Aengel haal haar skouers op en druk haar hande in die kortbroek se sakke, nie doodseker wat om van hierdie besoek te maak nie. “Dis nie 'n treinsmash nie.”

“Nee, maar dit was onnodig. Ek het 'n uitval met Roark gehad, maar ek moes dit nie op jou uitgehaal het nie. Die klompie van ons wat hier bly, of dit nou permanent of af en toe is, kan nie bekostig om vir mekaar kwaad te wees nie. Ek wil nie hê jy moet sleg dink van my nie.”

“Dis oukei en ek dink nie sleg van jou nie. Ek weet net nie waarom jy my beskuldig het dat ek Gerbrand of dalk Roark uitlok nie. Dis nie die geval nie. Ek het vrede met al twee van hulle.”

Zita sug. “Jy het nie nodig om hulle uit te lok nie. Girls soos jy hoef nie. Jy weet sekerlik hoe jy lyk. Maar ek het nie net om verskoning kom vra nie. Ek het ook kom vra dat jy nie aan oom Gys noem van my bakleiery met Roark nie en ook nie aan Gerbrand nie.”

“Hoekom sal ek hulle daarvan wil vertel?” frons Aengel.

“Ag, jy weet hoe dit gaan. Oom Gys sal jou seker weer kom uitvra omdat jy op Miempie afgekom het en dan kan so iets maklik uitglip en onnodig probleme veroorsaak. En Gerbrand kan dalk kom gesels en dieselfde ding

kan gebeur.” Zita draai skuins en tel ingedagte ’n kauri op van die werkbank af. Met die lig van agter skyn die los rok deur en Aengel kan duidelik die silhoeët van Zita se vol borste en die effense ronding van haar maag sien. Sy kyk weer na Aengel. “Die ding tussen my en Roark is ’n private ding wat ons twee self moet uitsorteer.”

“Is hy die pa?”

Zita se wenkbroue wip.

“Jou rok skyn deur; ek kon nie help om te sien nie.”

Zita vou haar hande oor haar maag. “Is dit al so duidelik? O, aarde.”

Aengel wonder of Zita nie presies geweet het wat sy doen toe sy skuins gedraai het nie. “Vier, vyf maande?” Sy het self tot feitlik op die einde klein gedra en sukkel om ander vroue se swangerskappe na die lyf te oordeel.

“Sewentien weke. Ek het gisteraand in my ontsteltenis vir die eerste keer vir Gerbrand vertel. Dit was net mooi die verkeerde ding om te doen. Die verkeerde tyd ook.” Sy sug nog ’n slag. “Hy was rasend. Vanoggend het hy darem bedaar.”

Aengel kan haar indink dat iemand rasend sal wees as hy hoor sy meisie dra ’n ander man se kind. Die rasend oortuig haar amper meer as die bedaar.

“Noudat die kat uit die sak is, sal ek seker ook beter voel. My senuwees was maar op. Ek dink ons sal tog maar trou.”

“Jy en Roark?” Dit voel al asof sy êrens iets mis.

Zita se oë rek. “Nee, natuurlik nie. Ek en Gerbrand. O! Nee, die baba is nie Roark s’n nie.” Sy glimlag en haar hele gesig verander van aantreklik na pragtig. Dis die eerste keer wat sy Zita sien glimlag. “Ek het die baba vanoggend voel beweeg. Gerbrand kon dit nie voel nie, maar dis tog asof dit ’n verskil by hom gemaak het toe ek hom daarvan gesê en hy sy hand op my maag gesit het. En ek dink dit het gehelp dat die sonar wat ek laas week gehad het, gewys het dis ’n seuntjie. ’n Man wil tog maar altyd graag ’n seun hê.”

Zita kyk om haar rond asof sy vir eerste keer inneem wat om haar aangaan. Sy raak aan ’n bewer wat Aengel vanoggend aan die dakbalk opgehang het. Die mandjieskulpe dans toe die dryfhout wieg en die seeglas aan die onderpunt blink in die sonstrale. “Dan is dit die goed waarvan Charlie my vertel het. Dis nogal mooi.” Zita kyk vinnig na Aengel. “Oeps, jy moet tog nie vir Pearlie sê ek het Charlie weer gesien nie. Vandat sy so vet geword het, is sy jaloers as ooit. En seker met goeie rede. Charlie is ’n aantreklike man.

Om die waarheid te sê as hy geld gehad het, en nie getroud was nie ...” Sy knipoog veelseggend.

Miskien is sy bevooroordeeld, maar Aengel kan sweer dit was ’n doelbewuste glips en sy sal nie verbaas wees as Zita haar nie veel aan huweliksbeloftes steur nie.

“Hy werk sy nuwe snorkelroete uit. Hy wil die kierangkant van die baai insluit en wou kom kyk wanneer dit die beste sal wees om die toeriste te bring. Maar ek dink hy wou my eintlik maar net kom waarsku oor die stories wat Kruisbaai vol lê. Oor Miempie wat swanger was en dat almal dink dit was Gerbrand se kind.”

Aengel verwonder haar aan die vrou voor haar. Iets is nie lekker aan haar nie, maar Aengel kan nie haar vinger lê op wat skort nie. Dis nie net die feit dat Zita klaarblyklik nie omgee dat Gerbrand Miempie dalk swanger gemaak het nie. Ook nie dat Zita desondanks heeltemal bereid is om met Gerbrand te trou nie.

“Ek kan sien jy weet ook daarvan,” vervolg Zita. “Wel, daar is niks wat mens nou daaraan kan verander nie. Maar Charlie kon hom die moeite gespaar het. Ek weet al vandat Miempie Gerbrand vertel het. Hulle dink mos ek is onnosel, maar ek het hom agtervolg toe hy uitgaan — kastig om lug te skep — en gehoor toe sy hom vertel. Ek moet sê ek sou dalk anders opgetree het as hy nie dadelik vir haar gesê het sy moet daarvan ontslae raak nie. Maar nou het hy en ons gaan trou. Dis hoekom ek Charlie vandag nog gaan sê hy moet my in die vervolg liewer uitlos. Gerbrand het sy wild oats oral gesaai, maar nou sal hy tot bedaring kom. Ek dink hy sal ’n goeie pa wees. Hy is self eintlik nog in sy hart ’n kind, al is hy al in die dertig. Sulke mans maak altyd goeie pa’s.”

Aengel glimlag net niksseggend. As Zita haarself só wil troos, gaan sy haar nie ontnugter nie. “Ek hoop julle is baie gelukkig.”

“Ons sal wees. Los hom net uit.” Die woorde word versag deur nog ’n gemaak guitige knipoog, maar Zita se oë is doodernstig. “En as ek jou kan raad gee, Aengel, loop maar wye draaie om Roark. Jy kan jouself baie ellende bespaar. Hy is die soort man wat mens se kop en lyf ewe deurmekaar kan maak, maar hy is nie ’n man wat gevang kan word nie.”

“Dankie vir die raad, Zita, maar ek stel nie daarin belang om Roark of enige man te ‘vang’ nie.” Aengel tel ’n boks van die grond af op en plak dit op die tafel neer.

Zita kry die skimp. “Dan gaan ek maar. Sien jou.”

Aengel kyk haar agterna toe sy met ’n heupswaai wegstap. Sy kies nie koers Rykmanshut toe nie maar stap in die teenoorgestelde rigting, Kruisbaai se kant toe. Om haar sê vir Charlie te gaan sê dalk?

Waarheen sy ook al op pad is, dis ’n bottel gif op bene wat daar loop, daarvan is Aengel oortuig. Sy is net nie seker presies wat die doel agter die besoek was nie. Los Gerbrand uit? Was dit die boodskap? Of was dit die waarskuwing oor Roark wat haar eintlik hierheen gebring het? Maar hoekom? As Zita met Gerbrand gaan trou, het sy mos niks meer met Roark uit te waai nie. Of wou sy dalk juis ’n saadjie plant oor Charlie? Die vraag is weer eens, hoekom? Maar ’n blote goed bedoelde besoek was dit kwalik — Aengel se welstand rus definitief nie swaar op Zita se gemoed nie.

“Is jy nog befoeterd oor my preek gisteraand of is daar nou weer iets anders wat jou byt?” San stoot ’n bord met ’n donsige omelet voor Gys in.

“Ek sal dit nou nie ’n preek noem nie,” brom Gys en skud sy kop. “En ek is nie befoeterd nie.” Hy neem die eerste happie en toe die smaak van kaas en ham met die eier versmelt, gaan sy oë vanself toe. “Heerlik, San,” sê hy nadat hy gesluk het.

San se breinaalde klik hikkerig terwyl hy klaar eet. Die see lê blinkblou en besonder kalm voor hulle uitgestrek. Hy kan nou nog nie glo hy was so gelukkig om hier vir hom te kon huis opsit nie. Sy bedanking is ingedien en word van krag wanneer sy vakansie oor ’n maand verstryk. Wat daarna gaan gebeur, het hy nog nie vas besluit nie. Aanvanklik was hy van plan om te kyk of hy nie private speurwerk kan doen nie, maar hy weet nie meer so mooi nie. Wat hy wel weet, is dat hy ’n hele nuwe lewe vir hom geskep het. Aan die een kant is dit opwindend, aan die ander kant skrikwekkend.

“Dankie, San, dit was voortreflik,” sug hy toe hy sy bord terugskuif en die servet na sy mond toe bring.

“Waar het jy vanoggend rondgeloop?” San laat sak die bont breiwerk in haar skoot.

“Ek was Kierangbaai toe, maar ek het jou nog hoor sn ... slaap, toe wou ek nie pla om vir jou te sê nie.”

“Jy kan maar sê ‘snork’, Gys-man. Ouderdom het nie plek vir ydelheid nie.”

Gys glimlag net. Hy is self nie 'n tjoepstil slaper nie, maar San kan omtrent balke saag. Hy hoor dit tot in sy kamer. “Ek was by Zita. Ek het nie gister by haar uitgekom nie.”

“Dis nou Gerbrand se meisie, die een wat gesê het Miempie was een van Gerbrand se hoere?” San volg sy vertellings besonder goed en met haar geheue skort daar niks.

“Einste. Ek het nie mooi geweet hoe om die ding aan te voor nie, maar sy het dit eintlik maklik gemaak. Gesê sy weet Miempie was verwagting en sy weet Gerbrand is moontlik die pa.”

“Moontlik?” val San hom in die rede.

“Ja. En ek het dit daar gelaat, die arme kind het genoeg om haar oor te bekommer.”

“Waar was daardie klein vark?”

“Gerbrand? Nee, ek weet nie. Sy het iets gesê van gaan visvang by Rustler's Cove.”

“En daar is meer vis daar as by hierdie Kierangbaai-plek?”

Gys haal sy skouers op. “Dié sal ek nou nie weet nie.” Hy praat nie gewoonlik uit oor sy sake nie, maar San is anders. Dis hoeka sy wat hom destyds gehelp het om agter die kap van die byl te kom toe hy op Wildfontein gaan snuffel het oor Kayla Cilliers se eerste man se moord. “O ja, terloops, Kayla en Mitch Lockwood se dogtertjie is in September gebore; het sy jou laat weet?”

San knik. “Natuurlik. Hulle is op die oomblik in Majorka, maar kom nog voor Kersfees terug hierheen. Ek hoop om hulle dan te sien, en natuurlik die kleinding ook.”

Gys skud sy kop. Kersfees? Het San dan verkeerd verstaan? Hy het haar net vir 'n week genooi.

“Het jy al Kayla se nuutste boek gelees?”

“Nog nie gekoop nie. Ek sal sommer een by haar koop wanneer hulle terugkom.” Hy sal maar later die duur van haar verblyf moet uitpluis. “Van kinders gepraat, ek het jou nog nooit oor joune hoor praat nie. Het jy?”

“Kinders?” San kyk ver oor die see uit. “Ek het 'n seun en 'n meisiekindjie gehad. Die meisiekindjie is dood toe sy 'n kleuter was. Daar was fout met haar hartjie. Die seun is jonk dood in 'n motorfietsongeluk.” San snuif en begin weer brei.

“Ek is jammer, San.”

Sy kyk nie op nie. “Is nie jou skuld nie, Gys-man.” Haar verskeidenheid kenne dril en haar onderlip woel met haar kunsgebit.

“Zita verwag ook,” sê hy. Enigiets om San se aandag af te trek van die emosies wat hy so ondeurdag met sy simpel vraag in haar losgemaak het.

Die breiwerk sak weer. Sy vis haar sakdoek onder haar horlosieband uit en blaas haar neus. “En wie se kind is dit?”

“Glo Gerbrand s’n.”

“So ’n klein swerkater.”

“Dok reken Miempie se kleintjie was in haar agtiende week. Zita sê sy is sewentien weke ver.”

San snork ergerlik. “Mans soos Gerbrand Niemand se knaters behoort geknoop te word.”

“Zita is ook maar nie ’n Kinderkranstannie nie. Sy het glo ’n verhouding met Roark ook gehad en ek verstaan daar lê ook stories rond oor haar en ander mans. Klaarblyklik is sy ’n bietjie van ’n ligtekooi. Maar ieder geval, sy weet vanoggend te vertel sy en Gerbrand trou binnekort.”

San se voorkop is die ene plooi. “Sy weet Gerbrand kan Miempie se kind se pa wees en sy wil nog met hom trou?”

“Dis vir my ook snaaks. Ek meen, dit vat mos tyd om oor so iets te kom, of hoe?”

“Dit ruik die ene muishond, Gys-man. So iets gaan sit nie in ’n vroumens se klere nie.” San kyk hom peinsend aan. “Mik jy waarheen ek dink jy mik?”

“Ek weet nie waarheen ek mik nie, San, maar dis nie net die ding van Miempie nie. Zita het Gerbrand ook gisteraand eers van haar baba vertel. Vanoggend besluit hulle woeps-waps om te trou. En net nadat dié enorme besluit geneem is, besluit hy om te gaan visvang.”

San dink ’n oomblik na. “Sy vind uit Miempie verwag, sy weet Gerbrand kan die pa wees. Sy is self verwagtend en om die een of ander onverklaarbare rede wil sy Gerbrand hê. Wat nou gemaak?” som sy mymerend op. “Miskien wil sy nie haar kind grootmaak terwyl almal weet Gerbrand het nog ’n kind nie — dalk veral nie ’n bruin kind nie? Behalwe die stigma, is daar ook finansiële implikasies. Miempie moet dus uit die pad uit kom en Zita sorg dat dit gebeur?”

“Dis ’n moontlikheid wat by my opgekom het.”

“Is sy die soort mens wat so iets sou kon doen, Gys?”

“Op die oog af nie, hoewel mens seker nooit kan sê nie, maar sy het nie

ooghare vir Miempie gehad nie en daar is iets hard en koude aan haar.” Hy vryf oor sy ken. “Gepraat van persoonlikhede. Ek dink nou daaraan, dié Gerbrand is ’n regte pierewaaier. Hy lyk nie vir my soos ’n man wat ’n visstok sal vat en ’n blinklyf sal wil gaan uittrek nie.”

“Vergeet nou van visvang, Gys-man. Wie is jou ander verdagtes? Behalwe Strandloper en Gerbrand en moontlik Zita, wie nog?”

“Kon Mac gewees het, as Miempie dalk iets gesien het wat hy nie wou hê hy moet sien nie. Hy het geskuba. Hy kon tot by haar gekom het, haar nader geroep en die net oor haar kop gegooi het. Of natuurlik van agter af bekruipt het. Daar is juis iets snaaks aan die bloubordstorie.

“Dan is daar Roark, maar ek sal sukkel om by ’n motief uit te kom. Sover ek verstaan, was hy nog net goed vir die Bandjiese en tensy ek die pot heeltemal mis sit, is sy behulpsaamheid en ontsteltenis oor die saak opreg.”

Hy dink ’n oomblik na. “Robert is ook in die omgewing van Rykmanskil opgemerk, maar dit was ná sewe en hy is gay. Nie ’n kandidaat vir Miempie se kind se pa nie. Nog minder van ’n motief, behalwe dat sy hom en Louis glo gatgabbas genoem het. Ek het nog nie met Charlie en Pearlie gepraat nie, maar sy het glo ook daardie aand daar oorgeslaap. En al het Charlie nie op Kierangbaai oorgeslaap nie, sê dit niks nie. Hy is ’n atletiese mannetjie en draf gereeld Kierangbaai toe en terug om fiks te bly. Hy was glo kwaad oor die meisiekindjie haar knie nerfaf geval het terwyl Miempie haar opgepas het, maar as motief stink dit.”

“H’m. En dan is daar natuurlik Nella.”

“Nella?” frons Gys. “Waar kom jy nou vandaan, San?”

“Sy het geweet die twee is halfbroer en -suster. As sy uitgevind het Miempie verwag en geweet het die twee het gekafoefel?”

“Nee wat, San. Nou vat jy jou draai te ver. Strandloper en Gerbrand bly die hoogste op my lys. Ek sal Zita bysit en dalk vir Mac. Maar Nella? Aikôna.”

“Almiskie, maar dink daaraan. Sy sou haar verbintenis met Brand wou stil hou, soos sy al die jare gedoen het. En waarskynlik veral die feit dat sy betaal is vir haar dienste. Sy kon bang gewees het die hele debakel kom op die lappe as daar dalk ’n inteelebaba is? Wat toe inderdaad die geval was.” San se versakte borste skommel toe sy orent steun. “Maar jy is die speurder, Gys-man, jy sal beter weet. Ek gaan koffie maak.”

Nella? Gys staan op en druk sy hande in sy sakke. Nee, ’n vrou sal tog nie haar eie kind vermoor nie? Nie dat dit die eerste keer sou wees nie. Maar

Nella? Buitendien, haar geheim het juis op die lappe gekom omdat Miempie vermoor is.

Gys wonder weer of Gerbrand geweet het Miempie is sy halfsuster. En toe hy hoor van die baba, besef hy dis bloedskandelik. Miempie weier om daarvan ontslae te raak, daarom vermoor hy haar?

“Hi?”

Aengel laat val amper die bewer wat sy aan die ophang was en moet na die leer gryp om haar te stabiliseer.

“Sorrie! Sjoë, maar jy moes diep ingedagte gewees het.”

“Hallo, Charlie. Ja, nogal.” Aengel rek, pas die bewer se draadlus om die haak wat sy in die balk gedraai het en klim af.

Charlie laat sak Lulie van sy heup af en sy hardloop dadelik na Aengel toe. “Jy het skulpies!” Sy wys met ’n plomp vingertjie na die bewer wat nog tol en draai.

Aengel tel ’n mandjie vol alikreukelskulpe op, hurk en sit dit voor Lulie neer. “Watse skulpe is dit nou weer, Lulie?”

“Krekels.”

“Amper reg. Alikreukels. Jy kan daarmee speel, maar moenie laat val nie, hoor, dan breek dit.” Sy kom regop toe Lulie die skulpe begin uitpak.

Charlie bestudeer een van die muurbehangsels. Sy skouers lyk stram en die manier waarop sy hande in sy sakke gedruk is, verklap dat hy ver van ontspanne is. “Dis regtig baie kunstig, Aengel.” Hy draai na haar. “Ek en Pearlle het gepraat. Ons sal tog maar graag ’n paar goed wil aankoop. Ek is seker ons sal dit kan verkoop en dit sal die winkel ook ’n bietjie opkikker. En ons sal ’n groter winsgrens kan opsit as met consignement.”

Zita was reg, besef Aengel so halfterloops. Charlie is regtig ’n baie aantreklike man, al sit sy frons soos ’n wasgoedpen tussen sy wenkbroue. Hy trek effens op Roark. “Dis vir my om ’t ewe. Ek gee regtig nie om om dit op consignement te gee nie, maar as julle liever wil aankoop, is dit ook goed.” Eintlik wens sy sy kan die goed vir hulle verniet gee, maar sy kan aanvoel dit sal nie werk nie. Uit Pearlle se gesprek met haar pa kon sy al agterkom Charlie ly aan ’n hardkoppige soort trots.

“Ons het baie moed vir hierdie seisoen. Op die waterfront het ons almal die afgelope paar jaar maar noustrop getrek. Die teerpad het ’n ewigheid geduur,

maar noudat dit klaar is, glo ek sal dit beter gaan. Besprekings vir my snorkelroete het die afgelope tyd baie goed opgetel.”

“Ek is bly om dit te hoor. Ek verstaan jy was juis gister hier om die roete hierheen uit te brei?”

Dit lyk asof hy skrik. “Um, ja, ek was hier om te kyk na die getye en so.”

“Zita het so gesê, ja.”

Charlie druk weer sy hande in sy verbleikte bermudas se sakke, kyk na die balke bokant hom en weer af na haar. “Um, Aengel, ek sal bly wees as jy nie vir Pearlie sal sê ek was gister hier nie. Sy weet ek het jou vandag kom sien en is hier om die getye te bekyk en so, maar ...” Hy roer sy skouers ongemaklik. Sy spiere speel onder die wit T-hemp met die CC Adventure Centre-embleem daarop.

Aengel lig haar hande vlugtig in ’n hensopgebaar. “Ek het geen rede om vir haar te sê nie, Charlie, maar asseblief, moenie my betrek by enigiets waarby ek nie betrek wil wees nie.” As Charlie nie wil erken hy het vandag weer vir Zita gesien of gaan haar sien nie, is dit sy saak. Of dalk het Zita gejoj.

“Dis net, Pearlie is baie jaloers, Aengel. Haar selfbeeld het ’n knou gekry ná Lulie se geboorte en sy verbeel haar daar was ’n paar maande gelede iets tussen my en Zita. Ons sukkel om oor ’n bad patch te kom. Dis maar al.” Hy ontmoet nie haar oë nie.

“Wel, sy sal seker gerusgestel wees noudat Zita en Gerbrand gaan trou.”

“Trou?” Die woord val soos ’n klip uit sy mond. Lulie kyk bekommerd op en hy streel gerusstellend oor haar haartjies voor hy weer vir Aengel kyk. “Dis nuus. Op die aarde waarom sou sy nou skielik besluit het om met hom te trou? Ek bedoel, met die Miempie-ding en alles.”

“Dit sal jy maar vir haar moet vra.”

Hy skud sy kop onbegrypend. “Toe ek haar gister kom waarsku het almal glo Gerbrand was Miempie se kind se pa, was sy devastated, en nou wil sy met hom trou?”

“Wel, ek is seker sy het haar redes.” Aengel oorweeg dit om hom ordentlikheidshalwe vir koffie te nooi, maar besluit daarteen. Iets aan die hele Zita- en Charlie-ding maak haar baie ongemaklik. Hoekom sou Zita gemaak het asof sy “devastated” was as sy in elk geval reeds geweet het? Toe sy weer na Charlie opkyk, het hy opsigtelik verbleek.

“Aengel, ek verbeel my ... Zita is nie dalk ook verwagkend nie, is sy?”

“Dit het niks met my uit te waai nie, Charlie. Ek skinder nie agter ander se rûe nie en hoop mense sal my in ruil dieselfde guns doen. Wil jy dalk ’n paar van die goed uitsoek en solank winkel toe neem? Ons kan later regmaak.”

Sy kan sien Charlie hoor haar skaars.

“Hoe ver is sy?” vra hy hees.

Iets in sy oë laat haar kapituleer. “Sy sê sewentien weke.”

Hy word spierwit, swaai weg en struikel oor die skulpe waarmee Lulie speel. Aengel se hande skiet uit om hom sy balans te help behou. Sy kry hom aan sy arms beet en hy gryp haar polse vas, maar hy kry nie dadelik sy ewewig nie en die skulpe spat in alle rigtings.

Lulie skrik en sit ’n keel op.

“Wat de bliksem gaan hier aan?” bulder Roark en tel Lulie op terwyl Aengel en Charlie nog aan mekaar vashou.

Charlie se hande val te skielik van haar af en Aengel steier agteruit, struikel oor die skulpe. Charlie gryp weer na haar en help haar om haar staan te kry voor hy na Roark kyk.

“Hi, uncle Roark. Ek is juis op pad.” Hy hou sy arms uit na Lulie, maar sy druk haar koppie teen Roark se skouer vas en huil harder.

“Jy breek my skulpies!” snik sy.

“Lulie, kom nou.” Charlie druk sy hande onder haar armpies in, maar sy klou soos ’n neet aan Roark. Haar gehuil slaan oor in ’n geloei.

“Jy breek skulpies! My skulpies! Pappa breek Lulie se skulpies!”

Vir ’n oomblik is Aengel terug in ’n besige winkelsentrum met Lika wat aan haar arm rem en ’n kabaal opskop teen dieselfde tantrumdesibels as wat Lulie nou uittower.

Daar moet ma’s wees wat raad het met kleuters se vloermoere, maar sy was nie een van hulle nie en is dit steeds nie. Sy hurk en begin die skulpe terugpak in die mandjie voor iemand hulle nek oor die goed breek. Lulie moet nou maar tantrum tot sy klaar is.

“Lulie, néé.” Roark verhef nie sy stem nie, maar selfs ’n kind in die greep van semihisterie kan nie die staal daaragter misken nie.

Die stilte is ineens oorverdowend. Lulie se yslike blou oë staar Roark betraand aan, die onderlippie bewe asof sy nie kan glo die man wat haar so beskermend in sy arms opgeraap het, kan haar so verraai nie. Die armpies vlieg uit na haar pa toe. “Huis toe gaan.”

Met ’n oorhaastige “Sien julle,” maak Charlie hom uit die voete.

Roark kom staan voor haar en steek sy hand uit. Aengel vat dit vas en laat toe dat hy haar optrek, maar toe sy haar hand uit syne wil trek, ruk hy haar onsag nader sodat hulle bors aan bors staan asof hulle wag vir 'n intense Latynse dans om te begin.

Iets gebeur toe hulle oë ontmoet. Iets wat Aengel nie kan naam gee nie. 'n Krag, dalk 'n borse een, vibreer tussen hulle. Aengel probeer terugtree, maar sy ander arm gaan om haar lyf.

“Wat de hel dink jy ...” begin sy, maar hy smoor haar woorde.

Dis 'n wilde soen wat met liefkosing niks te maak het nie, maar so oereroties dat Aengel met 'n sinnelike getygolf meegesleur word tot dieptes en hoogtes soos sy nie geweet het moontlik is nie.

Toe hy haar laat gaan, moet sy na die leer agter haar gryp om haar balans te kry.

“Los my peetkind uit,” hyg hy en vee sy hare uit sy oë. “As jy wil speel, kies ten minste iemand van jou eie portuur.” En daarmee draai hy verwoed om en stap met lang hale by die skuur uit.

Die hele episode het net sekondes geduur. En tog 'n ewigheid. 'n Minuskule eon waarin iets in haar onomkeerbaar verander het. Asof die maan 'n breukdeel van 'n graad gekantel het en getye van hierdie oomblik af effens anders gaan stu en terugtrek.

Roark storm sy huis binne en kom eers op die drumpel van sy balkondeur tot stilstand. Wat de fok gaan met hom aan? Wat de bliksem het hy gedink doen hy?

Nee, hy het nie gedink nie. Net gereageer. Iets binnein hom het net losgeskiet toe hy die twee in mekaar sy arms gesien het. Iets waaroor hy baie streng beheer toegepas het vandat hy sy oë vir die heel eerste keer op Aengel bliksemse Rousseau gelê het.

Hy swaai terug binnetoe, klap die lêer met Annie se dagboekafskrifte van sy lessenaar af. Die knip vlieg oop en die blaai spat in alle rigtings. Hy gryp 'n kussing van die leerbank af en smyt dit teen die grond.

Sy beteken moeilikheid, hy het dit donnerswil geweet! Met 'n kreun sak hy op die bank meer. Bliksemse vroumens.

Oomblikke later spring hy weer op, stap met lang treë skuur toe. Pluk die eerste die beste visstok van sy hake af, gryp sy hengelrugsak en swaai dit oor

sy skouer. Ruk op pad 'n sak witmossels uit die aasvrieskas.

Engel se gat, besluit hy terwyl hy koers kry Derdebaai toe. Sy is reguit uit die hel uit hierheen gestuur om hom te kom tempteer. Met daardie gesig. Daardie lyf. Daardie soet, soet mond.

Aengel weet nie waar die dag heen is nie. Sy weet sy het goed uitgepak, gesorteer. Nie edelgesteentes soos Angelique het nie, maar skulpe soort by soort, en seeglas kleur by kleur, dryfhout en kristalle volgens die verskillende groottes. Haar werksplek het begin orde kry, maar hoe sy daarin geslaag het met 'n brein in neutrale rat, weet sy waaragtig nie.

Tyd het egter gevlieg en sy sien dis net voor agt toe sy die waenhuideure in die laaste lig sluit. Sy hoor 'n motor agter haar dreun en waai werktuiglik vir Robert en Louis toe hulle verby ry.

Robert waai terug, maar agter die stuur bly Louis stroef voor hom uitkyk. Dis seker nie lekker om nie tafelbesprekings op 'n Vrydagaand te hê nie. Of dalk gebruik hulle maar net die kans voor die groot vakansietoeloop begin. Sy verbeel haar juis sy het Robert se kar ook vroeër vandag by Rykmanshut sien staan. Seker kom swem terwyl hulle nog die geleentheid het.

In die huis gekom, oorweeg sy haar opsies vir aandete. Maar na 'n doellose gekrap in haar koskaste, kom sy tot die gevolgtrekking sy sal niks in haar lyf kan kry nie. Daarvoor is daar te veel emosies wat stoei en bots. Sy dwaal deur die huis, maar behalwe om die skemer wat nou sterk toesak met ligte te verdryf, vind haar hand niks om te doen nie.

Met 'n sug gooi sy haar uiteindelik op haar bed neer. Wat de hel gaan hier op Kierangbaai aan? Zita se ontboeseming is nog een ding, maar sy vreet haar skaarsste bleddie skulp heelhuids op as Charlie nie vir Pearlie ongeveer vyftien weke gelede met Zita verneuk het nie.

Charlie sal sekerlik uit sy ondervinding van Pearlie se swangerskap weet sewentien weke beteken dis soveel weke sedert die eerste dag van die laaste menstruasie. Wat beteken dis ongeveer vyftien weke van konsepsie af. Hy moet daardie som dadelik kon gemaak het.

En as Charlie rede tot kommer het, hoekom maak Zita asof dit Gerbrand se kind is? Of is sy nie seker wie die pa is nie omdat sy kort voor of ná Charlie by Gerbrand geslaap het? Dis al wat dit kan wees.

Maar dis nie regtig Zita en Charlie se dinge wat haar in 'n zombie verander

het nie. Dis daardie verwoestende soen. Hoe durf Roark sommer net aanvaar sy en Charlie was besig om te ... wat ook al? En dit nogal voor Lulie? En waarom só optree? Hoe durf hy alles wat sy met soveel moeite in haar kop en hart georden en geliasseer het, kom omver gooi? Haar uit haar gekose wentelbaan ruk en dan soos 'n kaalgesuigde pruimpit uitspoeg?

Sy maak haar oë moeg toe. Die dag het net te veel ingehou. En nie net die dag nie, die afgelope drie dae. Sy weet sy moet opstaan en gaan stort. Weet sy moet darem iets te ete inkry, maar sy het nie die krag om 'n enkele ledemaat te verskuif nie. Nie eens om op te staan en te gaan kyk toe nog 'n motor lawaaierig voor haar huis verbyry nie. Nie eens om iets aan die kriedeling teen haar slaap te doen nie, daar waar die trane wat deur haar wimpers sypel, 'n afvoer soek nie.

Sy word in die middel van die nag half en half wakker, sien al wat 'n lig is, is nog aan, maar skuif net koulik onder die somerduvet in voor sy verder slaap.

Toe sy weer haar oë oopmaak, is sy egter dadelik helder wakker. Haar denimkortbroek sny in haar heup toe sy op haar sy draai. Dis die eerste keer in haar lewe dat sy met klere en al gaan slaap het. Lika sou haar vermakerig gewys het op haar gewone preek oor grimering wat voor slapenstyd afgewas moet word.

Buite is dit al ligdag, maar nog baie vroeg. Sy loer na die digitale wekker. Nog nie eens heeltemal halfses nie.

Aengel gooi die duvet van haar af, stort en maak vir haar koffie voor sy op die stoep uitstap. Die oggend is kraakvars en die wind het nog nie opgekom nie.

Sy sit haar beker inderhaas neer toe sy haar selfoon hoor lui en hardloop kamer toe.

“Hallo?”

“Jammer om jou wakker te maak. Roark hier.”

Roark. Sy sluk. “Ek was al wakker.”

“Jou ligte het heelnag gebrand. Is jy oukei?”

“Roark, ek het vir jou gesê ek het niemand nodig om my op te pas nie,” vervies sy haar. Moet hy haar nou van voor af kom staan en omkrap?

“Wag nou, ek het dit net terloops gesien. Dis nie hoekom ek bel nie.”

“As jy my wil om verskoning vra vir jou barbaarse gedrag van gister, kan jy maar vergeet.”

“As dit barbaars was, was daar twee barbare betrokke, maar nee, ek vra nie om verskoning nie. Wat gebeur het, het gebeur. Ek bel om te hoor of jy vir Zita gesien het.”

“Twéé barbare?” Sy sluk haar ergernis toe sy laaste woorde deurdring. “Wat bedoel jy, vir Zita gesien?” Sy kyk vinnig op haar horlosie. “Dis net ná ses in die oggend. Hoekom sou ek haar gesien het?”

“Haar motor staan by Rykmanshut, maar sy het nie gisteraand daar geslaap nie. Gerbrand is bekommerd. Hy het my ’n rukkie terug gebel, hy kry haar glo nêrens nie.”

Iets swaars kom sit op die krop van haar maag. “Sy was gisteroggend by my, maar ek het haar nog nie weer daarna opgemerk nie.”

“Wat het sy by jou kom maak?”

“Gesels. En om te kom sê sy en Gerbrand gaan trou.” Vermoedelik, in elk geval, en die res het niks met Roark uit te waai nie.

Hy bly ’n rukkie stil voor sy hom hoor sug. “Oukei, ek gaan eers die ander bel, maar as hulle niks van haar af weet nie, sal ek Gys Niemand moet kontak. As jy haar sien, laat weet my dadelik, asseblief.”

“Oukei.”

“Aengel? Wees asseblief versigtig. Ek vra jou mooi.”

“Oukei,” sê sy weer, dié keer hees. “Hou my op die hoogte?”

“Ek sal. Bye.”

“Bye,” fluister sy, maar hy het reeds die oproep beëindig.

ELF

4 Desember — oggend

“En nou, Gys?” San se hare staan herwaarts en derwaarts en haar oë is feitlik toegeswel. Haar nekflappe konsertina oor die kuise halslyn van haar nagrok onder die kamerjas.

“Ek is jammer as ek jou wakker gemaak het. Dis nog vroeg. Kry nog ’n bietjie slaap in.”

“Wat maak jy so vroeg op?”

“Probleme op Kierangbaai. Zita is vermis en niemand wat gister daar was, het haar gesien nie. In elk geval nie ná so elfuur die oggend se kant nie. Ek gaan Fortuintjie optel sodat ons kan gaan kyk wat aangaan. As ek dalk langer daar moet bly, sal ek laat weet.”

San vee met haar bakhande oor haar oë. “Waar was Nella gisteraand?”

“Seker by Delphine? Sy bly mos daar, minstens tot met die begrafnis.” Toe besef hy wat sy eintlik vra. “Jy sit die pot mis oor Nella, San. Maar ek moet ry, Fortuin wag al.”

“Is goed, Gys-man, maar vind maar uit waar Nella regtig was.”

Gys waai net en klim in sy bakkie. Dis skaars vyf minute se ry na die chalets toe waar Delphine haar woonstel het. Hy is verlig om te sien Fortuin wag al by die hek van die kompleks. Vir Nella of Delphine sien hy nie vanoggend kans nie.

Dit lyk asof Fortuin ook haastig is om weg te kom, want hy is soos blits in die bakkie. “Môre, Luitenant.”

“Dag, Fortuin, hoe lyk dit?”

“Luitenant wil nie weet nie. Gistermiddag was dit net treurmares en toe my ma iets skeefs vir antie Nella sê, toe spat die vonke. Ek moes gistraand wraggies deurry Kierangbaai toe. Antie Nella wou opsluit teruggaan omdat my ma haar dan nou so te na sou gekom het. En vanoggend klim my ma my in omdat ek antie Nella teruggevat het voor die begrafnis. Sy sê die mense sal

dink ons het haar uitgegooi in haar uur van nood.”

Sou San heldersiene wees? “Hoe laat het jy haar geneem, Fortuin?”

“Dit was seker so om en by agtuur. Dit was nog skemer op pad daarheen, maar al donker op pad terug. Toe gaan kuier ek maar eers ’n rukkie by Kassie en Ada sodat my ma aan die slaap kan raak voor sy nou weer op my skel. Ek sal vroumense nooit verstaan nie. Partykeers wonder ek darem of mens moet trou.”

“H’m, ek ook, Fortuintjie, ek ook.”

Aengel het pas die ontbytskottelgoed klaar afgedroog toe daar aan die deur geklop word. Zita, Zita, laat dit tog Zita wees, skiet sy ’n gebedjie op terwyl sy nader draf.

’n Wysvinger in die lug begroet haar, maar dis nie Zita s’n nie. “Hoe durf jy, Engeltjie? Hoe durf jy!”

“Nella? Wat maak jy hier?” vra Aengel oorbluf, nie seker wat haar die meeste verras nie, Nella se teenwoordigheid of die woede in haar oë. Toe onthou sy die motor wat sy die vorige aand gehoor het. Natuurlik, sy sou die geluid van die Jetta se raserige uitlaatstelsel herken het as haar gemoedstoestand beter was.

“In my ontsteltenis vertel ek vir jou iets en dan as ek my oë uitvee, lê dit die wêreld vol! En hier dag ek jy’s ’n ordentlike meisiekind.”

“Nella, kom binne. Op die aarde waarvan praat jy?”

Nella stap saam met haar sitkamer toe en gaan sit op die nippertjie van die stoel. “Van Miempie se pa. Dis net jy wat kon geweet het en dis net jy wat vir Gys Niemand kon vertel het.” Trane loop oor die oker wange. “My skaamte lê jy bloot vir almal om te sien. Hoe kon jy? En dit ná al die jare van bekhou en uithou!”

“Maar Nella, ek het nie vir die luitenant vertel nie. Ek belowe jou. Ek het gesê hy moet jou vra wie Miempie se pa was, maar ek het nie vir hom gesê wie dit was nie.”

“O, die skaamte. Nou weet almal Nella was Brand se hoer. Weet jy hoe dit gevoel het toe ek meneer Mac raakloop en hy sê hy is jammer om te hoor Brand Niemand was so ’n bliksem? En binnekort gaan almal weet Nella se hoerkind het haar halfbroer se kind gedra. ’n Monster op die koop toe. Die dokter sê die kind was in elk geval op die punt om te abort.” Nella verberg

haar gesig in haar hande en snikke ruk deur haar lyf. “Oe, die skande! Hoe gaan ek dit verduur? Hoe gaan ek ooit weer iemand in die oë kan kyk? En dis alles daai Zita se skuld. As sy vir Gerbrand vasgevat het soos enige vrou wat haar sout werd is, sou hy nie so kerjaker het nie. G’n wonder sy het op vlug geslaan nie.”

“Maar haar motor is glo nog hier? En gister het sy vir my kom sê sy en Gerbrand gaan trou.”

Nella spring op. “Ga! Asof Gerbrand met haar sal trou as hy eers uitvind hoe sy agter sy rug rondgeflert het. Nella Bandjies is nie blind nie en nie halfpad so onnosel soos almal dink nie. As jy my vra, het Charlie met die gebakte pere vorendag gekom, of dalk Mac of selfs Louis. Maar ek is nie hier oor Zita nie. Ek is hier oor jou agterbaksheid. Laat ek jou vertel ...” Nella klap haar hande teenmekaar toe Aengel iets probeer sê. “Sie jy my in die rede val! Luister vir my as ek met jou praat en luister klaar. Niemand, en ek bedoel niemand, steek Nella Bandjies in die rug nie, verstaan jy my? Jou loon sal jy kry, glo my.” En daarmee stoom Nella uit, haar rouklere wapperend in die stywe oggendbries wat toe tog opgekom het, die Christian Dior-sykouse verdraai om haar enkels.

Aengel bly oorbluf staan. Sou Roark vir Gys Niemand laat weet het nadat sy haar mond gister so sleg verbygepraat het? Toe sink Nella se ander woorde eers in. Nie net Roark en Charlie was betrokke by Zita nie. Mac en Louis dalk ook.

Louis? Is dit van Zita wat Robert gepraat het toe hy gesê het Louis is AC-DC?

Sy skrik toe die rekenaar begin lawaai en spring op toe sy die Skype-deuntjie herken.

“Hi, Aengie Paengie!” borrel Lika toe hulle konnekteer. “Raai wat!”

Aengel se kop is nog half by Nella se dinge en sy sukkel om dadelik op Lika se opgewonde gesiggie te fokus. “Lieks, môre.” Op die rekenaarhorlosie slaan die syfers oor na agtuur. In Frankryk is dit nou eers seweuur. Heeltemal te vroeg vir die Lika wat sy ken — veral om soveel sterre in haar oë te hê.

“Aenge, ek is verlief. Hopeloos, sielsalig verlief. Nee! Nie verlief nie. Dis die real thing.”

Aengel staar terug in die oë waarvan die kleur anders as hare is, maar waarvan die slaappopvorm ’n perfekte kopie is. “Lika?”

“Guillaume. Guillaume Girard. Is dit nie die mooiste naam op die hele

aarde nie? Lika Girard! Pas dit nie perfek nie? Of nee, ek sal myself mevrou Angelique Girard noem. Nee, wag, Gelique Girard. Ja!”

“Lika, jy is agtien en jy sal Lika Rousseau bly tot jy minstens een en twintig is. Verkieslik een en vyftig.” Aengel herken die klank in haar eie stem. Onderdrukte paniek.

Lika se oë rek. “Hey, Aenge, chill, jong. Wat gaan aan?”

“Skuus, Lika.” Aengel vee oor haar oë.

“Is jy oukei?”

Aengel forseer ’n laggie. “Ek is fine. Moenie so frons nie, jy sal plooi kry. Wie en wat is Guillaume Girard?”

Die sterre in die oë keer terug. “Oe, Aenge, ’n dish. ’n Engel uit die hemel self. Hy werk vir Alain en was gisteraand hier om dokumente af te lewer. Oë soos donker sjokolade wat stadig smelt, hare soos ’n swartluiperd se pels. Hande ...”

“Hande? Lika, jy laat nie dat vreemde mans aan jou vat nie,” spring die paniek terug.

Lika trek ’n komieklike gesig. “Sê jý?”

Sy dwing haar weer tot kalmte. “Sê ek, ja. Juis omdat ek weet.” Nie dat daar veel tere aanraking ter sprake was die nag toe Lika gemaak is nie, maar dit hoef sy nie te weet nie.

“Hei, relax, Aenge?”

Aengel probeer Lika se raad volg, maar dit voel asof ’n vuur haar binnegoed beetgekry het. Alles wat sy vir Lika nou wil sê, het sy reeds vir haar gesê. Van vigs en veilige seks, van begeerte en hartstog en van mans wat soms net vat wat hulle kan kry. “Hoe oud is hy?” wurg sy dit uit.

Lika se onderlip begin ’n verontregte tuit trek. “Hier vertel ek vir jou van die wonderlikste ding wat my nog in my lewe oorgekom het en jy is só! Wat gaan aan met jou?”

“Lika, hoe oud is hy?”

Lika huiwer. “So ’n bietjie ouer as ek.”

“Hoe oud, Lika?” Lika is miskien ’n jaar of wat ouer en ’n bietjie meer streetwise as wat Aengel destyds was, maar sal sy haar kan handhaaf? Veral teen iemand wat meer ervare is? ’n Fransman op die koop toe?

“Ses en twintig,” gee sy bes.

“Heeltemal te oud vir jou.” Aengel sug. Hoe de hel beskerm mens jou kind teen seerkry? Raai sy haar af om die vent te sien? Ha! Asof Lika sal luister.

“Asseblief, Lika. Ek verstaan hoe jy voel.”

“Hoe sal jy verstaan wat ek voel?” Die sterre in die oë het in blitse verander. “Jy het self vir my gesê jy was nog nooit verlief nie. En net omdat jy nooit ’n man kon kry nie, beteken dit nie ek moet ook my dae eensaam slyt nie.”

As die situasie nie so intens was nie, sou Aengel vir die melodramatiese stelling kon lag. “Wag nou, Lika. Jy is nog so jonk. Ek wil net nie hê jy moet dieselfde foute as ek begaan nie.”

“O! Nou is ek ’n fout wat jy begaan het. Baie dankie daarvoor! Thank you very much. Wel, die fout in jou lewe sê dan nou maar liewers bye. Want sien, die fout in jou lewe moet gaan regmaak om saam met ’n wonderlike hunk te gaan sightseeing doen.”

“Lika,” is al wat sy inkry voor die beeld op die skerm doof. Ag, liewe hel, wat het sy nou weer aangevang? Onbesonne woorde uit ’n onbesonne mond. Dis wat sy nou weer aangevang het. Met ’n diep sug klik sy op “call”, maar is nie verbaas toe daar geen reaksie aan die ander kant is nie.

“Jy maak haar groot asof sy jou jonger sussie of ’n maat is,” het Gabrielle haar al hoeveel keer gekapittel. “Sy is nie, Aengelique, jy is haar ma en sy is jou kind. Lika hou haar heeltemal te astrant.”

“Wel, ten minste hou my kind van my, praat sy met my. Minstens is sy nie ’n bliksoldaatjie wat soos die tweeling op aandag spring wanneer ‘Moeder’ praat nie,” was haar gereelde verweer. Die woorde klink nou hol in haar ore.

Aengel laat sak haar kop in haar hande. Nog nooit verlief nie? Wanneer het sy dit vir Lika gesê? Dis nie waar nie. Miskien nie halsoorkop nie, maar daar was gevoelens. Daar was Handré toe Lika twee en sy amper twintig was. Handré was lief vir jol en het alles van tere aanraking gewet, maar niks van terrible two tantrums wat ’n TNT-ontploffing na ’n vulletjie laat lyk nie.

En daar was Bryan toe Aengel vier en twintig was. Sy was mal oor Bryan en hy oor haar. Bryan was ook mal oor reis. Hy wou Aengel die wêreld wys, maar Lika was ses en moes vir die eerste keer skool toe gaan.

Op een en dertig het sy Simon ontmoet. Lika was pas hoërskool toe en vir die eerste keer het Aengel meer vryheid gehad. Vir die eerste keer kon sy ’n bietjie jol. Reis as sy wou. Maar Simon wou trou en met ’n gesin begin net toe sy haar vryheid wou begin geniet.

En toe, ’n jaar of wat gelede, kom Deneys haar lewe binne. Hy was ouer en het reeds kinders gehad wat hy net elke tweede naweek en vakansies gesien

het. Deneys wou nie juis jol of reis nie, maar vir die eerste keer kon sy 'n verhouding behoorlik in die oë staar. Tot sy agtergekom het sy lieplapperoë is op Lika gerig.

Aengel sug dié keer nog dieper. Lika het haar lewe gekompliseer, dis waar, maar nooit, nie 'n enkele keer vandat sy gebore is, het sy Lika as 'n fout beskou nie. Sy het inderdaad baie foute in haar lewe gemaak, maar Lika was beslis nie een daarvan nie.

Sy sal Lika moet vertrou. Lika se oordeel moet vertrou. Die beginsels waarmee sy Lika grootgemaak het, moet vertrou. Maar dis moeilik as 'n ma nie weet hoe stewig die beginsels is wat sy in haar kind probeer vaslê het nie. Veral 'n onbesonne ma soos Lika s'n.

Vir 'n verandering is die gety in hulle guns. Die laaggety het hulle die geleentheid gegun om Kierangbaai se hele strand droogvoets te deursoek, maar veel het dit hulle nie in die sak gebring nie. Roark het ook nie nuus gehad nadat hy al wat leef gebel of besoek het nie.

Gys kyk af na die lysie wat hy gemaak het van die mense wat gisteraand op Kierangbaai oorgeslaap het. Aengel, Gerbrand, Louis en Robert, Nella, Roark en Mac.

Louis en Robert het Zita glo nie gisteraand of vanoggend te siene gekry nie. Mac is nie by Perlemoentjie nie. Volgens Roark gaan vang hy soms vroegoggend vis en neem dikwels nie sy selfoon saam nie. Roark het glo gistermiddag twee kabeljoue uitgetrek en vir Mac daarvan gesê.

As dit nie was dat Miempie Bandjies kort vantevore hier vermoor is nie, sou hy hom nie juis aan Zita se sogenaamde verdwyning gesteur het nie. Met 'n humeurjie soos hare, sit sy seker maar net êrens en stoom oor haar jobbelseeverhouding met Gerbrand. Dis net haar motor wat agtergebly het wat hom kwel, maar aan die ander kant, Kierangbaai is heeltemal binne stapafstand van Kruisbaai af.

“Fortuin?” roep hy na waar die mannetjie 'n ent weg met Nella staan en ginnegaap.

Hy kom dadelik nader gedraf. “Luitenant?”

“Is die meisiekind nie dalk in die huis van haar ouers se werkgewers nie? Roark het laat val sy het gebruik daarvan.”

Fortuin skud dadelik sy kop. “Nee, die mense se kinders het Woensdag

aangekom. Dié dat sy Dinsdag hier by Gerbrand kom intrek het. Maar ons kan hulle bel. My ma sal die nommer hê. Sy het die huis gaan lug nadat Zita daar uit is.”

Dis maar goed Fortuin is doenig met sy selfoon, dink Gys toe hy Gerbrand sien nader stap.

Van die windbolhoudinkie is daar min oor. Hy lyk soos ’n bekommerde man. Gys sien hoe Nella Gerbrand net een kyk gee en begin opstap na haar huis toe.

“Oom Gys,” groet hy en selfs sy stem dra ’n bedeesdheid wat nie kenmerkend van hom is nie.

“Môre, Gerbrand. Enige nuus?”

Gerbrand skud sy kop. Sy oë is bloedbelope, sy gesig nog gekneus van sy onderonsie met Fortuin. “Dis juis wat ek wou kom hoor.”

Uit die hoek van sy oog sien Gys hoe Fortuin na hulle loer en dan ’n entjie wegstap. Maar beter so.

“Ek moes oom Gys al gisteraand gebel het toe ek besef sy kom nie meer huis toe nie, maar ek het gedink sy het haar net vir my gewip.”

“Waaroor? Ek verneem dan julle het juis gister besluit om te trou?”

Gerbrand kyk hom verras aan. “Waar hoor Oom dit?”

“Dis wat sy vir Aengel gesê het. Volgens Roark.” Gerbrand hoef nie te weet Zita self het hom gesê nie. As Gerbrand haar kastig nie weer gesien het ná sy visvangekspedisie nie, kan hy nie weet Gys het met haar gesels nie, en as hy net lyk asof hy daarvan weet, het hy die mannetjie in ’n hoek.

“Fokken skindernes,” prewel Gerbrand egter net en sy vel word vlekkerig. “Ek het gesê ek sal dit oorweeg om met haar te trou as sy ’n vaderskaptoets laat doen en kan bewys dis my kind.”

“En toe gaan vang jy vis?”

“Ek het tyd nodig gehad om te dink.” Sy oë soek hierdie kant toe en anderkant toe sonder om met Gys s’n kontak te maak.

“H’m. En hoekom het jy op ’n vaderskaptoets aangedring as ek mag vra?” draai Gys die skroef ’n bietjie aan.

Gerbrand snork. “Die skindernes het sekerlik al laat val dat ek nie die enigste een was wat rondgespyker het nie. Zita is nie ’n engel nie, en almal weet dit.”

“Maar die kind kan joune wees?”

“Myne, Roark s’n, selfs dalk Mac s’n. Wie weet wie s’n nog. Alhoewel

Zita nie eintlik die crush wat Mac op haar het ernstig opneem nie en vir my gesê het sy gril vir hom.”

“En jy was steeds bereid om met haar te trou?” kan Gys nie help om te vra nie.

Die keer kyk Gerbrand hom wel in die oë. “As dit my laaitie is, ja. Sy is nie ’n sleg mens nie, ten spyte van haar rondlopery. Dis net dat sy nie juis baie van haarself dink nie. Haar ma-hulle is baie streng. Born-again Christians. Zita kan niks doen wat nie in hulle oë sonde is nie. Ek weet hoe dit voel. My ma was ook een van hulle. Seker dié dat my pa ...” Gerbrand kyk weg, maar nie vinnig genoeg dat Gys nie die trane weer sien opwel nie. Die mannetjie se blaas sit gewis te naby aan sy oë.

“Ek neem aan jy het gehoor van jou pa en Nella. Van Miempie.”

Gerbrand se skouers begin ruk. “Hoe moes ek gefokken weet het sy is my halfsuster?”

Gys laat hom begaan toe hy blindelings wegdraai en koers kry kierangklippe toe. Hy kan later uitvind wanneer en by wie die vent dit gehoor het as hy gister kastig heeldag vis gevang het. Alhoewel, kan seker wees ná hy teruggekom het.

“Luitenant?”

“H’m?” Gys draai ingedagte om na Fortuin.

“Zita is nie by die Kruisbaai-huis nie. My ma sê sy het haar laas gesien toe sy die huis Dinsdag verlaat en in ’n toestand agtergelaat het. Skottelgoed oral en als.”

Die gelui van Gys se selfoon onderbreek Fortuin genadiglik. “Gys Niemand?”

“Luitenant, kan jy asseblief dringend kliphuis toe kom?”

Iets aan Roark O’Shea se stem stuur ’n rilling teen Gys se rug af en sy maag ruk op ’n knop net mooi daar waar sy voorgevoeligheid soms seine uitstuur.

“Wat is dit, Roark?” Gys begin dadelik aanstap en wink met sy kop vir Fortuin om hom te volg.

“Dis Mac. Hy het sopas hier aangekom. Hy is in ’n toestand. Maar hy moet liever self vir julle vertel.”

“Zita?” Gys begin vinniger aanstryk.

Roark antwoord nie dadelik nie. Gys hoor hom sug. “Haar liggaam. Op Derdebaai se strand, ’n ent duskant Rustler’s Cove naby Galjoengat. Ons kan

die Land Rover vat. Julle sal seker toestemming hê al mag ons nie met viertreкке daar ry nie?”

“Ons is nou daar.” Vervloeks! Gys druk die foon dood en rek sy treë.

“Die luitenant is op pad, Mac.” Roark het sy broer al in ’n verskeidenheid toestande gesien. Woede, dronkverdriet, hangover, noem dit. Maar nog nooit het hy hom so verward en onsamehangend gesien nie. Nie eens wanneer hy op sy dronkste is nie. Buitendien, daar is by hom geen twyfel dat Mac so nugter is as wat hy kan kom nie.

“I need a stiff one, bro, and I need it right now.” Mac se stem rasper rou deur sy keel, desperaatheid sit soos ’n ekstra lens oor sy oë.

“Praat eers met die luitenant, dan gee ek jou ’n hele bottel.”

“I didn’t fucking kill her.” Dit klink eerder asof Mac homself probeer oortuig.

Roark is verlig toe hy die klop aan die deur hoor. “Hulle is hier,” sê hy onnodig, begin wegstap en kyk dan om. “For what it’s worth: Ek glo jou.”

Dis nie net trooswoorde nie, dink Roark terwyl hy hom voordeur toe haas. Mac word selde kwaad, maar as dit gebeur, is dit nie iets wat mens weer wil beleef nie. En tog glo hy nie vir een oomblik Mac sal ’n lewe willens en wetens neem nie. Nie eens in dronkenskap nie. Nie eens as hy verneder word soos Zita hom al verneder het nie. Of lê die kruks dalk by willens en wetens?

Mac was eergistermiddag regtig buite weste en het gister hoogs besope van Kruisbaai af gekom nadat hy by die pizzeria vasgehaak het. Sy storie was dat hy Robert uitgehelp het met die bediening aangesien Louis ná ’n uitval met Robert pad gevat het. Ná sy diensbeurt was die drank op die huis. Soos hy Mac ken, is Robert-hulle nou nog nader aan bankrotskap as wat hulle was.

“Hy is in die kombuis,” sê hy toe hy die deur vir die twee speurders oopmaak en stap voor hulle uit.

Mac lê met sy voorkop op die greinhouttafel toe hulle inkom, sy bevlekte hande in die wilde boskaas verstrengel, sy kneukels spierwit, selfs teen die grys hare waarin iets donker gekoek sit.

“Meneer Carmichael?” vra Gys en gaan staan oorkant hom.

Toe Mac deur sy windverwaaide hare opkyk, sien Roark hom soos die speurder hom moet sien — nie as broer in ’n stresvolle situasie nie, maar as iemand wat pas op ’n lyk afgekom het. Sy ligblou oë weerspieël verwarring,

angs, verwildering. Sy gesig is opgehewe en verklap sy oordaad van die afgelope twee dae. Maar dis veral toe hy regop sit dat Roark besef die speurder gaan 'n baie goeie verduideliking eis. Die CC Adventure Centre-embleem op die vaal T-hemp is skaars uitkenbaar agter die bloedvlekke. Mac kom wankelrig orent en begin sy bebloede hand na die speurder uitsteek, laat sak dit weer. Selfs die voorkant van sy verbleikte swembroek is besmeer.

Hy moes gewag het voor hy die luitenant bel, Mac eers laat kalmeer het. Eers gehoor het wat Mac se storie is. Waar die bloed vandaan kom. Maar hy was self in 'n toestand van skok toe Mac by die kombuis ingestruik gekom het. "She's dead! She's dead, my little whore is dead," het hy hees geskree. En daarna, toe Roark gevra het, net gesê waar hy haar gekry het. Sy eerste instink was om Gys Niemand te bel. Dit was dalk nie 'n goeie instink nie. Mac is immers sy broer. Die man wat minstens een keer al sy lewe gered het.

"Meneer Carmichael, is jy beseer?" Gys Niemand klink verstommend kalm, maar Faan Fortuin se oë is so groot soos pierings.

Mac kyk af na sy hand. Vir die eerste keer sien Roark die bloed wat uit sy palm opwel. Hoekom het hy net aanvaar dis Zita se bloed? Hy pluk 'n handvol velle van die papierhanddoekrol af en druk dit teen Mac se palm.

"Magtig, Mac, hoekom praat jy nie?"

Mac sak terug in sy stoel. "Ek het rooiaas uitgehaal toe ek haar daar sien lê. My mes was nog in my hand. Ek het op die rotse geval toe ek hierheen gehardloop het. Ek moes my gesny het." Mac kyk met verwondering na die papierhanddoek wat vinnig verkleur.

"Aengel?" Roark kyk vraend na Gys.

Die speurder knik.

Roark druk die snelbelnommer. "Aengel, kan jy jou noodhulpkissie na die kliphuis bring, asseblief. Veral daardie staaldruppels."

"Wie het seergekry?" vra sy, maar hy kan hoor dat sy reeds rondbeweeg. Die dringendheid in sy stem moet seker boekdele gesprek het.

"Mac. Sy hand is gesny."

"Pas drukking toe om die bloedvloei te probeer stuit. Ek is nou daar."

"Kom kombuis toe." Roark groet nie, prop net sy selfoon weer in sy sak. "Druk die papier so styf as moontlik teen die wond, Mac." Miskien help dit hom om te fokus. Hy rol 'n paar skoon velle af en vat die bloeddeurdrenktes by Mac, gooi dit vieserig in die asdrom.

"Ek verstaan jy het op juffrou Malherbe se liggaam afgekom?" gaan Gys

voort asof daar nie 'n krisis van 'n dag oud is nie.

Mac knik en druk hard met sy duim op die wond. “Sy lê daar soos 'n gebreekte pop tussen die seebamboes. Net onder die hoogwatermerk. Daar is merke aan haar nek, maar verder is dit net die posisie waarin sy lê wat my laat besef het ...”

“Daar is nie bloed aan haar nie?” Gys se oë rus weer op Mac se hand.

Mac skud sy kop. “Sy was in die see. 'n Hele ruk. Mens kan dit sien. En lyke bloei mos nie.”

“Jy sal ons so gou as moontlik moet gaan wys waar die liggaam is. Sodra ons die bloeding aan jou hand gestop het.” Gys kyk na Roark. “Wanneer draai die gety?”

“Dit het reeds gedraai, maar dis eers so net ná twee weer hoog. As sy net onderkant die hoogwatermerk lê, behoort julle voorlopig oukei te wees. Dis nog nie eens negeur nie.”

Al voel dit asof hierdie dag al klaar sy volle kwota ure gehad het, dink Roark grimmig.

“Fortuin, bel Arendse en die res. Hulle moet 'n viertrek bring om die liggaam te verwyder. Sê vir hulle ons gaan intussen daarheen met meneer O'Shea s'n.”

Fortuin knik en verdwyn in die gang af om te bel.

Roark hoor voetstappe buite knars en maak die kombuisdeur oop. Aengel staan 'n oomblik sonblind op die drumpel voor sy in die algemeen groet en op Mac afstap. As sy vir die bloed skrik, wys sy dit nie. Maar sy weet nie van Zita nie, besef Roark.

“Hi, Mac. Kom wasbak toe.” Sy maak die kraan oop en hou sy hand onder die water toe hy langs haar gaan staan. “Hou so.” Sy raak doenig met die noodhulpkissie en bekyk die wond toe die ergste bloed afgewas is. “Dis nie so erg as wat dit lyk nie,” verklaar sy, “maar dit sal beter wees as jy 'n steek of twee kan kry.”

“You're telling me,” prewel Mac feitlik onhoorbaar. Roark moet 'n glimlag onderdruk. As Mac nog innuendo's kan uitdink, is daar hoop vir hom. “Dis nie nodig nie,” sê Mac. “Dis net die bloed wat lastig is.”

Aengel ontsmet die wond behendig, doen haar toorkunsie met die staaldruppels en kort voor lank is die bloeding aansienlik minder. “Ek is nie baie goed hiermee nie,” laat hoor sy toe sy 'n verband om sy hand begin draai, maar vir Roark lyk sy heel bedrewe.

Toe Mac weer gaan sit, is hy bleek, maar lyk meer normaal.

Aengel kyk vraend na Roark en dan na Gys Niemand. Verbeel hy hom of is haar oë effens geswel? “Het julle haar gekry?”

Is die vroumens psychic of wat? Of is dit net die teenwoordigheid van die speurder wat haar laat vra? Roark laat dit aan Gys oor om te antwoord.

“Die lykswa en ’n viertrek is op pad, Luitenant,” kondig Fortuin niksvermoedend aan toe hy weer binnekom. As Gys Niemand vir Aengel met ’n vae antwoord om die bos wou lei, is dit te laat.

Aengel se hand gaan na haar mond.

Gys sug. “Dankie, Fortuin.” Die ironiese stemtoon gaan vir niemand verlore nie. “Ek sal baie bly wees as jy niks hiervan sê nie, Aengel.”

“Is sy vermoor?”

“Ons weet nie. Die liggaam is opgespoor, verder weet ons niks. Baie dankie vir jou hulp hier.”

Aengel knik. “Roark, ek weet nie hoeveel bloed Mac verloor het nie en dit lyk asof hy ’n skok weg het, al lyk dit nie asof hy fisiek in skok is nie. Dit kan egter nog kom. Hou hom dop. As julle sien sy vel word koud en klam, sy lippe word blou of hy begin vlak asemhaal of hy word naar, neem hom dadelik na ’n dokter toe.”

Aengel tel haar noodhulpkissie op en kyk na Mac. “Sterkte.”

Toe sy na ’n groet uitstap, gaan staan Roark op die boonste buitetrapp en kyk haar agterna. Sy is definitief nie haarself nie, maar daar is geen twyfel dat sy die hele situasie met die min inligting tot haar beskikking so na as moontlik opgesom het nie.

“Kan ons ry?” vra Gys agter hom.

Roark swaai om. “Natuurlik.” Dis nie nou die tyd om hom aan Aengel te staan en verwonder nie. Nie terwyl Zita êrens op ’n strand dood lê nie.

TWAALF

4 Desember — oggend

Nella stap nader nadat die Land Rover voor Perlemoentjie verbygewaggel en na Derdebaai koers gekry het. Aengel onderdruk 'n sug en gaan staan met gevoude arms in die deur. Sy weier om weer in haar eie huis uitgedinges te word. Hoe minder woede en ongeluk deur die reeds deurdrenkte mure geabsorbeer word, hoe beter.

Die huis en hierdie dag het genoeg aan sy eie kwaad gehad. Eers Nella. Toe Lika. Toe die skokkende nuus oor Zita.

Nella kom voor haar tot stilstand en kyk haar op en af. “Jy’t jou goed vir my verêre, nè?”

“Met rede.”

“Faantjie Fortuin het my gesê. Dat dit Strandloper was wat sy bek oor my loop rek het. Dat dit nie jy was nie.”

“En is dit die naaste wat jy aan ’n verskoning gaan kom?” verras Aengel haarself. Waar is die Aengel wat nie graag konfronteer nie? Wat eerder vergewe as kwaad word? En as vergifnis moeilik kom, ignoreer wat sy nie heeltemal kan vergewe nie. Maar miskien ook maar net omdat sy weet daar is so baie waarvoor sý vergewe moet word, so baie dinge wat sy nie anders kan as ignoreer nie.

Oor Nella se skouer sien sy Louis by Rykmanshut se stoeptrap opstap. Moet hy nie teen hierdie tyd by die restaurant wees nie? Dis tog Saterdag en hulle maak Saterdag vir ontbyt ook oop.

Nella kyk af na haar skoene en toe weer weg, see toe. “Dankie vir die sykouse, al is dit nou wel ’n bietjie groot.”

“Ek het lang bene.”

“Maar die serpie is darem baie mooi, al is die lap maar ylerig.”

Die verskoning staan wawyd in Nella se oë geskryf. “Ag oukei, Nella. Kom binne, dan maak ek vir ons tee,” gee Aengel bes. Buitendien, ’n vrou

wat dink suiwer sy is ylerige lap, kan sy baie vergewe. Sy is self meer van 'n katoen- en denimmens.

“Dankie, Engeltjie, maar ek gaan aanstons terug na Delphine toe. Sy’t saam met Faantjie laat weet ons kan nie wil staan en rusie maak in tye van nood en dood nie. En dis darem altevol eensaam hier so alleen in my huis. En ons moet regmaak vir die begrafnis Maandag.”

“Maandag? Waar, Nella? Ek sal dit graag wil bywoon.”

Nella se oë verdonker. “Vir wat? Jy het haar nie geken nie?”

Aengel frons. “Maar Nella, dis om jou onthalwe dat ek wil gaan.”

“Regtig? Of is dit nuuskierigheid?” Nella skud haar kop. “Dit gaan ’n private cremation wees. So het ek en Delphine besluit. Ons is nie lus vir dese en gene wat hulle net in ons smart en skaamte wil verlustig nie.”

“Jy vat my darem sleg in die gesig, Nella.”

“Dis nie so bedoel nie. Jy was klaar goed genoeg vir my. Jy wat my skaars ken. Een van Faan se vriende kom my netnou optel. Faan is glo te besig om na daai merrie te soek. Ek sal seker tot ’n paar dae na die cremation by Delphine bly. Dan kom ek terug en kan ek probeer aangaan. Ek wou net kom sê wat Faantjie my vertel het en als.”

“Nella.” Aengel huiwer. Sy wil Nella nie van voor af die hoenders in maak nie, maar dit pla haar. “Hoe het jy dan nou nie agtergekom Miempie is swanger nie? Sewentien weke is darem ver.” Aengel besef dadelik dat sy haar feite nou sleg deurmekaar gekry het, maar voor sy kan besluit hoe om die saak reg te stel, praat Nella.

“Agtien. Dis die merrie wat sewentien weke was.” Nella se mond klap letterlik toe.

“Nella? Hoe weet jy dit? Gys het gepraat van vier maande.”

“Ga! Julle dink ons is onnosel. Dink ons kan nie goed vir ons selwers uitmaak nie. Dis vir ons perdedrolle as vye op en dink ons ken nie die verskil nie. Soos Roark. Dink hy regtig ek glo daai neklis wat in sy laai was, is ’n stuk goedkoop gemors wat aan sy ma behoort het? Ek sê jou nou, hy het die ding uit die water loop haal.”

Nella mik om weg te stap maar bedink haar klaarblyklik. “Delphine het vergange al geweet hoe dit met Zita gesteld is, sy het net nie uitgepraat nie. Die tweede week in Augustus was die lakens nog bevlek en daarna niks. Nie een tamponnetjie in die badkamer se asblik nie. En Zita was klokslag. Nie soos Miempie wat met haar vrougoed gesukkel het nie. Ek het oor Miempie

gewonder, ja, maar ek kon dit net nie glo nie. Ek het gedink dis maar omdat sy so bitterlik ongereeld is.”

“En die waarheid?”

“Mense kry ongesteldhede sonder dat daar ’n broodjie in die oond is.” Sy maak nie oogkontak nie.

Nella wou nie weet nie, sy wou dit nie glo nie en het haar blind gehou vir wat sy nie kon aanvaar nie, besef Aengel. Nes Nadia nie wou weet of wou glo nie. Albei het gehoop die probleem sal homself wonderbaarlik oplos as hulle ontken dit bestaan.

“Ek moet gaan,” en daarmee swaai Nella om en stryk met haastige treë aan Snoekloop toe.

Aengel frons terwyl sy Nella agternakyk. Het Nella sopas bevestig dat Roark self goed uit die see raap? Meer as net stukke porselein? Het Miempie hom dalk gesien? Het Zita dalk daarvan geweet?

Dieselfde soort bloedvlekkies in die wit van die oë en oogbindvlies. Dieselfde verkleuring om die nek, maar sonder die netpatroon. Van die marmeragtige post mortem-hipostase kan Gys aflei dat die liggaam al ’n geruime tydjie hier op die strand tussen die bondels seebamboes en dryfhout uitgespoel lê. Die donkerpers kleur rondom die areas waar die liggaam aan die sand raak, bevestig ook dat verwurging die oorsaak van die dood was.

Hy kyk op na waar Mac hoog teen ’n duin gaan sit het, sy arms om sy knieë geslaan en sy kop in die waai van sy elmboog. Roark staan ’n ent ondertoe — naby genoeg aan Mac om van hulp te wees, maar ver genoeg om die man sy privaatheid te gun.

Gys draai terug na die liggaam. Benewens Carmichael se voetspore was daar geen teken dat enigiemand daar naby was nie, maar ook hier het die seemeeue toegeslaan. Op die rotse net duskant die lyk lê hengelgereedskap wat Carmichael se storie klaarblyklik bevestig.

Fortuin het sopas daarvan ook ’n spul foto’s geneem en kom staan langs hom. “Wat dink Luitenant?” Die mannetjie lyk maar bleek om die kiewe. Lyke doen dit aan ’n mens.

“Volgens O’Shea is Derdebaai die uitspoelplek van hierdie deel van die Agulhas-stroom. Hy sê sy kon hier naby vermoor gewees het, maar reken die kans is groter sy het êrens anders in die water beland; buite Kierangbaai en

die kolk daar. Waarskynlik met hoogwater. Waar dit ook al gebeur het, van die rigor mortis wat hier en daar in die vingers reeds begin ontspan het, kan ons aflei dit was beslis meer as agtien ure gelede. Nader aan twintig ure, afhangende natuurlik van 'n klomp faktore. Dit kan ook heelwat langer terug wees.”

“Aengel het haar gister ongeveer elfuur nog gesien, dis drie en twintig uur gelede. Sy moet dus redelik kort daarna vermoor gewees het,” kom Fortuin tot die logiese gevolgtrekking.

“Wanneer was hoogwater?” Gys staar peinsend na 'n krappie wat skuins-skuins wegskarrel, maar stamp met sy voet op die sand toe hy besef waarheen die ding op pad is.

“Gistermiddag so voor tweeuur se kant, en dus toe weer laas nag na twee.”

Gys wys met sy pen na die donkerpers bloedsamepakking om die kuite. “Post mortem-hipostase vind net plaas as 'n liggaam ses tot agt ure in dieselfde posisie gelê het.”

“Sy moet dan met gistermiddag se hoogwater hier uitgespoel het? Of dalk toe die gety al gedraai het, want sy is onder die hoogste hoogwatermerk.”

“Maar hoekom het die nag se hoogwater haar nie weer gevat nie?”

“Is nie te sê nie. Veral nie ná 'n springgety nie. En die wind is ook 'n faktor. Onder meer. Gister was windstil en die see was besonder kalm, maar deur die nag het die wind weer opgekom.” Fortuin dink na. “Ongeveer elfuur by Aengel weg. Dus is sy tussen sê maar halftwaalf en, argumentsonthalwe, op die heel laatste halfdrie vermoor?”

Gys sug. “Die lykskouer sal beter kan sê, jy weet self hoeveel veranderlikes daar is. Temperatuur, hoe erg sy baklei het teen haar aanvaller, seestrome, 'n magdom goed.”

“Sy is opgeswel, maar verbeel ek my ...” Fortuin sluk.

“Nee, jy verbeel jou nie. Sy het gister vir my gesê sy is verwagtend.”

Hy sien die verwyt in Fortuin se oë kom en gaan en dan plek maak vir iets naby aan snedigheid. “Dink Luitenant iemand het sy mes in vir swanger jong vroue in die algemeen of net vir vroue wat deur Gerbrand Niemand verwagtend gemaak is?”

Gys volg dadelik die implikase, maar frons kwaai vir hom. “Fortuin, ek het jou gesê jy moet jou gemoed oop hou oor Gerbrand se aandadigheid.” Maar hy wonder self. Dit is darem baie toevallig dat albei verwag het en veral dat albei boonop met Gerbrand Niemand deurmekaar was. “Die maklikste manier

om goed mis te kyk, is om op een verdagte te konsentreer. En om op een ooreenkoms tussen twee slagoffers te konsentreer. Veral in die begin van 'n ondersoek. Buitendien, dis glo nie 'n uitgemaakte saak dat Gerbrand die pa was nie.”

“Ek het stories oor haar gehoor, ja, maar weet die moordenaar dit?”

“Dis 'n goeie vraag. Gérbrand weet egter wel hy was nie die enigste man in haar lewe nie.”

Fortuin lig net sy wenkbroue.

Gys kyk weer om na die twee halfbroers teen die duin. “Dit help nie ons staan albei hier en wag nie. En dit sal beter wees as ons daardie twee hier wegkry. Sal jy bly tot die res kom? Jy kan solank die hengelgereedskap prosesseer. Sorg veral dat jy die mes kry waarmee hy sy hand gesny het.”

Fortuin knik, maar kyk Gys veelseggend aan. “Jy gaan met Gerbrand praat en jy wil dit sonder my doen.”

“Ek dink dit sal beter wees, ja,” erken Gys. Vervloeks, hy mis die ou Fortuintjie en hy mis hulle spanwees nog meer. Die knaap voel deesdae soos 'n bekende vreemdeling. “Maar ek wil ook Mac se klere kry vir Forensies, en foto's neem van sy beserings. En die man moet gaan vir steke.”

Gys draai weg en kry koers na Roark toe. Hy kan maar net bid Mac is nie hulle moordenaar nie. Om daardie reus gearrester te kry as hy hom teensit, sal omtrent Niemandsdorp se hele polisiemag vat.

“Aengel?”

Sy is amper verlig toe sy opkyk en Robert in die skuurtjie se deur sien staan. Haar konsentrasie is nul. Sy skep die afgelope uur of wat eerder chaos as orde. As dit nie oor Lika is wat sy pieker nie, dan is dit oor Zita wat nou leweloos êrens op die strand lê. En as sy haar gedagtes van die twee goed weggeskeur kry, is dit Nella wat by haar spook. En dan is daar nog die herinnering aan daardie soen van gistermiddag ook wat haar kort-kort teister. Wat natuurlik impliseer dat sy lam bene gekry het oor 'n verdomde skelm.

“Haai. Kom in.” Aengel vee haar hande aan 'n nat lap af. “Is die pizzeria dan vandag toe?”

Robert haal sy skouers op. “Toe ons hoor van Zita wat weg is, het Louis 'n nota op die deur laat sit dat ons vandag nie ontbyt bedien nie en twaalfuur eers oopmaak. Gelukkig is een van die personeel baie betroubaar en die res

heel handig met die voorbereiding. Maar ons sal moet wikkel en Louis draai en draai. Hy is nou al wie weet hoe lank daar by Gerbrand.” Hy vroetel in sy hemsak en haal ’n pakkie sigarette uit. “Gee jy om?”

Aengel skud haar kop en skuif vir hom ’n perlemoenskulp nader om as asbak te gebruik.

Robert steek ’n sigaret aan, smyt die blou pakkie op haar werkstafel neer en trek die rook diep in. “Sy is so ’n ‘tert’ en nou is almal kastig bekommerd oor haar. Ek dink nie Louis sou die restaurant eens vir ’n uur toegemaak het as dit ek was wat verdwyn het nie.”

Aengel bly liewer stil. Netnou blaker sy dit uit dat die tert se liggaam reeds gevind is. Dis baie duidelik dat die nuus hulle nog nie bereik het nie.

“Watse soort vrou slaap by ’n man wat ’n ander man se life partner is?”

As sy nie Robert se AC-DC-opmerking gehoor het en Nella nie al die vermoede by haar geplant het nie, sou sy seker omgeval het van verbasing. “Is jy seker hiervan, Robert?”

Robert snuif. “Ek het geweet Louis het in die verre verlede verhoudings met ’n paar vroue gehad.” Sy stem het verskril. “Maar hulle het nie geweet hy is gay nie. Of seker bisexual nie.” Hy trek weer diep aan sy sigaret.

“Dink jy Gerbrand weet?”

“Hy sal baie dom wees as hy nie agtergekom het Louis boer by Rykmanshut nie. Gerbrand het nou wel vir Louis gesê hy kan hulle badkamer gebruik om te stort nadat hy geswem het omdat ons plekkie nog nie ’n geiser het nie, maar ek dink nie Gerbrand is so onnosel dat hy nie agterkom hoe dikwels Louis skielik deesdae kom swem en die logiese sommetjie sal kan maak nie.

“Zita het kastig in Kruisbaai gebly, maar sy was meer hier as daar. Ook in die week, wanneer Gerbrand in die Kaap werk. Dis nou voor die vakansie nog. En Gerbrand weet Louis is *bi*. Een van Louis se eksgirlfriends het by hom ’n kar gekoop en toe sy hoor hy kom van die Kruisbaai-omgewing, gevra of hy nie ’n Louis ken wat ’n pizzeria daar het nie. Gerbrand het glo gesê hy eet gereeld by ons — wat by the way ’n bleddie leuen is — en toe sy besef ek en Louis is saam soos in saam, het sy histories geraak en gesê sy gaan dadelik ’n AIDS-toets laat doen. Bid jou aan, vier of vyf jaar na die tyd! Gerbrand het dit met groot smaak aan ons kom vertel. Hy’t natuurlik gedink dis hilarious. Louis glad nie.”

“Maar wat maak Louis dan vanoggend by Gerbrand?”

“Gerbrand het Louis gisteraand gebel en gesê hy moet vanoggend met hom praat. Louis is seker vrekbang Zita het geklik voor sy gedros het. Probeer seker rokies doodslaan voor dit vure word.” Hy snork. “Blame seker vir Charlie ook om die aandag van homself af weg te trek. En die arme Charlie het juis so gepanic dat Zita by Pearlie gaan klikbek speel. En dit noudat Miempie ten minste nie meer die beans kan spill nie.”

“Miempie?” vra Aengel verward.

“Ja, Miempie het mos op Charlie en Zita afgekom. Hulle het gedink hulle is veilig in die baaitjie aan die Kruisbaai-kant van Strandloper se grot. Dis weggesteek tussen die rotse en daar is selfs ’n oorhang. Delphine weet te vertel dis waar hulle voorouers altyd heen is om in privaatheid ’n knippie te vang. Vandaar die naam. Kooistrand. Dis waar dat dit privaat is, maar Miempie het daar rondgestap en sien toe vir Charlie en Zita daar terwyl hulle besig is om koeksister-koeksister te speel. Of miskien het sy Zita agtervolg. Wie sal weet. Anyway, Charlie het Miempie betaal om stil te bly, maar was nooit seker of sy haar mond gaan rek of nie. Maar dis nie eintlik Pearlie oor wie hy in sy broek skyt nie, dis Pearlie se pa. As dié uitvind van sy manewales, is hy sy toggos kwyd.”

Aengel wil eerder nie vra wat toggos is nie, die afleiding is seker heel logies om te maak. “Maar Charlie het vir my gesê hy het niks verkeerd gedoen nie,” dink sy hardop. Of het hy, wonder sy dan en kan nie mooi onthou wat sy woorde was nie.

“Jy’t nie gedink hy sal aan jou erken hy neuk rond nie?”

“Seker nie.” Die arme Pearlie. Die arme Lulie. En ja, die arme Charlie. Wat ’n mens jouself nie op die hals haal net vir een oomblik van gewaande ekstase nie. Wat haar weer laat dink aan Lika en die Fransman, maar sy onderdruk die gedagte dadelik.

Robert sug diep en druk sy sigaret dood. “Ek moes jou seker nie vertel het nie, maar partykeer moet mens êrens afblaas. Ek is jammer.”

“Dis oukei.” Sy weet hoe dit voel om niemand te hê om teenoor af te pak nie, en sy en Robert het van die begin af gekliek. “Maar terwyl jy nou het, hoe weet jy, en hoe seker is jy, dat Louis en Zita by mekaar geslaap het?” vra sy teen haar beterwete wat waarsku dat sy nie te betrokke moet raak nie.

“Van slaap was daar sekerlik nie sprake nie, but I catch your drift. By Miempie gehoor. Indirek, in elk geval. Daardie oggend met die busmense wat die plek vol sit, ná sy in die kombuis siek geword het, het Louis haar vreeslik

ingeklim. Sy het nie op haar laat wag nie. Hom 'n gatgabbya genoem en gesê hy moenie dink sy weet nie wat op Kierangbaai aangaan nie. Eintlik is dit hoe ons van Charlie ook uitgevind het, want dis toe dat sy skree: 'Moenie dink dis net vir Charlie en daai teef wat ek uitgevang het nie. Ek het julle ook gesien.' Well, my dear, jy moes Louis se gesig gesien het toe die meisiemens haar vinger amper in sy oog druk. Hy was livid. Hy het haar uit die kombuis uit geskel dat die see haar nie kan afwas nie."

Hy skud sy kop. "Ek het Louis selde so buite homself gesien. As die implikasie daarvan nie so 'n skok was nie, sou dit seker snaaks gewees het. Ek het dadelik twee en twee bymekaar getel. Louis wat nie meer aan my wil vat nie. Die gereelde swemmery op Kierangbaai. Die tye wat hy net verdwyn het en dan terugkom asof hy op 'n beach holiday was terwyl ek moet sien kom klaar in die restaurant, soos gister ook weer." Hy klik ergerlik met sy tong. "Anyway, ek het eers by Charlie gaan seker maak of die storie oor hom en Zita waar is. Hy't gecrack en my vertel wat gebeur het. Hoe Zita hom verlei het toe hy eendag by Koostrand gaan snorkel het om sy roetes uit te toets. Hoe Miempie op hulle afgekom het. In the act, nogal. Toe weet ek die deel oor Louis is ook waar." Robert steek nog 'n sigaret op. "Dis seker my eie skuld. Ek het so 'n paar jaar terug regtig probeer gewig verloor, maar dit het nie lank gehou nie. En nou is ek vetter as ooit."

"Maar liefde gaan mos nie oor looks nie, Robert?"

"Nie? Sal jy by 'n vet slob soos ek wil slaap?"

Sy verkies om nie daarop te antwoord nie. "Was jy maer toe julle verhouding begin het?"

"Nie maer nie, maar heelwat maerder as nou. Die restaurantlewe het nie juis gehelp nie. Maar ek was nog nooit seker of Louis regtig vir my lief is oor ek ék is nie. Ek wonder al lankal of hy nie dalk op die droom van sy eie restaurant verlief geraak het eerder as op my nie. Ons het begin date net nadat ek 'n pakket gevat het. Destyds toe almal so vinnig plek moes maak met regstellende aksie." Hy sug weer diep. "Ongelukkig het daar van die golden handshake skaars meer as 'n paar melaatse vingernaels oorgebly nadat hy my omgepraat het om dit in die restaurant te belê. Ek het nie eens vreeslik omgee nie, my verbeel ons is doodgelukkig, al sukkel ons finansieel."

Hulle kyk albei op toe voetstappe buite knars. Louis bly geraam in die deur staan.

"Hallo, Aengel," groet hy gelykmatig. "Kom, Robert, die restaurant moet

oopkom.”

“Ek sou ook so gedink het.” Robert druk die sigaret dood. “Enige nuus oor Zita?”

“Hoekom vra jy nie vir Aengel nie? Sy was by die kliphuis net voor Gys Niemand en kie met Roark se Land Rover teen Derdebaai se strand opgerig het.”

Robert kyk nuuskierig na Aengel.

“Ek het net Mac se hand gaan verbind. Hy het op die rotse geval terwyl daar ’n mes in sy hand was.” Selfs in haar eie ore klink dit lamlendig.

Louis se wenkbroue doen hulle hovaardige boogding.

Die geluid van ’n voertuig wat van Kruisbaai se kant af verbyry, maak ’n antwoord oorbodig. ’n Viertrek met polisie-embleme op en die lykswa wat volg, vertel sy eie storie.

“O, fok,” fluister Robert.

Hulle kyk in stilte toe hoe Roark se Land Rover van Derdebaai se kant af kom en langs die polisieviertrek stilhou. Na ’n paar woorde ry hy verby en draai by die kliphuis se inrit op.

Pleks hy geweier het om betrek te word, sy welverdiende vakansie voorgehou het. Of nog beter, laas jaar al bedank het ná die Meetsnoer-saak. Gys staal hom terwyl hy afstap Rykmanshut toe. Die verklaring wat Gys by Mac afgeneem het nadat alles van forensiese belang van hom verkry is, was erg genoeg. Die man was regtig nogal danig oor die losgat meisiekind. Tensy hy ’n uitmuntende toneelspeler is. En tog het hulle glo net een keer, êrens in Augustus, in die kooi beland. En word toe boonop deur Miempie betrap toe sy vroeër as gewoonlik opgedaag het vir haar skoonmaaksessie.

Mac sê hy twyfel of dit toeval kon gewees het en vermoed, agterna beskou, Miempie het Zita dopgehou omdat sy ammunisie gesoek het om Gerbrand teen Zita op te stook.

Gys hoor Roark se Landie weer in die pad af brul en kyk oor sy skouer. Seker op pad Niemandsdorp toe om die dokter te gaan sien. Hy sou enige tyd plekke wou ruil. Eerder twintig steke in sy eie hand wou kry as om vir Gerbrand te gaan sê sy aanstaande is vermoor. Bloed bly maar dikker as water, al is dit nie ’n bloedband wat Gys juis aanstaan nie.

En as Gerbrand so tekere kon gaan oor Miempie, wil Gys nie weet hoe hy

gaan optree as hy dié nuus kry nie. Of dit nou aansit sal wees of nie, maklik gaan dit nie wees om te aanskou nie. Moordenaar of agtergeblewene, drama sal daar drama wees.

Gerbrand neem 'n ewigheid om op Gys se geklop te antwoord en dis baie duidelik dat hy geslaap het. Sy hare staan hierdie kant toe en daardie kant toe, sy oë is geswel en rooi. Oor sy wang lê 'n streep wat lyk soos die afdruk van 'n beddegoedvou. Dit staan selfs uit tussen die tekens van sy en Fortuintjie se relletjie. Gerbrand lê en slaap in die middel van die dag terwyl sy aanstaande vrou vermis is? Sy swanger, aanstaande vrou?

“Oom Gys.” Hy gee 'n lang gaap en strek homself uit. “Het julle haar gekry?”

Die kneuskolle op sy gesig verkleur al en die sny op sy ken en skaafmerke op sy kneukels het rofies gevorm, merk Gys op, maar daar is fyn snymerkies aan sy hande wat vars lyk en sy naels is vuil.

Gys knik. “Ons het.”

Gerbrand se oë rek en hy lyk skielik aansienlik wakkerder. “En? Waar het sy gaan wegkruip?”

“Gerbrand, dis nie goeie nuus nie.” Hy hou die mannetjie fyn dop, sien die roeringe op sy gesig wat Gerbrand waarskynlik hoop nie sigbaar is nie.

“Kan ek raai?” Hy wag nie op 'n antwoord nie. “Sy wil nie na my toe terugkom nie en wil ook nie meer trou nie. Sy is die moer in omdat ek 'n vaderskaptoets gevra het. En as dit my kind is, gaan sy my en my beursie ry tot by oom Daantjie in die kallerhok.”

“Kan ek binnekom?”

Behoedsaamheid sak soos 'n skerm oor sy blik. “Natuurlik.”

Gerbrand stap voor hom uit na die sitkamer. Die plek stink nog meer na rook as die vorige keer. En geen wonder nie. Op die koffietafel staan twee asbakke opgehoop van die stompies. Sommige filterloos, ander met filters. Gys merk ook op dat daar in die een asbak meer as een soort filtersigaret is. Langs een van die asbakke lê 'n ligblou pakkie opgefrommel.

“Lyk my jy het gaste gehad?” vra Gys so terloops as wat hy kan.

“Louis was vanoggend hier.” Hy gaap weer.

“Wat het hy hier by jou gemaak?” onderdruk Gys sy ongeduld met die mannetjie wat klaarblyklik nie besef wat hy op die punt is om te hoor nie. Of dalk wil vermy om te hoor wat hy weet gaan kom.

Gerbrand kyk weg. “Gesels.”

“Oor?”

Nog ’n gaap word ’n sug. “Allerhande goed. En hy het kom sê van Zita. Dat hy sal getuig hoe los sy was as sy my dalk hof toe sou vat. Ek het hom gisteraand op die strand sien loop en by hom gaan hoor of hy nie dalk vir Zita gesien het nie. Ek het hom vertel van die swangerskap en hoe sy my wil dwing om te trou en als. Hy het glo heelnag lê en worrie of hy moet sê of nie en toe besluit die waarheid is maar die beste. Vanoggend kom vertel hy my toe van Miempie wat op Zita en Charlie afgekom het en dat die kind waarskynlik nie myne is nie en Zita net iemand soek om te melk. Ek het nou wel nie meer erfgeld nie, maar ek maak goeie bucks, verkoop mos nou BMW’s, terwyl Charlie sy gat af sukkel en diep in die skuld is. Hy het gesê dis logies dat sy my eerste in die *trap* sal probeer kry. En dat ek nie bekommerd hoef te wees dat sy dalk regtig weg is nie. Dis sommer net om my op te trick.”

“En was dit die eerste keer dat jy gehoor het van Zita en Charlie?”

Gerbrand skud sy kop. “Miempie het my destyds al vertel. Eers wou ek dit nie glo nie, maar later het ek begin wonder. Nou wil ek weet. Zita sal moet please explain.”

Gewoonlik probeer Gys dié soort nuus so sagkens oordra as wat sy werksomskrywing hom toelaat, maar vandag is anders. Hy is miskien nie oortuig van Gerbrand se skuld nie, maar ook nie van sy onskuld nie. Sy reaksie sal baie kan verrai. “Nee, Gerbrand, Louis is verkeerd en sy gaan nie kan please explain nie. Zita is dood.”

Gerbrand sit doodstil. Nie eens sy oë knip nie. “As jy dit as ’n grap bedoel, is dit in baie swak smaak,” sê hy uiteindelik.

“Ek sal nooit so iets as ’n grap sê nie.”

Gerbrand skud sy kop verdwaas. “Maar dis nie moontlik nie?”

“Sy het op Derdebaai uitgespoel. Het jy ons nie daarheen sien ry nie?”

“Nee, maar ek weet mos julle soek. Ek sou niks daarvan gedink het nie.”

“Hoe lank het jy geslaap?”

“Vandat Louis hier weg is. Dit was so elfuur.”

Gys kyk op sy horlosie. Halfeen. G’n wonder sy maag dink sy keel is afgesny nie.

“Dood? Zita?” Gerbrand kyk op na Gys asof hy nou eers regtig wakker word. “Hoe?”

“Sy is verwurg. Soos Miempie,” antwoord hy na ’n kortstondige

huiwering.

“Jy bedoel vermoor?”

“Kyk, Gerbrand,” vererg Gys hom, “jy is nie ’n goeie toneelspeler nie. Praat en kry klaar sodat ons nie verder tyd mors nie.”

Gerbrand staar hom net aan, sy pupille soos lietsjiekpitte. Gys sug toe hy besef wat dit beteken. Natuurlik, die man is gerook. Sy vroeëre ongeërgdheid kan toneelspel wees, maar dit kan ook wees dat hy net eenvoudig nie die werklikheid inneem nie.

“Gerbrand, waar was jy oral tussen elfuur gisteroggend en ongeveer drieuur gistermiddag?” Hy vat die tydsaspek ’n bietjie wyd, maar dan kan Gerbrand nie storietjies opmaak vir ’n halfuur hier of daar nie.

“Gister? Rustler’s Cove. Ek het so negeuur gewaai en sesuur gisteraand by die huis gekom.” Hy vee oor sy gesig en skud sy kop soos ’n brak met ’n nat kop.

“En jy het heeldag visgevang?” Gys probeer nie eens sy skeptisisme wegsteek nie.

Gerbrand knik, maar Gys wonder of hy die vraag mooi gehoor het.

“Kan jy verklaar waarom jy geen sonbrand opgedoen het na nege uur in die son nie?”

Die oë bly leeg. “Hoed en langmouhemp gedra.”

“Het jy enigiets gevang?”

’n Kopskud, so effentjies dat dit skaars sigbaar is.

“Het jy gedink sy sal nie uitspoel nie?”

Gerbrand sluk swaar. Sy oë word weer helderder. “Alles op hierdie vervloekte plek spoel uit. Almal weet dit. Net nie wanneer nie.”

Sy hand skiet so vinnig uit dat Gys nie tyd het om te koes nie. Hy pluk Gys nader met ’n vuig vol van sy hemp. “Ek het haar nie vermoor nie. Ek sweer ek het nie. En ek wil weet of dit my laaitie was of nie. Want as dit my laaitie is wat saam met haar dood is, wil ek uitvind wie dit was en hom doodmoer. Verstaan jy my mooi, luitenant Gys Niemand? Ek wil weet!”

Aengel nooi Gys Niemand binne. “Dis net slaai en ’n toebroodjie, maar jy kan gerus saam eet,” bied sy aan. “Kom sit sommer hier by my in die kombuis.”

“Moet asseblief nie te veel moeite doen nie, maar ’n toebroodjie en ’n

koppie koffie sal goed afgaan.” Gys sak in die stoel neer asof die dag al te veel van hom geverg het.

Wel hy is nie al een nie, sy weet hoe hy voel. “As mozzarella, gerookte bief en tamatie reg is, kan jy hierdie een kry. Ek maak vir my nog een.”

“Dankie, Aengel. Jy is ’n ware engel. Ek is te honger om ordentlik te wees en te weier.”

“Eet solank.” Sy skuif die bordjie met ’n glimlag na hom toe oor, skakel die ketel aan en maak nog twee toebroodjies.

Teen die tyd dat sy die koffiebeker en tweede broodjie voor hom neersit, lyk dit asof Gys weer asemgeskep het. “Moeilike dag?” vra sy, al weet sy dis ’n onsinnige vraag en gaan sit ook.

“Dit kan jy weer sê.” Hy neem ’n slukkie koffie.

“Ek neem aan sy is ook vermoor?”

Gys knik net.

“Verwurg? Moontlik deur dieselfde persoon as Miempie?”

Hy neem eers nog ’n slukkie koffie voor hy weer knik. “Moontlik, maar dis nie ’n uitgemaakte saak nie.”

“Dis seker ook moontlik dat dit Zita was wat Miempie uit die weg geruim het en iemand wat dit geweet het, haar wou laat boet?” dink Aengel hardop en is dadelik spyt. Dis nie die tyd of die plek nie en sy kan sekerlik nie verwag die luitenant moet by haar sit en spekuleer nie.

“Dit is seker ook moontlik,” sê hy ingedagte.

Hulle eet in stilte klaar voor hy sy aantekeningboekie saaklik oopmaak en sy pen uit sy hemsak haal. “Baie dankie, dit was baie smaaklik.”

“Plesier.” Aengel sit die kleinbordjies opmekaar en in die wasbak.

“Sover ons tot dusver kon vasstel,” begin Gys toe sy weet sit, “is jy die laaste persoon wat Zita lewend gesien het. Dis nou buiten die skuldige. Ek sal bly wees as jy so presies as moontlik vir my kan vertel wat daar gesê is en wat die gevoel tussen julle was.”

Aengel vee ingedagte ’n paar krummels bymekaar en begin die gebeure in soveel moontlik detail oproep. Gys luister aandagtig en maak hier en daar aantekeninge.

Hy frons toe sy afsluit. “Sy is dus nie terug Rykmanshut toe nie?”

“Nee, sy het Kruisbaai se kant toe gestap.”

Hy kyk na sy boekie. “Sy het om verskoning kom vra omdat sy jou die vorige dag ingevlieg het. Reg?”

Aengel knik.

“Sy het gevra dat jy vir niemand sê sy en Roark het baklei nie.”

Aengel knik weer.

“Hoekom?”

“Ek weet nie. Sy het net gesê dis ’n privaat ding wat sy en Roark self moet uitsorteer. Miskien wou sy nie hê Gerbrand moet weet sy was by Roark nie.”

“H’m. En sy erken sy is swanger en sê dis Gerbrand se baba en hulle gaan trou.”

Dis nie vraag nie, dus antwoord sy nie, maar Aengel voer ’n stryd met haarself. Praat of swyg sy oor wat Robert kwytgeraak het? Net wat Zita gesê het, besluit sy. Zita is immers dood en kan nie meer geskaad word nie. “Luitenant, daar was iets wat my gehinder het toe sy vir my van Charlie gesê het en dat Pearlle op haar jaloers was.”

Gys se wenkbroue skiet die hoogte in.

Aengel snap dadelik sy het haar swak uitgedruk. “Nee, nee, moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek bedoel nie ek dink Pearlle het enigiets met Zita se dood te doen nie. Natuurlik nie. Dis net ...” Ag, hel tog, waarom het sy nie net haar mond gehou nie. “Dit was net so half ... nie heeltemal uit verband uit nie, maar amper geforseer. Asof sy wou seker maak ek besef sy kan enige man kry as sy wil, en Charlie was dalk een wat vir haar geval het. So iets, maar ook nie heeltemal nie.”

Gys kyk haar deurskouend aan, glimlag dan effens. “Probeer jy op ’n diplomatieuse manier agterkom of ek weet van Charlie se verhouding met Zita?”

Aengel weet nie eintlik wat om te sê nie. Sy wil tog net nie weer daarvan beskuldig word dat sy mense se skaamtes en skandes blootgelê het nie, maar dit klink darem asof dit nie nuus is vir die speurder nie.

“Gerbrand het my vertel Miempie het op Zita en Charlie afgekom,” bevestig hy haar vermoede.

Sy slaak ’n sug van verligting. “Oukei, dan is dit darem nie meer ’n geheim nie. En seker ook nie dat Louis glo ook by Zita betrokke was nie.” Aan die verandering op sy gesig kom sy agter sy het ’n flater begaan.

“Louis ook?” por hy aan toe sy stilbly.

Aengel skud net haar kop.

Hy leun vorentoe toe. “In normale omstandighede waardeer ek mense wat nie agter mekaar se rûe skinder of kwaadpraat nie. Maar Aengel, ons sit met

twee moorde op hande. Jy kan nie wil stilbly oor wat jy weet nie. En jy hoef nie noodwendig vir my te sê waar jy daaraan kom nie, alhoewel dit ook sal help, maar praat, gaan jy moet praat. Ek het elke druppel inligting nodig.”

Weet Gys Niemand hoe moeilik dit vir iemand wat altyd moes stilbly, is om te praat? Herinneringe storm op haar af. Gabrielle wat elke denkbare geheim aan haar ma uitblaker, maar haar ’n klikbek genoem het toe Aengel haar pa gesê het Gabrielle knou haar af. Die opdrag van stilswye nadat sy swanger geword het, ondanks die skinderstories wat uitgebroei het. Alles het tot een soliede klont in haar gestol en dit sê nou vir haar: Hou jou bleddie bek. En die stem van daardie klont is Gabrielle s’n op elfjarige ouderdom nadat sy Annie-se-riksdaalder verpulwer het.

Aengel het daaroor haar bleddie bek gehou en ’n bleddie seer pak slae op die lyf geloop. Die enigste keer wat haar pa ooit sy hand vir haar gelig het. Haar pa, haar enigste toevlug wanneer daar waarlik ’n krisis was, het nie eens gevra of sy die skuldige was nie, net aanvaar sy het geen respek vir haar voormoeder of dié se erflating nie. Die verraad was erger as die pak slae.

Tog het haar pa tot die dag van sy dood die een man gebly wat sy met oorgawe liefgehad het. Met die instink van ’n kind het sy geweet dat hy ten minste nie agter iets aan was nie. Eers toe sy ouer was, het sy daardie iets geïdentifiseer. Haar looks, haar lyf, haar geld, haar Rousseauskap, Angelique se erfenis, Libertalia, selfs haar dogter. Nooit het dit om Aengel Rousseau se Aengel-wees gegaan nie. Miskien omdat Aengel Rousseau ’n vae skim is, selfs in haar eie kop.

“Aengel?”

Sy ruk terug na die werklikheid, kan dan nie mooi onthou wat Gys haar gevra het nie.

“Wat van Louis?” herinner hy haar.

“Miempie het glo ook beweer Zita het iets met Louis aan gehad.”

“Louis? Maar hy is skeef?”

“Biseksueel glo.”

“So by my kool. Die meisiekind was behoorlik bedrywig. En voor jy wroeg, ek weet darem van Mac ook. Ek dink nie daar bly veel mans hier rond oor nie. Jy kan dus met ’n geruste hart nou alles vir my vertel. Van voor af.”

Aengel onthou vaagweg Nella het iets van Mac genoem, maar dit skok haar steeds.

“Lyk my dié keer is dit ek wat my mond verbygepraat het,” laat hoor Gys

lakonies.

“Nee, nie regtig nie. Die moontlikheid is aan my genoem. Dis net so siek. Pa en seun. Het Zita dan niks en niemand ontsien nie?”

“Sy het steeds nie verdien om vermoor te word nie. En veral nie dat die persoon daarmee wegkom nie.”

Gys se woorde bring weer by haar tuis wat met Zita moes gebeur het, waardeur sy moes gegaan het voor tyd vir haar gaan stilstaan het. Daar is min volgorde in wat sy vertel toe sy eers aan die gang kom. Dis ’n verligting om ontslae te raak van al die inligting wat uit verskillende oorde op haar afgedwing is.

Toe Gys uiteindelik sy aantekeningboekie toemaak, haar bedank en sy hom by die deur afsien, sien Aengel dat ’n misbank die see bedek en aangekruip kom na Kieranghut toe. Amper soos ’n voorbode. Of ’n karos om te bedek wat sy alles kwytingeraak het. Maar niks daarvan kan meer toegemaak of weggesluit word nie. Dis gesê en sy is aandadig aan die uitsê van dinge wat nie meer die waarheid is nie omdat dit deur soveel subjektiewe filters is dat dit nie gesuiwer anderkant kan uitkom nie.

Nou is dit wat sy bloot gehoor het, in ’n ander mens se geheue gestoor, waar ’n liasseerklerk lukraak lêers kan uitruk of laat verdwyn. En die meeste daarvan is boonop swart op wit in ’n boek opgeteken. Aantekeninge wat geïnterpreteer kan word, verdraai kan word of hopelik min of meer korrek weergee kan word.

Ek weet nie wie die pa is nie. Ek was dronk. Ek kan nie onthou wat gebeur het of waar dit gebeur het nie. Nie presies wanneer nie. Of hoe nie.

En Gabriël het weer nie bevraagteken nie. Net aanvaar wat sy gesê het, nie navraag gedoen oor wat sy nié gesê het nie. Aangeneem dat sy skuldig was.

Was dit Nadia se invloed? Het haar ma se beheer so ver gestrek? Of het haar pa sy vermoedens gehad? Het Gabriël na Nadia se dood dalk agtergekom Nadia het die mantel altyd gedraai na die wind wat haar pas? Is dit dalk waarom hy die testament kort voor sy dood verander het sodat Gabrielle helfte van Libertalia se waarde aan Aengel moes uitbetaal, pleks van net ’n vasgestelde kontantbedrag? Nadia draai waarskynlik in haar graf om. Sy sou nog woedender gewees het as wat Gabrielle was en steeds is.

Soms wonder Aengel of sy daardie nag ooit reg onthou. Al was sy nie naastenby dronk nie. Al weet sy waar, wanneer en hoe dit gebeur het. Wie Lika se pa is. Is haar “weet” korrek? Of het sy die storie in haar kop

opgemaak? Lieg sy al die jare vir ander, of vir haarself? Partykeer is sy nie seker nie, want sy is nooit toegelaat om oor die waarheid te praat nie. Net oor die leuens. En praat maak dinge vir die buitewêreld regtig — of dit leuen of waarheid is.

Lika, praat met my! wil sy gil. Maak nie saak of ek gaan hou van wat ek hoor of nie. Niks wat jy kan doen, sal my liefde vir jou beïnvloed nie. Ek is onwrikbaar aan jou kant geskaar, maak nie saak wat daardie kant meebring nie.

Sy gaan sit voor die rekenaar, roep Skype op en klik op die groen knoppie. Die deuntjie word 'n eentonige kakofonie in haar ore. Vermeng met seemmeugille en die druising van branders. Word dan stil. Die skerm bly leeg. So leeg soos sy ineens voel.

DERTIEN

5 Desember — oggend

“Voorbladnuus, Gys-man, al is dit nou hier in ’n hoek ingedruk. Nogal ’n opskeif en ’n half: ‘Weet Niemand wie agter twee Kierangbaai-moorde sit?’ ”

Gys droog die laaste van die bekers af en loer oor San se skouer. “Vervloeks,” mompel hy toe hy besef sy versin nie die verspotte opskeif nie.

“Majoor Arendse sê glo jy is in volle beheer van die ondersoek en hulle verwag aanstons ’n arrestasie. Weet jy daarvan?”

“Nie sodat jy sal agterkom nie. Maar jy het mos besluit dis Nella.”

“Ons sal maar moet wag en sien wanneer die meisiekind dood is en waar Nella toe was. Ek hou nog my opsies oop.” San dink ’n oomblik na. “Vandat jy my gister alles vertel het, is daardie Charlie-mannetjie op my brein. Hy het darem goeie rede gehad om al twee uit die weg te ruim as hy sy huwelik wou red en nie deur sy skoonpa vermorsel wou word nie.”

“San, ek gaan nie vir jou luister nie. Jy maak my kop eerder deurmekaar as wat jy help. Ek gaan jou ook niks verder vertel nie. Ek was net gisteraand moeg en wou uitpraat.”

“Maar as ek nou Kaylatjie was wat boeke skryf en so, sou ek gegaan het vir Mac, nè,” steur sy haar oudergewoonte nie aan hom nie.

“Mac?” kan Gys nie help om te vra nie, al weet hy dit gaan nou weer ’n relaas meebring.

“Dis nou as dit ’n moordstorie was. Soos dié wat Kayla skryf. Hy het self ’n gevoelentheid vir die klein um ... vir Zita gehad. Toe vind hy uit sy het met sy seun gekefoefel. Wat een ding is. Maar toe hoor hy boonop dat Miempie en Zita albei sy seun wil afdreig. Wat tel die meeste? ’n Gevoelentheidjie vir ’n flertjie vir wie hy klaar die harnas in is? Of sy liefde vir sy seun? En dan is daar natuurlik nog die geldkwessie ook. Geld wat hulle nie het nie.”

“San, ek luister nie,” besluit hy.

“Nes jy wil. Ek het ’n lys gemaak. Jy sal moet Spar toe gaan.”

Gys kyk in die lug op. Die vroegoggendmis het gekwyn en ’n helder dag agtergelaat. Hy kry geen antwoord op sy ongeformuleerde, maar redelik ernstige eksistensiële vrae in die somerbloute nie.

“Hier is oorgenoeg kos in die huis, San. Ek het aangekoop voor jy hierheen gekom het.”

“Nie Sondagkos nie. Nie goed genoeg vir Gertruidatjie nie.”

Gys maak sy oë toe en na ’n rukkie weer oop. “En wat het ‘Gertruidatjie’ met ons Sondagkos uit te waai?”

“Ek het haar oorgenooi toe sy vroegoggend gebel en gevra het of ons die Sondagkoerant gesien het. Jy was in die stort.”

“En hoekom gee jy my toe nie sommer die lys saam toe jy my stuur om die koerant te gaan koop nie? En dis maar een vraag van duisende wat by my opkom. Soos hoekom my nie sê Gertjie het gebel nie? Hoekom my nie sê jy het haar genooi nie? Hoekom my nie vra of dit my pas nie?”

“As ek die lys ook gegee het, sou jy gedraai het en ek wou sien wat staan in die koerant. En ek het jou mos nou net gesê sy’t gebel en ek het haar genooi. En hoekom sal dit jou nou danig nie pas nie?” Sy blaai die koerantbladsy luiters om.

Gys kners op sy tande, maar by liefwerdiger stil. As San eers só is, kan mens niks met haar uitrig nie. Dank die gode dis nog net drie dae voor sy weer teruggaan. Wat hom laat dink. “San, is jou geleentheid nou gereël vir aankomende Woensdag?”

“Hoe nou, Gysie?” Sy kyk fronsend op van die koerant. “Dis mos eers Woensdag oor ’n week, het jy vergeet? Of kan jy nie wag om my van jou werf af te kry nie?”

“San, ek het jou vir ’n week genooi.” Nou moet sy maar dink wat sy wil. Sy weet dis die waarheid.

“Gys, ek het jou duidelik hoor sê ’n week of twee, toe besluit ek maar om dit die moeite werd te maak. Maar as ek in die pad is, sal ek vir my ’n buskaartjie bespreek. Die hondjies sal dan net moet agterbly tot my geleentheid op die regte datum hierheen kom.”

Wee hom die “hondjies” wat reeds een van sy strandplakkies verflenter het en oral piekolle laat wanneer hulle opgewonde raak. Maar wee hom San ook. Newwermaand wat, wee hom.

“Dis nie ’n probleem nie, San. Natuurlik kan jy nog ’n week bly. Ek het

seker net verkeerd verstaan.” Hy hoop nie hy klink so skynheilig soos hy voel nie.

“Is jy seker, Gysie? Ek wil tog nie onwelkom voel nie.”

“Jy is nie onwelkom nie. En vergeet die Sondagkos. Ek sal jou en Gertjie uitneem vir ete.” Êrens moet hy sy sin kry en hy sal graag wil sien wat aan die gebeur is tussen die twee eenaars van die pizzeria.

“Is alte gaaf van jou, Gysie, solank ek nie met die winkeltande pizza hoef te eet nie, en pasta gee my mos so sleg sooibrand.”

“Hulle maak steak ook,” verweer hy.

“Tande.” Sy druk een van die brakke weg toe dié op haar skoot wil spring. “Sie jy.”

“Vis?” probeer hy.

“Ek is ’n Vrystater.”

“Jy kom oorspronklik van die Boland af,” vererg hy hom en gee die brak ’n kyk toe die ding begin kef. ’n Kyk wat dalk eerder vir San bedoel was. Nie dat een van die twee hulle aan hom steur nie.

“Lank terug, Gysie.”

Gys sug. “Gee die vervloekste lys, San.”

Aengel staar na die Skype-skakelknoppie, te bang om daarop te klik. Te bang vir wat sy dalk gaan hoor, nog banger dat Lika weer nie sal antwoord nie.

Sy staan op, maak die bodeur en die vensters see se kant toe oop en adem die oggendseelug diep in asof moed ’n bestanddeel van suurstof is. Die dynserigheid het opgeklaar. Dit gaan ’n warm dag wees. Sy gaan kombuis toe, skink vir haar ’n glas lemoensap en gaan sit weer vasberade voor die rekenaar. Sonder om te veel na te dink, klik sy die skakel. Die deuntjie sal haar nog mal maak, besluit sy net voor dit uitsny. Sy begin sug, maar dan kom die videoskerm op en begin laai.

Aengel hou haar asem op.

“Bonjour.” Die man staar haar met calamata-oë aan, ’n glimlaggie om sy baie mooi lippe. “Leeka her mother. Oui, oui, I can see, le, uh, features. Le nose, le mouth. Le ...” Hy vee oor sy wangbene, maar kry nie ’n woord daarvoor nie. “Aengél, oui?”

“Yes. Hallo. Good morning.”

“I, Alain. Jeanne her husband. I call Leeka. You wait?”

“I wait.” Sy voel soos ’n idioot. Hy glimlag en dan sien sy net die rugleuning van ’n outydse stoel en boekrakke in die agtergrond.

Dit voel soos ’n ewigheid voor Lika op die skerm verskyn, maar dit was seker skaars ’n minuut.

“Hi, Aenge.” Sy klink so bedees as wat sy lyk.

“Lika, dank die hemel. Ek is so jammer.” Trane slaan in haar keel vas.

“Nee, dis ek wat moet jammer sê. Sorrie, Aenge, ek was ’n bitch. Ek weet nie wat met my aangegaan het nie. Dis net, ek het gedink jy sal saam met my bly wees dat ek iemand ontmoet het en so. Ek het my moer op daardie oomblik gestrip, maar dit was ’n kort strip. Ek weet darem van beter.”

“Hoekom het jy dan nie gister geantwoord nie? Ek het ’n paar maal probeer Skype.”

“Ek het eers gisteraand laat gesien. Toe ons teruggekom het. Ek het jou mos gesê ons het gaan sightsee.”

Aengel sluk. “Jy en Guillaume.”

“Ja, maar Jeanne en Alain en die brats was saam.” Lika leun nader en haar stem sak. “Die kinders gaan my mal maak, Aenge. Hoe het jy dit met my uitgehou? Op my ouderdom is ek wragtag nie gegear vir tantrums en ’n geneul nie. En Jeanne en Alain het ewe how-do-you-do loop en hande vashou en ek en Guillaume moes maar sien en kom klaar. Gelukkig is hy nogal goed met die brats. Sy broer het glo ook ’n werpsel na wie hy soms moet omsien. En die brats luister beter na hom as na my. Guillaume sê dis oor my vrot Frans. Hy gaan my ordentlik leer Frans praat. Hy sê my skool-Frans laat my klink asof ek uit die Middeleeue ontsnap het.”

“En het hy enigiets anders in Frans gedoen as om daarin te praat?”

Lika lag. “Jy bedoel soos in French kiss? Relax, Aenge, ek het lankal al my eerste French kiss gehad. Al was dit by ’n Boertjie.”

“Dis nie exactly wat ek wou hoor nie.”

“Maar dis exactly al wat jy gaan hoor.” Sy grinnik. “Ten minste dra ek nog nie juis kennis van French letters nie.”

“Lika!”

Sy trek ’n skeelooggesig en glimlag dan weer. “Hy’s gorgeous, Aenge. In alle opsigte. En baie verantwoordelik. En ek speel sommer, behalwe vir die wangkusse wat al wat gat en asem is mekaar hier gee, het hy nie aan my geraak nie. Nee, ek lieg, hy het darem my hand so liggies vasgehou en een keer sy arm om my skouers gesit. Maar dis al. Genuine.”

Aengel sug en raak met haar hand aan die skerm waar Lika se wang is. “Geniet dit, Lika, maar asseblief, pas jou op. Moenie halsoorkop in ’n ding beland waarvoor jy nog nie gereed is nie.” Sy wens sy kan minder soos ’n ellendige Puritein klink. Amper soos ’n regte ma. Maar Lika is so ver weg en sy gaan so ver weg bly vir so lank.

Lika druk haar vingerpunte teen Aengel s’n en Aengel verbeel haar sy kan die hitte deur die skerm voel.

“Trust my, Aenge. Ek sal nie ’n simpel ding aanvang nie. Jy het my darem nie te vrot grootgemaak nie, onthou.” Die gryserige oë is sag en effens te blink. “Ek mis jou moerse, Aengy Paengy.”

“Ek mis jou ook moerse, Lieksie Pixie.” Hoe het dit gebeur dat die baba wat sy nou die dag nog in haar arms rondgedra het, die kleuter wat nes ’n elfie gelyk het, nou in ’n jong vrou ontluik het?

“Jeanne sê in Holland waar sy ’n paar jaar gebly het, gee hulle nie presente met Kersfees nie, maar op die vyfde Desember. Jy is vandag my present. En nou gaan ek koebaai sê anders is dit net snot en trane. Happy Sinterklaas. Love you lots.”

“Love you,” is al wat Aengel uitkry voor sy haar wysvinger soen en teen Lika se lippe druk. Lika pruil haar mond, maak ’n klapsoengeluid net voor die skerm verdof.

“Dankie,” prewel Aengel en kyk op na die spaansrietplafon. “Dankie vir my Sinterklaas-geskenk. Vir my wonderlike weirderige kind wat al van kleins af partykeer klink asof sy wyser is as ek.” Sy gee ’n suurderige laggie. “Wat seker nie veel vat nie.”

“Aengel?”

Sy skrik haar oor ’n mik vir die stem hier by haar, maar ontspan toe sy Pearlle se ronde gesiggie deur die oop venster sien loer.

“Haai.” Aengel druk die skootrekenaar se deksel toe en stap deur toe. “Kom binne,” nooi sy en skuif die onderdeur se skuifslot oop.

“Nee wat, ek wil jou nie eintlik op ’n Sondag pla nie, maar Charlie het vergeet om die skulpgoed by jou te kry en dit lyk my Kruisbaai begin vandag vol loop. As jy net vir my ’n paar goed kan saamgee, maak ons later reg. As dit oukei is met jou?”

“Natuurlik, ek kry net gou die sleutel vir die skuurtjie.”

Aengel sluit oop en wys ’n paar stukke wat sy dink sal verkoop vir Pearlle uit. “Die winkeltjie in Kalkbaai aan wie ek goed voorsien, reken die

patellaslaailepels is baie gewild.” Sy kies ’n stelletjie uit die klompie wat sy nog gemaak het voor sy hierheen gekom het. “Dit skep nogal nie te sleg nie, maar mense koop dit eerder vir die aardigheid. Dikwels as geskenke.”

“Kan ek maar almal vat?”

Aengel knik.

Pearlie streel oor die dryfhoutstele en bekyk die deel waar die patellaskulpe met ’n spesiale soort hars daaraan vasgeheg is. “Kan mens dit was?”

“Jip. Ek het dit getoets. Dit kan selfs ’n rukkie in die water lê, maar seker nie te lank nie.” Nadat sy die slaailepels eenkant gesit het, hou sy Pearlie onderlangs dop terwyl sy deur die armbande gaan. Pearlie lyk aansienlik meer ontspanne as die vorige keer toe sy haar gesien het. Die kort sonrokkie is ook baie vleier as die te stywe kortbroeke en te skamele bostukkies wat sy gewoonlik dra.

“Jy lyk mooi,” sê sy, en bedoel dit.

Pearlie kyk verras op. “Dankie.” Sy pluk effens selfbewus aan die soom van die sonrok. “Charlie reken dis ’n bietjie te kort.”

“Jy het mooi bene. Jy kan wegkom daarmee.” Dis ook nie ’n leuen nie, haar gewig sit om haar middellyf. Aengel kies een van die enkelbandjies met kauri’s en ligblou krale uit. “Hierdie een is vir jou om jou dun enkels af te show.”

“Sowaar?” Pearlie se eweredige tandjies doen haar naam gestand.

“Kom ek sit dit vir jou aan.” Aengel hurk, pas die bandjie om Pearlie se enkel en ryg die eindkraaltjie deur die lussie. “Daar’s hy. Dit lyk mooi.”

Pearlie beweeg haar been sywaarts en bekyk haar geskenk. “Dis beautiful, Aengel. Baie dankie.”

“Plesier. Waar is Lulie dan?” verander sy die onderwerp.

“My ma en pa het vir die dag deurgekom. Hulle pas haar op. My ma het natuurlik heel eerste die verestoffer gegryp en maak nou die winkel skoon. So my pa doen seker die meeste van die oppaswerk, wat hom gaan laat brom omdat hy nog nie by sy koerant uitgekom het nie. Maar dis maar goed hy is besig, hy en Charlie moenie te veel van mekaar sien nie, dan sit hulle weer vas.” ’n Skadu kruip oor haar gesig. “Van Charlie gepraat. Moet my nou nie verkeerd opvat of iets nie, Aengel, maar ek hou nie daarvan dat Charlie alleen hier by jou was nie. En dan vergeet hy boonop die goed wat hy kom haal het? Jy is baie mooi en dinge tussen ons is nog nie heeltemal uitgesorteer nie. En

ek weet Charlie is hot om na te kyk. Maar, asseblief, hy is myne.”

Aengel se mond val byna oop. “Pearlie, glo my, ek sal nooit na ’n getroude man kyk nie, maak nie saak hoe hy lyk nie. En ek het nie vir een oomblik die idee gekry Charlie sien in my enigiets anders as iemand wat skulpgoed maak nie. Hy het die goed vergeet omdat Lulie begin huil het.”

“Oukei, dan is die saak reg. Maar ek wou dit net van die begin af duidelik maak. Soos ek moes gedoen het met daai Zita-vroumens. Ek het heeltemal te lank gewag om my sê te sê. Gelukkig het Charlie tot sy sinne gekom. Ek en hy het gistermiddag en omtrent die heelnag om gepraat en vir die eerste keer het ek weer moed.” Sy tel ’n skulp-en-seeglas-halssnoer op en bekyk dit van nader. “En ek moes haar lankal ’n piece of my mind gegee het. Klein slet.”

“Pearlie, het julle dan nog nie gehoor nie?” vra Aengel ongelowig.

Pearlie frons. “Wat?”

Aengel skud haar kop. “Zita is dood.”

Pearlie laat val die halssnoer op die werkbank en slaan haar hande oor haar mond. “Wat?”

“Haar lyk is gister gevind. Die nuus moet al die hele Kruisbaai vol lê?”

Pearlie skud haar kop verdwaas. Sy bly ’n hele rukkie stil voor sy verduidelik. “Ek en Charlie het die winkels gister na lunchtyd toegemaak, en Lulie by Ada en Kassie gelos vir die aand. Toe is ons huis toe om ons probleme uit te praat en, wel, op te maak. Vanoggend het ek net oopgesluit, my pa gevra om Lulie te gaan haal en sake in my ma se hande gelos voor ek hierheen gekom het.” Dis asof die nuus nou eers werklik tot haar deurdring. “Dood? Hoe?”

“Sy is vermoor.”

Pearlie word wasbleek en sak in die enigste stoel neer. “Wanneer?”

’n Vreemde vraag, dink Aengel. “Ek weet nie wanneer sy vermoor is nie, maar haar lyk is gisteroggend gevind.”

“Maar ek het Vrydag nog met haar gepraat,” prewel Pearlie. Sy kyk op na Aengel. “Dit was nie dalk selfmoord nie?”

“Hoekom?”

“Ek het haar gedreig.”

Aengel skud haar kop. “Pearlie, kom binnetoe. Ek dink jy moet luitenant Niemand bel en hom alles vertel.”

“Nee! As al hierdie dinge by my pa moet uitkom, sal hy Charlie vermoor!”

Aengel sug. “Nou kom dan net binnetoe dat ek vir jou tee kan maak. Dit

lyk of jy gaan omkap.”

In die kombuis syg Pearlíe weer op ’n stoel neer asof haar bene haar nie kan dra nie. “Op ’n manier het ek haar dood gewens, maar hemel, nie so nie. Nie regtig dood soos in dood nie.”

“Wanneer het julle gepraat?”

“Vrydag, so net voor lunch.” Woorde begin oor Pearlíe se lippe tuimel asof sy nie vinnig genoeg daarvan ontslae kan raak nie. Aengel luister in stilte en maak die tee terwyl Pearlíe vertel hoe Charlie Vrydagoggend ’n oproep op sy sel gekry het terwyl hulle nog by die huis was. Hy het weggestap, maar sy het vanuit die gang afgeluister.

“Dit was sy. Ek het dit geweet nog voor hy haar naam genoem het. Ek kan nie onthou wat hy alles gesê het nie, maar ek kon agterkom sy wou hom êrens ontmoet. Eers het hy geweier. Toe sê hy sy moet weet dis die laaste keer en dis net omdat hy iets vir haar wil sê. ’n Ruk later het hy Lulíe gevat en gesê hy kom hier na jou toe om goed vir die winkel te kry.”

“Hoe laat was dit?” vra Aengel toe Pearlíe asemskep en die beker tee by haar neem.

“Sy het hom so net voor nege gebel, maar hy is eers so elfuur se kant daar weg.”

“Hy het eers na twaalf by my aangekom.” Aengel sê dit ingedagte en besef dan Zita is net voor elf by haar weg.

“Ek weet. Hy het Zita eers gaan ontmoet. Ek het die winkel gesluit en hom met sy scrambler gevolg. Ver agter hom, sodat hy my nie kan sien nie. Toe sien ek die Jeep by Koostrand staan. Ek het die scrambler agter ’n rots weggesteek en nader gesluip. Ek kon hulle onder die oorhang hoor praat. Ek het ’n deel gemis, maar toe ek daar aankom, het Zita hom gevra waarom hy vir Lulíe saamgebring het. Gevra of hy bang is om haar alleen te sien. Hy het gesê sy kan dit sien as ’n teken dat hy ernstig is. Hy wil niks meer met haar te doen hê nie. Hy wil probeer om ons huwelik te red en hy gaan clean kom met my en sê hy het ’n moerse fout gemaak, my vertel wat gebeur het en daarna gaan hy sy bes doen om die beste man en pa te wees wat hy kan wees as ek hom nog wil hê.” Pearlíe snuif. “Ek het hom sommer van voor af liefgekry.”

“Wat het Zita gesê?” Aengel kan nie dink dat Zita daarmee vir lief sou neem nie.

“Sy het gesê hy moet doen wat hy goed dink, maar hy weet nie wat nog vir hom voorlê nie. Sy het nuus vir hom, maar as hy só wil wees, moet hy maar

kyk en sien wat gebeur. Sy was baie vermakerig, maar hy het hom nie aan haar gesteur nie. Hy't gesê sy kan doen wat sy wil, sy besluit is geneem. Ek moes vinnig agter 'n rots koes toe hy net daar opstaan en kar toe begin stap met Lulie op sy heup. My hart het amper gaan staan toe Lulie my sien en vir my waai, maar hy het niks agtergekom nie.”

“Weet hy jy het hulle afgeluister? Het jy hom ná die tyd vertel?”

Pearlie drink 'n slukkie tee en skud haar kop. “Nee, en ek wil ook nie hê hy moet weet nie. Toe hy gistermiddag vir my sê ons moet die winkel toemaak want hy wil dinge met my uitpraat, het ek geweet wat gaan kom. Ek het alles net laat gebeur asof ek van niks weet nie.”

“En nadat hy weg is by Zita?” vra Aengel, maar wonder of sy regtig wil weet.

Pearlie kyk af in haar tee. “Ek het gewag tot ek die Jeep nie meer kon sien nie, toe stap ek af na Zita toe. Ek kon sien sy het geskrik, maar sy het haar pose nogal gehou. Sy het gevra wat ek daar soek. Toe sê ek sy moet haar hande en haar lyf van Charlie af hou as sy weet wat goed is vir haar.”

Aengel wag met gemengde gevoelens dat Pearlie voortgaan. Sy wens eintlik Pearlie wil liewers nie verder praat nie. Kennis, het sy agtergekom, is 'n te groot verantwoordelikheid.

“Ek het vir haar gesê ek gaan Charlie vergewe omdat ek weet sy was die een wat agter hom aan gelê het, en ons gaan van voor af begin. Sy het gelag. Ek kan nie onthou wat sy alles gesê het nie, net dat dit my woedend gemaak het. Toe ...” Pearlie kou haar onderlip. “Toe klap ek haar,” sê sy sag. Sy drink die laaste van die tee en skuif die beker weg. “Sy het soos 'n cracker afgegaan. My vertel sy verwag en sy weet Charlie is die pa. Sy gaan 'n vaderskaptoets laat doen en dan gaan sy Charlie op 'n ander manier ry as wat hy voorheen gery is.”

Pearlie druk haar vuus teen haar mond en haar gesig vertrek. Dit duur 'n rukkie voordat sy haar emosies onder beheer het en verder gaan. “Ek het vir haar gesê sy lieg en buitendien behoort sy te weet ek en Charlie is verby broke en sit boonop met 'n helse klomp skuld. Toe sê sy maar my pa is ryk en aangesien ek 'n daddy's girl is, sal pappie nie omgee om uit te haal en te wys terwyl ek dan nou so graag vir Charlie wil terughê nie. En Charlie sal sy trots sluk as hy besef dis sy kind wat sy dra. Bloed van sy bloed. En 'n seun boonop.”

Pearlie veg weer teen haar emosies. “Ek het gesê sy is mal in haar kop as

sy dink ek glo die kind is Charlie s'n," vervolg sy hees. "Ek het vir haar gesê al is dit, ken sy nie my pa nie. Hy sal haar kaal uittrek in elke denkbare hof. Hy het nie vanself ryk geword nie. Hy vat nie kak van kabouters nie. Daar sal van haar niks oorbly nie en hy sal boonop die kind by haar laat wegvat omdat sy so 'n slet is en almal dit weet."

Sy kyk vir die eerste keer in Angel se oë. "Ek is nie trots op wat ek gesê het nie en helfte is seker nie eens waar nie, maar dit het vir my gevoel ek veg vir Charlie, vir ons huwelik. Ek en Charlie het probleme, maar hy is die beste ding wat nog met my gebeur het. Ek sal enigiets doen om hom te behou."

"En toe?" vra Aengel floutjies en stuur 'n skietgebed op dat Pearlie toe maar liewer pad gevat het.

"Sy het gelag en gesê as daar iemand is wat uitgetrek gaan word, is dit Charlie en Mac en nie om obvious redes nie. Sy het gesê sy sal sorg dat hulle alles verloor. Charlie die besigheid en Mac die katamaran en enigiets anders waarop sy haar hande kan lê om voorsiening te maak vir haar kind." Pearlie sug. "Dis toe dat ek vir haar gesê het ek hoop sy vrek."

Aengel kyk af na die bont tafeldoek.

"Daarna is ek terug winkel toe," sluit Pearlie af en sug nog 'n diep sug.

"Pearlie," Aengel kyk op en wag tot hulle oogkontak maak. "Jy sal die luitenant moet vertel." Sy hou haar hand op toe Pearlie begin protesteer. "Ek weet dit gaan nie maklik wees nie, maar dis 'n baie ernstige saak. Hy dink ek is die laaste persoon wat haar lewend gesien het nadat sy Vrydagoggend by my was, maar as jy en Charlie haar albei daarna gesien het, het hulle die inligting nodig. Hulle sal weet watter vrae om jou te vra wat dalk kan help om die moordenaar vas te trek."

"Moordenaar," papegaai Pearlie feitlik geluidloos agterna, en bars in tranes uit.

VEERTIEN

5 Desember — laatoggend

“Hoe voel die hand?” vra Roark terwyl hy die trap na Perlemoentjie se stoep opklim.

“Gelukkig het ek twee.” Mac lig sy ander hand waarin daar reeds ’n bier is.

“Jy kan nie pynpille en drank meng nie. Antibiotika op die koop toe.” Roark draai die verbinde handpalm boontoe. Daar slaan darem nie bloed deur nie, sien hy, en laat sak dit terug in Mac se skoot.

“Dis hoekom ek nie die pille drink nie. Alkohol ontsmet alles. Vlees en gees.” Sy bulderende lag is so vals soos sy bravade.

“Die mes was nie skoon nie. Jy moet die antibiotika drink en die kursus klaarmaak.”

“Ja, dokter O’Shea. Goed, dokter O’Shea. Maar ek het darem ’n klem-in-die-kaakinspuiting gekry, dokter O’Shea.”

Roark gee hom net ’n kyk, stap binnetoe en gaan haal vir hom ook ’n bier.

“While you’re down there!” roep Mac.

“Ek bring.” Roark haal nog ’n botteltjie uit.

Eers toe Roark gaan sit, kyk Mac hom in die oë. “Zita was a sad case, bro.”

“Komaan, Mac. Dis verskriklik dat sy dood is en op dié manier, maar ek gaan nie net daaroor voorgee sy was ’n saint nie. Wat is so sad daaraan om twee gawe ouers te hê wat omgee en hulle hande deurwerk om vir hulle kinders iets agter te laat? En sy was nie die enigste mens op Gods aarde wat haar werk verloor het nie. Sy is nie eens gefire nie. Personeelvermindering is aan die orde van die dag. Pleks sy ’n ander werk loop soek het, kom sit sy op Kruisbaai en maak net moeilikheid waar sy gaan. Dis nie sad nie, dis stiksienig.”

“Nee, ek bedoel nie slegter goed het met haar as met ander mense gebeur nie. Dis net vir my sad dat sy nie equipped was om dinge te handle nie. Jy sien, in haar kop was sy ’n prinses. Al wat sy nodig gehad het, was ’n prins

met geld en onderdane. Sy kon nie verstaan waarom sy dit nie kon regkry nie.”

“Kry end, Mac. Dis dieselfde girl wat vir jou gesê het jy is te oud en grilligerig vir haar. En wat, nadat sy tog by jou geslaap het terwyl Gerbrand in die Kaap was, gesê het jy is nie ’n lover se gat nie. Moenie haar nou wil staan en jammer kry of vergoeilik nie. Sy het jou in die grond in verneder. Sy het my met ’n slenter probeer vang deur op te hou om die Pil te gebruik. Sy het op Gerbrand jag gemaak omdat hy haar oortuig het hy weet waar Annie-se-skat is en hom daarna wild en wakker verneuk. Die lys hou net aan en aan.”

“Ek het nie gesê sy was nie ’n klein koei nie. Ek het gesê sy het haar redes gehad om te wees soos sy was.”

“Ja, Hitler het seker ook sy redes gehad, nes Daisy de Melker.”

“Ja, en jy seker ook.” Mac neem ’n groot sluk bier.

Roark besluit om nie die aas te vat nie.

“Waarheen is Gerbrand? Ek sien sy kar is weg,” vra Mac na ’n gedrae stilte.

“Na Zita se ouers toe. Dit beny ek hom glad nie. Hulle sal verpletter wees en hom moontlik verantwoordelik hou.” Zita se mense vergewe nie maklik nie, daarvan het Roark self ondervinding. Hulle neem hom nou nog kwalik omdat hy die verhouding verbreek het. Op die oomblik gaan sy hart na hulle uit, maar hy is wraggies bly hy is nie in Gerbrand se skoene nie.

“Shame, ja,” Mac skud sy kop, “die oumense gaan maar swaar kry.”

Roark knik. “Ek wonder hoe voel Gerbrand oor die hele storie. En nie net oor Zita nie. Die baba was immers waarskynlik sy kind.”

“Ek sal nie verbaas wees as Gerbrand, wanneer alles eers verby is, halfverlig sal wees nie. Nie oor die manier nie, obviously nie, maar dat sy nou uit sy hare is. Dit het maar nie te wonderlik tussen hulle gegaan nie. En hy is nou nie juis die sentimenteelste mens wat ek ken nie.”

“Hel, ek weet darem nie, Mac. Hy het oorweeg om met haar te trou. En sy is verdomp vermoor.” Dit klink nog steeds onwerklik. Zita net weg. Sy hardgebakte woorde teenoor Mac ten spyt, is daar ’n hartseer in hom. Nie oor wie en wat Zita was nie, maar oor wat sy kon gewees het.

“Ja, en dit terwyl hy besig is om Annie-se-skat by Rustler’s Cove te soek.”

“Ek dag hy het gaan visvang?”

Mac snork. “Ek het Gerbrand nog nooit sien visvang nie. En na soveel ure in die son kom jy nie lelieblank anderkant uit nie. Dis ook nie die eerste keer

dat hy daarheen is nie. En ook nie die enigste plek waar hy al na Annie-se-skat gesoek het nie. Nella sê hy het voor sy pa se dood al tussen die duine gegrawe wanneer hy dink niemand sien hom nie. Selfs in Strandloper se grot terwyl dié nie daar was nie.”

“Wel, hierdie keer het hy sy tyd goed gekies. Ek dink Gys Niemand sou nog baie meer in hom belanggestel het as hy hier was.”

“Wie sê hy was nie dalk hier nie, en het Rustler’s Cove toe verkas eers na hy sy ding gedoen het nie?”

“Niemand het hom hier rond gesien nie, dis nie maklik om so ongesiens te beweeg nie. Ons bly te op ’n hoop. Hoe dit ook al sy,” Roark karring ’n oomblik lank aan die etiket op die bierbottel voor hy weer na Mac kyk, “Gerbrand is dalk nie so ’n idioot as wat almal dink nie. Miskien is daar tog ’n skat.”

“Ag, twak, bro. Waar kom jy daaraan?”

“Dink jy regtig Zita sou so graag met Gerbrand wou trou as sy nie redelik seker was Annie-se-skat bestaan nie? Gerbrand moet haar genoeg rede gegee het om hom te glo en sy was dalk nie ’n rocket scientist nie, maar sy was allesbehalwe goedgelowig.”

Mac lyk geensins oortuig nie. “Al het ou Gerbrand skatte begrawe, sou die nageslagte dit teen hierdie tyd al uitgegrawe het, bro.”

“Die Schonenburg se buit is tot vandag toe nie opgespoor nie. En ook nie die Van Mollendorf-skat in Ballot’s Bay nie. En daar loop steeds ’n storie oor ’n skat in die Strandveld ook.” Die internet het heel gewillig ’n hele klompie inligting oor skatstories opgelewer.

“Bro, jy het darem jou deuntjie nou baie verander. Voorheen het jy Annie-se-skat as ’n klomp twak afgemaak?”

“Ek het op dokumente afgekom wat bevestig Gerbrand van ouds het die Libertine leeg geraap. En ek bedoel leeg.” Die stuk wat hy gisteraand in Annie se dagboek gelees het, was ’n skok. Hy het hoop gehad toe sy geskryf het ou Gerbrand het nie die boegruim ontdek nie, maar ’n paar inskrywings later was sy ontsteld omdat hy toe wel daar ingekom en met hernude ywer begin raap het. Waar die wrak ook al lê, sal daar weinig oor wees van wat die vrag behels het.

“Dis nie nuus nie, maar watse dokumente?” Mac probeer nie eens sy agterdog verbloem nie.

“Jy weet mos ek het oral voelers uitgesteek en ’n spul dokumentasie gekry

waardeur ek nog nie gegaan het nie.” Hoe minder mense weet hy het Aengel se boek gesteel en gekopieer, hoe kleiner is die gevaar dat Aengel sal uitvind. “Volgens een dokument was Annie nie net ’n passasier nie. Dit was haar skip, dis nou ná haar pa se dood. En as die dokumente betroubaar is, was daar meer op daardie skip as wat ons vermoed het. Nie net porselein nie. Juweliersware ook. Om die waarheid te sê, die skeepsvrag was haar bruidskat. Met soveel skatte is dit heel moontlik dat daar oorgebly het nadat Gerbrand die grootste deel van die buit gebruik het om sy plaas te bekom.”

Mac kyk hom skepties aan. “Ja?”

“Ek weet dit klink na ’n storie wat op die bodem van ’n bottel Old Brown-sjerrie sy ontstaan gekry het, maar as selfs die helfte van die goed in die dokument waar is, is onse Gerbrand se skatsoekery nie heeltemal so vergesog as wat ek gedink het nie.” Roark neem sy laaste sluk bier.

“Maar hoekom sou Gerbrand by Rustler’s Cove van alle plekke seek?”

“Hy moet sy redes hê. Miskien het dit te doen met die smokkelstorie. Jy weet die stories oor die Niemands wat op verskillende tye daar met ’n verskeidenheid goed gesmokkel het, loop geil. Dis waar Rustler’s Cove in die eerste plek sy naam in die agtienhonderds gekry het. Die Khoi was waarskynlik die veediewe, maar aan wie dink jy het hulle die vee vir ’n appel en ’n ei verkoop? Die naaste skelm buurman. En wie was dié? Eers Gerbrand Niemand en toe sy broerskind André Jacques Niemand. Albei ewe groot skelms. En André se nageslag was nie veel beter nie. Waarvan Brand en Gerbrand Niemand goeie bewys is.”

“En wat het dit alles met Annie-se-skat te doen?”

“Nie veel nie, behalwe dat Gerbrand óf net sy voorouers se skelmheid geërf het en nie hulle breins nie, óf hy weet iets wat ons nie weet nie.”

“Hy is nie die skerpste mes in die laai nie, maar dit maak steeds nie sin dat hy by Rustler’s Cove gaan seek as Strandloper se grot die obvious plek is om te begin nie. Dis nou as die danige skat nie in die duineveld begrawe lê nie, of op enige ander donnerse plek. Nee, bro, ’n wrak waarvan goed uitspoel, daaraan kan ek byt. ’n Trommel wat dalk bestaan, is ’n fairy tale.”

Roark lig sy wenkbroue. Hy ken sy broer. Moenie vir hom sê hy moet ’n agt-tot-vyfwerk gaan seek nie, maak nie saak hoeveel hy kan verdien nie, maar hou enigiets wat na avontuur ruik soos ’n wortel voor sy neus en hy sal ruik. En as hy eers agter die wortel aan is, is daar nie keer nie.

Mac skud sy kop. “Dié keer gaan dit nie werk nie, bro. Ek weet wat jy

probeer doen. Jy kan sien ek is depressed en nou wil jy my aandag aflei.”

Dis natuurlik die probleem as mens jou broer goed leer ken het. Hy leer jou net so goed ken. Roark sug en kom orent. “Suit yourself. Maar as jy anders besluit, moet jy ook weet, selfs al kry jy Annie-se-skat, sal dit nie joune wees om te hou of te verkoop nie.”

“Fok, bro,” gooi Mac sy hande in die lug. “What’s the point then?”

“Finder’s fee. As die skat die moeite werd is, en dit behoort te wees as mens die dokumente kan glo, behoort jy selfs met die opsporingsfooie jou skuld te kan afbetaal en genoeg oorhou om lekker van te leef.” Roark weet hy behoort Mac van die akwamarynhalsnoer te vertel, maar kon dit nog nie eens oor sy hart kry om die halsnoer aan SAHRA te verklaar nie. Daardie halsnoer het iets aan hom gedoen, selfs voor hy Aengel ontmoet het. En nou ... Hy kan die stene al teen haar heuningkleur vel sien lê, die kleur van die akwamaryn wat in haar oë weerspieël. ’n Baie beter plek as in ’n museum.

“En wie gaan die enorme finder’s fee betaal?”

“Annie Niemand se erfgenaam,” antwoord hy met sy gedagtes nog driekwartpad by Aengel en die halsnoer wat skielik nuwe betekenis gekry het vandat hy Annie se dagboeke onder oë gekry het.

“Gerbrand? You must be joking.”

Roark ruk homself reg. “Gerbrand se voorouer was nie Annie Niemand se enigste kind wat binne die eg gebore is nie. En Annie het ’n testament agtergelaat.”

“Waar kom jy nou vandaan?”

Roark haal ’n opgevoude stuk papier uit sy agtersak en gee dit vir Mac. “Ek het die stamboom uitgewerk volgens my nuwe inligting.”

Mac vou die bladsy oop en kyk vinnig deur die geslagsregister wat Roark gisteraand ná sy spoedlees deur Annie se dagboek aanmekaargesit het. Hy het vrede gehad met haar emosies en die storie van haar lewe, hy wou net uitvind wat hy nodig het om te weet.

“Destyds toe ons die wrak begin soek het, het ons klaar uitgevind Annie se eerste kind, die een by Gerbrand, tel nie, omdat hulle nooit wettig getroud was nie. Annieskind en haar nageslag, dis nou Delphine-hulle, het dus nie reg op enigiets wat aan Annie behoort het nie. Dan is daar André Jacques, gebore uit Annie se huwelik met Gerbrand van ouds se broer, Jakobus. Dis nou die huidige Gerbrand se voorgeslag. Sonder ’n testament sou hulle waarskynlik die grootste aanspraakmakers gewees het. Dan is daar ons wat afstam van

Armandine Niemand, Annie se tweede buite-egtelike dogter, wat ons ma se voorouer was.”

“Maar Ma het gesê Annie is dood kort nadat sy in die Kaap geland en Armandine afgelaai het by die mense wat haar uiteindelik grootgemaak het?” frons Mac.

“Wel, sy is nie dood nie. Nie toe nie. Sy is Franschhoek toe, het daar getrou met ’n wynboer, ’n seun by hom gehad en hom Gabriël genoem.”

“Vier kinders by vier verskillende mans en net twee is legitemate? Daar is nou ’n voormoeder om op trots te wees.”

Roark ignoreer Mac se opmerking. “En volgens Annie se testament erf die eerste blonde dogter uit Gabriël Rousseau se nageslag alles wat Annie s’n was.”

“Rousseau?”

Roark knik. “Aengel Rousseau se voorouer. Dis waar sy aan die blou porselein moes gekom het. En ja, dis sy wat die erfgenaam is.”

“Weet sy?”

Roark knik. “En dis sy wat jou die finder’s fee gaan betaal. Sy sal net ’n paar goed hoef te verkoop om dit te finansier en die res is waarskynlik dan hare.” En met Annie-se-skat in haar besit, is sy somer ook ontslae van haar swaer se houvas op haar, dink hy maar sê dit liefs nie hardop nie.

“En so speel onse Roark O’Shea weer die rol van die Almagtige, los almal se probleme netjies op al is sy metodes nie altyd ewe kosjer nie.”

Roark sou hom bloedig vererg het as dit nie was dat Mac aan die lag gaan nie. ’n Lag wat sy hele lyf inneem en diep uit sy maag kom. Roark glimlag onwillekeurig. “Wat is so snaaks?”

“Jy, bro. Soos Ma altyd gesê het: Zo zijn de helden gevallen.”

“Wat bedoel jy?”

“Aengel Rousseau. Sy het jou getref soos ’n meteoriet die aarde net een keer elke paar honderdduisend jaar slaan.”

“Jou verbeelding, Mac Carmichael, hardloop met jou weg omdat jy heeltemal te min het om te doen.” Roark begin die trappies afdraf.

“Waarvan wil jy haar red, bro? Haar sugar daddy?”

Roark antwoord nie, stap net om die hoek van Perlemoentjie en kies koers huis toe. Maar Mac se vraag bly hom by. Wat laat hom dink Du Randt het ’n houvas op haar? En wat maak dit in elk geval saak? Dis haar probleem as sy wil toelaat dat haar swaer vir haar ’n huis koop en haar waarskynlik onderhou

ook. Maar as die vent haar dan wil onderhou, kan hy nie vir haar 'n nuwe voertuig koop nie? As mens verantwoordelikheid vir 'n vroumens aanvaar, of sy nou jou skoonsuster is of dalk meer, doen jy dit ordentlik. Daardie RAV is maklik 'n '95-model en die bande lyk heeltemal te glad om veilig te wees.

Roark steek vas. En waar kom hierdie gedagtes vandaan? Van wanneer af bekommer hy hom oor 'n vroumens wat hy skaars ken se vervoer? En dis maar een van die gemakliker vrae wat hy hom kan afvra. Daar is ander ook. Soos waarom bly daardie soen hom so by? Die gevoel van haar lyf teen syne. Haar vars geur? Haar ...

Hy begin weer aanstap, stadiger dié keer. Elementêr, my liewe Watson. Jy is al te lank selibaat. Van begin Mei af, toe jy Zita weggestuur het. Goeie hel, dis al sewe maande. Miskien is 'n vakansieromansetjie net die antwoord. Met die regte girl, natuurlik. Een wat verstaan dis wat dit is. 'n Somerfling en niks meer nie.

Dit behoort hom van sy belustigheid te genees. En van Aengel bliksemse Rousseau. Die vakansie moet nou kom.

Toe sy vir die soveelste maal agterkom sy lees dieselfde paragraaf oor en oor, klap Aengel die dagboek toe. Sy kry net eenvoudig nie gekonsentreer nie.

Vandat Pearlíe hier weg is, is sy in 'n dwaal. Pearlíe het nou wel belowe om Gys Niemand môre te gaan spreek en alles te vertel, maar Aengel is nie so seker sy gaan by haar belofte hou nie.

Die skottelgoed staan in die droograk, haar huisie is skoon, wasgoed op die draad. Sy kan seker aan die werk spring met die idee wat sy gekry het terwyl sy vir Pearlíe die slaailepels gewys het, dat sy met die kleiner patellas suikerlepels kan maak. Maar so iets wil sy nie aanpak met 'n verstand wat voel soos 'n bol wol wat deur 'n speelse katjie beetgekry is nie.

Sy hou haar kop skuins. Dis sweerlik 'n motor wat nader kom. Sy staan op toe die enjin langs haar huis afgesluit word en loer oor die bodeur uit. Haar hart sink in haar skoene toe sy François deur die visnetafskorting uit sy Mercedes sien klim. Wat op aarde sal hy hier maak?

Sy gaan uit en loop hom tegemoet.

“Aengel.” Hy druk sy wang vlugtig teen hare.

“Haai, François. Dis 'n verrassing?” Sy loer na die Mercedes, maar dis duidelik dat hy alleen is. “Waaraan het ek die eer te danke?”

“Ek het jou kom haal.”

“Ekskuus?” vra sy ongelowig.

Sy sien eers die koerant onder sy arm toe hy dit daar uittrek, oopvou en onder haar neus druk. “Het jy gedink jy kan maar net stilbly en hoop ons vind nie uit nie?”

Hy druk met sy vinger op die onderste berig. “Twee moorde op jou drumpel, en jy sê ons niks?”

Uit die hoek van haar oog sien sy iemand aan die ander kant van die huis beweeg, maar dit registreer nie behoorlik nie. Sy kyk op in die grysgroen oë van haar swaer. “François, ek is nou op my eie. Ek hoef nie aan julle verslag te doen oor alles wat in my lewe of in my omgewing aangaan nie. Nou lei ek my eie lewe en doen soos ek goed dink.” Sy druk die koerant terug in sy hande, maar hy vat dit nie en dit fladder grond toe.

Sy probeer losruk toe hy haar aan die boarm beetkry, maar hy hou.

“Jy het twee opsies, Aengel. Óf jy kry ’n paar goed wat jy nodig sal hê tot ons vir jou ’n trek kan reël en kom vrywillig saam, óf ek sleep jou na my motor en dan kan jy maar sien kom klaar met wat jy aanhet. Maar saam, gaan jy saam met my Libertalia toe en jy kom nie terug hierheen nie. Ek is verantwoordelik vir jou en Lika, en ek sal nie toelaat dat jy ’n dag langer in hierdie onheilsplek bly nie.”

“François!” Sy maak seker dat hy haar in die oë kyk voor sy afgemete sis: “Los. My. Arm. En. Los my uit.”

“Aengel.” Hy verstewig sy greep en sy mond word smal onder die besemsnor.

“Nee, François. Dis my lewe, dis my huis, dis my omstandighede op die oomblik. Ek kan dit hanteer. Dit het met jou niks uit te waai nie. Lika is nie hier nie en nie deel daarvan nie en dis waar jou verantwoordelikheid eindig. Dis vir haar wat jy verantwoordelikheid mag aanvaar, maar ook net gedeeltelik en net met my toestemming. Jy is niks, maar niks van my nie, verstaan jy my mooi?”

“Jy is die ma van my ...”

“Ek is die ma van my kind. Nie jy of enigiemand anders het enige seggenskap oor my of haar nie. Dit het julle opgesê toe my ma my beveel het om die geboortesertifikaat te verander na ‘vader: onbekend’. Ek het op die plaas gebly tot sy uit die skool is, soos my pa gevra het. Agtien jaar lank. Dit was genoeg vergunning. Nou is ons klaar met julle. As Lika met julle wil

kontak behou, gaaf. Maar ek is nou uit julle hare uit en julle uit myne. Kan ek dit enigsins duideliker stel?”

“Aengel!”

Iets knak in Aengel, breek deur die dun skeidslyn tussen beskaafdheid en selfbehoud. “En nog iets. Dink jy ek is heeltemal onnosel? Dink jy ek weet nie die boedel moes binne ses maande na my pa se dood ingedien gewees het nie? Ek is moeg daarvoor dat jy telkens by die Meester uitstel vra. Ek is hartlik siek en sat daarvoor om afhanklik te wees van jou goedkeuring elke keer as ek geld nodig het. Ek hoor daar is ’n uitstekende prokureur op Niemandsdorp wat spesialiseer in testamente.”

Sy snak na die asem wat haar woede uit haar gepers het. “As my pa se boedel nie beredder is teen die einde van Januarie nie, gaan ek na daardie prokureur toe en eis dat julle onmiddellik betaal wat julle my skuld. En ek soek die volle bedrag, ek weet wat dit is. Ek het my eie waardasie van Libertia laat maak terwyl julle vroeër vanjaar in Praag was.”

François los haar arm stadig. “Ek kan nie help jou pa het so ’n onuitvoerbare testament opgestel nie. Ek probeer my bes om die beste van die saak te maak. Jy weet ons het nie daardie soort geld in kontant nie. Jy wil sekerlik nie hê ons moet Libertia verkoop nie? Dis tog ondenkbaar.”

“Dan sal julle maar al julle persoonlike aandele moet saamgooi, die Hermanus-huis moet regkry, alles wat julle wel kan, bymekaarskraap en net mooitjies verkoop. Ja, François, ek weet van Gabrielle se Remgro-aandele ook. En van die ander beleggings. Jy het darem ’n lekker slag geslaan met Medi-Clinic, nè? By Sanlam en Telkom ook net betyds gekoop, en baie daarvan.”

“Jy het deur ons goed gegaan. Ons private dokumente.”

“En julle het my lewe oorgeneem. My private lewe. Vir negentien jaar lank. Dis nou genoeg.” Aengel weet nie waarvandaan sy die krag kry om teen François op te staan nie, maar dit voel goed. Sy het haar vir lank genoeg laat boelie. En sy weet waar François, benewens familiebande, die heel kwesbaarste is: geld.

“Dis nie die einde van die saak nie, Aengel, glo my,” pers hy dit tussen bloedlose lippe uit.

“Ja, dit is. Nadat julle my erfporsie aan my uitbetaal het, is dit die absolute einde van die ‘saak’. En François, as julle die ‘saak’ soos ordentlike mense met my probeer bespreek het, pleks van agterbaks te probeer wees en te sloer

deur nou al meer as 'n jaar lank kort-kort nog 'n eiser hier of 'n bate daar te 'ontdek', sou ek dalk nog geskik het vir heelwat minder as die helfte van wat Libertalia werd is. Ek sou selfs geskik het vir die nalatenskap volgens die ou testament, maar nie nou meer nie. Ek gaan my pa se laaste wil en wense respekteer. Sorg dat julle dieselfde doen.”

Sy oë vernou venynig. “Nou maar goed, Aengel. Snork op. Ons sien mekaar in die hof. Ek het dit probeer verhoed, maar met jou houding vandag, is dit dan nou maar so. Jou pa was oud en sieklik toe hy sy testament verander het. Ek is seker ons sal kan bewys dat hy nie by sy volle verstand was nie. En jy en Lika kan maar self sien kom klaar tot al die hofsake verby is. Ook op finansiële gebied. En as jy in hierdie moordnes wil bly, gaaf. Miskien hoef ons nie eens hof toe te gaan as die moordenaar dit in sy kop kry dat jy die volgende slagoffer moet wees nie. Gooi maar ons besorgdheid terug in ons gesigte, vir my part kan jy krepeer.”

Aengel lag sinies. “Julle besorgdheid? Oor my? Nee, François, moenie dink ek weet nie dit gaan al die jare eerder oor wat die mense sê of nie sal sê nie. Buitendien, dis 'n bietjie laat om nou die testament te wil betwis, is dit nie? My pa was dalk oud en sieklik, maar hy was by sy volle verstand. My pa het besef ek het my onafhanklikheid nodig. Hy het besef julle versmoor my. Hy het besef die ou testament is onregverdig, aangesien die D'Avignon-nalatenskap op niks tasbaars gaan uitloop nie. Na my ma se dood het hy ingesien hoe sy hom manipuleer het. En hy het besef ek is nie heeltemal so onbesonne as waarvoor ek my lewe lank uitgekryt is nie.

En vir jou informasie, jou poging tot afpersing is jammerlik. Dink jy regtig Gabrielle is die enigste een wat op haar vyf en twintigste verjaardag Remgro-aandeel by my pa gekry het? Jy sien, my pa het klaarblyklik nie my een 'misstap' gesien as genoeg rede om my heeltemal te verwerp nie. Nie soos julle nie. Ek het net soveel soos sy gekry.”

Vir 'n oomblik is hy tot stilte geskok. Dan skud hy sy kop. “Jy bluf my nie. Hoekom sou jy my dan laat betaal het vir hierdie krot waarin jy so graag wou bly?”

“Net om seker te maak, meneer die eksekuteur, ek kry darem iets uit die boedel voor ek oud en grys is. En die hartseer sy van die storie is, ek sou selfs net daarmee tevrede gewees het as julle opreg was in julle skynheilige besorgdheid. As daar selfs net 'n greintjie ware medemenslikheid in julle geskuil het. As julle net met my gepraát het. Geld en goed was nog nooit vir

my belangrik nie. Al wat ek ooit gevra het, is dat julle my aanvaar vir wie en wat ek is. My ondersteun het toe ek julle so nodig gehad het. Maar vandat ek die eerste keer Kierangbaai toe gekom het, het ek perspektief op my lewe begin kry. En dis nie 'n mooi beeld nie.”

Aengel voel ineens leeg getap. Vir iemand wat nie goed is met konfrontasie nie, het sy haarself oortref. Waarskynlik oorreegeer. Waarskynlik brûe verbrand wat sy nie sou verbrand het nie, as die kortstondigheid van die lewe en mense se minagting vir ander nie so brutaal in haar gesig gegooi is die laaste paar dae nie. Maar dis nie net die gebeure van die laaste paar dae nie, weet sy ook. Alles wat vandag uitgekom het, het al begin broei van daardie aand af toe sy sewentien geword het.

“Jy maak asof ons monsters is, Aengel.” Sy stem is hees. In sy blik lees sy dat hy ook besef hulle het te ver gegaan. Albei van hulle.

“By tye was julle, François. Nie altyd ewe monsteragtig nie, maar begrippe soos deernis en mensliewendheid bestaan nie in julle woordeskat nie. Julle sal empatie nie herken as julle daaroor val nie. En dis wat ek nou soek. Mense wat werklik omgee. Wat Aengel Rousseau net sien en aanvaar vir wie sy is en wil wees.” Haar keel word dik. “Loop nou liewers, voor ons dit nog erger maak as wat dit is.”

Hy laat sak sy kop 'n paar oomblikke lank voor hy weer opkyk. “Lika sal altyd welkom wees op Libertia.”

Die implikasie is duidelik. Tog wag 'n deel van haar dat hy sal sê: “En jy ook”. Maar dit kom nie.

Roark blaas sy asem stadig uit toe die vent omdraai na sy Merc toe. Sy spiere was snaarstyf gespan, gereed om die opgeblase vark te vermorsel.

Wat niks sou gehelp het nie. Die gevolgtrekking was baie maklik om te maak. Die houvas wat François du Randt op Aengel het, het min met geld te doen. En alles met haar dogter. En dis nie die soort houvas wat hy of enigiemand anders by magte is om te verbreek nie. Nie eens Aengel self nie, al het sy sopas daarin geslaag om haar van haar familie en hulle rykdom te vervreem.

'n Windvlaag skep die koerant. Die blaaie word lomp vlerke wat oor die strandveld struikel. Dis toe die voorblad teen sy skene vaswaai dat Aengel omkyk. Hy bly soos 'n standbeeld staan en verbeel hom hy is deursigtig,

maar hy weet hy is nie. Daarvan getuig die kyk wat sy hom gee. 'n Kyk wat vlekvrre staal in geroeste skroot sou kon verander.

Daar bly vir hom niks anders oor as om die koerantblad te vat en op te stap boontoe nie.

“Die pampoen en aartappels is geskil, San, nou moet jy my net 'n rukkie verskoon. Ek het 'n paar oproepe om te maak.” Gys droog sy hande aan 'n vadoek af en bedink hom net betyds toe hy die ding net daar wil laat lê. Hy hang dit netjies op.

“Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen en die sewende ...”

“Jaaa, San. Ek sal nie lank wees nie. Hoe laat kom Gertjie?”

“Sy is eers kerk toe, maar behoort binnekort hier te wees. Ek het gesê so van twaalfuur af.” San haal 'n skoon handdoekie uit die laai en pluk die nat vadoek van die reling af. “Vadoeke is vir skottelgoed. Hiêrdie lap word nie verniet 'n hand-doek genoem nie. En eenuur eet ons, of jy nou hier is of nie. Ek staan my nie en afsloof net vir die kos om koud en onsmaaklik te word nie.”

“Daar is geen rede waarom jy jou moes afsloof nie, ek het aangebied om julle uit te neem.”

“Jaaaa, Gys. Gaan bel nou en kry klaar.”

Gys is verlig om uit die kombuis te kan kom. Netnou deel San Sersant nog take uit.

“En Gys-man,” keer haar stem net toe hy by die gangdeur kom, “is die gastekamer skaflik?”

Gys draai in die deur om. “Hoe nou?”

“Gertjie slaap oor.”

“Sommer net so? Nie ‘Gys is dit reg as Gertjie oorslaap’ nie?” vererg hy hom terwyl hy 'n hol kol op sy maag kry.

“As dit nie reg is nie, bel haar en sê sy hoef nie te bodder met slaapgoed nie. Los my nou net in vrede anders eet ons eers middernag.”

Nog net tien dae, net tien dae, probeer hy homself troos toe hy by die gastekamer inloer, maar tien dae klink lewenslank. Langs die bed hang die Annie-se-tranespriete wat hy nog laas vir Gertjie gepluk het slapkop. Hy pluk dit uit die vissmeerbottel en smyt dit by die venster uit. Hy gooi die stink water uit die botteltjie en vat die ook saam. Dit was in elk geval 'n simpel

gedagte.

Hy moet eers 'n paar maal diep asemhaal toe hy voor sy lessenaar gaan sit. Gertjie kom hier eet. Gertjie kom hier oorslaap. Gertjie wat hom nie een keer gebel het vandat sy hier weg is sonder om hom eens te groet nie. Maar sy het darem gebel oor die koerantberig. Terwyl hy in die stort was. Darem baie toevallig dat sy net mooi toe sou bel. En sou hy waarlik nie die foon hoor lui het nie? Daar is een in sy slaapkamer ook. En almal se volume is hoog gestel sodat hy kan hoor wanneer hy in die tuin is. Wel, nog nie 'n tuin nie, maar hy was darem al besig om die uitheemse goed te begin uitkap voor San gekom het. Soos hy vir haar gesê het, was tuinmaak nog nooit sy sterk punt nie. Wat hy nie durf sê het nie, is dat hy nog altyd gehoop het Gertjie sal haar passie vir tuinbou hier kan uitleef. Dat hulle saam ...

Genoeg van Gertjie. Hy vryf sy aantekeningboekie oop by Roark se landlynnummer. Met toenemende ongeduld luister hy hoe dit net lui en lui. Net toe hy wil neersit, is daar antwoord.

“O’Shea.” Hy klink uitasem.

“Roark, Gys Niemand.”

“Luitenant. Jammer, ek was buite. Waarmee kan ek help?”

“Dis miskien 'n snaakse vraag, maar wat is julle reëling met vullis op Kierangbaai?”

“My tuinman het 'n bestuurslisensie. Hy tel die sakke Maandae buite die huise op en neem dit na die asgat buite Kruisbaai, hoekom?”

Gys wik en weeg 'n oomblik. Nie te veel weggee nie. Hy sou nie eens gebel het as hy enige ander opsie gehad het nie. “Hoe laat?”

“So seweur se kant. Met die meue kan mens nie die goed lank buite laat staan nie.”

“En as die sakke nie buite staan nie, wat maak hy dan?”

“As die mense daar is, klop hy aan en vra daarvoor.”

“Ek verstaan. Hoe gaan dit met Mac se hand?”

“Hy kla nie. Ons het laat steke insit en hy is op medikasie. Hy behoort oukei te wees.”

“Enige ander verwikkelinge?”

“Nie sover ek weet nie. In elk geval nie nog mense wat verdwyn het of so iets nie. Ek sien in die koerant jy is op die punt om 'n arrestasie te maak?”

“Jy ken koerante. Nou maar lekker dag verder.” Hy groet voor O’Shea te veel vrae kan vra.

Op sy sel druk hy Fortuin se nommer.

“Luitenant?”

“Hoe gaan dit daar?”

“Luitenant wil nie weet nie.”

“Dan sal jy seker nie omgee om môreoggend sommer vroeg-vroeg weg te kom nie.”

“Dis Miempie se begrafnis môre, Luitenant.”

“Hoe laat?”

“Elfuur, maar dis privaat. Net ek en antie Nella en my ma. Eintlik is dit nie ’n begrafnis nie. Ons gaan net ondernemer toe om te groet. Daarna word sy veras. Ons probeer dit stilhou want ons wil nie vir Gerbrand of nuuskieriges daar hê nie. As alles eers oorgewaai het, sal ons dalk ’n gedenkdienste hou of iets doen wanneer ons die as strooi.”

“Ek verstaan, maar dink jy jy sal seweur op Kierangbaai kan wees?”

“Solank ek net halftien klaar is. Antie Nella wil dan al ry, in geval van ’n pap wiel of wat ook al. Jy weet mos hoe’s vroumense.”

Gys reageer liefies nie op die laaste opmerking nie. Nee, hy weet nie hoe’s vroumense nie, maar hy ontdek nogal heelwat nuwe dinge van hulle in die afgelope tyd. Dinge wat hy liefies nie sou wou ontdek het nie.

“Al wat jy hoef te doen, is om by te wees wanneer Roark se tuinman die vullissakke laai. Maak seker jy weet watter sakke is Gerbrand s’n. Dan ry jy agter die tuinman aan tot by die asgat. Eers as julle daar is, kan jy Gerbrand se sakke vat. Ek wil nie hê iemand moet sien jy vat dit nie, verstaan jy?”

“Ek verstaan, Luitenant, maar wat dan?”

“Dan gaan jy deur die sak en van elke verskillende soort sigaretstompie bring jy vir my ’n paar. Afsonderlik in sakkies, natuurlik, en gebruik handskoene en jou pinset. En jy neem foto’s van die proses.”

“A, die stompie wat Luitenant op die strand opgetel het.”

“Dit ook, maar ons soek die DNA-profiel van ’n verskeidenheid mense.”

Fortuin is ’n oomblik stil. “Luitenant, jy moes al ’n generaal gewees het. As dit nie Gerbrand is nie, gaan jy kan bepaal of die pa van haar kind by Gerbrand aan huis was en aan wie wat rook, gaan jy kan sien ...”

“Nie so ver vooruit nie, Fortuin, een ding op ’n slag. Ons moet nog eers vrywillige kontrolemonsters ook kry. En jy weet self hoe lank vat DNA-uitslae. Veral oor Desember.”

“Ek kan help.”

“Jy kan DNA-toetse doen?” vra Gys sarkasties en kry dan dadelik spyt. Dis nie Fortuin se skuld dat San op sy senuwees werk nie.

“Nee, natuurlik nie, maar daar’s ’n meisiekind wat by die lab werk. Wel, ons sien mekaar so af en toe. Sy sal nie omgee om my ’n guns te doen as dit binne haar vermoë is nie.” Iets in sy stem verklap dat die meisiekind nie sommer enige meisiekind is nie.

“So by my kool, Fortuin, hoor ek huweliksklokkies lui?” grinnik Gys.

“Basta met Luitenant. Eers as jy en juffrou Gertjie eendag afhaak, sal ek dalk so ver begin dink. En as ek die saak so bekyk, is ek nog vir lank veilig.”

“Bepaal jy jou maar liever by die saak en die meisiekind in die laboratorium en los my sake uit, Fortuin. Jy is nie ’n vrot speurder nie, maar van ... O, my koot!”

“En nou, Luitenant?”

“Sy’s hier, Fortuin. Gertjie is hier. Moet gaan. Bye.” Gys druk die foon dood en haal baie diep asem voor hy opstaan.

San het reeds die voordeur oopgemaak al galm die deureklokkie nog deur die huis. Die twee is besig om wange teen mekaar te druk, maar al wat Gys sien, is die yslike tas op wieletjies wat langs Gertjie staan.

“Nee, soos ek vir jou gesê het, Gertruidatjie,” sê San effens harder as wat nodig is tensy Gertjie oornag doof geword het, “Gys-man het gereken dis nou die regte tyd, aangesien ek hier is. Dit sou mos nou nie deetlik gewees het as dit net julle tweetjies alleen hier was nie. En nou kan ek jou sommer leer kook ook, soos jy my gevra het. Dis nou wanneer jy nie die tuin uitlê, soos Gys-man versoek het nie. Ek is seker hy sal vir jou hulp kan kry vir die harde werk. Daar is baie wat mens in tien dae kan uitrig. Of hoe Gys-man?” vra San sonder om eens om te kyk.

Gys-man is te verdwaas om te antwoord. Tien dae met albei van hulle hier?

VYFTIEN

5 Desember — laatoggend

Hoeveel sou Roark van haar gesprek met François gehoor het? wonder Aengel terwyl sy deur die huis dwaal, hier vat en daar los. Waarskynlik alles, as hy die beweging was wat sy so vroeg in die gesprek uit die hoek van haar oog gesien het. Maar hy het nie weer beweeg nie. En êrens op die vlak waar mens goed besluit sonder dat jy daarvan bewus is, moet sy seker aanvaar het wie of wat sy ook al gewaar het, het verdwyn en nie net tot agter die stoepelaar nie.

Maar nie Roark O'Shea nie, moenie glo hy sal die diskresie hê om te verdwyn as hy sien daar is huismoles nie. Nee, hy staan verdomp en afluister en die vader weet watse afleidings hy alles sal maak as hy voorheen al aanvaar het François is haar sugar daddy.

Dit neem twee luie voor sy haar selfoondeuntjie eien. Dit het ook so lank laas gelui. Sou dit François wees? Sy soek haastig rond en kry die sel, langs Angelique se dagboek. Nie François nie. Vreemde nommer.

“Aengel. Hallo?”

“Jy het nog nie my nommer op jou foon gebêre nie.”

“Ekskuus?” vra sy net voor sy die stem herken.

“Anders sou jy seker nie geantwoord het nie.”

“Jy's reg, Roark.” Sy druk die foon dood. Lang oomblikke staar sy daarna, maar dit lui nie weer nie. Dit kan sy begryp. Wat nie sin maak nie, is dat sy halfteleurgesteld voel.

Die flikkerende battery-ikoon registreer stadig by haar. In die kombuis druk sy die laaier in en mik om die ketel aan te sit, maar draai dan yskas toe en haal 'n bottel wyn uit. Dis Sondag en amper etenstyd. Vir kos het sy nie na die redelik stewige ontbyt krag nie, maar wyn sal haar hopelik laat ontspan en dalk haar eetlus aanwakker. En haar lus om kos te maak. Dis so vreemd om net vir haarself te sorg. So vreemd om nie op 'n Sondagmiddag aan Libertalia

se lang tafel in die deftige eetkamer te sit, of soos meesal die tyd van die jaar gebeur, aan die lang tafel onder die prieel nie.

Sy pak die kussings op die stoepmeubels uit en gooi die tafeldoek oor voor sy haar wyn en die dagboek gaan haal. En nou gaan sy vergeet van François en die verlede. Sy gaan ontspan, demmit. Sy kan niks meer daaraan doen dat sy voortaan persona non grata op Libertia is nie. Dit sal haar seker later eers slaan dat haar geboorteplek en familie nie meer vir haar daar is nie. Dat sy nou as enkelarties op die sweefstokke in die sirkustent wat haar lewe is, sal moet sien kom klaar. Sonder vanger of vangnet. Net sy alleen.

Vir die eerste keer is sy dankbaar Lika is nie hier nie. Oor 'n jaar sal dinge anders daar uitsien, teen daardie tyd behoort sy haar darem al na haar nuwe lewe te geskik het. Buitendien, Lika sal seker Stellenbosch toe gaan. Dis te sê as sy teen daardie tyd al besluit het of sy 'n oseanograaf of 'n argitek of 'n argeoloog of 'n advokaat wil word. Of dalk drama wil gaan swot. Of iets anders intussen bedink het. Aengel het net haar voet neergesit toe sy daarvan gepraat het om belly dancing in Arabië te studeer, maar dit was darem 'n hele rukkie terug en hopelik het Lika haar geterg.

Die laaste keer toe Aengel gevra het wat sy wil doen, het Lika nie 'n voorkeur gehad nie. “Ek weet net een ding, dit moet niks met bloed of syfers te doen hê nie. En ek praat nie van wiskundesyfers nie, ek praat van rand en sent goed. Geld is sooo vervelig. En bloed is gross.”

Ja, geld is seker vervelig, maar seker nie as mens dit nie het nie. Dank die gode vir Remgro. Sonder dié aandeel sou sy Lika nooit universiteit toe kon stuur voor die boedel afgehandel is nie. Al sou François moontlik in elk geval Lika se studie wil betaal, kan sy dit na dese nie aanvaar nie. Dis dalk valse trots, maar sy kan en sy sal haar eie kind versorg. En sorg dat Lika studeer wat sy wil studeer en nie deur François of Gabrielle in 'n rigting gedruk word waarin sy nie wil studeer nie. Vandag het François 'n kant van hom vir haar gewys wat sy nog nie gesien het nie. Daaraan gaan sy Lika gewis nie blootstel nie.

Sy twyfel nie dat François-hulle wel haar erfgeld sal moet opdok nie, al betwis hy die nuwe testament. Selfs al wen François die saak, sal die ou testament waarskynlik in werking tree. Sy sal heelwat minder erf as die helfte van Libertia soos haar pa se nuwe testament bepaal, maar die verskil tussen tien miljoen of veertig is akademies. Tien is al meer as genoeg vir enige mens. Maar hofsake sloer 'n ewigheid en hoekom deur al die drama gaan en

'n spul regsgeleerdes verryk? Miskien kan hulle dit steeds uitpraat, maar net die gelddeel. En net as François haar eerste nader, verdomp.

“Hoeveel het jy?”

Die wyn spat oor die rand se glas. Roark staan skuins agter haar teen die stoepelaar aangeleun asof hy haar al 'n rukkie dophou. Hy moes doelbewus gesluip het, want die skulpgruis verklap gou enigiemand in aantog. Of was sy net te ingedagte?

“Waarvan jy praat, weet ek nie, maar ek is seker dit het niks met jou uit te waai nie.” Sy sit die wynglas ergerlik neer en vee haar hand aan haar sitvlak droog.

“Remgro-aandele.”

“I rest my case.”

“Is dit genoeg om aan die lewe te bly voor jy die vent in die hof op sy herrie gee? Sal jy die regsonkoste kan betaal?”

Sy ignoreer hom, stap binnetoe en hervul haar glas. Toe sy weer buite kom, staan hy nog net so.

“Ek neem aan hy betaal onderhoud vir Lika?”

Sy gaan sit, trek die ander stoel nader en plak haar voete daarop. Die enkelbandjie se skulpe ritsel en kry dan hulle lê.

“Was hy al met jou suster getroud toe Lika gemaak is?”

Sy kan nie help nie, haar kop skud vanself.

Roark druk hom met sy skouer weg van die pilaar, steek sy hande in sy broeksakke en wieg op sy hakke. “Hy maak 'n kind by jou en trou dan met jou suster? Omdat sy Libertalia erf? En jy mag nie sê hy is die pa nie?”

“Moenie aannames maak nie. Jy weet niks van my sake, my familie of my kind nie. Laat my met rus.”

“Vertel my, dan laat ek jou met rus.”

Sy teug diep aan die wyn en kyk verby hom na die horison, staar tot die gesigseinder begin bewe, maar hy bly staan. “Los my uit, Roark,” sê sy uiteindelik, steeds sonder om na hom te kyk. Dit klink asof sy skuurpapier gesluk het.

“Ek kan nie. Moenie vir my vra hoekom nie. Ek weet nie. Ek weet net ek nie kan nie. En dat ek François donnerse du Randt wil vermorsel. En natuurlik dat ek met jou wil liefde maak.”

Dit duur 'n rukkie voor sy agterkom sy kyk hom oopmond aan. Sy maak haar mond vinnig toe, maar kan nie wegkyk nie.

“Dis oukei, ek is nie haastig nie. En ek het nie bedoel soos in nou nie. Wanneer jy reg is.”

“En wat laat jou dink ek sal ooit reg wees?”

“Ondervinding.”

Sy rol haar oë teatraal.

“Ek weet jy wil my hê. Ek sien dit aan die manier wat jy vir my kyk, ek voel dit aan die vibrasie wat tussen ons is wanneer ons nader as tien tree aan mekaar kom. En dan is daar jou onderlip.”

Aengel weet sy moet hom ignoreer, opstaan en wegstap. Maar haar onderlip?

“Dit word so klein bietjie plomper en verkleur effens wanneer ons gesels. Myne waarskynlik ook. Ons lywe wil mekaar hê, dit weet ek al vandat ons mekaar die eerste keer gesien het. Maar die vraag was nog altyd of daar meer betrokke is as lywe. Veral ’n man se lyf is verraderlik. Dit reageer op die mees onwyse manier.”

“En jy reken daar is nou meer by betrokke as lywe? Tussen ons?”

“Ja, jy interesseer my as mens. Ek sal jou graag beter wil leer ken.”

“Op die Bybelse manier.” Sy gee ’n siniese laggie.

“Dit ook ja, maar soos ek gesê het, dit kan wag. Kom eet by my. Ek het ’n hoender in die oond.”

“Said the spider to the fly. Dankie, Roark, maar ek wil nie by jou gaan eet nie, ek het geen behoefte om jou beter te leer ken nie en allermens om ’n sordid affair met jou aan te knoop. Veral nie terwyl jou vorige slagoffer nog skaars haar lê in die lykshuis gekry het nie.”

“Dis debatteerbaar wie was wie se slagoffer, maar ek kan jou waarborg, ’n affair met my sal nie sordid wees nie. En jou lyf verskil van jou. Jou lyf wil myne leer ken, op die Bybelse manier. Dit was eergistermiddag so duidelik soos daglig ”

“Wel, gelukkig bestaan mens uit meer as net ’n lyf. Dis waar die onderskeid tussen beskawing en barbarisme inkom. As beskaafde mense hoef ons nie meer die lyf namens ons te laat besluit nie. Ons is in beheer van ons sinlike drange.” Sy klink vir haarself nes Gabriëlle.

“Jammer jy het dit nie op sewentien besef nie, nè?”

Aengel beweeg so vinnig dat sy self nie eens besef wat sy doen nie. Toe sy weer sien, staan sy en bewe van woede en is die inhoud van haar glas in Roark se gesig geskiet. Hy vee die wyn van sy wang af en kyk verdwaas na

sy hand. Die glas spat aan stukke toe dit uit haar hand glip.

Aengel sien die kleur van sy oë verander, die krul van sy mondhoeke en weet instinktief wat gaan kom, maar sy is steeds te stadig. Die deur is nog nie halfpad toe tussen hulle voor hy by haar is nie. Hy kry haar aan die pols beet, ruk haar om, skop die deur agter hulle toe en dan is sy in sy arms.

Toe sy wynnat mond hare vind, probeer sy nie eens stry teen wat hy so akkuraat in haar lyf gelees het nie. Sy gooi haar arms om sy nek en soen hom terug met dieselfde drif wat hy uitdeel. Hy snak na asem. Sy hande gly onder haar hempie in, vind die bikinibostuk daaronder en maak korte mette van die strikkies op haar rug en in haar nek. Haar hemp stoot hy met warm hande boontoe en du haar borste nader aan mekaar asof hy albei op een slag wil verorber en buig sy kop.

Sy gryp hande vol van sy hare vas en dwing hom nog nader aan haar lyf terwyl haar kop agteroor knak en 'n kermgeluid uit haar keel ontsnap. Haar onderlyf ontplof toe sy mond warm en gulsig van die een bors na die ander gryp, sy tong die gleuf tussen hulle onbeskaamd en sinnelik klief. Hy skuif die hemp nog hoër op en sy lig haar arms sodat hy dit oor haar kop kan trek. Sy kreun en die kreun word 'n hyging toe sy hand ru teen haar binnebeen opskuif en hitsig om die kruis van haar kortbroek vou.

Haar knieë gee mee en dan is daar nie meer grond onder haar voete nie. Hy stamp haar kamerdeur met sy skouer oop, laat val haar op die bed en druk haar hande bo haar kop teen die matras vas voor hy wydsbeen oor haar gaan sit. Waar hulle lywe ontmoet, voel sy die reaksie van sy manslyf deur denim en kakie teen haar pols. Sy mond plunder hare. Terwyl haar lyf werktuiglik harder teen hom aandu, verskuif sy lippe na haar nek, haar borste, haar naeltjie.

Aengel verstar. Dit neem 'n klein ewigheid vir haar om te besef wat haar na die werklikheid toe teruggeruk het. Vanuit die woonkamer klingel die Skype-deuntjie deurdringend.

“Lika!” roep sy hees.

Roark rol met 'n gefrustreerde uitroep van haar af weg.

Aengel vlieg van die bed af, tel haar hemp in die hardloop op en pluk dit oor haar kop. Sy stoot haar hare uit haar gesig en probeer tot bedaring kom voor sy antwoord.

Sy moet verfoes daar uitsien, maar dis niks in vergelyking met Lika se betraande gesig nie. Maskara trek strepe teen haar wange af.

“Lika! Wat gaan aan? Wat is dit, Lika? Wat de hel het gebeur?” Die paniek lê rou in haar stem, dawer in haar hart. Êrens hoor sy Roark beweeg, maar dis net ’n agtergrondgeluid.

“Oom François.” ’n Snik hik deur Lika. “Hy het my probeer Skype terwyl ek in die kweekhuis was. Alain het geantwoord. Alain verstaan nie eintlik Engels nie. Hy moet êrens iets verkeerd verstaan het. Hy’t gesê my ... my pa het ge-Skype en gevra dat ek terug Skype. Ek het probeer verduidelik wie oom François is. Maar my Frans is so vrot. Toe vra hy of oom François dan jou broer is want ... want ek lyk nes hy. Die familietrek is so duidelik. Hy het gesê ons het nie net dieselfde kleur oë nie, ons neuse is ook dieselfde en iets aan die mond en die ken. Hy sê dis omdat hy portrette skilder dat hy dit dadelik kon raaksien.”

Aengel word yskoud. Iets in haar verstil. Iets anders gee mee, breek deur ’n membraan en vul haar met doodse vrees. “Lika,” kraak dit deur haar keel. Haar tong voel skurf en te groot vir haar mond.

“Ek weet jy het vir my gesê jy kan nie vir my sê wie my pa is nie. Ek het gedink dis omdat jy nie weet nie. Maar dit was nie. Dis omdat jy nie wou sê nie. Asseblief, Aenge, sê my nou. Is oom François ... Is hy my pa?”

’n Roering langs haar laat haar opkyk. Roark staan uit die kamera se pad, maar sy oë is op die skerm vasgenaël. Sy hele gesig is stram.

Aengel kyk weer na Lika. Dit verras haar eintlik dat niemand anders voorheen agtergekom het wat Alain met een oogopslag waargeneem het nie. Want dis nie net die oogkleur waaroor sy haar nog altyd bekommer het nie. Hoe ouer Lika geword het, hoe sterker kon sy die Du Randt-gelaatstrekke sien vorm aanneem. Of het ander dit ook raakgesien, maar net stilgebly?

Lika se lyf begin ruk en die trane stroom nou onbeskroomd oor haar wange.

“Seblief, Aenge, sê my dis nie hy nie?”

Sy sug diep. “Dis nie François nie, Lika.”

“Moenie vir my lieg nie! Dis al wat erger sal wees as dat dit hy is.”

“Nee, ek lieg nie, dit was nie hy nie.” Sy voel Roark se oë op haar brand.

“Wie dan, Aenge? Hoekom lyk ek dan soos hy?”

Aengel sluk swaar. “Dit was François se broer. Sy ouer broer. Fourie.” Die woorde skeur uit haar, laat gapende wonde in hulle sleurstroom.

“Fourie?” Lika se oë peul omtrent uit. “Die een wat selfmoord gepleeg het?”

Aengel maak haar oë toe. Sy voel weer die arms wat van agter haar om haar lyf gaan, die warm mond in haar nek. Sy onthou die opkyk. Herken van voor af Fourie se broeiende grysgroen oë. Voel die verlamming wat deur haar lyf getrek het toe hy haar omdraai en soen soos sy nog nooit gesoen is nie.

“Nog voor ek gebore is?” fluister Lika hees.

Aengel dwing haar oë oop. “’n Week voor jy gebore is.”

“Jissis, Aenge. Hoekom het hy selfmoord gepleeg? En hy was mos getroud? Hoekom het jy by ’n getroude man geslaap? Hoekom?” Lika se woorde droog op, maar in haar oë kan Aengel die vrae sien aanwas.

“Ek was sewentien. Ek was dom. Hy was nie gelukkig getroud nie, maar sy vrou het verwag. En toe kry sy ’n miskraam. Dinge het te veel vir hom geword. Ek weet nie, Lika. Ek het nie die antwoorde nie. As ek gehad het, sou ek jou lankal vertel het.” Haar skouers begin in tandem met Lika s’n ruk. “Ek is so jammer, Lieks. So jammer.”

“’n Getroude man. Een wat jou swaer sou word. Dan is jy ’n tert. Soos Gabrielle nog altyd gesê het. En jy waag dit om vir my te preek? Fok jou, Aenge, fok jou!”

Lika se spoeg spat teen die rekenaarskerm net voor die beeld doof.

Aengel sien Roark se hand uitskiet na die muis, sien hoe hy weer op die groen knoppie klik. Reeds teen die tweede refrein weet sy Lika gaan nie antwoord nie. Roark laat die deuntjie uitspeel en vanself afskakel. Sy palms vou warm om haar skouerknoppe en hy trek haar uit die stoel op.

Sy verberg haar gesig in die waai van haar elmboog, verwag om die een of ander rede dat hy haar gaan rondruk en ook begin skel, maar hy trek haar teen sy groot lyf vas, vryf oor haar rug en haar hare, en prewel suswoorde — sonder betekenis op semantiese vlak, maar betekenisvol in elke ander opsig. Dit spreek van deernis, van iets soos begrip, van troos.

Maar hy begryp nie. Kan nie begryp nie. Sal nooit begryp dat sy steeds vir niemand kan sê wat daardie aand regtig gebeur het nie. Laat Lika eerder dink haar ma is ’n tert. Dis beter vir haar om daarmee vrede te maak, as met ’n pa wat ’n verkrachter was. Selfs Fourie kon nie daarmee vrede maak nie. En net sy weet dis waarom Fourie du Randt ’n pistool teen sy kop gedruk en ’n einde aan sy miserabele lewe gemaak het.

“Dit was heerlik, San. Baie dankie.” Gys druk sy servet teen sy lippe en sit

agteroor. Hy het behoorlik 'n vraat van homself gemaak. Die kos was inderdaad lekker, maar dis sy senuwees wat hom 'n tweede bord laat inskep het.

Gertjie vee ook haar mond fyntjies af. “Absoluut heerlik, San.”

“Nou toe, julle kan afdek,” beveel San. “Maar maak gou en moenie nou met skottelgoed was aan die lawaai raak nie. Gaan stap eerder. Ek wil gaan skuins lê en my nie bekommer of julle my hoor snork nie.”

Gertjie loer onderlangs na Gys. Hy kan sien sy is op die punt om uit te bars van die lag. Wat vir haar so snaaks is, kan hy nie peil nie. Vir hom is dit beslis nie snaaks om so rondgeorder te word nie.

“Buitendien, jy het oefening nodig na daardie allemintige borde kos wat jy verorber het, Gys-man. Moenie dink ek gaan my laat blameer as jy weer gewig aansit nie.” San kom steunend orent en gee haar bord vir Gertjie aan. “Ek sal julle oor so 'n uur sien. Jy kan darem seker ordentlike koffie maak, Gertruida?”

Gertjie knik. “Ek sal vir ons maak wanneer jy wakker word.” Sy staan op en begin afdek. “Wel te ruste, San.”

San brom iets en dan skuifel sy in die gang af.

Gys help Gertjie afdra. Die kombuis is blinkskoon behalwe vir die skottelgoed wat hulle van die tafel af indra. Gertjie sit die bakke in die oond.

“Ons kan dit later in die yskas sit,” sê sy sag. “Kom ons gun San haar rus. Sy het hard gewerk aan die vrag kos.”

Gys kan sy bed hoor roep, maar hy volg Gertjie by die voordeur uit en trek dit saggies agter hom toe. Die wind het opgekom, net genoeg om welkome verligting te verskaf teen die middagson wat uit 'n helder lug neerbak.

Dis skaars tweehonderd meter tot by die strand. Hulle stap in stilte tot op die sand en Gys steek sy hand uit vir steun toe Gertjie haar sandale uittrek. Haar hand is sag en warm in syne en sy trek dit nie terug toe hulle oor die strand begin aanstap nie. Hy loer skelm af na haar. Sy lyk goed in haar wit kuitlengte broek en die pienk hempie. Sag en vroulik. Haar hare is soos gewoonlik in 'n rol vasgesteek en blink silwer en goud in die son.

Sy kyk onverwags op en betrap sy blik op haar. Haar glimlag is sag en die skewe tandjie beur deur haar bolip. “En as jy my nou so kyk?” vra sy.

“Jy lyk mooi, Gertjie. Soos altyd.” Sy stem kom soos dikmelk met klonte in. Hoekom het Gertjie ingestem om tien dae by hom te kom bly en sy tuin uit te lê? Durf hy hoop?

“Dankie, Gys.” Sy laat sak haar oë en hulle stap ’n rukkie in stilte aan. Die golwe en selfs die seemeeue lyk vir hom lusteloos, asof alles so op ’n Sondagmiddag traag is om te veel energie te gebruik, maar die lui het hom laat staan. Hy voel lewendig. Onthutsend lewendig.

Hy skrik half toe Gertjie gaan staan en na hom toe draai. “Gys, jy hét vir San gesê sy moet my nooi en jy wil hê ek moet jou tuin uitlê, of hoe?”

Dit betrap hom onkant. ““Natuurlik,” herstel hy vinnig. Dalk te vinnig.

Sy kyk hom skewekop aan. “Is jy seker?”

’n Haarsliertjie waai oor haar oë en asof dit die natuurlikste ding in die wêreld is, vee hy dit agter haar oor in. “Ek is seker, Gert.” Sy lieg is skielik nie meer ’n lieg nie. Hy het haar dalk nie uitgenooi nie, maar hy sal haar nêrens anders wil hê as by hom, in sy nuwe huis met sy haglike tuin waar die fynbos so onder die bouery gely het nie.

Dis nie asof hy dit met voorbedagte rade doen nie, sy vingers voel-voel vanself in haar hare en trek ’n kam of ’n ding daaruit. Die silwerblonde gordyn val sag oor haar songetinte skouers.

“Ek is baie seker,” prewel hy, buk en soen haar liggies op die mond. Nie omdat hy so besluit het nie, maar omdat hy nie anders kan nie. Haar mond gaan baie effentjies onder syne oop. Hy proe kaneel en soetpampoen op haar asem voor sy terugtree en begin aanstap.

Die sitvlakkie is netjies in die wit broek. Verbeel hy hom of is daar ’n bietjie meer swaai in die heupe? Of dalk is dit maar van die sandlopery.

Gys druk die kam in sy sak, haal haar in en sit sy arm om haar skouers. Sy pas onder sy oksel in asof sy spesiaal daarvoor geskape is. Hy trek haar effens stywer teen hom vas en sy leun met haar kop teen sy skouer. Dis dan hoe dit in die hemel is.

“Gys,” sê sy sonder om op te kyk. “Ek het ’n aanbod vir ’n vennootskap in die Kaap gekry. ’n Baie goeie een.”

Gys gaan staan. Sy arm val van haar skouers af.

Uiteindelik kyk sy na hom. “Dis eintlik hoekom ek hierdie tien dae verlof geneem het. Om daaroor na te dink. Derek is bereid om my deel van ons praktyk uit te koop as ek dit sou aanvaar. Teen ’n baie goeie prys.”

“Jy wil wegtrek?” vra hy verdwaas.

Sy kyk see se kant toe. “Ek oorweeg dit sterk.”

Dan is dit hoe die hel voel. Selfs net die gedagte aan ’n plek, ’n lewe sonder Gertjie, is vagevuur.

Die een of ander tyd moet Roark haar opgetel en na haar bed toe gedra het. Die een of ander tyd moet hy haar neergelê het, langs haar ingeskuif het en sy arms om haar gesit het. En die een of ander tyd moet sy haar teen sy bors aan die slaap gehuil het.

Dit besef Aengel toe sy wakker word, haar kop in die holte van sy skouer, sy arms steeds om haar asof hy haar teen die lewe self wil beskerm.

Sy oë vlieg oop toe sy roer. Nou eers sien sy die groen vlekke in die blou, en goue spikkels in die groen. Sy hand is warm oor haar wang toe hy haar hare uit haar gesig vee.

'n Klein ewigheid lank lê hulle net so na mekaar en kyk.

“Fourie. Was dit met jou toestemming?” Sy stem is skor.

Die betekenis van sy woorde neem lank om in te sink. Dis 'n vraag wat niemand haar nog ooit uit hulle eie gevra het nie. Die skok daarvan tril deur haar. Sy sluk moeilik. Hoe kan sy vir hierdie man lieg? Die man wat haar troos en vashou al het hy haar diepste, ontstellendste geheim gehoor? Nee, sy kan nie vir hom lieg nie, maar sy kan ook nie antwoord nie. Sekere goed bly in mens vassit as dit vir so lank nie gesê is nie.

“Die lae, gemene luis.” Die woorde skuur hees deur sy keel. “Mag hy vir ewig brand.” Hy soen haar slaap. Sag, soos 'n donsveer wat tussen ander donsvere land.

“Hoe het jy geweet?” fluister sy.

“Ek weet nie. Ek het net.” Hy lig hom op sy elmboog en kyk af na haar voor sy lippe in 'n ligte fladdering oor haar mond streel. “Aengel, ek wil jou seer beter maak. Ek wil jou wonde heel. Ek wil jou troos. Maar ek weet nie hoe nie. As man ken ek net een manier.”

Aengel lig haar lippe na syne. Proe daaraan. Dit is effens sout. Dalk van die seelug. Dalk van haar trane. “Jy kan nie my seer beter maak of my wonde heel nie, Roark, maar troos my. Op jou manier. Met my toestemming.”

Sy onderlip tril effens. Hy maak sy oë 'n oomblik lank toe. Toe hy dit weer oopmaak, is sy wimpers klam. “Aengel,” fluister hy skor. Sy blik is so intens dat sy moet wegkyk.

“Nee.” Hy vou sy hand om haar wang. “Kyk vir my. Ek wil hê jy moet sien wat jy aan my doen. Ek wil hê jy moet weet dis ek wat aan jou raak. Nie Fourie nie en ook nie wie ook al ná hom gekom het nie.”

Dis asof sy in 'n nuwe heelal inkyk. Een waar deernis met emosie versmelt, begeerte hartstogtelik brand.

Sy kop kom oneindig stadig nader asof hy wil seker maak sy sien alles wat hy vir haar in sy oë blootlê voor sy mond oor hare sluit.

Die passie wat deur haar stu, ruk deur meer as haar lyf. Dit ruk deur alles wat van haar vrou maak. Na liggaam, maar ook na siel en gees.

Alle natuurwette word opgehef. Swaartekrag. Wette wat bepaal waarheen klere verdwyn. Waar die begin en die einde van haar ledemate is. Wat bepaal wie sy is en bepaal wie hy is. Net een wet bly staan.

Hy soen haar diep, innig, met opruiende ontsag en sy soen hom met dieselfde oorgawe terug. Hy streel oor haar borste; sy voel die spiere in sy borskas ril. Hy verken haar lyf met sy hande, sy mond, sy hele lyf. Sy ook. Hy gee, neem, verdwaal, verdrink, versmelt. Sy neem, gee, versmelt, verdrink, eis op. Hy eis terug.

Uiteindelik verval selfs Newton se wet, word fisika in metafisika omgeskakel.

Adhesie en kohesie word eenwording. Skulp en slak word simbioties alikreukel, maar word meer. 'n Duiselingwekkende, sinergistiese geheel.

Mens sou sweer Gertjie het nie 'n skamele uur of twee gelede 'n bom laat bars wat sy hoop op 'n toekoms saam met haar vernietig het nie. Sy noem vir San die een na die ander fynbosplant op, botaniese naam saam met die volksnaam, en gesels land en sand oor wat sy dink moet bygeplant word.

“Ek dink 'n kruietuin sal goed hier aard,” hoor hy haar sê. “Roosmaryn sal sommer lekker inskakel met die fynbos en salie en laventel ook. Wat van hier, Gys?” Sy beduie na 'n sonnige kol naby die agterdeur.

“Dis waar ek my braai wil bou,” antwoord hy nors.

“Tog net nie 'n ou krematorium van 'n ding nie, hoop ek, Gys-man,” gooi San ook 'n stuiwer in die armbeurs.

“'n Ordentlike braai, San, en basta.”

San rol haar oë. “Jy het dan die Webertjie?”

“Dis nie 'n permanente opsie nie. 'n Braai sonder regte hout is nie 'n braai nie,” brom hy en vou sy arms. “Buitendien, dis my huis en my tuin.”

“Natuurlik, Gys.” Gertjie gaan staan. Haar een vuis gaan na haar sy toe en die pinkie van haar ander hand mond toe. Dis 'n gebaar wat hy haar al 'n

duisend keer sien maak het wanneer sy diep dink. “Maar jy kan die twee kombineer.”

Hy luister halfhartig na haar idees, maar eintlik neem hy ander dinge waar. Alles wat so mooi aan haar is. Haar klein maniëres. Die son op haar hare. Die vroulike blommegeur wat haar altyd omgee.

Is hy dit dan nou vir ewig kwyd? Want as sy Kaap toe gaan, sal niks ooit weer dieselfde wees nie. Dan kon hy netsowel in die krot van ’n huis op Niemandsdorp gebly het. Daar krepeer het. Wat help dit hy het ’n mooi huis om in te krepeer? Wat help dit hy het ’n tuin wat hom altyd aan Gertjie sal herinner? Wat help enigiets as sy hier weggaan?

Roark druk sy hande vir die soveelste keer in die welige bos hare. Om te voel, seker te maak dis regtig. Nie net die hare nie, maar hierdie wonderbaarlike vrou wat in sy arms lê asof sy die pasmaat van ’n tweestuklegkaart is. Nog nooit in sy lewe het ’n vrou hom opgerui soos Aengel voor haar dogter se ontydige Skype-oproep nie. Nog nooit het hy so opgelos in ’n vrou se syn soos die eerste keer toe hulle liefde gemaak het nie. Nog nooit het hy soveel vervulling gesmaak in die soet, stadige pas waarmee hulle sopas vir die tweede keer een geword het nie. Stadig, intens. Nie ’n veldbrand dié keer nie, ’n vreugdevuur.

Daar het baie met sy lyf gebeur, maar dis sy kop wat êrens ’n skuif gemaak het. Waarheen weet hy nie, hy weet net hy wil Aengel leer ken. Haar diepste wese blootlê, haar innigste emosies syne maak. Haar nooit weer laat gaan nie. Alles aan haar sy eie maak, elke detail, elke herinnering. Alles wat Aengel was en is.

“Hierdie Fya wat jou geleer het van staaldruppels, was sy julle huishoudster?” vra hy sonder plan of rede. Enige plek is ’n goeie begin.

Die smeulende loomheid in haar oë wat dieselfde diep tevredenheid weerspieël wat hy voel, skakel om in verrassing. “O, genade nee. Sy was die nanny. Grieta was ons huishoudster.”

“Maar jy het Lika se wonde verbind en soene op seerplekke gedruk?”

“Ja, natuurlik. Lika is my kind. Buitendien, Fya was eintlik daar vir die tweeling. Sy is immers deur Gabrielle betaal.” Haar vingers speel met sy borshare en hy voel sy lyf weer roer. Maar dit kan wag.

“En was hulle ook sulke ongeluksvoëls soos Lika?”

Aengel lag. “Nee, hulle was van kleins af baie ‘soet’. Gabrielle hou hulle goed onder haar duim. Ek is die onbesonne een met die onbesonne kind.”

“En benewens Grieta, die huishoudster, en Fya, die nanny?”

Hy kan sien sy begin volg waarheen hy mik. “O, daar is Hendrik, die tuinier, met sy handlangers. Een vir gras sny, die ander vir plantjies kweek. Een is ’n spesialis in onkruid. Dan is daar Willa vir die wasgoed. Ek is seker sy sal ’n sinkplaat kon glad stryk as ons haar gevra het. Semien weer, kan met Brasso en Silvo toor soos geen ander. En dan is daar natuurlik die kok. Felipe, wat eintlik Flip gedoop is. Gabrielle stuur hom gereeld op kursusse. Om die een of ander rede het hy een keer op Thaise kos vasgesteek, toe laat sy die onkruidkenner alles uittrek wat na koljander lyk. En dan is daar ...”

“Ek kry die idee.”

“Stoffie, wat haar naam daagliks volkome uitwis.”

“Jy spot met my?”

“Nee, net oor Stoffie. Haar naam is eintlik Josefien, maar dit behoort Stoffeliena te gewees het.”

“En hierdie horde mense het jou hele lewe lank oor jou gewaak?”

“Min of meer, maar ek het later vir my en Lika self begin kos maak en so.”

Hy grinnik. “Aengel uit die adelstand.”

“Boereadel, asseblief.” Sy draai en kyk op in sy gesig. “Ek kan nie help hoe ek grootgeraak het nie, Roark?”

Hy probeer hom indink hoe haar lewe moes gewees het, maar hy kry dit nie reg nie. Hy bly dink aan die huis in Bellville van die sewentigs, die rooi voorstoep en diefweringkrulle voor die vensters. Sy ma met ’n voorskoot aan, saggies aan ’t neurie terwyl sy afstof, vloere was, wasgoed ophang. “Het Aengel ook ’n nanny gehad?”

“Ek weet meer van haar as van my eie ma.”

“’n Instaanpa?” Hy ryg ’n ragfyn kettinkie uit haar hare.

Sy skud haar kop. “Net ’n pa, wat nie altyd kon instaan nie. My ma was nog veeleisender as Gabrielle.”

Die hangertjie haak êrens vas en hy woel dit uit haar hare los. “En waar pas François in?”

Hy voel haar verstyf en soen haar kroontjie.

“Hy het ’n plaas sonder geld geërf. Sy pa het ’n paar finansiële rampe oorgekom. Gabrielle sou geld en Libertalia erf maar kon nie wyn maak nie. ’n Match made in practicality. Maar op ’n weird manier pas hulle by mekaar.

Gaan dit goed. Tussen hulle, bedoel ek.”

Hy vroetel met die hangertjie waar dit agterstevoor gedraai en vasgehaak het aan die metaallussie. “En François het nooit met lang oë na jou gekyk nie?”

“Hoekom sou hy? Gabrielle het die plaas geërf.”

“Hy is ’n man, Aengel.” Hy lê die hangertjie teen haar vel neer, net bokant die lieflike gleuf tussen haar borste. Die akwamaryn is presies dieselfde kleur as haar oë. Hy herken dadelik die traandruppelsnit. As dit nie die een en twintigste steen is van die halssnoer wat hy uitgeduik het nie, weet hy darem wragtig nie.

“François is ’n dinastiebeërwer nog voor hy ’n man is. Dis hoekom Fourie se dood sy probleem geword het. Namens die Du Randts en die Rousseaus moes hy elke rokie van ’n moontlike vuurtjie tot ’n misdwarrel reduceer. Dinastiebeërwing is François se be-all and end-all. Nes Gabrielle s’n. Hulle is uit dieselfde wingerdknoets geboetseer. Ek dink nie François het my ooit as vrou raakgesien nie. Net as die onbesonne suster van die vrou wat vir hom bedoel is deur ’n hoër hand wat spesialiseer in geslagsregisters.”

“Dan is hy ’n fool.” Hy staar steeds na die blougroen steen.

“Only fools rush in where angels fear to tread.” Aengel lag sag. “Moenie vra wat ek bedoel nie, ek weet nie. Ek het net gesê wat in my kop opkom.”

Sy oë wip van die steen na haar oë. “En jy verwerp julle dinastie net so sito-sito? Jy wat Annie se erfgenaam is?”

“Dit was nog nooit vir my belangrik nie. Meeste daarvan nie, in elk geval. Maar Annie se nalatenskap is ’n ander saak.” Sy frons, en druk haar orent op haar elmboog. “Hoe weet jy ek is Annie se erfgenaam?”

“Shit.” Die woord is uit voor hy dit kan keer en hy weet sy sal dit herken vir die bevestiging wat dit is.

Sy sit regop. Haar borste is bleker as die res van haar vel, vol en ryp en o, so mooi. Haar oë pen hom vas toe hy syne teësinnig lig.

“Shit,” sê hy weer, sit ook regop en hark sy vingers deur sy hare.

“Praat, Roark,” pers sy die woorde deur haar lippe.

“Ek het die dagboek gesien,” probeer hy red wat daar te redde is, maar weet dis ’n verlore stryd. Ontnugtering sit soos glasuur oor die akwamaryn tussen die donker wimpers.

“Wanneer?”

“Kan ons dit nie maar los nie, Aengel?”

Sy skud haar kop en die rooigoue krulle dans oor haar skouers. “Wanneer?”

Hy sug diep. “Ek was hier terwyl jy Kruisbaai toe is.”

“Jy het in my huis in gekom sonder my toestemming en deur my goed gegaan. ’n Boek gelees wat ek pertinent vir jou gesê het om uit te los?”

Hy maak sy oë toe, wil nie die verontregting in hare sien nie. “Nie heeltemal nie. Ek het dit gefotostateer.”

Toe hy sy oë weer oopmaak, staan sy langs die bed in haar volle Evangelie. “Uit. Uit my bed uit en uit my huis uit. En moenie eens daaraan dink om terug te kom nie.”

Sy gryp ’n sarong wat oor die rugleuning van ’n stoel lê en draai dit om haar. “My hele lewe lank het niemand my of my goed gerespekteer nie. Ek sal nie toelaat dat dit weer gebeur nie. Niemand gaan my ooit weer minder ag as wat ek werd is nie. Niemand gaan ooit weer oor my loop nie. My wense minag nie. Verstaan jy my mooi, Roark O’Shea?”

Roark rol van die bed af en gaan staan voor haar. “Komaan, Aenge ...” Hy kom nie verder nie; sy stamp hom dat hy hik.

“Moenie my ‘Aenge’ nie!” Sy pluk sy klere van die grond af op en gooi dit teen hom vas. “Loop! Uit my huis uit. Ek sal ’n bleddie interdik teen jou kry as dit nodig is.”

Nee, magtig, nou oorreegeer sy darem waaragtig. Hy tel sy broek op en trek dit aan, gooi die hemp oor sy kop en wikkel sy arms daarin. Hy vee woes deur sy hare. “Is dit hoe hulle Fourie du Randt uit jou lewe gehou het na daardie eerste keer? Met ’n interdik? Want ek weet nou, Aengel, ’n man kan nie net een keer met jou liefde maak en dan laat staan nie. Selfs ’n interdik sal nie help nie. Jy’s soos ’n drug. ’n Hoogs gevaarlike, hoogs verslawende drug.”

Hy swaai so vervaard om dat hy byna struikel, kyk dan weer om na waar sy sprakeloos staan. “Maar spaar jou die moeite. Ek het dalk as agtertangse Bellville-boyttjie grootgeword, maar ek het nog nooit gevat wat nie vrywillig vir my gegee is nie. Ek ken ’n goeie ding as ek dit sien, maar ek het nog nooit iets op iemand afgedwing nie en ek gaan nie nou begin nie. As jy wil toelaat dat jou verlede jou hede en toekoms gaan oorheers, is dit jou saak.”

Hy stap verwoed uit die kamer uit, maar draai in die woonkamer om. “Ek het die dagboek gevat, dit gekopieer en dele daarvan gelees. Dit was nie ’n baie eerbare ding om te doen nie. Maar ek het jou nie te na gekom op enige

ander manier as dat ek jou privaatheid in 'n ondeurdagte oomblik geskend het nie. Dis nie die soort ding wat mens behoort te doen nie, maar 'n bliksemse doodsonde is dit ook nie.”

“Nie te na gekom nie?” Haar hand gaan na haar mond toe asof sy skielik iets besef. “Dit gaan alles oor die goed wat uitspoel, nie waar nie? Jy het jou gat af geskrik toe jy besef elke stukkie ding wat hier uitspoel of wat jy onder die water uithaal, behoort streng gesproke aan my. Is dit hoekom jy my in die bed wou kry? Het jy gedink jy sal my so kan sagmaak? Wat was jou plan? Hoe ver sou jy dit gevoer het?”

“Nou is jy belaglik, Aengel. As jy dink ek sal met jou liefde maak ter wille van uitspoelgoed, is jy nie die vrou wat ek gedink het jy is nie.” Hy hoop nie hy wys hoe diep haar woorde kwets nie.

“Loop,” die woord val skor oor haar lippe.

Hy knik. “Ek is op pad. As jy tot jou sinne kom en besluit ons kan verder voer wat ons vandag begin het, kan jy my laat weet. Tot dan sal ek uit jou pad bly.”

Aengel syg in die Bentwood-stoel langs haar spieëlkas neer toe die deur agter hom toeklap en bedek haar gesig met haar hande. Sy is 'n tert. Net 'n tert ken 'n man skaars vyf dae en spring dan saam met hom in die bed. En boonop 'n man wat vat en doen wat hy wil.

'n Man wat haar vir die eerste keer in haar lewe volkome vrou laat voel het. Wat haar met sy lyf vertroos, maar haar ook gevoed het. Na buiteruimteliike oorde geneem het wat sy nie geweet het bestaan nie. Met meer as net sy lyf.

Hoekom voel sy dan nou soos daardie skulp onder die hamer in Gabrielle se hande? Nee, dis ook nie heeltemal wat sy voel nie. Dit voel asof sy self die hamer in haar hande gehou en vernietig het wat kosbaar is.

Maar hoe kosbaar is iets wat uit hebsug gebore is? Want wat vandag gebeur het, het weer eens niks te doen met wie Aengel is nie, maar met wat Aengel s'n is: 'n Verdomde bruidskat wat sy nie eens glo bestaan nie.

Wat sy het en hoe sy lyk, is die vloek wat sy al wie weet hoe lank met haar saamsleep. En vandag het daardie vloek haar weer ingehaal.

Sy behoort teen hierdie tyd te weet hoe om dit te hanteer. En in die verlede kon sy, uiterlik ten minste, met 'n skouerophaling van sulke voorvalle

wegstap en maak asof dit haar nie raak nie. Maar nie vandag nie. Nie ná die gevoelens wat Roark in haar ontketen het nie. Nie ná die moed en hoop wat sy geskep het toe sy in sy arms was nie.

Dit raak haar. Ten nouste. Op 'n vlak wat so diep in haar verskuil was, dat sy nog nooit die moed gehad het om eens te erken dis daar nie. Maar nou weet sy. En sy wens sy het nie.

SESTIEN

6 Desember — vroegoggend

Aengel weet nie wat haar wakker gemaak het nie. Die doodse slaap waarin sy verval het toe dit skaars donker was, lê nog soos 'n kleed oor haar lyf, maar haar kop is helder.

Sy probeer die geluid plaas wat sy gehoor het, maar dit kon enigiets gewees het. Die wind loei om die skoorsteen en buite fladder en ritsel dit. Die branders druis en klap. Sy maak haar oë weer toe, maar die slaap het haar verlaat.

Op die digitale wekker slaan die uur van 01:59 oor na 02:00. Dis nou 'n tyd om wakker te word. Warm heuningmelk was altyd Fya se oplossing vir slapeloosheid. Sy sit die bedliggie aan en trek haar japon aan. Daar is 'n onbekende styfheid in haar ledemate en sy besef dadelik wat die ongewone oefening was wat dit veroorsaak het.

Sy verban die herinnering summier, maar haar lyf het beslis nie vergeet wat 'n paar lange uur tevore tussen haar en Roark gebeur het nie. In die verbystap tel sy die dagboek van die wakis af op en neem dit saam kombuis toe. Enigiets om haar aandag van die middag se gebeure af te trek. Selfs die verspotte Annie is verkieslik bo herinneringe aan Roark, en natuurlik daardie verwoestende gesprek met Lika.

Annie. Nou dink sy ook al so aan haar. Maar dis dalk verkieslik. Die beeld wat sy al meer as drie dekades in haar rondra van Angelique d'Avignon die matriarg, stem nie ooreen met die skryfsels van Annie Niemand, die opgeskote kind van sewentien nie.

Aengel skink melk in 'n kastrolletjie, sit haar beker reg en drup solank heuning daarin. Sy ril en trek haar kamerjas stywer om haar, frons dan. Daar kom êrens 'n koue trek in. Die skuifvenster, besef sy toe sy sien die onderste deel is 'n paar sentimeter oop. Sy skuif dit toe. Daar moet êrens nog 'n redelike stuk maan sit, maar sy sien niks daarvan nie. Net haar spieëlbeeld

teen die agtergrond van die kombuis. Anderkant die beeld is dit piknagdonker. Dit moet bewolk wees.

Net môre sit sy die bamboesblinder op wat sy gekoop, maar nog nie gehang het nie. Toe eers sien sy die bottel opwasmiddel wat in die opwasbak lê. Dis natuurlik wat sy hoor val het; die wind moet dit omgewaai het. Maar hoe kon sy so nalatig gewees het om die venster oop te los?

'n Sisgeluid laat haar haastig omswaai en sy is net betyds om die melk te red voor dit heeltemal oorkook. Demmit, dit sal haar leer om haar rug op 'n melkkastrol te draai.

Sy skink die melk in haar beker, gaan sit by die kombuistafel en roer die heuning deur. Dis hopeloos te warm om te drink. Sy slaan die dagboek oop waar sy laas ophou lees het en blaai om. Daar is net een kort inskrywing op die bladsy.

Julie 1815

Kierangbaai

Hy het gevat wat vir Armand bedoel was. Dit was seer. So verskriklik seer. My lyf, maar ook iets hier in my binneste, waar dit voel asof 'n deel van wie ek is, 'n stuk van my siel, met geweld van my geroof is. Uit my gepluk is.

Die woorde ruk deur Aengel. Miskien omdat dit so perfek verwoord wat sy gevoel het ná daardie aand van haar eie sewentiende verjaardag.

Aengel vou haar hande om die beker vir die troos van warmte, maar dis te warm. Haar hand gaan na die hangertjie om haar nek. Sy vou dit toe en hou daaraan vas terwyl sy die volgende inskrywing lees, en die volgende en nog een.

Angelique verwys glad nie weer na Gerbrand by name nie, skryf net oor haar dagtake. Water haal, hout bymekaar maak, klere was, kos maak, die krot skoonhou, goed inbring wat op die strand uitspoel. En saans gereed wees vir haar marteling.

Van die simpel meisiekind wat uit die eerste hoofstukke gespreek het, het daar weinig oorgebly. In haar plek het 'n halfverwilderde jong vrou die pen opgeneem. Een wat met alles in haar daarop toegespits was om te vlug. Angelique besef egter sy sal die regte oomblik moet kies en het hulp nodig in 'n wêreld vrot van die slange en waar daar nog “tiers” en olifante rondloop.

Sy skryf hoe sy skelm na die medisynevrou gaan terwyl die Libertine leeg gedra en die skatte op verskillende plekke begrawe word, hoe die vrou haar kruie gee ná sukkelende gesprekke in geradbraakte Hollands en gebaretaal. En dan word sy op 'n oggend na en besef wat dit beteken. Sy gaan weer na die medisynevrou wat sy al beter begin verstaan. Die vrou weier. Sy was bereid om swangerskap te probeer verhoed, maar nie om moord te pleeg nie. Gerbrand se saad was te sterk vir haar medisyne, sê sy vir Angelique.

Vier maande later kom die medisynevrou op 'n dag skelm by haar aan. Daar is 'n veldkornet op pad, vertel sy. Die gereg kom maak so een keer per jaar seker dat hier nie onheil uitbroei nie. Jagters het kom waarsku hy is in aantog. Angelique moet net vir hom sê dat sy teen haar wil deur Gerbrand aangehou word. Hy sal haar glo, want Gerbrand het voorheen “kwaad gedoen” aan 'n jongmeisie van Verkeerdevelei, 'n gehuggie myle die binneland in.

Angelique se opwinding ken geen perke nie. Sy kry 'n knapsak tussen Gerbrand se karige besittings. Daarin sit sy van die goed wat Gerbrand aangedra of wat uitgespoel het. Sy kies heel eerste 'n leersakkie met *fanafody tsara*, die talisman met goeie medisyne wat Vita, die *ombiasy* wat haar op Libertalia versorg het, nog vir haar gegee het om by haar te hou. Daarna volg 'n silwer spieël, 'n silwer kam en borsel, 'n paar stukke blou porselein en 'n blou rok van brokaat en versier met goudkleurige kant. Sy pak ook skelm gedroogde vis en ander proviand. 'n Blou skulp wat sy hier opgetel het, druk sy in haar rok se sak om haar te herinner aan Kierangbaai. Sodat sy kan onthou dat sy niemand mag vertrou nie.

'n Halssnoer met stene dieselfde kleur as haar oë, een wat haar moet help onthou wie en wat sy is, haal sy uit waar sy dit 'n paar dae tevore weggesteek het, en sit dit in 'n kisse wat met perlemoenskulp uitgelê en met silwer hoepeltjies versier is. Sy is net op pad om die kisse in die knapsak te pak toe Gerbrand inkom. Sy skop inderhaas 'n kombers oor die knapsak waarin sy ook haar dagboek hou, maar hy betrap haar met die kisse nog in haar hande.

Hy skree op haar, beskuldig haar dat sy hom besteel en seker nog wil verraai ook. Toe gryp hy die kisse uit haar hande en dit vlieg oop. Sy vang die halssnoer, maar Gerbrand ruk dit uit haar hande, druk dit in die kisse en gaan gooi dit in die see. Die een steen wat in haar hand agtergebly het, druk sy ook in haar rok se sak.

Aengel byt haar onderlip vas. Sou dit die seewatersteen wees? Die een wat

sy elke dag van haar lewe om haar nek dra? Die een waarna Roark vanmiddag so lank gekyk het met 'n alwetende glimlaggie? Sou die halssnoer waarvan Nella gepraat het dieselfde een wees wat Gerbrand in die see gegooi het? Dis seker nie moontlik nie? Sy lees verder.

Toe Gerbrand terugkom, is dit saam met 'n strandloper wat hy die oggend opdrag gegee het om die mees onlangse skatte te gaan begrawe. Sy lei af Gerbrand probeer ontslae raak van die bewyse van sy rapery.

Na hierdie inskrywing het Jeanne 'n bladsy oopgelaat. Die rede is duidelik. Die volgende inskrywing, sien Aengel toe sy omblaai, is maande later. Dit is 'n goeie plek om op te hou lees, besluit sy.

Die melk is nou nog skaars lou, maar sy skep die velletjie af en drink dit terwyl haar gedagtes met Annie besig is. Miskien was sy oorhaastig in haar oordeel. Annie was maar sewentien. Sy het op 'n afgesonderde eilandjie grootgeword met net die inligting wat sy van haar pa, Vita, die Italiaanse priester en heel moontlik 'n spul seerowers gekry het. Op 'n eiland naby Madagaskar was daar seker nie nog blonde vroue met blou oë nie. En dit was in 'n tyd toe seevaartkaarte nog versier was met seemonsters en meerminne.

Wat haar aandag getrek het, weet Aengel nie, maar ineens is haar lyf 'n gespanne boog. Haar oë vlieg na die venster, maar dis net haar eie beeld wat sy sien. En tog verbeel sy haar daar is 'n roering agter die beeld.

Aengel spring op, nie seker of sy moet weghardloop of na die venster toe gaan om te sien wat daaragter skuil nie. Haar hart klop onbedaarlik, maar bo die geluid daarvan hoor sy duidelik die ligte geknars van skulpgruis.

Roark sien die dagbreek van die balkon af.

'n Rusteloosheid het hom êrens in die vroeë oggendure beetgepak en nog nie weer laat staan nie, al het hy dit probeer afweer deur Annie se dagboek nader te sleep. Maar hy kon homself nie sover kry om meer te lees as net weer 'n vinnige deurblaai nie. Hy wil Annie Niemand nie jammer kry nie. Sy was die vrou wat Armandine weggegooi het.

As kind het ma Dina hom dikwels vertel hoe Annie in die Kaap aangekom het met die dogtertjie, Armandine. Hoe sy haar agtergelaat en nooit weer gaan haal het nie. Ook dat die mense wat die kind opgepas het later gehoor het Annie is dood gedurende die tog na Franschhoek.

'n Leuen, het hy agtergekom in sy eerste vlugtige lees van Annie se

dagboek. Die waarheid was veel erger. Sover hy kon agterkom, het sy haar dogter willens en wetens daar agtergelaat omdat sy besef het 'n buite-egtelike kind sal haar huwelik met 'n vooraanstaande man soos Armand Rousseau in die wiele ry. Roark stel nie belang in die res nie. Hy het uitgevind wat hy wou weet. Daar was 'n skip, daar was skatte aan boord wat blou porselein ingesluit het, dis geraap en begrawe.

Uit ma Dina se vertellings het hy reeds geweet wat met sy voorouers gebeur het. Armandine het in armoede grootgeword, en die geskiedenis het hom herhaal toe sy buite die eg swanger geraak het. By die geboorte van haar seun is sy oorlede. Barend Niemand is deur Armandine se pleegouers grootgemaak, maar hulle was toe reeds baie oud. Hy was maar twaalf toe hulle dood is en hy die wêreld ingestuur is om te sien kom klaar. Veel beter het dit in die volgende geslagte nie gegaan nie.

Dina Niemand se pa was 'n ambagsman in 'n tyd toe ambagsmanne nog hongerlone verdien het. Sy het 'n verpleegster geword en het een doodgegaan. Die twee mans met wie sy haar lewe gedeel het, het nie veel aan haar lot verander nie, behalwe dat Mac se pa darem vir hulle die huis in Bellville agtergelaat het. Seamus O'Shea se erflating daarenteen, was 'n klomp skuld toe hy tussen twee treintrokke beland het. Dina het ekstra skofte verpleeg tot sy maer en haar lippe feitlik altyd effens blou was. Om die lang ure te kan wakker bly, het sy gerook.

Roark was sestien toe sy haar uiteindelik doodgerook het. 'n Jaar na haar dood het hy besluit dis hoog tyd dat die jammerlike verlede moet end kry en die geskiedenis hom nie vir ewig hoef te herhaal nie. Pleks van matriek te maak, het hy oor sy ouderdom gelieg en is saam met Mac Alaska toe om te gaan vis pak.

By tye was dit moord. Hy wil nie eens terugdink aan die jare daar nie en nog minder aan dié op die Beringsee. In die tussenseisoene het hy matriek deur die pos gemaak. Hy het nie formeel verder studeer nie, maar 'n redelik wye kennis opgedoen, danksy tweedehandse boekwinkels. Veral in die krapseisoen het hy geld gemaak soos bossies en later het hy agtergekom daar is maniere om te sorg dat geld kleintjies kry.

Hy het swaar gekry, dis waar, maar die punt is, hy het die wiel weer aan die draai gekry, hom onder Annie se vloek uit gewérk. Sy nageslag hoef nooit honger te ly of te sukkel soos hy of sy voorgeslagte nie. Net jammer hy het, danksy Mia, nie 'n nageslag nie. Behalwe Charlie, wat sy peetkind is. 'n

Hardkoppige peetkind wat soos sy pa, geen finansiële hulp van hom wil aanvaar nie.

Roark blerts die laaste van sy koue koffie oor die balkonreling en kyk af na Kieranghut waar Annie se adellike uitverkorene seker van alle bekommernisse ontdaan, snoesig in Morfeus se arms lê. Hy hoop haar drome is soet, want wanneer sy wakker word, gaan die werklikheid haar slaan. Dat sy ook Annie se vloek beërwe het, soos hulle almal wat selfs net 'n enkele geen by haar geërf het.

Aengel word traag wakker. Op haar wekker sien sy dis net ná sewe. Sy steun. Klaarblyklik het sy wel weer aan die slaap geraak ná sy haar in haar kamer toegesluit en wie weet hoe lank onrustig rondgerol het. 'n Paar keer het sy Roark amper gebel, maar telkens weer daarvan afgesien. Selfs haar vrees was nie sterk genoeg om deur die muur te breek wat tussen hulle opgerig is nie. Sy sit vinnig regop toe die geklop aan haar agterdeur tot haar deurdring en sy besef dit was die eerste sarsie kloppe wat haar wakker moes gemaak het.

Roark?

Sy vlieg op, gooi haar kamerjas oor haar nagrok, sluit die slaapkamerdeur oorhaastig oop en hardloop holderstebolder in die gangetjie af. Maar dis 'n bruin man wat voor haar deur staan.

“Jammer om te pla, Mevrou, maar ek soek net die vullissakke. Ek het reeds die bokse van Mevrou se trek gelaai.”

Agter hom luier Roark se Land Rover en langs die viertrek staan Faan Fortuin. Hy lig sy hand in 'n groet. Aengel knik net en gaan haal die sak uit haar vullisdrommetjie in die kombuis. Dis skaars halfvol.

“Dankie, Mevrou. Mooi dag vir Mevrou.”

Sy maak die deur toe, skakel die ketel aan en gaan sit by haar kombuistafel. Wat op aarde het haar laat dink dit sou Roark wees? Waarom wens sy met haar hele hart dit was Roark?

Asof sy nie groter probleme het as 'n middag se indiskresie saam met 'n man van verdagte sedes en 'n gebrek aan integriteit nie. Lika, byvoorbeeld. Haar kind het die ergste denkbare nuus gehoor terwyl sy derduisende myle ver in 'n vreemde land tussen vreemdelinge sit. Niemand het geantwoord toe Aengel gister laatmiddag elke paar uur probeer Skype het nie. Vroegaand was Lika se rekenaar volgens die Skype-ikoon nie meer aanlyn nie en het sy

die boodskap finaal gekry. Haar kind wil regtig nie met haar praat nie.

“Asseblief, Lika, kontak my. Ons kan hierdie ding uitpraat,” het sy in ’n e-briefie gevra, in die hoop dat Lika minstens sal pos aflaai. Maar ook daarop was daar geen antwoord nie. Sy het haar met moeite weerhou om nog ’n e-pos te stuur, een waarin sy probeer verduidelik.

Sy en Lika moet hierdie ding van aangesig tot aangesig uitpraat. Sy wil haar kind in die oë kyk, kan aanvoel wat sy kan sê en wat sy liefs voorlopig moet weglaat. Wanneer sy wat moet sê. Hierdie afgrond wat tussen hulle oopgekraak het, gaan nie maklik oorbrug word nie. Nie met versigtig gestruktureerde woorde in ’n e-brief nie.

En nou is dit nog heeltemal te vroeg om eens te probeer kontak maak. Veral met die een uur tydsverskil. Sy staan op toe die ketel afskakel en maak soos ’n zombie koffie voor sy die dagboek gaan haal en weer by die kombuistafel gaan sit. Sy staar lank na die omslag voor sy die boek oopmaak waar sy ’n boekmerk ingedruk het.

Aengel kyk na die datum, November 1816, en blaai terug. Die laaste inskrywing voor die oop bladsy is gedateer Januarie 1816. In daardie stadium was Angelique ongeveer vyf maande swanger. Teen November sou die kind lankal gebore gewees het. Waarom het sy ophou skryf gedurende hierdie tydperk? Sy sal net weet as sy verder lees. Maar sy lees nie. Angelique se lewe voel vanoggend te ver verwyderd van haar eie. Daar is te veel dinge wat in haar woel en maal. Om daarvan te probeer ontsnap, sal dieselfde wees as om dit te ontken.

Sy maak die boek toe en staar na die venster wat in die vroeë oggendure soveel vrees by haar ingeboesem het. Vandag nog kom daardie blinder op, neem sy haar voor.

Nog met die koffiebeker in haar hande stap sy buitetoe. Die skulpgruis byt in haar voete toe sy van die afdak waaronder haar RAV staan se blad afstap. Sy steek vas. Dis ook nie nodig om nader te gaan nie. Sy het haar nie verbeel nie. Voetspore is duidelik te sien in die gruis. Dis eintlik net duike in die strook gebreekte mosselskulpe, nie spore nie, maar dit beteken steeds sy het haar nie verbeel nie. Iemand het haar twee-, drieuur in die oggend staan en dophou. En moontlik in haar huis probeer inkom voor sy die opwasmiddel in die wasbak hoor val het. Sy het dalk vergeet om die vensterknip op te sit, maar daardie venster was nie oop toe sy gaan slaap het nie. Dit weet sy nou in die helder oggendlig vir seker.

Aengel ril en gooi haar koffie uit. Eers stort en aangetrek kom, en dan kan sy besluit wat om aan die saak te doen.

Onder die stort probeer Aengel haar gedagtes by Angelique hou, maar dis aan Roark se hande wat sy dink terwyl die water oor haar stroom. Aan sy mond, aan sy lyf. En aan die uiteinde daarvan.

Was sy oorhaastig? Laat sy toe dat die verlede haar hede beheer? Miskien, maar mens behoort immers uit die verlede te kan leer. Sy sien nie kans vir nog iemand in haar lewe wat net maak en breek soos hy goed dink en verwag sy moet daarmee vir lief neem nie. Genoeg is genoeg. En daar is die danige bruidskat. Of dit nou bestaan of nie, Roark is beslis agter die ding aan.

Nee, dis goed dat Roark nou uit die prentjie is. Sy het genoeg ander probleme. En Lika is die grootste en belangrikste daarvan. Dit help nie sy probeer die aandag van haar eie probleme aftrek met Angelique se wedervaringe nie. Eers moet sy vir Lika in die hande kry. Al moet sy verdomp daardie groen knoppie elke vyf minute klik sodat hulle mal word van die geluid daar anderkant in Frankryk. Dis nou as en solank sy aanlyn is.

Toe sy die handdoek aftrek van die dryfhoutreling wat sy laat opsit het, dink sy vir die eerste keer weer aan Pearlie. Sou sy met Charlie gepraat het? Gys toe gekontak het?

Maar as Pearlie Zita op Koostrand gesien het, hoe op aarde het haar liggaam op Derdebaai se strand beland? Seestrome? Of is Zita Derdebaai toe nadat Pearlie by haar was?

Gelukkig is dit nie haar probleem nie. Daarvoor is Gys Niemand en sy Fortuin daar. Die gedagte laat haar skielik wonder wat Fortuin so vroeg op Kierangbaai gemaak het, en dit saam met die man wat die vullis kom haal het. Maar ook dit is nie haar probleem nie. Haar probleem lê waarskynlik nog en slaap in Frankryk.

Gys kan homself skop. Natuurlik, dis Maandag en die skole sluit eers Vrydag. Soos gewoonlik buite seisoen, is die waterfrontwinkels en die restaurant op 'n Maandag toe. Die twee van die pizzeria is ook nie in hulle woonstel agter die restaurant nie en hy het sopas vasgestel die Carmichaels is nie by hulle Kruisbaai-huis nie.

Hy klim terug in sy bakkie en bly sit terwyl hy sy opsies oorweeg.

Vir Nella wil hy nie voor die “begrafnis” steur nie. Hy kan in elk geval vir

Fortuin vra om uit te vind waar Nella Vrydagmiddag was. En ook maar net omdat San se bespiegeling hom bybly. Al sou Nella nog dalk haar dogter van kant wou maak, waarom vir Zita?

Nie dat dit 'n uitgemaakte saak is dat een persoon vir albei moorde verantwoordelik is nie. Waar Miempie met die visnet verwurg is, meen hy Zita is met iets anders gewurg. Hy sal moet wag vir die lykskouer se verslag, maar die kneusplekke om die nek het nie dieselfde gelyk nie.

Hy dink weer aan San se een spekulasie dat dit Zita kon gewees het wat Miempie uit die weg geruim het. Kon Nella die som gemaak, Zita gekonfronteer het en toe loop dit uit op 'n geveg waarin Zita verwurg word? Nella? Nee wat. Sy lyk na 'n sterk vrou, maar die veel jonger Zita sou waarskynlik baie ratser gewees het. Buitendien, Nella was op Kruisbaai tot ná agt die aand en Zita het na alle waarskynlikheid lank voor dit die tydelike met die ewige verwissel.

Hy sal nog 'n bietjie geduld moet gebruik. Dok sal vanoggend so gou as moontlik maak met die lykskouing, maar dit neem nogtans tyd en dis nog gans te vroeg om navraag te doen. Hy skakel die enjin aan en skuif die rathefboom na eerste rat. As dit so aanhou, sal sy bakkie al vanself die pad Kierangbaai toe kan vind, maar dis maar die aangewese plek om nou heen te gaan. Miskien is die winkel- en restauranteienaars al wakker in hulle wegbreekhutte. Vader weet waarvan hulle in Kruisbaai wil wegbreek, so hard werk hulle sekerlik nie, maar dis seker hulle saak.

Dis toe hy verby die groot rotsformasie ry dat hy besef hy het Strandloper lank laas gesien. Beslis nog nie weer sedert hulle laaste onderonsie nie.

Roark frons toe hy om Perlemoentjie stap en die stoep vol mense sien sit. Mac het net gebel en gevra hy moet oorkom, nie gesê daar is 'n vroegoggendpartytjie aan die gang nie. Maar, sien hy toe hy die onderste stoeptrap vassteek, verrassend genoeg is daar nie eens in Mac se hand 'n bier nie.

Om Pearlíe en Charlie daar te sien verras hom nie juis nie, maar Gideon Niemand kom nie dikwels hier nie. Nie Mac of Charlie is juis boesemvriende met Charlie se skoonpa nie, intendeel. Roark het ook nie veel ooghare vir Pearlíe se pa nie en stem heimlik met Charlie saam dat hy 'n gevaar vir die voortbestaan van die aarde is. Hy wil nie weet hoeveel skulpe Gideon al in sy

skulpwinkels die land oor verkoop het nie, en dis nie skulpe wat op 'n strand uitgespoel het nie. Allermens die seesterre en blaasoppies. Dis goed wat van en om koraalriwwe geroof is.

“Roark,” ruk Mac hom uit sy mymering.

Roark stap boontoe en groet Gideon met die hand, klop Charlie liggies op die rug en buk om Pearlle op die wang te soen. Daar is geen twyfel dat sy gehuil het nie en ook nie dat die een of ander krisis die spulletjie hier byeengebring het nie. Die een lyk somberder as die ander.

“Waar is Lulle?” vra hy.

“By Myra. Sy het haar saam met haar Kaap toe geneem,” antwoord Gideon, al het Roark vir Pearlle gevra.

“My ma het gevoel ons ontstel Lulle,” laat hoor Pearlle heserig.

“Uncle Roark, ons het 'n probleem. Soos jy seker al afgelei het.” Charlie lyk asof hy doodstyding het en Roark se hart sink in sy skoene. “Dit was nie Aengel wat Zita die laaste keer gesien het nie. Ek en Pearlle het haar albei daarna gesien. By afsonderlike geleenthede.”

Roark gaan sit op die stoepmuurtjie. Aan Mac se gesig kan hy sien dis ernstige sake. “Is daar enige spesifieke rede hoekom julle my gevra het om hierheen te kom pleks van Gys Niemand te bel?”

“My skoonpa voel ons moet eers regsadvies inwin. My pa voel weer ons moet net stilbly. Jy is my peetpa. Ek wil weet wat jy dink voor ons finaal besluit wat om te doen.”

Die vertrouwe wat Charlie in hom stel, is seker 'n kompliment, maar Roark is nie doodseker hy is reg vir die verantwoordelikheid wat dit op hom plaas nie. “Vertel,” is al wat hy sê.

Daar heers 'n stilte oor die groep toe 'n bleek Charlie en 'n huilende Pearlle om die beurt hulle stories vertel het.

As Zita nie reeds dood was nie, sou Roark haar nek persoonlik vir haar wou omdraai. Dis seker 'n onheilige gedagte, maar hoe kon sy so met die kinders gemors het?

“Daar is nog net een ding.”

Almal kyk na Charlie. “Ek wou dit eers nie sê nie, maar ek sien nou ek moet al die kaarte op die tafel lê.” Hy kyk vlugtig na Pearlle en steek dan sy hande diep in sy sakke. “Nadat ek by Aengel weg is, is ek weer Koostrand toe.”

Pearlle trek haar asem rukkerig in.

“Ek het by Aengel uitgevind Zita is verwagting, dis nou net nadat ek die oggend met Zita gepraat het. Sy’t gesê Zita was glo sewentien weke ver. Ek het besef dit kan my baba wees.”

Pearlie begin weer snik.

“Ek wou Zita weer konfronteer, wou hoor waarom sy my nie gesê het sy is pregnant nie. Ek het besef dis waarmee sy my eintlik gedreig het. Ek was woedend. So min as wat ek met haar te doen wou hê, kon ek nie my verantwoordelikheid ontduik as dit wel my kind was nie. Ek het by Koostrand stilgehou en uitgeklim, maar ek wou nie weer afstap strand toe nie. Lulie was moeg en huilerig. Ek het na Zita geroep, ’n hele paar keer, maar daar was nie antwoord nie.”

“Het jy nie ondertoe gestap nie?” vra Roark. Hy ken Koostrand. Van bo af sal mens nie kan sien wat onder aangaan nie.

Charlie skud sy kop. “Nee, toe sy nie antwoord nie, het ek aangeneem sy is nie meer daar nie, in die Jeep geklim en gery. Gedink ek sal die saak maar later moet opklaar. Soos ek gesê het, Lulie was te lastig en ek het ook besef ek is miskien nie in die regte frame of mind om so iets te probeer bespreek nie.”

Roark sug diep. “Charlie, ek gaan jou net een keer vra en dan nooit weer nie. Moet asseblief nie lieg nie. Het jy Zita verwurg?”

Charlie skud sy kop. “Ek sou kon, uncle Roark. Op daardie oomblik voor ek teruggeklim het in die Jeep sou ek kon, maar ek het nie.”

“Hoekom het jy dan nie erken jy was weer daar nie? Toe Pearlie gisteraand met die sak patats vorendag gekom het, bedoel ek.” Roark haat dit om sout in die wonde te vryf, maar dis hoog tyd dat alles in die ope kom.

Charlie sluk swaar. “Nadat sy my vertel het van haar konfrontasie met Zita, was ek bang dit was dalk Pearlie wat haar vermoor het.”

Pearlie snak na haar asem en kyk Charlie ongelowig aan. “Jy kan tog nie regtig dink ...” Sy druk haar hande voor haar gesig en bars van voor af in trane uit.

Charlie probeer sy arm om haar sit, maar sy draai weg en hardloop met die stoeptrappe af. Charlie wil volg, maar Mac keer. “Los haar, Charles. Gee haar tyd.”

Die volgende oomblik sit Charlie halfpad teen die trap af op sy blaker. ’n Besete Gideon staan oor hom gebuk. “Jou onderduimse luis. Ek het haar gesê sy sal nog die dag berou dat sy jou ooit ontmoet het. Gesê sy moet jou

terugstuur na die hool waar jy uitgekruip het.”

Roark duik Mac net betyds om sy vuishou die wind in te stuur. Hy sou Gideon se ken vermorsel en waarskynlik ook sy verbinde hand baie skade aangedoen het.

“Allamagtag, wat gaan hier aan!”

Nog nooit was Roark so bly om Gys Niemand se stem te hoor nie.

Aengel tik nog vir Lika ’n e-pos toe haar naam in die hoekie van die rekenaarskerm verskyn en verklap dat sy pas die internet aangeskakel het. Inderhaas roep Aengel die Skype-skerm op. Die oproep word feitlik onmiddellik beantwoord.

Gefrustreerd en halfbeangs wag Aengel dat die draaiende embleempie einde kry en die video oopgaan.

Sy sit teleurgesteld terug toe Jeanne se gesig verskyn.

“Aengel.”

“Jeanne. Waar is Lika?” Sy probeer nie eens haar maniere onthou nie.

“Ek het haar die dag afgegee. Sy is saam met Guillaume uit. Hy gaan Avignon vir haar wys.” Jeanne se gesig is op ’n simpatieke plooi getrek. “Ek is jammer, Aengel, maar sy is nog nie reg om met jou te praat nie. Dit was ’n baie groot skok vir haar. Ek het na die hele storie geluister soos dit met rukke en stote uitgekom het, probeer troos en daar wees vir haar, maar sy gaan tyd nodig hê. Jy gaan geduld moet gebruik, haar kans gee om die hele ding te verwerk.”

Aengel kan nie ’n woord uitkry nie. Daar is te veel wat sy gelyktydig wil sê. En niks gaan regtig ’n verskil maak nie, besef sy dan.

“Alain voel verskriklik sleg. Eers toe hy die ooreenkomste uitgewys het, kon ek dit ook sien. Dis nou maar die talent van ’n portretskilder soos hy. Hy lees gelaatstrekke soos ons ’n boek sou lees. Nee, nog fyner. Hy het nie besef hoe die familiebande inmekaar steek nie. Hy leef maar meesal in ’n wêreld van sy eie.”

Heimlik wil Aengel die man tot in die afgrond in vervloek. Kon hy nie net sy mond gehou het nie? “Dis nie sy skuld nie, Jeanne,” kry sy dit egter met moeite uit.

“Nee, dit is nie. Maar miskien is dit tog ’n goeie ding wat gebeur het. Lika het die reg om te weet. Noudat jou ouers albei oorlede is, is dit miskien

beter.”

“Jeanne, jy is dierbaar en ek sal jou nooit kan vergoed daarvoor dat jy vir Lika juis nou ondersteun nie, maar moenie afleidings en gevolgtrekkings maak oor ’n saak waarvan jy min weet nie. Asseblief.” Sy kry nie die bewing in haar stem gestil nie en hoop net Jeanne herken dit nie vir die kil woede wat dit is nie.

Jeanne bly lang oomblikke stil terwyl die emosies op haar gesig wissel. “Jy is natuurlik reg. Ek sal my bes probeer met Lika en sodra sy gereed is, sal sy jou kontak. As sy wil, sal ek haar op ’n vliegtuig sit terug na jou toe. Of as jy dalk hierheen wil kom, is jy welkom om hier te bly, maar net as Lika daarmee oukei is. Sy is my prioriteit op die oomblik; nie omdat sy my au pair is nie, maar omdat ek net kan dink hoe stukkend ’n jong meisiekind ná so ’n skok moet wees. Jy het haar aan my sorg toevertrou, Aengel, en nou sal jy daardie oordeel moet vertrou. Al wat ek kan sê, is dat ek my bes sal doen.”

Die erns in Jeanne se oë oortuig haar. “Jeanne, jy weet nie wat dit vir my beteken dat jy vir haar party trek nie. Selfs al is dit teen my. Sê net asseblief vir haar ek het haar lief as die lewe self.”

“Sy weet dit, Aengel, maar ek sal dit weer vir haar sê. En terloops, moet jou nie te veel oor Guillaume bekommer nie. Hy besef sy is te jonk vir hom, maar wil haar graag ondersteun. Ek sal ook daar ’n oog hou.”

Aengel kan nie onthou of hulle gegroet het of nie. Sy weet skaars hoe sy in die kamer kom. Sy val op die bed neer en huil haar kussing stelselmatig sopnat. Die afgrond wat voor haar gaap, is dié keer te diep en te donker. Alles kan hulle van haar wegvat, net nie haar kind nie.

Die gevoelens loop hoog, selfs nadat Gideon in Charlie se Jeep gespring en weggejaag het of die duiwel agter hom aan is. Roark moet net keer of Mac jaag agterna, maar Gys is verlig toe hy die reus darem min of meer sover kry om te bedaar.

“Gaan haal vir Pearlle,” gee Roark uitasem opdrag.

Verstommend genoeg luister Mac en stap agter die figuurtjie aan wat al hoe kleiner raak terwyl sy wegstap oor die sand.

Charlie gaan spog met ’n blouoog van formaat as hy so na die swelsel kyk, maar dis waarskynlik die minste van die mannetjie se probleme, dink Gys. Hy luister na die hele storie wat Charlie hom op Roark se aandrang oorvertel.

Mac kom saam met Pearlíe terug terwyl Charlie vertel hoe hy die tweede keer na Zita toe is.

“Sy was springlewendig en haar gemene self toe ek by haar weg is.” Pearlíe sê dit met steeds betraande oë vir Charlie en draai dan na Gys. “Ek het haar gehaat, maar ek het haar nie vermoor nie. Hoe sou ek kon? Ek is ’n goeie kop korter as sy.”

Die kind het ’n punt daar beet, besef Gys en maak sy boekie toe. “Ek stel voor julle kalmeer nou. Julle het die regte ding gedoen om my in te lig, al sou ek die inligting eerder vroeër wou gehad het. Roark, ek sal bly wees as jy vir my kan beduie waar Kooistrand is.”

“Ek sal jou daarheen neem.”

Gys knik. Hy kan sien die man probeer wegkom van die hele gespanne situasie. “Dankie, jy hoef my net daar af te laai.”

Nadat hy eers ’n paar goed uit sy bakkie gekry het, stap Gys saam met Roark. By die Land Rover huiwer hy. “Dis seker nie nodig dat jy my neem nie. Klink vir my stapafstand.”

“So tien minute se stap, maar ek neem jou in elk geval. En as jy wil, sal ek vir jou wag en jou terugbring.”

“Nie nodig nie. Ek sal daar moet wag tot Fortuin van Niemandsdorp af terugkom. Hy sal my sommer terugbring na my bakkie toe.”

“Oukei, ek sal seker vir Charlie intussen die Land Rover moet leen. Gideon het sweerlik met sy Jeep Kaap toe gery en hulle het net die scrambler vir ekstra vervoer.”

“En jy dan?”

“Ek gebruik maar meesal die Land Rover oor die paaie so sleg is, maar ek het darem ’n kar ook.”

Small talk, noem die Engelse dit, maar soms het mens dit nodig, besef Gys toe hulle wegtrek. Veral ná ’n debakel soos die een wat hom by Perlemoentjie afgespeel het.

Hulle ry in stilte en skaars vyf minute later hou Roark stil. Hy leun oor die stuurwiel. “Sien jy daar waar die water effens donkerder word?” beduie hy en Gys lei af hy verwys na die streep ’n ent die see in. “Dis die Agulhas-stroom wat só maak. As Zita hier vermoor is en diep genoeg in die water beland het, sou die systroom haar ingesleep het, afhangende van die gety. Sy sou in die Agulhas-stroom kon beland het en dan maak dit sin dat sy op Derdebaai uitgespoel het.”

Net seker maak, besluit Gys. “Wanneer was dit Vrydagmiddag hoog?”

Roark dink ’n oomblik na en tel op sy vingers af voor hy antwoord: “Ongeveer skuins voor twee. Ek sal skat so twintig of kwart voor.”

Dit bevestig wat Fortuin gesê het. “En Charlie was eenuur terug op Kruisbaai.”

Roark sug. “Ja, en ek besef dis nie beste tyd vir ’n alibi nie, maar ek glo hom, Luitenant. Dat hy dit nie gedoen het nie. En dis nie omdat hy my peetkind is nie.”

“En Pearlle?”

“Sy het ’n humeur. Sy het Charlie al in ’n woedebui ’n taai klap gegee, maar dis waar wat sy sê. Sy is baie kort. En ek kan my nie indink ...” Roark se woorde droog op.

“Sy is halfeen by Zita weg, sê sy.” Gys sê dit eerder vir homself as vir Roark. Dok sal vir hulle ’n tydsgleuf kan gee ná die lykskouing, maar hy sal nooit as te nimmer kan sê of Zita minder as ’n uur hierdie kant toe of anderkant toe dood is nie. Daar is heeltemal te veel veranderlikes. “En jy, Roark? Waar was jy?”

“Ek was in my huis terwyl Pearlle klaarblyklik met Zita gepraat het. Ek het Charlie by Aengel gaan soek toe ek sy Jeep daar sien staan het. Sy sal dit kan bevestig. Direk daarna het ek gaan visvang. Twee kabeljoue gekry. Een het ek vir Mac in sy yskas gelos. Dit sal hy nou weer kan bevestig.”

Gys dink ’n oomblik na. “En Gerbrand? Het jy hom gesien toe jy gaan visvang het?”

Roark skud sy kop. “Nee, maar ek het net ’n ent met Derdebaai se strand opgeloopt. Tot net anderkant Galjoengat. Hy was by Rustler’s Cove. Dis heelwat verder aan.”

Gys maak die deur oop. “Nietemin, dankie vir jou inligting en die aanrader hierheen.” Hy mik om uit te klim toe hy weer iets onthou wat San gesê het. “Ek het vergeet om te vra, maar weet jy dalk wat Mac se bewegings daardie middag was?”

“Hy was Kruisbaai toe vir sy gebruikelike middagete en ’n paar biere.” Roark frons. “Ek verbeel my dit was die middag toe hy Robert in die restaurant gehelp het nadat dié en Louis weer baklei het. Ja, ek onthou nou, as vergoeding het Robert vir hom bier op die huis gegee. Hy het smoordronk by die huis aangekom.”

“En hoe laat is hy Kruisbaai toe? Weet jy dalk?”

Roark dink 'n rukkie na. “Ek verbeel my hy het gesê hy het Charlie se Jeep by Aengel sien staan toe hy gery het.”

“Hy sou dit seker genoem het as hy Pearlie gesien het? Of die scrambler?”

Roark antwoord nie, maar sy stilswye is 'n bevestiging. Ook dat hy dieselfde afleiding gemaak het. Mac is ná Pearlie, maar voor Charlie se tweede besoek daar verby Koostrand. Tussen halfeen en eenuur.

“Moenie hom op die baadjie takseer net omdat hy Gideon wou slaan nie. Mac word nie gou kwaad nie. Net as Charlie betrokke is. Sy seun is sy hart se punt.”

Gys lig sy wenkbroue en sien dan aan Roark se gesig hy besef ook wat die implikasie van sy woorde is. Hy het Mac nie, soos hy sekerlik bedoel het, verontskuldig nie, maar juis 'n baie goeie motief gegee. Miempie en Zita wou immers albei vir Charlie te na kom.

“My broer is 'n wildewragtig, Luitenant, maar hy is nie 'n moordenaar nie. Glo my.”

Gys knik en klim uit. Hy wonder of Roark homself glo.

SEWENTIEN

6 Desember — oggend

Vir die tweede keer in twee dae het sy haarself aan die slaap gehuil. Sy word nou wel nie weer in Roark se arms wakker nie, maar asof iets in haar ekwilibrium gevind het terwyl sy geslaap het, voel Aengel baie beter en vol moed toe sy van die bed af opstaan.

Lika is ten minste in goeie hande. Die beste wat beskikbaar is, in elk geval.

Nadat sy haar gesig gewas en 'n glas sap gedrink het, grawe sy die rolblinder uit en kry met moeite twee hake in die vensterraam ingeskroef. Sy haak die metaallussies daaraan vas, laat sak die blinder en trek dit weer op. Dit hang effens skeef, maar dit werk. Sy is dalk onbesonne, maar sy is nie heeltemal onselfstandig of onhandig nie.

Vars lug is nou die aangewese ding om die laaste spinnerakke uit haar kop te kry. Lika sal tot besinning kom, verwerk wat sy kan verwerk. Die res sal hulle met verdrag uitsorteer. Eendag sal sy Roark dalk kan bel en sê sy vergewe hom, maar eers wanneer sy deur Annie se dagboek is en verwerk het wat sy moet verwerk. Tyd, dis al wat nodig is. Hoop sy.

Aan die stand van die water by Rykmanskilp, kan sy sien die gety is tussen laag en hoog. Dis gepas. Dis hoe sy ook voel. Voorlopig êrens tussen die uiterstes van getye.

Sy kry haar versamelsak in die skuur, stap strand toe en hurk by die vorige hooggety se opdrifsels. As Annie die blou skulp hier opgetel het, kan daar sekerlik weer eendag een uitspoel? Amper tweehonderd jaar later? koggel 'n stem wat nes Gabrielle s'n klink. Hoop, Gabrielle, maak sy die stem stil, het in Pandora se boks agtergebly. En hoop is al wat ons oor het. Daarsonder is ons verlore.

Aengel stoot 'n paar mosselskulpe eenkant toe agter 'n mandjieskulp aan en kry ook twee patellas, net reg vir suikerlepels. Nog een loer onder 'n stuk seebamboes uit. Eintlik gril sy vir die seebamboes, veral wanneer dit al lank

lê en die luisagtige goggas lok wat dikwels oor rotse skarrel as die bamboes te lank daar lê en vrot.

“Ek hoor jy maak slaailepels van daardie soort skulpe?”

Aengel kyk verskrik om. Dis Louis wat agter haar staan, besig om sy hare met ’n handdoek droog te vryf. Sy kom orent en laat glip haar skulpe in hulle verskillende vakkies.

“Hi. Ja, as ek patellas kry wat groot genoeg is.”

Louis is seker al dieperig in die veertig, maar met sy lyf is daar min fout. Aan sy goed ontwikkelde biseps kan sy sien hy werk aan sy voorkoms. Net gewigte kan ’n skraal man se spiere so goed definieer.

“’n Gereelde klant het vir my gistermiddag ’n stel gewys wat sy pas by Pearlle se winkel gekoop het en voorgestel ons gebruik dit vir die restaurant. Ek sou graag wou, maar dis net ’n bietjie te duur om dit by die winkel aan te koop. Veral as Pearlle se ma, soos gister, agter die toonbank staan. Myra glo nie in afslag nie.”

“Pearlle het al die slaailepels geneem, maar as julle wil, kan ek vir julle suikerlepels maak tot ek weer groot patellas raakloop.”

“Dit sal gaaf wees. So twintig om mee te begin? Afhangende van die prys, natuurlik.”

Aengel werk uit hoe lank dit haar min of meer sal neem, maak ’n vinnige som in haar kop en noem ’n prys wat sy reken billik is.

Louis draai sy kop skuins. “Dis baie goedkoop.”

“Jy kan my ’n pizza op die huis as bonus gee wanneer ek dit vir julle bring. Net nie ’n seekos-een nie.” Daardie voorliefde van haar sal nie terugkom nie.

“Dis ’n ooreenkoms.” Vir die eerste keer sien sy Louis glimlag. Daar moet ’n wvrag vroue wees wat innig spyt is hy is gay. Toe onthou sy weer wat Robert vertel het. Sy stoot die gedagte eenkant. Nou wil sy nie aan Zita of enigiets sinisters dink nie. Sy het juis strand toe gekom om te ontspan en van alles te vergeet.

“Gee my so ’n paar dae kans,” glimlag sy. “Die hars neem nogal ’n rukkie om behoorlik droog te word.”

“Die skole sluit Vrydag?”

Sy knik. “Oukei, ek sal dit teen Vrydag vir jou reg kan hê. Donderdag selfs. Ek neem aan dis nog baie stil?”

Hy knik en knoop die handdoek om sy onderlyf. “Ook maar goed. Ek en Robert sal regtig ons probleme finaal moet probeer uitstryk voor die seisoen

op ons is. Dan is daar nie tyd vir twis en geskille nie. Behalwe vir die Aprilvakansie, is Desember en Januarie omtrent die enigste tyd dat ons kan skep.” Hy sug en vee sy nat hare agteroor. Sy hare is effens te donker vir sy ouderdom om natuurlik te wees.

“Ons het soveel moed gehad vir die restaurant, maar dinge het van die begin af skeefgeloop. Dinge wat werklik buite ons beheer was.” Hy beduie na die kierangkant van die baai. “Stap saam, ek dink ek weet waar jy van die groter skulpe kan kry vir die slaailepels. Patellas noem jy dit?”

Sy knik en val langs hom in. Om die een of ander rede loer sy oor haar skouer na die kliphuis en voel vreemd gerusgestel toe sy Roark op die balkon sien staan.

“Ek en Robert het gisteraand tyd gekry om uiteindelik oor alles te gesels en sake ’n bietjie uit te praat. Hy het my vertel wat hy alles vir jou gesê het.”

Sy hoop nie dis sy manier om te probeer uitvis wat Robert wel gesê het nie. “Ek beskou dit as vertroulik, Louis.” Sy voel ’n bietjie skynheilig nadat sy in elk geval vir Gys Niemand al oor die implikasie daarvan ingelig het. Al het sy nie pertinent Robert se naam genoem nie, is die luitenant allermens onnosel. Hy sal weet daar is net een mens wat haar kon gesê het.

“Ek waardeer dit, Aengel. Dis nie waar nie, hoor. Ek het nie iets met Zita aan die gang gehad nie. Ek weet nie wat Miempie gedink het sy sien nie, maar ek het net kontak met Zita gehad omdat ek en Gerbrand bevriend geraak het vandat ek hier begin swem het om van al die dinge by die restaurant te ontsnap. My en Robert se probleme kom al ’n lang pad. Nog voor Roark hier gekom en gesê het ons kan een van die hutte gebruik as ons wil. Toe al het dit my gewoonte geword om by Rykmanshut te gaan stort na ek geswem het en voor ek teruggaan restaurant toe.”

Aengel buk en tel ’n voetbalskulp op, maar die onderkantste ribbe is gebreek. Sy laat val dit weer in die sand. Windbol Gerbrand en hooghartige Louis is vriende?

“Destyds was Rykmanshut die enigste bewoonbare hut, behalwe natuurlik Nella s’n. En Gerbrand is een van die weinige mans wat ek ken wat hom nie juis steur aan homoseksualiteit nie. En glo my, ek weet alles van oordele en vooroordele in die verband.” Hy gee ’n siniese laggie. “Dit het my dekades geneem om uit die closet te kom. As dit nie vir Robert was nie, sou ek dalk nou nog ’n dubbele lewe gelei het. Maar hy het my oortuig hy sal my ondersteun. Wat hy toe ook gedoen het, selfs nadat my pa my die huis

verbied en toe onterf het.” Hy sê nie meer nie, stap net langs haar met ’n ver trek in sy oë.

“Het julle intussen vrede gemaak? Jy en jou pa?” Hoe goed verstaan sy nie verwerping nie, al was haar verwerping soveel subtieler.

Louis skud sy kop. “Hulle praat nou nog nie met my nie. Nie my ouers of my twee broers nie. Vir hulle is ek dood. Robert was verkeerd. Hulle sal my nooit vergewe dat ek nie soos hulle is nie. Ek het alles vir hom opgeoffer, Aengel. En Robert was dit werd, tot hy begin jaloers raak het. Sonder rede. Dis net sy selfbeeld wat swakker raak met elke ons vet wat hy optel, en dit wakker die jaloesie aan. Ek ontken nie dat hy nie meer vir my so aantreklik is as toe hy maerder was nie, maar hy is steeds Robert. My vennoot. In elke sin van die woord. As hy dit net kan glo, sal alles weer kan regkom.”

Louis gaan staan in ’n klein inhammetjie wat kleiner raak namate die gety opstoot. “Dis hier waar ek dink ek van daardie skulpe gesien het.”

Aengel buk en soek deur die skulpgruis wat daar opgedam het. Sy kry ’n groterige patella en hou dit in die lug. “Jy’s reg. Nog so ’n bietjie aan die klein kant, maar as daar een is, sal daar meer wees. Dankie.”

“Plesier.” Hy kyk weg oor die baaitjie terwyl sy weer begin grawe. “Mens kan nie glo daar kan sulke gruwelike dinge op so ’n mooi plek plaasvind nie,” mymer hy. “Strandloper sê glo dis Annie Niemand se vloek wat hier rus.”

Aengel se hand verstil en kyk op na hom.

“Jy het seker al van haar gehoor? Van Annie Niemand, die visvrou?”

Aengel glimlag. “Ja, so hier en daar.” Sy begin weer soek.

’n Rukkie is hy stil. “Ek verstaan jy lyk nogal soos die boegbeeld wat Gerbrand se pa hier op strand gekry het en toe in die kliphuis laat inbou het.”

Sy moet haar hand uitsteek om haar ewewig te behou.

Louis kyk af na haar. “Zita het so gesê en Gerbrand het dit beaam.”

Aengel kom regop en haal haar skouers op. “Sy lyk soos enige vrou met lang blonde hare en groterige buuste.”

Louis se oë sak ’n aks, bly ’n lang oomblik op haar boesem, dan glimlag hy net en draai weg. “Onthou die suikerlepels en hou die gety dop dat jy nie vasgekeer word nie,” sê hy oor sy skouer.

Aengel vou haar arms voor haar bors en kan die rilling wat deur haar trek nie verklaar nie.

“Is dit nou ’n tyd om hier aan te kom?” knor Gys toe Fortuin uiteindelik sy opwagting by Kooistrand maak. Maar hy voel dadelik sleg toe hy sien die kakieogies lyk maar flou en rooierig.

“Sorrie, Luitenant. Ek is deur ure van hel en het gekom so gou ek kon.”

Gys weet hy kan die knaap nie kwalik neem nie, hy het pas iemand na aan hom gaan groet. Dit moet ’n baie emosionele ervaring gewees het. Dis net dat hy so opgewonde is. “Ek het sketse gemaak en foto’s geneem en die plek al gefynkam. Dis hier waar sy vermoor is, Fortuin, ek voel dit aan my water. Kom kyk.”

Hy wys Fortuin die plek onder die rotsoorhang waar daar duidelike tekens van ’n gemaal van voete, dalk ’n worsteling, is. Gys bring hom op datum met Charlie en Pearlie se stories en gaan wys hom die Jeep en die scrambler se spore. Daarna gaan hulle terug na die oorhang toe.

“Ons sal die sand moet sif. Al kry ons net een haar, kan dit die saak oopbreek.” Fortuin klink vir Gys alte veel na Crime and Investigation Channel se mense. En een haar sal beteken iemand was hier, nie veel meer nie, maar hy wil nie nou Fortuin se entoesiasme demp nie.

“Het jy die stompies in Gerbrand se vullis gekry?” onthou Gys om te vra.

Fortuin knik. “Ons moes hom wakker klop. Hy het so ’n hangover gehad, ek glo nie hy sal eens onthou ons was daar nie. Lyk my hy het behoorlik aan die drink gegaan vandat Zita dood is. En terloops, na die ding by die begrafnisondernemers was ek by Dok aan om te hoor van die post mortem, maar hy sê ons sal geduldig moet wees.”

“Hoe so?” vra Gys dadelik ergerlik.

“Hy het ’n tweede opinie ingeroep, maar wil nie sê waarom of hoekom nie. Hy reken ons behoort teen môre die verslag te kan kry. Die forensiese patoloog kan eers môreoggend Niemandsdorp toe kom.”

“Vervloeks.” Gys sug. “Ten minste doen hy sy bes.”

“Maar hy het darem nieamptelik gesê sy is nie seksueel aangerand nie. En jy weet wat dit beteken.”

“Nee, Fortuin, ek weet wat dit dalk kan beteken.”

“Dit kan dalk beteken,” Fortuin gee Gys ’n kyk, “die moordenaar is ’n vrou. Maar as dit ’n man is, is dit waarskynlik nie ’n rondloper of dan ’n opportunistiese moord nie. Of dit kan dalk ook beteken die moordenaar het nie nodig gehad om haar te verkrag nie omdat hy in elk geval enige tyd seks by haar kon kry.”

Gys sug heimlik. “Nes dit dalk ook kan beteken die moordenaar is ’n man wat nie ’n seksuele voorkeur vir vroue het nie.”

Fortuin se oë rek. “Hoekom het ek nie daaraan gedink nie?”

“Want jy wil hê dit moet Gerbrand wees en sal enigiets doen om die vinger na hom te wys.” Gys gee hom ’n waarskuwende kyk. “Onthou jy nog wat ek vir jou gesê het toe jy jou hier ingewurm het? Wat was die voorwaarde nou weer?”

Fortuin kyk weg. “Ek het gedink om dalk môre deur te ry Kaap toe, Luitenant. Om die stompies vir my vriendin te vat wat met DNA-toetse werk.”

“Jy’t die stompies nie ingeboek nie?”

“Nog nie. Maar ek het die dokumentasie gedoen en ek het weer gaan opkyk wat die heel eerste stompie se brand name was. Gauloise, filterloos.”

“En is daar Gauloise filterloos tussen die ander?”

“’n Hele klomp, maar dit het ons verwag omdat ons gedink het dis Gerbrand wat daardie stompie laat val het. Wat my hinder, is dat Gerbrand Marlboro rook. Met filters.”

“So by my kool, jy’s reg. Ek onthou nou. Dis wat hy gerook het die aand toe ek hom gaan sien het oor Miempie.”

“En ek weet wie rook Gauloise filterloos.”

Gys lig sy wenkbroue. Die knaap kan hom soms so irriteer met sy aan-’n-lyntjehouery.

“Robert van die pizzaplek.”

“Robert?” frons Gys. “En Louis?”

“Ook Gauloise, maar met filters.”

“Duur sigarette vir mense wat glo sukkel om hulle restaurant op dreef te hou.”

“Kan wees, maar in Gerbrand se asbakke was daar meer as genoeg van elkeen van die brands. En Craven A menthols. Daar was lipstiffie aan ’n paar van die menthols.”

“Zita?”

Fortuin knik. “Ek dink so.”

“Maar sy het verwag?”

“Dis seker swaar om op te hou al verwag jy. Daar was nie baie van hulle nie. So vyf waarvan twee opsigtelike tekens van lipstiffie gedra het.”

“En jy dink die meisiekind in die Kaap sal vir ons die DNA-toetse kan

inglip?” Gys vryf oor sy voorkop waar die son hom geraps het en ’n dowwe hoofpyn wil-wil vatplek kry.

“Ek kan maar vra.”

“Al kan ons net eers bepaal hoeveel verskillende mense daar sit en stook het. Dan hoef ons nie wild en wakker ’n magdom mense se DNA-monsters te vra nie. In Zita se geval kan die monsters wat met die lykskouing geneem is, ten minste met die sigaretstompies s’n vergelyk word.”

“Ek sal met die Jetta moet ry. Majoor sê daar is nie ’n voertuig beskikbaar nie.”

“Nou toe, maar vat my bakkie. Ek vertrou nie daardie stuk skroot van jou vir die langpad nie.”

“En Luitenant dan?”

“Los die skroot by my. Ek sal regkom. Om die waarheid te sê, kom ons ruil sommer as ons hier klaar is, dan hoef jy my nie môreoggend te pla nie.”

“Maar gaan ons nie eers die sand sif nie?” keer Fortuin toe Gys begin boontoe stap.

“Dra jy ’n forensiese sif in jou gatsak rond?” vra hy sonder om om te kyk. “Op pad terug kom span jy die toneel af met die polisielint wat agter in die bakkie is. Ek sal Arendse vra om ’n span te stuur om te kom sif. Hulle kan nie verwag ons moet alles doen nie.” Fortuin sal nie verstaan hoe mens se rug op agt en vyftig voel nie.

Fortuin snork. “Good luck. Daar was gisteraand drie inbrake in Niemandsdorp en een vrou is met ’n wapen aangehou tydens een daarvan. Sy sou waarskynlik verkrag gewees het as haar huishulp nie onraad vermoed en die bure gaan roep het nie. Die buurman is gewond toe die rower op hom geskiet het voor hy gevlug het. Dis ’n malhuis daar.”

Gys skud sy kop en sug.

“En om te dink die vrou het veiligheidshekke en alarms en alles gehad. Nie te ver van juffrou Gertjie se huis af nie.”

Gys steek vas. “Moenie vir my dit sê nie.”

“Ek sê dit juis sodat jy vir juffrou Gertjie op haar hoede kan stel.” Hy kry ’n slinkse kyk in sy oë. “Maar ek verstaan van my ma juffrou Gertjie het gelukkig gister by jou ingetrek.”

“Sy kuier, Fortuin. Om my tuin uit te lê, en San gaan haar glo leer boerekos kook. Moenie sommer net afleidings maak nie. En jou ma kan gerus ophou skinder. Buitendien, Gertjie dink daaraan om Kaap toe te trek.”

Hierdie keer is dit Fortuin wat gaan stilstaan. “Jy gaan dit sekerlik nie toelaat nie?”

“En hoe keer ek haar?”

Fortuin gooi sy hande in die lug. “Trou met haar, wat anders?”

Gys snork. “As sy enigsins sou oorweeg het om met my te trou, sou sy nie Kaap toe wou staan en gaan nie.”

“Maar vra haar ten minste. Miskien probeer sy jou juis sover kry om uiteindelik die vraag te vra.”

“Basta, Fortuin, ons het werk om te doen,” vererg Gys hom en stoom die laaste paar tree teen die opdraande op. Dis toe hy bo kom en oor die baai uitkyk terwyl hy asemskep dat hy weer onthou wat Roark vir hom gesê het van die streep in die see. “Hoe lank bly O’Shea al hier, Fortuin?” vra hy toe dié ook bo kom.

“So ’n raps meer as ’n jaar, maar hy het voorheen gereelderig hierheen gekom, hoekom vra Luitenant?”

“Nee, ek het net gedink die man weet darem baie van die seestrome en dinge hier rond.”

“Seker by Mac Carmichael gehoor. Dié is darem al oor die drie jaar hier met die katamaran. In die begin, nog voor O’Shea gekoop het, het Mac en Charlie en later O’Shea ook baie daar naby Rykmansklip rond geskubaduik.”

“Om te?”

“Seker maar die storie van die wrak. Charlie soek glo ’n wrak om mense daarheen te vat om te duik. Of dalk soek hulle ook Annie se danige skat, soos daardie Gerbrand glo doen. Maar dit lyk asof hulle opgehou soek het, terwyl Gerbrand glo steeds gate tussen die duine en wie weet waar grawe. Of so sê antie Nella.”

“Van Nella gepraat,” Gys skuif in die kar met sy skuinsgesakte sitplekke en wag tot Fortuin ook sy sit gekry het. “Waar was sy so tussen een en drie Vrydagmiddag?”

Fortuin se hand hang ’n oomblik in die lug, die motorsleutels bokant die aansitter. “Is Luitenant nou laf?” Hy skud sy kop en druk die sleutels in die gleuf. Die enjin stotter voor dit vat en Fortuin jaag die toere met ’n geloei op.

“Ek vra mos net?”

Fortuin sit die kar in rat, maar dink dan na. “Dit was die dag toe sy en my ma die uitval gehad het. Ek verbeel my my ma het gesê sy het na middagete weer sommer net koers gevat om van die nuuskieriges weg te kom. As ek reg

onthou, het die moeilikheid juis gekom toe antie Nella terugkom.”

“Waaroor was daar moeilikheid?”

“Mac het glo iets vir haar gesê toe sy verby die restaurant gestap het. Iets van dat hy gehoor het Brand is Miempie se pa. Hy het Brand mos geken. In elk geval, dis toe dat sy besef het die storie lê nou die hele Kruisbaai vol. Sy’t my ma daarvan beskuldig dat sy die storie versprei het.”

“H’m, vorige keer het jy ook gesê sy het koers gekry. Springklip se kant toe?”

“Ja, dit was die vorige dag.”

“En daardie dag?”

Fortuin jaag die kar se toere weer op. “Moes Kaap se kant toe gewees het as sy verby die restaurant gestap het.”

“Jy bedoel Kierangbaai se kant toe. Wat natuurlik ook beteken Koostrand se kant toe.”

“Jy is nou laf, Luitenant. Selfs strandlangs is dit ver oor ’n kilometer, amper twee Koostrand toe. En dis klipperig.”

“As sy Springklip toe kon stap die vorige dag ...”

Fortuin laat skiet die koppelaar en die kar ruk vorentoe. “Jy’s laf!” roep Fortuin bo die enjinlawaaie toe hy die kar weer aan die gang kry en wegtrek.

Aengel soek dryfhoutjies uit wat by die kleiner patellas kan pas vir Louis se suikerlepels. Buite hoor sy die kenmerkende geluid van Faan Fortuin se motor. Hy sal regtig iets aan die uitlaatstelsel moet doen.

Sy wik en weeg ’n oomblik, stap dan haastig uit. Toe sy Gys langs hom sien sit, steek sy haar hand in die lug net voor hulle wegdraai na waar Gys se bakkie staan.

Die motor hik tot stilstand en Gys kry die passasierskant se venster met moeite oop.

Aengel stap nader en buk by die venster. “Middag. Ek wil nie pla nie, maar jy het laas gevra ek moet vir jou sê as ek enigiets abnormaal sien?”

Gys knik. Sy staan terug toe hy die deur met sy skouer oopstamp en uitklim. “Los die stuk blik maar sommer net hier, Fortuin,” gee hy binnetoe opdrag voor hy weer na haar toe draai. “Wat het gebeur?”

Sy voel ’n bietjie verspot om die luitenant met haar vrese te pla, maar noudat sy begin het, sal sy moet klaarmaak. “Ek het vanoggend so tweeuur se

kant wakker geword van iets wat geval het.” Sy vertel kortliks wat gebeur het.

Fortuin val langs hulle in toe hulle om die skuurtjie na die kombuisvenster stap. Hy hurk by die duikies in die skulpgruis, volg dit ’n entjie en hurk weer waar daar ’n stukkie oop sand is.

In die verbystap sien Aengel die klein speling tussen die kosyn en die onderste skuifraam van die skuurtjie se agterste skuifvenster. Sy sal regtig minder nalatig moet wees.

“Lyk soos kaal voete,” trek Fortuin haar aandag weg.

Aengel skud haar kop ongelowig. “Daardie skulpgruis is baie skerp. Ek loop graag kaalvoet in die huis en op die strand, maar my voete kon dit nie hou toe ek vanoggend wou kom kyk het nie.”

Gys kyk na Fortuin en knik in die algemene rigting van die kierangklippe. “Dink jy wat ek dink?”

“Hy sal oor brandende kole loop en dit nie voel nie,” knik Fortuin.

“Strandloper?” vra Aengel en haar keel trek toe. Dis erg genoeg om te dink iemand het haar afgeloer. Maar die seningrige man met sy lang arms en bene wat sy teen die rotse sien opskarrel het net voor sy op Miempie afgekom het?

“En jy is seker dit was tweeuur in die nag?”

“Toe ek die eerste geluid gehoor het, ja. Maar dit was seker al amper drieuur toe ek hom hoor weghardloop het. Ek het sit en lees.”

“Dis goed dat jy ons vertel het, Aengel. En dis goed dat jy nou ’n blinder op het. Hou net jou vensters toe.” Gys gee haar ’n vaderlike kloppie op die skouer. “Ons sal sommer nou werk maak daarvan.”

“Die gety is amper in, Luitenant. Ons sal nog daar bo kan uitkom,” laat hoor Fortuin, “maar dan sal ons vir ’n uur of wat daar vasgekeer wees.”

“H’m. Dan moet ons maar wag tot die gety eers gedraai het. Hoe laat dink jy?”

“Eers ná sewe as mens kortpad wil vat. As ons langpad agterom vat, soos Luitenant en meneer O’Shea laas geloop het, darem al so van sesuur af.”

Gys knik nadenkend. “Nou toe, gaan doen solank soos ek netnou gevra het. Vat sommer die bakkie. Alles is agterin. Ek is nou-nou daar.” Hy vroetel in sy sak en gooi ’n bossie sleutels na Fortuin toe, wat dit behendig vang voor Gys weer na haar toe draai. “Ek herhaal, Aengel, wees asseblief versigtig. Hou jou deure en vensters gesluit, veral ná skemer, maar wees ook in die daglig op jou hoede. Moenie saam met enigeen na ’n afgesonderde plek toe

gaan nie. Bly waar mense jou kan sien en jy vir hulle.”

Verbeel sy haar of het Gys opgekyk na Roark se balkon toe nadat hy gegroet en weggestap het? En kon Roark haar sien toe sy saam met Louis by die skulptryke inhammetjie was? Sy kyk daarheen. Die strandgedeelte is nou toe en die water het teen die rotswande opgestoot, maar sy herken die plek aan die stuk rots wat die inham veroorsaak. Dieselfde stuk rots wat die inham van Kieranghut se kant af verskuil hou. Waarskynlik ook van Roark se uitkyktoring.

Sy sluk swaar. As Louis wou, kon hy haar teen die agterste rotsmuur vasgedruk het, haar verwurg en daar gelos het. Nie te lank daarna nie sou die gety die opruimwerk namens hom gedoen het. Haar ingesleep het tot die kolk haar dalk eendag uitgooi.

Maar nee, Roark sou dan gesien het hulle het saam daarheen gestap en net Louis het teruggekeer. Of was hy nog op die balkon toe sy wel eers 'n hele rukkie ná Louis teruggestap het?

Sy kry lag vir haarself. Op die aarde waarom sal enigiemand haar wil vermoor? François dalk, ja, en beslis Gabrielle, maar ook net by wyse van spreke. Niemand hier op Kierangbaai ken haar eens nie. Sy is nie deel van hulle krisis en geskille nie. Nee, sy raak nou paranoïes.

Gys wil na die Jetta toe mik, maar kies dan koers na die vissershuis anderkant Nella s'n. Fortuin sal wel sien daar is toe 'n sif agter in die bakkie en weet wat om te doen. Nou kom sy planne om dalk as private speurder te registreer goed te pas. Die afgelope maande al kry hy alles gereed wat hy sal nodig hê as hy dalk finaal besluit om private sake te neem. Al wat kortkom, is die oortuiging dat hy regtig daarvoor in die wieg gelê is.

Maar dis gelukkig nie 'n besluit wat hy onmiddellik hoof te neem nie. Op die oomblik werk hy presies soos hy nog altyd wou, hy kan hom net op een saak toespits en hoof hom nie te steur aan kantoorpolitiek nie. Want dis wat hom uiteindelik laat bedank het. Die besef dat die hele Meetsnoer-katakisme moontlik voorkom kon gewees het as hy en sy destydse bevelvoerder nie speletjies met mekaar gespeel het nie.

Louis en Robert sit op die stoep, elkeen met 'n skottel mossels by hulle voete en 'n skropborsel in die hand. Twee glase rooiwijn staan weerskante van 'n asbak op die tafel tussen hulle.

Vanoggend toe hy hier aangekom het, was dit nog stil by Robert-hulle se hut. Dié dat hy Perlemoentjie toe is toe hy Charlie se Jeep daar sien staan het, en toe op die bakleiery afgekom het.

Robert kyk eerste op van die skropper af. Hy laat val die borsel in die skottel, staan op en vee sy hande aan sy broek af voor hy sy hand na Gys uitsteek.

“Dag, Luitenant. Lekker middag, nè?”

Louis vee sy hande aan ’n vadoek af en groet ook.

“Middag. Lyk my die see was goed vir julle?”

Robert lag. “Hier op Kierangbaai loop die mossels mos in die pot in terwyl Kruisbaai omtrent al leeg gepluk is. Kom sit. Glasie wyn?”

Gys skud sy kop. “Nie wyn nie, dankie. Dis ’n bietjie vroeg vir my. En ek wil julle nie ophou nie. Ek probeer net ’n paar goed oor Vrydag uitklaar. Roetinegoed. As julle nie omgee nie?”

Robert skud sy kop. “Fire away. Of laat ek sommer begin. Ek was die hele goddelike dag in die restaurant. Dis nou van so negeuur die oggend af toe ons terug Kruisbaai toe is. Ons was mos die vorige aand hier. Ek en Louis was die oggend nie lekker vir mekaar nie. Hy het teruggekom hierheen, my sleg gedrop vir middagete, maar was darem laatmiddag daar, voor ons weer hierheen gekom het. Juis sodat ons sake bietjie kan uitpraat. Wat ons toe eers gisteraand uiteindelik reggekry het.”

“Robert, ek is seker die luitenant stel nie belang in ons geskille nie.” Louis se stem is ysig.

“Normaalweg nie, maar is Robert se weergawe korrek?” vra Gys en hou sy stem rustig.

“Min of meer.” Louis hervat die mosselskopperty asof hy kwaad is vir die goed.

“En hoe laat het jy Vrydagoggend teruggekom Kierangbaai toe?”

Louis staak die geskrop. “Ek is nie seker nie.”

“Halftwaalf,” help Robert. “Ek onthou, want dit was net ’n halfuur voor ons moes oopmaak. Gelukkig het Mac kwart voor een daar aangekom en sy groot lyf waiter gehou toe hy sien ek sukkel. Die customers het hom gelove.”

Gys gaan in sy gedagtes weer die tydrooster na wat hy al so min of meer begin optrek het. “Het jy enigiets vreemd opgemerk op pad hierheen, Louis? Tussen Kruisbaai en Kierangbaai, bedoel ek.”

Louis droog sy hande af, staan op en druk dit in sy sakke. Sy kaak span.

“Ander mense se doen en late is hulle eie sake, Luitenant.”

“Jy’s reg, maar ons praat van ’n moord wat moontlik daardie dag gepleeg is.” Gys probeer so min as moontlik weggee.

“Wat het die pad tussen Kruisbaai en Kierangbaai uit te waai met ’n lyk wat eers die volgende dag kilometers verder uitgespoel het?”

“Ek sal daardie afleiding net kan maak as ek weet wat jy gesien het.” Gys doen sy bes om geduldig te bly.

Louis sug diep en kyk af na sy seilskoene. Hy bly ’n ruk so staan voor hy na Gys kyk. “Ek wil nie moeilikheid vir ander mense maak nie.”

“Dis nie te sê dat jy vir iemand moeilikheid maak nie. Jy kan hulle dalk juis help.”

“Oukei, Charlie se Jeep het by Koostrand gestaan toe ek daar verbygery het.”

“Hoekom dink jy dit kan moeilikheid beteken vir hom? Hy snorkel mos oral rond om sy roetes uit te werk?” hou Gys hom onskuldig.

“Oh, my word,” tjipt Robert in. “Is Koostrand nie waar Charlie en Zita mekaar ...”

“Shut up, Robert. Die luitenant is reg. Hy het al daar gaan snorkel.” Die kyk wat Louis Robert gee, gaan Gys nie verby nie.

“H’m, en volgens Miempie vir Zita daar gekry,” hou Robert vol.

Gys weet hy sal moet rigting gee aan ’n gesprek wat bes moontlik tot ’n nuwe oorloggie tussen die twee gaan lei. “Goed, jy sien die Jeep so halftwaalf se kant daar staan. En toe, Louis?”

“Ek het gaan swem. Die gety het al ’n bietjie begin inkom, maar ná ons struweling wou ek my kop skoon kry.”

“Hoe lank het jy geswem?”

“Ek kan regtig nie onthou nie. ’n Hele ruk. Die see was redelik kalm en die gety het nie gevaarlik sterk gestoot nie. Charlie het nog vir my vinger gewys toe hy by Aengel aankom, maar ek het beduie als is reg.”

“En daarna?”

“Ek het ’n rukkie gaan stap en toe ...”

“Waarheen?” wil Gys sonder omhaal weet.

“’n Ent kierangklippe toe, maar die gety het my ingehaal en toe gaan ek maar weer die water in en swem strand toe. Daarna het ek in Rykmanshut gaan stort, ’n rukkie vir Gerbrand gewag, maar hy het nie opgedaag nie. Ek het later eers gehoor hy was heeldag by Rustler’s Cove. In elk geval, toe is ek

terug Kruisbaai toe.”

“Hy het tien oor bleddie twee eers daar aangekom,” verwyf Robert skuinsweg.

“En hoekom stort jy toe nie hier nie? In julle hut nie?”

“Ons het nie warm water hier nie en ná so ’n lang ruk in die see raak mens koud. Ek stort gewoonlik by Gerbrand-hulle nadat ek geswem het.”

Robert snork onderlangs.

“Kry end, Robert, ons het gisteraand alles uitgepraat. Moenie van voor af moeilikheid soek nie.” Louis kyk weer na Gys. “Daar lê ’n storie rond dat ek en Zita iets klandestiens aan die gang gehad het. Dis ’n infame leuen. Vandat ek openlik as gay saam met Robert begin leef het, het ek nog nooit weer aan ’n vrou geraak nie.”

As die man lieg, doen hy dit goed. Sy blik wyk nie voor Gys s’n nie.

“Hoekom is hier nie warm water nie?” vra Gys in die hoop dat die humeure effens sal bedaar.

“Alhoewel Roark kosmetiese restourasie gedoen het, het hy nog nie die hele plek kant en klaar opgeknop nie. Hy beplan om dit volgende jaar te doen, maar het gesê ons is welkom om intussen ’n geiser te laat insit. Ons wil graag eendag woonreg hier koop en merendeels hier woon. Die woonstel langs die restaurant is maar beknop. Ons wil egter nie die geld bestee voor ons nie seker is ons sal kan koop nie. Intussen gebruik ons die donkie wanneer ons hierheen kom, maar dit vat lank om die tenk warm te kry, en as ek net kom swem, is daar nie tyd daarvoor nie.”

“Donkie soos in ’n tenk water wat met ’n vuur warm gemaak word?” maak Gys seker. Hy verbeel hom hy het al van so ’n kontrepsie gehoor.

Louis knik. “Dis hoe die vissers water warm gekry het.”

“Ek sien.” Gys vryf sy hande. “Nou ja, ek sien die mossels wag om skoon te kom. Dankie vir julle tyd.”

“Plesier.”

Die twee stap saam met hom teen die trap af.

Gys wuif vir oulaas en kry sy stryk Rykmanshut toe. Toe hy oor sy skouer loer, staan die twee hom hand om die lyf en agterna kyk.

Verbeel hy hom of lyk Robert opgeruimder, selfs dalk besonder in sy skik, ná Zita se dood? Maar nee, Robert was by die restaurant. Daaroor is geen twyfel nie. Sy personeel, klante en wie weet wie nog sal dit kan bevestig. Tensy hy natuurlik iemand gekry het om sy vuil werk vir hom te doen?

Iemand soos Strandloper?

Roark sien Gys onverrigter sake van Rykmanshut af terugkeer. Hy kan hom seker laat weet Gerbrand sit by Mac sy sorge en verdrink, soos hulle soms doen, maar hy is nie lus om betrokke te raak nie.

Hy is lus vir niks nie. Veral nie vir die gewoel en gewerskaf in sy binneste nie. Sy bekommernis oor Charlie en Pearlie behoort voorrang te kry, maar nee, dis oor Aengel Rousseau dat hy hom staan en kwel. Oor haar wat hy staan en kwyl.

Nooit het hy gedink hy sal jaloers kan wees op 'n gay man nie. Om gay te wees, moet 'n lewe wees wat sy eie hel meebring. En tog sou hy Louis vanmiddag aan sy nek en swembroek wou beetkry en hom in die see smyt.

Ewe lekker staan die twee en gesels, stap ewe rustig saam op die strand en verdwyn dan vir wie weet hoe lank uit die oog. Al waaraan hy kon dink, is: Sê nou Louis is nie so gay as wat hy wil voorgee nie? Sê nou die storie oor hom en Zita is waar?

En dit help nie hy probeer rasideel wees nie. Aan die een kant glo hy Aengel sal nooit eens oorweeg om met die man 'n flirtasie, hoe lig ook al, aan te knoop nie. Aan die ander kant was al waaraan hy kon dink, Louis se oë op daardie gelaatstrekke wat deur die een of ander natuurfrats die perfekte dimensies verkry het. Op die hare wat enige volbloedmeermin haar sal beny. Op daardie lyf wat die perfekte passtuk van sy eie is.

Hy hoef nie eens sy oë toe te maak om haar voor hom te sien, haar Aengelgeur te ruik, die tekstuur van die heuningvel onder sy vingers, sy lippe te voel nie, haar heserige stem te hoor, haar soet mond te proe nie.

Roark onderdruk 'n kreun. Hy is soos 'n bliksemse verliefde tiener. Op sy ouderdom. Nou weet hy hoe Paris oor Helena van Troje gevoel het, maar hy gaan nie so donners onnosel soos Paris wees nie.

As Aengel hom wil kwalik neem oor een klein indiskresie, dit wat tussen hulle moontlik is daaroor wil staan en weggooi en hom boonop verdink van 'n tweede agenda, is die kool die sous nie werd nie. Maak nie saak wat sy lyf aan hom opdring nie. Maak nie saak dat dit voel asof sy sintuie nooit weer dieselfde sal kan funksioneer nie. Maak nie saak dat sy intuïsie vir hom sê hy is verdoem tot 'n lewe waarin niks meer dieselfde is as voor daardie goddelike ruk in haar bed nie.

Hemel, dit klink asof hy uit 'n Shakespeare-stuk ontsnap het.
Nee, fok dit. En fok Aengel Rousseau.

AGTIEN

6 Desember — middag

Fortuin het polisielint om die terrein gespan en ook reeds kwadrante met tou uitgelê, sien Gys toe hy by Koostrand aankom. Soos hy reeds afgelei het van die merke in die sand, is die area onder die oorhang nog droog al is dit hoogwater. Dis ook beskut teen veral die Suidooster.

Dis 'n kleinerige oppervlak en die sand nie diep nie, besef Gys toe hy die rotsbodem hier en daar sien deurskemer waar Fortuin reeds gesif het. Dit lyk asof Fortuin al besig is met die derde kwadrant.

“Enigiets?” roep hy bo die gedruis van die branders uit.

Fortuin kyk vinnig op, haal iets uit 'n sak en gooi dit na hom toe.

Gys kyk na die sigaretstompie in die plastiek-ritssakkie. Craven A. En daar is jou waarlikwaar lipstiffie aan. Selfs al stem dit ooreen met die DNA van die stompies in die huis en met Zita se lykskouingmonsters, help dit ongelukkig nie veel nie. As dit egter nie ooreenstem met Zita se DNA nie, kan hulle dalk begin besigheid praat. Hy gee die sakkie terug en lig sy wenkbroue.

Fortuin, die klein swernoot, glimlag en gooi vir hom nog 'n sakkie. Gys bekyk die dingetjie van alle kante. Lyk soos 'n oorbelletjie. Van die soort waarvoor meisiekinders gate in hulle ore boor. Die pennetjie wat deur die gaatjie moet steek, is gebuig. Kan op 'n worsteling dui, maar dalk ook nie. Sy kon dit gewoonweg verloor het. As dit Zita s'n is. Beter as die stompie, maar nog nie veel van 'n bewysstuk nie.

Fortuin vee sy lateksbedekte hande aan sy broek af en ryg iets uit sy hemsak. Nog 'n plastieksakkie.

Gys gryp dit ergerlik uit sy hande uit. Nog 'n stompie. Gauloise. Filterloos.

Kon dit nie maar 'n Marlboro gewees het nie? Robert s'n kon dit nie gewees het nie. Louis? Hy rook nou wel filtersigarette, maar kon sekerlik een van Robert s'n gevat het as syne dalk opgeraak het?

Maar dis ook nie te sê die stompie het juis Vrydag daar beland nie. Dit kan al wie weet hoe lank daar lê. 'n Aanduiding dat iemand hier 'n Gauloise gerook het, is al wat dit is. Selfs al kan hulle DNA kry en met die regte persoon s'n korreleer, sal niemand kan vasstel presies wanneer die sigaret gerook is nie. Die hof sal dit uitgooi voor jy kan sê mes. En tog, daardie gevoelentheid van hom praat. As hy net vervloeks kan hoor wat dit sê.

“Goeie werk, Fortuin.” Hy gee die sakkie vir hom terug.

Fortuin knik. “Ek weet dit bewys niks nie, maar ek wêét, Luitenant. Ek sal my kop op 'n blok sit die persoon wat hierdie sigaret doodgedruk het, het ook die lewe uit Zita Malherbe gopers.”

As dit nie so 'n makaber was nie, sou hy kon lag kry vir Fortuintjie se dramatiese stelling. “In watter kwadrant het jy dit gekry?”

Fortuin haal sy boekie uit en wys na die sketse wat hy gemaak het. “Die Menthol-stompie en oorbel in die tweede, en die Gauloise net voor jy gekom het in die derde. Ek het ook 'n paar lang hare in verskillende kwadrante gekry, lyk rooibruinerig. En 'n afgebreekte nael nog met naellak op, ook in die tweede kwadrant.”

Gys sug. Al wat hulle onteenseglik kan bewys, is wat hulle reeds uit Charlie en Pearlle se verklarings weet: Zita was hier. Hare en oorbelletjies val uit en naels breek. Sigarette is hier gerook. En dis al. Boonop was sy by meer as een geleentheid hier. Nie alles wat Fortuin gekry het, het noodwendig op een dag hier beland nie. “Hoe lank nog voordat ons kan opstap grot toe?” Gelukkig is dit van hier af nie te ver na die plek waar hulle gaan begin opklim boontoe nie.

“'n Uur of wat.”

“Nou toe, laat ons kyk of ons die plek kan klaar sif.” Hy haal 'n paar handskoene uit die rugsak en trek dit met 'n ander soort sug aan. Hy hoop sy rug hou dit.

Aengel was die hars van haar hande af in die skuur se wasbakkie en spoel sommer die perlemoenskulp waarin Robert sy sigarette doodgedruk het ook uit. Sy moet die drommetjie saamvat waarin sy die stompies uitgekeer het. Die goed stink.

Die skuifraam wat sy oop vergeet het, druk sy toe en sit die knip op. Op die blad onder die venster het sand ingewaai. Sy vee die korrels met die

handdoekie in haar bakhand en vryf dit ook in die drommetjie in.

Op pad uit bekijk sy eers die suikerlepels wat nou moet droog word. Dis nie vreeslik prakties nie, maar dit gaan oulik lyk in die restaurant.

Met laagwater sal sy weer gaan soek vir groter patellas. Twee van dié wat sy in die inhammetjie opgetel het, is reg vir slaaielapels, maar sy het nog net in een hoek gesoek.

Die muurhorlosie, wat een van haar eerste pogings was om goed uit skulpe te maak, wys dis net ná vyf. Dankie tog sy het die verstand gehad om in te sien die ding is so kitsch soos môre heeldag en het nie weer een gemaak nie. Maar dit hou goed tyd en die wysers verseker haar op hierdie oomblik dis nie te vroeg vir 'n glas wyn nie.

Sy kyk verlangend na haar rekenaar toe sy binnetoe stap, maar weerstaan die versoeking om te probeer Skype. Lika gee op die oomblik die pas aan en daarmee sal sy net eenvoudig moet vir lief neem.

Die stoepie is te winderig en sy krul haar in 'n leunstoel in die woonkamer op met Annie se dagboek.

Dis gou duidelik waarom daar so 'n lang tyd verloop het ná die laaste inskrywing. Maande later vertel Angelique wat daardie middag na die insident met die halssnoer gebeur het.

Gerbrand kommandeer haar om saam met hom te gaan stap. Angelique sukkel om by te hou, maar as sy agter raak, vreet Gerbrand haar uit en sleep haar aan die arm agter hom aan. Hulle stap volgens Jeanne se vertaling “myle aaneen” voor hulle by 'n gebergte met die naam Dreunkrans kom. Angelique weier aanvanklik om teen die steiltes uit te klim, maar Gerbrand forseer haar. Net voor skemer kom hulle heel bo, waar 'n rotpunt oor die see hang.

Dreunkrans is Springklip, besef Aengel, hy het haar wraggies Springklip toe geneem. Na die krans toe wat sy skadu oor Kruisbaai gooi. Die inligting op die Kruisbaai-webwerf waarop al die verskillende weergawes van die Visvrou-legende weergegee word en wat sy al tot vervelens toe bestudeer het, het haar 'n goeie idee gegee van wat om nou te verwag.

Van Dreunkrans af, skryf Angelique, kan mens die hele oseaan en die einde daarvan ook sien. Angelique neem aan dis waar Gerbrand vir die veldkornet wil skuil, maar toe sy in sy oë kyk, besef sy wat hy van plan is om te doen. Sy sit haar teë, maar in die worsteling gly sy en Gerbrand stamp haar tot op die rand. Sy klou vir lewe en dood aan 'n uitsteekrots, maar weet Gerbrand gaan klaarmaak wat hy begin het.

“Mag jy en al die Niemands en julle nageslagte vir ewig vervloek wees!” roep sy uit net voor hy haar die finale stamp gee.

Al weet Aengel Angelique moes die val oorleef het, gaan haar hand na haar mond.

Angelique beskryf die gevoel toe sy deur die lug trek en besef dis die einde, maar kan nie veel onthou van wat daarna gebeur het nie. Die medisynevrou sê haar later sy het hulle gevolg en gesien wat gebeur. Sy het sonder veel hoop weer ondertoe gehardloop. Die maan was half en al was dit hooggety, was dit nie die verwoestende soort see wat dit kon wees nie. Dit het Angelique gered.

Die medisynevrou het haar uit die see gehaal, onder ’n oorhangende rots ingetrek, haar versorg sover sy kon en die nag oor haar gewaak. Die volgende dag toe sy Gerbrand met krom skouers sien terugstap, neem sy Angelique na ’n grot waar sy haar so gerieflik as moontlik maak. Toe is sy daar weg om haar kruiemiddels te gaan haal, en die knapsak uit Gerbrand se hut te steel, maar dié moes sy eers begrawe omdat sy nie alles kon dra nie. Net die kos en Annie se “papiere” bring sy saam; laasgenoemde omdat sy besef dit sal vergaan as dit te lank begrawe bly.

Angelique verloor wonder bo wonder nie die baba nie, maar is soos ’n zombie. Sy kan of wil nie praat nie, sit net voor haar en uitkyk. Haar arm het ’n diep sny en sy is vol skrape en kleiner snye, maar die grootste wond lê in haar binneste.

Dae later toe sy sterk genoeg is, kry die medisynevrou haar sover om weer te begin stap om oefening te kry, en kort daarna durf hulle ’n tog aan wat drie dae neem. In Goringgat, ’n grot tussen die berge met ’n vyeboom wat die ingang verskuil, rig sy haar en Annie in vir ’n lang verblyf. Daar is genoeg veldkos en die grot is naby ’n duineveld geleë waar sy ook duinemolle in haar strikke kan vang. Dassies is ook maklike prooi. Van die molvelle wat sy sag brei, maak sy vir Annie ’n karos en later vir haarself een van dassievelle. En toe Annie se tyd nader kom, maak sy een vir die baba waarvoor sy van albei velle gebruik.

Die dogtertjie is gesond en honger, maar Annie het nie melk nie.

Aengel se oë vlieg oor die letters, lees hoe die medisynevrou met die baba terug is na haar mense toe. Daar het sy ’n jongmeisie in melk gekry, dié se baba vir ’n ander soogma gegee en Annieskind aan haar bors gesit.

Saam met die jong soogmoeder neem die medisynevrou Annieskind terug

na haar ma toe. In die grot is Annie nog skaars lewend. Aan die kos wat vir haar agtergelaat is, het sy feitlik nie geëet nie, net water het sy gedrink. Eers toe sy haar baba sien, begin sy weer eet en sterk word.

Aengel se snesie is sopnat toe sy die boek toeklap. Liewe hel, dis genoeg om mens se polse oor te sny, besluit sy wrewelrig en gaan maak vir haar 'n lekker vet slaai met volop kaas en avokadopeer in.

Roark sien Fortuin in Gys se bakkie wegry nadat hy die luitenant by die verskoning vir 'n Jetta afgelaai het. Hy wonder nog hieroor toe sy foon lui.

“Roark, Gys Niemand hier. Ek was eintlik op pad na jou toe, maar ek is te flou.”

Hy kyk af na Gys waar dié met sy foon teen sy oor staan. Hy tree terug sodat Gys hom nie sien nie. “Ek het gesien julle is grot toe. Skort daar iets?”

“Nie regtig nie, behalwe dat daar niemand is nie en dit lyk ook nie asof Strandloper gisteraand daar was nie, of ten minste nie vuur gemaak het nie. Hy moet egter gister deur die dag hier gewees het want 'n bladsy van die Sondagkoerant lê in die grot. Weet jy dalk waar hy kan heen wees?”

“Geen idee nie, maar dis sy ou laai om te kom en te gaan. Soms bly hy vir weke weg.”

“H'm,” brom Gys. Hy klink moeg en gatvol. “Weet jy dalk wat hy agter in die grot soek?”

“Hoe bedoel jy nou?”

“Nee, daar is uitgrawings. Sommer so rond en bont, maar op een plek is daar 'n gat wat diep lyk.”

Roark kry amper hartstilstand. “Hoe groot?”

“Die gat is so een en 'n halwe meter by 'n meter, skat ek. Lyk darem nie asof hy 'n graf probeer grawe het nie. Ons kon egter nie veel uitmaak nie. Ook nie hoe diep dit is nie. Ek het ongelukkig nie daaraan gedink om 'n flits saam te neem nie en dis maar donker daar agterin. Daar lê skulpe en goed rond, dis al wat ek kon sien.”

“Miskien het hy Annie-se-skat gekry.” Roark hoop hy klink spottend genoeg.

“Kyk, Roark, ek is lyfseer en vrek moeg. Ek is nie lus vir grappies nie. Weet jy waar die swerkater kan wees? Ons dink dis hy wat Aengel vanoggend drieuur staan en afloer het en ek is nie lekker daarmee nie, al het

sy nou 'n gordyn of 'n ding voor die venster gehang.”

Die foon val amper uit sy hand. “Hy het wat?”

'n Blinde woede groei in hom terwyl Gys die situasie vir hom skets. Die hardegat klein pes! Kon sy hom nie daarvan gesê het nie?

“In elk geval, laat weet my asseblief as jy hom gewaar. En ek wil veral weet waar hy aan sy sigarette gekom het.”

“Sover ek weet, rol hy sy eie.” Die woorde kom vanself, sy gedagtes nog by Aengel.

“Wel, dan het hy êrens 'n gelukkie opgetel, want hy het onlangs nog Gauloise filterloos gerook.”

Gys sê dit asof dit iets beteken, maar Strandloper se rookgewoontes is die laaste van Roark se probleme. “Vra vir Louis of Robert. Ek dink hulle rook ingevoerde goed. Miskien het hulle vir hom gegee.”

“Kan ek jou 'n guns vra? Sal jy vir Aengel gaan sê wat aangaan? En haar op die hart druk om niks met Strandloper te doen te hê nie. Ek moet nog vir Gerbrand gou iets gaan vra, en dan soek ek 'n bord kos en 'n bed.”

Roark tree weer nader aan die balkonreling en sien Gys trek al verby Klipvis op pad na Rykmanshut toe. “Gerbrand is by Mac. Jy sal nie veel uit hulle kry nie. Hulle kuier al heelmiddag. Die twee saam gee net 'n gesuipt af.”

Gys steek vas en kyk balkon toe. “Dan moet dit maar wag tot môre. Maar laat weet my asseblief van Strandloper, al vermoed jy net hy is terug. En ek sal bly wees as jy Aengel kan waarsku. My rug is vandag behoorlik af.”

“Ek maak so. Ek sal nou onmiddellik na Aengel toe gaan.”

Nadat hy gegroet en sy foon in sy sak gedruk het, kyk Gys af na sy vuil hande, toe op na die vissershuis naaste aan hom. Charlie sit op die stoep met sy voete op die stoepmuur. Gys stap nader.

“Charlie, gee jy om as ek net gou my hande hier by julle was?”

Charlie laat sak sy voete en sit regop. “Be my guest.” Hy beduie na 'n deur wat vanuit die stoep na 'n vertrek lei.

Die badkamertjie is primitief, maar daar is darem seep en water en 'n handdoek. En 'n spoeltoilet.

“Ons hoop om eendag woonreg te kan koop. Dan sal ons eers kan dink aan die volle restourasie,” sê Charlie toe Gys uitkom. Dit klink asof Charlie verskoning maak. “Ons wil baie graag uit my skoonpa se huis op Kruisbaai

trek, maar met Lulie is dit moeilik terwyl dit hier nog so basic is. Veral met net die donkie vir warm water. 'n Bietjie van 'n Catch-22, maar noudat ons gesien het wat Aengel reggekry het met die restourasie, het ons weer moed." Sy hand gaan na die tafel en hy skud vir hom 'n sigaret uit 'n ligblou pakkie.

Selfs sonder sy leesbril kan Gys die gewraakte naam op die pakkie lees. Gauloise.

"Ek het nie geweet jy rook nie?"

"Ek het opgehou." Charlie stamp die filterlose sigaret teen die agterkant van sy hand en sit dit tussen sy lippe, voel vir die aansteker wat langsaan lê en steek aan. Hy spoeg 'n stukkie twak uit. "Maar op 'n dag soos vandag is mens se weerstand laag. Ek het 'n pakkie by Robert gaan leen, anders sou ek mal geword het."

Gys knik. Vervloeks! Eers Strandloper en nou Charlie. En hy was juis so opgewonde toe hy die stompies in die grot sien lê het, al het Fortuin korte mette gemaak met sy vermoedens dat Robert vir Strandloper gekry het om Zita uit die weg te ruim. Wat van Miempie dan, het Fortuin gevra, waarom sou Robert vir Miempie wou vermoor?

"Gelukkig het hy altyd genoeg by hom," sê Charlie. "Kettingrook mos as hy nie in die restaurant besig is nie. Almal hier rond weet dit en almal bum by hom."

"Met wie ... O. Luitenant."

Gys swaai om na waar Pearlle in die deur huiwer.

"Naand, Pearlle."

Sy knik net en stap na die tafel, vroetel ook 'n sigaret uit die pakkie. "Het jy 'n light?" vra sy vir Charlie, wat vir haar aansteek. Sy pik 'n stukkie twak ergerlik van haar tong af. "Ek haat die goed," sê sy vir niemand in die besonder nie. "Ek rook eintlik net menthols," sê sy dan vir Gys.

"Craven A?" vra Gys.

Sy haal haar skouers op. "Enige brand, solank dit menthol is, maar ook net nou en dan. Ek is 'n social roker en sal nooit voor Lulie rook nie." Sy klink verdedigend. "Maar soos ek vanaand voel, sal ek boom ook rook." Sy gee Gys 'n beskuldigende kyk asof sy hom kwalik neem dat sy 'n slegte dag gehad het en struikel effens voor sy sonder 'n druppel grasie in die stoepstoel neersak. "Ag, Charlie, ek het my glas in die kombuis vergeet. Gaan haal vir my asseblief? Refill sommer ook."

Charlie se wange raak effens rooier toe hy opstaan. "Verskoon ons maar

vanaand. Ons is nie onself nie.”

Gys knik. “Julle het ’n moeilike dag agter die rug. Ek ook. Lekker aand verder.”

Sit ’n dak oor Kierangbaai en dis ’n kroeg waar elke vervloekste mens met ’n dop in die een hand en ’n sigaret in die ander sit, dink hy wrewelrig toe hy na die Jetta toe stap.

Eintlik brand hy om daardie sigaret uit Pearlíe se hand te pluk sodat die DNA vergelyk kan word met die een by Koostrand, maar dit sal natuurlik nie deug nie. Geduld. Dis al wat werk in hierdie beroep.

Sy en Fortuintjie se harde werk daar by Koostrand gaan net mooi niks help as hulle nie DNA op die twee stompies kry nie, en selfs al kry hulle dit, beteken dit weinig. Net sigaretstompies gaan nie hierdie wa deur die drif kry nie. Hulle het veel meer as dit nodig.

Maar as toetse bewys dis nie Zita se DNA op die Menthol-stompie van Koostrand nie, sal hy Pearlíe definitief vir ’n monster kan vra. Dan kan sy nog steeds weier, maar elke stappie nader aan die doel help.

Nadat Aengel geëet en opgeruim het, kan sy nie die versoeking weerstaan om verder te lees nie.

Die lewe in die grot is redelik gemaklik, maar Angelique-hulle kan nie daar bly nie. Die medisynevrou besluit om Angelique en die baba na Gerbrand se ouers te neem sodat hulle die twee kan versorg. Die soogmoeder moet weer by haar eie baba kom en die medisynevrou mis haar mense. Sy het gedoen wat sy kon.

Angelique skop eers daarteen, maar besef uiteindelik dis die enigste oplossing. Die staptog Verkeerdelei toe neem amper twee weke. Angelique is uitgeteer en siek toe hulle daar aankom, by tye ylend en nie seker waar sy haar bevind nie.

Maande later beskryf sy die agterdog en vyandigheid waarmee die Niemands haar bejeën, en hoe Gerbrand se broer Jakobus na haar kyk. Later blyk dit hy het dadelik die mooi jong vrou onder die vodde raakgesien en in die Verkeerdelei-omgewing was daar min vrouens, en nie een so mooi soos Angelique nie, maar dit het sy nie in daardie stadium besef nie.

Die pa gee toestemming dat Angelique mag bly, maar die kind is nie welkom nie. Vir al wat hulle weet, is dit ’n basterkind. Hy dreig die

medisynevrou met die Hottentot Proklamasie, sê hy sal haar aangee omdat sy nie 'n pas of werkgewersertifikaat het nie en jaag haar weg. Angelique keer nie toe die medisynevrou saam met die soogmoeder en dogtertjie die tog terug Kierangbaai toe aanpak nie.

Sy besef egter eers wat die Niemands se planne is toe 'n sendeling by hulle opdaag en vir haar en Jakobus op 18 November 1816 sonder veel seremonie trou. Die volgende dag vertrek hulle per ossewa na Jakobus se plaas Jagtershoek toe.

Dis eers 'n week ná hierdie datum dat Angelique weer begin skryf aan haar dagboek. Sy verhaal alles wat gebeur het tussen die dag toe Gerbrand haar met die kissie betrap het tot op die dag van haar troue met sy broer. Asof die werklikheid vir die eerste keer weer tot haar begin deurdring het. Of miskien omdat sy toe eers weer papier in die hande kon kry.

25 November 1816

Jagtershoek

Jakobus is nie wreed en vieslik soos Gerbrand nie, maar ek voel soos 'n gebruiksartikel, nie 'n mens nie — wat nog te sê 'n vrou. Jakobus is 'n eenvoudige man met eenvoudige behoeftes en ek haat hom daarvoor. Ek haat sy ouers, ek haat die plaas met sy hartbeeshuisie en ek haat hierdie onerbarmlike land. Ek wens ek was dood.

Die harde klop aan Aengel se agterdeur laat haar orent vlieg. Sy was so meegevoer dat sy skoon vergeet het waar sy was. In haar kop was sy saam met Angelique op daardie sonverskroeiende plaas. Met haar hand op haar dawerende hart stap sy agterdeur toe en ruk van die skrik toe daar weer gehamer word.

“Aengel! Dis ek, Roark.” Die ongeduld spreek duidelik uit sy stem.

Aengel maak haar oë toe. Hy het teruggekom soos sy gehoop het, maar wat nou? Sien sy kans hiervoor?

Roark voel die ergernis deur hom pomp toe hy uiteindelik haar ligte voetval aan die ander kant van die deur hoor. Sy op- en aflopery in sy studeerkamer nadat hy besef het wat hy hom met sy belofte aan Gys op die hals gehaal het, het nie helderheid gebring nie. Dis goed en wel om vir Gys Niemand te sê hy

sal sy boodskap aan Aengel kom oordra, maar op daardie oomblik het hy nie besef dit sal beteken hy gaan dan terug op wat hy gister gesê het nie. Dat sy die een is wat na hom toe moet kom as sy haar nonsens laat staan nie.

Hy hoor die sleutel in die slot draai en staal hom teen die impak wat die ellendige vroumens elke keer op hom het. Sy maak net die bodeur oop en staan 'n tree terug.

“Roark?” Die lig val sag op die welige hare. Haar oë is in die skadu. Die jeans en katoentruitjie verberg niks van die rondings wat hy nog onder sy hande kan voel nie.

“Moenie aannames maak nie. Ek is net hier omdat Gys Niemand my gestuur het om jou teen Strandloper te waarsku.” Dit kom ongeskikter uit as wat hy beplan het.

Haar skouers trek effens agteroor en haar ken lig 'n aks. “Watse aannames sal ek dan nou wil maak?” vra sy en hy vermoed die heesheid in haar stem het meer met ergernis as enigiets anders te doen.

“Dat ek om enige ander rede hier is as om jou te sê ek dink jy is 'n hardkoppige klein pes wat te domastrant is om te besef waarmee jy te doen het. Wat gaan aan met jou? Beteken die woord ‘moord’ vir jou niks nie? Hoekom het jy my nie gebel nie? Wou jy wag tot Strandloper jou aan die keel beethet? Want dan, Aengel, sou dit te verdomp laat gewees het.”

“Die luitenant het jou sekerlik ook gesê dit was drieuur in die oggend, Roark. Mens bel nie iemand daardie tyd van die dag as dit nie regtig nood is nie. En op die aarde niks het gebeur behalwe dat hy vir my moes gekyk het nie. Hy het nie eens soos sekere mense wat ek ken, 'n privaat gesprek afgeluister nie. Net gekyk terwyl ek sit en lees.”

Hy ignoreer die aanklag. “En dis nie vir jou vreemd dat iemand jou dophou nie? Daardie tyd van die oggend boonop?”

“Natuurlik is dit.”

“En jy dink nie hy het sit en wag tot jy klaar gelees het en weer bed toe gaan omdat hy daarna wou probeer inkom en doen wat ook al hy van plan was om te doen nie? Dat hy net gevlug het omdat hy besef het jy't hom raakgesien nie?”

“Daar sê jy dit. Hy het gevlug. Hoekom moes ek jou dan nog bel?”

“Jy moes my verdomp gebel het toe jy die verdagte geluid gehoor het, magtag!” Hy vroetel die onderdeur se skuif oop en stap binnetoe.

Sy retireer. “Ek het jou nie binnegenooi nie.”

Hy stamp die deur agter hom toe en stap verby haar kombuis toe. Voor die skuifvenster gaan hy staan. Daar hang 'n bamboesrolblinder voor.

“Buitendien, ek dag ek mag jou net bel as ek, en ek haal min of meer aan ‘tot my sinne gekom en besluit het ons kan verder voer wat ons begin het’,” sê sy agter hom. “Wel, Roark, ek het nie tot my sinne gekom nie.”

Hy swaai om. “Magtag, Aengel! Ons klein tête-à-tête is nie ter sake as daar gevaar is nie. En jy kon my gerus ook maar gevra het om dié ding,” hy beduie met sy duim oor sy skouer, “vir jou te hang, dan sou dit ten minste nie so skeef gehang het nie.”

“Ons klein tête-à-tête?” Haar oë skiet nie vonke nie, dit vuur kartetse af. “En los my handewerk uit. Ek is heeltemal gelukkig daarmee soos dit is. Ek, Roark O’Shea, het nie vir jou of enigiemand anders in my lewe nodig nie. Gaan speel Opperwese in ander mense se lewe. Gaan tête-à-tête met wie jy wil en na hartelus, of gaan soek jou simpel uitspoelgoed. Los my net verdomp uit!”

Hy wag tot sy uitasem stilbly, weet hy het 'n moerse strategiese flater begaan. “Hoe gaan dit met Lika?” vra hy met al die kalmte wat hy bymekaar kan skraap.

Haar mond val effentjies oop. Die kartetse doof en word vervang met 'n mistigheid. “Ook dit het niks met jou te doen nie.” Haar stem is laag, haar onderlip bewe effens. “Jy het jou boodskap oorgedra. Nag, Roark.”

Hy wil haar teen hom aantrek, vir haar sê dit was allesbehalwe 'n klein tête-à-tête, dat hy haar met Lika wil help, dat hy haar wil beskerm, maar hy bly net staan en kyk af na haar.

“Nag, Roark.”

Hy knik en stap verby haar. “Kom sluit die deur agter my.”

Die koperdeurknop is koel onder sy hand. Hy kry dit amper reg om na sy gesonde verstand te luister. Maar nie heeltemal nie. Hy swaai om, vou haar in sy arms toe en soen haar tot sy na haar asem moet snak. “Nag, Aengel.”

Die naglug is koel toe hy kliphuis toe stap. Die slag waarmee sy die deur agter hom laat toedawer, vibreer nog in sy ore. Vir die eerste keer in hierdie lang dag glimlag hy.

NEGENTIEN

7 Desember — vroegoggend

Sy hoop nie dit gaan 'n gewoonte raak nie, dink Aengel toe sy uit haar rustelose slaap wakker word en sien dis nog nie eens sesuur nie. 'n Oggendmens was sy nog altyd, maar dis darem nou wragtig nie nodig dat sy hierdie tyd van die oggend opstaan nie.

Al gapende strek sy haar uit, gaan loop 'n draai en klim weer in die bed. Die slaap wil egter nie kom nie. Gedagtes aan die vorige aand wel. Uiteindelik tel sy die dagboek op waar sy dit gisteraand op haar bedkassie gesit het, ná 'n vrugtelose poging om haar aandag van Roark se besoek af te lei.

'n Vluchtige herlees herinner haar dat sy opgehou het waar Angelique ses maande ná haar troue besef sy verwag weer.

Die lewe op die plaas is swaar. Jakobus is nie 'n suksesvolle boer nie en hulle word geteister deur droogte en veesiektes asook veediefstalle. Vrese vir aanvalle deur plunderaars bly in die agtergrond huiwer. Kort voor Kersfees word André Jacques gebore. Jakobus stry oor die naam, maar sy wen die argument. In Maart 1818 word die kind gedoop.

Terug op die plaas oortuig Angelique vir Jakobus sy kan nie toegee aan sy huwelikseise voor die kind gespeen is nie. Watse storie sy vir hom opgedis het, sê sy nie.

Jakobus gaan by tye vir weke, soms selfs maande, weg om gesteelde vee te probeer terug kry. Angelique bly agter met die slawe en moet saam met hulle sorg vir die vee wat oorgebly het. Soms verdwyn vee steeds, en soms van die slawe. Een van die gekerstende Khoi-vrouens is haar egter goedgesind en 'n prekêre vriendskap ontstaan tussen hulle. Die vrou vertel haar van die omgewing, ook van die Morawiese sendingstasie by Bidbos, 'n week of wat se stap daarvandaan. As sy daarheen wil gaan, waarsku sy Angelique egter, sal sy deur Aobsbosje moet gaan, en die kleinerige woud is met goeie rede na

slange vernoem.

Aan die einde van 1819, na nog een van sy togte, keer Jakobus terug, eis dat Angelique André klaar speen en beskuldig haar daarvan dat sy die kind soos “’n meisie” grootmaak. Hy skeer die seuntjie se krullebol af, maak ’n soort rugsak waarin die kind pas en begin hom saamneem waarheen hy ook al gaan.

Dis toe André een oggend haar bors wegklap dat sy besef: *My kind gaan ’n Jakobus word, selfs ’n Gerbrand dalk, en daar is niks wat ek daaraan kan doen nie. Ek het immers self die vloek oor die Niemands en hulle nageslag uitgespreek. Hoe kon ek weet dat ek daarmee ook my eie kinders sou vervloek? Miskien sou dit beter gewees het as ek nie die val oorleef het nie.*

Daardie aand dwing Jakobus sy huweliksregte op haar af.

Die volgende oggend vat hy weer die kind met hom saam. Toe hy die aand terugkom, is die kind nie by hom nie. Hy het hom by sy ouers gelos sodat hy soos ’n man kan grootword, weg van Angelique se uitlandse invloed.

Angelique gebruik die hele volgende dag om haar voor te berei vir haar vlug. *Ek moet my kind agterlaat om ’n Niemand te word en die vloek daarvan te dra, maar ek kan nie toelaat dat ek nog ’n kind voortbring onder die vloek nie.*

Aengel maak haar oë toe, probeer haar indink hoe ver Angelique gedryf moet gewees het om haar seuntjie daar te los. Hoe dit sou voel om Lika op ’n ietsie oor die twee jaar aan haar lot oor te laat? “Nee, Annie, dit begryp ek nie,” prewel sy.

Ek het nie ja gesê die dag van my huwelik nie, lees Aengel ’n entjie verder. Hoe kon ek? Ek is aan Armand belowe. Die sendeling het nie aangedring op my antwoord nie, net die eg as bevestig verklaar. Ek is nie ’n Niemand nie. En ek is ook nie niemand nie. Ek weet nou ek is nie die enigste vrou in die wêreld met blonde hare en blou oë soos Papa vir my gesê het nie, maar ek is steeds Angelique d’Avignon. Ek is iemand!

Angelique wag die dag daarna tot Jakobus weer veld toe gaan, kry haar goed waar sy dit ’n ent van die huis af versteek het en haar vlugtog begin. Drie dae later bereik sy Aobsbosje waar sy vir die eerste keer weer haar watersak kan volmaak by die oog van ’n riviértjie. Dis egter ook waar Jakobus haar opspoor. ’n Skermutseling ontstaan.

Dis daar waar ek my leersakkie met fanafody tsara moes verloor het, skryf sy dae later asof dit belangriker is as die uiteinde van die skermutseling.

Belangriker as die feit dat sy Jakobus met 'n stomp oor die kop geslaan en die stomp die bosse ingegooi het toe hy bly lê. Belangriker as die feit dat sy, net voor sy verder gevlug het, gesien het hoe 'n slang uit die bos pyl en Jakobus pik terwyl hy probeer regop kom.

Amper saaklik skryf sy hoe hy 'n ent agter haar aangestrompel het, maar kort daarna geval en nie weer opgestaan het nie. *Jakobus is dood. Ek, wat my nooit as getroud beskou het nie, is nou 'n weduwee. Ek is nou uiteindelik weer vry.*

“En op daardie hoë noot, Annie, het ek 'n stort nodig,” sê Aengel hardop en maak die boek toe. Sy het 'n mate van simpatie met haar voorsaot, maar Annie se koelbloedigheid laat haar naer voel.

Terwyl sy nog afdroog, lui haar selfoon in die kamer. As dit Roark is, kan hy gaan slaap. As dit iemand anders is, kan sy die persoon terugbel, besluit sy. Sy trek op haar tyd aan en maak eers 'n koppie koffie voor sy kyk wie dit was.

Toe sy Gabrielle se naam sien by die SMS wat aankondig dat sy 'n boodskap het, bel sy dadelik 121.

Die stemboodskap is kort, kragtig en raaiselagtig. “Ek is nie blind vir jou foute nie, Aengel, maar ek het nooit gedink gemeenheid is een daarvan nie. En ook nie dat jy 'n heilige belofte aan jou ma sou verbreek nie. Bel my.”

Aengel staan soos 'n standbeeld, hoor skaars dat die meganiese stem sê dis die einde van haar nuwe boodskappe en watse nommers sy waarvoor moet druk.

Hoe weet Gabrielle van die belofte wat sy aan haar ma afgelê het? Buitendien, dis 'n belofte wat sy gehou het. Die kruks daarvan, in elk geval. Sy het nie vir Lika gesê waarom Fourie eintlik selfmoord gepleeg het nie. En Gabrielle weet ook nie. Gabrielle is nie eens veronderstel om te weet Fourie is Lika se pa nie.

Aanvanklik het sy gedink net haar ma weet Fourie se naam het op Lika se eerste geboortesertifikaat gestaan. Later het sy besef François weet ook, al is dit nooit tussen hulle genoem nie. Dat dit is hoekom hy so beskermend teenoor Lika is en verantwoordelik vir haar voel. Maar net by Nadia het Aengel ná Lika se geboorte gebieg dat Fourie hom op haar afgedwing het. Haar ma het haar nie net beveel om die geboortesertifikaat vals te verklaar en te verander nie, maar ook om stil te bly oor die omstandighede van Lika se konsepsie, asook moontlike redes vir Fourie se selfmoord.

Dit sou immers die komende huwelik tussen François en Gabrielle in die wiele kon ry. En dit kon nie gebeur nie, want Du Randtshof het oor die water en ekstra wingerde beskik wat Libertalia nodig gehad het om die spogplaas in die omgewing te bly.

En ná die spogtroue het Nadia haar weer ingeroep en haar met haar hand op die Bybel laat sweer dat sy nooit die volle waarheid sou vertel nie. Dit sou François en Gabrielle se huweliksgeluk kon vernietig as die Du Randts uitvind wat Aengel beweër. Hulle sal die Rousseaus dalk nog kan vergewe dat Aengel vir Fourie verlei het, maar nie as sy hom beskuldig en sê dit was teen haar wil nie.

Daar is net een manier om uit te vind wat Gabrielle met haar boodskap bedoel het.

“Aengel! Wat het jou besiel!” roep Gabrielle uit sonder om eens te groet.

“Ek sal jou net kan sê as jy vir my sê waarvan jy praat.” Aengel hoop Gabrielle hoor nie die bewing in haar stem nie.

“Lika het François ge-Skype. Sy wou alles weet van Fourie. Dit kan net beteken jy het haar vertel. Hy is verskriklik ontstig.”

“Wat vertel, Gabrielle?”

“Dat Fourie haar pa was, natuurlik.”

Aengel bly lank stil terwyl die woorde tussen hulle hang en die implikasies daarvan uitbroei. “Jy weet dus?” sê Aengel uiteindelik. Sy voel skielik oneindig moeg.

“François het my ’n ruk na ons getroud is, vertel dat jy Fourie verlei het. Hy wil dit nie wyd en syd verkondig hê nie. En Moeder het die dag van haar dood nog vir my gesê jy het ’n belofte afgelê om Lika nooit te vertel nie.”

“Sou jy eerder wou gehad het Lika moet wyd en syd verkondig dat François haar pa is?” is al wat sy uitkry.

“Wat? Moenie belaglik wees nie, Aengel. Wat het in jou gevaar? Dreig jy ons nou omdat François ...” Gabrielle is op die grens van histerie. So ken Aengel haar nie, maar sy gee ook nie ’n hel om nie. Dis Lika en haar gevoelens wat nou belangrik is, nie ’n spul huigelaars se ontsteltenis nie.

“Dis jy wat belaglik is. Lika het agtergekom sy trek op François en gedink hy is haar pa.” Gabrielle luister in stilte terwyl Aengel kortliks ’n swaar gesensorde weergawe van haar gesprek met Lika gee. “Vertel haar van Fourie, Gabrielle. E-pos vir haar ’n foto. Dis natuurlik dat sy dinge oor hom sal wil weet. Julle kan stilbly oor goed wat vir François dalk te sensitief is,

maar vertel haar wat julle kan. Moet net in hemelsnaam nie vir haar lieg nie. Sy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.”

“En wat sê ons, hoekom het hy selfmoord gepleeg? Sy het al klaar gevra.”

Sou Gabrielle dalk weet dat daar twee leuens was? Sowel Fourie se identiteit as die waarskynlike rede vir sy selfmoord? “Die logiese. Dat niemand weet nie omdat hy nie 'n brief agtergelaat het nie.”

“Maar jy sê dan nou net ...” Die sin word kort afgeknip.

Aengel frons. “Ek sê dan nou net wat?” Alles word stil in haar. “Sê dan nou net julle moenie vir haar lieg nie? Dis wat jy wou gesê het, is dit nie, Gabrielle?”

“Moenie dinge nou nog verder kompliseer nie.”

Aengel hoor nie wat Gabrielle verder sê nie. Daar is 'n brief. Dis al wat Gabrielle se uitlating kan beteken. “Wat staan in die brief?”

“Moet nou nie laf wees nie.”

“Gabrielle, wat staan in die bliksemse brief?”

Daar is 'n oomblik stilte. “Ek weet nie. Ek weet regtig nie. Ek weet nie eens of François weet nie. Toe ons donkiejare terug daaroor gepraat het, wou hy dit nie oopmaak nie.”

Donkiejare. Donkiejare lank al weet hulle Fourie is Lika se pa, maar nog niemand het ooit daaraan gedink om met haar daaroor te praat nie. Nie eens net om te vra wat regtig daardie aand gebeur het nie. Net aanvaar sy het hom verlei. Omdat sy kon. En sy kon, omdat die natuur haar “geseën” het met haar voorkoms.

“Ek wil die brief sien, Gabrielle. En ek wil dit binne die volgende halfuur sien. Daar is 'n skandeerder in die kantoor. François kan dit vir my e-pos. Ek gee hom presies 'n halfuur.”

“Of wat? Waarmee dreig jy, Aengel? Jy het ons klaar gedreig oor Vader se testament. Daar is niks oor om mee te dreig nie.”

Aengel haal diep asem. “Fourie en François sou Du Randtshof gesamentlik geërf het. Lika is Fourie se dogter. Sy enigste kind. Maak maar self die res van die som.” Aengel bewe van kop tot tone toe sy aflui.

“Daar is skrape en snye en ander wonde wat sy in die see kon opgedoen het, Gys-man,” Dok se stem kom blikkerig oor die foonlyn, “maar die skaafmerke op haar rug en boude dui daarop dat sy 'n hele entjie oor die sand en rotse

gesleep is voor sy die see in is. Daar was ook nie seewater in haar longe nie. Sy was dus dood voor sy in die see beland het.”

Die skaafmerke klop met die terrein by Koostrand, besef Gys.

“Julle skatting van wanneer die dood ingetree het, pas in by die patologiese bevindings. Ek was net nie seker oor die lividity, oftewel postmortem-hipostase nie, Gys-man, dis dié dat ek ’n tweede opinie ingeroep het. Die forensiese patoloog het bevind die merke en verkleuring van dele van haar liggaam is toe inderdaad lividity. Jy was ook reg daaroor dat die spesifieke verkleuring die gevolg was van asfiksiasie. Soms wonder ek of jy my dienste ooit nog nodig het.”

“Medical Detectives op TV, Dok. Dis maar al. Aande is maar lank vir alleenlopers. En ek lees ’n boek van Doug Lyle, ’n Amerikaanse forensiese medikus. ’n Verjaardaggeskenk van Fortuintjie. Hy is mos deesdae forensies verskrik.” Gys dink ’n oomblik na. “En julle is seker sy is nie met ’n stuk net verwurg nie, Dok?”

“Doodseker. Dit was die een of ander soort koord. Maar daar is ’n ernstige kneusing agter teen haar kop. Sy is met ’n stomp voorwerp geslaan, waarskynlik voor sy verwurg is. Daar is ook ’n kneusing aan haar linkerwang, maar dis niks ernstig nie. Hoogstens ’n klap, al moet dit ’n harde een gewees het. O, en Fortuintjie het op pad Kaap toe kom vra van die oorbelletjie. Dit is die een wat nog in haar oor is se pasmaat. Die gebreekte nael pas aan die wysvinger en die naellak stem ook op die oog af ooreen met haar ander naels.”

Dit beteken die nael het die dag van haar dood gebreek. Elkeen op sy eie, beteken nie een van die goed wat Fortuin daar by Koostrand uit die sand gesif het veel as bewysstuk nie. Maar as mens alles begin saamgooi, begin dit al omstandighedsgetuienis word.

“Haar swangerskap was inderdaad ongeveer sewentien weke ver. Die baba was normaal. ’n Seuntjie. Ek het gereël vir ’n vaderskaptoets, maar dié tyd van die jaar kan dit vir ewig duur. Die Carmichael-mannetjie en Gerbrand het albei ingestem om DNA te verskaf. Fortuintjie het onderneem om dit by hulle te kry.”

’n Lewetjie gesnuit nog voor dit kon vlam word, dink Gys toe hy die foon ’n rukkie later neersit. Nes in Miempie se geval, maar Miempie se baba was op die punt om te aborteer. Zita s’n was gesond, reg om mens te word. Dit maak dit ’n dubbele moord.

Sy gedagtes kies koers na die sigaretstompie. Robert se gunsteling. Robert, wat alle rede gehad het om van Zita ontslae te wil raak, maar wat in die restaurant was en geen rede gehad het om van Miempie ontslae te raak nie. Robert wie se sigaretstompies in Strandloper se grot rondlê. Strandloper wat 'n klipgooi van Koostrand af bly.

Vaagweg hoor hy Gertjie en San in die kombuis praat. Dit klink asof hulle redekawel. Hulle moet maar opsnork. Gisteraand het hulle omtrent heeltyd geklets en hulle skaars aan hom gesteur. As dit nie oor die tuin was nie, was dit oor resepte en opera en sulke twak. Eers toe hy hulle vertel het van die vrou wat in haar huis aangerand is, kon hy hulle aandag kry. En toe lê Gertjie die hele aand omtrent op die foon om te hoor hoe dit met haar gaan en hoe dit gebeur het.

Hy ruk soos hy skrik toe die einste foon by sy elmboog begin lui.

“Gys Niemand.”

“Luitenant.”

“Môre, Majoor.” Gys sug heimlik. Arendse gaan vrede hê met vordering. Hy soek 'n arrestasie en hy soek dit al gister.

“Is daar enige spesifieke rede waarom jy nog nie 'n arrestasie gemaak het nie, luitenant Niemand?” bevestig Arendse sy vermoedens sommer met die intrapslag.

“Ja, Majoor. Ek is nog nie seker wie die moorde gepleeg het nie en maak nog bewyse bymekaar. Ek het ook sopas eers gehoor wat die uitslae van die lykskouing was.”

“En jy is seker dis nie dalk omdat die hoofverdagte familie is van jou nie?”

Gys frons verras. “Ekskuus?”

“Gerbrand Niemand. Dink jy nie dis voor die hand liggend nie, Luitenant? Twee verwagtende vroue wat albei met jou nefie deurmekaar was, word net dae uitmekaar vermoor. Sê dit nie vir jou iets nie?”

“Dit maak nie noodwendig van hom 'n moordenaar nie, Majoor. Hy is 'n verdagte, maar nie die enigste nie.” Gys sukkel om sy humeur te beteuel.

“Ek soek 'n volledige verslag van julle vordering, Luitenant, en ek soek dit vandag nog.”

Gys kners op sy tande. “Majoor, met respek, ek sal eerder 'n paar leidrade vandag wil opvolg en hopelik nader aan 'n arrestasie wil kom as om die hele goddelike dag te sit en 'n verslag skryf.”

“Vandag nog, Luitenant.” Die lyn gaan dood.

Dit kos Gys al sy wilskrag om nie die foon neer te moker nie.

“Hi, Aengel, jammer om te pla.” Robert loer oor haar bodeur terwyl sy op en af in die woonkamer stap, haar oë feitlik heeltyd op die rekenaar vasgenael. Haar onsekerheid en afwagting die afgelope halfuur het haar byna van haar verstand af.

“Hi, Robert?”

“Ek dink ek het ’n pakkie sigarette laas by jou vergeet. In jou werkplek. Charlie het gister van myne kom bum en vanoggend sien ek ek het niks meer oor nie. Ek kan nie sonder my eerste smoke van die dag funksioneer nie.”

“Kom ons gaan kyk.” Sy onthou vaagweg sy het die ligblou pakkie langs die perlemoenskulp sien lê, maar nie wanneer dit was nie.

In die skuurtjie skud sy haar kop. “Nee, gits, Robert, lyk my dis nie hier nie.”

“Ek het my seker verbeel. Ek is ook so losgat daarmee. Laat lê dit orals en die damn goed raak juis nou so duur.” Hy sug. “Nou sal ek maar vir Charlie gaan wakker klop en hoor of hy dalk nog het.”

Dis vyftien baie lang minute later toe die rekenaar begin sing. Maar dis nie ’n e-posboodskap wat aangekondig word nie. Dis die Skype-deuntjie. Die naam daarby is nie Lika s’n nie, maar Libertalia.

Aengel haal diep asem voor sy antwoord.

Teen die muur agter François is die bekende Rousseau-familiewapen in die deksel van ’n baie ou vaatjie gekerf. Hy is dus in sy kelderkantoor. Sy gesig is somber.

“Dag, Aengel.”

“François.”

Hy lig ’n koevert en hou dit voor die kamera. “Ek wil hê jy moet sien dis nog nie oopgemaak nie en ek wil hê jy moet mooi dink of jy wil hê dit moet oopgemaak word.”

“Nie oopgemaak nie? Maar hoekom?” Sy het Gabriëlle nie vir ’n oomblik geglo nie.

Hy draai die koevert om. “Kan jy lees?”

Aengel moet nader leun en selfs só is dit moeilik omdat François se hand bewe. Maar sy kry tog die woorde uitgemaak: *Vir my kind as sy eendag na my sou vra.*

Aengel sit terug. “En jy het dit nooit oopgemaak nie?”

François skud sy kop. “Ek wou. Baie keer. Veral in die begin, maar ek kon nie. Miskien omdat ek te bang is vir wat daarin staan.”

Aengel bly lank stil en bestudeer die emosies op François se gesig asof sy ’n ontleder is. “Jy weet wat daardie aand gebeur het,” kom sy uiteindelik tot die gevolgtrekking.

François het die ordentlikheid om haar in die oë te bly kyk. “Hy het my gesê.”

Sy sien die pyn, die selfverwyt. “Jy het geweet hy het my verkrag.”

“Dis ’n sterk woord. Nie een wat hy gebruik het nie. Hy het my die middag voor sy dood vertel. My laat belowe dat ek na julle sal omsien as hy iets sou oorkom.”

“Die middag voor sy dood? Het jy geweet hy beplan om selfmoord te pleeg? Gedink dis dalk die beste oplossing?” Sy weet sy is wreed, maar sy het antwoorde nodig. Eens en vir altyd.

“Nee! Ek het nie besef, nie eens vermoed ...” Sy stem breek.

“Wie weet nog? Gabrielle?”

Hy skud sy kop. “Ek het vir niemand gesê nie, maar ek dink jou ma het geweet. Van daardie aand.”

“Sy het. Ek het haar gesê. Sy het my óf nie geglo nie óf julle troue belangriker geag, maar waarskynlik wou sy allereers die Rousseaus se naam lelieblank hou. Verkragting gebeur nie in goeie families nie. Veral nie as ’n ander goeie familie betrokke is nie. En veral nie ’n goeie familie wat binnekort aangetroude familie word nie.”

“Ek is jammer, Aengel.”

Sy is nie seker waarom hy om verskoning vra nie. Miskien weet hy self nie eens nie. Miskien vir alles. Wat sy wel weet, is dat dit niks gaan help om hom te vra waarom hy toegelaat het dat sy die blaam dra nie. Dis gedane sake. Selfs al basuin hy vandag nog aan die wêreld uit dat sy wel geweet het wie die pa van haar kind is, dat hy al die jare al weet dis sy broer en dat sy geforseer is, gaan dit geen verskil maak aan mense se siening van haar nie. ’n Mens wis so iets nie na amper twintig jaar uit nie. Nie ’n persepsie wat oor so ’n lang tydperk vasgelê is nie.

’n Vreemde kalmte kom oor haar. Dit gaan nie nou oor haar nie. Dit gaan oor haar kind. “Ons kan nie die brief van Lika weghou nie, maar ek moet ’n ingeligte besluit neem oor wanneer om dit vir haar te wys. Ek moet daardie

brief eers lees. Maak oop, François.”

“Is jy seker?”

Sy knik, maar sy is van niks seker nie.

François rek, haal ’n briewemessie uit ’n pennestel wat nog haar pa s’n was. Sy wonder vlugtig hoe dit voel om ’n Du Randt in die skadu van die Rousseaus te wees en elke dag daaraan herinner te word.

Hy huiwer en stuur dan die lem langs die boonste vou van die koevert. Sy hoor hoe die verlede oopgirts.

Hy haal die brief uit en kyk weer vir haar. “Ek sien nie kans hiervoor nie, Aengel. Ek sal dit skandeer en vir jou aanstuur. As jy gelees het, kan jy my laat weet of jy dink ek moet dit ook lees.”

Aengel knik net, nie in staat om ’n verdere woord uit te kry nie.

Roark het Robert en Louis ’n ruk gelede al sien wegry, en Charlie en Pearlie is nou net weg. Nella is nog nie terug van Delphine-hulle af nie. Gerbrand slaap seker nog.

As hy nou na Aengel toe gaan en haar sover kan kry om ’n ent saam met hom te gaan stap, behoort hulle sonder onderbrekings te kan praat. Hy moet haar net eenvoudig aan die verstand bring dat dit nie nou die tyd is vir speletjies nie. Hulle moet voorlopig vrede maak en hulle geskille laat staan. Sy moet die vrymoedigheid hê om hom te kan bel as daar fout is.

Terwyl sy ontbyt in die pan sis, gaan haal hy die lêer met die fotostate van die dagboek. Nadat hy klaar geëet het, maak hy seker die bladsye is in volgorde en drink nog ’n koppie koffie. Nou, weet hy, kan hy nie meer uitstel nie. Hy sal die lêer vir haar gaan gee en sy kan besluit wat sy daarmee wil maak. Hy sal bly wees as sy sê hy kan dit hou sodat hy dit eendag in sy geheel kan lees, pleks van net die nodigste inligting soek, maar hy sal berus as sy anders besluit.

Verdomp, hy het nog nooit vir enigiets teruggedeins nie. Waarom nou bang wees vir ’n vroumens ’n goeie voet korter as hy, met net ’n skerp tong as wapen? Nee, hel, hy is nie bang nie.

Met ’n grom druk hy die lêer onder sy arm en stap by die voordeur uit. Hy sal langpad omloop, ordentlik wees en aan haar voordeur klop. Soos iemand met maniere. Soos iemand wat haar privaatheid respekteer. Wat hy gewis van plan is om van nou af te doen.

Daar is 'n ligte sandlaag op haar voorstoep. Hy klop aan. Nie te hard nie, nie te sag nie. Terwyl hy wag, kyk hy rond. In die middel van haar stoeptafel staan 'n plat mandjie met 'n klompie skulpe kunstig daarin gerangskik. Aan hake wat in die veranda se eindbalk gedraai is, hang skulp- en dryfhoutbewers. Teen die muur tussen die twee vensters is ook van haar handewerk. Hy sou nie kon glo dat 'n vissershuis se stoep gesellig kan lyk nie. Maar sy het dit reggekry.

Hy gee haar nog 'n paar tellings kans en klop weer aan; onwennig met die lêer so onder die arm. Soos 'n Sanlam-man wat 'n polis wil probeer skryf vir iemand wat nie een wil hê nie.

Steeds is daar geen beweging binne nie. Hy stap om na die skuurtjie, maar dié se deure is toe en die slot ingedruk.

Die onrus wat reeds begin kriewel het, groei. Met lang treë stap hy om die skuurtjie. Geen RAV onder die afdak nie.

Verdomp! Hy het netnou nog die ding sien staan toe hy op die balkon was. Sy moet gery het terwyl hy in die kombuis besig was. Dit kom daarvan dat hy so gedraai het.

Seker weer Kruisbaai toe. Maar sy het nou die dag nog die hele Spar hier aangedra? Het sy dalk goed vir Pearlie gevat? Maak dit saak wat sy gaan doen het? Sy is nie hier nie en basta.

Hy sal net mooitjies moet wag tot madam terugkom. En dan gaan hy haar sommer aansê om nuwe bande vir die RAV te koop. Sy het mos geld. Remgro-aandele nogal, en dit klink boonop asof sy 'n wavrag daarvan het. Eintlik behoort sy vir haar 'n nuwe RAV te koop.

Toe hy besef waaraan hy dink, skop hy 'n mosselskulp dat dié daar trek. Dalk is Mac reg. Dalk is dit so dat hy ander mense se lewe so 'n bietjie wil reël, maar dis vir hulle eie beswil, demmit. Maar wie en wat hy ook al is, wat hy vanoggend hier kom doen het, kom nie natuurlik nie. Hy is gewis nie uitgeknip vir gatkruip nie.

“Ken jy die legende van die visvrou van Kruisbaai?” vra die mooi vrou wat Aengel hier bo op Springklip raakgeloop het.

“Te goed.” Aengel kyk uit oor die wydheid van die oseaan. Hier amptelik Atlanties, 'n paar kilometer hoër op Indies, maar die twee is steeds vermeng, die skeidslyn onsigbaar, behalwe vir die woeste water wat dit meebring.

Binne-in haar voel dit asof sommer elkeen van die sewe oseane bymekaargekom het. Nadat sy Fourie se brief uitgedruk en gelees het, was Kierangbaai te klein vir haar. Selfs hier bo voel die wêreld te nou. Asof sy in 'n tunnel met onsigbare wande is.

“Daar is 'n hele paar weergawes.” Die grys wat hier en daar vermeng met die blonde sonstrepies in haar hare, verklap dat die vrou veel dieper in die veertig moet wees as wat sy lyk, maar sy het nog die lyf van 'n jongmeisie en haar gesig is feitlik plooieloos.

“Ek het dit opgelees op Kruisbaai se Visvrou-webblad. Al die weergawes,” antwoord Aengel en wonder hoekom sy maar net nie van Annie kan wegkom nie. Besef dan dat Annie die plek vol lê en juis hier gedenk word.

“Nou toe nou. Ek het die webblad opgestel,” lag sy. “Die galery hou my nie besig genoeg nie. Ek is Lily Brink.”

Aengel glimlag verras. “Dit moet jou baie lank geneem het om al die inligting bymekaar te kry.”

“Ek het goeie bronne gehad,” maak Lily dit af. “Ek is net bly daar is ten minste iemand wat dit gelees het.”

“Glo my, ek het dit verorber. By herhaling.” Aengel stap na die oudste kruis. “Annie s'n, neem ek aan?” vra sy toe Lily langs haar kom staan.

“Ja, maar nie die oorspronklike een nie. Dié was glo, soos jy seker gelees het, vol edelstene.”

“Die legende wat jy op die webwerf ‘Delphine se weergawe’ noem, is die naaste aan die waarheid.” Aengel sê dit mymerend, draai dan om na Lily toe. “Annie is hier af, maar nie dood nie. Dit was laatmiddag, halfmaanhooggety. Die water was hoog genoeg dat sy nie op die rotse geval het nie, maar nie sterk genoeg om haar teen die rotsmuur te pletter te slaan nie.” Aengel wik en weeg 'n oomblik, maar sê dan tog: “Ek lees haar dagboeke op die oomblik. Wanneer ek klaar is, sal ek dit vir jou leen vir jou webblad. As jy dapper genoeg is. Die Niemands gaan vir jou baie kwaad word.”

“Haar dagboeke?” Lily druk haar hande teen mekaar. “Is jy ernstig?”

Aengel knik.

“Wonderlik! Asseblief, jy weet nie hoe belangrik hierdie legende vir my is nie.”

“Die waarheid is nie so mooi soos die legende nie. Dis veel wreder,” waarsku Aengel en voel haar melancholie weer vatplek kry.

Lily versomber. “Is dit nie altyd nie? Maar waar kom jy aan haar

dagboeke?”

“Lang storie wat ek jou sal vertel wanneer ek dit vir jou bring. Dis ’n belofte.” Aengel kry dit reg om te glimlag.

“Ek sal in angs en spanning wag. Sê my net een ding, het sy werklik ’n vloek oor die Niemands uitgespreek?”

Aengel knik en wys na die oorhangrots. “Net voor sy daar af is.”

Lily stap na die rotpunt toe. Sy staan vinnig terug toe Aengel langs haar kom staan en lag verleë. “Nothing personal, maar ek is ook eendag amper hier afgestamp. En voor jy vra, dis ook ’n lang storie. Een wat ek jou eendag sal vertel.”

Dis asof hulle weet hulle is bestem om mekaar gereeld in die toekoms te sien, dink Aengel. Dis nie eens nodig om dit hardop te sê nie.

“Ek wonder dikwels wat maak dat mense hier by Kruisbaai rond hulle so verlustig in die ongeoorloofde — soos nou weer met die Miempie- en Zita-ding. Dink jy dis die Visvrou se vloek? Annie se postume wraak? Gerbrand se werkinge uit die hel? Of maar net die eensaamheid van hierdie stukkie aarde waar die maan en wind regeer?”

“Dis seker maar orals so. Hier staan dit net uit.” Aengel moet na haar hare gryp toe ’n windvlaag amok maak.

Lily knik. “En soms wonder ek of die Niemands dalk minder siel het omdat hulle oermoeder ’n visvrou was. Maar dan kyk ek na my man wat self Niemand-bloed in sy are het, en ek weet dis nie wat die probleem is nie. Ek ken nie ’n ander man, ’n ander mens, met soveel siel soos Ben nie.” Haar oë is sag en spreek van ’n liefde so diep dat Aengel se hart ’n ruk gee.

“Sy was nie ’n meermin nie,” is al waaraan Aengel kan dink om te sê.

“Miskien nie, maar dis nie te sê sy was nie volkome visvrou nie.”

Aengel se glimlag kom hierdie keer spontaan. “Jy’s reg. En dis hoog tyd dat ek agterkom presies wat dit beteken. Agterkom wie en wat Annie Niemand regtig was voor sy Angelique Rousseau geword het.”

As hy nou nog een keer op die balkon gaan uitstap om te kyk of die RAV terug is, raak hy van sy verstand af, besluit Roark. Hy wik en weeg om te gaan visvang, maar daarvoor het hy ook nie lus nie. Uiteindelik stap hy Perlemoentjie toe.

Mac sien daar gehawend uit toe hy die deur oopmaak.

“Jy ruik soos ’n biervat. Ek sal vir jou brunch maak. Gaan stort,” gee Roark opdrag en stap kombuis toe.

Wonder bo wonder gehoorsaam Mac. Die yskas lewer nie veel op nie. Selfs die biervoorraad is laag. Daar is darem ’n paar verdwaalde eiers, en in die vriesgedeelte kry hy ’n stuk boerewors wat eensaam tussen ’n paar sakke aas lê. Grusaam, maar as dit Mac nie pla nie, wie is hy om te oordeel. Solank hy nie hoef saam te eet nie.

Mac se drinkery begin buite beheer raak, dink Roark terwyl hy die wors in die mikrogolf ontdooi. En hy het ’n goeie idee waarom. Dis omdat Mac nie genoeg het om te doen nie. Hy moet die lewe op die see mis. Dit was sy passie voor hy feitlik alles opgeoffer het om Charlie hier te kom help.

Die mikrogolf pieng sy pieng en Roark laai die wors oor in die pan. Dis seker maar wat mens vir jou kinders doen, maar hel, Mac sal hom moet regruk.

Eers nadat hy die kos verorber het, lyk Mac weer min of meer na mens. “Thanks, bro. I owe you.” Hy bring ’n wind op, vat die bord agtertoe en kom met ’n bier in sy hand uit. “Hair of the dog,” sê hy toe Roark hom ’n kyk gee.

“Strandloper is vort en Gys Niemand sê daar is ’n gat agter in die grot.”

Mac kyk hom berekend aan en skud dan sy kop. “Ek wil niks meer hoor van skatte nie. Toe ek Gerbrand vir ’n bier genooi het, met die plan om hom vir info oor Annie-se-skat te melk, het ek nie geweet waarmee ek my opsaal nie. Alles kon nog gaan, tot hy dronkverdriet gekry het. As daar nou een ding erger is as ’n vroumens wat tjank, is dit ’n man wat deur sy oë pis.”

“Wat is sy probleem?”

“Opgesom? Die hele wêreld en waarskynlik outer space ook, is teen hom. Eers tekere gegaan oor Zita en die laaitie, wat ek kon verstaan, maar later hoofsaaklik oor hoe onregverdig die lewe hom behandel. Waarom moet hy die eerste armgat Niemand wees uit ’n geslag wat nie die einde van hulle geld geken het nie? En alles is natuurlik sy pa se skuld. Glo perde gewees wat ou Brand sy gat laat sien het. En hy het boonop glo genoeg geld in die Caledon-casino ingepomp om die plek te kon koop.”

Roark grinnik. “Toe ons oor Kierangbaai begin onderhandel het, het Brand die ANC die skuld gegee. Ek het gewonder hoe hy daarby uitgekom het.”

“Gerbrand sê sy ma het nie juis gehelp nie. Glo gespandeer dat die biesies bewe. Wat mens kan sien aan daardie spul duur junk in jou huis. Net die geld wat sy aan die gordyne bestee het, sal al ’n klein landjie van hongersnood kan

red. Aldus Gerbrand.”

“Lelike goed boonop. Ek wil dit binnekort vervang. En daardie afgryslieke vrek duur, maar vrek kitsch glaskandelare ook. Maar wat het hy oor Annie-se-skat te sê gehad?” por Roark.

“Hy het al oral gesoek. Ek het gevra of dit nie dalk in Rustler’s Cove se grotte is nie — so asof ek nie weet hy soek al wie weet hoe lank daar nie. Hy sê hy het die hele spul omgedolwe en daar is niks.”

“Het hy gesê waarom hy daar soek?”

“Volgens die familiestories is daar nie net een skat nie. Daar is ’n paar trommels begrawe, maar die ou Gerbrand het nie die plekke gemerk nie. Gerbrand reken Jakob, dis nou André Jacques se seun en die een wat jou kliphuis gebou het, het van die trommels opgespoor. In Rustler’s Cove. Dis waarmee hy die kasteel gebou het, vir sy vrou glo. Maar die storie loop dat daar baie meer trommels moet wees. Gerbrand het gehoop ou Jakob het dalk een of meer gemis. Hy het ’n ruk terug ’n pick en ’n shovel en goed daar gaan wegsteek en gaan grou wanneer hy kans kry. Maar hy is nou oortuig Jakob het niks agtergelaat nie. Seker dié dat hy daaroor praat.”

Roark snork. “Ek dink ou Jakob se ‘skatte’ van Rustler’s Cove was eerder smokkelgeld. Of dit nou vee was of proviand wat hy wederregtelik aan ongewenste skepe verkoop het, of wat ook al. Ek glo nie daar was ’n trommel van ’n dag oud betrokke nie. In elk geval nie daar nie. Hoekom sou ou Gerbrand myle gestap het om ’n trommel in ’n grot te begrawe as daar ’n grot hier by hom is?”

“Te obvious, dalk.”

“Is dit wat Gerbrand sê?” vra Roark.

Mac skud sy kop. “Nee, Gerbrand sê daar het nog altyd strandlopers in die grot gebly, van voor Gerbrand van ouds hier aangekom het. ’n Tribe medisynemanne en -vroue van die Goringhaikonas. Hulle is soos royalty behandel deur almal hier rond. Deur die Hessekwas en Chainokwas ook. Daar was glo ’n ongemaklike truce tussen die medisynemense en ou Gerbrand. Ou Gerbrand kon doen wat hy wil, solank hy hulle uitlos en vice versa. Ná die skip gesink het, kon hulle al die kos en metaal vat wat hulle wou hê, en hy kon die res kry.”

“Metaal?”

“Vir wapens en werktuie en goed. Dis al waarin hulle belanggestel het. Porselein en juweliersware het niks vir hulle beteken nie. Klere ook nie. Kos

en metaal is al wat hulle gesoek het.”

Roark dink ’n oomblik na. “Dit klop met oorlewendes van die Grosvenor-wrak se verslae. Volgens hulle was metaal ook baie gesog onder die inboorlinge.” Mac lig sy wenkbroue. “Ek het lank terug, toe ons na die Libertine begin soek het, oor ander wrakke opgelees, onder meer ’n boek oor wat met die skipbreukelinge van die Grosvenor gebeur het,” antwoord hy die geïmpliseerde vraag. “Wat het Gerbrand nog te sê gehad?”

“So dronk as wat hy was, wou hy weet waarom ek skielik in Annie-se-skat belangstel.”

Iets aan Mac se stemtoon laat Roark vinnig na hom kyk.

“Ek het my bek verbygepraat.”

Roark maak sy oë toe.

“Ek het gesê ek is net agter die finder’s fee aan.”

Roark slaak ’n sug van verligting, dis darem nie so erg nie.

“Toe lag hy my uit en sê ek kan vergeet as ek dink hy gaan ’n finder’s fee betaal. Selfs al moet hy die skat aan SAHRA verklaar, kan hy bewys die skat kom hom as naaste wettige nasaat toe.”

’n Snaar span weer styf in Roark.

“Toe sê ek hom van Aengel.” Mac kyk weg oor Derdebaai. “Ek wou die braggat se bek toekry.”

“Bo en behalwe die feit dat nie jy of Gerbrand naastenby weet hoe SAHRA werk nie, neem ek aan dis presies wat jy nie reggekry het nie?” vra Roark ysig. “Iets wat jy sou besef het as jy nie gesuip was nie.”

“Hy het soos ’n cracker afgegaan.” Mac kyk nog steeds nie na hom nie.

“Wat het hy gesê?”

Vir die eerste keer kyk Mac weer na hom. “Ek kan die meeste nie onthou nie, ons was al te far gone. Ek onthou net hy het oor en oor gesê as daar ’n skat is, kom dit hom toe. Nie — en ek quote — ’n klein hoer van Franschhoek nie.”

Roark staan met soveel geweld op dat Mac se leë bierbottel omkantel en op die stoepvloer aan stukke spat. Hy druk sy vinger teen Mac se enorme bors. “As Aengel Rousseau iets oorkom, hou ek jou verantwoordelik, Mac Carmichael. Broer of nie broer nie, reus of nie reus nie. Ek sal jou bliksems vrekmaak.”

TWINTIG

7 Desember— laatoggend

By Niemandsdorp se informasiesentrum kry Aengel 'n kaart van besienswaardighede in die omgewing. Sy hoor ook Jagtershoek, die plaas wat Jakobus s'n was, bestaan nie meer nie. Gedeeltes daarvan is nou skemabehuising wat nog in die Apartheidsjare gebore is. Ander dele is “goewermentsgrond”. Wat dit ook al beteken. Sy doen nie eens navraag oor die opstal nie. Volgens Annie was dit skaars meer as 'n hartbeeshuisie.

Sy bevestig haar vermoede dat Aobsbosje later Slangbosch geword het, en dié onderverdeel is in Fluisterbos en Houthaalbos wat verlede jaar so in die nuus was met die sogenaamde Meetsnoer-kataklisme. Eers huiwer sy, nie so seker of sy welkom sal wees by die Fletchers nie, maar ry dan tog deur Fluisterbos toe.

Sy ry amper verby die Fluisterbos-sementboog met die elwevingers wat om die letters krul en moet tru om te kan indraai. Die bospaadjie wat sy roete deur die oerbos kronkel, laat Aengel voel asof sy 'n ander wêreld, 'n ander dimensie dalk, binnery.

Die krom en skewe kabouterhuis verdiep die gevoel, en toe Aengel uitklim, kan sy die bos om haar hoor asemhaal.

Terwyl sy nog op pad is daarheen, gaan die deur oop. Die vrou wat uitkom, lyk asof sy self uit 'n sprokie stap. Haar poniestert blink in die sonlig. Haar smok was eens op 'n tyd wit, maar is nou vol verfspatsels. Die spatsels is meer gekonsentreer op die boepie wat teen die materiaal aandu.

“Môre. Jammer, ek is lap aan die kleur.” Sy lig haar groengevlekte hande verskonend. “Kan ek help?” Haar oë lyk ietwat behoedsaam.

“Hallo. Aengel Rousseau. Jammer om te pla, maar ek doen navorsing oor Annie Niemand.” Aengel bly stil toe Raine haar kop skud.

“Jammer. Flint laat niemand daar toe nie.”

“Nie eens Annie se agter-agter-agterkleinkind nie?”

Raine skud weer haar kop. “Jammer, ons het daardie een ook al gehoor.”

Aengel knik en begin wegdraai, maar bedink haar. “Annie het nie in ’n woudvrou verander nie. Dis haar man Jakobus Niemand wat daar dood is. ’n Slang het hom gepik. Sy is van hier af Bidbos toe, Bohemia, soos dit nou bekendstaan.”

Raine kyk haar berekenend aan.

“Haar naam was eintlik Angelique d’Avignon, later Angelique Rousseau. Ek is na haar vernoem.”

’n Teug wind suis deur die boomvarings. Raine huiwer nog ’n oomblik, knik dan. “Kom in. Ek gaan net gou my hande was.”

Aengel volg haar na ’n studio. Sy bekyk die kunstige klere wat aan staanders hang terwyl Raine haar hande onder die kraan van ’n trog skrop.

“Dis asemrowend, “ verklaar Aengel opreg. “Ek is nie juis iemand wat graag titivate nie, maar hierdie klere is baie spesiaal.”

“My boetiek is in die Botaniese sentrum in Niemandsdorp. Annie se Armoire. Gaan loer gerus daar in.” Raine droog haar hande af en beduie na Aengel se skulparmbande. “En ek sal verskriklik graag van daardie armbande ook daar wil verkoop. Waar het jy dit gekry?”

“Ek maak dit.”

Raine gee ’n laggie. “Ai, dié Annie. Lyk my sy het jou hierheen geroep. Kom ons gaan kombuis toe en gesels oor ’n koppie koffie. Miskien kan ons ’n bietjie ruilhandel doen. Skulpgoed vir lapgoed.”

In die kombuis gesels hulle land en sand. Oor skulpgoed en lapgoed, oor Annie en die varingagtige boom van Fluisterbos wat as Annie-se-lot bekendstaan, maar ook die tweeling wat Raine dra.

“Ek is al veertig!” roep Raine uit, maar haar oë bly skitter. “Aan die ander kant, Jane Seymore was ook veertig toe sy haar tweeling gehad het. As sy dit kan doen, kan ek sekerlik ook.”

“Jy sal veel beter vaar op veertig as ek op sewentien, Raine,” glip dit uit.

Raine se oë versag, maar sy vra nie verder uit nie.

Teen die tyd dat hulle deur ’n meerminversierde boog koers kry na ’n bospaadjie, is besigheid beklank en weet hulle soveel van mekaar as wat twee mense in so ’n kort tydsbestek van mekaar te wete kan kom. Toe hulle die groen blaretonnel binnegaan, is hulle egter stil.

Dit voel vir Aengel asof sy van die hede na die verlede beweeg. Sy gaan staan toe hulle aan die ander kant uitkom. Haar oë moet eers gewoond raak

aan die helderder lig. Toe sien sy die woudvrou staan.

“Hou jou oë oop vir slange,” sê Raine sag.

Sy bly agter toe Aengel na die eienaardige boom stap wat, volgens een legende, Annie is wat in ’n boom verander het nadat Jakobus haar ingehaal het.

Sy raak liggies aan die punt van een van die varingagtige blare, probeer Angelique daar plaas, probeer die verlede in kyk na die jong desperate vrou wat haar man oor die kop slaan. Na die slang wat Jakobus pik. Sy ril vir die vlietende prentjie wat haar verbeelding optower.

Êrens loop water oor klippe. Die oog, besef sy, waar Annie water geskep het. Maar dis asof die oerbos Annie geabsorbeer het en net die woudvrou as herinnering agtergelaat het.

“Soos ek gesê het, dis nie waar dat sy dood is nie,” sê sy vir Raine terwyl hulle terugstap. Sy vertel wat sy gelees het in Annie se dagboek. Ook van die sakkie wat van so ver, uit Madagaskar, saam met haar gekom het en wat sy daar verloor het.

Raine kyk haar ongelowig aan. “Madagaskar? Wag tot Flint dit hoor! Dis waar hy die stuifmeel gaan haal het om Annie, dis nou die boom, te bevrug. Bly asseblief, hy sal netnou hier wees,” nooi sy entoesiasties.

“Ek sal weer kom,” belowe Aengel, “en ’n afskrif van die gedeeltes oor die talisman vir jou man gee. Maar ek wil nog Bidbos toe gaan. Annie daar gaan soek.” En kyk of ek myself kan vind, voeg sy stilweg by.

Met beloftes van ’n volgende kuier en ’n besoek aan die botaniese sentrum ry Aengel weg en weet dat sy vandag twee vriendinne ryker geword het in Lily Brink en Raine Fletcher.

“Jy gaan mal wees oor hulle, Lika,” sê sy hardop en sug dan diep. “As ons net eers verby Fourie se brief kan kom.”

Uit die bloute wonder sy hoe dit op haar ouderdom sal voel om verwagting te wees. Om dit nie angsbevange op sewentien uit te vind nie, maar nou. Hoe sal dit voel om as volwassene ’n kind saam met die pa groot te maak. Een wat jy so hartstogtelik liefhet soos Raine haar man so baie duidelik het.

Gys kan nie dink hy het al ooit so ’n volledige verslag en tydrooster so vinnig geskryf nie. Tog is dit al middag toe hy klaarmaak.

Wrewelrig stuur hy die blaaie deur die faksmasjien. Nou toe, Arendse,

kom sê nog steeds vir my daar is net een verdagte en dis my windbol van 'n nefie.

Maar sy wrewel is getemper. Dit was dalk tog 'n goeie ding dat hy die verslag gedoen het. Dit het hom perspektief help kry. En hy kon 'n lys maak van dinge wat hy wil nagaan, vrae wat hy nog wil vra, goed waarvan hy wil seker maak.

Die enigste ding wat Gerbrand werklik diskwalifiseer as hoofverdagte, is dat hy nie by Koostrand geplaas kan word nie. Noudat daar meer sekerheid is dat Zita daar vermoor en in die see gegooi is, dra sy gevoel dat Gerbrand nie skuldig is nie, meer gewig. Nie dat hy 'n snars sal omgee as Gerbrand wel skuldig was nie. Intendeel, vir sy part kan die vrekse vir die res van sy lewe in die tronk sit. Die mensdom sal beter daaraan toe wees.

Die kwessie is egter wie wel by Koostrand was of kon gewees het. Charlie en Pearlle het erken hulle was daar. Louis het daar verby gery en Mac ook. Louis is egter daar verby toe Charlie se voertuig nog daar gestaan het en Aengel het hom daarna op Kierangbaai gesien. Die tye klop min of meer. Mac, aan die ander kant, kon daar stilgehou het op pad Kruisbaai toe. Maar hoe sou hy geweet het Zita is daar? Het Charlie hom dalk ingelig? Het Zita hom dalk ook gebel? En dan is Koostrand natuurlik 'n klipgooi van Strandloper se grot af — as mens ver kan gooi, maar nogtans.

En daar is Nella. Sy kon seker so ver as Koostrand gestap het en daar op Zita afgekom het, maar dit vat dinge 'n bietjie ver.

Daar is natuurlik ook Roark. Hy het die dag voor die moord 'n onderonsie met Zita gehad. Maar Aengel en Charlie het hom gesien ná Charlie se eerste besoek aan Koostrand, toe Zita volgens Pearlle nog geleef het. En Charlie is direk ná sy besoek aan Aengel weer Koostrand toe. Buitendien, sy gevoelenthed sê vir hom hy kan Roark met 'n redelik geruste hart buite berekening laat. Dis nou as mens 'n gevoelenthed kan vertrou.

Gys gaan sit toe die faksmasjien die laaste bladsy ingesluk en weer uitgespoeg het.

Perspektief, dié het hy dalk gekry, maar sekerheid nog lank nie. Ná 'n oomblik se wik en weeg tel hy die foon op en vryf sy aantekeningboekie oop by 'n foonnommer.

“Pearlie?” antwoord Charlie byna dadelik.

“Hallo, Charlie. Nee, dis Gys Niemand.”

“O.” Teleurstelling spreek uit die enkele geluid, en iets anders ook.

Behoedsaamheid, dalk.

“Ek wil net gou van iets by jou seker maak. Kan jy vir my bevestig dat Louis op Kierangbaai was toe jy by Aengel aangekom het?”

“Hy het geswem. Ek het nog vir hom vinger gewys omdat die gety aan die opstoot was, maar hy het net sy duim in die lug gesteek. Die see was gelukkig kalm, toe los ek dit maar. Ek het ander dinge op my mind gehad.” Die knaap klink glad nie gelukkig nie.

“Hoekom het jy gedink dis Pearlíe wat bel?”

Gys hoor Charlie sug. “Haar pa het haar omgepraat om by hulle in die Kaap te gaan bly tot alles oorgewaaí het. Dit was nou toe hy my kar, maar nie vir Lulíe nie, teruggebring het. Ek het gehoop dis Pearlíe wat wil hê ek moet haar en Lulíe kom haal. Hel, dinge het net begin lyk asof dit regkom tussen ons.”

“Nou maar dan lui ek maar af. Dalk probeer sy jou bel.” Gys groet, maak ’n aantekening van die gesprek by sy lys en leun terug in sy stoel.

Vir Charlie se onthalwe hoop hy “alles waai oor”. Maar hy twyfel sterk dat dit binnekort sal gebeur. En dit klink ook nie vir hom asof Charlie veel moed het dat sy sal terugkom nie. Daarvoor klink hy te verpletter. Net ’n vroumens wat dit aan ’n man kan doen.

Op pad Bohemia toe verlustig Aengel haar in die omgewing. Plase, plantasies en fynbos wissel mekaar af en die hemelruim span somerblou oor valleie, ingewig tussen pers berge hier en grysgroen heuwels daar.

Die poort na Bohemia lei weer tot ’n ander soort verlede as die een op Fluisterbos. Die klipkerk se torinkie prik die blou-blou lug wat hier so na aan die aarde lyk. Witgekalkte huise se stoepe loop op die stofstraat uit. Sy het reeds reg rondom die kerkterrein in die middel van die kunstenaarskolonie gery, toe sy vir die eerste keer ’n beweging sien.

Sy hou stil. Op die stoepmuur sit ’n vrou met ’n wilde boskaas, langbeen en rook. Sy kyk na Aengel, glimlag skrikwekkend breed en wink haar nader met silwer armbande wat in die sonlig flits.

Aengel klim uit.

“Jy is nie hier vir Rose nie.” Dis ’n stelling, nie ’n vraag nie, maar Aengel knik. Sy het eintlik vergeet die gehuggie huisves ’n museum en literêre navorsingsentrum ter ere van Rose-Anne Lockwood, die skrywer wat

Bohemia gestig het en hier vermoor is.

“Wag tot Alwyn jou sien. Wat my laat dink, kom liever binne voor hy jou opmerk. H’m, ja, jasmyntee vir jou,” besluit sy en stap binnetoe nog voor Aengel kan antwoord.

Aengel volg die eksentrieke vrou ietwat huiwerig.

“Kom sit,” nooi sy toe Aengel die bont kombuis binnestap, en kyk haar op en af. “Ja-nee, een kyk na jou en Alwyn sal weer elke verfkwas in sy besit wil uitruk. Hy is hoeka weer op soek na ’n nuwe meerminmuse. Lente, dis nou sy vrou, wil niks weet van sit vir sy skilderye vandat die bybie daar is nie, al het haar boobies by die geboorte gebaat.”

Aengel trek een van die wit houtstoele by die tafel uit en gaan sit. Die kombuismure is ’n kleurryke mengelmoes van engele en meerminne, en omtrent elke ander voorwerp dra dieselfde tema.

“Judy.”

Aengel kyk op van ’n beskilderde gietertjie vol laventelspriete in die middel van die tafel en besef die vrou het haarself pas voorgestel. “Aengel.”

Judy lag haar wye lag. “Nou toe nou. ’n Engel wat soos ’n meermin lyk. Al die jare teken ek julle, verf ek julle, fatsoeneer ek julle uit klei, bak julle in oonde, smous ek julle. En hier kom een van julle in hybrid form somer net so how do you do ingestap.”

Aengel begin lag. “Ek is al baie dinge genoem, maar nog nooit ’n hybrid nie.”

Judy se kop sak ineens effens skuins, haar oë word glaserig. Aengel se lag droog op. “Judy? Is jy oukei?”

Judy fokus weer en knik. “Net gou geluister wat sê hulle aan Die Anderkant. Jy is glo hier oor Annie Niemand.”

Aengel kan haar net verras aankyk.

“Moenie bodder om te probeer verstaan nie. Ek verstaan dit self nie. Deesdae aanvaar ek dit maar net soos dit kom.” Sy skink tee uit ’n meermintteepot in engelebekers, roer heuning in en sit een voor Aengel neer. “Hoe kan ek jou help om haar te vind?”

“Sy was hier. Toe dit nog die Morawiese Sendingstasie was, wat in die volksmond bekendgestaan het as Bidbos.” Sy vertel Judy van die dagboeke. “Ek het nog net so ver gelees as haar vlugroete tot op Fluisterbos. Ek het juis beplan om die stuk oor Bidbos en waarskynlik ook oor die sendeling wat haar gehelp het, hier êrens te kom lees. Hier waar sy glo ’n ruk lank gebly het. Ek

het gehoop om meer van 'n gevoel te kry van wie en wat sy was. En ek het gehoop hier is iemand wat dalk meer weet van haar verblyf hier.”

“Kayla en Mitch kom binnekort terug van Majorka af. Hulle woonhuis is daar naby jou, op Kruisbaai. Veral Mitch sal jou dalk meer kan vertel. Hy doen baie navorsing vir die restourasie van die geboue, die waterwiel en die meul. Al wat ek weet, is dat die kerkie en eerste geboue in die vroeë agtienhonderds hier opgerig en gefinansier is deur 'n ryk filantroop,” sê Judy. Sy dink 'n oomblik na. “Wag 'n bietjie. Die populierbos. Ek het nog altyd gevoel daar is iets daar. Iets wat nie met melaatses en Bybelverse te doen het nie. Ek dink dis waar jy moet gaan lees.”

Aengel drink die soet blommerige tee klaar, gaan haal die dagboek uit haar sak en volg dan Judy se aanwysings na die populierbos.

Dis heerlik koel toe sy die skimmelskadu's binnestap. Bokant haar fluister blare en kriel takke teen mekaar. Min of meer in die middel van die bos gaan sit Aengel op 'n boomstam wat omgeval het en slaan die dagboek oop.

Toe sy die inskrywings klaar gelees het, kyk sy om haar rond. Is dit dalk op hierdie einste plek in die bos waar die sendeling wat Annie en Jakobus getrou het daagliks privaat kom bid het? Met die dagboek in haar hand, stap sy na die watermeul waar Annie weggekruip het tot die sendeling op haar afgekom het, na haar storie geluister en toe huisvesting aangebied het. 'n Aanbod waarvan sy vir 'n paar maande lank gebruik gemaak het.

'n Rukkie lank drink Aengel die geluid van voëls en die gemurmur van die Heuningrivier in, stap dan na die kerkie en gaan die koel skemerte binne. Die brandglasvensters gooi juweelkleure teen die klipmure en op die klipvloer. Dit voel asof sy aan die binnekant van 'n gewyde kaleidoskoop beland het.

Hier het die sendeling Sondae kerk gehou. En hier het Annie een aand op hom afgekom waar hy voor die kruis gekniel en hartstogtelik gebid het. Met God baklei het oor die versoeking wat oor sy pad gekom het. Hier het hy daardie aand teenoor Annie gebieg dat hy haar liefgekry het, maar dat sy vrou en kinders vir hom in Ierland wag. Hier op hierdie klipvloer het Annie vir die eerste keer ware liefde gesmaak soos dit bedoel is om te wees. En hier het die sendeling na die tyd in tranes vir haar gesê sy sal moet weggaan en hy sal haar help.

Aengel probeer die toneel oproep, maar Annie het in klip en glas verdwyn. Sy het vir Aengel 'n vreemdeling geword. Nie meer die opgeblase sewentienjarige nie, maar ook nie die bewonderenswaardige matriarg nie.

Bloot die vergestaltung van enige warmbloedige vrou in die fleur van haar lewe.

Die voorste kerkbank is hard en koud onder haar toe Aengel gaan sit. Sy blaai na die boekmerk.

In die volgende inskrywings is daar min oor Annie en die sendeling se tog. Net aantekeninge wat kortliks hulle roete en 'n paar gebeurlikhede aanstip. Die enigste herkenbare dorpsnaam is Swellendam, die res moet plaasname wees. Al hoe nader Kaap toe vorder hulle. Al hoe nader aan hulle finale afskeid.

Naby Houw Hoek moes hulle 'n hele ruk vertoef. Hulle het skuilname gebruik. Gemaak asof hulle getroud was, want Annie was hoogswanger. Daar is 'n dogtertjie gebore. Een wat sy Armandine genoem het omdat sy eintlik Armand Rousseau se kind moes gewees het.

Armandine was twee maande oud toe Annie een oggend wakker word en die sendeling nêrens kon opspoor nie. Op haar navraag het dit geblyk hy is Kaap toe om 'n skip terug Ierland toe te haal. Annie is in aller yl agterna, maar toe sy in die Kaap kom, het die skip reeds 'n paar dae tevore anker gelig.

Aengel loer op haar horlosie en maak die dagboek toe. Sy gaan groet Judy en nooi haar om 'n draai op Kierangbaai te kom maak wanneer sy weer voorraad vir Lily se galery in Kruisbaai neem. Ingedagte ry sy deur Bohemia se poort, terug Niemandsdorp toe.

Ná Birkenhire se afdraai gee sy vet. Nog een plek bly oor en sy sal moet wikkel as sy dit voor donker wil maak.

Gys voel soos 'n vreemdeling in sy eie huis. Gertjie werskaf in die tuin saam met die handlanger wat Delphine oorgestuur het. Sy het Gys weggejaag toe hy wou hand bysit. Of dalk was dit omdat hy hardop gewonder het of daar nou regtig 'n kruietuin nodig is.

San is in die kombuis doenig. Wat sy maak, weet hy nie, want middagete was net toebroodjies en slaai. Maar ook daar is hy uitgeboender toe hy protes aanteken omdat die bottel brandewyn wat hy vir Fortuintjie aanhou, so 'n knou gekry het in die een of ander baksel waarmee San besig is.

“Sie jy jou neus hier uit hou, Gys Niemand,” het sy op hom geskel. “Soos dit is, sal die Krismiskoek eintlik eers aankomende jaar regtig reg wees om te

eet.”

Sy oproep na Fortuin toe het nie veel beter afgegaan nie. “Ons is besig, Luitenant. En nee, ek weet nie wanneer sy die toetse ingepas gaan kry of hoe lank dit gaan neem nie. Ek slaap vanaand hier oor. Ek moet gaan.”

En dit was dit. Hy het oorweeg om Kierangbaai toe te gaan en weer vir Gerbrand te gaan pols, maar vir daardie stuk skroot sien hy nie in die middaghitte kans nie. En nou moet hy môre ook nog met die stuk scrap opgeskeep sit omdat Fortuintjie kastig so vreeslik besig is in die Kaap.

Hy is eintlik verlig toe die foon lui. “Gys Niemand.”

“Luitenant.”

Die verligting taan aansienlik. “Middag, Majoor.”

“Deeglike papierwerk, maar ek kan nie verstaan hoekom die papierwerk nie in dade omgesit is nie.”

Gys sug sommer hardop. “Maar Majoor, jy kan darem sekerlik sien daar is nie genoeg rede om Gerbrand Niemand te arresteer nie. Sover ons kan vasstel, was hy nie naby Koostrand nie. Nie op die dag van Zita Malherbe se moord nie, in elk geval.”

“Ek kan lees. Ek hoop net nie jy het van Miempie Bandjies s’n vergeet nie, Luitenant? Dalk omdat jy dink haar moord is minder belangrik nie?”

“Hoekom sou ek dit dink, Majoor?” Gys kan voel hoe sy bloed begin kook. Hy weet presies wat Arendse impliseer. Hy kan hom amper hoor sê: omdat sy bruin is.

“Luitenant, alles staan klinkklaar in jou verslag. Arresteer, en arresteer vandag nog.”

“En wie moet ek nogal arresteer, Majoor?” Gys probeer nie eens die sarkasme uit sy stem hou nie.

“Die moordenaar, Luitenant. Die enigste man wat ’n uitsig het op sowel Kierangbaai as Koostrand. Ek sou darem dink dat jy daardie som kan maak,” antwoord Arendse ewe sarkasties.

“Uitsig? Jy bedoel Strandloper?”

“Welkom, agteros. Jy is uiteindelik in die kraal. ’n Kraal wat jy nogal self gebou het.”

“Wel, Majoor, as jy mooi na die ‘kraal’ kyk, sal jy sien Strandloper is soek. Almal op Kierangbaai weet hulle moet my laat weet sodra hulle hom gewaar, maar selfs dan kan ek hom nie net summier arresteer nie. Wat sou sy motief wees om Zita te vermoor? Vir Miempie selfs?”

“Dis vrae wat jy hom kan vra wanneer hy gearresteer is. Sorg dat jy hom opspoor.”

Dié keer smyt Gys die foon wel neer. Arendse het weer eens nie die ordentlikheid gehad om te groet nie.

Hy spring op, druk sy hande diep in sy sakke sodat hy nie dalk ander goed beskadig nie, en begin op en neer stap. Sê nou Arendse is reg? Sê nou dit is toe die hele tyd Strandloper? Dieselfde Strandloper wat Aengel staan en afloer het. Strandloper wat verdomp nêrens te vinde is nie. Hoekom sal hy immers vlug as hy nie skuldig is nie? Wat het hy daar agter in die grot uitgegrawe?

Gys gaan staan voor die venster. Die handlanger swoeg om ’n stuk rooikrans uit die grond te kry. Gertjie is klaarblyklik besig om ’n lys te maak van fynbos wat die bouery oorleef het.

Delphine. Die naam dop uit sonder dat hy dadelik die konnotasie maak, maar dan besef hy wat sy onderbewussyn vir hom sê. As daar enigiemand is wat sal weet waar Strandloper heengaan as hy nie in die strandlopergrot is nie, is dit Delphine. Of hy nou skuldig is of nie, dit sal help om te weet waar hy is.

Aengel kyk vir die soveelste keer na die afstandmeter. Van hier af moet sy uitkyk vir die wegsteekpaadjie wat glo uit die Kruisbaai-Niemandsdorp-pad draai. Dis al ’n bietjie laat, maar daar is darem nog ’n goeie twee uur se daglig oor. As sy Goringgat kan opspoor, het sy Annie se hele roete gedek, in elk geval tot waar sy tot dusver gelees het.

Amper ry sy verby. Sy moet tru, en is dankbaar sy is in die RAV toe die verspoelde grondpad aan die voertuig begin ruk en pluk.

Die grot word nou wel uitgewys as “place of interest” op die kaart, maar sy twyfel of hier baie mense kom. Hoeveel “interest” daar in elk geval sal wees in ’n grot waar ’n man met die naam van Baksjisj allerhande insekte aangehou het en betrokke was by Paradyskloof se insekmoorde, kan mens net raai. Veral met hierdie feitlik onbegaanbare pad. ’n Gewone motor sal dit beslis nie maak nie, veral nie die stroke sand nie.

Dit voel soos ’n ewigheid voor sy by ’n oopte kom wat dalk ’n paar jaar terug ’n parkeerplek was. Dit moes kort ná die moorde gewees het en as daar mense was wat dit toe gebruik het, is daar geen spoor meer van hulle nie. ’n

Verweerde bordjie in die vorm van 'n pyl dui 'n “g..ot” aan.

Aengel klim uit en hou 'n bakhand bo haar oë teen die skerp vroegeandson. Sy moet behoorlik soek voor sy die vyeboom sien. Dit lyk na 'n hele ent se klim. En vrek steil. Vir 'n oomblik is sy lus en draai om, maar vat dan 'n botteltjie water wat sy vir die doel gekoop het, druk dit en die goedkoop flitsie wat sy ook aangeskaf het in haar skouersak en begin aanstap.

Sy het Annie se roete aangepak om haar eie te probeer verstaan. En al het sy die roete nou nie heeltemal in volgorde gevolg nie, gaan sy dit klaarmaak.

In daardie grot het Annie geboorte geskenk aan Annieskind. Amper daar gesterf. Maande daarna nog daar gebly. Iets van haar moet nog tussen of in die rotswande vasgevang wees. Daardie iets wat Aengel by die ander plekke gesoek het, maar nie kon aanvoel nie. Goringgat is die een plek wat nie veel kon verander het nie.

Sy het Annie kom soek, want Annie moet haar moed gee wanneer Lika haar uiteindelik kontak en sy Fourie se brief vir haar sal moet lees. Annie kan wees wat sy wil, maar een ding het haar nie ontbreek nie, en dis moed. Nee, twee dinge. Annie was goed met hoop ook. Dalk nog beter as met moed.

“Ek praat nie graag uit oor ander mense nie, Luitenant, soos jy weet. Strandloper het sy dinge en sy doene en late. Dis nie vir my om daaroor te praat nie.”

Gys onderdruk 'n snorkgeluid. Asof Delphine Fortuin nie gebore is om te skinder nie. En was dit nou nodig dat sy so lank moes vat voor sy hom teruggebel het nadat hy 'n boodskap by Lily Brink gelos het? “Hoe dan nou, Delphine?” Hy probeer rustig bly. “Jy het ons dan nog altyd met die ander sake ook gehelp.”

“Ja, maar dis mos nou as daar mense se lewe op die spel is, Luitenant.”

“En jy dink nie Strandloper is gevaarlik nie? Daar is reeds twee moorde op Kierangbaai gepleeg, Delphine. Reg onder Strandloper se grot. Een aan die linkerkant daarvan en een aan die regterkant daarvan. Al is Strandloper dalk nie die skuldige nie, moet hy iets gesien het.”

Delphine bly lank stil. “Strandloper is nie van nature 'n lewевatter nie, Luitenant.” Sy aarsel. “Dis net oor die Annie-ding wat hy snaaks is. Hy sal enigiets doen om in sy voorvaders se spore te trap.” Hy hoor haar sluk. “Enigiets,” herhaal sy hees.

“Delphine, waar dink jy is hy?”

“Luitenant mag vir niemand sê as ek sê nie? Strandloper sal my nooit vergewe nie.”

’n Vreesvuis vat Gys se hart vas. Dan is Arendse reg. Dan is die man waaragtig reg. “Dit sal tussen ons bly. Waar, Delphine?”

“Hy gaan berge toe, Luitenant. Na sy voormense se ander grot toe. Die een naby Paradyskloof, waar sy neef Baksjisj sulke slegte goed aangevang het. Ons roep die grot Goringgat.”

Gys sug. Kon dit nie maar enige ander plek gewees het nie? “Dankie, Delphine. Baie dankie.”

“Maar Luitenant, moenie in die donker probeer gaan nie. Selfs in die daglig, met permissie gesê, glo ek nie Luitenant sal dit boontoe maak van onder af nie. En alleen kan jy nie gaan nie. Strandloper hardloop onder jou uit sonder om eers spore te maak. Miskien moet Luitenant maar wag dat Faantjie terugkom. En moenie eens probeer om met iets anders as ’n four-by-four te gaan nie.”

“Ek onthou, Delphine. Van die Paradyskloof-moorde af,” knip Gys haar kort, bedank haar weer eens en groet.

Eers nadat hy die foon neergesit het, swets hy ’n stringetjie. Hy sit met die skroot en hy weet dit gaan in elk geval niks help om alleen te gaan nie. En kyk hoe laat is dit al. Teen die tyd dat hy ’n viertrek en bystand gereël het, is dit reeds donker. En eintlik het hy die Honde-eenheid se hulp nodig. Soos hy Strandloper opgesom het, gaan hulle net een kans kry om hom vas te trek.

Toe bedaar hy. Môre is nog ’n dag. Hy weet waar Strandloper skuil hou en dis die belangrikste. Hy moenie nou staan en oorhaastig wees en die hele ding beduiwel nie. Maar môre sal Arendse sy vervloekste arrestasie kry.

Aengel moet haar inhou om nie die hele bottel water uit te drink toe sy uiteindelik natgesweet onder die reusevyboom aankom nie. Dit was nog steiler en verder as wat sy geskat het. Sy skep nog ’n rukkie asem voor sy die flitslig opdiep en voetjie vir voetjie die grot binnestap.

Hoekom het sy nie besef dit sal glad nie soos die Kango- of Sudwala-grotte wees nie? Hoekom het sy nie besef dit sal so grillerig wees nie? Hoekom het sy nie voorheen daaraan gedink dat daar ongediertes kan skuil nie?

Tien tree, besluit sy, sal diep genoeg wees. Sy tel die treë een vir een af en

speel onderwyl met die flits se flou straaltjie op en af teen die wande. Agter in die grot tref die lig net duisternis. Êrens hoor sy water drup. 'n Ritseling laat haar die flits se ligbaan in die rigting daarvan swaai, maar daar is niks.

Nege. Tien. Sy gaan staan en draai na die bek van die grot. Dieper binnetoe stink die grot benoud. Seker dassies. Maar dit ruik na iets anders ook, iets bekenders. Soos 'n duikweg. Of 'n manstoilet. Urine, herken sy die ammoniakreuk. En soos 'n ligte mislaag oor die bekende reuk, rus nog 'n bekender een. Die reuk van stroois. 'n Vuur wat gerook het. Onlangs.

“Jy’t gekom.”

Aengel gee 'n gil, swaai om en hou die flitslig bokant haar kop asof die stukkie plastiek enigsins as wapen kan dien. Agter haar staan Strandloper, sy mond so vertrek dat sy elke afsonderlike tand en uittand kan sien.

Nou moet hy haar maar weer die josie in maak, hy het geen ander keuse nie, besluit Roark toe Aengel teen halfsewe nog nie by die huis is nie. Sy oë staan al stokstyf in sy kop soos hy die pad van Kruisbaai af dophou vir die wit RAV.

Dit het hom elke greintjie selfbeheer gekos om haar nie te bel nie, maar hy sal mal word as hy nie weet waar sy is nie. En hy het goeie rede boonop. Hy moet haar teen Gerbrand waarsku. Bliksemse Mac met sy los bek. Bliksemse onoordeelkundige suipgat.

Dit was 'n dag uit die hel. En dis nie net sy bekommernis oor Aengel nie. Charlie se probleme het ook met rasse skrede toegeneem. Wat sou Pearlie besiel het om hom nou te verlaat? Natuurlik daardie bombastiese opstoker van 'n pa van haar.

Maar Aengel bly sy grootste probleem. Hy druk die snelbelnommer. Nog voor hy die foon weer teen sy oor het, hoor hy al dat dit direk na die antwoorddiens gaan en 'n blikstem die gewone rympe begin opsê.

“Aengel, dis Roark. Bel my asseblief so gou jy kan. Dis werklik dringend.” Hy druk die foon dood. As hy nog iets sê, gaan sy agterkom hoe geforseerd die kalmte is wat hy op sy stemtoon afgedwing het.

Terwyl sy retireer, grawe Aengel angsbevange in haar sak na haar selfoon, hoe futiel dit ook al sal wees.

“Jy’s Annie wat teruggekom het. Ons wag al baie lank vir jou.”

Sy hoor skaars wat Strandloper sê, kry die foon uiteindelik raakgevat en pluk dit uit.

“Hier’s nie sein nie. Maar jy moenie bang wees nie. Dis bestem. Van my grootjie se grootgrootjie se grootgrootgrootjie se tyd af, wag ons al vir jou. Sy het gesê jy sal kom en jy het.”

’n Vlughtige kyk na die selfoon bevestig dat hy nie lieg oor die sein hier nie. Sy laat val dit terug in haar sak en kyk oor haar skouer. Selfs al was die terrein nie so ru nie, sal sy nooit vir hom kan weghardloop nie. Sy het self gesien hoe rats hy teen rotse uitgeklim het, al moet hy ’n goeie dekade of twee ouer wees as sy.

Sy geel oë weerkaats soos ’n kat s’n. Daar is iets hipnoties aan sy kyk. “Strandloper, asseblief, ek het geld. Ek sal vir jou gee, laat my net toe om huis toe te gaan. Ek sal vir niemand sê jy is hier nie.”

“Ek soek nie geld nie. Wat moet ek koop wat ek nie het nie? Dis ek wat iets vir jou wil gee.” Hy steek ’n vuus met sy vingerpunte na onder gekrul na haar toe uit. “Dè, hou jou hand.”

Sy gee haastig nog ’n tree agteruit en dink aan die grotman wat destyds met die Paradyskloof-moorde insekte hier aangehou het. Vir een van die moorde is die krappiespinnekop gebruik. Haar hele lyf ril.

“Moenie bang wees nie. Hier. Vat.”

Sy begin haar hand uitsteek, maar dit krul vanself weer op toe hy nader kom.

“Sjj-sjj. Dis nie ’n gogga nie. Ek is nie Baksjisj nie. My neef het mal geraak van witmensgoed.” Hy vou een klouagtige hand onder hare in. Die krag in sy vingers is duidelik voelbaar, maar hy maak haar nie seer nie. “Maak oop jou hand. Dis iets wat joune is.” Sy vuus hang oor hare.

Aengel se oë knyp vanself toe terwyl sy haar hand stadig oopvou. Sy voel hoe hy iets in haar palm neersit. Dit kriewel nie. Dis koel. Sy maak haar oë stadig oop en staar na die ligblou glimmering.

“Hulle was vir Annie mooi. Daar was nog van hulle, tot die skippe begin olie mors het. Nou spoel hulle nooit meer uit nie.”

Aengel staar na die skulp wat soos ’n opgekrulde duisendpoot lyk en perlemoenagtig blink. Strandloper staan ’n tree terug.

“Annie-se-riksdaalder,” asem sy dit uit. “Waar kry jy dit?”

“Wanneer die tyd reg is, sal jy weet. Hierdie een gee ek vir jou sodat jy

weet jy hoef nie bang te wees nie.”

Dis ook die skulp wat Annie saamgeneem het om haar daaraan te herinner dat sy niemand mag vertrou nie, onthou Aengel, maar onderdruk die gedagte. Haar vrees is allesbehalwe weg, maar as Strandloper haar wou kwaad aandoen, kon hy dit reeds gedoen het. Tensy ...

“Wag hier.” Hy stap na links en ’n ent dieper in die grot in.

Sy kyk om, meet die afstand na die RAV.

“Jy kan dalk vandag hier weghardloop, maar nie vir altyd nie,” sê hy asof hy haar gedagtes kan lees. “Die dinge wat beginne is, moet klaarkom.”

Toe sy terugkyk, begin ’n vlammetjie flikker. Die fynhout knetter toe dit vlam vat.

“Kom sit.” In die vlamme se lig sien sy die knokkelhand haar nader roep. “Jy moet die woorde hoor van my grootjie se grootgrootjie se grootgrootgrootjie sodat jy kan verstaan wat moet gebeur.” Hy sit ’n groter hout op die fynhout en sprinkel iets daaroor. Vonke skiet in alle rigtings. “My grootjie se grootgrootjie se grootgrootgrootjie het hier gebly. Saam met die visvrou. Dis hier waar die visvrou Annieskind gekry het en Grootouma se kind vir Annieskind gesoog het. Kom, dan vertel ek jou van die visvrou.” Sy stem eggo hipnoties in die klipruimte.

Sy gee onwillekeurig ’n tree nader, en nog een. Bly dan staan. Die geur van vuur begin by die ander stank oorneem en verdoesel die ammoniakreuk. Maar dis nie net ’n gewone vuurreuk nie. Daar is iets ander by. Iets soets wat sy nie kan plaas nie.

“Ek het jou gesien die dag toe jy aangekom het en geweet die wag is verby. Het ek nie self Annie se beeld op die strand sien uitspoel voor die varkman dit geraap het ná daardie winterstorm nie? Ek het gedink dis die teken dat jy toe sal kom, maar ek moes nog meer as agtien jaar wag.”

Winter? Agtien jaar terug? “Wat was die datum?” vra sy op pure instink af en besef dan hoe ’n absurde vraag dit in die omstandighede is.

Hy gaan sit. Sy knieë steek verby sy skouers. Sy lang arms rank om sy kuite. “Ek leef nie by nommers nie. Nie eens by name van maande nie. Maar daardie dag het ek in die grot gemerk. Dit was die vierde dag van Julie.”

Lika se geboortedag. Haar hele lyf slaan in hoendervleis uit. “Waarvoor het jy agtien jaar lank gewag?”

Hy gee ’n kekkellag. “Ons wag al baie langer as dit. Ek al vir amper dertig jaar. My se pa voor my vir nog langer, en sy se pa voor hom, en syne s’n voor

hom ook. Kom sit, Annie.” Hy beduie na ’n gryserige bondel.

Nou eers sien sy die karos langs die vuur lê. Dit lyk grillerig, maar dis sag toe sy gaan sit.

“Elkeen van ons maak drie karosse terwyl ons wag. Een vir Annie, een vir onself en een vir Annieskind.”

“Wie is julle?” Haar oë begin brand van die rook. Die vlamme speel goud teen die rotswande. Dis asof niks stilstaan nie, selfs die onbeweeglike dein om haar.

“Ons is geroep om te sorg dat die vloek gelig word. Ons is die bewaarders van Annie se goed. Die goed wat Grootouma begrawe het sodat Annie se vloek kan weggaan wanneer sy Annieskind kom haal.”

“Maar sy het haar nie kom haal nie?”

Strandloper skud sy kop en dit lyk asof daar geslagte se heimwee in sy oë vassit.

“Is jy ’n afstammeling van Annieskind?”

Hy skud weer sy kop. “Nee, maar my mense se melk sit nou nog in Annieskind se nageslag vas.”

“Die soogmoeder?” probeer sy sin maak terwyl niks eintlik sin maak nie.

“Grootouma het Annieskind aan haar eie kind se bors gesit, ja.”

“Grootouma was die medisynevrou,” maak sy nog ’n som, al voel haar kop wollerig en alles onwerklik.

“My mense is almal medisyнемense. Van lank voor Grootouma af. Medisyne is in ons bloed. Ons medisyne kon selfs die pokke weghou.”

Aengel bly lank stil, sy voel heerlijk ontspanne. En dit bekommer haar. Sy is veronderstel om in doodsvrees te wees vir hierdie grillerige man.

“Ek het medisyne in jou plek met die skulpe gesit. En nog een van Annie-se-riksdaalders. Sodat jy hierheen kan kom. Sodat ons kan praat.” Sy grynslag lê sy geel tande weer bloot. “Jy sien? Ons medisyne werk.”

“Wat wil jy nog vir my sê, Strandloper? Ek moet huis toe gaan,” probeer sy kop hou.

“Ek moet vir jou sê wat Grootouma in my slaap vir my kom sê het om vir jou te sê. Sy het gesê: Moenie soek nie. Dit sal na jou toe kom. Sy het gesê: Pasop vir die netman. Die man wat skelm soek wat nie syne is nie. Die man wat die visvrou se vloek op hom getrek het. Sy het gesê die visvrou se vloek moet einde kry. Die netman moet betaal en dan sal dit klaar wees. En as die netman die prys betaal het, kan ek Annie se goed aan haar terugbesê. En

dan hoef ek nie die volgende Strandloper te leer om Annie se goed op te pas nie. Dan is onse vloek ook klaar. Die vloek wat gesê het elke Strandloper moet 'n seun maak, al mag hy nie trou nie, en as die seun bekwaam raak, moet hy begin leer hoe om Annie se goed op te pas. Onse vloek is die alleen van onse grot. Ons is ook moeg vir onse vloek.”

“En het jy 'n seun gemaak? 'n Opvolger?”

Hy knik. “Maar toe ek Annie se beeld sien uitspoel, het ek gedink alles is amper klaar. Toe het ek hom nie geleer nie. Maar as die vloek nie verbykom nie, sal ek hom moet leer, al is hy al amper te oud om te verstaan van ons plig. Al loop hy klaar ander paaie. En dan sal ons vir die volgende Annie moet wag. Wie weet hoe lank. Om haar goed vir haar te gee.”

“Wat is Annie se goed?”

“Dis in die trommel. Ek het dit uit sy wegsteekplek gehaal en op 'n ander plek gebêre sodat die netman dit nie kan kry nie.”

“Wat is in die trommel?”

“Sal ons nou in Annie se goed wil grawe?”

“Wie is die netman?”

“Grootouma kan nie sê nie. Sy weet net hy trek visse uit wat nie syne is nie.”

Sy dink 'n oomblik na. Die vlamme laat Strandloper se gesig lyk asof dit 'n dans van sy eie uitvoer, onafhanklik van sy lyf. “Die boegbeeld. Annie het daaraan vasgehou toe die skip vergaan het. Hoe kan dit agtien jaar gelede eers uitgespoel het?”

“Die see gee en die see vat, en partykeer as hy gevat het, gee hy weer terug.”

“Amper honderd en tagtig jaar later?”

“Die blou breekgoed spoel ook nou nog uit. Stukkie vir stukkie. Selfs ek wat die see ken asof dit my voorvader is, verstaan nie hoe dit werk nie. Dit is net so.” Hy kom in een beweging orent. “Nou moet jy gaan. Dis aanstons donker.”

Aengel struikel effens toe sy opstaan. By die bek van die grot haal sy diep asem en draai dan om na Strandloper. “Dankie vir die skulp.”

Hy knik en begin agteruit loop. “Pasop vir die netman. Hy wil jou ook vang.” Die een oomblik sien sy hom nog en die volgende het die dieper duisternis van die grot hom ingesluk.

EEN EN TWINTIG

7 Desember — vroegoggend

Eers toe sy die rotsformasie soos 'n primordiale walvis links van haar in die bane van die RAV se kopligte sien lê, kom Aengel uit haar droomagtige toestand. Die Vader alleen weet wat sy in daardie grot ingeasem het, maar die hele episode voel vaag en onwerklik. Het sy nie dalk inderdaad gedroom nie?

Sy onthou skaars die rit van daar af. Een of twee keer het sy haar verbeel sy hoor 'n boodskap wat op haar selfoon deurpiep, maar ook dit was onwerklik.

Kierangbaai se vissershuisies se liggies flikker voor haar. Regs is die klipkasteel helder verlig. Geen lig by Nella nie, sien sy toe sy nader hik oor die slegte pad. Kieranghut is natuurlik ook donker.

Sy slaak 'n sug van verligting toe sy die RAV onder die afdak intrek en die agter deur oopsluit. Sy gaan skakel die kopligte af, kry haar sak en gaan binnetoe. Die huisie is benoud gebak deur die Desemberson. Sy skakel ligte aan so ver sy gaan en stap heel eerste voordeur toe om dit oop te gooi. Dis 'n soel aand en sy het elke druppel vars lug in haar longe nodig. Die bedompigheid van die grot sit nog daar vas soos oorblyfsels van die vrees wat sy moes gevoel het, maar na die eerste angswekkende oomblikke onverklaarbaar genoeg nie ervaar het nie.

Sy het die rekenaar aan vergeet, sien sy aan die sluimerskerm wat ewe geduldig een foto na die volgende vertoon. Die familie onder die prieel met François se verjaardag. Lika voor die kelder met 'n groep toeriste, geneem in die Septembervakansie. 'n Glimlaggende Lika met 'n glas vonkelwyn in die hand, die aand voor haar vertrek.

Toe Aengel die muis roer, verdwyn die foto's en sien sy niemand het haar ge-Skype nie. Sy maak die venstertjie met Fourie se brief nog daarop toe. Dit voel skielik soos 'n eon gelede wat die inhoud van die brief haar uit die huis gejaag en op haar malmenstog agter Annie se voetspore aan gestuur het.

Terwyl sy skoon nagklere uit haar kas kry voor sy gaan stort, hoor sy die voordeur klap. Met 'n frons stap sy daarheen, maar kom net tot halfpad in die sitkamer. Gerbrand trek die deur agter hom toe.

Hy draai om, struikel effens en steek vas. “Hulle sê 'n dronk vrou is 'n engel in die bed. Toe wonder ek nou, is Aengel soos 'n dronk vrou in die bed?” Hy grynslag en kom onvas op sy bene nader.

“Gerbrand, loop. Jy is die dronk een.”

“Dronk, ja, maar nie onkapabel nie.” Sy grynslag verbreed. “Ja, heeltemal kapabel om 'n bybie te maak. 'n Erfgenaampie vir al Annie se skatte.”

“Loop!” Aengel begin retireer. “Uit my huis uit! Onmiddellik!” Sy voel voel agter haar. As sy net in die slaapkamer kan kom. Die deur kan sluit.

Asof hy weet wat sy dink, storm Gerbrand op haar af, sy oë wild, sy gesig vertrek.

Pasop vir die netman, hy wil jou ook vang, hoor sy Strandloper se woorde nog. Die volgende oomblik kry Gerbrand haar aan haar hare beet.

“Wie dink jy is jy, hoer?” Hy ruk haar aan haar hare rond. “Kom hier aan met jou stywegatmaniertjies en verkondig jy is die erfgenaam van Annie-se-skat? Se moer!” Hy stoot haar terug in haar kamer, stamp haar dan nog verder agtertoe. Haar hande soek vashouplek maar daar is net lug. Haar rug tref die bed.

Hy kry haar aan die hals van haar hemp beet en ruk haar rond asof sy 'n kat in 'n Rottweiler se bek is. “Die skat is myne! Myne en my nageslag s'n. Verstaan jy my mooi? En g'n testament of wat ook al sal dit van my wegvat nie.” Sy ruik die drank op sy asem toe hy haar nader pluk. Die knopies van haar hemp gee mee. Sy hoor lap skeur en sy val weer terug teen die duvet.

Die eerste ding wat sy raakvat, is die bedlamp. Vir 'n oomblik dink sy sy het 'n wapen, maar die koord wat by die muur ingeprop is, is te kort. Die lamp ruk uit haar vingers en val met die geluid van glas wat breek buite haar bereik.

Sy pluk haar bene op en skop, maar hy koes en sy tref hom net skrams. Hy val bo-oor haar.

“Ek het genoeg gehad van donnerse vroumense wat inmeng met alles wat mens doen. Genoeg!” Sy stink asem is hortend in haar gesig terwyl hy sy lyf gebruik om haar worsteling te stil. “As julle nie wil hoor nie moet julle voel.”

Eers weet Aengel nie wat veroorsaak dat sy gewig van haar af is nie. Toe sien sy Roark uit die hoek van haar oog, sien hoe Gerbrand deur die vertrek

vlieg en die Bentwood-stoel tref wat met 'n gekraak onder hom meegee. Roark is feitlik onmiddellik op hom. Die geluid van sy vuus teen Gerbrand se gesig, sy lyf is onmenslik.

“Roark!” gil sy so hard as wat sy kan. “Roark!” Die skril geluid tril in die lug.

Roark se arm verstar. Toe hy na haar kyk, is dit asof daar 'n vlies oor sy oë is wat net-net begin wegtrek.

“Roark, hou op. Asseblief. Jy sal hom doodmaak.” Kan die skor stem aan haar behoort?

Die vlies trek nog 'n klein entjie weg. Hy pluk Gerbrand orent en sleep hom uit die kamer. Aengel ruk wat oorgebly het van haar hempspante teen mekaar en hardloop agter hulle aan. Roark gooi Gerbrand letterlik van die stoep af. Hy val in 'n hoop in die sand en sleep homself 'n ent weg voor hy orent sukkel.

“Ons sien mekaar in die fokken hof, O'Shea!” huilskree hy en begin wegstrompel, sy een arm slap en bengelend langs sy lyf.

Roark kyk om na haar waar sy staan en van kop tot tone bewe. Dan is hy by haar en vou haar in sy arms toe.

“Aengel. Waar de fok was jy?”

“Roark!” Sy druk benoud teen sy bors. “Jy versmoor my.”

Stadig verslap hy sy greep en kyk haar effens verdwaas aan. “Jissis, Aengel.” Hy raak aan haar wang, streel oor haar hare, trek die hempspante wat sy laat gaan het weer oor haar borste.

“Roark, ek is oukei.”

“Wat gaan aan?” Aengel kyk oor haar skouer. Charlie lyk skoon bleek waar hy oor die onderdeur inkyk. Onder sy linkeroog hang 'n potblou swelsel. “Uncle Roark?”

“Gerbrand het Aengel aangerand. Gaan sê vir jou pa as hy sy lewe liefhet, sal hy sorg dat hy nie daar is wanneer ek hom kom soek nie.”

“My pa?”

“Loop net, Charles. Alles is onder beheer. Voorlopig. Of nee.” Hy hark met sy vingers deur sy hare asof hy só beheer oor sy denke probeer kry. “Vat Gerbrand Niemandsdorp toe. Noodgevalle toe, ek dink ek het sy arm gebreek. Onder meer. Die Discovery se sleutels is in die kombuis. En moenie dat hy op my karsitplekke bloei nie.”

“Moet ek nie maar die Landie vat nie?” Charlie lyk verwilderd.

“Nee, die Landie is te stadig. Ek dink ek het hom baie seergemaak. Dalk inwendig ook. Wat die vark verdien het, maar ek wil nie van manslag aangekla word nie.”

“Goed jy waarsku my. Ek het vandag uitgevind die moers ... dis hy wat vir Pearlle van my en Zita gesê het, nie Miempie nie. Ek sal hom hospitaal toe vat, maar ek hoop hy vrek op pad soontoe.”

Dis asof Charlie se tussenkoms Roark die geleentheid gegun het om weer rasioneel te dink. Toe Charlie wegdraf kliphuis toe, kyk Roark af na Aengel. “Ek is jammer ek het dit so gelose. Is jy oukei?”

“Ek is.”

“Ek gaan vir Gys Niemand bel. Hy moet hierheen kom en sien wat gebeur het en hoe dit gebeur het. Sien jy kans?”

“Is jy bang Gerbrand kla jou aan?”

“Hel, nee. Dis bewyse vir die klag wat jy teen hom gaan lê.” Hy haal sy selfoon uit sy sak, soek ’n nommer en skakel. “Beset.” Hy swets. “Het jy Fortuin se nommer?”

Sy skud haar kop.

“Telefoongids?”

“Nog nie. Bel 1023.”

Roark lig sy foon en skud sy kop. “Ek moet in elk geval seker gaan kyk of Charlie die sleutels gekry het en regkom met die waenhuisdeure.”

Hy sluit die voordeur en stap agterdeur toe. “Sluit agter my. En jy maak net vir my of Gys Niemand oop. Reg?”

Sy knik.

“En Aengel, ek weet jou eerste instink sal wees om die vark se hande van jou af te was en skoon klere aan te trek, maar wag asseblief net eers tot Gys of Fortuin hier is?”

Sy knik weer, sien hoe hy opnuut Gys se nommer probeer en dan met ’n kopskud uitstap. Werktuiglik gehoorsaam sy en sluit die deur toe.

“Jy moet Kierangbaai toe gaan! Daar is groot kak, Oom, Inspekteur, ek bedoel Luitenant.”

Gys kan skaars uitmaak wat Fortuin sê. “Wat gaan aan, Fortuin?”

“Roark het jou in die hande probeer kry terwyl jy my vertel het van Strandloper se ander grot. Hy het nou net na my toe deurgekom. Gerbrand

wou hom op Engeltjie afdwing en die Ier het hom gemoer lat hy wens hy is eerder dood. Of so iets, Luitenant. En hier sit ek in die Kaap. Roark sê Luitenant se foon bly beset. Dis nou toe ons gepraat het. En Luitenant se landlynnommer is glo nie in die gids nie. Hy vra Luitenant moet dadelik kom. Hy sê Engeltjie is oukei, net geskok, maar toe ek vra, sê hy Gerbrand is dalk nie so lekker nie,” rammel Fortuin die inligting kruis en dwars af.

“Ek ry dadelik, Fortuin, maar sorg dat my bakkie môre terug is, vervloeks.”

Gys wag nie vir ’n antwoord nie. Sal hy Roark eers bel? Nee, dit sal tyd mors wees. Hy grawe die kluis se sleutel uit sy wegsteekplek, kry sy pistool uit, ruk sy gordel oop en ryg die holster daaraan vas. Hy is nie ’n man vir vuurwapens nie, maar hy kan nie kanse vat nie.

“San, Gertjie, ek moet waai!” roep hy by die kombuis in terwyl hy nog met die gespe sukkel. Hy vloek strepe toe die Jetta ’n ewigheid vat om aan die gang te kom, maar dan is hy darem op pad en hy ontsien nie die rammelkas nie.

By Aengel se huis aangekom, wil hy eers daar stop. Maar toe hy die Discovery voor Rykmanshut sien staan, ry hy daarheen. Hy hoop nie Roark het gaan klaarmaak wat hy begin het nie.

Gys steun teen die trappe op. Hy is nog styf van gister se dinge. “Gerbrand?” roep hy by die bodeur en stap binnetoe. Hy kry hulle in die slaapkamer. Gerbrand wat op sy sy op die vloer lê en Charlie wat oor hom gebuig staan.

Charlie kom regop, sy gesig ’n studie in witgeskrikte skok. “Ek dink hy’s dood.”

Gys se eerste gedagte is dat Roark vir hom oneindige probleme op die hals gehaal het. Manslag is nie speletjies nie en dit was nie eens selfverdediging nie. Hy het nou wel vir Aengel beskerm, maar een hou sou waarskynlik genoeg gewees het.

Gys frons. “En dié?” Hy wys na ’n stuk net in Charlie se hande, maar sy blik vlieg na die stil liggaam op die grond.

Een kyk na Gerbrand se pers gesig, die geswelde tong wat uit die mond hang en die kneusing om die nek en Gys voel vir sy pistool. “Charlie?” vra hy en knip die holster oop.

“Ek het hom só gekry, Luitenant. Ek het die net van sy nek afgedraai en wou begin CPR doen, toe hoor ek jou stilhou.”

Gys kyk van die lyk na die net en weer terug na Gerbrand se gruwelgesig. Mond-tot-mondasemhaling sou net so min vir Gerbrand gehelp het as wat daardie net vir 'n skottel gebruik kan word. “Charlie, ek moet jou in hegtenis neem. Jy het die reg tot stilswye,” begin hy sy rympie. Sy boeie lê in die bakkie, besef hy dan.

“Luitenant, ek sweer.”

Die kamer verdonker effens. Gys swaai om. Roark staan die hele kosyn vol. “Luitenant. Wat gaan hier aan?” Toe sien Roark vir Gerbrand lê. Gys sien hoe die hele prentjie by Roark registreer voor hy weer na Charlie kyk. “Jeezis, Charles.”

“Lyk my jou peetkind het jou werk vir jou kom klaarmaak, O’Shea. Uit is jy, dis ’n misdaadtoneel,” kners Gys tussen sy tande deur. Waar is Fortuin as hy hom werklik nodig het? Waar is sy vervloekste bakkie!

Roark besef klaarblyklik hy kan niks hier doen nie, want hy begin retireer. “Ek is by Aengel as jy my soek, Luitenant. Charles, ek sal Derek van Rooyen dadelik bel. Jy sê niks voordat hy nie by is nie, verstaan jy?”

Gys se moed sink in sy skoene. Derek van Rooyen. Gertjie se vennoot van alle mense. Hierdie saak raak net meer bisar by die minuut.

Toe Roark uit is, kyk Gys weer na Charlie. “Jy het die reg tot regsverteenvoordinging.” Gys maak sy rympie klaar en skep asem voor hy verder praat. “Ek gaan jou nie boei nie. Ek glo jy het genoeg verstand om te besef jy sal sake net vererger as jy probeer vlug. Veral as jy, soos jy sê, onskuldig is.”

“Ek is.”

“En aan die moord op Miempie Bandjies?” Gys hou sy hand uit vir die net wat Charlie nog vashou. Hy gee dit gewillig, al sou hy Gys seker eerder ook daarmee wou verwurg.

“Onskuldig.”

“En aan die moord op Zita Malherbe?”

“Ek het dit nie gedoen nie.”

“Wat het jy hier kom maak, Charlie?”

“Gerbrand kom haal om hom hospitaal toe te neem. Roark het my gevra. Sy arm is glo gebreek en Roark was bang hy het inwendig seergekry in die fight.”

“Kom ons gaan sit,” sug Gys. Hy sluit die kamerdeur agter hulle, steek die sleutel in sy sak en doen dieselfde met die voor- en agterdeur terwyl Charlie

by die kombuistafel gaan sit.

Gys bel die polisiekantoor, vra dat hulle onmiddellik iemand stuur om 'n gearresterde te kom haal en maak sy stem dik toe dit net klink asof hulle 'n probleem het. Intussen kyk hy rond vir iets om Charlie se hande mee vas te maak. Dis nou as die klong hom ooit sal toelaat. Maar daar is in elk geval niks nie. Hy sien Gerbrand se swembroek in 'n houpie op die vloer lê, tel dit op en smyt dit ná een kyk weer neer. Die koord wat hy sou kon uitgeryg het, ontbreek.

Uiteindelik gaan sit hy oorkant Charlie.

“Wat het gebeur, Charlie?”

Charlie laat sak sy kop in sy hande. “Ek het jou gesê wat gebeur het, Luitenant. Van nou af oefen ek my swygreg uit.”

Roark sluit die oproep na Derek van Rooyen gefrustreerd af. Hy kan die man seker nie kwalik neem dat hy nie kwart voor elf in die nag in sy kar wil spring en hierheen wil kom nie. Ten minste het hy onderneem om polisiestasie toe te gaan wanneer Charlie daar aankom. Hopelik sal Charlie sy kop in die tussentyd gebruik.

Roark moet streng selfdisipline toepas om nie daar en dan na Mac toe te hardloop en hom die opstopper te gee wat hy verdien nie. Net die gedagte aan Aengel alleen in haar huis sedert hy Gys hierheen sien ry het, weerhou hom. En dan besef hy Mac word dubbel en dwars gestraf vir sy los bek. Niks sal vir hom 'n groter straf wees as om sy seun te sien tronk toe gaan nie.

Roark het Gerbrand net 'n oomblik lank gesien. Dis egter so duidelik soos daglig dat daardie pers gesig nie die gevolg is van sy eie onderonsie met hom nie, hoe gewelddadig dit ook al was. En daardie stuk net in Charlie se hande

...

Maar nee, nie Charlie nie. Nie sy peetkind nie. Daar moet 'n ander verklaring wees.

Dan onthou hy Charlie se woorde van minder as 'n uur gelede: ‘Dis hy wat vir Pearlle van my en Zita gesê het, nie Miempie nie. Ek sal hom hospitaal toe vat, maar ek hoop hy vrek op pad soontoe.’

Wat sou hy nie wou gee om sy opdrag aan Charlie terug te trek nie. As hy net verder gedink het.

Halfpad verby Snoekloop gaan staan hy. Dis donker, maar hy weet Nella is

terug. Lily Brink het haar vanmiddag hier kom aflaai met 'n pakkaas en Nella het kom sê sy wil van môre af weer werk om haar kop besig te hou. Hy draf met die trappies op en klop aan die deur. As hy Nella by Aengel kan los, sal hy nugterder kan dink en optree.

“Nella!” Maar daar is nie antwoord nie. Nou waar sou die ou mens wees? Hy klop weer aan, roep weer haar naam, maar daar is steeds geen antwoord nie. Miskien het sy 'n slaappil gedrink.

Hy drafstap Kieranghut toe. Aengel moet al bevange wees. Hel, wat sê hy vir haar? Die waarheid. Maar wat is dit waarheid? Sy peetkind het, soos Gys dit uitgedruk het, sy oom se werk vir hom klaargemaak?

Nee, dit kan tog nie wees nie.

Daar is 'n klop aan die deur. Aengel lig die duvet waaronder sy, sedert Roark se laaste inloer, pens en pootjies lê en bibber. Eers wil sy net weer haar kop toetrek, maar toe hoor sy iemand haar naam roep. Het Gerbrand teruggekom? Maar nee, dit klink soos Roark.

Sy trek die duvet om haar vas en staan op. “Wie is daar?” vra sy nietemin.

“Aengel, maak oop, dis ek, Roark.”

Aengel loer eers deur die venster om seker te maak voor sy die deur oopsluit.

Roark druk haar styf teen hom vas en plant soene in haar hare.

“Fok, Aengel,” prewel hy met sy wang teen haar kroontjie. Daar is iets moedeloos in sy stem, magteloos selfs.

Sy tree terug uit sy omhelsing. “Roark?”

“Gerbrand is dood en dit lyk asof Charlie hom verwurg het.”

Sy kan hom net in stilte aanstaar terwyl die nuus tot haar deurdring. “Gerbrand dood?”

Hy knik.

“Charlie?”

Hy trek sy skouers op. “Ek wil dit nie glo nie, maar dis hoe dit op die oomblik lyk. Miskien het hy uitgehaak. Pearlle het hom vanoggend verlaat.” Hy sug diep. “Miskien was dit die laaste strooi, maar ek weet darem nie.”

“Maar wat van Zita? Miempie?”

Roark skud sy kop en hark met sy vingers deur sy hare. “Jissis, Aengel, ek kan dit nie glo nie. Nie Charlie nie.”

Aengel volg hom kombuis toe. Hy begin kasdeure oopmaak. “Het jy whiskey?”

Sy skud haar kop. “Net wyn.”

“Fok.” Hy vee oor sy oë. “Ek is jammer, Aengel. Oor alles.”

Aengel hoor hom skaars. Haar gedagtes spring rond, probeer sin maak. Toe kom ’n paar goed bymekaar. “Charlie het gedink Miempie gaan vir Pearlie van hom en Zita vertel. En toe dreig Zita hom en hy vind uit sy verwag ’n kind wat moontlik syne is. En toe hoor hy vanoggend dit was Gerbrand wat in die eerste plek vir Pearlie vertel het.” Aengel hoor haarself praat asof dit iemand anders is. “En nou is al drie dood.”

Roark knik. “Ek weet hoe dit lyk, maar ek wil dit nie glo nie. Kán dit nie glo nie.”

Aengel onthou skoon buite verband iets wat Gerbrand gesê het. Dit kom terug asof dit ’n herinnering uit die verre verlede is. “Roark, hoe het Gerbrand geweet ek is Annie se erfgenaam? Net my familie weet. En jy.”

Roark vryf oor sy gesig soos iemand wat probeer wakker word. Hy kyk na haar asof hy haar die eerste keer weer sien. “Jy bewe.”

“Dit was ’n besige dag.” Sy kan die sarkasme nie verhelp nie.

Roark kom dit nie eens agter nie. “Gaan trek aan, dan gaan ons kliphuis toe. Ons het albei ’n dop nodig.”

“Maar jy het gesê ek moenie gaan bad nie.” Toe eers sink dit eers werklik in. Gerbrand is dood. Daar sal nie meer ’n saak teen hom gemaak kan word nie.

“Hou die geskeurde klere eenkant en los die slaapkamer nes dit is. Gys sal wel sy eie afleidings kan maak as dit nog nodig is. Toe, trek iets warm aan en bring sommer jou nagklere en tandeborsel saam. Jy kan nie hier bly nie.”

Sy voorstel maak sin. As sy na hom toe gaan vir die nag, sal sy beskerm voel, troos en ondersteuning kry. Intimiteit. En Vader weet, sy het dit nodig ná vanaand se gebeure. Veral na hierdie nuwe en verskriklike wending. Maar iets keer haar. Iets wat te doen het met die gebeure wat die dag opgelewer het nog voor Gerbrand hier ingestorm gekom het. Voor die skoknuus van sy dood.

Sy het Annie se roete voltooi om perspektief te kry op haar eie lewe, op haarself. Daarvan moet sy eers probeer sin maak. Sy moet die inhoud van Fourie se brief verwerk, besluit hoe sy dit gaan hanteer. Deurdink wat Strandloper haar vertel het. Sy het stilte nodig. Ruimte. Tyd om te dink en na

te dink. Sonder dat sy ingesleur word deur die dinamika aan die werk tussen haar en Roark. Of deur sy probleme rondom Charlie.

Enersyds klink dit dalk onsinnig dat sy alleen deur soveel dinge wil werk terwyl Roark haar wil ondersteun, maar andersyds weet sy dat sy eers haar ekwilibrium moet kry. Sy weet dit op 'n vlak diep binne-in haar, waar sy goed aanvoel sonder dat haar verstand dit behoorlik begryp.

“Aengel?” Hy klink moeg.

“Ek kan nie hier weggaan nie, Roark. Ek moet hier wees as Lika my dalk Skype. Dit sal nie vannag nog wees nie, maar dalk môreoggend vroeg.” Dit klink bra lamlendig, maar dis die beste waarmee sy vorendag kan kom. Sy kan nie verwag hy moet verstaan terwyl hy nie die volle omvang van vandag se gebeure begryp nie. En nie terwyl hy soveel van sy eie probleme het nie.

Roark maak sy oë toe. “Jammer, ek het vergeet van die ding met Lika.” Hy kyk weer na haar. “Het julle dit nog nie uitgesorteer nie?”

Haar frustrasie slaan in onregverdige ergerlikheid oor. “Dis nie die soort ding wat sommer net so uitgesorteer word nie, Roark. En dis waar ek en jy verskil. Ek moet onthou dat my kind deur die moeilikste tyd van haar lewe gaan, maak nie saak wat met en om my gebeur nie.”

“Have a heart, Aengel, my peetkind word binne die volgende paar uur van moord aangekla. Is reeds in hegtenis geneem. Ek kan nie alles onthou nie.”

“Ek besef dit, Roark, maar Charlie is 'n grootmens en dalk skuldig. Lika is agtien en aan niks skuldig nie, behalwe dat sy gebore is. Ek moet hier wees vir haar.” Sy weet sy is onredelik. Irrasioneel selfs, maar dis asof sy geen beheer het oor die emosies wat in haar kook en borrel nie.

“Maar Aengel, sy kon in elk geval ge-Skype het terwyl jy die hele goddelike dag wie weet waar rondgeloop het.” Sy kan sien hy doen moeite om kalm te bly. “Buitendien, ons kan jou laptop saamneem.”

Sy doen haar bes om weer beheer te kry. Redelik te probeer wees. “Roark, asseblief. Wil jy nie maar net aanvaar ek wil eerder hier wees nie? Op my eie?” Sy lig en laat sak haar hande in 'n moedeloze gebaar.

“Hier waar Gerbrand jou aangerand het?”

“Hier waar ek kan verwerk wat gebeur het eerder as om te vlug.”

Hy kyk haar onbegrypend aan en sug. “Waar was jy vandag, nou dat ek daaraan dink?”

“Ek kan nie sien hoekom ek jou vrae moet antwoord as jy myne ignoreer nie.” Hy frons verward en sy kan hom nie kwalik neem nie. Op hierdie

oomblik verstaan sy haarself nie eens nie, hoe kan sy verwag hy moet verstaan? Sy weet net sy het die einde van haar emosionele kragte bereik. “Ek wou weet hoe Gerbrand geweet het ek is Annie se erfgenaam.”

“Mac het sy mond verbygepraat terwyl hy gesuip was. Glo my, ek is woedender vir hom as wat selfs jy ooit kan wees, maar ek dink nie dis ’n saak wat ek nou met hom sal opneem nie. Hy het genoeg ander probleme. Probleme waarvan hy waarskynlik nog nie eens weet nie.”

Aengel kry ineens warm en gooi die duvet eenkant toe. Sy vou haar arms. “En waar het Mac nogal gehoor van my en Annie?”

Roark se kake werk. “Ek het hom vertel,” erken hy dan. “Aengel, dit was nog voor ons ding. Ek het nie gedink nie, nie besef wat die gevolge kan wees nie.”

“Loop, Roark. Loop net, asseblief. Ek wil regtig nie weet wat jy alles oor my te vertelle gehad het voor of ná ons ‘ding’ nie. Ek wil net alleen wees.” Dit voel asof sy op ’n vlymskerp lem loop.

“Aengel, nou is jy onredelik. Ek kan jou nie hier los nie. Kom.”

Iets in haar skiet los. “Onredelik? Onredelik? Jy strooi stories oor my rond, dinge wat jy uitgevind het omdat jy my besteel het. Jy lê by my aan oor ’n spul uitspoelgoed. Jy veroorsaak dat ek in my eie huis aangerand word. En dan sê jy ek is onredelik? Laat ek jou vertel, Roark O’Shea, ek is vandag deur dinge wat meeste mense nie in ’n leeftyd deurmaak nie. Ek het ’n brief uit die doderyk gekry, ek het van aangesig tot aangesig gekom met ’n man wat dink ek is iets soos Annie Niemand se reïnkarnasie, ek het meer as een keer vir my lewe gevrees, gedink ek gaan verkrag, dalk vermoor word. As ek dalk onredelik is, het ek goeie bliksemse rede. Al wat ek vra, is net dat jy nou, onmiddellik, uit my huis uit sal padgee.”

“Wat bedoel jy met Annie se reïnkarnasie?”

“Loop net!” gil sy soos sy nog nooit op iemand gegil het nie. Nie eens op Gerbrand nie. Dit doen niks om die opgekropte spanning in haar te ontlaai nie. Intendeel, dit voel asof alles wat gebeur het op haar afgetuimel kom. Haar verfrommel en verfoes. Sy gryp haar kop vas asof sy wil keer dat alles wat daarin rondmaal, ontsnap.

Roark tree agteruit en lig sy hande in ’n verwerende gebaar. “Oukei. Oukei, Aengel. Ek loop.” Hy gooi ’n draai om haar op pad deur toe. “Kyk, ek loop. Bedaar net. Sluit jou huis. En trek verdomp iets aan.”

Aengel laat sak haar hande en kyk af. Tussen die geskeurde hemsplane,

bult haar borste uit haar bra. Toe sy weer opkyk, is Roark by die voordeur.
“Sluit.” Hy trek die deur agter hom toe.

TWEE EN TWINTIG

7 Desember — laataand

Roark hoor die sleutel in die slot knars en laat sy asem stadig uit. Hy leun met sy rug teen die koel seeklam muur en haal 'n paar keer diep asem. Kalm word. Hulle moet albei eers weer kalm word. En ten minste kan Gerbrand niks meer aan haar doen nie.

Toe hy weer normaal kan asemhaal, gaan sit hy op die boonste stoeptrappie en laat sak sy kop in sy hande. Dis nie die Aengel wat hy ken nie. Sy is van nature moedswillig, dwarstrekkerig, hardegat en eiewys. Onbesonne. En sy het 'n humeur. Maar dis nie wat nou net aan die gang was nie. As hy hom nie misgis nie, was hy so pas die toeskouer van iemand wat verkrummel onder die druk van emosies. En sy weier hulp. Weier sy bystand. Hy kan nie onthou dat hy al ooit so magteloos gevoel het nie.

Oor een ding is sy egter reg. Dit is verdomp sy skuld dat sy aangerand is. Dis hy wat haar geheim verklap het. Hoe kon hy verwag het dat Mac daaroor sal stilbly? Hy wat Mac en sy gewoontes ken, wat weet dat Mac nie die mees beredeneerde mens op aarde is nie. Nie deesdae nie, in elk geval.

Wat hom nou weer laat wonder of Mac al weet van Charlie. Sou Gys hom gebel het? Aan die een kant hoop hy so. Hy weet nie of hy kans sien om Mac self te vertel nie. Maar hy weet ook dit sal beter wees as hy by is wanneer Mac die nuus kry.

Hy kyk in die lug op. Dis bewolk, maar agter 'n verdunning in die wolke skemer die maan vir 'n oomblik deur, Kruisbaai se kant toe weggevreet, haar boepens Kaapse kant toe gedraai soos 'n holrug, swanger vrou. Die lug trek weer toe. Aan die sagter breek van die branders kan hy hoor die gety is laag. In die lig van die stoeplantern sien hy op sy horlosie dis al amper halftwaalf, maar Mac is 'n naguil.

Hy wil Aengel nie alleen hier los nie, maar hy wil sy teenwoordigheid ook nie op haar afdwing nie. En hy het ook 'n verpligting teenoor sy broer. Roark

kom moeisaam orent en begin aanstap Perlemoentjie toe. Van ver af sien hy die stoeplig is nog aan. Toe hy nader kom, hoor hy Mac se bulderende lag. Dit sê vir hom wat hy wil weet. Mac het nog nie die nuus van sy seun gekry nie. Dit vertel hom ook dat Mac al weer aan die suip is. Maar dit sê nie vir hom saam met wie hy aan die kuier is nie.

Roark gaan staan en probeer luister aan wie die ander stem behoort, maar kan nie uitmaak nie. Hy probeer so geluidloos as moontlik nader stap en loer om die hoek. Mac sit met sy rug na Roark toe. Die ander persoon is halfpad agter sy groot lyf verskuil, maar hy herken Louis se stem net voor Mac beweeg en Roark ook Louis se donker kop kan uitmaak.

“’n Waiter!” lag Mac. “My hele lewe lank wou ek al waiter speel.”

“Ek sê mos, dis net vir die vakansie, Mac. Net wanneer jy nie op die cat uit is nie,” antwoord Louis. “Robert sê jy was ’n hit nou die dag.” Hy klink ook nie alte nugter nie. Roark kan nie onthou dat hy Louis al te dikwels sleng hoor gebruik het nie. Sy taalgebruik is gewoonlik so keurig dat dit amper ’n pyn in die gat is.

Roark het egter genoeg gehoor en daar is geen manier dat hy die nuus in Louis se teenwoordigheid gaan oordra nie. En veral nie terwyl Mac gesuip is nie. Hy retireer stilletjies en begin terugstap. Charlie-hulle se voordeur staan oop en die ligte brand, sien Roark. Hy oorweeg dit om te gaan sluit, maar waarvoor nou eintlik?

Skielik is daar min wat regtig vir hom belangrik klink. Beslis nie ’n oop huis of brandende ligte nie of sy Discovery wat nog by Rykmanshut staan nie. Nie eens Gerbrand se dood nie. Net drie dinge is van belang. In Rykmanshut sit sy peetkind vir wie hy nie nou kan help nie. In Kieranghut sit Aengel wat hom nie wil toelaat om te help nie. In Perlemoentjie fuif sy broer sonder enige kennis van wat vir hom voorlê wanneer hy weer nugter is en Roark kan hom nie daarteen beskerm dat hy wel sal moet uitvind nie.

“Waar sluip jy rond?”

Roark ruk van die skrik toe die nasale stem vanuit die donker na hom toe kom en swaai om, sy oë nog halfverblind van die ligte in Charlie se huis. “Robert?”

“Hier op die stoep. Wat gaan by Rykmanshut aan?”

In die lig van Klipvis se kant af, kan Roark die plomp figuur wat op die stoepmuurtjie sit, vaagweg uitmaak.

“En as jy so in die donker sit? Die tyd van die nag?” ignoreer hy die vrae.

“Ek kan nie slaap nie en wil nie hê die hele wêreld moet sien ek sit en tjank nie.” Robert snuit sy neus luidrugtig.

Roark aarsel. Hy weet nie of hy nou kans sien vir Robert se jeremiades nie. Aan probleme het hy genoeg. Maar hy stap tog nader. “Jy het nie dalk whiskey nie? Ek het ’n stywe dop nodig.”

“Ek skink vir jou, maar bly hier. En ek gaan nie die lig hier buite aansit nie. Ek lyk en voel te oes.”

Robert verdwyn binnetoe. Die kombuislig gaan aan. Roark klim die paar trappies op en gaan sit op die stoepmuur, ’n entjie van waar Robert gesit het en leun met sy rug teen die pilaar.

Die kombuislig gaan weer af en oomblikke later kom Robert uit en gee vir hom ’n glas aan. “Dis cheap stuff, maar dit maak stukkende plekke net so goed heel.”

“Dankie.” Roark ril toe die skoon drank in sy keel afgly.

Hulle sit ’n rukkie in stilte. Robert skuif effens rond en snuit weer sy neus. “Louis gaan my los.”

Roark is bly Robert kan nie sy gesig sien nie. Dit sal sekerlik verklap hoe min lus hy is om na sy probleme te luister. “Het hy so gesê?” vra hy nietemin. Miskien laat ’n ander se probleme hom ’n bietjie van sy eie vergeet.

“Nog nie, maar ek sien dit kom. Ek dink hy is na Mac toe om hom om te praat om by die restaurant te waiter. Dit kan net beteken hy gaan gatskoonmaak.”

“Seker nie noodwendig nie?”

“Dit was net nadat ons gefight het en hy vir die soveelste maal vir my gesê het hy verafsku my lyf en dis my skuld dat sy familie hom verwerp het. Hy het gesê dis tyd dat hy na homself omsien.” Robert sug diep. “Anyway, wat gaan by Rykmanshut aan? Ek sien Fortuin se kar staan daar? En waar is Charlie? Hy het nog op die stoep gesit toe ons begin fight het. En nadat ek my ou hartjie in my kussing gaan uithuil het, kom ek weer uit en hy is weg en die Jetta staan by Gerbrand. Ek sit nou al heeltyd en worrie Charlie het hom dalk gaan aanvat oor die stories wat hy sê Gerbrand by Pearlle aangedra het.”

“Hoe weet jy daarvan?” Roark loer vinnig na Rykmanshut. Van hier af is die Jetta inderdaad sigbaar, maar nie die Discovery nie.

“Wel, dis eintlik so half en half hoe ek en Louis begin fight het. Louis het Charlie gevra waar Pearlle en Lulie is. Jy weet, sommer net so hier van die stoep af geroep. En toe kom vertel Charlie ons sy het haar goed gevat en is na

haar pa-hulle toe. En hy sê sy het laat val dit was nie Miempie wat haar van hom en Zita vertel nie, maar Gerbrand. Hy het nog gesê hy gaan Gerbrand se sake vir hom werk wanneer Gerbrand dit die minste verwag. Hy het gesê hy wag net sy kans af.

“Dis toe hy hier wegstap terug Klipvis toe, dat Louis sê party mense is nie gemaak om bymekaar te wees nie. Toe vra ek of hy van Charlie en Pearlie praat en toe sê hy onder andere. Toe weet ek hy bedoel ons ook. En toe sê hy boonop dis Pearlie se eie skuld dat Charlie rondgeneuk het omdat sy so vet geraak het.” Hy sug diep. “Jy kan maar self dink waarop dit uitgeloop het.”

Roark hoor die laaste deel van die storie net vaagweg. Het Charlie dan tog Gerbrand “se sake vir hom gewerk”? Toe hy dit die minste verwag het, terwyl hy met ’n gebreekte arm en ’n spul ander beserings gesit het? Roark wens hy kan weet wat sou gebeur het as Gys Niemand nie so vinnig opgedaag het nie. Of as hy vroeër opgedaag het voor ... Hoeveel tyd het Charlie gehad om hom te verwurg? Hoeveel tyd was daar vir iemand anders om Gerbrand te verwurg?

Roark haal sy selfoon uit en skuif dit oop.

“En nou?” vra Robert, maar hy ignoreer hom.

Roark gaan na die lysie oproepe wat hy gemaak het. Drie na Gys Niemand toe terwyl Gys se foon beset was. Hy gaan die tye na. Daarna een na Delphine waar hy Fortuin se nommer gekry het, daarna die foonoproep na Fortuin toe.

Hy probeer onthou waar Charlie was terwyl hy wild en wakker gebel het, onthou dan hy het Charlie gesien nadat hy die Discovery uitgetrek het. Toe Charlie die waenhuisdeure begin toemaak het. Roark het nog vir hom beduie om dit oop te los. Dit was voor hy Delphine se nommer in die gids gaan naslaan het. Roark kyk weer na die tyd van die derde en laaste oproep na Gys toe — 21:41. Hoe laat het hy Gys verby Kieranghut sien ry?

As sy somme net naastenby reg is, het daar ’n goeie kwartier na twintig minute verloop vandat Charlie by hulle aangekom het tot hy by Rykmanshut in is. Miskien selfs meer.

“Dankie vir die dop, Robert.” Hy slaan die laaste van die whiskey in een teug weg en sit die glas neer. “Ek hoop julle dinge werk uit.”

“Waarheen gaan jy nou?”

“Ek e ... wil gaan kyk wat by Rykmanshut aangaan.” Roark draf die trappies af en stap teen ’n vinnige pas af ondertoe. Ten minste gee dit hom

iets om te doen pleks van magteloos toekyk.

Gys kan iets oorkom van frustrasie. Hier sit hy soos 'n uil op 'n kluit terwyl daar 'n wavrag werk is wat gedoen moet word. Waar draai Arendse se mense? As hy geweet het hulle gaan so lank vat om hier uit te kom, het hy lankal 'n ander plan gemaak. Maar elke keer wat hy bel, sê die persoon aan diens net hulle is op pad.

En Charlie sê nie boe of ba nie. Maar hy kan die vent nie alleen los nie. Hierdie huise is nie gebou om skelms uit te hou nie, wat nog te sê binne hou. As hy net sy dekselse boeie by hom gehad het, kon hy die mannetjie aan iets vasgeboei het en begin met die prosessering van die misdaadtoneel.

Voetstappe op die stoep laat hom frons. Hy het nie 'n motor gehoor nie.

“Luitenant?” Hy herken Roark se stem dadelik. “Ek moet met jou praat.”

“Later, O’Shea.”

“Luitenant, daar het genoeg tyd verstryk dat dit iemand anders kon gewees het.”

“Ek het gesê later!” Gys loer na Charlie, sien die hoop in sy oë opvlam.

“Dis waar,” prewel die mannetjie. Dis die eerste woorde wat uit sy mond kom sedert hy gesê het hy oefen sy swygreg uit.

Gys sal graag wil hoor wat Roark te sê het, maar nie voor Charlie nie. Hy gaan staan by die venstertjie langs die voordeur, maar trek nie die gordyn oop nie. “Sodra sake hier afgehandel is, sal ek bel om te hoor wat jy sê. Lyk my nie hier gaan vannag nog geslaap word nie.”

“Enige tyd sal my pas, Luitenant. Maak nie saak hoe laat dit is nie. Bel maar net.”

“Ek maak so,” sug Gys en hoop Roark besef dit sal waarskynlik eers na dagbreek wees as dinge aangaan soos hulle aangaan.

“Ek sal dit waardeer.”

Gys hoor hoe hy wegstap en kyk na Charlie. “Wil jy jou swygreg heroorweeg en my dalk vertel presies wat vanmiddag gebeur het en hoe laat? Dis nou voor jy Rykmanshut binnegestap het?” Gys weet hy loop die risiko, maar dis een wat hy bereid is om te waag. “Ons hoef nie oor Gerbrand en wat hier gebeur het te praat nie. Om die waarheid te sê, wil ek glad nie hê jy moet daaroor praat nie, want aangesien jy gevra het dat 'n prokureur teenwoordig is, sal ek niks wat jy my vertel in die hof kan gebruik nie.” Charlie het

natuurlik nie self vir 'n prokureur gevra nie, sy oom het, maar dis hareklowery wat Gys nie sal uitbuit tensy dit werklik nodig is nie. “Ek wil net praktiese agtergrond hê. Sodat ons solank 'n prentjie kan vorm van wat die gebeure voorafgegaan het. Die gebeure in Aengel se huis, byvoorbeeld.”

Charlie dink 'n oomblik na en knik.

Uiteindelik. Iets om te doen. Gys haal sy aantekeningboekie en pen uit. “Goed, hoe laat het jy op Kierangbaai aangekom?”

Roark haal die kussings uit Aengel se stoepkas en skuif twee stoele só dat hy met sy bene op die een kan rus.

“Wie is daar?” hoor hy Aengel vra.

“Dis ek. Gaan slaap.”

“Wat maak jy?”

“Ek pas jou op.”

Daar is 'n lang stilte voor die bodeur oopgaan. Met die lig van agter lyk Aengel meer as ooit soos 'n engel, al lyk sy nog bra beneuk.

“Roark, asseblief. Los my net uit.” Haar woorde ten spyt, kan hy sien sy het bedaar. Die amperse histerie het plek gemaak vir iets soos gelatenheid.

“Ek sal. Met graagte. Sodra die moordenaar agter slot en grendel is. Jy het nie dalk vir my 'n kombers nie? Dit raak nou koel.”

“Die koue sal jou wakker hou sodat jy my ordentlik kan oppas.” Sarkasme drup geil, maar hy kan hoor sy is weer die Aengel wat hy ken. Nie die een wat baie amper beheer verloor het nie.

“Koffie sal ook help,” waag hy.

Die deur klik toe. Roark sug en skuif hom reg vir 'n lang sit.

Wat maak mens met 'n man soos Roark? vra Aengel haar af toe sy haar in die kombuis gaan neerplak, waar sy al sit vandat sy besef haar liggaam wil niks van slaap weet nie.

Niemand het al ooit soveel teenstrydige emosies in haar losgeruk nie. En niemand het haar nog ooit so beskerm en terselfdertyd so kwesbaar laat voel nie. Vir niemand het sy al ooit so blatant soveel emosie gewys nie. Voorheen sou sy net opgekrop en gemaak het asof alles onder beheer is, maar om die een of ander rede kon sy voor Roark wys dat sy nie in beheer is nie. Dat sy

dit vir lang oomblikke behoorlik ge-lose het.

Sy voel iets in haar vermurwe. Roark is self vanaand al hel toe en terug, en tog bekommer hy hom nog oor haar. Met 'n sug skakel sy die ketel aan.

Feitlik gedagtelos staar sy na die ketel. Sy luister na die hitte wat begin opbou, sien hoe die stoom begin styg, hoor hoe die water begin kook voor die ketel outomaties afskakel. As dit maar vir mense ook so maklik was om af te skakel.

Nadat sy die koffie gemaak het, gaan sit sy die bekers in die sitkamertjie neer en stap voordeur toe. Na 'n oomblik se aarseling maak sy die bodeur oop. "Jy kan jou koffie hierbinne kom drink op voorwaarde dat jy dan huis toe gaan en my uitlos."

Hy skud sy kop. "Ek kan nie die voorwaarde aanvaar nie."

Aengel sug ongeduldig. "Hou op moedswillig wees, Roark. Buitendien, dis al amper halfeen."

"Dis nie moedswilligheid nie en ek is nie vaak nie." Hy swaai sy bene van die stoel af en stap tot voor haar, maar wend nie 'n poging aan om binnetoe te kom nie. "Aengel, dis moontlik dat Charlie Gerbrand in 'n oomblik van woede vermoor het. Dis selfs moontlik dat hy Miempie en Zita die ewigheid ingestuur het. Maar sê nou dit was nie hy nie? Sê nou dit was Mac wat Gerbrand bygekom het terwyl Charlie die Discovery gaan haal het? Of Louis? Of Robert? Of Strandloper. Of iemand heel anders."

Sy maak die onderdeur ook oop. "Kom tog binne. Die koffie word koud."

Roark sak op die rusbank neer en Aengel gaan sit oorkant hom, aan die ander kant van die wakis. Dis beter om haar afstand te handhaaf.

"Dankie." Hy proe-proe aan die koffie, neem 'n versigtige sluk en nog een.

"Hoekom wil jy nie glo dis Charlie nie, Roark? Omdat hy jou peetkind is?" vra sy uiteindelik.

Hy sit die beker neer. "Gedeeltelik."

Sy eerlikheid verras haar. "Ek het nagedink na jy hier weg is. Hy is die enigste een wat werklik rede gehad het om al drie van hulle uit die weg te ruim."

Hy knik. "Jy is waarskynlik reg, maar in die ongeveer twintig minute vandat Gerbrand huis toe is en Charlie by hom aangekom het, kon iemand anders Gerbrand bygekom het."

"Teoreties gesproke."

Hy knik weer.

“Hoekom sou Mac so iets gedoen het?”

“Charlie is sy alles. Enigiemand wat Charlie te na kom, sal met Mac te doen kry. Hulle bespreek alles met mekaar. Hulle lunch dikwels saam. Mac het heel waarskynlik geweet Miempie dreig om Pearlie te vertel van hom en Zita. Hy het geweet Zita hou ’n swaard oor Charlie se kop. En die kanse is uitstekend dat Charlie hom vandag, nee gister, ook vertel het dis Gerbrand wat die beans by Pearlie gespill het. Boonop het ek Mac met ’n morsige dood gedreig as Gerbrand jou iets aandoen.

“Mac kon Gerbrand gesien het toe hy Rykmanshut binnegaan. Dalk selfs dat hy beseer is. Hy kon twee en twee bymekaar getel het of hy kon gaan hoor het wat aangaan. Dis nie vreeslik moeilik om Rykmanshut ongesiens van Perlemoentjie te bereik nie. Hy kon nie geweet het dat ek Charlie Rykmanshut toe sou stuur nie. Hy weet nou nog nie dat sy seun gearresteer is nie. Hy het netnou nog met Louis sit en gesels, salig onbewus van alles. Maar dit kon hy geweens het wat Gerbrand verwurg het.”

“Jy wil eerder die skuld op jou broer pak as op jou peetkind?” vra sy ongelowig.

Roark skud sy kop. “Nee. Dis bloot ’n akademiese redenasie om te bewys dit kon iemand anders as Charlie geweens het.”

“Oukei, wie nog?” Miskien is dit beter dat Roark hom uitpraat, miskien sal hy ook dan besef dat hy bloot teen die prikkels skop. Sy het niks teen Charlie nie, maar die toeval sal darem te groot wees as dit iemand anders was wat net mooi op die regte tyd daar aangekom het om Gerbrand uit die weg te ruim.

“Robert. Hy en Louis het baklei. Dis ’n lang storie wat ek nie nou gaan herhaal nie, maar dit kom daarop neer dat Robert gelê en huil het terwyl alles gebeur het. Ek weet nie waar Louis was terwyl Robert gehuil het nie, maar die een of ander tyd is hy daar weg na Mac toe, waar hy waarskynlik nou nog sit. Ek weet jy gaan vra oor motiewe, maar kom ons laat dit eers daar. Ek probeer bewys dit kon iemand anders geweens het. Robert het die geleentheid gehad terwyl Louis by Mac was.”

“En Louis?”

“Miskien het hy direk ná hulle uitval na Mac toe gegaan, miskien nie. Die feit bly staan, tot ons weet presies waar hy wanneer was, kon dit hy ook geweens het.”

“As hy direk na Mac toe gegaan het, skeld dit natuurlik albei vry, maar wie is daar nog?” Sy redenasies oortuig haar nie, maar Roark gaan nie rus kry

voor hy alles deeglik vir haar uitgestip het nie. Hoe gouer dit gebeur, hoe gouer sal hy besef hy kan haar hier in vrede los en hoe gouer kan hulle albei gaan slaap. Of minstens probeer.

“Nella. Sy het vanmiddag teruggekom, maar toe ek haar gaan soek het om by jou te kom sit, was daar geen antwoord nie.”

Aengel frons. Sy het haar buurvrou nog nie met ’n oog gesien nie. “Haar ligte was af toe ek hier aangekom het. Is jy seker sy’s hier? Sy sou nog ’n ruk by Delphine-hulle gebly het?”

Roark knik. “Sy het vroeër teruggekom en wil so gou as moontlik weer begin werk sodat sy haar kop van Miempie kan afkry. Nadat sy by my was, sou sy na Mac toe gegaan het om vir hom ook te sê sy werk weer. En soos jy weet, het sy nie vervoer nie. As sy êrens heen was, was dit te voet en daarvoor sal sy goeie rede moet hê.”

“Wel, Nella het seker rede gehad om met Gerbrand klaar te speel,” mymer Aengel, “maar dit verduidelik nie Miempie of Zita se dood nie.”

Roark is besig om sy laaste koffie te drink, maar sy kop ruk op. Hy verstik byna.

“Wat nou?”

Hy hoes eers klaar. “Nella.” Roark staan op en druk sy hande in sy sakke. “Dis nie te sê die persoon wat Miempie en Zita vermoor het, het Gerbrand hel toe gehelp nie. Gestel Nella glo Gerbrand het vir Miempie en vir Zita vermoor en hom sien huis toe stap na ons onderonsie? Gestel sy het gesien hy is voos geslaan? Wat is makliker as om hom onverwags te oorval terwyl hy geen verweer het nie, en hom te verwurg in weerwraak vir haar dogter se dood? Miskien in die hitte van die oomblik. Miskien het hy iets gesê. En toe vlug sy.”

Aengel dink weer aan Nella se beskuldigings toe sy nog gedink het Aengel het haar geheim verklap. Sy sou nooit kon dink Nella kan so optree nie. Jou loon sal jy kry, het Nella nog gesê. Sy skud haar kop. “Ek dink, soos Fiela Komoetie dit so meesterlik uitgedruk het, jy vang nou vis in ’n piepot, Roark.”

“Sy’t pispot gesê,” glimlag hy flou.

“As jy so sê.” Aengel sit haar leë beker neer. “Vang dan nou maar verder vis as jy moet.”

“Oukei. Daar is ook Strandloper. Hy kon reeds teruggekom het sonder dat ons hom gesien het.”

“Dit was nie Strandloper nie. Hy sit kilometers van hier af in ’n grot.” Die woorde het onbedag uitgeglip.

“Wat bedoel jy? Hoe weet jy?”

Aengel oorweeg dit om hom te vertel wat alles in die grot gebeur het, maar sy sien nie kans nie. Dis te onwerklik en te ingewikkeld en hy gaan haar waarskynlik inklim omdat sy alleen Goringgat toe is. Iets wat sy self besef onmeetlik onnosel was en nooit sou gedoen het in normale omstandighede nie. Noudat sy terugdink daaraan, kan sy nie glo wat sy aangevang het nie.

“By ’n betroubare bron gehoor. Glo my maar net, Roark.” Sy onderdruk ’n gaap. “En nou dink ek moet jy asseblief eerder gaan, ek wil gaan slaap.”

Hy kyk haar agterdogtig aan, maar besluit klaarblyklik om haar die voordeel van die twyfel te gee. “Wil jy nie maar kliphuis toe kom nie?”

Sy skud haar kop.

“Het jy ekstra beddegoed? Ek sal hier op die bank slaap.”

“Hemel, Roark! Waarom sou ek in gevaar verkeer?” roep sy moedeloos uit. ‘Pasop vir die netman. Hy wil jou ook vang,’ hoor sy weer Strandloper se stem. Die netman het probeer en nie geslaag nie, Strandloper, dink sy, skielik na siel en liggaam uitgeput.

Roark staar na haar, maar sy twyfel of hy haar raaksien. Sy kan amper hoor hoe sy verstand deur die moontlikhede en opsies gaan.

“Jy gaan moet aanvaar dit was Charlie, Roark, maar selfs al kan jy nie, dink logies. Nie een van die ander kandidate wat jy hier opgenoem het, wil my dood hê nie. Mac? Louis? Robert? Nella? Wat kan enigeen van hulle teen my hê?” Aengel staan op. “Buitendien, binnekort gaan dit van die polisie wemel. Gaan huis toe, trek daardie bloedbespate klere van jou uit en smeer arnica aan jou hande. Kyk hoe geswel is hulle. En gaan slaap dan. Môre kan jy jou bes vir Charlie probeer doen en jou broer bystaan.”

Roark kyk na sy hande asof hy hulle vir die eerste keer sien.

“Het jy arnica?” vra sy met ’n sug.

Hy skud sy kop.

Aengel gaan haal die buisie salf uit die badkamer en gee dit vir hom. “Was jou hande eers in ontsmettingsmiddel en smeer dan die salf aan.”

“Jy sal my bel as enigiets gebeur? Al hoor jy net ’n tak kraak?”

“Ek sal.”

“Probeer lekker slaap, Aengel.” Hy vou haar in sy arms toe, druk ’n soen op haar kroontjie en stap weg. Sy skouers is effens krom, asof die besef

uiteindelik deurgedring het dat sy peetkind 'n paar uur gelede 'n moord gepleeg het en dalk twee ander ook.

Aengel druk haar kamerdeur oop. Sy gee die stukkende Bentwood-stoel net een kyk voor sy die duvet kry en haar op die bank gaan tuismaak waar Roark se liggaamshitte nog vaagweg in die stoffering vasgevang is.

DRIE EN TWINTIG

8 Desember — middernagtelike ure

Gys kry vir hulle elkeen 'n glas water, sommerso uit die kraan. Hy drink 'n paar slukke en kyk na Charlie. “Goed, het ek dit nou reg? Jy het ongeveer twintig oor nege by Aengel aangekom. Gerbrand was reeds byna by sy huis.”

Charlie knik. “Ek het gesien hoe hy by die trappe opsukkel. Sy stoeplig was aan.”

“Toe stuur jou oom jou boontoe om die Discovery te gaan haal.”

“Ek moes eers die sleutel in die kombuis gaan haal het. Moes nog soek daarna en ook na die garage se sleutel. Toe gesukkel om die garagedeure oop te kry. Ek het uitreverse, en die deure weer begin toemaak, maar uncle Roark het beduie ek moenie worrie nie. Toe het ek met die kar agter die huis gaan draai want die garage is awkward gebou. Dit was beplan vir lank terug toe die paaie nog anders geloop het. Dis hoekom die Landie sommer altyd buite staan.”

“Hoe laat was dit ongeveer toe Roark jou daar bo by die waenhuis gesien het?”

“Ek weet nie, maar dit was nadat hy jou 'n laaste keer probeer bel het. Hy was op pad binnetoe om die foongids te kry om Delphine se nommer op te soek om Fortuin se selnommer by haar te kry.”

Gys haal sy selfoon uit en gaan die missed calls na. Roark het drie keer probeer bel binne minute van mekaar. Die laaste was 21:41. “En jy sê jy het pas op Gerbrand afgekom toe jy my hoor stilhou het.” En hy het vyf oor tien spesifiek op sy horlosie gekyk toe hy hier ingestap het. Ongeveer vyf en dertig minute vandat Gerbrand die laaste keer lewend gesien is tot Gys hier ingestap het, maar as Charlie nie lieg nie, vier en twintig minute vandat Roark vir Charlie daar bo gesien het tot Gys hom gekry het.

“Ek het eers geklop en geroep en toe Gerbrand nie antwoord nie, het ek binnetoe gegaan. Ek weet nie, ek was geskok, maar ek dink ek het 'n ruk lank

net na hom gestaar.” Charlie laat sak sy kop in sy hande. “Ek weet nie. Die skok.”

“Hoe laat dink jy het jy hier aangekom?”

Charlie haal diep asem. “Ek weet nie. Ek skat net voor tienuur.”

“Jy reken dus dit het jou twintig minute geneem om die kar gedraai te kry en hierheen te ry?” Gys kyk hom skepties aan.

“Ek het gesukkel. Die Discovery is ’n groot kar en uncle Roark is heilig daarop. En die floodlights was nie aan nie. Ek moes ry en reverse en ry en reverse. Fok, Luitenant ek weet nie. Dit klink seker lank.”

Gys wonder of Charlie weet dit neem volgens teksboeke net agt minute om iemand te verwurg. “Bedaar, Charlie. Ons sal môre, of liever later vandag, gaan kyk hoe lank dit jou kon geneem het.” Waar is Fortuin as hy good cop, bad cop wil speel?

’n Klop aan die voordeur laat Gys wip van die skrik. Charlie se blik vlieg ook daarheen. “Wie’s daar?” roep Gys.

“Luitenant, dis ek. Fortuin.”

“Liewe bliksem,” prewel Gys en gaan maak die deur oop. “En waar kom jy vandaan?”

“Luitenant wou die bakkie hê.” Fortuin lyk vaal om die kiewe, maar glimlag tog.

“Ek het nie bedoel jy moet dadelik al die pad van die Kaap af deurry nie. Jy kon jouself verongeluk het as jy aan die slaap sou raak.”

“Wil Luitenant hê ek moet teruggaan?”

Gys gee hom net ’n kyk. “Ek hoop nie jy het my bakkie gemoor nie.”

“Net ’n bietjie die jets oopgeblaas. Buitendien, ek was nie in Kaapstad nie. Ek was in Gordonsbaai.”

Gys wil nie die berekening maak van hoe lank dit Fortuin geneem het om tot hier te kom nie. Gordonsbaai of te not, hy moet teen ’n verskriklike spoed gery het. En hy twyfel of hy wil weet wat Fortuin in Gordonsbaai gemaak het. Seker die meisiekind.

“Waar is die manne?” Fortuin knik fronsend in Charlie se rigting.

“Klaarblyklik is dit korter van Gordonsbaai af hierheen as van Niemandsdorp af.”

Fortuin rol sy oë. “Wel, die lykswa is op pad. Ek is verby hom, so ’n ent voor Kruisbaai. Die ding ry asof die pad van eiers gemaak is.”

“Dan moet jy wikkel. Ek kon nog niks daarbinne doen nie. Ons moet die

toneel prosesseer. Kry vir ons die boeie en die kit dat ons kan begin.”

Fortuin snap klaarblyklik dadelik waarom Gys nog nie by die misdaadtoneel uitgekom het nie. Hy skiet buitentoe en is oomblikke later weer terug.

“Jammer, Charlie, maar ons kan nie kanse waag nie, en ons moet die toneel ondersoek,” sê Gys terwyl hy die mannetjie vasboei aan die lang, regop gassilinder waaraan die gasstoof gekoppel is. Hy sleep ’n stoel vir Charlie nader en stoot dit min of meer onder hom in.

Charlie kry so half en half sy sit. “Luitenant, ek onthou nou. Ek het nog gaan water afslaan ook nadat uncle Roark my gesien het.”

“Een of twee minute lank?” vra Gys sarkasties en wag nie vir ’n antwoord nie.

Fortuin is reeds besig om foto’s te neem toe Gys die slaapkamer binnestap.

Toe die lykswa net na twee daar aankom, slaak Gys ’n sug van verligting. Hulle het darem ver genoeg gevorder dat die lyk weggeneem kan word. Gerbrand se liggaam is ook net ingelaai toe die vangwa aangejaag kom. Gys verwerdig hom nie eens om hulle te vra wat so lank geneem het nie. Hulle sal wel ’n storie hê. Hy maak ook nie ’n bohaai toe hulle hom meedeel dat Forensies eers agtuur kan kom nie. Wat help dit in elk geval?

Die groot moeg slaan hom toe die vangwa wegtrek met Charlie agterin. ’n Oomblik lank kry hy die kêreltjie jammer. Kon hulle nie maar ’n ander voertuig gebring het nie? Maar simpatie sal nie deug nie. Charles Carmichael het geen simpatie met Gerbrand Niemand gehad toe hy daardie net om sy nek gesit het nie.

Dis skuins voor drie toe hy Roark bel. Die foon word onmiddellik beantwoord. Nog iemand wat nie ’n nagrus inkry nie.

“Charlie is op pad Niemandsdorp toe en ek op pad huis toe. Ek sal môre, ek bedoel later vanoggend, met jou kom praat, Roark.”

“Ek verstaan.” Die man klink tot die dood toe afgemat.

“Fortuin bly agter om hier op te pas. Forensies sal ook later vanoggend eers die finale ondersoek kom doen. Vingerafdrukke en so aan.”

“Dankie vir die bel.”

Gys groet en draai na Fortuin. “Sal jy oukei wees hier?”

“Solank ek net ’n slapie kan inkry.” Hy kyk wantrouig na die chroom-en-leer-rusbank.

“Daar’s ’n kombers agter in die bakkie.”

“Dankie, Luitenant.” Fortuin stap saam met hom buitetoe.

“Is jy nie dalk honger of iets nie?”

Fortuin skud sy kop.

“Ek sal vir jou ete en drinke saambring wanneer ek terugkom.” Gys groet en bid dan net dat sy oë sal oopbly tot hy in die bed is. Dis al waaraan hy nou kan dink. Dit en die feit dat hy so amper die verkeerde man later vandag sou probeer arresteer het. Hy hoop Strandloper slaap rustig. En dat Arendse in sy bed rondrol.

Aengel word met ’n ruk wakker. Haar oë gaan dadelik na waar haar wekker behoort te wees, maar dis die wakis waarop die twee koffiebekers nog staan wat in haar gesigsveld is. Die gebeure van die vorige dag en die vroeë oggendure storm op haar af.

Sy kruip onder die duvet uit en kyk op haar polshorlosie wat sy in die deurmekaarspul nie soos gewoonlik afgehaal het nie. Dis al ná agt. Sy gaan loer eers op die rekenaar, maar daar is geen boodskappe op die Skype-program nie.

Nadat sy haar draaie geloop en die ketel aangeskakel het, skuif sy die gordyne oop. ’n Mistroostige dag begroet haar. Die lug is grou en die wind moedswillig. ’n Suidooster. Dit belowe mooi weer, maar eers oor ’n dag of twee.

Die see is die ene skopwater. By Rykmanshut staan daar voertuie. Sy gaan maak koffie en toe sy met haar beker in haar hande toegevou by die venster terugkom, sien sy Gys Niemand en Faan Fortuin aanstap na Robert-hulle se plek toe. Nella se Snoekloop lyk nog toe en onbewoon.

Sy was haar beker en die twee van die vorige nag voor sy gaan stort. Die stukkende Bentwood probeer sy miskyk terwyl sy aantrek, maar kry dit nie heeltemal reg nie. Sy maak nog ’n beker koffie, ontkoppel haar skootrekenaar van die drukker en neem dit saam met haar skuurtjie toe. Die huis is te klein vir haar én die Bentwood.

Roark hoor Mac balke saag nog voor hy by Perlemoentjie kan aanklop. Hy staan ’n oomblik lank besluiteloos, draai dan om en stap terug. Laat Mac nog maar vir oulaas uitrus. As hy eers hoor sy seun sit al ure lank in die tronk, sal

daar nie meer rus of duurte vir daardie groot lyf of siel wees nie. Dalk nooit weer nie.

Hy gaan skakel Klipvis se ligte af en sluit die deur. Die sleutels sal hy later vir Mac gee om vir Pearlie te hou, as sy dalk van hulle goed hier wil kom verwyder.

Die paar vroegoggendure van rustelose slaap het hom nie verkwik nie en ook nie berusting gebring nie, maar dit het helderheid en logika laat terugkeer. Wat het Charlie tog besiel?

Hy hoor Robert tjankerig praat toe hy verby hulle huisie stap, toe Gys se basstem. Hy hou verby. By Snoekloop gaan staan hy. Dit lyk steeds doods daar en Nella het toe nie agtuur by hom ingeklok nie. Hy stap met die trappies op, klop aan en roep Nella se naam, maar daar is weer eens geen antwoord nie.

By die woonkamer se venster loer hy in, maar sien niks beweeg nie. Dis asof Nella nie teruggekeer het nie, behalwe vir 'n dun swart lap met pers borduursel wat oor die teekis gegooi is. Dis nuut, dus het hy hom nie verbeel Nella het gister teruggekom nie. In hierdie stadium is enigiets moontlik.

Op pad om terug te draai, skok hy tot stilstand. Toe ontspan hy. Nee, Nella is nie die tipe wat sal staan en selfmoord pleeg nie. Tog roer 'n onrus in hom. Hy het ook nie gedink Charlie is die tipe wat moord sal pleeg nie. Emosie is 'n onpeilbare faktor wat gesonde verstand maklik in die wiele kan ry. Hy stap tot by die slaapkamervenster en probeer deur 'n gordynskrefie loer. 'n Stukkie enkelbed is al wat hy kan uitmaak. Daar is nie in geslaap nie. Of dis reeds opgemaak, wat tipies van Nella sou wees. Maar waar kan sy wees? Nie by Mac of Klipvis nie. By Rykmanshut sal sy nie kan in nie. Miskien is sy tog in die klipkasarm besig? Hy het nie by elkeen van die spul vertrekke ingeloer nie. Of by Aengel?

Dit gee hom sommer 'n goeie verskoning ook.

Aengel antwoord nie toe hy aanklop nie. Dofweg hoor hy Keltiese musiek uit die skuurtjie sypel. Die waenhuisdeure is toe, maar nie op slot nie, sien hy toe hy daarheen stap.

“Aengel?”

Die binneskuif ratel en sy maak die een deur op 'n kier oop. “Kom in, die wind is lastig.”

Hy glip in.

Binne ruik dit na see en skulpe en die blomgeur van haar parfuum. In haar

sigeunerbostuk by haar jeans lyk sy meer na die boegbeeld as ooit. Hy voel sy lyf roer en moet keel skoonmaak. “Het jy vir Nella gesien?”

“Nog nie met ’n oog nie.” Sy meng iets in ’n bakkie. ’n Gommerige brousel. “’n Soort hars,” verduidelik sy. “Vir die laaste van die suikerlepels wat ek vir die pizzeria maak.”

Sy oog val op die ronde blou skulp wat langs ’n gerfie kruie op die tafel lê. Aengel volg sy blik en lyk dadelik ongemaklik. Hy bekyk die skulp van alle kante, ruik aan die gerfie en pluk sy neus weg toe hy die skerp reuk kry.

Hy kyk haar vraend aan.

“Strandloper het dit hier gelos. Ek dink dit was die keer toe hy my afgeloer het. Die venster was die volgende dag effens oop en daar het sand op die toonbank gelê. Dis seker toe dat Robert se sigarette ook verdwyn het. Ek het die kruie en die skulp vandag eers in my skulpkas ontdek.”

“En hoekom neem jy toe onmiddellik aan dis Strandloper se werk?”

“Wie anders?” Sy ontmoet nie sy oë nie.

Agterdog kriewel na die oppervlak. “Gisternag was jy net so ontwykend oor hom, Aengel. Hoe weet jy hy sit in ’n grot kilometers hiervandaan?”

Sy sug diep. “Los dit nou, toe? Het jy nie genoeg dinge om jou oor te bekommer nie? Het jy al iets van Charlie gehoor?”

“Derek van Rooyen was vanoggend by hom. Hy sê Charlie is ontsteld, maar verder oukei. So oukei as wat mens seker kan wees as jy in die tronk sit. Daar is niks meer wat ek kan doen nie. Die groot krisis lê voor wanneer ek vir Mac moet gaan vertel. Wat ek nog nie kon doen nie omdat hy sy roes lê en afslaap. En noudat jy op datum gebring is met my bekommernisse, gaan jy my verdomp vertel wat aangaan met jou en Strandloper.”

“Kom sit.” Sy beduie na een van twee langbeenstoele en gaan sit op die ander een. “Jy het gevra waar ek gister was. Ek het Annie se voetspore ’n ent ver gevolg.”

Hy luister met toenemende onrus na wat sy vertel.

“Hoe lyk dit, Fortuin?” vra Gys en beduie na die twee stelte aantekeninge wat Fortuin vergelyk. Hy hoop net Louis en Robert hou by hulle belofte om nie vir Mac te laat weet wat gebeur het nie. Dis nie nuus wat enige mens oor die foon wil hoor nie.

“Baie dieselfde, al stem die geskatte tye nie heeltemal ooreen nie. Maar

nou ja, almal loop nie met hulle oë op horlosies rond soos sekere mense wat ek ken nie.”

Gys wil-wil hom vererg. “Dis deel van ’n speurder se werk om te weet hoe laat hy waar is.”

Fortuin grinnik net. “Wel, Robert en Louis se tye kom min of meer ooreen. Al waar dit regtig verskil, is dat Robert nie kan onthou hoe laat hy na hulle relletjie binnetoe is om te gaan huil nie. Maar as Charlie toe nog in sy huis was en die Jetta nog nie hier nie, kan ons die afleiding maak. Louis het glo nog ’n ruk op die stoep gesit, maar kon later nie meer die getjank verduur nie. Dis dié dat hy na Mac toe gestap het. Hy reken halftien, maar dit was beslis nog voor Luitenant hier aangekom het, want hy sê ook hy het nie die Jetta gesien voor hy omtrent eenuur teruggekom het nie. Mac sal dalk weet hoe laat Louis daar aangekom het.” Fortuin loer na Snoekloop toe hulle daar verbystap. “Wonder waar antie Nella is. Lyk so toe daar.”

“Is sy nie meer by jou ma nie?”

Fortuin skud sy kop. “Weer ’n uitval gehad. Lily het haar gebring met dié dat ek in die Kaap was.”

“Snaaks, gisteraand was daar geen ligte by haar aan nie. Ek het maar net aangeneem sy is nog nie terug nie.”

“Sy gebruik slaappille. Dit was een van die redes hoekom my ma haar aangespreek het. Sy het een aand somer drie geneem terwyl sy veronderstel is om net een te vat. Maar miskien is sy al werk toe. Kliphuis toe. Ons sal Roark moet vra.”

Gys knik. “Ek wil net hoor van vingerafdrukke, dan moet ons Mac Carmichael gaan inlig, en ek sien nie kans vir hom op ons eie nie. Roark sal moet saamgaan.”

Gys buk onder die polisielint deur en stap Rykmanshut binne. Hy kry die vingerafdrukman in die kombuis. “Hoe lyk dit?”

“Die glas wat jy vir die verdagte gegee het om uit water te drink, het ’n baie mooi afdruk opgelewer. Die res van die huis is ’n nagmerrie. Ek dink nie hier is onlangs skoongemaak nie. En dit lyk of hier ’n redelike kom en gaan van mense was. Ek dink nie ons luck is in nie.”

“H’m,” grom Gys. Hy het nie veel meer verwag nie, maar dit bly altyd ’n teleurstelling. En Charlie se vingerafdruk op die glas beteken boggherol. Hy het gehoop daar sal afdrukke in die kamer wees. Op plekke waar dit kan aandui dat daar ’n skermutseling was. Gerbrand was dalk beseer, maar hy sou

hom darem nie goedsmoeds laat oorweldig het nie. Tensy hy natuurlik bewusteloos was.

“Ons het ook ’n spulletjie hare gelig,” word sy gedagtegang onderbreek. “Die laboratorium moet maar kyk wat hulle kan uitrig.”

“Monsters van die bloeddruppels op die mat gevat?”

“Leer jy nou vir my my job, Niemand?”

Gys hou ’n verskonende hand in die lug, maar glo hy kan die man dalk ’n ding of twee leer. Dié lyk heeltemal te selfgenoegsaam.

“Nou toe, Fortuin. Kom ons gaan kyk of ons O’Shea kan opspoor.”

“Die Ier?” vra een van die tegnici. “Hy is by daai eerste hut se garage in.”

Kieranghut se skuur, vertaal Gys die inligting. Hy wink met sy kop vir Fortuin. “Kom ons kry dit oor.”

“Jinne, Luitenant, ek weet darem nie. Seer hand of te not, daardie Mac gaan ons vermorsel.” Fortuin klink asof hy ’n leeukuil ingestuur word.

Gys stem heimlik saam, maar “Bog, man”, is al wat hy sê toe hulle aanstap Kieranghut toe.

“Was jy heeltemal van jou verstand af, Aengel? Het jy enige idee wat met jou kon gebeur het?” Roark stap soos ’n kwaai beer op en af in die skuurtjie.

“Strandloper sê die medisyne het my geroep.” Aengel beduie na die gerfie kruie.

“En dis die enigste verskoning waaraan jy kan dink om te verduidelik waarom jy jou lewe in gevaar gestel het? G’n wonder jou familie noem jou onbesonne nie. En dis ’n eufemisme. Domastrant is nader aan die waarheid.”

“Watchit, Roark. Eerstens het jy geen reg om my uit te dinges nie en tweedens hou jy my familie hier uit.” Aengel weet dit was ’n onnosel ding om aan te vang, Roark hoef dit nie in te vryf nie.

“Het hy dalk gesê waar Annie se trommel is?” Sy kan sien hy betuel hom met moeite.

Sy skud haar kop. “Net dat hy dit uitgegrawe en elders weggesteek het. Ek neem aan in Goringgat.”

“En hy het seker ook nie aan jou verduidelik hoe hy so ’n trommel kan rondra nie — kilometers ver?”

“Ek was te donners bang om aan logistieke te dink, Roark.” Sy gekarring raak te veel vir haar. “Terloops, jou ma moet ’n wonderlike intuïsie gehad

het.”

“Waar kom jy nou vandaan?”

“Toe sy jou naam gekies het. Maar sy kon netsowel die ‘k’ gedrop het en jou Roar genoem het, want jy brul oor alles.”

Vir ’n oomblik kyk hy haar net aan, maar herstel gou. “Wel, ek kan jou ma nie dieselfde kompliment gee nie. Jou naam is ’n totale misnomer.”

’n Klop aan die deur laat Roark omswaai. Aengel blaas haar asem uit. Die onderbreking is welkom.

“Aengel, is Roark daar?” hoor sy Gys Niemand vra.

“Ek is hier,” antwoord Roark en gaan maak oop. Die kruiegerfie rol van die tafel af en fyn sand stuif na binne toe die wind saam met Gys en Fortuin die skuur binne stoot.

“Môre. Onplesierige dag, nè?” probeer Gys darem eers ordentlik wees voor hy by die doel van sy besoek kom.

“Môre, Luitenant. Kan ek vir julle koffie maak?” bied Aengel aan.

“Dankie, Aengel, maar nie nou nie.” Gys kyk op na die groot man wat maar bra bebliksem lyk. “Het jy vanoggend vir Nella gesien, Roark?”

Roark skud sy kop. “Nie sedert gister agtermiddag nie. Miskien is sy in die kliphuis besig waar ek haar nie kon sien nie, maar ek twyfel. Mens kan haar altyd hoor werskaf of neurie. En sy kom groet gewoonlik voor sy begin werk.”

“Sy het nie ’n selfoon nie?”

Roark skud sy kop weer. “Ek was van plan om vir Miempie een vir Kersfees te gee sodat hulle dit albei kon gebruik.” Sy oë raak skielik mistig en hy kyk weg.

“H’m. Fortuin, bel jou ma om te hoor of Lily nie dalk vir Nella weer kom haal het nie.”

Fortuin knik. Gys wag tot hy met sy selfoon in sy hand in een hoek gaan staan, sy rug na hulle toe, voor hy na Roark kyk. “Ons moet ook jou broer gaan verwittig wat gebeur het. Dit sal beter wees as jy saamgaan.”

“Ek dink ook so,” knik Roark dadelik. “Hy behoort darem nou al wakker te wees.” Hy kyk op sy horlosie. “Ja, dis al halftien.”

In die agtergrond hoor Gys Fortuin praat. Die wind loei om die skuurtjie se hoeke. Aengel staan met bekommerde oë na Fortuin en kyk, haar vingerpunte

voor haar mond. Roark staan hande in die sakke. Daar is donker kringe onder sy oë en as hy geskeer het, het hy dit half gedoen.

Fortuin draai om en skud sy kop. “Ek sal laat weet, Ma. Ja, ek moet gaan. Bye.” Hy druk sy selfoon in sy sak en vryf oor sy yl kenbaardjie.

Gys wik en weeg ’n oomblik. “Kom ons handel Mac eers af, dan kan ons na Nella begin soek,” besluit hy.

Roark draai na Aengel. “Hou die skuif op.”

Gys sien hoe Aengel haar oë na die rietplafon wend voor sy knik.

“Nou toe.” Gys druk die deur teen die wind in oop. Roark wag tot hulle die skuif hoor toegaan voor hulle hul stryk in stilte kry.

Die geur van spek en eiers begroet hulle al by die trappies. Mac sing ’n ongeskikte seemansliedjie uit volle bors, so vals as wat kan kom.

Met ’n swaar hart klop Roark aan.

Mac se nat hare staan wild soos hy dit onlangs moes droog gevryf maar nog nie gekam het nie. Hy het net ’n handdoek om sy onderlyf. Aan temperatuur het Mac hom nog nooit juis gesteur nie en hy kom waarskynlik skaars agter hoe koel dit is.

“Bro,” begin hy en kyk dan na Gys en Fortuin agter Roark. “What’s up?”

“Kan ons inkom?”

Mac maak die deur wyer oop. Sy hand is nie meer verbind nie, maar daar is darem ’n skoon pleister oor die wond geplak. “Wat gaan aan, Roark?”

“Kom ons gaan sit.” Roark stap verby Mac en gaan sit op een van die verslete leunstoele in die woonkamer. “Sit, Mac,” sê hy toe Mac hande in die sye bly staan.

Mac kyk agterdogtig van die een na die ander, gehoorsaam dan. Gys gaan sit ook, maar Fortuin bly staan.

“Gerbrand is dood.”

“Wat?” Mac se oë vlieg van die een na die ander en vind klaarblyklik bevestiging. Hy leun terug in die stoel. “Well, good riddance. Wat het gebeur?”

Gys wil iets sê, maar Roark skud sy kop liggies. Dis sy broer en dis sy verantwoordelikheid.

“Hy is verwurg.”

Mac skiet weer regop in die stoel. “En wie het ons die favour gedoen?”

Roark sien iets in die ligblou oë gebeur. “Hoekom vat dit drie van julle om vir my die nuus te bring?” Hy draai sy kop na Roark. “Bro?”

“Charlie is laas nag gearresteer.”

Mac se mond gaap ’n paar keer oop en toe.

“Luitenant Niemand het op hom afgekom terwyl hy nog met die moordwapen in sy hande gestaan het.”

Mac spring uit die stoel op met die vaart van ’n veel jonger en ratser man. “No fucking ways! No fucking, fucking ways!” Hy gryp Roark aan die bors en pluk hom regop.

Roark kyk hom net stip in die oë en doen niks terwyl Mac hom heen en weer skud nie. Mac stamp hom terug in die stoel en swaai om na Gys. Dié staan met sy hand op sy pistool. Die holster is oopgeknip. Fortuin het reeds sy rewolwer in sy hand.

Roark kom orent. “Mac.”

Mac swaai om na hom toe, sy oë wild.

“Mac, bedaar. Ek is seker dis ’n misverstand. Ek het reeds ’n prokureur gekontak. Gaan trek aan, dan vat ek jou Niemandsdorp toe.”

“Wanneer het dit gebeur?”

“Laas nag.”

“Hoekom kom sê jy my nou eers, bro? Hoekom?”

“Ek wou, maar Louis was hier en jy was dronk. Daar was niks wat jy kon doen wat ek nie gedoen het nie.”

“High and fucking mighty Roark O’Shea to the rescue. Again. As fucking always.” Hy storm op Roark af.

“Carmichael!” hoor Roark Gys uitroep net voor Mac se gesonde hand gewelddadig met sy bors konnekteer. Alle asem verlaat hom terwyl hy deur die lug trek en hard in die stoel agter hom beland. Mac buk dreigend oor hom, sy vuus in die lug. “Charles is my seun! Myne!”

Roark snak na asem. “Dis hoekom jy moet kalm bly,” hyg hy moeisaam. “Jy moet hom hierdeur help. Ek kan net soveel doen. Hy het sy pa nodig.”

Mac staar nog ’n oomblik met sy bloedbelope Viking-oë na hom, voor hy sy vuus laat sak en terugstaan.

Roark waag dit om regop te sit.

Êrens in die laaste paar sekondes het die handdoek sy greep op Mac se heupe verloor. Sy massiewe lyf is poedelnakend kaal.

Roark staan op uit die stoel. “Gaan trek aan dat ons kan ry,” sê hy so rustig

as moontlik.

Mac knik, draai om en stap sonder 'n greintjie skaamte in die gang af.

Met sy oë op sy broer se wit oumansboude, blaas Roark 'n sug van verligting uit. Die ergste is vir hulle verby, maar vir Mac kom dit nog. Sy hart krimp ineen. Vir sy wilde, wonderlike broer se onthalwe. En sy hardkoppige peetkind s'n. Die liefde wat hy in hierdie oomblik vir hulle albei voel, kramp pynlik in sy bors.

VIER EN TWINTIG

8 Desember — oggend

“Sien jy enigiets vreemds, Fortuin?” Vir Gys lyk Nella se plek nes laas. Behalwe vir die tas wat oopgaap, maar net halfpad uitgepak is.

Fortuin skud sy kop. “Die lappie op die teekis is nuut. Maar dis al.”

“Nella was hier, het vir Roark gaan sê sy wil weer begin werk, begin toe uitpak en daarna verdwyn sy. Iets is nie lekker nie,” mymer Gys.

“Maar hier is nie ’n teken dat hier iemand anders in die huis was nie. Net een koppie in die sink.” Fortuin skud sy kop. “Nee, Luitenant, ek weet wragtag nie wat om te dink nie.”

So bekommerd as wat hy is, is Gys maar net te bly hulle het nie hier op Nella se lyk afgekom toe Fortuin agterkom die agterdeur is nie gesluit nie. Hy kon al sien hoe sy hier lê, haar polse gesny, of nadat sy ’n spul pille gesluk het. Selfmoord na so ’n traumatiese ervaring is nie ongewoon nie. O hel, hy hoop nou net nie sy het dit in haar kop gekry om die see in te loop nie.

“Fortuin, het dit vir jou gelyk asof jou tante baie depressief was?”

“Bedroef, Luitenant. Baie. Maar dis te verstane. Depressief? Ja, seker ook.”

“Jy dink nie dalk sy ...” Gys laat die vraag in die lug hang.

Fortuin frons. “Luitenant bedoel selfmoord?”

Gys lig net sy wenkbroue.

Fortuin plof op Nella se bed neer. “Nee hel, Luitenant, ek dink darem nie so nie. Sy was neerslagtig, maar half, ek weet nie. Moedig? Ja, moedig ook. En hoekom sou sy dan vir Roark gaan sê het sy kom vanoggend na hom toe?”

Gys trek-trek aan sy oorlel. “Miskien moet ons maar strandlangs loop en net rondkyk.”

Fortuin word bleek. “As dit so is, het Charlie nog ’n dood op sy gewete.”

“Miskien het sy gisteraand vas geslaap en vanoggend vroeg gaan stap maar nog nie kans gesien vir werk nie. Jy het mos gesê sy het sommer partykeer

koers gekry toe sy by jou ma was. Springklip toe en anderkant toe.”

“Dis waar.” Fortuin lyk verlig toe hy opstaan.

“Nou toe. Kom ons gaan kyk.” Gys wil nie eens daaraan dink dat hulle haar dalk nie springlewendig sal kry nie.

Aengel loer na die skulphorlosie teen die muur. Roark-hulle moet al naby Niemandsdorp wees. Sy het skaars sy stem herken toe hy gebel het om haar te laat weet hy neem Mac daarheen.

Die laaste tien suikerlepels lê en droog word. Sy gaan was haar hande. Net toe sy begin handerom aansmeer, trek haar skootrekenaar met sy Skype-deuntjie los.

Haar hand bewe so dat sy nie dadelik die merker oor die antwoordikoon kan kry nie. Uiteindelik kliek sy dit raak en gaan sit met lam bene, haar oë op die skerm vasgnael.

Trane begin oor haar wange loop toe Lika se gesig verskyn.

“Hi, Aenge.” Haar stem is yl, haar oë geswel en haar hare deurmekaar.

“Lieks,” is al wat Aengel kan uitkry.

“Ek is jammer ek het jou ’n tert genoem.”

Aengel kan net haar kop ’n paar keer knik. Niks wil verby haar dik keel kom nie.

“Jeanne het my ’n storieltjie vertel. Van ’n man wat ’n kennis in die straat teenkom. Die man en sy vrou het pas ’n seuntjie ryker geword en hy wou die nuus graag met iemand deel, maar die kennis ignoreer sy groet en stap ewe nors verder. Die man het die kennis daarna nooit weer gegroet nie tot hy op ’n dag gehoor het die kennis was daardie dag op pad na sy vrou se sterfbed. Die man het besef die kennis het hom waarskynlik nie eens hoor groet nie.” Lika vee met haar duime onder haar oë. “Stupid storie, maar ek verstaan wat Jeanne daarmee bedoel. Ons weet nie wat in ander mense se lewens en harte omgaan nie.”

Lika lyk vir haar anders. Ineens soveel ouer, besef Aengel terwyl haar hart kramp. Nee, wil sy uitroep, jy moet jonk en sorgvry wees, nie oornag in volwassenheid ingedwing word nie.

“Ek wil graag hoor wat gebeur het, Aenge. Jou kant van die storie.”

Aengel sluk swaar. “Dis nie ’n mooi kant nie, Lika.”

Lika laat sak haar oë.

Aengel moet al haar moed bymekaarskraap. “Lika, daar het intussen iets gebeur. Nadat ons laas gepraat het. Iets wat my die voornemens wat ek nog altyd gehad het, laat heroorweeg het.”

Lika kyk weer op.

“Fourie het ’n brief agtergelaat. Ek het nie daarvan geweet nie. Dit het uitgekom nadat jy vir François begin vrae vra het oor Fourie.” Haar woorde klink so lomp.

“En?”

“Ek kan dit vir jou voorlees as jy wil. Ek wil net eers hê jy moet mooi daaroor dink. Dit gaan nie maklik wees om dit te hoor nie, maar dit verduidelik baie dinge. Dinge wat ek gehoop het nooit sal uitkom nie, maar dit stel ook Fourie se kant van die saak.”

Lika bly lank stil. “Stel die brief jou in ’n slegte lig?”

“Dit hang af hoe mens daarna kyk.” Aengel sug. “En ek weet nie hoe jy daarna sal kyk nie. Ek ken niemand op die aarde so goed soos ek jou ken nie, maar ek weet nog steeds nie of dit nie meer kwaad as goed sal doen nie.”

Nog ’n lang stilte. “Was jy lief vir hom?”

Aengel moet weer swaar sluk. “Nee.”

Sy sien die pyn in Lika se oë. “Dan is ek nie net in sonde ontvang en gebore nie, maar sonder liefde ook?”

“Sonder liefde van my kant af ontvang, Lika, maar vandat ek besef het ek dra jou, het ek jou lief gekry. Ek was dalk net sewentien, maar toe ek jou die eerste keer voel roer het, ek weet nie ... Iets het gebeur, en ek het net geweet hoe spesiaal jy gaan wees. Ek kan dit nie verklaar nie. Maar jy weet hoe lief ek jou het.”

“Hoekom het jy dan by hom geslaap as jy nie vir hom lief was nie?”

“Dit het net gebeur. Kan jy dit nie maar net so aanvaar nie? Dan los ons die brief.”

Lika skud haar kop.

“Oukei.” Aengel trek die brief wat sy gister uitgedruk het onder die rekenaar uit en vou dit oop.

“Aenge ...” Lika se stemmetjie klink yl. “Niks gaan meer dieselfde wees hierna nie, nè?”

Die vertwyfeling in Lika se oë gee haar ’n oomblik lank hoop dat sy die saak daar gaan laat, maar dis kortstondig. Sy ken Lika goed genoeg om te weet sy sal wil hoor wat in die brief staan. As sy haar verdomp net goed

genoeg geken het om te weet hoe sy gaan reageer.

“Niks sal enigiets aan my liefde vir jou verander nie, Lika. Selfs al sien jy my hierna in ’n ander lig.”

“Hoekom e-mail jy dit nie net vir my nie?” Lika klink skoon benoud.

Aengel skud haar kop. “Dis nie die soort brief wat net gemail kan word nie. Ek wil kan sien hoe jy voel terwyl jy hoor wat daarin staan en ek wil hê jy moet my gesig sien terwyl ek lees. Dis nie iets wat met emotikons oorgedra kan word nie.”

“Oukei, maar ek dink ek wil net gou eers ’n draai gaan loop.”

Aengel vou die brief weer toe. Lika soek nie uitstel omdat die natuur roep nie, weet sy. Sy wil haar probeer pantser teen wat sy gaan hoor.

“Vat jou tyd, Lika.”

“Ek Skype jou nou-nou weer.” Haar beeld flikker voor dit verdwyn.

Enersyds is Aengel dankbaar dat sy ook ’n bietjie kan asemskep voor die inhoud van die brief sy staan tussen hulle gaan kry, andersyds spyt dat dit nie net maar verby kan kom nie.

Derek van Rooyen sit ewe vernaam agter sy lessenaar, sy grys pak van die beste gehalte, sy das perfek geknoop en nie ’n haartjie uit sy plek nie. Roark het nog nooit veel van die man gehou nie, maar hy is die beste wat Niemandsdorp bied.

“Charles sal op die laatste teen oormôreoggend aangekla moet word. Ongelukkig twyfel ek of ek borgtog, met of sonder voorwaardes, sal kan beding.”

“Hoekom nie?” bulder Mac hier langs hom.

“Ek het my swaer, die landdros, vroeër vanoggend raakgeloop. Hy het so in die verbygaan gesê ek moenie eens daaraan dink om borgtog te vra nie, Charles is ’n vlugrisiko. Hy weet van jou katamaran en was al op ’n plesiervaart saam met jou uit. Hy meen jy sal Charles moontlik kan help ontsnap. Landuit.”

“Waarheen nogal?” Die verweer is verbasend flou.

Roark kyk vinnig na Mac. Sy gesigsuitdrukking verklap dat hy wel die moontlikheid oorweeg het. Waarskynlik op pad hierheen toe hy so verskriklik stil was.

Van Rooyen ignoreer die vraag. “Onthou ook, hy gaan nie net vir een

moord aangekla word nie, maar vir drie.”

Mac leun vorentoe. “Dis verspot. Hy het besef Zita se kleintjie kon syne gewees het. Hy sou nooit sy eie kind saam met die ma vermoor het nie, al was hy hoe lus om haar van kant te maak.”

“Dis wat hy ook vir my gesê het, maar ongelukkig tel daar nie veel in sy guns om dit te kan aanvoer nie. Ek is bevrees dit gaan ’n moeilike saak wees, meneer Carmichael. Ek sal selfs oorweeg om voor te stel dat Charles skuldig pleit as ons ’n verminderde vonnis kan beding.”

Roark vererg hom. “Nou praat jy twak en jy weet dit. Hy sal lewenslank kry of hy skuldig pleit of nie. Dis jou plig om in die hof te bewys hy is onskuldig. Jy wil kortpaaie loop en dis nie waarvoor ons jou betaal nie.”

“Meneer O’Shea, dis die polisie se plig om te bewys hy is skuldig. My plig is om Charles na die beste van my vermoë te verdedig. Een manier is om — wat die bewyse en getuienis ook al oplewer — te probeer weerlê dat dit sy aandadigheid bo alle redelike twyfel staaf.” Hy skud sy kop. “Die luitenant het hom baie kort na die moord met die net waarmee die moord gepleeg is in sy hande betrap. Net dit is al klaar verdoemende getuienis. Tans het ek net Charles se woord daarvoor dat dit nie hy was wat Gerbrand Niemand verwurg het nie.”

“Maar ek het verduidelik van die tydfaktor. Dat iemand anders voor hom in Rykmanshut kon gewees het.” Roark haat dit dat dit klink asof hy pleit.

“En dis een van die hoeke waaruit ek die saak sal benader. Ek wil net nie valse hoop skep nie.”

Mac kom so vinnig orent dat die stoel byna omval. “Vat my polisiestasie toe, bro.”

Van Rooyen kom elegant orent. “Ek is bevrees julle sal nie vir Charles kan sien nie.”

Mac grom net en storm uit. Roark haal sy skouers op, groet haastig en volg Mac. Dié sit al in die Discovery nog voor Roark hom kan inhaal.

Roark klim in en leun vir ’n oomblik met sy voorkop teen die stuur.

“Ry, bro.”

Roark lig sy kop. “Wat wil jy daar gaan maak?” Hy sien waaragtig nie kans vir nog ’n scene nie.

“Ek wil net met die Arendse-vent gaan praat. Gaan hoor of ons nie vir Charlie kos of iets kan bring nie.”

Roark sug diep, maar skakel die enjin aan en mik die kar se neus in die

polisiestasie se rigting.

Terwyl hy nog sukkel om parkering voor die afgeleefde gebou te kry, gaan die passasiersdeur oop. “Mac!” roep hy uit en slaan remme aan, maar Mac het reeds uitgespring.

Roark parkeer haastig op ’n laaisone en hardloop na die aanklagkantoor.

’n Helse kabaal begroet hom. Mac het voor in die ry ingedruk en staan met sy hande op die toonbank geplant.

“En ek soek hom nou!” brul Mac.

“Majoor kan nie ...” Die konstabeltjie staan ’n paar tree weg van die toonbank, sy oë soos pierings.

“Wat gaan hier aan?” ’n Lang skraal man met ’n kaalgeskeerde kop en bakore kom aangestap.

“Majoor, die man het hier ingestorm gekom en ...”

“Is jy Arendse?” vra Mac.

“Mac,” begin Roark.

“Shut up, Roark.” Mac kyk nie eens om nie.

“Ek is Arendse, wie is jy?” Die majoor handhaaf hom nogal goed in die omstandighede.

“Mac Carmichael. Dis ek wat Gerbrand Niemand verwurg het. En vir Miempie Bandjies en vir Zita, wat haar van ook al is. Ek wil ’n confession maak.”

Roark laat sak sy voorkop in sy hand. Enersyds wil hy Mac persoonlik verwurg, andersyds wens hy hy het self so ’n pa gehad.

“Mac het wat?” roep Gys uit.

Fortuin se kop ruk op waar hy besig was om tussen die kierangklippe te soek.

“Oukei, ek kom.” Gys druk die selfoon in sy sak en swets.

“Wat nou, Luitenant?”

“Dit was Roark. Mac beken skuld op die moorde. Jy sal die fort hier moet hou. Ons sal later verder na Nella soek. Miskien kom sy selfs aangestap. Ons was ook nog nie by Aengel om te gaan kyk na die aanrandingstoneel nie. Jy sal dit ook alleen moet behartig. Ek sal Niemandsdorp toe moet gaan. Vervloeks!”

“Miskien was dit hy, Luitenant? Mac, bedoel ek. Kyk wat het hy vanoggend amper met Roark aangevang.”

Gys skud sy kop. “Ek weet ook nie meer nie, Fortuintjie, laat ek maar net

eers daar kom en kyk wat gaan aan.” Gys begin aanstryk na sy bakkie toe en Fortuin draf om langs hom in te val.

“Luitenant, terwyl ek netnou so stap en rondkyk, het iets my laat wonder.”

“Wat?”

“Die visnet waarmee Gerbrand verwurg is. Waar sou Charlie daaraan gekom het?”

Gys stap stadiger. “Kon in Roark se kar gewees het. Of hy kon dit in die waenhuis gekry het.” Strandloper se woorde ná Miempie se moord kom weer na hom toe terug: Soek die net. “Gaan kyk in die waenhuis.”

“Maar ons het nie ’n lasbrief nie.”

“Ek het gesê gaan kyk, nie gaan soek nie. As dit gesluit is, los. As dit oop is, kyk. Jy verwyder niks. En gaan kyk sommer daar om Mac se huis ook. En in Gerbrand s’n. Oral waaraan jy kan dink.” Hy moes self daaraan gedink het, vervloeks.

“Moet ek eers na Aengel toe gaan of wat?”

“Gaan soek eers die net.” Gys pluk sy bakkie se deur oop. “En laat weet dadelik as jy op iets afkom.”

“Oukei, ek dink ek is nou so mentally prepared as wat ek kan wees.”

Aengel glimlag bewurig vir Lika se beeld. “Ek hoop ek is.” Die asemskop het te lank geduur. Haar senuwees is rou.

“Dis jou eie skuld dat ek wil weet wat die waarheid is, Aenge. Jy het my geleer van eerlikheid en om goed te face.”

Na ’n leeftyd se oneerlikheid omdat haar familie nie goed kon “face” nie? Hoe het ek dit reggekry? wil Aengel vra, maar bly eerder stil. Sy tel die brief op en vou dit oop.

Lika haal diep asem. “Oukei, shoot.”

“Die koevert was aan jou geadresseer. Daarop het gestaan: ‘Vir my kind, as sy eendag na my sou vra.’” Die brief bewe in haar hande. “Die brief is 27 Junie 1992 gedateer.”

“My kind,” Aengel maak keelskoon, maar haar stem klink steeds yl toe sy verder lees.

“Ek weet nie wat Aengel jou gaan noem nie, seker Angelique, maar ek wil nie aannames maak nie. Daarvan het ek genoeg gemaak.

“Ek sien nie meer kans vir die lewe nie en joune het nog nie amptelik

begin nie. Wat kan iemand soos ek vir iemand soos jy sê?

“Hoe kan ek jou vra om my te vergewe as ek weet nie jou ma of enigiemand anders sal kan nie? Hoe kan ek jou vra om my te vergewe as een van die dinge waarvoor ek vergifnis vra, juis die rede is waarom jy bestaan?

“Ek was bly toe ek hoor jy is ’n meisietjie en weet jy sal net so mooi en begeerlik soos jou ma wees. Ek weet jy sal haar lieflike geaardheid hê. Speels en ernstig tegelyk. Inkennig en tog guitig.”

Aengel grawe ’n snesie uit haar jeans se sak en druk dit teen haar oë. Sy kan skaars sien wat sy moet lees.

“Hy klink oukei, Aenge. Net asof hy die morbs het.”

Aengel snuif. “Dit was kort voor hy homself geskiet het, Lika. Hy het beslis die morbs gehad.”

Lika knik. “Lees aan.”

“Ek hoop nie jy kry veel van my gene nie. Miskien net my liefde vir my vakgebied. Die nuanses van smaak en reuk en sig, die intuïsie van die verhemelte selfs voor die proe.

“Jou oupa Gabriël reken my aanleg lê by vonkelwyn. Die een wat ek verlede jaar vir hom gemaak het, was ’n reusesukses, al het dit my nog nie heeltemal tevrede gestel nie. Nou sal ons nooit weet of ek ooit die perfekte vonkelwyn sou kon maak nie. As iemand my onthou, sal dit net wees vir my potensiaal.”

“Hy was ’n wynmaker?” onderbreek Lika haar.

“’n Baie begaafde een. Oupa Gabriël het gedink hy het ’n baie uitsonderlike talent gehad, dat hy die beste wynmaker in die Kaap kan word en uiteindelik selfs internasionaal nie agteruit sal hoef te staan nie.” Aengel roep weer die beeld voor haar op wat sy al soveel jaar probeer vergeet het. Langer as François, forser, aantrekliker. “Fourie was die Du Randts se blue-eyed boy, Lika. Hoofseun, victor ludorum, al daai soort goed. François was nie net jonger nie, maar ook altyd tweede beste. Onderhoofseun, onderkaptein. Jy kry die prentjie.”

Lika knik net.

Aengel lig die brief weer nader na haar oë. “Ek wil jou graag vertel wie en wat ek is sodat jy my ’n bietjie beter kan verstaan.

“Ek is vyf en twintig jaar oud en het twee jaar gelede getrou met ’n vrou wat my pa vir my uitgesoek het. Volgens hom sou ons die perfekte paartjie wees. Sy het die wynplaas, haar familie die geld en ek die wynmaaktalent.

Vir my broer François het hy 'n soortgelyke vrou gekies. Al is die Rousseaus nie heeltemal so ryk soos Chrétienne se mense nie, word hulle baie hoog geag in die vallei. Onder oom Gabriël se leiding behoort hy goed te doen op Libertalia, al weet ons almal — sonder dat dit uitgespel word — François het nie die siel van 'n wynmaker nie, net die kennis. Ek hoop net François vaar beter met Gabrielle as ek en Chrétienne.

“As ek vergelykings moet tref binne die orde van vonkelwyne, is Chrétienne soos 'n méthode ancestrale-vonkelwyn. Dis die mees primitiewe manier om vonkelwyn te maak. Wyn word gebottel voor die fermentasieproses voltooi is en die resultaat is 'n ligte sprankeling en 'n dikwels soet wyn met sediment.”

Aengel kyk op toe sy Lika 'n snorklaggie hoor gee.

“Hy was nie eintlik into sy vrou nie, nè?”

“Lika, asseblief, dis moeilik genoeg soos dit is,” betig Aengel haar, maar haar hart word 'n aks ligter. Lika hanteer dit beter as wat sy verwag het. Voorlopig.

“Oukei, ek sal sharrap.”

Aengel haal diep asem voor sy verder lees. “Vir Gabrielle kan ek vergelyk met 'n méthode charmat-vonkelwyn. Na 'n sekondêre fermentasieproses in 'n tenk word die wyn onder druk gebottel. Die sprankeling is voller, die smaak beheerbaar en daar is nie sediment nie. Gabrielle is die resultaat van die Rousseau-tenk, en die oomblik wat sy met François trou, is die oomblik wanneer sy onder druk gebottel word. Die tyd sal leer hoe daardie oesjaar hom in die bottel gaan gedra.”

“'n Pyn-in-die-gatoesjaar,” mompel Lika, maar Aengel lees net verder.

“En dan is daar 'n derde proses. Die duurste en mees arbeidsintensiewe proses. Méthode champenoise. Die heel beste vonkelwyne in die wêreld word volgens hierdie metode gemaak. Aengel Rousseau ...” Aengel moet weer keel skoonmaak toe 'n vlegsels van emosies in haar keel kom sit.

“Aengel Rousseau was 'n jaar gelede nog daardie besondere oes wat die wynmaker laat besef: Hiervan kan 'n buitengewone wyn gemaak word. Ek dink ek het dit altyd geweet, maar dat jou ma méthode champenoise-materiaal is, het ek daardie aand van haar verjaardag besef. Die aand toe ek haar vir eerste keer regtig raakgesien het, nie as Gabrielle se sussie of oom Gabriël se dogter nie, maar as Aengel Rousseau.

“Eers nadat ek die fermentasieproses versteur, die prop te vroeg afgeruk

het, het ek besef wat ek gedoen het. Besef ek het die gistingsproses wreed versteur.”

“Wow, hy het jou ge-*dig*, Aenge.”

Aengel kyk op. Lika se oë blink. “Lika, hier is niks romanties aan nie.” Sy buig weer haar kop oor die brief. “Ek het in ’n onbesonne oomblik potensiele perfeksie soos goedkoop perlé uitgesuipt.” Haar keel word weer dik, maar sy druk deur. “Ek wou die prop terugdruk, haar weer in die koel kelder laat fermenteer, toelaat om haar volle potensiaal bereik. Daarom het ek gemaak asof dit wat gebeur het, nooit plaasgevind het nie. Ek het uit my pad gegaan om haar te vermy. Ek wou haar nie verder kontamineer nie. Ek was so dom. So ’n lafaard.”

“Wag ’n bietjie.”

Aengel laat die brief weer sak.

“Aenge, julle het gekafoefel en toe ignoreer hy jou daarna?”

“So iets.”

“Mans! Anyway, en toe?”

“Die dag toe Aengel na my toe gekom het, gesê het daar het daardie aand van haar verjaardag ’n ander soort gis in die wyn beland wat die proses kompliseer, het ek besef dit kon ten goede of ten kwade wees, en as die een wat hierdie ekstra gis bygevoeg het, lê my verantwoordelikheid nou by die voltooiing van die méthode champenoise.”

“Fokkit, maar hy klink soos ’n opgeblase nerd.”

“Lika!” sê sy sonder om eens op te kyk.

“Oukei, oukei. Lees.”

“Ek het haar gevra of sy met my sal trou as ek van Chrétienne skei. Sy wou nie, sy wou net hê ek moet haar help deur die waarheid te vertel.”

“Kan nie sê ek blame jou nie. Wat ’n poep ... Sorrie.”

“Ek het jou ma belowe ek sal, en dat ek haar sal bystaan, maar haar gevra om my tyd te gee. Ongelukkig het ek te lank gewag. ’n Week later, die Sondagmiddag, het Chrétienne aan etenstafel voor ons albei se ouers aangekondig sy verwag. Miskien was dit die skok, maar ek het uitgeblaker dat Aengel in dieselfde bootjie is en dat ek die pa is.” Aengel kan vir ’n oomblik nie verder gaan nie. Dis die groot ding wat haar gisteroggend uit die huis uit gejaag het. Hulle het almal geweet. Elkeen van die Du Randts, en Chrétienne se mense ook, het geweet Fourie is die pa, maar stilgebly. Toegelaat dat die res van die vallei glo sy weet self nie omdat sy dronk was.

“Aenge? Is jy oukei?”

Aengel knik net en lees met moeite aan. “In die oomblikke daarna het ek besef ek het elke droom wat Chrétienne en ons ouers gehad het, onder my voete vertrap. Toe Chrétienne se pa vra of Aengel my verlei het, het ek stilgebly. Die blaam is op Aengel geplaas en toe Chrétienne ’n rukkie later die baba verloor, het hulle Aengel ’n moordenaar genoem.”

“Fokken varke!” kom dit verontwaardig uit Frankryk.

Aengel sluk en vind weer haar stem sodat sy verder kan lees: “Ek het in een stadium halfhartig probeer erken dat ek die skuldige was. Chrétienne se ouers het dit as verdagte eerbaarheid aan my kant gesien en toe geëis dat ek nooit weer rep wat daardie aand gebeur het nie. Teenoor niemand nie. ’n Man is uiteindelik maar net ’n man, was die konsensus, en Aengel die vergestaltung van die listige Eva. Só is ek vergewe. Dis nou op die oppervlak.

“Onder die oppervlak is ek verwerp en gekasty. Chrétienne het uit ons kamer getrek. Haar ma se verwyte, subtiel en andersins, het daaglik deur die ou opstal vibreer. Haar pa het nou en dan vir my geknippoog, soos net een man vir ’n ander knipoog. Dit het my laat besef wat hy dink as hy na Aengel kyk en dit het my siek maak. Veral toe ek besef het sy skerm vir my.

“Dis nou meer as vyf maande dat dit so aangaan. Ek sien nie kans vir die res van my lewe nie.

“Ek sou dalk ’n goeie wynmaker kon geword het, maar sonder siel sou ek net dit kon word. Goed. Nooit uitsonderlik nie. En my siel het ek verloor die aand toe ek my aan Aengel Rousseau vergryp het, haar worsteling en gepleit om nie te doen wat ek doen nie, geïgnoreer het.”

“Aenge!”

Aengel se kop ruk op toe Lika haar naam uitkrys.

“Het die fokker jou gedate-rape?”

“So iets.” Behalwe dat dit nie ’n date was nie, hy was net een van vele gaste, sou sy kon byvoeg, maar sy lig weer die brief. “Ek kan nie die risiko loop om jou lewe ook te vernietig nie, my kind. Ek het genoeg op my kerfstok. Daarom gaan ek my vanaand uit die berekening van julle lewe haal. François sal vir julle moet sorg. Ek weet hy sal, want hy weet wat die waarheid is.

“Ek hoop jy word sterk soos jou ma en nie ’n swakkeling soos ek nie. Ek hoop dat jy en Aengel albei julle volle potensiaal bereik, dat jy, soos sy, die méthode champenoise goed sal deurstaan, al is hare so wreed onderbreek.

“’n Gewone wynmaker sal die onderbreekte gistingsproses, die ekstra gis wat bygekom het, nooit kan herstel nie, maar die Hemelse wynmaker sal dit hopelik inspan en laat verouder tot iets uniek en perfek.

“Fourie du Randt.”

Aengel is te bang om op te kyk.

“En net daarna skiet hy homself?”

Aengel knik.

“Hoe het jy gevoel toe jy dit hoor? Dat hy dood is?”

Uiteindelik moet sy Lika in die oë kyk. “Ek was toe al reeds weggestuur, Lika. Hulle het dit eers vir my gesê toe hulle my uiteindelik laat terugkom het plaas toe. Jy was al ses maande oud. Ek was hartseer, veronreg, skaam, kwaad. En ek het skuldig gevoel.”

Lika bly lank stil, kou net haar onderlip en draai met haar wysvinger ’n stukkie van haar hare al in die rondte.

“Hy was ’n lafaard, daar moet ek met hom saamstem,” verklaar sy terwyl sy verby Aengel staan. “Eers date-rape hy jou en asof dit nie erg genoeg is nie, ignoreer hy jou daarna. Dan wil hy kastig met jou trou toe hy hoor jy’s preggies, dan bly hy stil toe sy familie dink jy het hom verlei, en uiteindelik skiet hy homself.” Sy knik. “Ja, ’n lafaard en ’n pompous arsehole boonop.” Sy kyk weer na Aengel. “En dis die man wie se gene ek dra.”

Aengel bly stil. Dis Lika se beurt om te praat. Fourie het sy sê gehad.

“Nie veel om op trots te wees nie, is dit? En dis wat jy my wou gespaar het. Nou kan ek my nie meer verbeel ’n dashing hunk het een aand jou voete onder jou uitgeslaan en tragies verongeluk voor hy eens van my geweet het nie.”

Aengel kan nie help om te glimlag nie. “Dis wat jy gedink het?”

“Aangesien niemand ooit met my daaroor wou praat nie, was dit een van die aantrekliker versions wat ek opgetower het.” Sy sug. “Wat het van Chrétienne geword?”

Dis nog iets wat haar bly pla sedert sy die brief die eerste keer gelees het. Chrétienne. Hoe moet sy nie daardie Sondagmiddag gevoel het toe sy haar heuglike nuus afkondig en Fourie reageer deur te sê maar Aengel is ook swanger met my kind nie? Kan sy hulle regtig kwalik neem dat hulle opgetree het soos hulle het?

“Chrétienne is Stellenbosch toe nadat haar suster se man die wynmaker op hulle plaas geword het. Sy is later weer met ’n wynmaker getroud en het twee

kinders, 'n bietjie jonger as François en Gabrielle se tweeling. Chrétienne se man maak goeie, maar nie uitsonderlike wyn nie.”

“Hoekom het jy nie hulle bluff gecall nie? Hoekom was jy so 'n martelgat?” bars Lika ineens los.

“Dis 'n goeie vraag, waarvoor ek nie 'n baie goeie antwoord het nie,” antwoord Aengel bedaard, maar haar hart begin beangs klop. “My ma en Gabrielle het albei bly insinueer dat as ek hom nie verlei het nie, dit nooit sou gebeur het nie. Ek was later nie meer seker of ek hom dalk wel aanleiding gegee het of nie — al was dit onbewustelik. Ek het altyd van hom gehou. Voor sy troue selfs 'n bietjie van 'n crush op hom gehad, soos net 'n veertienjarige kan. Hy was baie aantreklik, op so 'n dromerige manier, en hy het werklik uitstekende wyne gemaak. Iets waarin ek baie ...” Aengel bly stil.

“Iets waarin jy baie?”

Aengel sug. “Ek wou wynbou studeer het. Met my hele hart. Ek wou 'n wynmaker word soos jou oupa, maar nog beter. Ek het van jongs af wynetikette ontwerp, verskillende soorte koeldranke gemeng.” Sy lag.

“En toe gebeur ek.”

Aengel druk met haar vinger op die skerm waar Lika se lippe is. “Jy is die wonderwerk wat met my gebeur het. Die perfekte wyn uit 'n jaar van storms. Buitendien, jou ouma sou nooit toegelaat het dat ek wynbou studeer nie. François het kort ná jou geboorte assistentwynmaker op Libertia geword.”

Weer 'n baie lang stilte.

“Aenge, ek moet gaan dink.”

“Dis reg, Lieks. Ek is hier as jy my soek. Daar is net een ding wat ek wil bysê. As ek Fourie enigsins op enige manier aanleiding gegee het, was dit onbewustelik of hy het iets verkeerd geïnterpreteer. Dit was beslis teen my wil en ek het nee gesê, geworstel en gepleit, soos Fourie daar sê, maar dit was nie heeltemal gewelddadig nie. As jy verstaan wat ek probeer sê.” Sy huiwer, druk dan deur. “Daar was 'n oomblik toe ek ophou veg het, dinge net laat gebeur het sodat dit verby kon kom.”

“Ek hoop nie jy dink dit verskoon hom nie?”

Aengel skud haar kop.

“Rape is rape, Aenge, en as 'n vrou nee sê en 'n man luister nie, is dit rape. Dis wat jy my geleer het.”

Aengel kan haar net deur die waas van trane aankyk.

“Sien, jy is nie so ’n vrot ma soos jy partykeer dink nie.” Lika stuur vir haar soentjie en dan gaan die skerm dood. Maar nie voor Aengel die verskriklike hartseer in haar kind se oë gesien het nie.

VYF EN TWINTIG

8 Desember — vroegmiddag

Gys sit die verklaring neer en haal sy leesbril af. Hy vryf sy moeë oë en kyk na Mac wat oorkant hom in die ondervragingsvertrek sit. Daar het 'n kalmte oor die reus gekom en vasberadenheid spreek uit sy lyftaal.

“Hoekom Miempie?”

Mac ontspan effens. “Sy het Charlie afgepers. Eers het hy betaal, maar dit was later nie vir haar genoeg nie. Sy het gesê sy sal by Pearlie gaan klik as Charlie haar nie help om Gerbrand sover te kry om Zita te los nie.”

“En Zita?”

“Sy wou Charlie afpers oor die baba. Sy sou Charlie se huwelik vernietig het. Well, actually het sy dit toe reggekry ook. Ek was juis bang Pearlie sal Charlie los. En Charlie kan dalk nog sonder Pearlie, maar Lulie ...” Hy skud sy kop.

Gys knik en tik-tik met sy pen op die verklaring. “En jy sê jy het op pad Kruisbaai toe by Kooistrand stilgehou, Zita verwurg, haar die see in gesleep, en daarna is jy pizzeria toe, waar jy die res van die middag kelner gespeel het?”

Mac knik.

“Hoe het jy geweet Zita is daar?”

“Ek het haar by Aengel sien uitkom en Kruisbaai se kant toe sien stap. Sy het graag Kooistrand toe gegaan.”

“Dis was elfuur die oggend.”

“Ek het die pad dopgehou. Sy het nie teruggekom nie.”

“En jy moes haar so twintig voor een klaar verwurg en die see in gesleep het, aangesien jy kwart voor by Robert aangekom het.”

“Ek hou nie my horlosie dop nie.”

“Maar Robert het. Jy het 12:45 by die pizzeria aangekom.”

“Dan moet dit so iets gewees het.”

“Jy ken klaarblyklik die seestrome hier rond?”

Mac knik. “Ons soek ’n wrak sodat Charlie duikers daarheen kan neem. Al drie jaar lank. Om beter te kan skat waar ’n wrak dalk sou kon lê, het ons al allerhande goed in die see gegooi en dan gekyk wanneer dit waar uitspoel. Van Kooistrand af is daar ’n sterk stroom wat met hoogwater aansluit by die Agulhas, dan om Kierangbaai trek, en goed op Derdebaai laat uitspoel. Afhangende van die soort gety en die weer, spoel dit op verskillende plekke op Derdebaai uit.”

“Maar dit moet hoogwater wees?”

Mac knik. “Daar is ’n sandbank by Kooibaai, die water moet hoog genoeg wees om die voorwerp oor die sandbank te lig.”

“Hoekom het die volgende hooggety nie weer Zita se liggaam ingesleep nie? Daar op Derdebaai, bedoel ek.”

Mac dink ’n oomblik na. “Die getye is op afdraande van volmaanspring af tot dit ná dooie gety weer begin hoër raak.”

“Moet dit op die kop hoogwater wees op Kooistrand, of is ’n uur hierdie kant toe of daardie kant toe ook nog oukei?”

“Luitenant,” verloor Mac kennelik sy geduld, “laat Charlie gaan, sluit my toe en kry klaar. Ek is nie lus om met jou te sit en kak praat oor seestrome nie.”

Gys kyk hom net kalm aan. “Hoe gouer jy my vrae beantwoord, hoe gouer maak ons klaar. Moet dit op die kop hoogwater wees?”

“Hoogstens ’n kwartier, give or take. Nie ’n uur nie,” antwoord Mac steeds ongeduldig.

“En jy is seker daaroor?”

“Ja, verdomp, ek is seker.”

Gys kom orent. “Dankie, Mac, jy kan maar gaan.” Hy sit die verklaring in die lêer en kyk na Mac wat hom verdwaas aanstaar. “Ek sê, jy kan maar gaan.”

“Wat bedoel jy?”

“Jy het pas bevestig wat Roark ook vir my gesê het. En op Vrydag 3 Desember was dit hooggety om 13:40. Vyf en vyftig minute nadat jy by die pizzeria aangekom het.”

“Dis nie genoeg rede nie! Ek is nie ’n oseanograaf nie. Ek het Zita ingesleep tot anderkant die sandbank. Ek sê jou, ek het dit gedoen. Ek is ’n sterk swemmer. Baie sterk, vra vir Roark.”

“En met droë klere by Robert ingeklok?”

“Ek het droog aangetrek, in my kar. Ek is nie onnosel nie.”

Gys druk met sy uitgespreide hande op die tafel tussen hulle en leun nader aan Mac. “Wel, Carmichael, ek is ook onnosel nie.” Gys skud sy kop. “Dis dalk ’n edel ding wat jy hier probeer doen het vir jou seun, maar jy mors my kosbare tyd. Gaan nou, voor ek jou van dwarsboming van die gereg aankla.”

“Maar ek het Gerbrand verwurg.”

Gys sug diep en vou sy arms. “Hoe laat?”

“Wat is jy so met tyd gepla? Het julle nie beter maniere om moorde op te los nie?”

“Hoe laat?”

“Ek het jou gesê ek hou nie die horlosie dop nie.”

Gys knik. “Ja, ek sien jy dra nie eens een nie. Maar skat dan.”

Mac aarsel. “Ná nege.”

“Nader aan negeuur of nader aan halftien?”

“Nader aan halftien.”

“En tog sê Louis dat hy halftien by jou was? En dat jy toe reeds redelik besope was?”

Mac frons. “Ek het gedink dit was later.”

“Wat was later?”

“Dat Louis by my aangekom het.”

Gys lig sy wenkbroue. “Maar jy dra nie ’n horlosie nie.”

“Dit beteken nie ek kan nie tyd skat nie. Miskien nie ’n kwartier hierdie kant toe of anderkant toe nie, maar ...” Hy bly stil.

“Maar jy was reeds besope.”

“Dit ook, maar wat ek wou sê, is dat dit bewolk was. Ek het op die see aangeleer om tyd te skat volgens die maan en sterre en die stand van die son.”

“Gaan huis toe, Mac. As Charlie onskuldig is, sal dit uitkom. Moenie sake nog verder kompliseer nie.”

Mac se adamsappel werk op en af. Hy is glad nie so seker van sy seun se onskuld nie, besef Gys, en dis hoekom hy die skuld op hom wil neem. Gys laat sak sy oë voor die worsteling in die ander man s’n.

“Kan ek vir hom kos en goed bring?” gee Mac uiteindelik bes.

Gys skud sy kop. “Nie in hierdie stadium nie. Ek sal jou laat weet wanneer jy hom kan sien.”

“Luitenant?”

Gys kyk op.

“Ek voel half en half beter om te weet jy is nie so ’n vrot speurder as wat ek gedink het nie. As Charles nie skuldig is nie, glo ek jy sal die culprit aangekeer kry.”

Gys steek sy hand na Mac uit. “As Charlie onskuldig is, sal ons die moordenaar kry.” Mac se greep is sterk, maar nie vergruisend nie. Soos ’n man wat sy krag ken, en waarskynlik sal gebruik as dit nodig is, maar nie misbruik nie. In elk geval nie in normale omstandighede nie.

Toe Mac uitstap, sak Gys weer in die stoel neer. As hy nog enige twyfel gehad het oor Charlie se skuld, is dit nou daarmee heen. As ’n pa kan glo sy seun het so iets gedoen, is daar nie veel hoop dat hy onskuldig is nie.

As Aengel se emosies nie so voos was nie, sou sy meer medelye met Annie gehad het. Die dagboek het egter daarin geslaag om haar aandag weg te trek van Lika, wat seker nou met ’n hele paar vraagstukke en emosies van haar eie worstel.

Sy moes die stuk nadat Annie in die Kaap aangekom het, herlees om haar geheue te verfris. Weer Annie se ontnugtering beleef toe sy besef die sendeling is terug Ierland toe. Na sy vrou en ander kinders toe.

Ek is nou alleen. En dit in die geharwar van hierdie plek wat hulle die Kaap de Goede Hoop noem. Goede hoop het ek nodig, maar of ek dit hier gaan kry, betwyfel ek ten sterkste. Ek moet in Franschhoek kom, Armand is my enigste redding nou, maar eers moet ek hier ’n heenkome vir Armandine kry. Ek kan nie net sommer by Armand opdaag met ’n kind op die arm nie, en ek weet ook nie hoe moeilik die reis daarheen sal wees nie. Armandine het reeds gely op pad hierheen van Houw Hoek af.

Uiteindelik gaan sy na die Morawiese kerk se kantore toe en sê die sendeling het haar gestuur. Hulle plaas haar by ’n kinderlose egpaar.

Die Barends-egpaar is eenvoudige maar dierbare mense. Ek vind nie veel aanklank by hulle nie, maar hulle kloek behoorlik om Armandine. Hulle het dit nie breed nie, maar deel alles wat tot hulle

beskikking is met ons.

Angelique kom agter nuus van die Libertine se lot het nooit die Kaap bereik nie. Die afgesonderdheid van Tsikumibaai het sekerlik daartoe bygedra. Maar as daar stories was, het daar waarskynlik verwarring ontstaan omdat 'n ander skip, die Arniston, op dieselfde dag gestrand het. Haar versorgers vertel haar hoe die ses oorlewendes van die Arniston eers twee weke ná die onheilsnag deur 'n boer op 'n jagtog ontdek en later per ossewa Kaap toe geneem is. Van die Libertine het hulle egter nog nooit gehoor nie.

Sy speen Armandine so gou as wat sy kan voor sy die Barendse inlig dat sy Franschhoek toe moet gaan, en vra dat hulle na Armandine omsien terwyl sy weg is. Sodra sy kan, sal sy die dogtertjie kom haal, belowe sy.

Armand is glad nie wat sy verwag het nie. Op veertig lyk hy vir haar soos 'n stokou man. Aanvanklik wil hy nie haar storie glo nie. Dis volgens hom drie jaar sedert sy veronderstel was om daar aan te kom en hy kan nie glo sy het so lank op haar eie oorleef nie. Angelique verswyg dat dit eintlik veel langer was. Sy besef Papa was van plan om haar eers veel later te stuur as wat die geval uiteindelik was, maar dat Ranavalona se streke die reis vervroeg het. Sy wys Armand egter die seewatersteen en dit oortuig hom min of meer.

Veel mededoë kry sy nie by hom nie. Sy moet hoor dat Papa haar en 'n bruidskat aan Armand belowe het in ruil vir Armand se hulp om hom van opsluiting in die Kaap te red. Sy weier om dit te glo, maar Armand wys vir haar die ooreenkoms, onderteken deur Papa. Sy moet ook hoor dat die mense wat hulle op Libertia die Liberi's genoem het, as skurke en seerowers beskou word. Dat dit die rede was waarom die gereg op Papa wou toeslaan toe hulle besef hy bevind hom in die Kaap.

Armand lig Angelique ook in hy gaan haar by die ooreenkoms hou aangesien hy 'n erfgenaam nodig het en daar min vroue aan die Kaap is. Dié wat daar is, staan hom nie aan nie. En Angelique is toe wel so mooi as wat haar pa belowe het.

Angelique het teen die tyd ernstige bedenkinge, maar Armand reken sy kan dankbaar wees hy ontferm hom oor haar. Dat sy kan bly wees hy is nie so 'n skarminkel soos haar pa nie. Angelique verdedig haar Papa vurig. Sy word egter stil toe Armand nie skroom om haar te vertel haar ma was 'n Skandinawiese vrou wat Papa van een van die vele skepe wat hy geplunder

het, geroof en op Libertia aangehou het nie. Na Angelique se geboorte het hy vir haar moeg geword en die Liberti's vrye toegang tot haar gegee. Een aand het sy die see ingestap. Haar liggaam is nooit gevind nie. Dit het Papa hom self vertel.

Daardie aand in die vrykamer waar Armand haar gehuisves het, skryf Angelique in haar dagboek:

Alles wat ek geglo het ek weet, is 'n leuen. Alles wat Papa my vertel of laat glo het. Ook my persepsie van wat hier op Franschhoek vir my wag, was fantasieë wat kwalik met die werklikheid te versoen is. Maar ek kan ook nie verwag dat die Barendse altyd vir my en Armandine moet sorg nie. Armand is my enigste opsie.

Die volgende dag vertel sy Armand van Armandine, maar nie van haar ander twee kinders of die gebeure nadat die Libertine gestrand het nie. Sy onderneem om met hom te trou op voorwaarde dat hy haar dogter as sy eie aanneem en haar sy naam gee.

Hy is woedend dat sy nie meer rein is nie en praat dae lank nie met haar nie. Een oggend laat hy haar roep en vra wie Armandine se pa is. Sy sê sy weet nie omdat sy aan geheueverlies ly vandat die Libertine gestrand het. En sy maak 'n storie op van 'n sendeling wat haar weke ná die ramp in die veld gekry en gehelp het om in die Kaap te kom. Eers op pad Kaap toe het sy haar geheue oor haar lewe voor die ramp herwin, maar sy kon nog nooit weer onthou wat gebeur het van die storm af tot nadat die sendeling haar gekry het nie.

Sonder om dit in soveel woorde te sê, laat sy dit klink asof dit redelik onlangs was. Hoogstens twee jaar terwyl dit inderwaarheid meer as vyf was.

Armand vra haar of die kind 'n baster is en sy ontken dit. Die dogtertjie het blonde hare en blou oë. Armand sê hy sal die saak oorweeg. 'n Week later gee hy uitsluitel. Hy sal Armandine aanneem en soos sy eie grootmaak. Hy sal haar self in die Kaap gaan haal, op voorwaarde dat Angelique eers met hom trou. Angelique dring aan dat hy Armandine eers gaan haal, maar hy hou voet by stuk. Hulle trou twee weke later. Ironies genoeg kom hulle baie goed in die kooi reg. Albei is ewe vurig.

'n Week ná die troue stel Angelique hom voor 'n ultimatum. Sy weerhou sy maritale regte van hom totdat hy Armandine gaan haal. Hy probeer uitstel,

maar sy gee nie toe nie. “Vir die res van jou lewe sal jy my net met geweld kan neem as jy nie my kind gaan haal nie!” skree sy op hom. Armand gee ’n paar dae later in, maar weier dat Angelique saamgaan.

Toe hy terugkom, is dit met leë hande en die nuus dat Armandine longontsteking opgedoen het nadat Angelique uit die Kaap weg is, en enkele dae voor sy aankoms daar gesterf het. Hy was net betyds om haar begrafnis by te woon. As bewys gee hy vir haar die blou skulp wat sy by Armandine agtergelaat het as talisman om haar te beskerm.

Uit die kort inskrywings hierna kan Aengel agterkom Angelique is ontroosbaar en ook dat Armand haar met teerheid en begrip behandel. Iets wat die seerowersdogter sekerlik nog by niemand in haar veelbewoë bestaan teëgekome het nie. Eers toe Angelique besef sy is weer swanger, begin sy die lewe van nuuts af in die oë kyk. Armand is in die wolke en dra Angelique op die hande. Toe sy boonop aan ’n seun geboorte skenk, loop Armand se beker van geluk oor.

Die huwelik wat so stormagtig begin het, is uiteindelik nie so ’n ramp as wat Angelique gevrees het dit sal wees nie. Angelique raak weer twee keer verwagting, maar verloor die babas vroeg in die swangerskappe. ’n Derde miskraam loop egter sleg skeef en daarna is Angelique se kanse op kinders daarmee heen.

Armand is teleurgesteld, maar gaan op in sy seun Gabriël, en daar is geen twyfel dat sy liefde vir Angelique diep en opreg is nie.

Angelique dink dikwels aan haar ander kinders. Annieskind, wat sy nooit ’n naam gegee het nie, André Jacques, wat by die Niemands agtergebly het en Armandine, die kind wat vir haar die kosbaarste van almal was omdat sy die dogter was van die man wat Angelique steeds heimlik liefhet. Sy rig egter al haar liefde op Gabriël en geleidelik ook meer en meer op Armand, wat die grond aanbid waarop sy loop.

Die dag voor haar dood weet sy die einde is in sig. Sy vra Armand om haar laaste wil en wense neer te skryf. Hy moet ’n kisse uit haar armoire gaan haal en sy wys hom die dagboeke en bewyse van haar lewe voor sy op Montagneux, wat later op haar aandrang Libertiaal genoem is, gekom het.

Haar laaste inskrywing in haar dagboek is “So is die lewe”.

Armand skryf haar laaste wil en wense in Frans agter in die dagboek neer. Angelique en twee getuies teken. Daarna maak hy nog ’n inskrywing:

Op die nag van 8 Desember 1862 het Angelique in my arms gesterf. Sy was vyf en sestig jaar oud. Op tagtig is ek alleen, my seun is getroud en besig. Ek wil Angelique so gou as moontlik volg, maar wil eers haar dagboeke lees. Dit sal swaar gaan, want my dae in Languedoc lê ver terug en ek het die taal verleer.

Daarna volg nog 'n inskrywing. (In geradbraakte Oksitaans) — lui 'n nota van Jeanne.

Noudat ek weet, het ek haar liefwer as ooit, al pyn my hart oor haar ander liefde. As ek jonger was, sou ek die onregte wat haar aangedoen is, gaan vergeld het of gesorg het dat dit vergeld word. Maar met die ouderdom saam kom ook 'n groter kapasiteit vir berusting. Niks sal Angelique terugbring nie.

Al wat my snags wakker hou, is die wete dat ek hel toe gaan omdat ek vir haar oor Armandine gelieg het. Ek hoop die geld wat ek vir haar pleegouers gegee het, is goed aangewend vir haar opvoeding, en dat sy 'n vol en gelukkige lewe lei, maar vergifnis sal ek waarskynlik nie in die hiernamaals kry nie. Gabriël het onderneem om Angelique se bruidskat te gaan soek en te sorg dat haar testament uitgevoer word. Ek het hom net die nodige vertel en ek dank die gode dat hy nie Oksitaans kan lees nie.

My lewe het net waarde gehad vandat my beminde Angelique dit met my gedeel het. Ek was 'n bevoorregte man. Seker die mees bevoorregte op aarde.

'n Laaste inskrywing, volgens Jeanne in Frans, lui:

Ek, Gabriël Rousseau, het my moeder, Angelique d'Avignon se bruidskat gaan soek, kort na Vader se oorlye. Die plek was moeilik om te vind, want Tsikumibaai heet nou Kruisbaai. 'n Baie ou Hottentotvrou wat 'n hele ent daarvandaan in 'n grot woon, het my kom vra wat ek soek. Ek het haar vertel van my moeder en haar bruidskat. Sy het gevra waar "Annie" is. Toe ek sê sy is oorlede, het sy droewig begin ween. Daarna wou sy nie weer met my praat nie. Sy het egter haar kleinkinders gestuur met 'n kis vol blou porseleinware

wat glo daar uitgespoel het.

Dis klaarblyklik al wat van die bruidskat oorgebly het. Van die skip was daar nie meer 'n spoor nie. Dit het glo een stormnag baie, baie lank gelede net verdwyn.

Die porseleinware sal in die huishouding opgeneem word, maar hierdie kisse word nou verseël tot die eerste blonde kleindogter van Angelique d'Avignon-Rousseau gebore word. Die inhoud van die kisse is soos volg:

3 dagboeke

1 blou steen

1 blou skulp

Geteken: Gabriël Rousseau

Datum: 4 Julie 1863

Aengel maak die boek toe en staar lank na die onstuimige see daarbuite, luister na die geloei van die wind. Ja, Annie, so is die lewe.

“Is jy seker, Mac? Ek kan vir jou akkommodasie reël. 'n Voertuig ook.”

“Bro?”

Roark kyk vlugtig na Mac toe hulle by 'n vierrigting stop.

“Drop it.”

Roark trek weer weg. Hy weet nie wat om vir Mac te sê nie. Nie oor die dom ding wat hy aangevang het nie en ook nie oor Charlie wat agter tralies sit nie.

“Dis nie die trotsding nie, bro. Ek sal nie skaam wees om charity van jou te vat as ek gedink het dit sal Charlie help nie, maar dit gaan hom nie help nie. En vir my ook nie. Ek sal mal word as ek dagin en daguit in hierdie dorp moet sit en heeltyd moet dink waar sit my kind.”

“Oukei. Dit kan ek aanvaar.” Roark wens hy kan die horlosie terugdraai, wens hy kon sy opdrag aan Charlie ongedaan maak. Opdrag ja, want 'n versoek was dit nie: ‘Vat vir Gerbrand Niemandsdorp toe.’ Een sinnetjie, een bevel te veel. Twee mense se lewe daarmee heen. Gerbrand s'n en Charlie s'n. En 'n derde lewe, Mac s'n, wat nooit weer dieselfde sal wees nie. En dan

praat hy nie eens van Pearl en Lulie nie. Van homself nie.

“Bro, as jy jouself sit en verwy, kry jy met my te doen.”

Roark swyg liewer.

“Jou Psychology 101 het vanoggend dalk gewerk toe jy toegelaat het dat ek jou rondruk, maar nie hierdie keer nie. Ek neuk die self-pity skoon uit jou uit as jy nie end kry nie.”

“Dis nie selfbejammering nie,” is al wat Roark waag om te sê.

“Could’ve fooled me,” brom Mac en sug. “As Charlie Gerbrand verwurg het, sit hy waar hy moet wees. Dan is dit hy wat daardie besluit geneem het. As hy Miempie en Zita ook vermoor het, hoop ek hy kry drie maal lewenslank sonder parool.”

“En tog het jy daaraan gedink om hom met die kat te help ontsnap?”

Uit die hoek van sy oog sien Roark hoe Mac knik. “Maar net totdat ek met die luitenant gepraat het. Hy het my laat besef hoe deeglik veral Zita se moord beplan was. Daar was minder as ’n halfuur speling om haar liggaam net betyds in die water te kry. Dis premeditation par excellence. As dit Charlie was, sal ek hom kan vergewe as hy so iets in the heat of the moment gedoen het, maar só? Nee, bro.”

“Dink jy hy het?”

“Ek dink hy sou Gerbrand kon vermoor het. Ons humeur is maar volatile. Ek weet ek sou dit in die omstandighede kon gedoen het. Maar Miempie en Zita?” Mac skud sy kop. “Dit glo ek nie. Ek kan net bid dit sal uitkom wie het.”

Bid is nie ’n woord wat Mac sommer sal rondgooi nie. Dit bevestig net weer hoe diep die ding sy broer moet getref het. “Wat gaan jy intussen doen?” vra Roark na ’n rukkie se stilte.

“Ek gaan by die pizzeria help soos ek belowe het, ek gaan my trips doen, Charlie se bookings hanteer sover ek kan, ’n paar visse vang wanneer die geleentheid daar is. En ek sal my seun help waar ek kan. As die hele gemors verby is, sal ek weer dink. Miskien die kat verkoop, die albatros van my nek af kry, en vir rykgatte skipper. Nou en dan ’n roll in the hay met ’n skattie sal nice wees. En as ek te oud raak vir skipper en skatties, leef ek die geld uit wat ek vir die kat gekry het vir so lank as wat dit hou.”

“Dis wat jy eintlik lankal wou gedoen het? Die kat verkoop en die res, bedoel ek.”

“Kon nie vir Charlie drop nie, maar ja. Dis wat ek eintlik wil doen. Ek

spoeg sestig in die oog. Ek is gatvol gesukkel. Ek behoort 'n miljoen skoon uit te kry. Ek sal nog 'n goeie agt tot tien jaar op seiljagte kan werk. As ek mooi werk met my geld. En as my lewer so lank hou, behoort ek tagtig te kan haal. ” Hy grinnik hoorbaar. “En daarna kom klim ek op jou nek af.”

“Behoede my,” glimlag Roark.

Mac verstel die sitplek na 'n lêposisie. “In ruil sal ek jou en Aengel se kinders oppas. En nou moet ek rus. Laai my by die pizzeria af wanneer ons in Kruisbaai kom. Ek is aan diens vanmiddag.” Asof hy 'n skakelaar tussen slaap en wakker beheer, begin Mac liggies snork, nog voor Roark kan antwoord.

Gys is net buitekant Niemandsdorp toe hy besef hy het nog nie weer sy selfoon aangeskakel nadat hy dit in die ondervragingsvertrek afgeskakel het nie.

Daar piep onmiddellik 'n boodskap deur. 'n Missed call van Fortuin, sien hy. En 'n SMS: Bel my.

Gys hoop nie iemand sien hy druk die selfoon teen sy oor nie.

Fortuin antwoord feitlik dadelik. “Daar is nie visnette in die waenhuis nie, Luitenant. Dis nou behalwe 'n skepnet en kreeffuike en so. Maar niks wat lyk soos die net wat ons soek nie. Ook niks by Gerbrand of Mac of die ander se huise nie. Net die skerms teen die wind, en almal is heel. Roark se tuinman sê die skerms se net kom van 'n kielnet wat 'n hele ruk terug uitgespoel het. Hy en Roark het die skerms daarmee opgesit en stukke vir dese en gene gegee wat wou hê, vir versiering of wat ook al. Hy kan nie mooi onthou nie, maar hy dink hy het die res van die kielnet vir Nella gegee. Hy weet nie wat sy daarmee wou doen nie, maar verbeel hom sy het iets gesê van dalk later 'n afdakkie opsit.”

“En het jy Nella al opgespoor?”

“Dis waarom ek jou gesoek het, Luitenant. Ek kry haar nog nêrens nie, maar toe ek nou weer by haar huis gaan kyk, was daar iets snaaks. Voor Roark die spoeltoilette ingesit het, was daar mos long drops. Die ander s'n is afgebreek, maar antie Nella het hare gehou vir stoorplek.”

“En?”

“Daar is 'n nuwe slot aan, Luitenant, en ek kry nie die sleutel daarvoor nie. En ek weet antie Nella het nog altyd sommer net die ding met 'n stuk

bloudraad toegehou. Daar was niks waardevols in nie. Net die soort goed wat mens nie wil weggooi nie, maar wat in die pad is.”

“Jy’t toestemming of ’n lasbrief nodig, Fortuin. Jy weet dit mos?”

“Ek is antie Nella se naaste familie, Luitenant, en sy is nie hier nie. Ék gee toestemming.”

Gys kou aan sy onderlip. Sou sy dalk die net daar stoor? Vir heeltemal ’n ander gebruik as ’n afdakkie? Dan gaan Fortuin se toestemming net mooi niks in die hof help nie. Maar, nee wat, nou’s hy laf. Dis San se dinge wat hom sulke belaglikhede laat dink. Charlie is agter tralies en dis dit. “Ek het ’n hoekslyper by die huis. Ek sal dit gaan haal en saambring. Maar as Nella vir jou kwaad is hieroor, is dit jou saak.”

“Oukei. Terloops, ek was nou net by Aengel. Dis baie duidelik dat Gerbrand nie goeie bedoelings met haar gehad het nie. Ons kan dit maar net op die rekord sit vir die wis en die onwis.”

“Reg so. Sien jou nou.”

“Luitenant?” keer Fortuin hom net voor hy afskakel.

“Ja?”

“Jy weet jy mag nie op ’n selfoon praat terwyl jy bestuur nie, nè?”

“Basta, Fortuin.” Gys glimlag effens toe hy die foon in sy hemsak druk, maar dit verflou gou. Waar de hel sou Nella wees? En dis net een vraag van ’n klomp wat hom maar net nie wil uitlos nie. Hoekom voel die hele Charlie-ding vir hom darem net ’n bietjie te maklik, is nog een.

SES EN TWINTIG

8 Desember — middag

Aengel is verlig dat sy die Bentwood-stoel uit die huis kan gooi en opruim wat op te ruim is. Die klere het Fortuin saam met hom. Wat hy daarmee wil maak, weet nugter.

Haar melancholie oor Annie het ook sommer gelig omdat sy ten minste iets gehad het om te doen. Dit was nodig. Haar voormoeder se lewe spook heeltemal te veel by haar. Sy sal een of ander tyd vir Roark sê van Armandine, maar nou moet sy op haar eie lewe begin konsentreer.

As sy gehoop het Annie gaan haar help om haar identiteit te vind, het sy haar lelik misgis. Annie het haar hoogstens geleer hoe feilbaar die mens is. Ook mense wat opgehemel word as matriarge van dinastieë. Of dalk veral hulle.

Op pad terug na die skuurtjie toe hoor sy die Skype-geluid.

“Aenge, ek is nie ’n au pair se gat nie en Jeanne weet dit,” val Lika met ’n vreemde deur in die huis.

“Wat bedoel jy, Lika? Wil jy terugkom?”

Lika skud haar kop. “Ek is tog nou hier in Frankryk. Daar is nog meer as elf maande oor van my visum en alles. Ek wil Champagne toe gaan. Alain sê hy sal my help om werk te probeer kry in ’n kelder. Hy het glo omtrent die hele familie van een van die plase in Épernay se portrette al geskilder. Hy reken hulle sal my op die een of ander manier kan help. Al begin ek met bottels afstof of vloere vee, ek gee nie om nie, maar ek wil gaan leer hoe vonkelwyn gemaak word.”

Aengel sug diep. Trust Lika. “Dis nie iets wat mens in een jaar leer nie, Lieks.”

“Dis ’n begin. Miskien help dit my om Fourie beter te verstaan. En as ek daarvan hou, kan ek wynbou in Stellenbosch gaan studeer daarna.”

“En dan?”

Sy trek 'n skewe gesig. “En dan trou jy met 'n wynboer met 'n wynplaas en forseer hom om my aan te stel, demmit! Hoe moet ek nou weet wat dan? Moet mens altyd so ver die toekoms in probeer kyk?”

Aengel skud haar kop. “'n Jaar of wat vorentoe is heeltemal genoeg.” Sy dink 'n oomblik na. “Oukei, vir elke tien euro's wat jy maak, sal ek honderd rand bydra, maar ek soek 'n bottel Veuve Cliquot én 'n Dom Perignon wanneer jy terugkom. Van 'n goeie oesjaar.”

“'n Kis, Aengy, ek bring vir jou 'n kis van elk. Love you.”

Dankie, prewel sy boontoe nadat Lika sommer net so weer afgelui het. Haar kind is oor die ergste. Al sal dinge nie sommer net so oorwaai en verby wees nie, gaan Lika hierdeur kom. Heelhuids, al sal daar noodwendig 'n paar letsels bly.

Aengel voel aan die hars van die suikerlepels. Dit het lekker hard geword. Sy kyk met 'n mate van trots na die lepeltjies. Dis cute. Regtig cute. Sy soek die mooiste twintig uit en draai elkeen in 'n stukkie vloeipapier toe. Een vir een pak sy dit in een van die bruinpapiersakke met die touhandvatsels wat sy aangekoop het vir haar bestellings. Daarna plak sy 'n stukkie seewier teen die sak, sommer vir die mooi. Daar's hy, reg vir Louis om te kom haal. Netnou, kort na Faan by haar weg is, het sy hom juis goed in sy Suzi sien laai, en hom toe gaan sê die lepels is reg as hy dit wil saamneem. Sy het liewer nie gevra waarom hy 'n tas inlaai nie.

Sy vang die sak met lepels net betyds voor dit afwaai.

“Ek dag ek het gesê jy moet die skuif ophou?” Roark druk die deur agter hom toe.

“Ja, Roark. Jammer, Roark. Hoekom klop jy dan nie, Roark?” Hy lyk moeg. “Wat het gebeur?”

Hy trek sy vingers deur sy verwaaide hare. “Ek gaan jou nie verveel met al die drama van vanoggend nie, ek kom kyk net of jy oukei is.”

“Ek is oukei. Watse drama?”

Sy luister verstom hoe hy kortliks vertel van Mac se poging om Charlie te red.

“Waar is Mac nou?”

“By die pizzeria. Hy sal my bel wanneer ek hom moet gaan haal. Of miskien sal Robert hom sommer hierheen bring as hy dalk in elk geval

deurkom.” Sy oë gaan na die skootrekenaar. “Lika?”

“Ek het haar onderskat.”

Roark gaan sit. “Vertel?”

“Dis ’n te lang storie, maar die kort weergawe is dat Fourie ’n brief agtergelaat het en ek dit vir haar gelees het. Sy het dit besonder volwasse hanteer. Wel, ’n Lika-soort volwassenheid.”

“Kan ek dit lees? Die brief?”

Aengel begin haar kop skud.

“Asseblief, Aengel. Ek wil ook probeer verstaan.”

“Hoekom?”

“Ek gee om.” Hy vee sy bakhand oor sy gesig. “Want ek gee regtig baie om.”

Miskien sou sy geweier het as hy nie so moeg gelyk het nie, miskien sou sy in elk geval die brief weer onder die rekenaar uitgehaal en vir hom gegee het. Sy weet nie. Sy weet net dat haar hart voel asof dit in ’n wringer vassit terwyl hy lees.

Dit lyk asof hy dit ’n tweede keer lees voor hy die brief vir haar teruggee.

“En?” vra sy toe hy niks sê nie.

“’n Vark en ’n lafaard, maar omdat ek ’n man is, kan ek ’n klein bietjie verstaan.”

Dis nie heeltemal wat sy wou gehoor het nie. “Verstaan? Jy reken?”

“Jy het die soort looks wat mans hulle koppe laat verloor, Aengel. Dit het hom natuurlik nie die reg gegee om te doen wat hy gedoen het nie, that goes without saying. Maar jy is maklik die sexieste vrou wat ek nog teengekom het. Dit straal uit jou uit.”

“Ek hoop nie jy dink jy gee my ’n kompliment nie.”

“Dis nie as een bedoel nie. Dis net ’n feit.”

Dit voel asof haar hele binneste in ’n breukdeel van ’n sekonde omgedop word. “Dink jy dis lekker om te lyk soos ek lyk, Roark? Dink jy dis lekker dat mans jou bekyk, jou sien as seksobjek pleks van ’n vrou, pleks van ’n mens?”

“Sou jy eerder vet en lelik wou wees?”

“Nee, maar ek sou wat wou gee dat iemand na my kyk en dink: Wie is sy? Nie: Hoe lekker sy in die bed sal wees nie. ’n ‘Lelike’ vrou ontsnap dit ook nie. Omdat sy nie uiterlik aantreklik is nie, is dit nie belangrik wie sy is nie. Omdat ek sogenaamd sexy is, is dit genoeg en is dit nie belangrik wie ek is

nie. Die foto verskil, die gevolgtrekking verskil, maar dit bly miskenning van die mens agter die looks.”

“Julle is dus slagoffers van julle looks? Of sê jy julle is slagoffers van mans se mentaliteit? Dink jy nie dis blame placing nie?” Die uitdaging lê bloots in sy stem.

“Ek is nie ’n slagoffer nie,” sê sy ergerlik. Dis genoeg dat Lika haar ’n martelgat genoem het. “Wees eerlik. Wat het jy eerste in my raakgesien? ’n Seksobjek of ’n intelligente vrou met haar eie persoonlikheid? Haar eie siening van die lewe, haar eie probleme, haar eie vreugdes? ’n Individu met goeie en slegte eienskappe? Wat was jou eerste indruk?”

“My eerste reaksie was dat ek glad nie sal omgee om saam met jou bed toe te gaan nie.”

“I rest my case.”

“Jy rest dit te vroeg. Ek het nog nooit bed toe gegaan met ’n vrou wat my nie as mens interesseer nie.”

“Zita?”

“Sy het my interesseer. Aanvanklik.”

“O?”

“’n Puriteinse mond en come to bed eyes. Die kontrasterende kombinasie het my gefassineer. Tot ek agtergekom het die oë was die gevolg van ’n swak selfbeeld en die mond ’n masker. Haar gelaatstrekke was ’n ambivalente leuen. Ek het agtergekom sy weet nie wie sy is nie. Dis waar my belangstelling getaan het. Ek wou nie haar identiteit wees nie. ’n Vrou moet my identiteit kan aanvul en ek hare. Zita kon net my energie tap. Dis hoekom dit so maklik, en noodsaaklik, was om haar te laat gaan.”

“Ek neem aan jy het vele vroue so maklik laat gaan?” Hoekom sy die vraag vra, weet sy nie. Sy wil nie regtig die antwoord hoor nie.

“By tye, maar om my eksvrou te laat gaan, was een van die moeilikste dinge wat ek al ooit gedoen het. Dit het veel dieper gesny as wat ek gedink het een mens in ’n ander kan insny. Sy het my doelbewus mislei. Vir my gelieg. En my heimlik verfoei omdat ek altyd vir haar die Bellville-boy tjie gebly het. Dis hoofsaaklik die geld wat haar gepas het, maar ’n kind wou sy nie by my hê nie. Weet jy hoe dit voel om so iets uit te vind? Sy was glo bang vir die kommin gene. Dat my kind dalk soos Mac sou wees. Sy het hom gesien as ’n suiplap en mislukking, nooit die man agter die fasade ontdek nie en nie belanggestel om dit te doen nie.”

Aengel hoor die pyn, maar sy kan ook hoor dis 'n beleë pyn. Een wat metterjare versag het. “Waar is sy nou? Jou eks.”

“Ek verstaan sy is op man nommer drie. Eggenoot nommer twee sukkel glo nou nog om finansieel te herstel. Sy het die kuns vervolmaak om verrykend te skei, en klaarblyklik besluit om nie haar kosbare Hugenoot-gene met commoners, hoe ryk ook al, te deel nie.”

Hy trek sy asem diep in en blaas dit langsaam uit. “Maar my verlede is afgehandel en verby. Sover dit moontlik is. Wat ek probeer sê, is dat jy dit net so min kan help hoe jy lyk, as wat mans kan help om jou te begeer. Dis miskien jou redding dat jy nie besef hoeveel mag dit jou gee nie. Bottom line: Wees dankbaar daarvoor, maar gebruik dit wyslik.”

Aengel gee hom 'n skeptiese kyk. “Ek gaan in elk geval waarskynlik oor tien jaar soos 'n cheap ou tert lyk. My soort looks hou nie lank nie.”

Sy moegplooie versag. “Ek stem nie saam nie, maar ek sal in elk geval nie omgee as jy eendag soos 'n cheap ou tert lyk nie. Ek hou van wat aan die binnekant sit.”

Aengel kyk hom 'n oomblik stil aan. Hoor sy wat sy dink sy hoor? “Jy het my agt dae gelede ontmoet, Roark.”

“Ons is in dié agt dae deur meer dinge as die meeste mense in twee leeftye. Dit maak nogal 'n verskil.”

Sy het nie 'n antwoord daarop nie. Net 'n blydschap wat êrens in haar loskom. Is dit moontlik dat hy Aengel raaksien? Die Aengel wat sy self nog leer ken? Of gaan dit eintlik om Annie se uitspoelgoed?

“Hoe gaan jou dinge nou met jou familie loop?” onderbreek hy haar gedagtes.

Aengel haal haar skouers op. “Die volwasse ding sal wees om mekaar te vergewe. Ter wille van Lika.”

“Sal jy hulle kan vergewe?”

“Mettertyd, ja. Dis baie uitputtend om aan te hou kwaad bly, aan te hou verwyd.”

“Dink jy nie jy vergewe te maklik nie? En ek praat nie net van François en jou suster of van Fourie nie. Ek het dit met Lika ook gesien. Sy gooi haar toys uit die cot en jy vergewe maar net. En as ek moet eerlik wees, geld dit selfs vir my. Jy word kwaad, maar net so gou weer goed.”

Aengel dink weer aan Armand se inskrywing in Annie se dagboek nadat hy haar lewensverhaal gelees het: Noudat ek weet, het ek haar liever as ooit

al pyn my hart oor haar ander liefde.

“Vergifnis kom soms makliker as wat mens dink, Roark. Miskien omdat dit wat hulle, julle, aan my doen, julle definieer. Nie vir my nie.”

Roark bly ’n ruk stil voor hy opstaan en voor haar kom staan. “Ek is ’n bliksem, Aengel. Ek besluit wat ek wil hê en sorg dat ek dit kry. Vroue ook. Ek vat wat my pas om te vat, maar nooit meer as wat my aangebied word nie. Ek gee wat my pas om te gee, maar nooit meer as wat ek bereid is nie.” Hy streel met sy geswelde kneukel oor haar wang. “Maar wanneer ek liefkry, kry ek verskriklik lief. Dan vra ek alles en ek gee alles.”

Aengel kan hom net aanstaar.

“Ek wil hê jy moet weet ek dink ek begin jou liefkry. As jy dit nie wil hê nie, moet jy nou vir my sê. Voor die skade te groot is.”

Sy drink die woorde in, verteer die implikasie, onthou dan: “Hoe belangrik is die Libertine se uitspoelgoed vir jou, Roark?”

’n Frons trek sy wenkbroue nader aan mekaar. “Ek weet nie mooi waar jy nou vandaan kom nie, Aengel, maar ek kan nie ontken dat dit vir my baie belangrik is nie.”

Teleurstelling syg deur haar.

“Dis een van die redes waarom ek Kierangbaai wou koop. Ek versamel wat ek kan en probeer sorg dat daar niks weggedra word nie. Een vleuel van die kliphuis wil ek as ’n museum inrig. SAHRA en die ander outoriteite oorweeg my versoek sterk, maar intussen moet ek bewaar wat ek kan.”

“En die halssnoer?”

Sy oë rek effens. “Nella het jou vertel?”

Sy knik.

“Ek reken dit kom jou toe, maar as die museum gebeur, sal ek dit graag op bruikleen wil uitstal. Dis tans in ’n kluis in my huis. As jy vanaand by my kom eet, sal ek jou wys, maar ek sal by SAHRA moet uitvind hoe hulle dit wil hanteer voor ek dit vir jou kan gee.”

“Jy raap dus om te bewaar?”

Hy grinnik. “So iets. Maar hoekom nou dié vrae terwyl ek jou iets heel anders gevra het?”

“Dit hou ten nouste met mekaar verband.” Sy probeer haar woorde orden, maar blaker dan net uit: “Die gevoelens wat jy sê jy vir my het, hoeveel het dit te doen met die feit dat ek Annie se erfgenaam is?”

“Daar is geen verband nie, Aengel.” Hy brei nie uit nie, maar hy hoef ook

nie. Sy lees die opregtheid in sy oë.

Aengel is lank stil voor sy vra: “Hoe weet jy dit sal anders met my wees as met Zita en jou eks?”

“Want jy weet wie jy is. En ek wil uitvind. Ek glo nie ek wou al ooit so graag uitgevind het nie.” Hy lig haar onverwags op, sit haar op die tafel neer en soen haar talmend voor hy terugstaan. “En nou, Aengel Rousseau, moet ek slaap inkry voor ek nog sotlikhede kwytraak en jou heeltemal verskrik. Maar ek soek binnekort ’n antwoord.”

Aengel sit nog met haar vingers teen haar lippe gedruk toe hy die deur agter hom toedruk.

“Sluit!” hoor sy hom roep. Net die wind se geloei bly agter. En die wete dat sy huisdeure en skuurdeure kan sluit, maar nie meer die deur na haar hart nie.

“Ek wil dit hê, Roark. Ek wil hê jy moet my liefkry,” prewel sy hardop en wonder wat hom laat dink sy weet wie sy is. En dan besef sy hy is reg. Sy het in die afgelope week meer van haarself uitgevind as in die ses en dertig jaar wat dit voorafgegaan het. Sy is Lika se ma. Sy is ’n Rousseau. ’n Dogter, suster en skoonsuster. Sy is Annie Niemand se erfgenaam in meer as een opsig. Maar sy is bowenal Aengel. ’n Vrou wat op haar regte kan staan. ’n Komplekse vrou wat ’n komplekse man liefgekry het.

Hoe lank sy so bly sit het, weet sy nie, maar sy kom vinnig aarde toe toe die wind weer binnetoe stuif.

“Aengel?”

Sy wip van die tafel af. “Louis. Hallo.” Sy rek om die sak by te kom. “Ek hoop dis wat jy in gedagte gehad het.” Sy tel een van die ekstra lepeltjies wat sy gemaak het op en wys vir hom. “Dis hoe dit lyk.”

“Dis baie mooi, Aengel. Robert sal baie in sy skik wees. Sal jy omgee om dit liewer self vir hom te gee?”

Aengel lig haar wenkbroue.

Louis druk sy hande in sy sakke en kyk vloer toe voor hy weer opkyk. “Ek het die verhouding verbreek. Ek het juis die laaste van my goed kom haal. Nou is ek op pad Kaap toe. Miskien kan ek nog vrede maak met my familie. Miskien nie. Ek sal nog maar moet sien.”

“Ek is jammer, Louis. Ek hoop dinge werk vir jou uit. En vir Robert.”

Maar sy weet sy huigel. Dis vir Robert wat sy eintlik jammer kry. 'n Man wat op 'n manier net so 'n gyselaar van sy voorkoms is as sy.

Hy knik net.

Sy skuif die sak eenkant toe. "Ek sal vir Robert gee."

"Oukei, dan is dit tyd om te groet. Ek is bly ek het jou ontmoet. Jy het soos 'n vars bries hier ingewaai." Die wind ruk aan die skuurdeur en hy glimlag. "Nie soos die stormwind van vandag nie, hoor." Hy steek sy hand uit. Sy palms is koud en 'n bietjie klam.

"Bye, Aengel." Hy buig effens en draai om. Amper by die deur, kyk hy terug. "O, gits. Jammer om lastig te wees, maar kan ek dalk gou jou selfoon gebruik? My lugtyd is op. Ek wil net gou 'n laaste reëling met Roark tref."

"Ja, sekerlik." Sy kry haar foon en gee dit vir hom. "Nommer 5 op snelbel."

Louis bestudeer die foon 'n oomblik en druk knoppies. Hy draai sy rug op haar en stap 'n paar tree weg. Hy klik sy tong. "Sy foon is af."

"Hy het gesê hy gaan slaap. Kan ek vir hom 'n boodskap gee?" Sy kan haar nie indink dat Roark sy foon sal afskakel net omdat hy wil slaap nie, maar hy het baie moeg gelyk.

Hy skud sy kop. "Ek sal hom later kontak, dankie." Hy trek sy asem skielik in. "Genade, amper vergeet ek. Nella het my van Strandloper se foon af gebel net voor ek hier by jou aangekom het. Dis eintlik waarom ek hierheen gekom het. Behalwe natuurlik om te groet. Nella is in die strandlopergrot."

"Wat op aarde maak sy daar?" vra Aengel verras, maar verlig dat daardie raaisel darem opgelos is.

"Die ou siel het haar enkel verstuit en sit al van gistermiddag af daar. Gelukkig het Strandloper sopas teruggekom van waar hy ook al was en haar daar gekry. Sy het gevra of jy haar kan kom haal. Jy weet glo iets van noodhulp."

"Natuurlik. Die arme Nella. Sy is seker in 'n toestand. Maar wat het sy daar gaan soek?"

"Annie-se-skat, glo dit as jy wil. Siestog, ek dink Miempie se dood het haar swaarder getref as wat ons besef."

"Sal die RAV dit maak?" dink sy hardop.

"Dit behoort tot redelik naby aan die onderpunt van die paadjie grot toe te kom. Weet jy waar dit is?"

Aengel skud haar kop.

“Ek sal jou gaan wys. Hopelik het Strandloper Nella al ondertoe gehelp teen die tyd dat ons daar kom, dan kan ons haar net inlaai. Alhoewel dit seker maar sal sukkel. Die ou mens is nogal lywig.”

Aengel stap haastig deur toe. “Ek gaan haal net gou die RAV. Wag vir my waar die paadjie afdraai?”

“Oukei, kry jou daar.”

Ongevoelige bees! skel Aengel terwyl sy hut toe hardloop. Hoe kan hy “amper vergeet” Nella is daarbo en beseer? Van gistermiddag af al. In die kombuis gryp sy die sleutels, hardloop badkamer toe en kry die noodhulpkissie.

Sy het die RAV al aangeskakel en tru al toe sy besef sy het haar selfoon vergeet. Louis het nog daarmee in sy hande gestaan. Miskien dink hy daaraan om dit saam te bring. Buitendien, Strandloper het klaarblyklik ook een. Met lugtyd. As daar probleme is, sal hulle darem nog kommunikasie hê.

Louis se Suzi wag by ’n afdraaipaadjie net anderkant die grootste rotse. Hy moet haar gesien het, want hy draai af. Die Jeepie waggel oor klippe en deur dippe en verdwyn oomblikke later uit haar sig. Aengel ry versigtig agterna tot sy die Suzi agter ’n groot rotsblok sien staan. Louis wys vir haar om stil te hou en klim aan die passasierskant in.

“Die Suzi is so swaar gelaai, ek is bang ’n as breek. Nog net ’n entjie aan.”

“Is jy seker mens kan hier ry?” Aengel laat die RAV oor die ruwe terrein kruip.

“Hoe nader ons kan kom, hoe beter. Ek het al tot by die voetpunt gery. Die RAV behoort dit maklik te maak. Oukei, hokaai. Stop net hier.”

Aengel stop, maar nie in opdrag van Louis nie. Die RAV kan nie ’n tree verder nie, dit staan feitlik neus aan neus met ’n enorme rots. Die wind ruk aan die voertuig en die branders raas.

“Louis? Sal die gety my nie hier vang nie?” vra sy toe wit skuim net anderkant die rotse die lug in spat.

Louis kyk op sy horlosie. “Daar is genoeg tyd. Dis eers sesuur hooggety. Strandloper moet net nie te lank draai nie. Van vyfuur af sal mens nie meer in of uit die grot kan kom nie.”

Die wind ruk byna die RAV se deur uit haar hand uit toe sy uitklim en haar hare vlieg in alle rigtings. Dit het koel geword ook. Sy vryf haar arms.

Louis kyk om na die Suzi wat ’n hele ent bokant hulle geparkeer staan en sug. “Ek is eintlik so vrek haastig, maar kom ons gaan kyk of ons Strandloper

en Nella kan sien. Ek kan jou darem nie so alleen hier los om te sukkel nie.”

“Dit sal baie gaaf wees, dankie.”

Hy keer toe sy die noodhulpkissie uithaal. “Jy sal nooit die paadjie kan klim met daardie ding in jou hand nie. Ons sal haar hier onder moet kry voor jy na die besering sal kan omsien.”

Sy volg Louis teen ’n steilte tussen die rotse op, spyt sy het nie daaraan gedink om ’n baadjie aan te trek nie. ’n Ent verder wink Louis haar nader.

“Ek dink ek het ’n kop bokant een van die rotse sien uitsteek. Miskien wag hulle daar,” sê hy toe sy by hom kom.

Sy stap weer agter hom aan toe hy omdraai en hoër klim. Links van haar dreun die see soos ’n trein in ’n tunnel. As dit is hoe dit hier lyk twee en ’n half uur voor hooggety, wil sy nie weet hoe dit met hooggety lyk nie.

“En wanneer kom jy nou eendag weer ’n ordentlike bord kos eet pleks van verlepte goed in die luoond?”

“Ek is besig, San.” Gys kan haar skaars hoor bo die een of ander sopraan wat haar longe losgil en deur die oop tussendeur tot hier in sy motorhuis duidelik hoorbaar is. “Hoe kan julle met die lawaai saamleef?” vra hy befoeterd terwyl hy in die bokse wat hy nog nie uitgepak het nie soek vir die boutsnyer.

“Gertruidatjie is in die bad, toe besluit ek om vir haar ’n ou CD’tjie aan te sit. Sy is so lief vir Callas, maar ek moes die klank hoog draai dat sy deur die toe deur kan hoor. Fooi, die kind is doodmoeg gewerk aan hierdie boskaas van ’n tuin van jou. En in hierdie wind.”

“Skuus, San.” Hy druk haar effens eenkant toe om by nog ’n boks uit te kom.

“Ons eet vanaand beestert. Gertruidatjie het die meeste gedoen. Sy kom mooi reg in die kombuis. Jy kan gerus sorg dat jy etenstyd hier is, Gysie. Gertruidatjie ...”

“San!”

“Wat nou?”

“Ek is haastig. Ek probeer konsentreer. En al wat jy doen, is Gertruidatjie, Gertruidatjie in my ore.”

San wip haar kennelik. “Vir jou, Gys Niemand, kom ek nooit weer kuier nie.”

“Asseblief, San. Ek moet op Kierangbaai kom.”

“Maar julle het die swernoot dan vasgetrek?”

Gys slaak ’n sug van verligting toe hy die boutsnyer, nog in sy verpakking, raaksien. Hy wou dit in die kis agter in sy bakkie gesit het, maar het nog nie sover gekom nie. “Nella is soek.” Hy skuur verby haar. “Ek sal probeer betyds wees vanaand. Is daar genoeg beesstert vir Fortuin ook as hy dalk wil saameet?”

“Natuurlik. Maar wat is dit nou van Nella?”

“Sy is weg. Niemand weet waar sy is nie.”

Gys begin bakkie toe aanstryk. San draf skoon om by te bly, die kerie soos ’n roeispaan wat haar help vorentoe dryf. “Voor of ná daai Gerbrand gister verwurg is?”

Hy gaan staan stil. “Ons weet nie presies wanneer sy verdwyn het nie.”

“A ha! En hoekom sal sy heel toevallig op dieselfde dag verdwyn?” San vou haar arms en tik met die keriepunt teen sy bors. “Maar moenie vir my luister nie, Gys Niemand. Ek verwar jou mos.”

Gys snork net, klim in sy bakkie en slaan die deur toe. San lees te veel moordstories, uitgedink deur mense wat niks van moordenaars weet nie.

“Seweur, Gys. Ons eet seweur,” hoor hy haar nog deur die skrefie venster wat oop is.

Nog net ’n week. Oor sewe dae kan hy weer rus vir sy siel in sy eie huis kry.

“Sien jy hulle al?” roep Aengel na Louis wat nou ’n hele ent voor haar is. Haar ellendige hare is heeltyd in haar oë en belemmer haar spoed omdat sy net een tree op ’n slag voor haar kan sien. Haar plakkies is ook nie die ideale klimtoerusting nie.

Aengel kom regop, hou haar hare vas en kyk om haar rond. “Louis!” roep sy.

Hy kyk om.

“Hoe de hel het Nella hier opgeklim gekry?”

Hy hou sy bakhand agter sy oor.

Sy beduie hy moet wag en klim tot by hom. “Ek vra, hoe het Nella hierdie paadjie uitgeklim?”

“Sy het waarskynlik die lang pad gevat. Dis heel stapbaar maar dis ’n groot

draai.”

“Maar dan sal hulle mos daarlangs afkom ook?”

“Ja, maar ons sal hulle kan sien en dan kan oorbeweeg daarheen. Ek is net ’n bietjie haastig, Aengel. Glo my, dis die laaste soort ding wat ek wil doen terwyl ek so vinnig as moontlik die stof van hierdie plek van my voete wil afskud. Maar kyk, daar is die bek van die grot al. Ons kan nou maar netsowel tot daar klim. Strandloper kon haar waarskynlik nie beweeg kry nie. Miskien is dit ernstiger as wat hy gedink het.” Hy stap verder.

Aengel blaas haar hare uit haar oë en probeer haar irritasie onderdruk. Hoe dink hy gaan hulle Nella hier af kry as dit dalk ernstiger is? Nella, wat al wie weet hoe lank daar sit. As Strandloper nie teruggekom het nie ...

Maar hoekom sou Nella vir Louis gebel het? Seker ook nie antwoord by Roark gekry nie. Of dalk het sy nie sy selnommer gehad nie. Louis se nommer moet seker op Strandloper se foon wees. Maar hoekom sal hy dit hê?

’n Brander knal teen die rotse langs haar net voor die sproei haar papnat reën.

Aengel vee haar nat hare uit haar gesig en draai om. Ver onder haar sien sy branders wild aan die RAV lek. In die sloep tussen haar en die RAV bruis en klots grou water.

Nog ’n brander klap. Dié keer kry sy ’n skoot water teen die rug. Die enigste opsie is om verder boontoe te skarrel, agter Louis aan. Sy moet seker dankbaar wees hy laat haar nie aan haar lot oor nie.

“Jis, maar Luitenant kan draai.” Fortuin kry dadelik koers Snoekloop toe.

“Ek het die boutsnyer gesoek,” blaas Gys agter hom aan. “Waar is die kleinhuisie?”

“Daar links aan die huis vasgebou.”

Gys kan nie eintlik sien dit is aangebou nie. Van hier af lyk dit soos deel van die huis, net vensterloos.

“Ek moet sê, die plek stink nog maar net soos voor die gat toegegooi is,” sê Fortuin toe hulle om die hoek stap.

Gys kom effens uitasem voor die deur tot stilstand. Fortuin is reg. Dit ruik nie goed hier naby nie, maar hulle is darem uit die ergste wind.

“Jy reken ek het jou toestemming in die afwesigheid van jou tante?” vra Gys toe hy die boutsnyer se bek om die slot se staaf pas.

“Ja, Luitenant. Sny.”

Die boutsnyer maak gou korte mette met die slot. Fortuin maak die deurop en Gys druk sy neus toe.

“Is hier ’n lig?” Gys probeer uitmaak wat in die donker kamertjie aangaan. Hy verbeel hom hy kan ’n hoop visnet uitmaak, maar die skerp lig buite verblind hom.

“Nee, maar ek het my penflits by my.” Fortuin soek in sy broeksak. “Ek dra dit nou altyd by my vandat ons laas sonder lig in Strandloper se grot gesit het.” ’n Smal ligstraal dring deur die donkerte.

Dis inderdaad ’n hoop visnet wat hy gesien het. En dit lyk báie bekend. “Wat steek daar regs uit, Fortuin?” Die flitsie belig eers net ’n hand en toe kom die prentjie in sy geheel na vore.

Nella Bandjies het nie ’n maklike dood gesterf nie.

SEWE EN TWINTIG

8 Desember — laatmiddag

Aengel gaan staan uitasem en kyk na die grotbek waarin Louis reeds verdwyn het. Die oorblywende twintig meter is darem uit die pad van die branders en die ergste sproei.

Sy draai weer om en moet aan 'n rotpunt vashou om nie van haar voete af gewaai te word nie. Geen wonder Strandloper het Nella nie afgebring ondertoe nie. Die voetpunt van die walvisvormige gebergtetjie lê in een malende massa water tot 'n goeie dertig meter van haar af. Sy kyk Kierangbaai se kant toe. Aan die kierangkant is daar nie 'n stukkies strand oor nie, net bruisende branding. Rykmansklip se skiereiland is lankal nie meer sigaar nie, net die opslagbranders verklap waar die hoër punte daarvan is. Van Rykmansklip steek net omtrent 'n meter of wat uit. Louis het hom misgis met die hooggety, of miskien is dit omdat die wind nou stormsterkte bereik het.

Sy kan nie die RAV van hier af sien nie, maar dit lyk asof die Suzi wat hoër op staan oukei is. Daar is niks wat sy nou kan doen nie, behalwe om in die grot en hopelik uit die wind te kom.

Aengel beur teen die wind in. Uiteindelik by die grot se bek, word sy letterlik binnetoe gewaai. Binne is dit skielik stil en windloos en droog. Sy slaak 'n sug van verligting. “Louis?” roep sy terwyl haar oë aan die skemerte begin gewoond raak. Die bewolking help nie juis nie. “Nella?” roep sy weer.

“Lyk my nie hulle is meer hier nie,” hoor sy Louis se stem dieper binnetoe.

Aengel maak haar oë toe en weer oop. Geleidelik begin goed vorm aanneem. Sy stap dieper in, waar die ammoniak en dassiereuk haar soos 'n muur begroet. Met die kring van haar elmboog teen haar neus, kyk sy rond. Louis staan by 'n kring klippe waarin koue as lê. 'n Hopie dryfhout lê langsaan.

Hy steek 'n sigaret aan en blaas die rook behaaglik uit. “Sjoe, die wind is

omtrent kwaai.” Hy hurk by die dryfhoute. “’n Vuurtjie sal ons darem ’n bietjie hitte gee. Ek sien jy is ook sopnat.”

“Louis, jy kan nie vir my sê dis nie hooggety daarbuite nie.” Noudat die wind se lawaai uit haar ore is, voel dit asof sy vir die eerste keer weer behoorlik kan dink.

“Nog nie, maar ons het dit net-net gemaak.” Hy frommel ’n stuk koerant op en pak van die kleiner dryfhout daarop.

“Ek dag jy sê dis eers sesuur hooggety?”

Hy hou sy aansteker by ’n puntjie van die koerant. Dit vat vlam en lek-lek aan die dryfhout. Hy pak nog ’n paar stukkies bo-op toe die dunnetjies vlam begin maak.

“Louis?” raak sy ongeduldig.

Hy kom regop en glimlag. “Sesuur? Nee, jy moet my verkeerd gehoor het; 16:54, om presies te wees.” Hy kyk na sy horlosie. “Oor drie en vyftig minute.”

“En dan is dit seker nog ’n uur daarna voor ons hier kan af! Hoekom het jy ... Nee, ek het jou nie verkeerd gehoor nie. Jy het ... En waar de hel is Nella-hulle?” Aengel se kop draai. Wat is dit met Louis? Hoekom lyk hy so ... Wat? Tevrede?

“Staan nader aan die vuur. Kyk hoe bewe jy.” Hy gooi nog dryfhout op. Die vlamme knetter en hy koes effens vir ’n paar vonke wat in sy rigting uitskiet.

“Louis, ek vra, waar is Nella en Strandloper?”

Louis kyk na haar. “Hoe sal ek dan nou weet, Aengel?” Die onskuldige gesigsuitdrukking lyk vals. “Hy het haar seker ondertoe geneem. Miskien het ons hulle nie raakgesien nie omdat ons met die korter pad gekom het. Miskien het hy iemand anders gekry om hulle te kom haal voor ons daar aangekom het.”

‘Die netman wil jou ook vang,’ hoor sy Strandloper se stem asof hy langs haar staan.

Louis vou sy arms, die sigaret tussen sy vingers. “Of Strandloper is nog in Goringgat. Dis waarheen Roark se tuinman Annie se trommel, weggesteek onder ’n spul streepsakke hout, Maandag vir hom geneem het. Dis nou nadat hy die vullis na die stortingsterrein toe aangery het. As Fortuin nie saamgekarring het daarheen nie, sou ek dit daar kon onderskep het. ’n Stortingsterrein skep goeie geleenthede om ’n lyk te laat verdwyn. Maar toe

is Fortuin nou by.”

Aengel trek haar asem skerp in. Sy kan nie glo sy hoor reg nie.

Louis glimlag vir haar. “Toe moes ek maar ander planne smee.” Hy gooi die sigaretstompie op die vuur, tel ’n brandende stuk dryfhout versigtig op en stap dieper in die grot in. “Kom kyk,” sê hy oor sy skouer.

Aengel kom uit haar stupor uit. “Wat bedoel jy? Waar ...?”

“Kom kyk, sê ek mos.”

Sy stap huiwerig agter hom aan. Raak sy nou van haar verstand af? Het Louis regtig sopas van ’n lyk gepraat, met dieselfde ongeërgdheid as wat hy van ’n koffiebeker sou praat? ’n Gevoel van onwerklikheid vou versmorend om haar toe.

Hy gaan staan aan die rand van ’n gat van ongeveer ’n meter en ’n half by ’n meter. Eenkant lê ’n hoop sand en klip en ’n gekrulde stuk kabel. Langsaan staan ’n emmer met ’n tou aan. Om die gat lê honderde ligblou skulpe gestrooi. Annie-se-riksdaalders. Daar is ook ’n magdom perlemoenskulpe. Toe sy oor die rand van die gat loer, skrik sy. In die lig van die vlamme lyk dit maklik drie, vier meter diep. Deur ’n metaalrooster naby die onderpunt kan sy die wit skuim en grys water ’n ent ondertoe sien maal.

“Slim, nè?” Hy tel een van die blou skulpe op en laat dit in die gat val, waar dit teen die metaalrooster klingel en dan sy lê kry. “Ek wonder wie het die plan die eerste keer uitgedink. En ek wonder hoeveel keer moes die Strandlopers voor onse Strandloper die rooster vervang wanneer dit begin deurroes. Onse Strandloper het staal gebruik. Nie ’n maklike taak nie, maar nie onmoontlik met laagwater nie. Van onder af, natuurlik. Hier moet ’n spuit gewees het, eeue of dalk millenniums gelede toe die see hoër was. Een wat hulle besluit het om te gebruik om Annie-se-skat in te bewaar vir wanneer sy eendag terugkom. Om die vloek op te hef.”

Aengel gaap hom aan, onmagtig om ’n woord uit te kry.

“Die plan was eenvoudig. Blokkeer die gat van onder af met die rooster, gooi ’n spul skulpe hier af om ’n laag te vorm wat die rooster se gate toemaak. Daarna sand en klip en nog skulpe. Daarna die trommel. Nog sand en skulpe, ’n bolaag van Annie-se-riksdaalders langs mekaar ingepas soos ’n skild, en toegemaak met vasgestampde sand voor los sand daaroor gestrooi word. Druk ’n graaf in en dit klink asof mens rotsbodem slaan.”

“Hoe het jy geweet?”

“Dink jy regtig ek is so lief vir swem?” Hy lag. “Ek het geweet daar moet

êrens 'n truuk wees. Gerbrand se pa het op sy sterfbed vir Gerbrand gesê die skat is in die grot en generasie na generasie Strandlopers pas dit vir Annie se wederkoms op. Die Niemands weet dit al geslagte lank, maar nie een van hulle kon die skat ooit opspoor nie.” Hy steek nog 'n sigaret op en teug behaaglik daaraan. “Nie eens 'n Niemand lieg op sy sterfbed nie.”

As Strandloper haar nie vertel het wat hy haar vertel het nie, sou sy kon dink dis die produk van 'n vrugbare verbeelding.

“Wanneer Strandloper nie hier was nie, het Gerbrand in die grot gesoek, maar orals het hy net rotsvloer gekry. Nes die Niemand-geslagte voor hom. Nadat ek hom eendag hier betrap en gekonfronteer het oor 'n paar dinge, onder meer sy gelol met Miempie, het ons begin saamwerk. Ons het nie veel beter gevaar as hy of sy voorgeslagte nie. Selfs 'n metaalverklikker het ons niks gehelp nie en ek verstaan nou waarom. Die kis was hopeloos te diep begrawe vir die soort model wat ons kon bekostig.

“Uiteindelik het ek hom oortuig sy pa het Rustler's Cove bedoel. Toe het ek hier begin soek terwyl Gerbrand Rustler's Cove toe is. Maar ek was nie so onnosel soos die Niemands nie. Ek het van onder af gesoek na die waarskynlikste plek. Maande lank. En toe, die dag voor volmaan, op laaggety, toe sien ek dit. Die inham onder die grot. Metaalpenne wat ingeslaan is om te kan opklim tot by die onderkant van die gat. En die rooster. Ongelukkig het Miempie my van die Rykmanskant af gesien terwyl ek opgeklim en die rooster bevoel het. Dit sou nie so erg gewees het as sy nie 'n paar maande tevore ook vir my en Gerbrand met die metaalverklikker en grawe in ons hande gesien het op pad terug van die grot af Suzi toe nie. Dit was toe Roark oorsee en Strandloper weer in Goringgat was.

“Ek het haar destyds omgekoop om niks te sê nie, maar toe blaker sy dit mos uit, daardie oggend toe sy in die kombuis naar geword het, dat sy my en Gerbrand gesien het. Dit het my natuurlik gepas dat Robert gedink het sy bedoel sy het my en Zita gesien, maar ek het geweet sy sal nie haar mond kan hou oor die inham nie, veral nie teenoor Gerbrand nie, en ek wou nie my nuwe kennis met Gerbrand deel nie. Dit het my geen ander opsie gelaat as om haar finaal uit die berekening te haal nie.”

Aengel tree haastig eenkant toe toe Louis op haar afgestap kom, maar hy hou verby na die vuur toe, waar hy nog hout opsit. Die duister om haar is klam en grillerig hier dieper in. Sy stap weer vorentoe waar sy makliker kan asemhaal.

“Kom sit, word warm,” nooi hy gul. Asof sy by hom kom kuier het.

Sy sak met lam bene neer op een van ronde klippe wat lyk asof dit bedoel is om as sitplekke te dien. Louis gaan sit op ’n ander een.

“En Zita?” vra sy uiteindelik terwyl haar verstand probeer sin maak van Louis se bekentenis.

“Ja, onse Zitatjie. Sy wou nie hê Gerbrand moet Annie-se-skat met my deel nie. Veral nie toe sy uitvind sy verwag nie. Sy wou met Gerbrand trou, maar met ’n ryk Gerbrand. Net die hele skat sou goed genoeg wees, nie die helfte nie. Gerbrand daarenteen, het my die oggend ná Zita hom vertel het sy verwag, gebel en gesê hy soek nog net daardie dag vir oulaas in Rustler’s Cove. Dan is die deal af. Hy is moeg gesoek vir skatte wat waarskynlik nooit bestaan het nie, behalwe in sy mal pa se kop. Hy gaan hom nou daarop toespits om hard te werk en sy laaitie te versorg wanneer dié kom.” Sy laggie klink metaalagtig. “Sou hy regtig gedink het ek glo hom? Gedink het ek weet nie hy wou my net uit die pad hê nie? Dat hy weer alleen wou verder soek nie? Dat hy dalk besef het ek het hom mislei nie?”

Louis se mondhoeke krul minagtend. “Hy het my natuurlik onderskat. Soos met almal in my lewe die geval is. Dis nou behalwe Zita. Ná Gerbrand Rustler’s Cove toe is, het sy my gebel en gevra wat die arme Miempie dié keer raakgesien het wat sy nie moes nie. Ek het haar nie geantwoord nie, net gevra wat sy gaan doen as die vaderskapstoets bewys haar kind is Charlie s’n. Eers het sy gestry, later gesê sy het haar planne, maar sy was slim genoeg om te besef ek het skaak geroep. Toe sê ek vir haar Gerbrand gaan ophou soek na die skat, maar ek het ook ’n plan. Een wat haar sal pas. Ek het vir haar gesê ek weet nou waar die skat is en sal dit kan onderskep voor Gerbrand sy oë kan uitvee.

“Aanvanklik wou sy my nie glo nie, maar ek kon haar oortuig deur net ’n bietjie van die waarheid te vertel. Haar inhaligheid het gewen. Ek het voorgestel sy lok Charlie redelik opsigtelik Koostrand toe. Dit moet lyk asof hy die rede is waarom sy daar is. Ek het gesê ek sal haar na die tyd daar kry, sodat niemand snuf in die neus kan kry dat ek en sy van nou af saamwerk nie. Hier op Kierangbaai is daar te veel oë.

Sy het my geglo toe ek sê ek is moeg om met onnosele lafaards opgeskeep te sit en dat sy die soort slinksheid het wat nodig is om ná die tyd teen die hoogste prys van die skat ontslae te raak. Sy het finaal ingegee toe ek haar sê ek kan dit nie alleen doen nie, veral nie as dit juweliersware behels nie. Ons

kan bespreek hoe ons die winste sal deel, het ek haar gesê. En dan is die geld wat sy kry net hare. Sy sal nie afhanklik wees van Gerbrand se vrygewigheid nie.”

Louis grimlag en skud sy kop. “Ja, dié Zita.” Hy gooi nog ’n dryfhout op die vuur, maar Aengel wonder of hy weet dat hy dit doen.

“Toe sy instem, het ek vir haar gesê sy moet met Charlie afsprek om haar elfuur by Koostrand te kry. Ek het kastig gaan swem, in die hoop dat jy of Roark my raaksien, maar was nie seker of dit gebeur het nie. Gelukkig kom Charlie toe daar by jou aan en sien my toe wel. Daarna was dit net ’n kwessie van uitswem en omstap Koostrand toe terwyl hy by jou was. Robert se kar was by Rykmanshut geparkeer en toe julle my nie meer kon sien nie, sou julle waarskynlik aanneem ek stort of gesels met Gerbrand. Julle het immers nie geweet hy is nie daar nie.

“Ek moet sê,” hervat hy die eensydige gesprek, “ek het effens bekommerd geraak toe Charlie die tweede maal daar opgedaag en na Zita roep. Teen daardie tyd was Zita natuurlik nie meer nie. Ek kon nie glo sy was nie agterdogtiger nie. Dit was eintlik so maklik en so vinnig, maar die truuk was dat ek moes wag vir hoogwater, anders kon sy dalk te gou en te naby uitspoel, soos Miempie. Ek het gedink dit sal dae neem. En veral met Zita het ek tyd nodig gehad. Soos dit is, het sy weer eens vroeër uitgespoel as wat ek sou verkies. Ek sou liever reeds weg wou wees, maar die see het nou eenmaal nukke wat mens nie kan voorsien nie.”

“Maar het Pearlle jou nie betrap nie?” Aengel hoor haar eie stem asof dit van ver af kom.

Louis se oë verloor die dromerige, amper gehipnotiseerde uitdrukking en Aengel is dadelik spyt sy het hom onderbreek. Hy kyk op sy horlosie, ontspan dan weer.

“Ek het ’n hele rukkie ná haar daar aangekom, maar Pearlle het amper my planne omvergegooi. Ek het hulle gelukkig net betyds hoor praat. Daarna het ek my buite sig gehou en my tyd afgewag. Dit was senutergend, maar ek het geduldig gebly.

“Ieder geval. ’n Kwartier voor hoogwater het ek met Zita ingeswem. ’n Klein vlotjie van dryfhout soos daardie een daar, het baie handig te pas gekom.” Hy beduie na ’n kontrepsietjie wat op ’n hoop perlemoenskulpe lê. “Ek het haar gelos waar die stroom haar sal vat. Die liggaam sou weldra van die vlotjie afval, het ek geweet, maar dit het haar kans gegee om behoorlik in

die stroom te kom sonder dat ek te naby hoef te gaan. Daarna het ek om kierangpunt geswem, naby genoeg aan die onderkant van die grot dat Strandloper my nie sou kon sien nie. Dis gevaarlik, maar dis moontlik met hoogwater, solank die see kalm is en jy wegbly van die strome af. Op 'n dag soos vandag sou dit onmoontlik gewees het, maar die gode was met my. En 'n goeie webwerf oor verwagte weersomstandighede het natuurlik baie gehelp met die beplanning. Ek het nogtans gesukkel met die swemmerie en ek moet erken, in een stadium was ek bekommerd ek gaan dit nie maak nie. Maar ek het dit reggekry en uiteindelik kon ek aan die kierangkant uitswem.”

“Waarom vertel jy my, Louis?” vra Aengel met 'n hart wat moeisaam klop toe hy 'n ruk stilbly, asof hy sy stryd teen die see weer beleef.

Hy kyk weer na haar. Sy oë is uitdrukkingloos. “Ons moet op die een of ander manier die tyd omkry tot hoogwater toe, Aengel, en ek is regtig nie lus om na jou treurmares te luister nie. Hoekom vra jy my nie liever waarmee ek Zita verwurg het nie? Toon 'n bietjie belangstelling, dit is immers die laaste gesprek wat jy ooit sal voer.”

Sy kyk hom verstar aan. Selfs al sou sy iets wou sê, kan sy nie. Daar is net nie genoeg asem in haar longe nie. Dis asof alles in haar binneste vir 'n breukdeel van 'n sekonde tot stilstand geskok het. Sy het besef sy is in lewensgevaar, maar om dit so blatant uitgestip te hoor ... Uiteindelik kom haar hart met 'n hik weer aan die gang.

“Ek het Gerbrand se swembroek se koord uitgeryg en om my enkel gebind,” verskaf hy die antwoord voor sy kan vra. “Dit was veronderstel om van hom die verdagte te maak, maar die polisie is so eenvoudig, hulle het seker nou nog nie eens agtergekom sy een swembroek is sonder koord nie.”

Hy glimlag. “Ag, en van Gerbrand gepraat. Roark het dit darem baie maklik vir my gemaak. Ek het reeds ander planne gehad, maar toe die geleentheid hom voordoen, kon ek dit nie laat verbygaan nie.” Hy begin skud van die lag. “En toe daag Charlie boonop net mooi op die regte tyd op.” Hy versomber weer vinnig. “Alhoewel dit hittete was of hy het my betrap. Maar dit was Nella se skuld. Ek het nie geweet sy is terug nie. Toe ek Gerbrand na jou toe sien slinger, is ek gou na haar stoorkamer toe om nog net te kry. Ek kon natuurlik nie weet van die guns wat Roark my sou doen nie, maar ek het geweet Gerbrand sal die een of ander tyd teruggaan en ek wou hom inwag. Hy was smoordronk en ek het geweet dis my kans. Hy het dinge vir my heeltemal te moeilik begin maak en dit was net 'n kwessie van tyd voor sy

paar breinselle uiteindelik by die regte slotsom sou uitkom.

“In elk geval, Nella moes my gehoor het. En toe sy sien ek sny ’n stuk net af, het sy twee en twee bymekaar getel. Ek moet sê, so oud en vet as wat sy is, was sy ’n moeiliker kalant as Zita, maar die geluk was weer eens aan my kant. ’n Paar minute hierdie of daardie kant toe, sou dinge nie so goed vir my uitgewerk het daar by Gerbrand nie. Maar nou ja, solank mens kophou, speel die geluk dikwels saam.”

Aengel probeer haar skok en afgryse onderdruk. Louis wag dat sy emosie wys, maar sy weier om hom die genoegdoening te gee. “Toe is jy na Mac toe?” vra sy in ’n neutrale stemtoon wat sy van êrens af opdiep.

Hy knik. “Toe kon ek ontspan. Al wat ek nog moes doen, was om ’n slot aan Nella se stoorkamerdeur te sit en ek het geweet ek sal vanoggend heeltemal genoeg tyd daarvoor hê. Ons het eintlik nogal lekker gekuier, ek en ou Mac. Mense kyk hom ook vlak.”

Louis kyk weer op sy horlosie. “Amper daar, Aengel,” glimlag hy innemend. “Ons moet ongelukkig vir hoogwater wag, anders kan die stroom jou in die klein baaitjie insleep. Wat nie saak sal maak as ek jou eers permanent buite aksie kon stel nie, maar jy sal ongelukkig lewend moet in. Nog ’n verwurging sal mense laat wonder oor Charlie se betrokkenheid by die ander. En dit wil ek nie hê nie. Strandloper moet die skuld vir jou dood kry.”

“Hoekom wil jy my dood hê?” wurg sy dit uit.

“Dit dien ’n dubbele doel, Aengel, dis die wonderlike deel van die plan. Eerstens is jy klaarblyklik Annie se erfgenaam. Ek moet sê, dit was nogal ’n skok toe Gerbrand dit gisteroggend vir my sê. ’n Opsporingsfooi gaan regtig nie die knoop vir my deurhaak nie. En tweedens sal Strandloper hom nie laat omkoop nie. Hy sal daardie skat met sy lewe bewaar en hy is te uitgeslape om hom met ’n slap riem te laat vang, soos jy en Zita. Dis ’n saak van eer by hom. ’n Voormensesaak, en jy weet hoe is hulle oor hulle voormense. Dit het Gerbrand se pa al besef toe hy met Strandloper probeer onderhandel het. As Strandloper egter gearresteer word vir jou moord, is ek sommer van hom ook ontslae.”

“Maar jy het self gesê Strandloper is by Goringgat.”

“Teen hierdie tyd lankal nie meer nie. Jy sien, toe jy by jou skuur uit is om die RAV se sleutels te gaan haal, het ek vir Strandloper ’n SMS van jou foon af gestuur: Kry my dringend by grot. Annie.

“Ek skat hy sal hier kan wees teen die tyd dat die gety hom toelaat om boontoe te kom. Hy het ’n bergfiets wat Roark se tuinman vir hom stoor wanneer hy hier is. Dis waarmee hy altyd so maklik Goringgat toe verdwyn.”

“Maar Strandloper sal jou hier kry of sien terwyl jy op pad is af onder toe?”

Louis klik sy tong in kastige simpatie. “Jy onderskat my ook, Aengel. Nes my pa, sy Edele, die Regter. Nes my twee advokaatbroers wat dink moffies het nie breins nie.” Sy oë verdonker hatig, dan kry hy klaarblyklik weer beheer oor sy emosies.

“Hier is baie skuilplek tussen die rotse, selfs voor die gety weer genoeg gesak het. Ek sal wegkruip en kan sien wanneer hy die grot binnegaan. Hy sal jou soek, sien dat iemand hier was, maar nie weet jy is in die see nie. Ek sal genoeg tyd hê om ongesiens tot onder te kom. Ek sal in die Suzi klim, wegry en nog in die lig by Goringgat kom. Agter in die motor het ek sakke waarmee ek die inhoud van die trommel kan afdra. En weg is ek. My kaartjie van George af PE toe is reeds bespreek onder die naam wat op my vals paspoort staan. In PE, onder ’n ander naam, wag ’n gehuurde viertrek vir my waarmee ek deur Transkei Durban toe sal ry en van daar af is die wêreld my oester.”

Louis vroetel in sy broeksak, haal ’n paar latekshandskoene uit en begin dit nonchalant oor sy hande trek. “Jy sien, Aengel,” verduidelik hy kalm, “alles is eintlik Robert se skuld. Eers het my familie my afgeskryf, toe is die restaurant ’n mislukking. Ek moes net eenvoudig ’n plan maak.”

Hy staan op en tel ’n groen sak waarop “Strandloper” geskryf staan van ’n hoop rommel op. “Ek het besef ek moet na myself omsien aangesien niemand dit vir my wil doen nie.” Hy haal ’n geroeste mes uit en gooi die sak weer op die hoop. “Annie-se-skat gaan vir my ’n nuwe lewe koop. Een wat my toekom. Een sonder enige bagasie.”

Aengel staan stywerig op, haar oë op die mes. “Hoe laat is dit?” vra sy hees.

“Amper twintig voor vyf. Sit. Ek gaan jou nie seermaak nie. Ek wil net ’n stuk van jou hare afsny om hier te los saam met Strandloper se mes. Waarop sy vingerafdrukke is, natuurlik.”

Aengel skud haar kop, draai om en stap na die bek van die grot toe. Die desperate idee wat sy gekry het terwyl sy Louis aan die praat probeer hou het, is ondenkbaar. Maar dis haar enigste opsie. En selfs daarvoor is dit dalk al te laat. Dis egter nog meer ondenkbaar dat Louis sy sin sal kry. Sy was onnosel.

Sy moet lankal besef het ...

“Aengel, wat maak jy? Kom sit!”

Die wind ruk wild aan haar hare en haar klere wapper teen haar aan. Onder haar maal en kolk die see. Yslike branders, aangejaag deur die wind, donder teen die rotswand onder die grot vas. Dis moeilik om te glo dis nog ’n kwartier voor die water op sy hoogste is.

“Aengel, kom terug! Ek weet jy bluff.”

Sy kyk oor haar skouer na waar Louis haar ongelowig aankyk. Sy moet skree om hoorbaar te wees: “Jy sal nie die voorreg hê om my hier in te stamp nie, Louis. Ek het my voorgeneem niemand gaan my lewe ooit weer vir my reël nie. En vir seker ook nie my dood nie. My lewe is nie joune om te vat nie!” Aengel skop haar plakkies uit, sit haar voete bymekaar en druk haar neus toe.

“Aengel, moenie!” skree Louis agter haar.

Angs pols wild deur haar. Sy weet nie of ’n kwartier genoeg is nie, of die stroom haar nog by Kierangbaai sal kan intrek nie, maar dis haar enigste kans. ’n Geringe een, maar beter as niks. En ten minste sal Strandloper nie die skuld kry nie.

“Aengel!” Louis kry haar aan ’n sliert hare beet, maar verloor sy greep toe hy op die nat rotsvloer gly.

“Annie!” hoor sy ’n ander stem en dan weer “Annie-hie!” Dis Strandloper se stem. Hy kom aangehardloop in die breukdeel van ’n sekonde wat ’n rukwind aan haar pluk en sy haar balans verloor.

Dit voel soos ’n ewigheid wat sy deur die lug tuimel voor sy die water tref. Nie met haar voete bymekaar soos sy beplan het nie, maar op haar sy, sonder enige beheer. Die water sluk haar in soos ’n gulsige, reusewasmasjien.

AGT EN TWINTIG

8 Desember — vroeegaand

“Nee, Roark, ons kry haar nêrens nie.” Fortuin is vaal om die kiewe.

Roark kan net raai wat hy in daardie stoorkamer moet gesien het. Dit sou enigiemand waarskynlik geruk het, maar dis boonop sy tante. Vandat Gys hom laat weet het van die gruwelvonds in die stoorkamertjie en gevra het of hy weet waarheen Aengel is, kon Roark egter nog nie behoorlik aan Nella se lot dink nie.

“Ek is jammer, Faan, oor Nella en alles, maar Aengel ... Fok! Waarheen kan sy wees? En sonder haar selfoon?” Dié het hy op haar werkbank opgespoor. Hy bel nou al wild en wakker vandat hulle besef het die RAV is weg. Robert by die pizzeria. Lily Brink. Hy het selfs nommers gekry vir die Fletchers en die Judy-vrou van Bohemia van wie Aengel hom vertel het, en hulle gebel. Niemand het haar gesien of van haar gehoor nie. Louis se selfoon is af. Hy het al oorweeg om Lika te Skype om te hoor of haar ma nie vir haar iets gesê het nie, maar hy wil die kind nie ontstel nie. François du Randt wou aapstuipe kry toe hy hoor sy is weg, maar hy weet ook niks nie.

Gys Niemand kom blaas-blaas aangestap, sy bles blink van die sweet, al is dit glad nie warm nie. Sy oorblywende hare staan herwaarts en derwaarts toe gewaai.

“Wie het sy die laaste keer gebel?” vra hy van ’n ent af weg.

Roark kan homself skop dat hy nie daaraan gedink het nie. Hy hardloop die skuurtjie binne. Gys en Fortuin is by net toe hy by die nommer kom. Gabrielle, maar dit was gisteroggend. Hy gaan na die inbox van haar SMS’e: Do you want to become a millionaire? Dié boodskap is ook gister al gestuur.

Hy gaan na Sent Messages: Kry my dringend by grot. Annie.

“O, liewe vader.” Sy bene raak lam en hy moet na die tafel se rand gryp.

Gys pluk die foon uit sy hande en lees die SMS hardop. “Na wie se nommer het sy dit gestuur?”

“Daar is nie ’n naam by nie en ek herken dit ook nie.”

“Hoe laat is dit gestuur?” vra Fortuin angstig.

“Net voor drie al. Die persoon het teruggebel sien ek, maar nie ’n boodskap gelaat nie. Roark, waar’s jou viertrek?”

“Luitenant,” Fortuin se stem kraak, “dis hooggety. Dit gaan niks help nie.”

Roark gryp weer die foon by Gys en druk call. “The subscriber ...” Hy druk die foon teen sy voorkop. Dink, bliksem, dink.

Dit voel asof sy nooit weer uit die maling van water gaan kom nie. Dis al die derde keer dat sy ondertoe gesleur word. Haar heup stamp teen iets. Ineens voel dit asof sy aan die onderpunt van ’n rek is wat sy einde bereik het. Toe haar kop deur die branders breek, teug sy gulsig lug in, maar kry soutwater daarby. Sy hoes en spoeg en skep net betyds asem voor sy weer ondertoe getrek word. Hierdie keer word sy gouer uitgeskiet en ’n paar welkome oomblikke gegun om asem te skep.

“An-nie-hie!”

Sy moet haar verbeel. Maar nee, “An-nie-hie!” hoor sy weer baie vaagweg.

Sy hou op spartel, probeer net water trap en kyk verwilderd om haar rond. Sy is ’n hele ent weg van die rotswande. Die see is rof, maar sy is nie meer in die kolkende massa onder die grot nie.

“An-nie-hiee!”

Die grot. Sy kyk op.

Strandloper staan op die lip van die grotbek. Hy het iets in sy hande, maar haar oë brand van die sout. Sy steek haar hand in die lug om te waai, maar ’n brander slaan haar agter die kop. Toe sy herstel, kyk sy weer op.

Strandloper staan steeds daar. “Va-haang!”

Iets vlieg deur die lug, maar die wind skep dit en gooi dit ’n ent agter haar in die see. Dit neem ’n paar brandings om te kan sien wat dit is. ’n Reddingsboei? Nee, dit lyk soos ’n spul dryfhout wat aanmekaar vasgemaak is. Die kontrepsie wat Louis in die grot aan haar uitgewys het.

“Swe-hem! Ba-haai!” Strandloper roep dit ’n paar keer voor sy verstaan.

Aengel sluk weer water, voel hoe haar jeans haar ondertoe trek, haar skopbewegings belemmer. Baie vlugtig wonder sy waar Louis is, hoe Strandloper by die grot gekom het. Maar dan mik sy na die vlotjie toe. Elke keer net as sy dink dis binne haar bereik, wip dit oor die hoë deining, verder

en verder weg.

Uiteindelik kom dieselfde gevoel oor haar as toe Fourie haar uiteindelik in een van die gastekamers vasgedruk gekry het, sy gulp oopgeruk het, haar mooi bont sigeunerromp opgelig en haar broekie se kruis eenkant toe geskuif het.

Met 'n sniksug gee sy oor. Laat dit net verbykom.

Roark het net in die Landie gespring toe Aengel se selfoon in sy sak begin lui. Hy pluk dit uit en druk dit teen sy oor.

“Roark wat praat!” bulder hy.

“Roark!” hyg die stem aan die ander kant. “Annie. In die water. Kierangkant van die grot.”

“Strandloper?”

“Ek wou bel. Nie jou nommer nie. Sien iemand het gebel. Help vir Annie.”

Roark draai die sleutel en sit voet in die hoek.

Hy jaag verby Kieranghut, oor die paadjie en vorder 'n ent tot op die sand. Die Landie val vas. Hy val byna uit die kar in sy haas om uit te kom en trek sy klere in die hardloop uit. Aan die soom van die water moet hy gaan staan om uit sy jeans te kom voor hy die wilde branding tegemoet duik. Hou aan die kierangkant, hou aan die kierangkant — dit word 'n mantra terwyl hy swem dat hy bars.

“Vervloeks, Fortuin, wat maak die man? Hy gaan versuip!” skree Gys. Hy kon nie glo wat hy sien toe hy die Landie hier verby Aengel se huis sien skiet het nie. Die plan was om te gaan kyk hoe lyk dit aan die voetpunt van die grotpaadjie.

Fortuin se hand gaan na sy mond, hy gaan staan op sy tone. “Luitenant.” Hy wys met 'n bewerige wysvinger na die grot se kant. “Daar is iets in die water.”

“Waar?”

“Ek kan sweer ... Ja, dis 'n kop. En 'n entjie van daar af dryf iets.”

Gys se oë is nie goed genoeg nie en hy swaai sy blik weer na Roark. Die man swem dat dit klap, maar hy vorder skaars.

“Ek dink dis Aengel, Luitenant. Dis sy wat in die water is. Fokkit,

Luitenant, vandag gaan nog twee mense dood.”

Gys steur hom skaars aan Fortuin, druk net foonknoppies. “Robert? Ek moet onmiddellik met Mac praat. Nou!”

Gys druk sy oë toe. Hy kan nie na Roark se gesukkel kyk nie.

“Luitenant?”

“Mac, waar is jou cat?”

“Pearliebaai, hoekom? Dis regtig nie die soort weer ...”

“Mac, Roark en Aengel is in die see.”

Die stilte kom en gaan in ’n breukdeel van ’n sekonde.

“Cat sal niks help nie. Ek is nou daar. Robert!” Die foon gaan dood.

Aengel voel ’n kalmte oor haar kom. Miskien kan sy maar net vir altyd so in die woeste skommeling dryf. Sy maak haar oë toe. Sien ineens haar eie gesig voor haar. Nee, nie hare nie. ’n Meermin. Nee, die boegbeeld. Haar oë vlieg weer oop. Om haar storm die see. Annie het nie moed of hoop opgegee nie.

Sy kyk om haar rond, wag vir branding na branding om haar toe te laat om te sien waar die dryfhoutvlotjie nou dobber. Sy kyk terug na die grot. Dit lyk klein en onmeetlik ver van hier af. En dan, net vir ’n oomblik, sien sy die vlotjie nie tien meter van haar af nie. Haar vingers is dom van die koue en sy sukkel om haar kop bo die water te hou terwyl sy haar jeans se knoop en rits oopsukkel en tegelykertyd haar oë sover moontlik op die vlot probeer hou. Geduld. Kalm. Konsentreer.

Sy baklei ’n ewigheid lank om die denim van haar lyf af te kry, maar dan is haar bene ineens vry. Sy skep asem terwyl sy wag tot sy weer die vlotjie sien. Dis verder weg as wat dit netnou was, maar sy begin swem.

Roark besef binne minute dit was onnosel om so onvoorbereid teen die gety in te probeer swem. Hy moes sy wetsuit gaan aantrek het, sy vinne. Maar dit sou te lank geduur het.

“Aengel!” skree hy, maar kry net ’n mond vol soutwater as beloning. Hy trap ’n oomblik water, oriënteer hom. Liewe hemel, hy het minder as dertig meter gevorder. Hy begin weer swem.

As hy net agter die ergste branders kan kom. As die verdomde wind net nie ook teen hom was nie. As hy net aan die Rykmanskant kon swem. Soveel

korter. Maalstroom. Hou kierangkant.

“Verkyker!” skree Gys vir Fortuin terwyl hy die NSRI skakel. Fortuin hol bakkie toe.

Gys verduidelik die situasie aan die man wat die oproep by die Reddingsinstituut neem, al weet hy hulle sal in hul dag des lewens nie betyds wees met ’n boot nie. Nie eens van Struisbaai af nie, en die boot daar is nie vir hierdie omstandighede gemaak nie. Die man bevestig sy vermoede dat die helikopter in Kaapstad vanweë die weer waarskynlik nie sal kan opstyg nie, en selfs ’n boot gaan sukkel.

“Hier.” Fortuin gee die verkyker uitasem aan toe Gys die selfoon in sy hemsak druk.

“Kyk jy,” gee Gys opdrag. Hy sien nie kans nie.

“Ek kry haar nie. Wag, ja, daar is sy. My donner, daar is ’n soort vlot of ’n ding, maar sy kom nie daarby uit nie.” Hy bly ’n oomblik stil. “O fok, Luitenant, ek dink die buitestroom begin haar vat. Sy sal nie in die baai kan inkom as sy nie nou binnekort na die bek van die perdeskoen toe begin swem nie.”

Die volgende oomblik jaag Robert se kar verby teen ’n spoed wat selfs op ’n teerpad gevaarlik sou wees. Agter die stuur sit ’n gevaarte wat net Mac kan wees. Gys verwag Mac gaan stop en uitspring, maar hy jaag aan, selfs verby die einde van die pad, tot net ’n ent voor Perlemoentjie.

“Sy is by die vlot, Luitenant! Sy het hom! O jirretjie, tog, die vlot sleep haar nog verder weg, dieper in. Sy sal dit nooit Derdebaai toe maak nie en dis waar sy uitgespoel gaan word. Sy sal nie so lank kan hou nie. Dis te koud, te rof.”

“Waar is Roark?”

“Net verby die skulpie-inham. Nog nie eens waar ons Miempie gekry het nie. Die gety en die wind is teen hom en die branders kom van diep af.”

Gys kan dit nie meer hou nie, hy stap ’n paar keer op en af op die stoep wat Aengel so mooi gemaak het. Oomblikke later sien hy ’n swart monster met wilde gryns hare nader draf.

Die duikpak wat Mac aanhet, is verslete en deur die skeur op sy boud peul wit vleis. Met een elmboog knyp hy iets soos ’n miniatuurbranderplank vas, met die ander ’n paar ellelange paddavoete. Hy trek ’n swart ding oor sy kop.

Gys hou hom dop terwyl hy aan die kierangkant met die vlakker water langs die rotse op hardloop tot sover as wat hy kan kom. Hy kyk op en wink Gys nader.

“Kom, Fortuin. Mac gaan iets probeer. Ons moet gaan help.” Gys hardloop strand toe, rol sy broek op en skop sy skoene uit.

Mac lê op sy rug in die bruisende water, hy sukkel nog om die paddavoete behoorlik aan sy voete te kry.

“Keep a check on us! Under all circumstances give priority to Aengel,” skree hy voor hy sy kolossale lyf op die branderplank lig en met mag en mening begin inswem. Gys sien sy plan. Hy wil so vinnig as moontlik so diep as moontlik kom, agter die ergste branding. Gys skud sy kop. Hy kan al sien hoe hulle vandag hier drie lyke uit die water haal.

Dit het met haar voete begin, maar haar bene is nou ook byna gevoelloos. En haar arms is lam. Sy het haar bolyf op die vlot probeer kry, maar het nie die krag nie. Elke keer wat sy probeer, kry die branders haar beet en dreig om weer die vlot uit haar greep te gryp.

Een gedagte keer haar om moed op te gee. Sy kan nie vir Lika wees laat nie. Veral nie in François en Gabrielle se sorg nie. Sy kan nie vandag hier doodgaan nie.

Die bek van die baai. Sy moet by die bek van die baai inkom. Aan die kierangkant, weg van die kolk aan Rykmanskant. Sy dink sy skop, maar is nie seker nie. Met een hand swem sy terwyl sy aan die vlot vashou. Sy roer nie vorentoe nie, intendeel, sy word agtertoe en sywaarts getrek. Sy móét met haar bolyf op die vlot kom, dan sal sy albei arms kan gebruik.

Die vorige kere het sy haar kop bo die water probeer hou terwyl sy haar bolyf op die vlot probeer lig het, dié keer sak sy onder die vlot in, laat gaan dit vir ’n oomblik, sak nog dieper en skop en swem dan so hard as wat sy kan boontoe. Sy kry die verste kant vasgegryp. Die vlot wil onder haar uitskiet. Sy wissel haar greep, sluk water, hoes. Dan, met ’n laaste desperate poging, kry sy haar bolyf halfpad oor die dryfhoute opgetrek.

Hygend trek sy haar nog verder op, kry haar balans. Sy dryf en het gebruik van albei haar hande. Die bek van die omegateken wat die baai maak, lyk oneindig ver, sien sy toe sy bestek opneem. Sy dink sy skop en swem met albei arms. Met tye sluk sy water, word teruggetrek en dan weer onverwags

vorentoe gespoeg. Haar oë voel asof daar suur in beland het. Haar asem jaag. Haar longe brand.

Toe haar arms te lam raak en sy opkyk, is sy nie veel nader nie. Maar 'n hele ent weg, sien sy nog 'n kop in die baai bobbel. 'n Hand wat in die lug waai.

“Aengel! Swem!” hoor sy vaagweg. Roark! Roark wat omgee. Roark wat hou van wat aan haar binnekant is.

Aengel begin weer swem.

“Ag, liewe Jirre, spaar vir Engeltjie,” hoor Gys Fortuin langs hom bid. “En vir die twee broers.”

Gys weet nie of Fortuin besef wat hy doen toe hy Gys se hand vat asof hulle tafelgebed doen nie, maar hy trek nie sy hand uit die greep nie, bid net woordeloos en oopgoog saam terwyl hy Aengel dophou.

Toe hy weer vlugtig na Fortuin kyk, sien hy Lily en Ben Brink langs Fortuin staan. Fortuin het Lily aan die hand beet en Lily vir Ben. Robert word nog 'n skakel aan die ketting en toe is Gertjie ook daar en vat Robert se hand. Langs haar val Delphine in.

Dis Delphine wat begin sing in 'n yl hoë stem wat bokant die lawaai van die wind en die branders uitstyg. “Amazing Grace, how sweet the sound, that saved a wretch like me...”

Een vir een val die ander in, tot selfs Gys saam brom: “I once was lost, but now am found, was blind, but now I see.”

Daar is niks anders wat hulle kan doen nie.

Roark sien Mac vir die eerste keer raak nadat hy vir Aengel geskree en gewaai het. Mac is 'n hele ent nader aan haar as hy, maar sal nog duskant om die kierangklippe moet swem. As hy nie daarteen te pletter geslaan word nie.

Hy is self nou agter die ergste branding en begin vordering maak. Dank die vader, sy dryf op iets. Dit sal haar kragte spaar, maar dit kan haar ook in die verkeerde rigting neem. Wie ook al eerste by haar gaan kom, sal die hulp van die ander een nodig hê om haar uit die buitestroom te kry. Mac moes dit besef het.

Toe Roark weer opkyk en hom oriënteer, sien hy Mac van die

branderplank afrol. Aengel is nog ver buite Mac se bereik, maar die plank is nou eerder 'n hindernis as 'n hulp en dit kan gevaarlik wees wanneer hy nader aan Aengel kom. 'n Stiller stuk water duskant Rykmansklip trek Roark se aandag. As hy net daar kan kom sonder dat die kolkstroom hom vat.

Hy soek Aengel, sien haar raak, besef sy gaan binne minute verby Rykmansklip gesleur word Derdebaai se kant toe. As dit gebeur, is dit verby.

'n Vinnige kyk na Mac bevestig wat hy gevrees het. Mac het al sy dae om nie teen die kierangklippe vasgesmyt te word nie.

Roark kyk weer na Rykmansklip. Daar is geen ander genade nie. Hy sal sy kanse met die kolk moet vat.

Uitputting verlam haar en dis net die gedagte aan Lika en Roark wat Aengel sover kry om haar arms te lig en te laat sak, lig en laat sak in 'n roeibeweging wat haar nie vorentoe vat nie, maar net die stroom effens teenwerk. En dan skielik hoor sy 'n gedruis agter haar.

Sy kry net genoeg tyd om 'n diep teug asem te skep en die vlot styf vas te vat voor 'n reusebrander haar van agter gryp en in 'n tuimeling van skuim en water vorentoe gooi.

Gys kyk met verstomming toe hoe Aengel in die kolking van die reusebrander verdwyn. Dis dan seker die vierde brander waarvan die mense hier rond praat. 'n Fratsbrander wat menige hengelaar al van die rotse af geklap het. Die stemme het vir 'n oomblik stil geword, maar dan hervat Delphine nog hoër en harder. "The Lord has promised good to me ..."

Met ontsetting slaan Gys die drama gade wat voor hom afspeel. Die effek van die brander tref Roark volgende toe die watermassa wat deur die bek van die baai in dreun, hom soos 'n vrot vel Rykmansklip se kant toe gooi. Mac word weggesleep van die kierangklippe asof 'n monster hom aan die nek beethet. Die branderplank spring rond, verdwyn en word dan weer uitgespoeg.

Die singende menseketting moet tru staan vir die water wat soveel hoër op die strand uitspoel. Hy staan self skielik heupdiepte pleks van kniediepte, en moet sy balans vinnig aanpas.

Vir 'n megasekonde lank is alles tjoepstil. Die water, die wind, die

stemme. Toe wip 'n kop deur die water.

“Aengel!” skree Fortuin hier langs hom. “En kyk waar is Mac!”

“So by my kool,” prewel Gys toe hy sien hoe Mac verwoed die paar meter tussen hom en Aengel verklein.

“I’ve got you, Aengy.” Mac se arm gaan om haar middel en hy lig haar 'n entjie hoër bo die water tot sy klaar gehoes en weer haar asem terug het. Die vlotjie wat uit haar hande geruk is, sien sy nêrens nie.

“Ons gaan saam met die water werk, nie teen hom nie. Skop as die branders van agter kom, rus wanneer hulle teen ons is. My vinne gaan baie help. Die ergste is verby. Ons moet net kierangkant hou. Op pad strand toe is die gety en die wind nou in ons favour.”

Aengel voel Mac se hande op haar heupe.

“Oukei, skop, hier gaan ons,” gee hy opdrag en skielik word sy voortgedryf deur water en die skopkrag van sterk bene benewens haar eie.

Gys slaak 'n sug van verligting toe dit duidelik word Mac is, sover dit moontlik is, in beheer van die situasie. Daardie paddavoete van hom werk soos 'n enjintjie. Verbeel hy hom of het selfs die wind effens bedaar? As die twee van hulle net so kan aanhou.

Gys kyk op na Ben Brink toe hy langs hom kom staan. “Ek gaan inswem as hulle naby genoeg is en Aengel by Mac oorneem. Hy moet doodmoeg wees. Ek is vars.”

“Is jy seker?”

Ben knik en trek sy boklere uit terwyl hy die twee in die water dophou. Na 'n rukkie stap hy dieper die water in.

Gys sien Lily se hand na haar mond gaan toe haar man deur 'n hoë branding duik, maar dan breek hy weer water.

“Luitenant?”

“H'm?” vra Gys, sy oë vasgenaël op Aengel en Mac se vordering en die afstand tussen hulle en Ben wat geleidelik krimp.

“Waar is Roark?”

Gys se oë swiep oor die baai, maar benewens Ben en die twee wat die stryd teen die see begin wen, is daar niks behalwe skuimende branders en

rotse nie. Dit en die geskree van 'n seemeeu in die grou lug bokant hulle.

NEGE EN TWINTIG

8 Desember — aand

“Fucking hell,” hoor Aengel vir Mac hier by haar oor. En dan, “Aargh!”

“Mac?”

“Kramp.” Hy brul weer van die pyn.

Toe is daar nog iemand by hulle. “Laat gaan Aengel, Mac! Ek het haar,” roep die man. Aengel hoor Mac weer kreun.

“Kan jy uitkom, Mac?”

Mac grom iets wat klink soos “go, go, go!”, maar die gekreun hou nie op nie. Aengel voel hoe die man haar nader na die strand stuur. Meter vir stadige meter, tot sy sand onder haar voete voel. Sy probeer staan, maar haar bene wil nie saamspeel nie.

Daar is mense om haar. Sy word onder die arms beetgekry en uit die vlak water gedra. Sy kyk om en sien deur die gemaal hoe die man weer agter Mac aangaan.

Iemand draai haar op haar sy. Die volgende oomblik kom ’n stroompie water uit haar mond uit. Sy hoes en hyg en nog water stu deur haar lippe. Deur skrefiesoë sien sy hoe Mac ook op die strand uitstrompel, skree, na sy kuit gryp, maar uitgehelp word.

“Waar’s Roark?” fluister sy deur haar brandende keel, maar niemand antwoord nie.

Gys weet nie wie die teenwoordigheid van gees behou het nie, maar Aengel en Mac is skaars op die strand toe die ambulans in die paadjie bokant die strand stilhou en die paramedici met draagbare nader gehardloop kom. Wie dit ook al was wat hulle gebel het, moes dit ’n goeie rukkie gelede gedoen het.

Toe hy na Gertjie se verligte gesig kyk, weet hy sommer dit was sy. Haar

skewe tandjie glip onder haar bolip uit toe hulle oë ontmoet.

Gys maak sy arms vir haar oop en sy kom na hom toe aangehardloop. Hy druk haar teen hom vas, bêre sy gesig in haar hare wat in die wind moes losgekom het.

“Gertjie,” prewel hy en voel sy keel dik word. “Lyk my ons het Roark verloor.”

Sy druk hom van haar af weg en kyk op. “Maar Gys, hoe dan?”

“Ons het almal net vir Aengel en Mac dopgehou. Ná daardie brander het ek hom nog nie weer gesien nie. En die kolk ...”

“O, hemel,” prewel sy en druk haar kop teen sy bors. “O, liewe hemel.”

Oor haar kroontjie kyk Gys vraend na Fortuin wat kort-kort met die verkyker voor sy oë staan, maar dié skud net sy kop.

Gys maak sy oë toe. Hy het vermoed wat tussen Aengel en Roark begin gebeur. Hy het geweet hy is reg toe Roark soos ’n mal ding die see in is agter haar aan. En nou dit.

Hy laat rus sy voorkop op Gertjie se kroontjie. “Gert.”

Sy kyk op na hom.

“Ons moet ons nonsies laat staan. Voor dit te laat is.” Hy druk sy koue lippe teen haar voorkop. “Die lewe is te kort, my lief. Hopeloos te kort.”

Haar arms gaan stywer om sy middellyf. “Ek weet,” hoor hy haar teen sy sopnat hemp fluister. “Ek weet.”

Aengel word keer op keer naar in die ambulans. ’n Paramedikus help haar. ’n Ander een probeer in die beknopte ruimte die kramp uit Mac se kuit vryf terwyl Mac soos ’n leeu brul.

“Roark,” prewel sy tussen haar gekokhals deur, “Roark.”

Toe sy weer asemgeskep kry, probeer sy regop kom. “Gaan terug! Roark is nog daar!” Die paramedikus probeer haar terugdruk, maar sy baklei teen hom. “Roark is nog in die see!”

Sy hoor Mac vloek en voel dan ’n prik in haar arm.

“Nee!” skree sy deur haar rou keel. “Nee! Roark!” Die lig om haar verflou en toe is daar niks.

Gys is pê toe hy en Fortuin bo by die grot kom. Daar was niks wat hulle nog

vir Roark kon doen nie en Ben het agtergebly om te bly uitkyk vir hom, al besef hulle almal dis vergeefs. Selfs die NSRI het, 'n ruk nadat die boot al bokspringend daar aangekom het, laat weet hulle kan onmoontlik nader aan die rotse aan die Rykmanskant gaan. Die toestand is te rof. Ná 'n lang halfuur van vergeefse onverskrokkenheid moes hulle die soektog aflas.

Gys moet eers asemskep voor hulle die grot binnegaan. In die grot is dit windstil en dit stink. Van Strandloper is daar, by wyse van spreke, nie 'n spoor nie.

Agter in die grot, in dieselfde gat wat hulle laas gesien het, spoor hulle 'n liggaam op. Fortuin se penflits maak voldoende lig om te sien daar is in die lyf wat kop eerste in die gat ingewig is, geen lewe meer nie.

“Luitenant? Maar dis mos Louis van die pizzaplek?”

Gys vryf oor sy ken. “Wil jy nou meer. Wat sou hy hier kom doen het ?” Dis asof 'n behendige hand voor sy oë 'n paar legkaartstukke herrangskik sodat die prentjie sin maak. Dit maak ook sin van Strandloper wat Aengel in aller yl probeer help het. Waarskynlik nadat hy Louis in die gat in geboender het.

“Dink Luitenant dit was hy? Miempie? Zita? Antie Nella?”

“Lyk my so, Fortuin. Lyk my so.”

“Hoe kry ons hom hier uit?” vra Fortuin na 'n lang stilte waarin hulle net staan en afstaar na die man wat klaarblyklik soveel mense se lewe geneem het. Presies hoe en waarom, sal hulle dalk by Aengel kan hoor, maar daar is genoeg afleidings wat Gys intussen kon maak, drade wat hy kon knoop.

“Arendse se probleem,” antwoord Gys uiteindelik en draai weg.

Fortuin kom agter hom aangestap. “Waar sou Strandloper wees?”

“G'n mens weet nie. En ek twyfel of ons ooit sal uitvind.” Gys kyk nog 'n maal in die grot rond voor hy wegdraai. “Kom, die reuk maak my naar.”

“Ons gaan jou onmiddellik na die Medi-Clinic laat oorplaas, Aengelique. Jy kan nie in hierdie hool bly nie. En jy hoef jou oor niks te bekommer nie. Ons sal jou goed laat trek. Jy hoef nie weer terug te gaan nie. Jy weet sekerlik Libertia se deure staan wyd oop. Jou alterkasietjie met François was net in die hitte van die oomblik. Ons almal besef dit. Lika kan ...”

“Gabrielle?” Aengel maak haar geswelde oë op skrefies oop en kyk na haar suster wat langs haar gestaan het toe sy pas uit haar

medikasiebeswying bygekom het. Die hospitaalbed is nou en kliphard. Haar tong lê swaar en dom in haar mond.

Gabrielle leun nader. Daar is nie 'n haartjie uit sy plek nie, haar grimering perfek. “Wat is dit, Aengel?”

“Fokkof.” Aengel draai haar op haar sy met haar gesig na die wit muur toe en maak haar seer oë toe. “Fok net of.”

Fortuin staan by toe Nella se liggaam uiteindelik in die lykswa gelaai word, maar Gys staar van haar nederige stoepie af oor die see uit.

Die wind het feitlik gaan lê. Dit het begin ooptrek. In die weste, kan hy aan die kleur van die lug sien, begin die son agter die gesigseinder wegsink. Die gety het sy draai gemaak en is weer halfpad laag toe.

Ten minste behoort Roark se lyk uit te spoel. Hier. Aan die kierangkant. Sy broer, sy peetkind en Aengel sal hom kan begrawe. Teen dié tyd behoort Charlie vry te wees. Hy is seker al by sy pa wat oornag vir observasie in die hospitaal gehou word, maar verder nie veel makeer nie.

Hy sug diep. As Nella se liggaam hier weg is, bly daar niks meer oor om op Kierangbaai te doen nie. Robert sal beslis nie vanaand alleen in Treknet kom bly nie. Waarskynlik nooit weer nie. As hy al ooit 'n gebroke man gesien het, was dit Robert.

Nie 'n enkele siel sal vanaand die halfmaan hier sien opkom, die gety hoor laag word en dan weer hoog word nie.

Môre sal hulle in Goringgat gaan soek na Strandloper, al sê sy gevoelentheid vir hom ook daardie grot sal leeg wees. Hulle sal Aengel ondervra, verslae skryf en die saak afsluit.

Maar in die groter bestel? Hoe regverdig mens dit dat een verbliksemse man 'n plek halfpad kan leeg moor? Die oorblywendes sal seker ook nie sommer terugkeer nie. Die hutte sal vergaan, die perlemoen gestroop word.

Kierangbaai self is vermoor.

In haar ore weergalm gille, klink angstige uitroepe op, vermeng met die gekier en gekla van takelwerk, die gekraak van hout, die geklap van branders teen 'n krans. Golwe so hoog soos berge kom op die boeg afgestorm, mense skarrel. Dan die slag.

Sy gryp na die relings, maar dit is skielik diagonaal pleks van horisontaal. Sy begin agteruit gly, die skip kraak 'n laaste maal, breek in twee. Dan is sy in die malende, yskoue water.

“Sjj, sjj,” hoor Aengel vaagweg. Iemand streel oor haar hare.

Sy ruik houtvuur en seebedompigheid. Sy probeer haar oë oopmaak, maar kry dit nie reg nie. Ek droom, besef sy.

“Sjj, Annie. Die vloek is uitgespeel. Jy het teruggekom. Jy het die netman oorwin.”

“Strandloper?” Aengel dwing ten einde laaste haar oë oop.

Sy herken hom skaars in die flou lig wat van die gang af deur haar privaat kamer se deur skyn. Sy hare is geskeer, die hemp en broek netjies, die baadjie pas om die hoekige skouers, al is die moue hopeloos te kort.

“Sjj. Jy het die vloek verbreek, Annie. Dapper, dapper Annie. Jou skat wag vir jou in Goringgat. Sjj.” Hy streel met skurwe vingerpunte oor haar voorkop, asof hy die spanning uit haar kop wil vryf. Sy verbeel haar sy ruik iets vrankerigs.

“Hoe het jy daar gekom? By die grot. Met die gety? En so vinnig?” prewel sy.

“Was klaar op pad terug. En in dertig jaar leer mens baie van die plek waar jy bly, Annie. Dinge wat ander mense nie weet nie. Slaap. Jy moet rus. Jy sal nie weer droom nie. Sjj, sjj, dapper Annie.”

Haar oë val vanself toe onder die streling oor haar hare.

Toe sy haar oë weer oopmaak, stroom die daglig by die vensters in en 'n verpleegster staan aan die voetenent van haar bed met 'n reuseruiker in haar hande.

“Sjoe, maar die slaapmiddel het jou omtrent uitgeslaan. Dis al elfuur! Môre. Kyk, hier is nog een,” sy hou die blomme in die lug, “maar ek weet nie meer waar om dit neer te sit nie.”

Aengel draai haar kop en laat haar oë lusteloos deur die kamer dwaal. Dit lyk soos 'n bloemiste se winkel.

“Wie?” Haar stem kraak en haar mond voel oneindig droog.

Die verpleegster sit die blomme haastig op die kostrollie neer en help haar water drink.

“Die nuutste een, die blou lelietjies is van ...” Sy vou die kaartjie oop.

“Van Ben en Lily Brink.” Sy stap van ruiker tot ruiker en lees die name. “Die rose is van Gys en Gertjie en San; die orgideë van Gabrielle, François en seuns; lelies en varingblare van Flint en Raine Fletcher; fynbos en proteas van Robert.” Sy haal nog ’n kaartjie tussen ’n gerf wit blomme uit en lag. “En die stargazers is van Judy en al die meerminne en engele wat so hard gewerk het om jou te bewaar.” Sy hou ’n bottel groenvye in die lug. “Dié het ’n vrou self gebring. Haar naam is Xanthe St. Augustine. Sy het haar foonnommer op die etiket geskryf en gevra dat jy haar bel wanneer jy ook al reg voel. Sy is ’n joernalis by *In Diepte* en wil graag ’n reeks artikels oor Annie Niemand skryf. Wie dit ook al mag wees?”

Aengel glimlag net flou. As sy dít nie weet nie, is die verpleegster definitief nie van die omgewing nie.

“O, en dan is daar iemand wat al ’n hele uur vir jou wag om wakker te word al hoort hy eintlik self in ’n hospitaalbed.” Sy is nie meer ’n kuiken nie, sien Aengel, en aantreklik was sy seker nooit nie, maar daar is ’n lewensvreugde in haar oë wat haar pragtig maak.

“Mac?” prewel Aengel. “Hy het my lewe gered. Is hy oukei?”

“Mac is al weer terug Kierangbaai toe saam met sy seun en dié se vrou en dogtertjie.” Sy maak die deur oop en wink met haar kop na iemand.

Aengel sukkel orent, maar val weer teen die kussings terug. Haar hele lyf pyn, kom sy nou eers agter, elke spier en sening. Die verpleegster glip uit.

Dan staan hy daar. Snymerke ontsier sy gesig. Sy een arm is in ’n hangverband, in die ander hou hy ’n skootrekenaar vas.

“Roark?”

“Aengel.” Sy glimlag is skeef asof dit pynlik is. Hy sit die rekenaar op die stoel en toe is sy in sy arms sover hulle mankemente hulle toelaat.

“Roark!” Snikke skud deur haar lyf, trek pynlike spiere saam, maar sy kom dit skaars agter. “Roark,” prewel sy verdwaas. Sy ruik hom, sy voel hom, sy sien hom, sy hoor hoe hy haar naam oor en oor fluister en sy proe hom toe hy haar versigtig soen. Dis nie ’n droom nie. “Roark, is dit regtig jy?”

“Dis regtig ek, Aengel. En dis regtig jy.”

“En toe kom die man sommer net so ewe how do you do oor die rotse aangestap?” vra San terwyl sy ’n brousel moerkoffie maak.

“Jy wil mos saans vroeg gaan slaap en boonop soggens laat slaap. Dié dat

jy al die opwinding mis,” terg Gys. “Maar nee, aangestap is nie juis die woord nie. Aangesleep is nader aan die waarheid. Bebloed van kop tot tone. As Fortuintjie nie vir oulaas die verkyker gevat en gekyk het nie, het hy seker nou nog gesukkel om by die strand uit te kom.”

“Maar wat het dan gebeur?”

“Daardie brander — wat Gertjie nou glo van Bo gestuur is — het hom skoon dwarsdeur die kolkstroom gevat en agter om Rykmansklip gegooi. Hy het aan Rykmansklip se stiller kant beland en vasgeklou vir lewe en dood. As die wind nie bedaar en die gety nie betyds gedraai het nie, sou hy dit sweerlik nie gemaak het nie.

“In elk geval, hy het gesien hoe Mac vir Aengel uitkry en van daar af kon hy net konsentreer om sy eie lewe te behou. Hy het die NSRI se aandag probeer trek, maar hulle het hom nie gesien nie. Hulle het aan die ander kant van Rykmansklip gesoek. Toe die hooggety plek maak vir die tussengety kon hy waag om uit te swem met die skiereiland langs, waar die water op sy vlakste is en hy nou en dan bodem kon kry as hy te moeg geword het. Maar die see het hom nog steeds sleg karnuffel. Jy moet sien hoe lyk daai grote lyf van hom van die snye en kneusplekke, een van sy ribbes is glo gekraak, maar hy het uitgekom. Ons het hom in die heel laaste lig gesien en toe gaan probeer help, maar hy was kláár. En te groot vir my en Fortuin. Fortuintjie het Ben gaan bel en toe eers kon ons hom aan wal kry.

“Ben het hom hospitaal toe gevat en vanoggend het hy en Lily vir Roark klere geneem. En vir Aengel het Lily Annie-se-trane saamgevat en op Roark se versoek haar skootrekenaar om haar dogter te kan gerusstel. Dié sit glo in Frankryk. Maar Aengel het toe nog geslaap, sê Lily toe sy netnou hierheen gebel het om te laat weet. Dis seker wat jou uiteindelik wakker gekry het.”

“En die Roark-man? Hoe gaan dit nou met hom?” vra San terwyl sy ’n koekie vir die keffers voer.

“Roark is glo heel oukei. Net baie styf en seer, en sy skouer moes gemanipuleer word. Dié was glo skoon uit die potjie. Die rib sal hom ook nog ’n ruk las gee. Maar dat hy leef, is ’n wonderwerk.”

San “tsk-tsk” simpatiek, skink drie bekere koffie in en roep vir Gertjie waar sy in die tuin besig is. Buite lyk dit asof dit nooit anders as mooi weer, windstil en warm is in hierdie geweste nie. Dis hoe die Suidoos maak, weet Gys, maar dit verras hom nog elke keer weer.

Gertjie haal haar strooihoed af en vee die hare wat uit die rol losgekrom het

uit haar gesig. “Dankie, San.” Sy loer vlugtig na Gys, maar laat sak weer haar oë voor sy van die koffie drink. Haar wange verkleur.

Gys se hele binneste word warm en woelerig.

San maak keelskoon. “Gys-man, dis nou alles waarlik baie opwindend, en ek is bly alles het so mooi uitgewerk, maar ek het so ’n bietjie slegte nuus hier op die mooie oggend.”

Gys laat sak die beker wat op pad was na sy mond toe. “Jy is nie ongesteld nie, San?” Dit het hom nogal bekommer dat sy al gaan slaap het voor hy gisteraand by die huis was en nou skaars ’n kwartier terug uit haar kamer gekom het.

“Behalwe vir die gewone oumenskwale, nie eintlik nie, nee. Dis net dat Kaylatjie en Mitch vroeër terug is van Majorka af. Hulle het gistermiddag aangekom. As jy nou nie te veel omgee nie, sal ek lievers my kuiertjie daar by hulle wil gaan klaar kuier.”

Verligting bots met skuldgevoelens. Het hy San dan so ontuis laat voel? “San, ek hoop nie jy voel onwelkom of iets nie?”

“Nou nie hieroor of daaroor Gys nie, maar julle tweetjies werk so ’n bietjie op my senuwees.”

Gys voel sy mond oopval en Gertjie kyk grootoog oor haar koffiebeker na hom.

“Nee kyk, ek is oud genoeg om die weë van die liefde te verstaan, maar ek is nie lus om elke aand saam met die hoenders te gaan slaap en op te staan wanneer die dag al halfpad is, net om julle privaatheid te gee nie. En as julle nou elke nag so oor en weer gaan sluip tussen julle slaapkamers soos laas nag, gaan julle net my nagrus versteur.”

Gertjie stik in haar koffie, haar wange bloedrooi. Gys plak sy beker op die tafel neer, probeer iets sê, maar weet nie wat nie.

“Maar ek sal baie graag na die troue toe kom.”

“San!” is al wat hy uitkry.

“Wat, Gys-man?” vra sy, haar gesig die ene onskuld. “Jy gaan dit tog sekerlik wetlik maak of hoe?” Sy skommel orent, rek na haar kiere en begin deur toe sukkel. “Verskoon my, maar ek gaan inpak. Ek sal jou roep as ek reg is sodat jy my na Kaylatjie toe kan vat.”

Selfs nadat sy uit is, weet Gys nie waar om te kyk nie. Uiteindelik is die plafon sy enigste opsie.

Hy hoor Gertjie proes van die lag.

“Wat is so snaaks?” Hy probeer knor, maar kry dit nie reg saam met die grinnik wat hy nie gekeer kry nie. Gertjie se oë blink en haar hand is voor haar mond.

“Sy is waarlik jou sielsgenoot, Gys.” Die blou oë versober effens. “Dis eintlik jammer julle twee ...” Sy laat sak haar oë.

Gys frons diep. Hy draai om en maak die deur wat die kombuis van die res van die huis skei toe. “Gertjie, jy dink tog nie nog al die tyd daar is iets tussen my en San nie?”

Sy loer na hom op haar Gertjie-manier en lig haar wenkbroue vraend.

“Gertjie, al was San so oud soos ek of ’n paar jaar jonger, al het sy soos Aengel Rousseau gelyk, San kan nooit vir my soveel beteken, my so lewendig laat voel soos jy nie. Dis jy wat vir my die lewe laat sin maak. My help sin maak van alles wat so skeef loop, maar ook van al die dinge wat reg loop.” Hy lig sy hande moedeloos. “Wat moet ek doen om te keer dat jy Kaap toe gaan? Wat moet ek nog sê om jou te oortuig van my liefde vir jou?”

“Nie veel nie, Gys.” Die skewe tandjie kruip uit.

Hy gee ’n tree in haar rigting, maar gaan staan dan weer. “Nie?”

Sy skud haar kop.

“Maar wat dan van toe ek destyds siek was, Gertjie, en jy daardie simpel meerminlegkaart vir my gegee het. Jy het die hart teruggehou.”

Haar wenkbroue wip weer die lug in. “Jy het dit agtergekom?”

“Natuurlik, maar ek kon nooit verstaan waarom nie. Het jy vir my probeer sê dat jy nie jou hart vir my kan gee nie?”

Haar oë rek groot. “Is dit wat jy gedink het?”

“Wel, ek het nie geweet wat om te dink nie.”

Gertjie kyk in die lug op en blaas haar asem stadig uit asof dit woorde is wat sy na die hemele stuur. Dan kyk sy weer na hom en skud haar kop. “Raine was destyds reg. Mans is dof.”

“Gert.”

“Nee, Gys, dis nie wat ek probeer sê het nie, inteendeel. Ek wou hê jy moet haar hart kom soek en myne by my kom vind. My hart leer verstaan. Ek wou hê jy moet verstaan dat dit net jy is wat my kan heelmaak. Wat die legkaart van my lewe, van wie ek is, kan voltooi.”

“Nou maar vervloeks, Gertjie, kon jy dit nie maar net vir my gesê het nie? Hoe moet ek raai?”

“As jy genoeg omgee het, sou jy dit kon raai. En hoekom het jy my nie

gevra wat dit beteken nie?” Haar wange vlek weer pienk en laat haar oë nog blouer lyk.

“Hoekom moet dit altyd ek wees wat praat?”

“Maar sie julle nou end kry!” kom dit dof deur die tussendeur.

Gertjie laat sak haar voorkop in haar hand en haar skouers begin ruk. Eers dink hy sy het in trane uitgebars, maar toe sien hy dis lag wat deur haar skud en lagtrane wat teen haar wange afloop.

“Skoert, San!” roep hy. Hy trek Gertjie in sy arms en voel hoe hare om sy middellyf vou.

Gertjie kyk op na hom, nog steeds aan die lag. Haar mond is sag en rosig en uitnodigend, maar toe hy mik om die uitnodiging te aanvaar, druk sy haar vinger teen sy lippe. “Gys,” fluister sy, “San droom daarvan om strooimeisie te wees.”

“Is reg, Gert. Solank jy net vir my ja sê.”

“Wat is die vraag, Gys?”

“Trou met my, Gert.”

“Al was ek twee keer verloof?”

“Al was jy ses en sestig keer verloof. Solank jou hart nou aan my behoort.”

“Is reg, Gys,” antwoord sy harder as wat nodig is en haar oë vonkel.

“Halleluja!” laat San onbeskroomd hoor.

EPILOOG

10 Maart

Gys druk die brief stadig terug in sy koevert en stap kombuis toe waar Gertjie waarskynlik weer een van San se resepte uittoets. Tot dusver wissel die graad van sukses, maar dis haar deursettingsvermoë wat hom werklik beïndruk.

In die kombuisdeur huiwer hy. Sy vrou. Hy kan dit nog steeds nie glo nie.

Sy het weer daardie resbietjiestrui aan wat San toe al die tyd vir háár gebrei het. “As jy haar vasdruk, druk jy sommer vir my ook,” het San verduidelik. Aan Gertjie sal enigiets mooi lyk. Selfs San se brouwerktrui.

Wat die twee in daardie week gekonkel het, sal hy seker nooit uitvind nie. Maar die resultaat is vir hom genoeg. Die Saterdag voor Valentynsdag, minder as ’n maand gelede, het hulle voor die kansel gestaan. Al drie van hulle. San het haar taak as strooimeisie baie ernstig opgeneem. Veral die heildronke.

En nou is daar hierdie keuse waarvoor hy te staan gekom het. Die eerste groot besluit wat hulle saam sal moet neem. Dit voel so vreemd om nie net self te besluit en basta nie. “Gert?”

Sy draai verras om. “Jy is vroeg terug?”

“Alles is afgehandel wat ons kon afhandel.” Hy sit die brief op die tafel neer en stap na haar toe.

“Strandloper nog steeds seek?” Sy soengroet hom en hy druk haar lank en styf teen hom vas voor hy haar laat gaan.

Hy knik. “En ons gaan nie weer van hom hoor nie. Daardie bankrekening waarvan ek jou vertel het? Die strokie wat ons tussen die laaste van sy goed in Goringgat gekry het?”

“Nieklaas Iemand s’n?”

“Leeg getrek. Amper ’n halfmiljoen rand.”

“Sowaar?”

“Dertig jaar van konserwatiewe perlemoen smokkel so op sy eentjie.”

“Min wetende hy kon nog meer geld gehad het as hy net geweet het hoe kosbaar Annie-se-riksdaalders is.” Sy lag. “Maar ek hoop Nié-klaas Iemand is gelukkig.”

“H’m. Ek is net bly hy glo Annie se vloek is opgehef. Fortuin wil nou nog die wildeweghol kry vandat Delphine hom vertel het hy was veronderstel om die volgende Strandloper te wees. Dat dit is hoekom sy hom, toe hy hoërskool toe moes gaan, in Swellendam in die koshuis gesit het. En daarna Polisiekollege toe gestuur het om hom so gou en ver sy kon van Kierangbaai af weg te kry.”

“Ek dink nie ek wil weet hoe dit gebeur het dat Faantjie veronderstel was om Strandloper se opvolger te wees nie. Hoe voel hy daaroor dat sy pa toe nie sy biologiese pa was nie?”

“Ek is nie seker nie. Fortuintjie kan baie klets oor ander mense, maar oor homself is hy so toe soos ’n kleios se um ... dinges. Wil my ook niks vertel van die meisiekind by Forensies nie. Net dat hulle ‘goeie vriende’ is en dat hulle mekaar nog beter leer ken het toe hy haar gevra het om die DNA-toetse nauurs vir ons te doen. Wat ons toe uiteindelik nie veel gehelp het nie, maar dit het glo hulle ‘vriendskap’ verstewig.”

“Jy moet ook nie so nuuskierig wees nie, Gys. Laat Faan sy eie lewe lei. Hy is mooi groot.” Gertjie ignoreer sy snork, vee haar hande aan ’n vadoek af en tel ’n tydskrif van die kombuistafel af op. Sy blaai en vou dit oop. “Kyk, Xanthe se eerste aflewering oor die Visvrou van Kruisbaai. Dink jy nie dis ’n mooi foto van Aengel hier waar sy op die ou skeepskis sit wat Strandloper vir haar in Goringgat gelos het nie? Die karos wat onder haar voete lê, is een wat Strandloper glo vir haar gemaak het. Hulle het dit by die kis en die briefie gekry wat gesê het dis alles hare.”

Gys druk sy bril op sy neus. “H’m. Sy lyk mooier as ooit.”

“Die blou rok is van brokaat. Raine het dit gemaak. Dis ’n replika van die een wat in die kis was. Sien jy, dis versier met goudkleurige kant.”

Gys kyk na die baie lae halslyn wat Aengel besonder mooi vol maak en grinnik. “Annie-se-skat. En ons het almal gedink dit bestaan nie.”

Gertjie versomber. “Dis eintlik tragies om te dink soveel Strandlopers het hulle lewe geslyt deur ’n spul vergane munte van relatief min waarde en ’n vermufde rok op te pas. Die silwer goed — die spieël en kam- en borselstel — is nou mooi gerestoureer, maar ook nie juis ’n fortuin werd nie.”

“Roark sal darem die munte kan uitstal saam met die porselein en die ander

goed wat uitgespoel het. Hy sê die porselein, veral dié wat heel in die trommel agtergebly het, is nogal baie werd. Dis uit die een of ander Sjinese dinastie. Hy het juis vanoggend gehoor hulle het toe uiteindelik by SAHRA goedkeuring gekry om die vleuel van die kliphuis waarin die boegbeeld is, in 'n skeepswrakmuseum te omskep.”

Gertjie skud haar kop. “Ag, maar ek is bly dis uiteindelik deur. Roark sukkel nou al 'n jaar lank daarmee en moes net wild en wakker keer dat die goed wat uitspoel, bewaar word daarvoor. Nou kan hulle sommer die oorspronklike dagboeke wat Annie Niemand geskryf het ook daar uitstal. En Aengel wil een kamer gebruik vir 'n volwaardige konkologie-uitstalling en beplan om Kieranghut in 'n winkeltjie te omskep vir onder meer die skulpgoed wat sy maak. Sy het my gister gesê sy wil dit Annie-se-skatkis noem. Roark gaan die pad tussen Kruisbaai en Kierangbaai laat skraap en Pearlle gaan in die winkel help noudat Charlie haar winkel as kantoor gaan gebruik. En hulle gaan van Raine se klere aanhou en ...”

“Gertjie.”

Sy sit die tydskrif neer en kyk op na hom. “Wat lyk jy skielik so ernstig?”

Gys gaan sit en trek haar op sy skoot neer. “Kan ons later oor Aengel-hulle se planne praat?”

Sy sit haar arms om sy nek en druk haar neuspunt teen syne. “Wat is dit, Gys?”

“Gert, jy het baie opofferings gemaak toe ons besluit het om te trou. Jou huis verkoop.”

“Op voorwaarde dat ek hier mag aanbou en verbreek en verbou wanneer ek so voel, onthou.”

“Nogtans. Jy het jou praktyk afgeskaal sodat jy net drie dae per week Niemandsdorp toe hoef te gaan.”

“Wat my uitstekend pas.” Sy sit terug en frons. “Wat pla jou, Gys?”

“Die idee was dat ons ons so geleidelik in aftrede in sal inwerk.”

“Maar darem nie nou al nie.” Sy skud haar kop. “Ek kan nie heeldag net hier wees nie, Gys,” is sy dadelik op die verdediging. “Dit het ek darem baie duidelik gemaak voor ons mekaar die regterhand gegee het en jy het saamgestem.”

“Moet jou nie so gou wip nie. Ek stem nog steeds heelhartig saam, dis net ... Ek het nou al probeer visvang, ek het probeer tuinmaak, ek het elke boek wat ek wou lees, gelees. Ek sien nie kans vir privaat speurder speel op my eie

nie en ek kan nie hierdie aftreeding nou al doen nie.”

Gertjie kyk hom bekommerd aan. “Gys, ek hoop nie jy probeer vir my sê jy wil teruggaan SAPD toe nie?”

Gys maak keelskoon. “Wel.” Hy rek en tel die koevert op. “Miskien moet jy eers hier lees.”

Gertjie spring van sy skoot af, kry haar leesbril en pluk die brief uit die koevert. “Verstaan ek reg?” vra sy toe sy klaar gelees het.

“Dit sal soos daardie program op DSTV oor Cold Case Files wees. Op kontrakbasis en vir baie min geld, maar ek het streng gesproke nie ’n baas nie. Ek rapporteer net aan die kolonel in die Paarl. Ek ondersoek net die sake en probeer met nuwe feite en bewyse vorendag kom. Fortuin kan my vakansies help. En dis net Overberg-sake.”

Gertjie plant haar vuiste in haar sye. “Gaan dit gevaarlik wees?”

“Nee. Dit behoort nie. Mens weet nie.”

Gertjie druk haar hand voor haar oë. “Gys.”

“Gertjie, ek kan nie sit en duime draai nie.” Moenie, bid hy stilweg, moenie dat Gertjie my hierdie geleentheid misgun nie. “En ek het mos nou weer gesien. Louis kon weggekom het met hierdie hele storie as hy nie sy hand oorspeel en Aengel onderskat het nie. As Strandloper nie so rats en slinks was nie.

As ons baie gelukkig was, sou die DNA ons help agterkom het wat aangaan, maar dit sou so lank geduur het dat Louis lankal landuit sou gewees het. Ten beste sou dit nog ’n onafgehandelde saak geword het. Hierdie sake het aandag nodig, Gert. Dis moordenaars en skelms wat wegkom omdat speurtakke oorwerk is en ons forensiese fasiliteite, wat al klaar nie die beste ter wêreld is nie, toegegooi is onder die werk. En soos jy weet, hou moordenaars en skelms nie op moor en skelm wees nie. Elke saak wat ek kan oplos, kan misdaad in die toekoms voorkom as die skuldige aan die pen ry. Al kan ek net sorg dat daar een slagoffer minder is, sal dit die moeite werd wees.”

Sy laat sak haar hand. “Ek weet, Gys.” Sy glimlag effens bewurig. “Dis wonderlik, Gys. Dis eintlik wonderlik. Dis presies wat jy nodig het.”

Verligting trek soos ’n asemteug deur hom. “Ek het ook so gedink. Ek het net nie geweet of jy sal verstaan nie.”

Sy slaan haar arms om sy nek. “San is darem nie die enigste vrou wat jou verstaan nie, hoor.”

Gys tel haar op. Sy is so lig soos 'n veertjie, maar sy rug protesteer onmiddellik. Hy laat sak haar weer. “Ek wou jou bed toe dra, my lief, maar my rug wil nie.”

“Spaar jou kragte Gys, ek kan self stap, jy weet?”

Hy laat rus sy hand teen haar wang, drink die guitigheid, die liefde in haar oë in. “Solank ons net altyd saamstap, Gert. Waarheen ons ook al op pad is.” Hy gee haar 'n klappie op die sitvlak. “Nou toe, kooi toe met jou. Ons het baie tyd om in te haal.”

Aengel kyk op toe Roark by die skuurtjie inkom en die pos op die werkbank neersit. Hy tel haar op en swaai haar deur die lug.

“Dis verby, Aengel. Geen hofsak nie. Dis saak is afgesluit.” Hy soen haar diep en innig voor hy haar neersit.

Sy moet eers weer asemskep voor sy sê: “Wow, uiteindelik. Ek was so bang Strandloper gaan aangekla word.”

“Derek sê daar kan nie bo alle twyfel bewys word dat Louis se nek gebreek is voor hy in die gat geval het nie. Dit kon met die val gebeur het en die val kon 'n ongeluk gewees het. Die feit dat Louis nog die latekshandskoene aangehad het, bevestig alles wat jy in jou verklaring gesê het, en natuurlik veel meer.”

“Weet Robert?”

Roark knik. “Ek het hom gebel. Ek dink hy is oor die ergste. Aanvanklik het ek gedink hy maak 'n fout toe hy besluit het om die restaurant daar en dan in Mac en 'n wildvreemde bestuurder se hande te laat en holderstebolder na sy suster in San Francisco toe te gaan. Maar dit lyk my hy is gelukkig daar. Louis se lewenspolis is nou nie aardskuddend groot nie, maar Robert sal 'n ruk kan oorleef tot hy besluit het of hy die pizzeria gaan verkoop wanneer hy terugkom. En die nuwe bestuurder en sy vrou gaan klaarblyklik goed aan, selfs ná Mac hier weg is.”

“Wat sê Charlie?”

“Hy is maar net verlig alles is verby. Natuurlik veral noudat daar sekerheid is Zita se kind was toe Gerbrand s'n en nie syne nie.”

Aengel was die skulpstof van haar hande af en kyk na Roark terwyl sy haar hande afdroog. “Dink jy hy en Pearl sal regtig oor die hele ding kan kom?”

Roark druk sy hande in sy sakke en staar 'n ruk buitetoë voor hy weer na

haar kyk. Die lighartigheid het verdwyn. “Ek weet nie, Aengel, maar ek is bly hulle gaan probeer. Ter wille van Lulie veral. Hulle sal dalk ’n kans staan as Pearlie werklik bande met haar pa verbreek, maar dit sal nie maklik wees nie. Gideon bly haar pa.”

“Het jy toe vir Delphine die nuus gaan gee?” vra sy meer om die onderwerp te verander, die skadu’s uit sy oë te verjaag.

“Ja. Sy is bly Snoekloop is nou Faan s’n, maar sê sy wil self niks van die plek weet nie. Haar Kierangbaai-dae is finaal verby. En ek kan nie sê ek neem haar kwalik nie.”

“Jy mis Nella en Miempie baie, nè?”

Hy knik en kyk weg.

Aengel slaan haar arms om die bekende, beminde lyf. Roark druk haar styf teen hom vas. ’n Oomblik lank drink sy net sy geur, sy nabyheid in, voor sy terugstaan.

“Terloops, Aenge, ek het Kayla en Mitch genooi vir ’n visbraai Saterdag. Mitch wil kom opmetings doen vir smeewerkkandelare om daardie lelike glasgoed te vervang. Toe nooi ek sommer vir Lily en Ben en Raine-hulle ook. Is dit oukei?”

“Natuurlik. Ek wens net Xanthe en Steve was ook hier.”

“Ons sal genoeg van hulle sien wanneer Steve kom help met die museum.” Hy beduie na die tafel waar hy die pos neergesit het. “Daar het nog ’n poskaart gekom.”

Sy grawe dit gretig tussen die ander koeverte uit en kyk eers na die prentjie van die Jesus-beeld in Rio voor sy dit omdraai en lees wat in die krabbelskrif geskryf staan.

Trip not too bad. Yacht a beaut. Owner’s wife dog-ugly, maar Rio vol wonderbaarlik gewillige skatties. En die kouetjies is koud. Love, Mac.

PS Aengy, as jy moeg raak vir Roark, I’m an airticket away.

PPS Roark, sê groete vir daai nursie van Niemandsdorp en sê vir haar sy moet julle troudagdatum oophou. Sy’s my date.

“Dieselfde ou Mac,” grinnik Roark.

“Net gelukkiger,” glimlag sy. “Hy gaan baie suur wees as hy hoor die skeepswrakmuseum is nou goedgekeur, en as die wrak ooit eendag opgespoor word, niemand daar sal mag gaan duik nie.”

“Van daardie wrak is daar niks meer oor nie, Aengel, glo my. Selfs Mac aanvaar dit nou. Die kanse is beter dat daar nog êrens ’n kis skatte hier naby begrawe is en jy weet hoe skraal dit is.” Roark maak keelskoon. “Maar so van troudatum gepraat, dink jy nie ons moet dink om dit ’n bietjie vaster te maak as ‘dalk die een of ander tyd wanneer Lika eers terug is’ nie?”

Aengel sit die poskaart terug by die res van die pos en skud alles bymekaar met oordrewe presisie. “Ek wou juis met jou daaroor praat, Roark,” sê sy sonder om op te kyk.

“Aenge?” Sy hoor die kommer in sy stem.

Aengel stap uit en begin die skuurdeure toemaak. Hy volg haar na buite.

“Aengel, wat gaan aan?”

“Kom ons gaan boontoe.” Sy haak die slot in sy hoepeltjie en begin aanstryk na die kliphuis toe.

Roark val langs haar in en slaan sy arm om haar skouer. “Ek neem aan dis weer een van die goed waar Annie moet by wees?”

Sy knik. Vandat sy uit die hospitaal ontslaan is, het dit gewoonte by hulle geword om ernstige goed in die teenwoordigheid van die boegbeeld te bespreek. Dis waar Roark daardie selfde aand nog die halssnoer om haar nek gehang het. Sy kan nou nog die flonkering van akwamaryn teen haar vel sien. Nog hoor hoe hy gevra het of sy dit op hulle troudag sal dra.

“Is dit ’n huweliksaansoek?” wou sy weet.

“Ja, Aengel Rousseau, dis ’n huweliksaansoek,” het hy geduldig geantwoord.

En hy het geduldig gebly toe sy vir hom gesê het sy wil wag tot Lika terug is voor sy hom ’n antwoord gee. En selfs toe hy haar gevra het om dan intussen by hom in te trek en sy geweier het, het hy nie te veel gemor nie. Hy het seker vermoed sy sal in elk geval meer tyd daar as in Kieranghut deurbring.

Dis ook in Annie se skadu waar hulle haar verhouding met Gabrielle en François bespreek en sy vir hom gesê het sy gaan vergewe en vergeet en nie haar pa se nuwe testament op hulle afdwing nie. Gertjie sal namens haar optree, maar sy gaan skik vir die tien miljoen wat sy aanvanklik sou geërf het, op voorwaarde dat François-hulle Lika op Du Randtshof sal akkommodeer as sy besluit om wynbou haar loopbaan te maak.

En dis ook hier waar sy Roark vandag sover moet kry om eerlik te wees oor die saak wat haar nou al so lank hinder.

“Wyn?” vra Roark toe hy agter die kroeg instap.

“Asseblief. Van daardie pinotage rosé.”

Hy skink vir haar, en ’n whiskey vir homself. Hy neem ’n sluk voor hy na haar kyk. “Oukei, Aengel, uit daarmee.”

Aengel haal diep asem. “Toe ons ... Onthou jy die eerste aand nadat ek uit die hospitaal gekom het, toe ons hier was?”

Hy glimlag effens. “Ek onthou baie goed. Dit was die eerste aand wat jy hier in die kliphuis by my oorgebly het.”

“En jy onthou dat jy daardie aand, nadat jy my gevra het of ek op die Pil is en ek nee gesê het, beskerming begin gebruik het.” Sy is simpel om te wil bloos.

Hy knik. “Ek verstaan dat jy die helfte van jou lewe lank kind grootgemaak het, Aenge, en nie kans sien om van voor af te begin nie. Dis oukei, regtig.”

Sy kyk op na hom. “Roark, is dit omdat jy my in ag neem of is dit omdat jy eintlik nie kinders wil hê nie?”

“Aengel, ons het mekaar en ons het Lika. Ek het haar nou wel nog nie in lewende lywe ontmoet nie, maar ek het haar deur Skype en e-pos beter leer ken as wat ek selfs vir Charlie ken. Ek is mal oor haar, al dink ek soms jy laat haar dalk met ’n bietjie te veel wegkom. En ek dink sy hou van my ook.”

“Baie. Al dink sy jy is soms ’n bietjie oorweldigend. Nie op ’n negatiewe manier nie. Sy is net ’n bietjie lugtig vir jou. Wat nogal ’n goeie ding is.”

“Nou sien? En ek het my peetkind en daar is Lulie. As dinge goed gaan tussen Charlie en Pearlie, sal daar nog kleintjies wees. En later Lika se kinders. Dis nie ’n wet van Mede en Perse dat ’n man sy eie kinders hoef te hê nie.”

“Maar sou jy wou? Wees doodeerlik met my, Roark, asseblief.” Aengel hou haar asem op. Dit voel miskien asof hulle mekaar van voor die Skepping af ken, maar inderwaarheid is dit net meer as drie maande. Nie lank genoeg om sommer net aannames oor mekaar en mekaar se behoeftes te maak nie.

Roark sug diep, drink nog ’n sluk en staar na Annie wat bokant hulle uittroon voor hy na Aengel kyk. “Ek sal bitter graag ’n kind by jou wil hê, Aengel, maar net as jy ook regtig wil.”

Aengel kyk ook op na die meerminlyf terwyl trane in haar oë opwel.

Roark kom om die kroegtoonbank gevlieg en gaan staan hande in die sye voor haar. “Aengel, jy gaan dit nie as ’n verskoning gebruik om nie te wil

trou nie. Jy gaan nie my eerlikheid in my gesig teruggooi nie. En as jy selfs net oorweeg om martelgat te wil wees en vir my 'n kind wil gee omdat ek graag een wil hê, vergeet dit. Ek weier pertinent as jy hom of haar nie net so graag wil hê soos ek nie. Kinders of nie kinders nie, ek wil met jou trou. Kan jy nou asseblief net ja sê en 'n bliksemse datum vasstel en klaarkry.”

“Oukei.”

Sy mond sak oop. “Sommer net so? Ek nag jou nou al drie maande en ewe skielik sê jy net so ewe ‘oukei’?”

Sy knik en drink 'n slukkie rosé. “Jy sien, die afgelope drie maande ... Ek wou eers seker maak. Nie van my liefde vir jou nie. Dit was nooit in die weegskaal nie. Ek wou seker maak ons weet wat ons van mekaar verwag. Wat ek regtig wil hê en wat jy regtig wil hê. Soos jy self weet, trek liefde swaar as twee mense dit nie eens is oor belangrike goed nie. En daar is seker niks belangriker as die besluit oor kinders nie.”

“Aenge?”

“Roark, vandat ek Raine die eerste keer ontmoet en sy my vertel het van die tweeling wat sy verwag, het ek al begin wonder hoe dit sal wees om 'n kind te hê wat in liefde ontvang en gebore is. Wat kan grootword by ouers wat mal is oor mekaar. Ek het vir die eerste keer begin dink dis moontlik, al het ek nie gedink dit sal my beskore wees nie.”

“Bedoel jy ...?”

“Verstaan my mooi, Roark, ek weier om vir allerhande behandelings te gaan en ek wil nie doelbewus probeer swanger raak nie. Ek wil net hê ons moet ophou beskerming gebruik sodra ons “I do” gesê het en kyk wat gebeur. As ek jonger was, sou ek dalk eers 'n ruk wou wag, maar my biologiese klok stap aan.”

“Aengel, is jy doodseker hieroor?” Sy kan sien hoe blydschap in sy bont oë begin flikker en ook hoe bang hy is hy verstaan verkeerd.

“Ek het baie goed daaroor nagedink. Voordele- en nadelelisyies gemaak. Nou is ek regtig doodseker.”

Hy bly haar verdwaas aanstaar. 'n Grinnik begin stadig aan sy lippe trek. “Hemel, Aengelique, weet jy wat dit vir my beteken?” Hy tel haar hoog die lug in op. So hoog dat sy Annie op haar houtwang kan soen, voor hy haar laat sak en in sy arms toevou asof sy die grootste kosbaarheid op aarde is.

“Aengelique Rousseau. Jy gaan my oud maak voor my tyd,” prewel hy in haar hare en soen haar dat die aarde gaan stilstaan. “Nee, jy maak my jonk,”

hyg hy dan, pootjie haar behendig en laat haar versigtig op die vloer neersak.
“Jy is regtig seker?”

Sy knik laggend. “Regtig.”

Hy trek die veters van haar sigeunerbostuk los, soen haar borste. Hy lig sy kop en streel oor haar wang. “Het jy met Lika daaroor gepraat?”

“Sy reken dit sal nogal cool wees, solank sy nie hoef te babysit nie. Kinders is nie haar sterk punt nie. Sy sê dan kan ek hopelik ophou om oor haar te fret en haar die kans gun om haar eie méthode champenoise te ontwikkel.”

“Klink asof sy nou meer in wynmaak belangstel as in die Guillaumemannetjie?” Sy vinger vors die lyne van haar sleutelbene na.

“Sy sê hulle is net vriende, hy’s te oud vir haar.” Die effek van sy ligte aanraking ril deur haar lyf.

Roark grinnik. “Wyse kind, daardie meisiemens van ons.”

“Nie soos haar onbesonne ma nie,” kry Aengel hees uit en voel haar borste swaar en vol word toe sy lippe die roete van sy vingerpunte volg.

“Wys my, Aengel,” sy stem is ineens grinterig, sy oë donker van emosie, “wys my hoe onbesonne jy kan wees.”

Aengel lig haar heupe in antwoord, help hom toe hy die wye bont romp van haar begin afskil. Daarna is sy net bewus van die stormsee waarin hulle beland. ’n Ander soort as die deurmekaar see hierbuite, maar tog ook twee oseane wat bymekaar kom in die bruising van hartstog, die sterk sleurstrome van passie. In die diep kolking van liefde wat haar in sy draaikolk intrek.

Twee oseane wat twee dryfhoute van ver af en deur geslagte heen na mekaar toe gestuur en op dieselfde strand agtergelaat het volgens die wette van kohesie en adhesie. Maar ook volgens ’n groter wet. Die universele wet van die onvoorspelbare en onbegryplike. Die wet wat bepaal dat daar dinge is wat mens nie veronderstel is om te verstaan nie. Soos ook die diep, diep liefde wat sy vir hierdie man voel.

Deur haar wimpers sien sy die boegbeeld oor hulle toring. En net voor Roark haar meesleur in die finale branding, die oomblik voor sy aan die ander kant van die kruin afstort, kan sy sweer sy sien die visvrou se meerminstert kwispel.



In haar 16-jaar lange skrywersloopbaan eksperimenteer **Chanette Paul** met 'n hele aantal genres terwyl sy die pot aan die kook hou met haar kontemporêre en historiese romanses.

In 2007 betree sy egter 'n nuwe skryffase met haar spanningsroman, *Springgety*, en vind in hierdie drastiese koersverandering haar ware nis. Daarna volg nog drie boeke, naamlik *Fortuin*, *Boheem* (finalis vir die ATKV se Woordveertjies in die spanningsromankategorie in 2010) en *Meetsnoer*. In elkeen van hierdie boeke speel Gys Niemand, die bles speurder met sy boep en sy eie manier van dinge doen, weer 'n sekondêre maar belangrike rol.

Dryfhout is die vyfde en laaste boek in die reeks en hierin word onder meer die geheim agter die legende van Kruisbaai se visvrou, 'n deurlopende tema in die reeks, ontrafel.

Chanette oor *Dryfhout*

“Ek het heerlijk geskryf aan *Dryfhout*. Annie Niemand het my skoon uitgeboul met wie en wat sy toe uiteindelik was en ek kon nie vinnig genoeg neerpen wat sy in my oor gefluister het nie. Gys en Fortuintjie se meer gespanne verhouding het my aanvanklik effens ontstel, maar ek is tevrede met die manier waarop hulle die saak besleg het. 'n Groot lekkerte was die vlugtige besoekies aan 'n paar karakters uit die vorige vier boeke. Dit was vir my heerlijk om te sien dat die spulletjie so goed aangaan sonder my inmenging.

“Dis eers hier teen die einde van die manuskrip dat dit werklik tot my deurgedring het ek neem afskeid van Gys. Dit was vir my baie moeilik, maar ek glo hy is tevrede met waar ek hom agtergelaat het en sien daarna uit om voortaan sy lewe in privaatheid te slyt.

“Die Gys Niemand-reeks was loshande die moeilikste leerkurwe in my skryfloopbaan. Dit was ook van die lekkerste skryfwerk wat ek tot dusver gedoen het en elkeen van die karakters sal altyd ’n baie spesiale plekkie in my hart hê.

“Ek groet Gys en die res van die karakters met groot dankbaarheid dat hulle my insae in hulle stories gegun het.”

Chanette woon in ’n pophuis op die oewer van die Kleine Rivier in die Overbergse dorpie, Stanford. Sy is ’n onkundige maar ywerige tuinier, ’n leesvraat en musiek liefhebber. Sy is gek oor die rivierlewe en geniet dit ook om walvisse by nabygeleë kusdorpe soos Hermanus dop te hou.

Foto: Jan van Tonder

Outeursnota

Geskiedkundiges en die inwoners van Madagaskar moet my asseblief vergewe dat ek 'n eiland ingepas het waar daar nie een is nie en die datums van gebeure verdraai en manipuleer het om die storie te pas. Die seerowers van Madagaskar het byvoorbeeld reeds hulle swanesang teen 1725 gesing. Daar sou dus nie meer seerowerskepe in 1815 gewees het nie. Libertalia het, as dit ooit bestaan het, in die laat 1600's floreer, definitief nie in die laat 1700's, begin 1800's nie, en was nie geleë tussen Madagaskar en Nosy Boraha nie. En, miskien die grootste klap in die gesig van historici: Koningin Ranavalona I het Madagaskar eers van 1828 af regeer. Angelique sou as tiener onder bewind van koning Radama I geleef het.

Ek het ook soortgelyke vryhede geneem met 'n hele paar ander aangeleenthede, maar hoop dat dit binne die gegewe oortuig.

Sogenaamde Khoi-plekname is uit my duim gesuig en is waarskynlik verwyder van enige Khoi-taal, verbaster met Nederlands of nie. Die Goringhaikonas oftewel Strandlopers het, sover ek kon vasstel, nooit in die Overstrand-gebied gewoon nie. Hulle het aan die Weskus gebly en is lank voor die negentiende eeu deur pokke uitgewis. Daar het egter ander Khoi-groepe in die Overberg gewoon soos die Chainokwas en Hessekwas.

Kierangbaai, Kruisbaai en die res van die Niemandsdorp-omgewing, is soos in my vorige Gys-boeke, weer eens suiwer fiktief. Gys en al die ander karakters leef (en sterf) net in my verbeelding.

Kortom, alle gegewens in hierdie verhaal asook in die ander Gys-boeke moet met 'n stewige knypie sout geneem word — selfs waar dit soos die waarheid klink!

Geen boek word deur net die skrywer tot voltooiing gebring nie. Mense wat in die skryf van *Dryfhout* vir my en my storie ontsaglik baie beteken het en vir wie ek uit die diepte van my hart bedank vir hulle aandeel is:

Die forensiese medikus en skrywer dr. D.P. Lyle. Wat 'n wonderwerk is hierdie man nie. Eerstens het sy boeke (kyk bronnelys) my geweldig gehelp, tweedens het artikels op sy webwerf en blog nog verdere inligting verskaf,

maar die verstommendste was dat hy binne 'n dag of wat my e-posvrae persoonlik en in groot detail beantwoord het.

Daleen van Rooyen, voorheen 'n kaptein in die SAP, het weer eens die manuskrip deeglik gelees en 'n paar liederlike flaters voorkom.

Waar forensiese en polisieaangeleenthede geloofwaardig is, is dit aan Doug en Daleen te danke. Die blapse wat steeds deurgeglim het, kan net voor my eie deur gelê word.

S.D. Fourie wat soveel tyd aan my afgestaan het tydens 'n besoek aan hulle Strandveldmuseum te Franskraal, vir my 'n swart kappie laat opsit het en teruggevoer het na tye van weleer.

Marius van die Skeepswrak Museum in Bredasdorp wat my onder meer gehelp het om uit te vind van die Schonenberg.

Annamarie van Deventer en Lorraine van Zyl vir die billike tariewe vir my skryfverblyf in onderskeidelik die Rivierplaas Stone Cottage en Pondokkie.

Wat die storie betref, het Sophia Kapp my nogmaals van op die man af raad bedien en raakgesien wat ek misgekyk het — of waarmee ek gehoop het ek gaan wegkom. Sonder haar insig en kundigheid sou die boek veel armer gewees het.

Soos gewoonlik, ook baie dankie aan: Ernie Blommaert, wat dikwels moet bontstaan met my geite, maar immer bereid is om geduldig te wees en oor te sien.

My wonderlike vriende wat my aanvaar vir die storiebesete basterkluisenaar wat ek is en my ondersteun wanneer ek hulle nodig het en vergewe wanneer ek hulle afskeep.

Getroue lesers wat bereid was om saam met my die skuif te maak van die romanse- na die spanningsgenre, asook nuwe lesers wat my spanningsverhale toenemend geniet. Dankie vir julle wonderlike terugvoer oor *Springgety*, *Fortuin*, *Boheem* en *Meetsnoer*. Ek hoop julle geniet *Dryfhout* net so baie.

En hiermee het ons aan die einde gekom van Gys en Gertjie se storie, die vloek wat Annie Niemand oor die Niemands uitgespreek het, die wreedhede wat in die Niemandsdorp-omgewing plaasgevind het en die mense wat daar hulle wederheltes gevind het. Ek hoop jy het dit net soveel geniet om die boek(e) te lees as wat ek dit geniet het om dit te skryf.

Hou my blog dop vir nuwe verwickelinge by <http://chanettepaul.wordpress.com> en laat weet gerus op die blog of jy *Dryfhout* geniet het.

Wat volgende kom, is voorlopig 'n geheim, maar wees verseker, die ink in my pen het nog nie opgedroog nie.

Vir verdere inligting oor my en my boeke, besoek my webwerf by www.chanettepaul.co.za.

Bronnelys (Ek noem net enkeles)

Boeke

Cameron, Trewhella — *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*

Fourie, S.D. & Jan — *Duskant die Duine*

Gribble, J. & Athiros, G. — *Tales of shipwrecks at the Cape of Storms*

Lyle, D.P. dr. — *Forensics and Fiction*

Lyle, D.P. dr. — *Forensics for Dummies*

Richards, Deirdre — *Skulpe van Suider-Afrika*

Rosen, Brenda — *Mermaid Wisdom*

Sharp, Lesley Alexandra — *Possessed and the Dispossessed: Spirits, Identity and Power in a Madagascar Migrant Town*

Taylor, Stephen — *Caliban's shore*

PDF-Dokument

NO. 94 OF 1996: WRECK AND SALVAGE ACT, 1996

CD Rom

History Reference Library

Ensiklopedieë soos *Encarta*, *Britannica*, en dies meer.

Webwerwe, blogs en dies meer

Ek het weer eens 'n magdom besoek — en veral op *Wikipedia* geboer.

Forensies

<http://writersforensicsblog.wordpress.com>

Oor skeepswrakke en skatte onder meer

<http://www.shipwreck.co.za/schonenberg.html>

<http://www.shipwreck.co.za/vonmollendorf.html>

<http://www.submerged.co.uk/bredasdorp-shipwreck-museum.php>

<http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=70931>

Skulpe

<http://www.conchology.be>

Porselein

<http://gotheborg.com/index.htm>

Vir Aengel se skulpvormige bakkies

[http://gotheborg.com/webshop/view_product.php?](http://gotheborg.com/webshop/view_product.php?product=DISO5RY51&PHPSESSID=5e72e0e65071fb5a6aeb0417e97098d)

[product=DISO5RY51&PHPSESSID=5e72e0e65071fb5a6aeb0417e97098d](http://gotheborg.com/webshop/view_product.php?product=DISO5RY51&PHPSESSID=5e72e0e65071fb5a6aeb0417e97098d)

Seerowers en ander inligting oor Madagaskar

<http://www.thepiratesrealm.com/Madagascar.html>

http://www.mongabay.com/history/madagascar/madagascar-traditional_beliefs_and_religion.html

http://www.mongabay.com/history/madagascar/madagascar-precolonial_era,_prior_to_1894.html

© Teks: Chanette Paul
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@atkv.org.za

Sagteband ISBN 978-0-7993-4882-8
ePub ISBN 978-0-7993-5308-2

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.